# SENDING IN OPENBARING

deur

**DANIEL LOUW**

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**PHILOSOPHIAE DOCTOR (PhD)**

**IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE IN DIE VAK**

**NUWE-TESTAMENTIESE WETENSKAP**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PRETORIA**

**NOVEMBER 2015**



© University of Pretoria

# DANK EN ERKENNINGS

- Die Here God die Almagtige – Soli Deo Gloria
- Die Universiteit van Pretoria en Teologiese Fakulteit
- Professor Gert Steyn – Hoof Departement Nuwe Testament
- Professor Kobus Kok – Studieleier
- Professor Jan Du Rand – Kritiese leser
- Willie Pretorius – Taalpraktisyn
- My Pa Ernst Christiaan Louw
- My Ma Elizabeth (Lizette Erasmus) Louw
- My broers Ernie, Jannie en Marius
- My broer Jan Hofmeyer Louw – Senior Finansiële Adviseur Old Mutual
- My kinders Nadia, Tania en Daniel
- Rina Smit – Vriendin, Musikant en Orrelis



© University of Pretoria

## SUMMARY

This study – ***Mission in Revelation*** – culminates in a point-by-point summary.[1] Firstly, the eight most important role players in the account of Revelation are identified and symbolically represented by the colours of the rainbow.[2] Their identity and role in the account of Revelation are briefly described in conjunction with the theological motif that relates specifically to each role player. Second, the theological motifs of Revelation are rendered point by point in a Theological-thematic manner and are outlined with reference to the face of a clock.[3] Consequently, Mission as a theological motive in Revelation is grounded theologically, the objective of mission is explained, and the aim of this study is achieved.

Both the role players in the account of Revelation and the theological motifs in the scripture of Revelation are found in mainly the vision of the throne in Revelation 4 and 5. It can be summarised as follows:

1 There was a **throne** (white) in heaven with **Someone** sitting on it. (Doxology).

2 Between the throne and the elders stood a **Lamb** (red) that had been slain. (Christology and Soteriology).

3 Before the throne, **seven lamps** (orange) were blazing. These were the seven spirits of God and the seven eyes of the Lamb sent out into all the earth (Pneumatology and Missiology).

4 Surrounding the throne, the living creatures and the elders, there was **a multitude of angels** (yellow) who sang in a loud voice: "Worthy is the Lamb, who was slain,

[1] See the final chapter of Bauckham (1993): *Revelation's Relevance today* as an example: "This final section merely highlights briefly some points which have emerged in this study as offering theological directions for contemporary reflection"
[2] See Annexure A
[3] See Annexure B



© University of Pretoria

to receive power and wealth and wisdom and strength and honour and glory and praise!" (Angelology and Satanology).

5 A **rainbow**, resembling an emerald (green), encircled the throne and before the throne there was what looked like a sea of glass, clear as crystal (Biblical Cosmology).

6 All creation, every creature in heaven (light blue) and on earth and under the earth and on the sea, and all that is in them, **the great multitude** from every nation, tribe, people and language, cried out: "To Him who sits on the throne and to the Lamb be praise and honour and glory and power, for ever and ever!" (Biblical Anthropology and Eschatology).

7 Around the throne, were **four living creatures** (dark blue), and they were covered with eyes, in front and behind. Day and night they never stopped saying: "Holy, holy, holy is the Lord God Almighty, who was, and is, and is to come". Then the twenty-four **elders** fell down before Him who sat on the throne, and worshipped Him who lives for ever and ever and said: "...for you created all things, and by your will they were created and have their being" (Deaconology).

8 Surrounding the throne were twenty-four other thrones and seated on them were twenty-four **elders** (purple). The four living creatures and the twenty-four elders fell down before the Lamb, and the twenty-four elders each had a harp and they were holding golden bowls full of incense, which were the prayers of the saints, and they sang a new song (Ecclesiology).



© University of Pretoria

The Theological motifs in Revelation can be rendered point by point and explained in outline with reference to the face of a clock. This way, the interaction between the theological motifs and the role players is illustrated.

**1 Doxology**

The Lord God who sat on the throne in heaven with the scroll, in which the fate of all is determined, in his right hand, was worshipped and acknowledged as the Creator of everything. Worship Him who made the heavens, the earth, the sea and the springs of water.

**2 Christology**

Standing between the throne and the elders, was the Lamb looking as if it had been slain. The Lamb received the scroll from the right hand of Him that sat on the throne and opened it to reveal what was to happen on earth.

**3 Pneumatology**

Before the throne, seven lamps were blazing. These were the seven spirits of God which were also the seven eyes of the Lamb sent out into all the earth.

**4 Biblical Cosmology**

Around the throne were four living creatures. A rainbow encircled the throne and before the throne was what looked like a sea of glass, clear as crystal.

**5 Biblical Antropology**

The Lamb who had been slain and who was standing in the centre of the throne, will now be the Shepherd of the great multitude from every nation, tribe, people and language standing with Him on Mount Zion, numbering a hundred and forty-



© University of Pretoria

four thousand. These people sang a new song before the throne and before the four living creatures and the elders, and they also sang the song of the Lamb in the Holy City, Jerusalem, coming down out of heaven from God. The message to be preached by the churches to the inhabitants of the earth, to each nation, tribe, people and language, is: Fear God and honour Him, for the day of his wrath has come.

## 6 Angelology

Encircling the throne, the living creatures and the elders, was a great multitude of angels numbering thousands upon thousands, and ten thousand times ten thousand, and in a loud voice they called out. Furthermore, seven angels stood before God. Jesus Christ sent his angel to reveal it all to his servant John and the Lord, the God of the spirits of the prophets, sent his angel to show his servants what must soon take place.

## 7 Satanology

Michael and his angels will have to wage war on the dragon and his angels. The Lamb who was slain, will come to make war against the dragon, the ancient serpent called the devil, or Satan. He will bind him and hurl him into the fiery lake of burning sulphur. Similarly, death and the realm of the death will be thrown into the lake of burning sulphur.

## 8 Soteriology

As God's Anointed, the Lamb was sent to earth to be slain – to be killed – and to be the first to rise from the dead, the faithful witness; moreover, to gain the victory and to be the Lord of lords and the King of kings.



© University of Pretoria

## 9 Eschatology

The Lamb will come like a bridegroom, like a Rider on a white horse, to strike down the nations who prosecuted and slew the witnesses and servants of the Lamb. He will deliver his servants and witnesses from crying, sorrow, grief, pain and death, and they will reign for ever and ever. Those who overcome will be prepared as a bride beautifully dressed for her husband. The bride will be the wife of the Lamb en she will live in the new city, the new heaven and the new earth, for ever, and she will eternally worship Him who is seated on the throne and who made everything new. "Then I saw a new heaven and a new earth, for the first heaven and the first earth had passed away, and there was no longer any sea. I saw the Holy City, the new Jerusalem, coming down out of the heaven from God, prepared as a bride beautifully dressed for her husband" (Revelation 21:1–2).

Blessed is he who reads the words of the prophecy in this book, and blessed are those who hear it and take to heart what is written in it. The Spirit and the bride say: "Come!" and He who testifies everything, says: "Behold, I am coming soon!"

## 10 Deaconology

Surrounding the throne were twenty-four other thrones, and seated on them were twenty-four elders. They were dressed in white and had crowns of gold on their heads. The elders fell down before Him who sat on the throne and laid their crowns before the throne and worshipped Him who lives for ever and ever.

## 11 Ecclesiology



© University of Pretoria

The Lamb was someone like a son of man who walked among seven golden lampstands, which were the seven churches, and in his right hand He held seven stars which were the seven angels of the seven churches.

## 12 Missiology

The Lord, the God of the spirits of the prophets, sent his angel to show his servants the things that soon had to take place. Then Jesus Christ sent his angel so that his servant John could see it all. John was witness to what God said and what Jesus Christ, the faithful witness, confirmed; he testified to everything he saw. On the Lord's Day John was in the spirit and he heard a voice which said: "Write on a scroll what you see and send it to the seven churches". The Lamb had seven horns and seven eyes. The seven eyes were the seven spirits of God who were sent out into all the earth. Jesus sent his angel to bear witness about it all to you who are in the churches.

The question in the introduction was: Is there any Mission in Revelation? According to the *status questionis* there is not the slightest trace of Mission in Revelation. The last idea in the preceding paragraph provides us with a different answer, namely that Mission as a theological motif can be theologically defined and grounded, and should be considered in the theology of Revelation. This fills the gap in the theological reflections of Bauckham and Schnelle[4] where Missiology is completely absent. Similarly, it remedies a deficiency in Bosch's[5] Missionary Theology and missionary paradigm which totally lacks Johannine literature and theology. In addition, this study addresses the research gap between the New-Testament Theology and Missiology.

---

[4] Bauckham (1993) *The Theology of the Book of Revelation* and Schnelle (2009) *Theology of the New Testament*
[5] Bosch (1991) *Transforming Mission*



© University of Pretoria

# INHOUD

## INLEIDING (20)

1 Die navorsingsgaping – Sending in Openbaring

2 Die navorsingsvraag en verduideliking van die navorsingsgaping

3 Navorsingsveld: Sending in Openbaring, 'n afbakening

## HOOFSTUK 1 (29)

1 Metodologie: 'n Hermeneutiese uitgangspunt gefokus op die teologie van Openbaring

1.1 Inleidend

1.2 Die geskiedenis van die hermeneutiek as metodologiese uitgangspunt

1.3 'n Hermeneutiese uitgangspunt gefokus op Sending in Openbaring

1.4 Konkluderend

2 'n Teologiese model vir die verstaan van Openbaring

2.1 Inleidend

2.2 Die Navorsingsgeskiedenis van Openbaring

2.3 Teologiese interpretasiemodelle

2.4 'n Eie interpretasiemodel



© University of Pretoria

3 ‘n Fokus op Sending in Openbaring

3.1 Inleidend

3.2 Die navorsingsgeskiedenis van sending

3.3 Die teologie van die term sending

3.4 Teologiese fundering en doel van die sending

4 Verwagte uitkoms en ‘n aanduiding van wat nuut gedoen word

5 Navorsingsdoel

6 Navorsingsmodel en struktuur van inhoud van studie

**HOOFSTUK 2** (128)

**GOD, CHRISTUS EN DIE GEES**

Inleidend

2.1 God (Doksologie)

2.1.1. Die Identiteit van God

2.1.1.1 God

2.1.1.2 Die Here God, die Almagtige

2.1.1.3 “EK IS” die Alfa en die Omega

2.1.1.4 Die Een wat is en wat was en wat kom

2.1.1.5 Vader



© University of Pretoria

2.1.1.6 Die Heilige, Heerser en Koning

2.1.1.7 Die Een op die troon

2.1.2 Die Skepper van alles

2.1.3 Die Een wat aanbid word

2.1.4 Die Sender van heil en onheil

2.1.5 Die heerlikheid van God

2.2 Christus (Christologie)

2.2.1 Die Identiteit van Christus

2.2.1.1 Jesus Christus, Jesus, Christus, die Gesalfde

2.2.1.2 Die Lam

2.2.1.3 Logos

2.2.1.4 EK IS

2.2.1.5 Die Seun van God

2.2.1.6 Die Seun van die mens

2.2.1.7 Die Here

2.2.2 Die werksaamheid van Christus

2.2.2.1 Die Geloofwaardige Getuie

2.2.2.2 Die eerste wat uit die dood uit opgestaan het

2.2.2.3 Die Koning van die konings en die Here van die heersers



© University of Pretoria

2.2.2.4 Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed verlos en sy Koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader

2.2.2.5 Die Lewende

2.2.2.6 Die Ruiter op die wit perd wat kom

2.2.2.7 Die Eerste en die Laaste, die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde

2.3 Die Gees (Pneumatologie)

2.3.1 Die identiteit van die Gees

2.3.1.1 Die sewe vuurvlamme reg voor die troon (4:5)

2.3.2.2 Die sewe oë van die Lam wat oor die hele aarde uitgestuur is (5:6)

2.3.2 Die sending van die Gees

2.3.2.1 Die Gees wat die profesie gegee het

2.3.2.2 Die Gees wat meevoer en die Openbaring gegee het

2.3.2.3 Die Gees wat spreek: Die boodskappe van die Gees aan die sewe kerke in die Romeise provinsie Asië en die kerke van vandag.

Konkluderend

**HOOFSTUK 3** (197)

**DIE HELE SKEPPING (DIE HEELAL)**



© University of Pretoria

Inleidend

3.1 Die Skepper en die skepping (Bybelse Kosmologie)

3.2 Die Engele (Engelelogie) en die Satan (Satanologie)

3.2.1 Inleidend

3.2.2 Engelelogie in Openbaring

3.2.3 Satanologie in Openbaring

3.2.4 Die Teodisee-vraag

3.2.5 Konkluderend

3.3 Die mens geskep na die beeld van God en die mensdom geskep in 'n verskeidenheid van tale en stamme en nasies en volke (Bybelse Antropologie)

3.3.1 Inleidend

3.3.2 Die Mensdom

3.3.3 Die Mens

3.3.4 Moraliteit

3.3.5 Die Lewe

3.3.6 Konkluderend

3.4 Die Eindeskatologiese/Apokaliptiese volk van God (Soteriologie)

Konkluderend



© University of Pretoria

**HOOFSTUK 4** (250)

**DIE NUWE SKEPPING: DIE OPROEP EN DIE UITROEP (ESKATOLOGIE)**

Inleidend

4.1 Die sending van die Gees

4.2 Die Persoonlike oproep

4.3 Die seël as teken

4.4 Die kosmies-antropologiese oorlog

4.5 Die pneumatologiese oorlog

4.6 Die nuwe skepping

4.7 Die uitroep: Kom, Here Jesus!

Konkluderend

**HOOFSTUK 5** (288)

**DIE GETUIES (DIAKONOLOGIE)**

Inleidend

5.1 Waarom? Die opdrag en taak

5.2 Wie? Die Getuies

5.3 Wat? Die roeping

5.4 Waar? Die teikengroep



© University of Pretoria

5.5 Wanneer? Die tydsaspek: Tyd, tydperk en tydsduur van getuienislewering

5.6 Wat daarna? Die nuwe skepping en die hiernamaals

5.7 Wederkoms! Die koms van Jesus as die Koning en sy ewige heerskappy

Konkluderend

**HOOFSTUK 6** (332)

**DIE KERK (EKKLESIOLOGIE)**

Inleidend

6.1 Die sewe kerke

6.2 Die sewe engele van die sewe kerke: Die geestelike leier en geestelike leierskap

6.3 Die identiteit van die kerk

6.4 Die etos van die kerk as groep mense

6.5 Die etiek, sosiaal openbare optrede van die lede van die kerk

6.6 Die sewe boodskappe aan die sewe kerke, 'n etiese perspektief

6.7 Die fundering van die Kerk as gestuurde, die apostolisiteit/apostolaat van die kerk

Konkluderend

**HOOFSTUK 7** (383)

**DIE SENDING (MISSIOLOGIE)**



© University of Pretoria

Inleidend

7.1 Sending

7.1.1 Die term en begrip "Sending"

7.1.2 Die semantiese veld van die term "Sending"

7.1.3 Die teologiese betekenis van die term "Sending"

7.1.4 Interpretasie van die term "Sending" in Openbaring

7.2 Sending: Fundering in Openbaring

7.3 Sending: Die Doel en Inhoud van Sending in Openbaring

7.4 Sending: Visie

7.5 Sending: Missie

7.6 Sendingteorie: Plan, Strategie, Struktuur en Metodologie vir die sending

7.7 Sendingpraktyk: Roeping, Verbintenis en Uitvoering van die Sending

Konkluderend

**SAMEVATTING** (445)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# EKSKURSIES (451)

1 DIE BYBEL AS OPENBARINGSBRON

2 KANONGESKIEDENIS VAN OPENBARING

3 DIE VERBOND

4 DIE VIER GROOT RYKE VAN DIE OU NABYE OOSTE VOOR DIE OU TESTAMENTIESE TYDVAK EN AAN DIE EINDE DAARVAN

5 DIE SEWE TYDPERKE VAN DIE OU-TESTAMENTIESE TYD

6 DIE WYSHEID

7 DIE DAG VAN DIE HERE

8 STAATKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE NUWE TESTAMENT

9 DIE FILOSOFIE AS WETENSKAP EN AFBAKENING

10 DIE SKRYWER EN LESERS VAN OPENBARING

11 DATERING VAN OPENBARING, DIE EVANGELIE EN DIE BRIEWE VAN JOHANNES

12 DIE "EK IS" UITSPRAKE IN DIE JOHANNESE GESKRIFTE

13 DIE APOKALIPTIESE LITERATUUR

14 DIE WIT PERD

15 DIE GETALLE IN OPENBARING

16 DIE GETAL 7 IN VERBINTENIS MET DIE ENGELE EN DIE KERKE



© University of Pretoria

17 DIE DUISEND JAAR

18 DIE SKEPPINGSLEER

19 DIE KOSMOLOGIE EN DIE STERREKONSTELLASIES

20 DIE LEER AANGAANDE DIE ANGELOGIE EN SATANOLOGIE

21 DEÏSME, PANTEÏSME, PANENTEÏSME EN TEÏSME

22 DIE AFLÊ VAN ‘N EED

23 DIE TWEE GETUIES

24 DIE ESKATOLOGIE IN OPENBARING

25 DIE SEWE STEDE IN OPENBARING EN PATMOS

26 DIE TERM EN BEGRIP "KERK"

27 DIE EKUMENIESE BEWEGINGS

28 DIE PROBLEMATIEK RONDOM DIE TERM EN BEGRIP SENDING

## AANHANGSELS (542)

1 A DIE ROLSPELERS SKETSMATIG VOORGESTEL

2 B TEOLOGIESE MOTIEWE IN OPENBARING

3 C DIE TEOLOGIESE MOTIEWE SKETSMATIG VOORGESTEL

4 D DIE EKSEGETIESE PROGRAM



© University of Pretoria

5 E DIE HERMENEUTIESE SPIRAAL AS PROSES

6 F DIE KERKLIKE MODI

7 G KAART VAN DIE NUWE TESTAMENTIESE TYDVAK

8 H TABULERING VAN TYDPERKE

**LITERATUURLYS** (557)



© University of Pretoria

# INLEIDING

## 1 Die navorsingsgaping – Sending in Openbaring

Ná jare in die werkkring van die kerk en betrokkenheid by die sendingwerk van die kerk en wye lees van gepubliseerde akademiese werke oor Openbaring en Sending, het ek[6] 'n fokus oor Sending in Openbaring in die teologiese navorsing en in die sendingpraktyk van die universele Kerk raakgesien as 'n navorsingsgaping. Verder het die gebruik of anders gestel die onbruik van die Openbaringteks in die vak Missiologie as teologiese wetenskap, en meer spesifiek die Sending as teologiese motief en onderafdeling of komponent van die Missiologie, my[7] al meer opgeval. Dit het my bepaalde vrae laat vra wat by my algaande ontwikkel het in terme van 'n navorsingsvraag. In die navorsing word eerstens 'n navorsingsvraag, *status questionis,* duidelik geformuleer en aangedui. Dié navorsingsvraag as aanduiding van 'n navorsingsgaping word dan in hierdie studie aangedui en hanteer.

## 2 Die navorsingsvraag en verduideliking van die navorsingsgaping

Die kernvraag as *status questionis* wat ek aan die orde stel is: Is daar sending in Openbaring? Verskeie redes kan aangevoer word as rede waarom die vraag gestel word as aanduiding van 'n navorsingsgaping. In een van sy vroeëre publikasies skryf Jan du Rand:[8] "Tereg kan gesê word dat die Openbaring aan Johannes die mees omstrede boek in die Nuwe Testament is".[9] Du Rand verwys na die ingewikkelde, maar tog diepsinnige en betekenisvolle simboliek, beeldspraak en visioene in Openbaring. Later skryf Du Rand: "Wie die hand aan Openbaring

[6] Daniel Louw het gedien as predikant in die NG Kerk in Afrika Sabie (1988–1995), die NG Kerk Sabie (1995–2008) ná eenwording met die NG Kerk in Afrika Sabie, en die NG Kerk Floridapark (2008–2014) en behartig sedert 1 November 2014 'n eie bediening as "Daniel Ministries"
[7] Daniel Louw het in 1987 aan UP die Verhandeling in Teologie [078] met onderwerp *Wêreldsending: Die Sinode van Wes-Transvaal 1978-1987 geslaag met lof* in die vak Sending- en Godsdienswetenskap; en in 1999 die DD eksamen geslaag met Sending- en Godsdienswetenskap as hoofvak [901] en Kerkgeskiedenis [B901] en Nuwe Testament [B901] as tweede vakke.
[8] Jan du Rand was Professor in Nuwe Testament, Departement Bybel- en Godsdienskunde van die Randse Afrikaanse Universiteit, nou die Universiteit van Johannesburg
[9] Du Rand (1990:163) *Johannese Perspektiewe*



© University of Pretoria

waag, speel op 'n treinspoor en soveel waagmoed kan gevaarlik wees".[10] Sy bewering berus daarop dat Openbaring eers ná heftige polemiek deur die hele vroeë kerk aanvaar is as kanonieke geskrif.[11] Hy verwys ook na die vele wyd uiteenlopende interpretasiemodelle en dat hy nie saamstem met van die publikasies wat in die jongste verlede die lig gesien het nie.

Morris[12] begin in sy inleiding tot sy kommentaar oor Openbaring met die opmerking dat Openbaring een van die moeilikste geskrifte in die Bybel[13] is, en vir die meeste mense 'n geslote geskrif is. George Eldon Ladd stel in sy kommentaar[14] oor Openbaring en teologie[15] van die Nuwe Testament ook die problematiek van Openbaring aan die orde. Donald Guthrie[16] maak in sy inleiding oor Nuwe-Testamentiese Teologie 'n soortgelyke stelling as bevestiging van die argument. Massyngeberde Ford[17] wys op die struktuur, inhoud en moeisame pad na kanonisiteit[18] as die problematiese faktore in die verstaan van die Openbaringteks. Osborne[19] wys lesers ook op die problematiek van Openbaring, en dui vier redes aan as aanduiding van die probleme met die lees van Openbaring. In sy latere studie[20]

[10] Du Rand (2007:9) *Die A-Z van Openbaring*
[11] Sien Roberts en Du Toit (1977:92) *Handleiding by die Nuwe Testament 1*. "Met die omskrywing van die Bybel as konon erken en bely die kerk dat hy die Bybel as boek in sy totaliteit en as afgeslote eenheid as die enigste en finale norm vir geloof en lewe aanvaar, en wel omdat hierdie boek vir hom die enige, gesagvolle openbaring van God is. Die benaming kanonieke geskrif dui aan dat die geskrifte wat aldus omskryf word, behoort tot die kanon van die Bybel as boek, dat die geskrifte deel vorm van die Bybel as boek wat vir die kerk die normatiewe en gesagvolle spreke van God is.
[12] Morris (1987:17) *Revelation* skryf: "The Revelation is by common consent one of the most difficult of all the books of the Bible. The result is that for many Revelation remains a closed book"
[13] Sien Ekskursie 1 *Die Bybel as Openbaringsbron*
[14] Ladd (1972:3) *A Commentary on the revelation of John* skryf: "Revelation is the most difficult of all New Testament books to interpret"
[15] Ladd (1974:619) *New Testament Theology* "The interpretation of this book has been the most difficult and confusing of all the books of the New Testament"
[16] Guthrie (1981:21) *New Testament Theology* skryf: "Anyone undertaking to write a NT Theology is at once faced with the question whether he is attempting the impossible"
[17] Ford (1975:3) *Revelation*
[18] Sien Ekskursie 2: *Kanongeskiedenis van Openbaring*
[19] Osborne (2002:1) in sy kommentaar *Revelation* dui as problematiese faktore aan: The symbolism; the structure of the book; the debate among historicist, preterist, idealist and futurist interpretations; and the use of the OT in the book"
[20] Osborne (2004) *Recent Trends in the study of the Apocalipse*. Dit is die jongste navorsingspublikasie aangaande die problematiek van Openbaringnavorsing



© University of Pretoria

wys hy 'n aantal aspekte[21] uit wat die laaste nou twee dekades spesifieke aandag kry in Openbaring navorsing.

Verheyden[22] reken dat die verstaan van die taal en styl krities belangrik is vir die eksegese en verstaan van die teologie van Openbaring. Robert Mounce[23] wys in die voorwoord van sy kommentaar op twee krities-problematiese aspekte in die verstaan van Openbaring, naamlik die literêre genre van Openbaring en die onderliggende idees in en woordeskat van die teks. Die literêre genre van Openbaring is volgens hom nie 'n eenvoudige saak nie en ook nie die interpretasie nie. Die nie-eenvoudige inhoud, vorm en genre van Openbaring dra by tot so 'n eiesoortige karakter sodat die uitleg van Openbaring dikwels deur onwetenskaplike interpretasies gekenmerk word, en populêre skrywes dikwels nie anders getipeer kan word as fiktiewe leesmateriaal nie. Ook Richard Bauckham[24] wys op die kompleksiteit van die literêre vorm van Openbaring as probleem in die verstaan van 'n teologie van Openbaring.

Beale[25] dui aan dat die verstaan van die genre van Openbaring van kardinale belang is in die lees en interpretasie van Openbaring. Beale[26] wys dit uit dat Openbaring in drie genres geskryf is, naamlik in 1) 'n briefvorm 2) 'n profetiese genre 3) en 'n apokaliptiese[27] genre. Die navorser van Openbaring en die leser behoort dus 'n basiese begrip te hê van al drie

[21] 1) Genre and Mind-set 2) Date and Social Situation 3) Feminist Interpretation 4) Interpretation 5) The use of the Old-Testament 6) Unity and Structure
[22] Sien Joseph Verheyden (Leuven) se lesing by die CBL 2015 *Een heikele kwestie: Taal en stijl in het Boek Openbaring. Enkele kritisce bemerkingen bij het recent onderzoek*
[23] Mounce (1977:12) *The Book of Revelation* skryf: "A critical problem facing every writer on the book of Revelation grows out of the litery genre in which the book is cast. An informed sensitivity to the thought forms and vocabulary of apocalyptic is the *sine qua non* of satisfactory exegesis"
[24] Bauckham (1993:1-3) *The Theology of the Book of Revelation* skryf: "The Book of Revelation is a work of profound theology. But its literary form makes it impenetrable to many modern readers and open to all kinds of misinterpretations. The book's theology is inseparable from its literary structure and composition"
[25] Beale (1999) *The Book of Revelation* is bekend vir sy deeglike navorsing oor die genre van Openbaring en die gebruik van die Ou Testament in Openbaring
[26] Beale (1999:37) skryf: "Commentators now generally acknowledge that John has utilized the three genres of apocalyptic, prophecy and epistle in composing the book"
[27]Beale (1999:37-107) skryf : "It is best to understand apocalyptic as intensification of prophecy. Indeed, some OT books combine the two to one degree or another, e.g. Isaiah, Ezekiel, Zechariah and Daniel"



© University of Pretoria

hierdie genres, en behoort ook die narratiewe lees van tekste[28] as 'n metodologiese benadering te verstaan. Beale[29] wys voorts op die omvangrykheid van die inleidingsvraagstukke van Openbaring, en betoog dat dit afsonderlik hanteer behoort te word omdat dit nie in 'n enkele kommentaar tot sy reg sal kan kom nie. Dit is dus nog 'n faktor wat die verstaan van die teologie van Openbaring kompliseer en die navorsingsvraag ondersteunend op die tafel plaas.

Bruce Malina[30] wys op die uitdaging wat eksegete mee te doen het om die simboliek in hedendaagse, verstaanbare idees te omskryf sodat die boodskap van Openbaring deur die leser verstaan kan word. Die belang van die historiese en meer spesifiek die sosio-historiese agtergrond[31], die simboliek[32] en die profetiese en eskatologiese perspektiewe van Openbaring is duidelik van kritiese belang in veral teologiese navorsing vir die verstaan van Openbaring. Die gebrek aan 'n goeie en deeglike kennis van die teologie van Openbaring volgens Bauckham[33] en van veral die Ou-Testamentiese teologiese motiewe en inhoude,[34] van die inhoude van ander apokaliptiese literatuur,[35] van die sosio-historiese agtergrond[36] en die onderbenutting van ander vakwetenskaplike navorsingsresultate en hul teorieë,[37] stel die gapings in die interpretasie en verstaan van Openbaring in die teologie net nog duideliker aan die orde. Goeie en volledige akademiese navorsingspublikasies oor spesifiek die teologie van Openbaring is skaars.

---

[28] Sien David L. Barr (1998) *Tales of the End A Narrative Commentary on the Book of Revelation*
[29] Beale (1999:3) *The Book of Revelation* skryf: "Many of these introductory issues cannot receive full treatment in a commentary but deserve book-length studies in themselves".
[30] Malina (1995:1) *On the genre and message of Revelation* skryf: "Interpreters are often at pains to tell the modern reader to consider John's visions as symbolic and to translate those symbols into ideas in order to get to the message of the book"
[31] Sien Van Aarde en Joubert (2009:419-456) se bydrae in Du Toit (red)
[32] Sien Jan van der Watt (2009:305-340) se bydrae in Du Toit (red)
[33] Sien Bauckham (1993:2) *The Theology of the Book of Revelation*
[34] Sien Beale (1999:76-107), Margaret Barker (1999:5) en McKnight en Osborne (2004:130-148)
[35] Sien Du Rand (1990:182-184) *Johannese Perspektiewe*
[36] Sien Malina en Pilch (2000) se Social-Science Commentary *On the Book of Revelation*.
[37] Byvoorbeeld die Filosofie, Psigologie, Sosiologie en Linguistiek.



© University of Pretoria

J. du Preez[38] het al sy hand daaraan gewaag om hierdie beweerde navorsingsgaping[39] wat ek raakgesien het aan te pak met 'n proefskrif[40] wat later as boek gepubliseer is in die Annale van die Universiteit van Stellenbosch.[41] Du Preez vermeld dat daar op daardie stadium net twee ander werke verskyn het wat ten minste gedeeltelik ten doel het om 'n sendingsperspektief van Openbaring te gee.[42] W. Bieder[43] het wel 'n artikel geskrywe oor die missionêre betekenis van die sewe saligsprekinge in Openbaring. Du Preez[44] vermeld voorts dat die meeste werke wat die sending in die hele Nuwe Testament as onderwerp het, of wat dit in 'n bepaalde deel van 'n geskrif behandel, die laaste boek nagenoeg buite rekening laat. Ná die verskyning van Du Preez se boek, was daar nog steeds nie veel meer gedoen in verband met die sendingteologie vanuit Openbaring nie. Dit word bevestig met die verskyning van die mees resente boek in hierdie veld in Suid-Afrika.[45]

Dit is Du Preez wat Openbaring ook in hierdie publikasie behartig. In die laaste artikel[46] in hierdie bundel pers hy die Openbaringperspektief saam in slegs dertien bladsye, en verwys na slegs ses resente bronne wat almal Openbaringgeskrifte is, en boonop nie sendingteologies van aard is nie terwyl Du Preez self dit stel dat hy aandag gee aan agt sendingkundige perspektiewe.[47] Hy bestee in hierdie bydrae na my mening nie voldoende aandag aan sending as teologiese motief nie. As dit al is wat hy vandag dertig jaar later kon aanbied oor sending in Openbaring, is dit hoog tyd dat deegliker aandag bestee word aan 'n fokus op sending in Openbaring. Die redaksionele komitee[48] van die genoemde bundel vermeld inderdaad hierdie

---

[38] Professor Emeritus in Sendingwetenskap, Universiteit van Stellenbosch
[39] 'n Fokus op Sending in Openbaring
[40] Du Preez (1967) *Sendingperspektief in die laaste Bybelboek*
[41] Du Preez (1978:1) *Die koms van die Koninkryk volgens die boek Openbaring.*
[42] J. H. Bavinck se ongedateerde boek *En voort wentelen de Eeuwen* en die ouere werk van J. de Swaan (1929) *De Openbaring van Johannes*
[43] Bieder (1954:13–30) *Die sieben Seligpreisungen* ThZ X/1
[44] Du Preez (1978:2) *Die koms van die Koninkryk volgens die boek Openbaring*
[45] Du Preez (2009) *Missionary Perspectives in the New Testament*
[46] Du Preez (2009:295–309) *Mission in the book of Revelation*
[47] Du Preez (2009:297) "I would like to draw attention to eight missionary perspectives"
[48] "There is certainly a need for fundamental reflection on mission within our present context"



© University of Pretoria

aangeduide leemte in die navorsingsveld en dit bevestig inderdaad die navorsingsgaping soos dit in hierdie studie beweer en hanteer word. Navorsing oor literatuur wat verband hou met Sending in Openbaring, is net so skaars en net so onontbeerlik vir hierdie studie as die navorsing oor die literatuur van die Openbaringboek self, veral ten opsigte van Openbaring en Sending in korrelasie met mekaar.

Ek is van oortuiging saam met Ott en Strauss[49] wat dit stel dat daar 'n dringende nodigheid is dat die teorie en praktyk van sending en veral die teologiese fundering en doelbeskrywing van Sending in die teologiese navorsing nuwe en meerdere aandag behoort te kry. Ott en Strauss[50] maak die opmerking dat daar vele vrae gevra word rakende die term en begrip "sending" en dat sending self 'n probleem geword het. In Openbaringstudies word daar oor die algemeen baie min aandag gegee aan die sending in Openbaring, spesifiek 'n fokus op die sending as teologiese motief. Net so min aandag word gegee aan sommige van die ander belangrike teologiese motiewe in Openbaring. Daar word ook selde in Openbaringnavorsing op die belang van die verband of alternatiewelik gestel die korrelasie tussen die teologiese motiewe in die teks van Openbaring gewys.

Ott en Strauss[51] reken dat die taak van die Sendingteologie behels dat duidelike skriftelike riglyne vir die kerk gegee word hoe sy haar sendingroeping moet vervul. In die lig van die interpretasieprobleme rakende Openbaring en die vraag na en nodigheid van 'n fokus op sending in Openbaring, is die navorsingsgaping wat ek wil aanspreek dus die beperkte

---

[49] Sien Ott, Craig, Strauss, Stephen J. with Tennent, Timothy C. (2010:VII) *Encountering Theology of Mission: Biblical Foundations, Historical Developments and Contemporary Issues.* "There has seldom been a greater need for biblical clarity and global awareness regarding the mission of the church as it moves into the twenty-first century

[50] Ott en Strauss (2010:XI) skryf: "Numerous questions and issues swirl about the term *mission* and there is little clear consensus on many of these issues – neither at the popular level in the local church, nor at the theological level in the seminary, nor at the strategic level in the mission agency. In our rapidly globalizing world these questions have only become more complex"

[51] Ott en Strauss (2010:XII) skryf: "The task of the theology of mission is to provide biblical direction for the church's fulfilment of its missionary mandate and the practical need has perhaps never been greater for biblical and theological reflection on the nature of mission. A theology of mission must be the starting point for defining the nature of mission and discerning the practice of mission"



© University of Pretoria

gebruik van die Openbaringteks en Openbaringteologie in die sendingteologie. In hierdie geval sal dit noodsaaklik wees om 'n literatuuroorsig te doen ten opsigte van die gebruik van die Openbaringteks in sendingteologiese literatuur en vas te stel of sending as teologiese motief wel in Openbaring figureer. Sodanige navorsing van die navorsingsgeskiedenis word dus in hierdie studie gedoen met die doel om die navorsingsvraag en navorsingsgaping, duideliker en akkuraat te kan formuleer en te kan motiveer. In die soeke na 'n duidelike uitkoms is dit nodig om die geskiedenis van die navorsing in verband hiermee na te gaan en dit word volledig in die metodologiese hoofstuk 1 gedoen. Hierdie navorsing het ten doel om die groter kontoere aan te dui waarbinne sending in Openbaring beter verstaan kan word.

Die volgende vraag in hierdie verband is dus: "Wat is al gedoen en gepubliseer ten opsigte van 'n fokus op Sending in Openbaring"? Die navorsingsgaping met 'n onderwerp soos "Sending in Openbaring" verdiep natuurlik omvangryk as daar 'n deeglike literatuurstudie gedoen word oor Openbaring in die Sendingteologiese literatuur en navorsing soos gedoen word in hoofstuk 1. Die aanduiding van die navorsingsgaping wat na vore kom in die navorsing van die geskiedenis van wat gedoen is en nie gedoen is, is dat die Openbaring teks in meeste literatuur glad nie na verwys word nie. In die gevalle waar daar wel daarna verwys word is dit karig en nie altyd eksegeties verantwoordbaar nie en dit dus karige teologiese navorsing reflekteer. Wat die geskiedenis van die teologiese navorsing oor Openbaring met 'n fokus op sending as resultaat van die interpretasie van die teks aanbetref, loop dit hoofsaaklik saam met die geskiedenis van die geheel van die Openbaringnavorsing, en dit is nie bevredigend nie.[52] Daar is wel duidelik aanduidings van 'n ontluikende belangstelling in

[52] Sien in hoofstuk 1 van hierdie studie *Sending in Openbaring*



© University of Pretoria

die interpretasie van Openbaring.[53] Hierdie studie poog om 'n groot tree te gee in die vul van hierdie navorsingsgaping.

### 3 Navorsingsveld: Sending in Openbaring, 'n afbakening

'n Bykomende navorsingsvraag wat gevra kan word, maar meer spesifiek van toepassing op die afbakening van die novorsingsveld is: Waarom word 'n studie oor Sending in Openbaring gedoen as dit tot op datum so min aandag gekry het en die teks sowel as die sending as teologiese motief in die teks as fokus tot dusver so duidelik ontbreek? Saam daarmee word die vraag ook gevra: Is die term en begrip sending hoegenaamd in Openbaring aan die orde? In die nuutste navorsing word ook gevra na wat die bedoeling van Openbaring as geskrif of as teks is wat bestudeer word in terme daarvan of dit 'n "Gemeentegeskrif" is, 'n "Sendinggeskrif" is of dalk 'n sektariese dokument is.[54] In die geval van Openbaring is die vraag na die kanonisiteit en veral die weg van Openbaring na kanonisiteit daarmee saam en dus noodwendig as dalk eerder 'n Apokriewe geskrif ook op die tafel. Is daar ook regtig 'n vraag en nodigheid na die teologiese fundering en doel formulering van die sending vanuit die Openbaring teks?

Missioloë of Sendingkundiges[55] sal toegee dat daar altyd gevra word na die verantwoording en fundering van die sending vanuit die Skrif sowel as voortdurende navorsing na die teologiese vrae wat die praktyk van die Sending na vore bring. Die nuutste navorsingsterrein ten opsigte van die belang van die Sosio-historiese agtergrond van tekste stel ook nuwe en eiesoortige vrae en plaas ook hierdie navorsingsterrein ten opsigte van enige nuwe navorsing

[53] Sien die Katholieke Universiteit Leuven se Colloquim Biblicum Lovaniense LXVI 23-25 Julie 2015 met die onderwerp: *New Perspectives on the Book of Revelation*
[54] Sien Köstenberger (1998) Hy hanteer hierdie saak volledig ten opsigte van die Evangelie van Johannes en dui aan waar oor die sending navorsing gedoen word vanuit die Johannesevangelie
[55] Sien Bavinck (1960) *An Introduction to the Science of Missions* wat die Missiologiese navorsingsveld van die fundering van Sending alternatiewelik Sendingteologie werklik ge-open het



© University of Pretoria

op die tafel.[56] Die fokus wat in die hedendaagse navorsing al meer geplaas word op moraliteit klop ook aan die deur van alle hedendaagse navorsing.[57] Die aandag wat die verskyning van David Barr[58] se publikasie oor Openbaring opnuut plaas op Openbaring as narratief behoort ook in ag geneem te word in die Openbaring navorsing van vandag. Bauckham[59] antwoord op van hierdie vrae deur in sy publikasie oor die teologie van Openbaring af te sluit deur te wys op die relevansie van die boek Openbaring vir vandag. Die akademies-kritiese vraag na wat nuut gedoen word in hierdie studie sowel as die strukturele inpasse in die teologie kom dus vanselfsprekend aan die orde, maar word in hierdie studie hoofsaaklik hanteer vanuit die teks.

Bogenoemde aantal navorsingsvrae dui opsigself genoegsaam rede aan vir hierdie studie en dit is dan inderdaad die vrae wat hierdie studie poog om te beantwoord vanuit die Openbaring teks. Du Rand[60] beantwoord die vraag na waarom enige verdere studie van Openbaring ook duidelik wanneer hy beredeneer dat Openbaring die mees aktuele boek in die Nuwe Testament is omdat dit aan die leser historiese en eskatologiese insigte bied oor die verlede, hede en toekoms, asook teologiese perspektiewe van waarskuwing en bemoediging oor die voltrekking van God se oordeel en verlossing vir vandag. Na aanleiding van die boodskap van Openbaring reken Du Rand[61] dat Openbaring die samevattende sluitstuk of hoogtepunt van die boodskap van die Nuwe Testament genoem kan word en regverdig opsigself enige Openbaring navorsing.

---

[56] Sien van Aarde en Joubert se bydrae in Du Toit (red) (2009) vir die Sosiaal-Wetenskaplike Kritiek as metodologie hiervoor
[57] Sien Scriptura. Tydskrif vir Bybel en Teologie in Suider-Afrika Cilliers Breytenbach en Bernard Lategan (reds) *Geloof en Opdrag Perspektiewe op die etiek van die Nuwe Testament* Spesiale Uitgawe S9a 1992 en Van der Watt (2006) *Identity, Ethics and Ethos*
[58] Barr (1998) *Tales of the End. A Narrative Commentary on the Book of Revelation*
[59] Bauckham (1993:2) Hierdie studie word afgesluit met 'n opsomming van die teologiese temas wat hanteer is wat die relevansie van Openbaring vir vandag beklemtoon
[60] Du Rand (1990:163) *Johannese Perspektiewe*
[61] Du Rand (1990:163) *Johannese Perspektiewe*



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

## 1 Metodologie: 'n Hermeneutiese uitgangspunt gefokus op die teologie van Openbaring

### 1.1 Inleidend

Dit is vandag nodig om jou as navorser metodologies te verantwoord,[62] veral omdat daar 'n veelvuldigheid van metodes is waarmee om navorsing te doen. Die veelvuldigheid van navorsingsmetodologieë sowel as navorsingsvelde stel sy eie eise en vereis ook in elke geval 'n eiesoortige metodiek omdat navorsers metodologies nie eenders dink en doen nie. Du Toit[63] wys op die metodologiese verskuiwing[64] op die navorsingsterrein in die afgelope aantal jare wat die navorser noop om hom metodologies te verantwoord en op hoogte te wees van die nuutste navorsingsmetodologieë. Die uitgangspunte wat normaalweg vir 'n teologiese studie as wetenskap geldig is, word as metodologiese uitgangspunt gevolg in hierdie studie.

Guthrie[65] wys daarop dat die doel van die navorser en sy metodologie in direkte verband staan met mekaar.[66] Die doel van die navorser bepaal natuurlik die middel, bedoelende die metodiek. Soos reeds aangedui is hierdie studie bedoel[67] om 'n teologies-tematiese studie vanuit die boek Openbaring te wees, toegespits op die hantering van een teologiese motief as fokus, naamlik die sending, maar tog onlosmaaklik in verband met die ander teologiese motiewe in die teks wat onontbeerlik is vir 'n korrekte verstaan van Openbaring as verhaal.

---

[62] Sien Du Toit en Roberts (1977) *Handleiding by die Nuwe Testament 1*
[63] Du Toit (2009) *Focusing on the Message New testament hermeneutics, exegesis and methods Preface*
[64] Du Toit (2009:9) "A methodological shift in the reading of biblical texts has been evolving steadily over some years. Influenced by the seminal publications of Wolfgang Richter, James Barr, Johannes P. Louw and others following in their wake, a growing number of biblical research paradigms needed serious re-examination"
[65] Donald Guthrie was voorheen viseprinsipaal en dosent in Nuwe-Testamentiese Studies aan die London Bible College
[66] Guthrie (1981:71) *New Testament Theology* "The Interpreter's own understanding of the scope of his work will obviously determine his method in setting out the materials"
[67] 'n Fokus op Sending in Openbaring



© University of Pretoria

Guthrie[68] wys voorts daarop dat daar in 'n teologiese benadering van die Nuwe-Testamentiese teologie slegs twee moontlike benaderings bestaan: eerstens volgens spesifieke teologiese temas en tweedens volgens 'n indeling van die Nuwe Testament volgens spesifieke literêre groepe en alternatiewelik meer gedetaileerd onderverdeeld in spesifieke tekste. Die nuutste navorsingsbenadering in die veld van die teologie van die Nuwe Testament is meer geneig om tekste individueel en onafhanklik te hanteer, en nie meer as deel van 'n groep tekste nie. Dit is duidelik volgens enkele teologiese publikasies[69] dat enkele motiewe of 'n aantal motiewe in verband met mekaar wel nog die metodologiese benadering van die teologiese navorsing bly, maar dat dit nou vanuit 'n afgebakende teks benader word. Guthrie[70] wys ook op die belang van die verband tussen die historisiteit van die teks en die tema wanneer 'n teologies-tematiese benadering van 'n groep tekste gevolg word. Hyself hanteer sy eie teologiese ontwerp hiervolgens.

Dit spreek vanself dat enige navorser die navorsingsgeskiedenis van sy studieveld deeglik sal nagaan en hom sal vergewis van die relevante navorsingsresultate en nuutste publikasies. In enige studie is die geskiedenis van wat op daardie terrein van die teologie gedoen is van kardinale belang en daarom ook die vraagstelling van wat is al gedoen op die terrein van 'n fokus op Sending in Openbaring. Dit is dus vanselfsprekend nodig om deeglike navorsing te doen oor die navorsingsgeskiedenis van beide hierdie vakgebiede. Daarmee saam word 'n literatuurstudie gedoen ook van beide vakke om die vraag duidelik en akkuraat te formuleer en die navorsingsgaping duidelik af te baken en aan te spreek.

Die uitgangspunt hierin is eerstens om die geskiedenis van die navorsing van die begin af in hooflyne na te gaan en op te teken en sodoende die navorsingsgaping ten opsigte van Openbaring en Sending afsonderlik duidelik af te baken. Tweedens word daarmee gepoog om

[68] Guthrie (1981:72) *New Testament Theology* "There are only two basic methods open to him"
[69] Sien Bauckham (1993), Schnelle (2009) en McKnight en Osborne (2004)
[70] Guthrie (1981:72) *New Testament Theology*



© University of Pretoria

die navorsing ten opsigte van 'n fokus op Sending in Openbaring in verband met mekaar soos waar dit vandag staan uit te wys, en dit sal ook vir die sendingwetenskaplike navorsing van belang wees. Die benadering van sodanige navorsing is egter nie 'n eenvoudige saak nie. Dit word in hierdie studie histories-kronologies hanteer aan die hand van die bekende skole onder andere die Amerikaanse, Duitse, Engelse, Nederlandse en Suid-Afrikaanse skole, maar beginnende by die vroeë kerklike ontwikkeling en skolastiek tot vandag, die New Age.

Die teologiese verklaring en verstaan van terme en begrippe in 'n studie soos hierdie is ook onontbeerlik. In hierdie verband kan teologiese en taalwetenskaplike woordeboeke[71] nie verbygegaan word nie, en die spesifieke terme en begrippe behoort korrek en konsekwent aangewend te word en gehandhaaf te word. Tereg beweer König[72] hierbenewens dat enige metode swaar steun op die resultate van ander wetenskappe, veral dié van die taalwetenskap, en dat die taal van die tyd korrek vertaal, verklaar en verstaan moet word in die eietydse taal en idioom.[73] Daar behoort dus gebruik gemaak te word van deeglike eksegetiese en navorsingsresultate wat voortkom uit verantwoordbare eksegetiese metodologieë[74] en ook van woordeboeke.

Dit is van kardinale belang om in 'n studie[75] van die teks met die fokus op 'n tema die teologiese motief duidelik te definieer, te interpreteer en 'n toepassing te maak. Die korrelasie tussen die teologie van die teks[76] en die teologiese motief as tema[77] behoort ook duidelik gedefinieer, geïnterpreteer en toegepas te word. Die teologie van die teks en die teologiese motief in daardie spesifieke teks, sowel as die korrelasie tussen die twee, behoort deur middel

---

[71] Sien Thiselton in Marshall (red) (1991:75-104) *Semantics and New Testament Interpretation* en Köstenberger (1998:17-44) in *The Missions of Jesus & the disciples*
[72] König (1982:33) *Hy kan weer en meer*
[73] Sien Herman du Toit se bydrae in Du Toit (red) (2009:267-304) *Contributions from modern linguistics to New Testament Exegesis*
[74] Sien Aanhangsel D vir 'n verantwoordbare eksegetiese program
[75] In die besonder waar dit gaan oor 'n teologiese motief as tema as tweede navorsingsterrein naas die teologie
[76] In hierdie geval die hele Openbaring teks
[77] In hierdie geval Sending



© University of Pretoria

van goeie metodologie deeglik gehanteer te word ter bereiking van die doel van die navorsingsvoorstel. Die uitgangspunt wat gevolg word in hierdie studie om die doel[78] te bereik is die hermeneutiek.[79]

### 1.2 Die geskiedenis van die hermeneutiek as metodologiese uitgangspunt

As vertrekpunt[80] in die hermeneutiek moet daar ‘n studie gedoen word oor die navorsingsgeskiedenis en literatuurgeskiedenis van die navorsing, sowel as oor die literatuur binne daardie spesifieke navorsingsveld. Lategan[81] deel die geskiedenis van die navorsing van die hermeneutiek in vier periodes in om die geskiedenis beter te kan hanteer naamlik die van die vroeë kerk en middeleeue, die reformasie, die verligting en die moderne era.

In die geskiedenis van die interpretasie van Bybeltekste het volgens Guthrie[82] die kerklike tradisie[83] en doktrines aanvanklik die toneel oorheers. Die eerste interpretasiebenaderings kan beskryf word as ‘n sistematisering van kerklike leerstellings by wyse van ‘n sistematiese teologie. ‘n Sistematies-teologiese benadering was nog altyd die eerste keuse benadering wat gevolg word deur teologiese navorsers sedert die moderne tydvak. Alan Richardson[84] hanteer kort na die aanvang van die moderne tydvak in een van die eerste publikasies aangaande Nuwe-Testamentiese teologie sestien tipes dogmatiese temas en beskryf dit as “The content and character of the faith of the apostolic church”.

---

[78] Om te fokus op Sending in Openbaring
[79] Sien Greg Clark (2004:104) *General Hermeneutics* in Mcknight en Osborne. “From its beginnings as a discipline, hermeneutics has reflected on theories of interpretation. Since to interpret is to bring out meaning or to make understandable, hermeneutics has expanded into a general account of the act of understanding and the object of understanding, meaning”

[80] Daarom gee ek eerstens nou hierso daaraan aandag soos in enige navorsing wat getuig van 'n goeie metodologie
[81] Lategan in Du Toit (Redakteur) (2009:13-63) *New Testament hermeneutics (Part 1): Defining moments in the development of Biblical hermeneutics*

[82] Guthrie (1981:21) *New Testament Theology*
[83] Lategan (2009:23) beskryf dit so van die vroeë kerk en middel eeue as “the literary tradition of Greek antiquity”
[84] Sien hiervoor Alan Richardson (1958) se *An Introduction to the Theology of the NT*



© University of Pretoria

Die eerste en belangrikste aspek van interpretasie van tekste is die van die Ou Testamentiese Joodse tradisie wat vanselfsprekend is. Die Aleksandrynse skool onder leiding van Philo van Alexandria het aanvanklik na aanleiding van die verdeling van die mens in liggaam, siel en gees, die vleeslike, morele en geestelike vlakke van interpretasie onderskei. Hierdie benadering van die Aleksandrynse skool word beskou as 'n allegoriese benadering, en veral Origines het hierdie benadering lustig met Openbaring gevolg. Hierdie interpretasie-benadering – wat as 'n letterlike benadering beskou word – lê enkel en alleen op 'n geestelike vlak. Dit is eksegeties ongekontroleerd en is deur latere wetenskaplike benaderings verdring. In kontras met Origines[85] was daar wel die grammaties-historiese skool van die Antiochiërs[86] voortspruitend uit die filosofiese skool van Aristoteles. Augustines het volgens Lategan die balans gehandhaaf deur sy *Credo.*[87]

Die letterlike benadering het aanleiding gegee tot die letterlike toepassing van die simboliek in Openbaring, veral die getallesimboliek. Dit gebeur veral met die interpretasie van Openbaring 20:2: "Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind". Hierdie duisend jaar[88] word dan letterlik geïnterpreteer en sou letterlik duisend jaar duur en strek vanaf die eerste koms van Jesus met sy geboorte tot en met sy wederkoms presies duisend jaar later. Die letterlike interpretasie het wel later op die agtergrond verdwyn, maar die teologiese interpretasie van die letterlike duisend jaar het behoue gebly. Hierdie benadering word later getipeer as die chiliastiese of die dispensionalistiese benadering na aanleiding van die Griekse woord "*chilioi*" en die

[85] Volgens Lategan (2009:27) "more figurative"
[86] Volgens Lategan (2009:27) "more literal"
[87] Lategan (2009:23-27)
[88] Sien Ekskursie 17 *Die Duisend jaar*



© University of Pretoria

Latynse woord "*millennium*". Dit staan vandag bekend as die chiliastiese of millennialistiese interpretasie benadering.[89]

Mounce[90] reken dat die eerste lesers Openbaring sonder probleme sou verstaan het, en dat daar eers later onsekerheid en verwarring ingetree het omdat veral die eskatologiese beloftes[91] nie letterlik en figuurlik gerealiseer het nie. Volgens Mounce[92] kry ons by die skrywers Justinus, Irenaeus en Hippolytus die eerste algemene benadering van tekste in die ontsluiting daarvan. Hy tipeer hulle benadering as chiliasties op grond van hul interpretasie dat die eskatologiese beloftes in Openbaring nog nie gerealiseer het nie, maar wel binnekort sal realiseer.

Van die tyd van die Montaniste van Frigië tot met die reformasie het hierdie benadering verskeie verstaansinterpretasies vanuit verskillende hoeke opgelewer.[93] Die eerste benadering was dié van die postmillennialiste wat die duisend jaar letterlik interpreteer. Die tweede is die premillennialiste wat Bybelse profesieë letterlik op vandag van toepassing maak. Hierdie benadering negeer die historiese aard en karakter van die oud-Bybelse geskrifte in geheel. Die amillennialiste interpreteer Openbaring geheel en al simbolies-eskatologies en verreken die historisiteit van die antieke Bybelse geskrifte nie altyd nie.

Later het die historiese interpretasiebenaderings al meer veld gewen, en daar was die "tydhistoriese" benadering wat duidelikheid probeer gee oor die verlede. Die "Kerk- en wêreldhistoriese" benadering het weer lig probeer werp op die plek en rol van die Kerk en die wêreld van vandag. Die "eindhistoriese" of "eskatologiese" benadering het probeer

---

89 Sien Judith Kovacs (CBL 2015) *The Purpose of the Millennium: Perspectives Ancient and Modern on Revelation 20:1-6*
90 Mounce (1977:39) *The Book of Revelation*
91 Sien Du Rand (2013) *Die Einde* Hoofstuk 3: *Hedendaagse Christelike beskouinge oor die eskatologie*
92 Mounce (1977:39) ontleen sy navorsing oor die geskiedenis van interpretasiebenaderings volgens voetnoot 55 aan Beckwith, I.T. (1922:318-334) *The Apocalypse of John* se essay "History of interpretation"
93 Sien Du Rand (2007:54), Beale (1999:44-49), Mounce (1977:39-45) Wilson (2002:6-7), vir die onderskeiding en hantering van 'n aantal benaderings



© University of Pretoria

duidelikheid gee oor die hiernamaals en die gebeurtenisse wat die koms daarvan voorafgaan. Hierdie benaderings is later saamgevat en vereenvoudig, en het aanleiding gegee tot die "futuristiese" benadering.

Lategan[94] verduidelik op 'n besondere wyse die onderskeiding van interpretasie benaderings wat gedurende die middeleeue ontwikkel het en dit verdien vermelding. Díe letterlike verklarings word sedert die reformasie en die verligting op 'n nuwe manier benader wat toe die idealistiese benadering genoem word. Hierdie verstaansbenadering idealiseer sekere Skrifbeginsels en historiese gebeure. Die fokus word nou op die teologie geplaas, maar is oorwegend Christologies van aard met erkenning aan die historisiteit van die teks en die gebeure. Die idealisering van die eerste kerklike gebeure in Handelinge, byvoorbeeld, word die model vir kerkwees en martelaarskap word nagejaag. Beale[95] kom nou in die New Age met 'n soortgelyke benadering vorendag wat hy beskryf as "A Redemptive-Historical Form of Modified Idealism" en waarvoor hy die term "eclecticism" gebruik en vandag bekend is as die eklektiese benadering.

Sommige eietydse publikasies[96] gee maklik aanleiding tot 'n simplistiese, eensydig-teologiese verstaan van veral die profesieë en simbole en metafore, van 'n kosmiese Jesus, 'n krygshaftige Jesus, van selfopgelegde "martelaarskap" en enige groot kosmiese gebeurtenisse, bv aardbewings en tsoenamies, of oorlog – veral die Midde-Oosterse konflik – wat die einde of apokalips sou aandui, ensovoorts. Hierdie tipe interpretasies neem die kerkhistoriese proses tot en met Openbaring, en ook die gebeure daarna, glad nie in ag nie.

---

[94] Sien Lategan (2009:27) The Middle Ages produced no hermeneutical renewal or further development. Basically, the allogorical approach was further refined to yield a threefold spiritual meaning echoing the triad of faith, love and hope within the literary understanding of the text. 1) *Litera gesta docet – sensus litteralis 2) Quid credas allegorica – sensus allegoricus 3) Moralis quid agas – sensus moralis 4) Quo tendas anagogia – sensus anagogicus*

[95] Beale (1999:48) Beale beskryf dit so: "No specific prophesied historical events are discerned in the book"

[96] Sien publikasies soos J.R. Church (1991) se *Hidden Prophecies in the Song of Moses*, ds. C.W.M. du Toit (1948) se *Toekomstige Wêreldgebeure*, John Haggee (2006) se *Jerusalem Countdown,*Wimpie Liebenberg se *Openbaring*, Hennie Prinsloo se *Die Boek Openbaring* en witness Andries J. Theart (2006) se *God's Final Call*



© University of Pretoria

Tereg beweer Du Rand[97] dat tyd en historiese bewussyn by hierdie interpretasiebenaderings geheel en al ontbreek. Konsekwent toegepas, neem dit die historiese skrywer, leser en agtergrond nie genoegsaam in berekening nie, en dit lei vandag te maklik tot ‘n nuwe tipe asketiese, piëtistiese verstaans- en lewenswyse.

Vanuit die historiese benaderings kom later gedurende die moderne tyd die histories-kritiese benadering wat erns maak met die historiese agtergrond en gebeure, en die situasie van die outeur en eerste lesers. Hierdie benadering word ook die preteristiese benadering genoem, en volgens Du Rand[98] word hierdie model vandag deur die meeste verklaarders gevolg, hoewel dit nie daarin slaag om die volle teologiese betekenisomvang van die boek Openbaring voldoende te verklaar nie. Mounce[99] is van mening dat nie een van hierdie huidige benaderings op sigself voldoende is om reg te laat geskied aan die interpretasie van Openbaring nie. Morris[100] beweer dat sekere elemente van meer as een van hierdie benaderings[101] nodig is om tot ‘n bevredigende verstaan van Openbaring te kom.

Die nuutste navorsingsmetodologieë in die tyd van vandag, die New Age, probeer om die tekortkominge van al hierdie benaderings en verklarings aan te vul deur gebruik te maak van ander wetenskaplik kritiese metodologieë in die navorsingsveld, onder andere die Tekskritiek, Redaksiekritiek, Tradisiekritiek, Narratiewekritiek, Sosiaal-wetenskaplikekritiek, Literêrekritiek en wat die belang van die staatkundige en godsdienstig-historiese agtergrond van die historiese tydperk beklemtoon. In veral Openbaringstudies behoort die Ou Testament, die Johannes-evangelie en ander apokaliptiese literatuur op grond hiervan vir die verstaan van Openbaring in berekening gebring te word.

---

[97] Du Rand (2007:60) *Die A-Z van Openbaring*
[98] Du Rand (2007:57) *Die A-Z van Openbaring*
[99] Mounce (1977:43) *The Book of Revelation*
[100] Morris (1987:20) *Revelation*
[101] Genoem die Eklektiese benadering



© University of Pretoria

Ten opsigte van bronne in die navorsing van die geskiedenis van die hermeneutiek as uitgangspunt vir vandag is ‘n publikasie van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika[102] ‘n baie belangrike en onmisbare bron as invalshoek vir die verstaan van die historiese ontwikkeling van die hermeneutiek. Hoewel dit ietwat verouderd is dien dit as ‘n goeie vetrekpunt in die geskiedenis van die navorsing van die hermeneutiek. Die lesings wat hierin opgeneem is, is van hoogstaande gehalte en hul tyd ver vooruit. Dit is veral handig vir die verstaan van die navorsingsgeskiedenis van die hermeneutiek.

Dit is Du Toit en Roberts[103] wat ‘n belangrike tree gee met die navorsing tot die studie van die Nuwe-Testament met prinsipiële gesigspunte en ‘n terrein verkenning volgens afdeling A van hul publikasie. Hul kom met ‘n sewetal onderafdelings[104] van die Nuwe-Testamentiese Wetenskap na vore wat baie rigting gewend in die navorsing is en definieer die hermeneutiek as: “Die wetenskap wat soek na die wyse waarop te werk gegaan moet word om ‘n geskrif so te verstaan dat aan die leser dit oorgedra word wat die skrywer beoog het om aan sy oorspronklike leserskring oor te dra”. Daarby wys hul ook op die belang van die daarstelling van ‘n leesmetodiek en onderskei algemene reëls – wat in ag geneem moet word by die lees van alle Nuwe-Testamentiese geskrifte – en besondere reëls wat op besondere literêre genres van toepassing sal wees.

Die nuutste navorsing oor die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek, eksegese en metodologie vind ons in die publikasie van Andrie du Toit[105] in vyftien artikels. Saam met hierdie publikasie is die publikasies van Scot Mcnight en Grant Osborne,[106] in vier onderafdelings

[102] *Aspekte van die Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek* Neotestamentica 15-17 Julie 1970
[103] Du Toit en Roberts (1977) *Handleiding by die Nuwe Testament 1*
[104] 1) Die geskiedenis van die ondersoek 2) Kanoniek van die Nuwe-Testament 3) Agtergrond van die Nuwe-Testament 4) Nuwe- Testamentiese metodeleer 5) Inleiding tot die Nuwe-Testament 6) Eksegese van die Nuwe-Testament 7) Die sitematisering van die Nuwe-Testamentiese materiaal

[105] Andrie du Toit (redakteur) (2009) *Focusing on the Message: New Testament hermeneutics, exegesis and methods*
[106] McKnight en Osborne (Editors) (2004:479) *The Face of New Testament Studies A Survey of Recent Research*



© University of Pretoria

verdeel, en Howard Marshall,[107] in vier onderafdelings verdeel, onontbeerlik in die navorsing van die geskiedenis van die hermeneutiek. Die publikasie van I Howard Marshall[108] hanteer Nuwe-Testamentiese metodologiese uitgangspunte met al hul kompleksiteite by wyse van 'n aantal beginsels en benaderings in altesame agtien artikels. Dit stem grootliks ooreen met Du Toit (2009) se publikasie. Min of meer dieselfde sake word hanteer, en dus word hierdie bron naas Du Toit gebruik as sekondêre bron vir die verstaan van die Hermeneutiek as metodologiese uitgangspunt. Dit is veral die bydraes van Thiselton[109] wat van besondere belang is. Gesamentlik bestudeer word van die leemtes in die afsonderlike publikasies ondervang. Nie een van die bydraes kan aanspraak maak op volledigheid nie en interaksie onder die bronne met mekaar is dus van belang. Dit is moeilik om die belang van enige van die benaderings te prioritiseer, want almal is van wesenlike belang, maar prioritisering is nie werklik van belang nie.

Dit is vanselfsprekend dat die hermeneutiese proses[110] verstaan moet word, en daarom moet die eerste twee hoofstukke van du Toit en die volledige afdeling twee van McKnight en Osborne deeglik na gegaan word. Greg Clark[111] skryf in verband met die hermeneutiese proses die volgende:

> From its beginning as a discipline, hermeneutics has reflected on theories of interpretation. Since to interpret is to bring out meaning or to make understandable, hermeneutics has expanded into a general account of the act of understanding and the object of understanding, meaning. Hermeneutists typically begin by tracing the etymology of the word they seek to understand, placing it in its linguistic and

[107] Howard Marshall (1991) *New Interpretation Essays on Principles and Methods*
[108] I Howard Marshall Redakteur (1991) *New Testament Interpretation: Essays on Principles and Methods*
[109] Sien Thiselton in Marshall (red) (1991:75-104) *Semantics and New Testament Interpretation* en (1991:308-333) *The New Hermeneutic*
[110] Sien Aanhangsel E vir die Hermeneutiese spiraal as proses
[111] In McKnight en Osborne (2004:104-105) *General Hermeneutics*



© University of Pretoria

historical context. The meaning of a word can then be built up by shuttling between the whole(s) and the part, each informing the other, in a process that has become known as "the hermeneutical circle". Hermeneutics as a discipline is as wild and woolly as it has ever been, and its future shape and even its existence are impossible to predict.

Lategan hanteer in die eerste hoofstuk in Du Toit die geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese hermeneutiek en in die tweede hoofstuk[112] die hermeneutiese proses, met ander woorde die hermeneutiek as uitgangspunt in die navorsing. Lategan[113] skryf in verband met die hermeneutiese proses die volgende:

> Concentrating on the interpretation of written texts implies the exclusion of aspects such as non-verbal and oral communication, physiological and neurological processes of cognition and understanding. The focus of the hermeneutical process will rather be on the recognition of the historical nature of biblical texts, of the religious, cultural and sociological context of their origin, the linguistic medium through which they are transmitted, their theological content and their kerygmatic intent. The main presupposition is that these texts were written for a certain purpose and secondly, that the hermeneutical approach here should respect that purpose.

Lategan omskryf die hermeneutiek as 'n teologies-wetenskaplike uitgangspunt in die navorsing wat fokus op die erkenning en vasstelling van die historisiteit van die teks wat bestudeer word; wat die kwessies van die skrywer en die lesers en hul eie godsdienstige apriorie of presupposisie uitklaar; die histories-sosiologiese konteks en oorsprong daarvan vasstel en interpreteer; die linguistiese medium verstaan en ontleed; en daardeur die teologiese inhoud en boodskap op die huidige leser binne sy/haar konteks van toepassing

[112] Lategan in Du Toit (red.)(2009:65–105)
[113] Lategan in Du Toit (red.) (2009:65)



© University of Pretoria

maak. Dit is hierdie omskrewe siening van die hermeneutiek wat volgens die definisie van Lategan met die bykomende insigte van ander bydraes in hierdie studie as uitgangspunt geneem word.

Enige navorser moet oor goeie eksegetiese vaardighede beskik en met ‘n duidelik eksegetiese program[114] kan werk, en hoofstukke drie tot ses van Du Toit se publikasie hanteer hierdie belangrike aspekte. Die belangrike plek en rol van die moderne linguistiek –soos dit hanteer word in hoofstuk sewe van Du Toit se publikasie – moet ook op gewys word. Dit is vir hierdie studie van besondere belang om die beelde en simbole in Openbaring korrek te interpreteer, en daarom is die bydrae van J.G. (Jan) van der Watt[115] ten opsigte van die lees van beelde, simbole en metafore van deurslaggewende belang. In die publikasie verduidelik hy dit deeglik. Du Rand[116] dui duidelik aan dat Openbaring sy boodskap op ‘n besondere wyse aanbied deur simboliek. Die Openbaringnavorser kan dit kwalik bekostig om nie ‘n studie van die verstaan en interpretasie van die simboliek in Openbaring te doen nie.

Die Narratiewekritiek[117] is van besondere belang vir die verstaan van Openbaring en as interpretasie benadering van hierdie studie ook van kritiese belang. Openbaring is baie eiesoortig as genre en is in verhaalvorm geskryf. Ott en Strauss[118] tipeer Openbaring as “Divine Drama” na aanleiding van Vanhoozer (2005) se metafoor “theodrama” vir Openbaring as narratief. Sien die werk van David Barr[119] wat die Narratiewekritiek as metodologiese uitgangspunt neem in sy kommentaar. Barr verduidelik sy uitgangspunt as volg:

[114] Sien Aanhangsel D vir die Eksegetiese program
[115] Van der Watt in Du Toit (Redakteur) (2009:305–340) *Reading New Testament Imagery*
[116] Du Rand (1990:212-219) *Johannese Perspektiewe*
[117] Sien Hoofstuk 10 *Narrative criticism*
[118] Ott en Strauss (2010:XXIII) *Encountering Theology of Mission: Biblical Foundations, Historical Developments and Contemporary Issues.*
[119] David Barr (1998:5) *Tales of the end; A Narrative Commentary on the Book of Revelation.*



© University of Pretoria

> The first edition was published in 1998, when the narrative approach was unusual. I am happy to report that in the intervening years much has changed. It would now be usual for any commentary or major work on the Apocalypse to ignore narrative readings. This second edition seeks to take account of these new developments and interact with new interpretations, all the while keeping my original goal firmly in mind: to focus on the story rather than on the many readers. It is easy to miss the most important thing for understanding the Apocalypse: It is a narrative.

McKnight en Osborne[120] beskryf die waarde van Barr se narratiewe benadering as volg:

> We should note that the intriguing thesis of D.L. Barr is that the Apocalypse is also a narrative. The key is that it is a serious of actions related sequently with the content being primarily a story about Jesus: his cosmic struggle against the evil powers of this world. It contains a plot and developing narration: a three act play moving from scenes of direct revelation (1-3) to scenes of heavenly worship (4-11) to culminating scenes of holy war (12-22:5).

Ott en Strauss[121] sien Openbaring as verhaal as volg:

> God is the playwright and producer, Jesus and his redemptive work is the message of the story and the Spirit is both the inspiration and the director guiding the actors. This drama is specifically missional in nature because it is played on the stage of the world. The drama will not be complete until those from every people, nation, tribe and tongue have beheld its glory and been taken up in its storyline.

Andries van Aarde[122] beskryf die Narratiewekritiek as metodologiese benadering samevattend as volg:

---

[120] McKnight en Osborne (2004:479) *The Face of New Testament Studies A Survey of Recent Research*
[121] Ott en Strauss (2010:XXIII) *Encountering Theology of Mission: Biblical Foundations, Historical Developments and Contemporary Issues.*



© University of Pretoria

> A Narrative can be defined as a discourse in which language is organized in terms of characters moving within a given structure of time and space. This movement unfolds in episodes that develop into chronologically sequential lines of actions. Each sequence contains interactions, insofar as the actions of the characters are linked by a causal relationship. It is this casuality of action that constituates the plot of a narrative discourse. The "sum total" of episodes could be described as the plot of the narration but only when the exegete is able to indicate how certain elements interact with others in the same narration and how the writer organized the various episodes to achieve a certain communicative effect that the "sum total" of episodes could be described as the plot of the narration.
>
> An elementary well-structured plot consist of a linear sequence with a beginning, a middle section and a conclusion. For communicative effect, each of these elements appears in a given relationship with the others. The beginning of the plot introduces the action and creates an expectation with the implied reader/listener. In the middle section the action that was initiated earlier, develops and pressupposes a dénouement that reaches its completion in the conclusion. Through the tension created in the narration as a result of the interactions of the characters the implied reader/listener is lured into the plot and becomes involved in the interactions. A successful end does not necessarily mean a complete dissolution of tension. Most well organized narrations remain open-ended.

Du Rand[123] doen 'n narratiewe indeling van Openbaring volgens die opbou van Openbaring as n narratief en dan onderskei hy drie christologiese bedrywe[124] in hierdie dramatiese

---

[122] Andries van Aarde in Du Toit (red.) (2009:381-418) *Narrative critisism*
[123] Du Rand (1990:269-270) *Die A tot Z van Openbaring*
[124] Bedryf 1: Christus in die kerk (Openbaring 1-3). Bedryf 2: Christus in die kosmos (Openbaring 4-11). Bedryf 3: Christus in die geskiedenis (Openbaring 12-22)



© University of Pretoria

vertelling. Du Rand[125] stel in 'n latere publikasie voor dat Openbaring gelees moet word soos 'n dramatiese vertelling wat vergelyk kan word met 'n musiekkomposisie wat bepaalde luisterstrategieë vereis. Volgens Du Rand[126] word sekere merkers[127] in die vertelling baie belangrik, en hierdie merkers word as uitgangspunt geneem in hierdie studie as die teologiese motiewe.[128] In die narratief kan die konteks of sosiale agtergrond gesien word as die dekor.

Hiervolgens konstateer ek dat die teologie in die Openbaringverhaal deur middel van die hermeneutiek as uitgangspunt die rolspelers[129] in die Teks (drama)[130] en die Teologiese motiewe[131] (die rolle as funksies van die rolspelers) binne konteks behoort te definieer en verhalend te beskryf[132] in 'n boodskap met 'n plot. Die verhaal kan benader word met 'n keuse vanuit 'n verskeidenheid van moontlike fokusse en waar die keuse van hierdie studie díe van 'n fokus op Sending is. Die verhaal in hierdie studie kom hoofsaaklik aan die orde in hoofstuk 4 en in die ander hoofstukke kom die rolspelers en hulle rolle meer spesifiek aan die orde. Om dit te kan bereik word die volgende indeling volgens die opbou van die Openbaring teks gevolg:

1 Openbaring 1 – Inleiding

2 Openbaring 2 en 3 – Sewe boodskappe elk binne konteks

3 Openbaring 4 en 5 – Eerste bedryf

4 Openbaring 6 tot 11 – Tweede bedryf

---

[125] Du Rand (2007:45-47) *Die A tot Z van Openbaring*
[126] Du Rand (2007:46) *Die A tot Z van Openbaring*
[127] Dink aan die uitdrukking "deur (in) die Gees"
[128] Sien Aanhangsels B en C
[129] Sien vir hierdie benadering Dr. David Jeremia (2015) *Agents of the Apocalipse*. Dr. David Jeremia does what no Bible teacher has done before. He explores the book of Revelation through the lens of its major players.

[130] Sien Aanhangsel A
[131] Sien Sien Bauckham (1993) en Schnelle (2009) vir die strukturering van hul teologië volgens teologiese motiewe
[132] Sien in hierdie verband die publikasie van die Universiteit van Suid-Afrika (1989) *Bybelse stories en hulle geheim*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5 Openbaring 12 tot 21:8 – Derde bedryf

6 Openbaring 21:9 tot 22:5 – Vierde bedryf

7 Openbaring 22:6 tot 22:21 – Die Plot en Slot

In enige verhaal is n goeie begrip van die sosiale agtergrond van die verhaal bydraend tot 'n beter begrip en interpretasie van belang. Andries van Aarde en Stephan Joubert [133] hanteer die nuutste ontwikkelinge op die terrein van die Sosiaal-wetenskaplikekritiek wat aandui hoe belangrik dit is om in die proses die sosiale werklikhede van die konteks vas te stel en te interpreteer om sodoende die boodskap van die teks korrek te kan verstaan en te kan oordra. Hiervoor is 'n basiese onderskeiding en begrip van die sosiale- of menswetenskappe[134] van belang. Van Aarde en Joubert verduidelik die Sosiaal-wetenskaplikekritiek as metodologie om die sosiale- of menswetenskappe beter te kan verstaan as volg:

> Since the 1970s insights from the human sciences have been utilized extensively to interpret and understand the Bible. This has given rise to the development of an exegetical approach known as "social-scientific critisism". Today exegetes increasingly turn to social-scientific theories in order to understand, describe and explain the social dynamics in the world of the people, groups and cultures of antiquity from which the biblical writings sprung.
>
> Because of the inextricable connection between faith affirmations in the texts of the New Testament and their socio-cultural contexts, knowledge of these social contexts should be a substantial part of the exegetical process. This led to the plea that the investigation into the so-called "backround" of the New Testament should shift to the "foreground". The interpretative process currently consists of the description and

[133] Andries van Aarde en Stephan Joubert in Du Toit (2009:419-456) Hoofstuk 11 *Social-scientific criticism*
[134] Dit is vakke soos onder andere Antropologie, Sosiologie, Psigologie en Filosofie



© University of Pretoria

explanation of the social dynamics of contexts. A Serious student of the New Testament should at least take cognizance of the methodology, results and problems of this approach.

Mcknight and Osborne[135] hanteer in hul publikasie die sosiale- of menswetenskappe ten opsigte van die sosiaal-wetenskaplike agtergrond. Die ouer publikasies van Harnack,[136] Lohse,[137] Marshall[138] en Tenney[139] kom handig te pas in 'n studie ten opsigte van die sosiaal-wetenskaplike agtergrond van die Nuwe Testament.

Die verstaan van die term en begrip "moraliteit" in sy volle omvang binne sy sosiale kontekste is in die hermeneutiek van kardinale belang. Wanneer die begrippe[140] *Ethics* en *Ethos* as kategorieë van moraliteit hanteer word, is 'n duidelike afbakening nodig. Die filosofie het sodanige afbakening alreeds gedoen, en in hierdie studie word hoofsaaklik hierdie afbakening as uitgangspunt gevolg. Die filosofie[141] onderskei hoofsaaklik drie kategorië met onderafdelings waarvolgens die vak afgebaken word.[142]

Die nuutste navorsing oor die Bybelse waardes rakende die etiek en die estetika, tesame met die identiteit van die Bybels-godsdienstige mens binne sy sosio-historiese konteks, noop noodwendig enige studie om moraliteit[143] in terme van die drie kategorië naamlik Identiteit, Etos en Etiek te hanteer. Hierdie studie hanteer dus moraliteit nie as 'n selfstandige teologiese

---

[135] Mcknight and Osborne (2004) *The Face of New Testament Studies A Survey of Recent Research* Afdeling 1 hoofstukke 1 en 2 en Afdeling 2 hoofstuk 6: *The context of the New Testament* en *Embodying the Word: Social scientific Interpretation of the New Testament*
[136] Harnack (1961) *The Mission and Expansion of Christianity in the first three centuries*
[137] Lohse (1976) *The New Testament Environment*,
[138] Marshall (Editor) (1991) *New Testament Interpretation*
[139] Tenney (1961) *New Testament Survey*
[140] Sien die navorsingspublikasies Scriptura: GELOOF EN OPDRAG *Perspektiewe op die Etiek van die Nuwe Testament* Spesiale uitgawe (1992) en Van der Watt, J. (Redakteur) (2006) *Identity, Ethics and Ethos in the New Testament* Walter de Gruyter & Co. Berlin.
[141] Sien Beck (1975:4) *Perspectives in Philosophy* vir die afbakening en die beskrywing van elk van die kategorieë
[142] Sien Ekskursie 9 *Die Filosofie as wetenskap en afbakening*
[143] Sien Van der Watt, J. (Redakteur) 2006:VI vir die kategoriale onderskeiding, hoewel ek die inhoudelike daarvan nie net so oorneem nie



© University of Pretoria

motief nie, maar in terme van drie onderskeidende kategorië binne die teologiese motiewe van die Ekklesiologie en die Diakonologie.

Met die aanvaarding en gebruikmaking van die histories-kritiese program van eksegese en gebruikmaking van ander wetenskappe – in hierdie geval veral die Linguistiek – word in die navorsing eers gepraat van die Hermeneutiek en later van die "Nuwe Hermeneutiek" as uitgangspunt in die navorsing. Die gedagte van die Nuwe Hermeneutiek[144] is ontleen aan veral Ernst Fuchs en Gerhard Ebeling. Volgens Ebeling en Fuchs gebeur daar altyd iets in die gebruik van taal, waar gepraat word, waar die taal hanteer word, waar woorde gehoor word, ontvou die teks sy diepste betekenis en word dit ‘n sprekende woord. Hierdie spraakgebeurtenis skep ‘n verhouding. Die subjek-objekverhouding – as die relasie van die mens tot die teks – word in die Nuwe Hermeneutiek deur Ebeling en Fuchs volkome omgekeer, en word die teks of taal die subjek, en die mens die objek, en verklaar die teks dus die mens. So gesien, is dit die teks of taal wat spreek. In hierdie geval, waar die navorsing ‘n teologiese motief as uitgangspunt het, is dit– soos ons reeds daarop gewys het – noodsaaklik dat die verband tussen die teologie van die teks en die teologie van die motief duidelik ontsluit word.

Die korrelasiebegrip kan vir hierdie doeleindes in enige studie benut word om duidelikheid te kry hieroor. Dit is veral die eksistensieteologie wat in die Dogmatiek met die begrip "korrelasie" begin werk het as metodologiese uitgangspunt om die verband tussen sekere dogmatiese begrippe te omskryf en te handhaaf,[145] veral die basiese verhouding tussen God en mens. Dit is egter voor die hand liggend dat die korrelasiebegrip vir misverstand en misbruik vatbaar is. Dit is veral in die basiese verhouding tussen God en mens volgens die subjek-objekskema dat die wederkerigheid van die verbondsverhouding tussen God en mens

---

[144] Sien Thiselton in Marshall (red) (1991:308-333) *The New Hermeneutic*
[145] Sien Jonker (1988:198–205) *Uit vrye guns alleen*



© University of Pretoria

hiervolgens nie deurbreek kan word nie.[146] Dit is veral Tillich wat die korrelasiebeginsel op 'n normatiewe wyse hanteer om die grense van die spreke van die Skrif of teks te bepaal. Die leerstuk van die skepping is vir hom nie die beskrywing van 'n gebeurtenis wat eens op 'n tyd plaasgevind het nie, maar 'n beskrywing van die verhouding tussen God en sy skepping.[147]

Sedert Barth het die gebruik ontstaan om die aard van die verbondsverhouding tussen God en mens met die term "bondgenootskaplikheid" aan te dui. Hierdie term – konsekwent gebruik deur onder andere Hendrikus Berkhof en Flesseman van Leer – dui 'n wedersydse verhouding aan waarin albei die bondgenote 'n betekenisvolle rol speel. So gesien, meen Berkhof[148] dat die korrelasiebegrip die subjek-objekskema kan deurbreek tot voordeel van die verstaan van die intersubjektiwiteit van die basiese verhouding tussen God en mens, en dat eerder gepraat moet word van 'n subjek-subjekverhouding.

So gesien, gaan dit dan met die hantering van die korrelasiebegrip nie om die verdienstelike reaksie van die mens nie, maar om die reaksie van die mens en die handelinge van God wat by mekaar betrek word. Die metodologiese vraag in hierdie studie is nou of Sending (die Konteks) en Openbaring (die Teks) vanuit die korrelasiebeginsel volgens die subjek-objekskema of die intersubjektiewe skema hanteer behoort te word. Die keuse en uitgangspunt in hierdie studie is die intersubjektiewe skema waarin die Drie-Enige God vanuit die teks en die sending van die kerk, haar getuies en dienaars vanuit die konteks van die teks in 'n intersubjektiewe verhouding staan.

So gesien, behoort die sending volgens die korrelasiebegrip sy regmatige plek in te neem in hierdie studie, maar binne die basiese verhouding gebaseer op die wederkerigheid daarvan in 'n intersubjektiewe verhouding, en dus binne die verwysingsraamwerk van die subjek-

[146] Jonker (1988:198–202) *Uit vrye guns alleen*
[147] Durand (1982:192) *Skepping mens voorsienigheid*
[148] Sien Jonker (1988:199) *Uit vrye guns alleen*



© University of Pretoria

subjekverhouding. Floor[149] noem die nuwe hermeneutiek 'n interessante wending in die navorsing en vermeld dat die navorser tog hierdeur die indruk kry dat die verstaan van die Bybelteks alleen met behulp van die hermeneutiek as uitgangspunt moontlik is. Dan voeg hy by dat dit wel noodsaaklik is om in die teologiese hermeneutiek 'n groter plek aan die Heilige Gees te gee as wat Ebeling en Fuchs dit doen. Daarom beroep hy hom op Calvyn (INST 11 2, 18) wat van oordeel is dat die grootste belemmering vir die verstaan van die Skrif nie in die teks of die taal gesoek moet word nie, maar in die mens self. Calvyn het die noodsaak van eksegese en taalstudie deeglik besef en dit self op bekwame wyse gedoen, maar hy het telkens in sy werke gewys op die werk van die Heilige Gees met betrekking tot die verstaan van die Skrif. Dit is volgens Calvyn die Heilige Gees wat die hart van die mens moet sagmaak, die ore moet deurboor en die oë moet oopmaak om die Bybel te kan verstaan. Die pneumatologiese aspek van hierdie navorsing moet dus ook verreken word as uitgangspunt.

Via[150] wys daarop dat Bultmann daarin geslaag het om die histories-kritiese benadering en die hermeneutiese uitgangspunt effektief en suksesvol te integreer. Na aanleiding hiervan word in die hermeneutiek gepraat van die hermeneutiese spiraal[151] as verduideliking van die metodologiese proses van die hermeneutiek.[152] Via[153] beskryf die beoefening van die Nuwe-Testamentiese teologie as "*Historical and Hermeneutical*" en regverdig die hermeneutiese spiraal as proses as 'n integrale vereiste van Nuwe-Testamentiese teologie om die volgende twee redes:

(1) The New Testament writers themselves were not focally concerned about what the traditions and sources that they used originally meant, but they rather drew out

---

[149] Floor (1970:95) *Ontmitologisering as Hermeneutiese moontlikheid* in *Aspekte van die Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek*
[150] Dan O. Via (2002:59) *What is New Testament Theology?*
[151] Sien Aanhangsel E *Die Hermeneutiese spiraal as proses*
[152] Sien Lategan in Du Toit (red.) (2009:81)
[153] Via (2002:59) *What is New Testament Theology*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

and constructed from these materials meanings that they adapted and directed to the situations in which they wrote.

(2) If the authority of the New Testament for later times is affirmed, a hermeneutical element is methodologically required. That is, in order to justify the claim of authority it must be shown that the New Testament messages can be articulated in such a way as to speak pertinently and forcefully to the present situation.

In die lig van die verskeidenheid van wetenskaplike dissiplines en modelle sal die beste uitgangspunt wees om – indien moontlik en sover as wat dit moontlik is – multidissiplinêr en interdissiplinêr te werk te gaan in die hermeneutiek. Dit is dus nodig om van soveel as moontlik teologiese kritiese metodes en van ander wetenskappe gebruik te maak in enige navorsing van 'n Bybelse interpretatiewe aard, soos in die besonder met die teologie van die teks. Dit is in die vasstelling van 'n metodologie vir ‘n teologie van die teks belangrik om jou benadering van die teks nader te bepaal, omdat dit bepalend is vir jou interpretasies.

Die hermeneutiek[154] as uitgangspunt wat meerdere metodologieë word na bogenoemde navorsing van die geskiedenis van die hermeneutiek en met bogenoemde enkele voorafgestelde uitgangspunte aangewend as die metodologiese uitgangspunt in hierdie studie. Die hermeneutiese uitgangspunt in hierdie studie kom neer op ‘n teologies-tematiese benadering van die antieke teks as ‘n sosio-historiese literatuurbron met die gebruikmaking van ‘n eksegeties-kritiese metode van eksegese en eksegetiese navorsingsresultate,[155] sowel as die benutting van die resultate van die ander wetenskappe. In hierdie studie word die resultate gebruik van soveel as moontlik navorsers en skrywers wat ‘n verantwoordbare hermeneutiese benadering gevolg het en soveel as moontlik teologies-kritiese

[154] Sien Aaanhangsel E *Die Hermeneutiese spiraal as proses*
[155] Sien Du Toit (2009:120) *New Testament exegesis in theory and practice* in *Focusing on the Message* vir ‘n eksegetiese program as Aanhangsel D



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

interpretasiemetodes gebruik het. Hierdie benadering kan as ‘n Eklektiese benadering getipeer word. Dit bly egter in kort ‘n teologies-tematiese benadering, en daarom is die uitgangspunt die hermeneutiek met n aantal wetenskaplik-kritiese metodologieë.

### 1.3 ‘n Hermeneutiese uitgangspunt gefokus op Sending in Openbaring

Metodologies behoort die vraag wat is Nuwe-Testamentiese teologie inhoudelik beantwoord en gedefinieer te word, en ook hoe ‘n Nuwe Testamentiese Teologie gestruktureer of ingedeel word. Die uitgangspunt in die navorsing oor Nuwe-Testamentiese teologie[156] was nog altyd om inhoud en struktuur te gee aan die bedoeling en beskrywing van die teologie, naamlik om God en sy handelinge deur sy Seun Jesus Christus aan die hand van die normatiewe teks binne die konteks van die geskiedenis van die mensdom aan die mens te openbaar en te beskryf. Die vertrekpunt was altyd die woorde en werke van Jesus van Nasaret wat ‘n nuwe simboliese universum gebring het, en veral hoe dit deur die sogenaamde Christologiese hoogheidstitels vanuit die teks bekend gemaak sou word.

Wat hanteer word of wat die inhoud van die teologie is en hoe dit gestruktureer word, loop divers uiteen, veral wat Openbaring aanbetref. Kümmel,[157] byvoorbeeld, laat die Openbaringboek geheel en al uit sy teologiese publikasie uit. Aanvanklik is daar in die teologiese dissipline gepraat van ‘n Nuwe-Testamentiese teologie gestruktureer in terme van ‘n sentrum as tema met gewoonlik ‘n aantal subtemas, maar vandag word meer beweeg in die rigting van ‘n eie teologiese struktuur met tema en/of subtemas vir die verstaan van elke Bybelboek of teks afsonderlik. Guthrie [158] wys daarop dat daar voor die Reformasie geen of baie min belangstelling was in ‘n Bybelse teologie van ‘n enkele afgebakende teks. In die

---

[156] Sien Richardson, Alan (1966) *An Introduction to the Theology of the New* Testament en Engelbrecht, J.J. 1980 *Die Christologie van die boek Openbaring* Doctor Theologiae Universiteit van Suid-Afrika
[157] Kümmel (1974:255) “It is one of the most certain results of the New Testament scholarship, however, that Revelation cannot come from the same author as the four other writings handed down under the name of John. If Revelation must therefore be left completely out of consideration when we consider the Johannine theology…”
[158] Guthrie (1981:21) *New Testament Theology*



© University of Pretoria

meeste gevalle waar die teologie gestruktureer en beskryf word, word onder andere gepraat van temas[159], Christologiese bedrywe,[160] perspektiewe[161] en kategorieë.[162]

Hendrikus Boers[163] het eerste die vraag gevra na wat is Nuwe Testamentiese teologie en ‘n teologie van die Nuwe Testament gedefinieer en die inhoudelike probeer struktureer. Via[164] wys in sy publikasie met dieselfde titel op die besondere bydrae van Boers[165] vir ‘n Bybelse eerder as 'n dogmatiese teologie. Via[166] voer aan dat hy die belangrikheid van die inhoud van Boers se bydrae met hom deel, en hy kom tot die volgende definisie van Nuwe-Testamentiese teologie: “The conclusions of biblical theology should be free of dogmatic determinants. It is a historical discipline that seeks to clarify what the Biblical texts taught in their historical context”. Hy wys hy op die hermeneutiese presupposisie dat die teks die primêre bron van ‘n Nuwe-Testamentiese teologie behoort te wees.

Via[167] hanteer in hoofstuk 2 van sy publikasie die geskiedenis van die strukturering van ‘n Nuwe-Testamentiese teologie volledig. Nadat Via verskeie teoloë[168] bespreek het, kom hy tot die gevolgtrekking dat daar verskeie maniere is om ‘n Nuwe-Testamentiese teologie te struktureer. Via[169] self stel vyf uitgangspunte voor waarvolgens ‘n teologie gestruktureer kan

[159] Guthrie (1981), Bauckham (1993), Beale (1999), Via (2002) en Schnelle (2009)
[160] Du Rand (2007)
[161] Du Preez (2011)
[162] Rowland (2013)
[163] Boers (1979:13) *What is New Testament Theology?* “A coherent, logical, necessary system of general ideas in terms of which every element of our experience concerning matters relating to God can be interpreted”
[164] Dan O. Via (2002:1)
[165] Boers (1979:24-35) gives a helpful analysis of Johann Philip Gabler (1753–1826) having established biblical theology as a separate discipline, independent of dogmatic theology to structure his own analysis of twentieth-century New Testament theology. Boers then categorizes William Wrede, Wilhelm Bousset, Johann Weiss and Adolff Schlatter under the rule of true New Testament theology and takes Rudolf Bultman and Herbert Braun as examplers of pure New Testament theology
[166] Via (2002:2)
[167] Via (2002:7–23)
[168] Onder andere Rudolf Bultmann, Joachim Jeremias, James Dunn, Gerhard Hasel, Norman Perrin, Peter Balla, N.T. Wright, G.B. Caird, Walter Schmithals, George Strecker, Oscar Cullmann, Reginald Fuller, Ferdinand Hahn en Frank Matera
[169] Via (2002:23)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word, en sy benadering kom neer op die definiering van ‘n enkele teologiese tema wat verder ontwikkel kan word deur subtemas.

Volgens Dunn[170] is in die verlede meer aandag gegee aan historiese, tekstuele, grammatikale en literêre sake as aan die teologie van Openbaring. Hy[171] beweer die oorheersende benadering van tekste was nog altyd ‘n vers-vir-vers eksegetiese benadering ten koste van die teologie. Dunn beredeneer voorts die gevolg van dié toedrag van sake vir die teologie, en beweer dat studente dikwels nie die vermoë het om hul Nuwe-Testamentiese kennis en navorsing met die res van hul teologiese opleiding te integreer nie.[172]

Bauckham hanteer in sy teologie van Openbaring vyf temas[173] en is van mening dat die teologie van Openbaring onskeibaar is van sy literêre vorm en struktuur. Hy struktureer sy teologie van Openbaring aan die hand van vyf teologiese motiewe, naamlik die Doksologie, Christologie, Soteriologie, Pneumatologie en die Eskatologie. Nes die Openbaringteks begin hy sy teologie met ‘n proloog[174] en sluit af met ‘n epiloog.[175] Die proloog is metodologies van aard en die epiloog 'n baie goeie interpretasie van ‘n Openbaringteologie wat in 11 punte uiteengesit word. Hy hanteer slegs vyf teologiese motiewe en erken dat dit beknop is. Bauckham volg ‘n streng teosentriese benadering in sy lees, ontwerp en interpretasie van die teologie van Openbaring. Die *Dei Trinitatis* as rolspeler kom duidelik na vore. Hy mis egter van die ander belangrike teologiese motiewe, soos die Missiologie en Ekklesiologie.

---

[170] James D.G. Dunn: General Editor New Testament Theology, Lightfoot Professor of Divinity, University of Durham in die redakteursvoorwoord in Bauckham

[171] Dunn in Bauckham (1993:3): Commentaries are likely to lose theological comment within a mass of other detail in the same way as exegetical lectures. The section on the theology of a document in the Introduction to a commentary is often very brief and may do little more than pick out elements within the writing under a sequence of headings drawn from systematic theology

[172] Dunn in Bauckham (1993:5) skryf: “Since often they are capable only of drawing on the general overview or on a sequence of particular verses treated atomistically. The growing importance of a literary-critical approach to individual documents simply highlights the present deficiencies even more. Most students are very ill-prepared to develop a properly integrated literary and theological response to particular texts".

[173] Richard Bauckham (1993:1) was professor in Nuwe-Testamentiese Studies aan die St Mary’s College, Universiteit van St Andrews *The Theology of the Book of Revelation* Cambridge University Press

[174] "Reading the Book of Revelation"

[175] "Revelation for today"



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Udo Schnelle[176] hanteer in sy standaardwerk – wat ek beskou as die mees moderne Nuwe-Testamentiese teologiese navorsing – elke Bybelboek volgens die nuutste teologiese navorsing individueel en afsonderlik in eie reg. Schnelle[177] struktureer en beskryf sy verstaan van 'n Nuwe-Testamentiese teologie volgens ‘n model van nege tematiese onderafdelings, en skryf:

> If the New Testament writings are understood as expressing early Christianity’s inclusive capacity and processes of meaning-formation and identity formation, then a theology of the New Testament is charged with the task of comprehensively discerning and describing the construction of this word’s meaning. This is achieved through division into thematic subdivisions, which (1) are found in all the writings, and (2) can be grasped in terms of their fundamental assumptions, their variety, and their mutual interrelationships.
>
> The writings of the New Testament are the result of a comprehensive and multi-layered process of meaning-formation. Religious experiences of groups and individuals always generate such processes of meaning-formation and these are then expressd in narratives, rituals, and the composition of texts to facilitate their communication (2009:54). The new religious world always also expresses the specific historical and cultural situation in which New Testament authors live and work (2009:55). A Theology of the New Testament then is charged with the task of comprehensively discerning and describing the construction of this world of meaning if the New Testament writings are understood as expressing early Christianity’s inclusive capacity and processes of meaning-formation and identity-formation to present the comprehensive thought world of each.

[176] Udo Schnelle (2009) *Theology of the New Testament*
[177] Udo Schnelle (2009:54–57)



© University of Pretoria

Die uitgangspunt vir die doeleindes van hierdie studie en ter wille van ‘n beter verstaan en strukturering van die teologie in Openbaring is spesifiek om die studie te struktureer in terme van teologiese motiewe.[178] Onder die punt "die Teologie van Openbaring" hier onder word die teologiese motiewe van Openbaring aangedui, onderskei en verduidelik hoe dit verstaan word, dit te motiveer en dan ‘n fokus te plaas op sending as teologiese motief. Ter inleiding is hier bo reeds gewys op die kardinale belang daarvan om in sodanige studie – waar dit gaan oor die fokus op ‘n teologiese motief as tema en onderwerp – die verband tussen die teologie van die teks as Nuwe-Testamentiese navorsingsterrein en die sosiaal-kontekstuele terrein van die teologiese motief as ander navorsingsterrein en vakgebied duidelik te omlyn en te handhaaf. Die mees geskikte metode is die hermeneutiek as metodologiese uitgangspunt om daarmee die navorsingsgaping mee te benader. Die hermeneutiese metode van navorsing moet in enige navorsing duidelik aangetoon en vakwetenskaplik goed hanteer word deur die navorser.

Barr,[179] skryf dat die apokaliptiese skrywers ‘n verhaal geskryf het van wat met hulleself gebeur het om so hulle ervaring mee te deel. Hy vermeld voorts dat dit baie moeilik is om die storie te verstaan en gee ‘n aantal redes ter verduideliking. Om die storie te verstaan en te interpreteer, dui Barr ‘n aantal hermeneutiese sleutels[180] aan wat in die metodologie benut kan word en wat hy verduidelik as volg:

> The notion of the story is both obvious and intuitive and incredibly difficult to define. Many things, its complexity, its strange symbols, its foreign view of the world, its

[178] Sien Aanhangsels B en C
[179] David L. Barr (1998:27) *Tales of the End*
[180] 1) Content: An overview of what the story is about. 2)Form: Some awareness of how this content is being communicated. 3) Symbolism: An understanding the basic significance of the strange creatures and mystical numbers we encounter. 4) Structure and plot: A general notion of how this material is arranged. 5) Characterization: An orientation to the characters in the story – including its audience. 6) Setting: A sense of the location of the story in time and space.



© University of Pretoria

> seeming incoherence at places, its ambiguous settings in place and time and much else, mitigate against our hearing the book of Revelation.

Die uitgangspunt in hierdie studie is wel om Openbaring te lees as ‘n storie en as ‘n verhaal teologies te interpreteer en te probeer verstaan. In hierdie studie in die hermeneutiek as metodologie gaan dit konkluderend dus eerstens oor die verwerwing van feite en inligting, tweedens oor die analisering, sistematisering en strukturering daarvan, en derdens oor die toepassing daarvan in verhaalvorm. Die uitgangspunt is ook dat daar met ‘n spesifieke teks gewerk word en van die eksegetiese resultate van die spesifieke teks gebruik gemaak sal word. Verder is ‘n spesifieke teologiese fokus as deurlopende tema gekies, naamlik die sendingmotief wat in hierdie studie beskryf word as “sending”.

### 1.4 Konkluderend

Du Rand[181] vermeld dat geen interpretasiemodel die volle krag en betekenis van Openbaring volledig kan blootlê nie. Daarom is ‘n meervoudige metodologiese benadering nodig om soveel moontlik eksegeties te probeer ontgin. Onder andere dra veral die literêre, historiese, pragmatiese (lesergerigte) en teologiese komponente by tot verruimende eksegetiese perspektiewe. Die volgende teologies-metodologiese uitgangspunte word vervolgens samevattend aangedui en kortliks verduidelik.

1 Die begrip "teologie" behoort in die wyere en in die engere sin van die woord verstaan te word. In ‘n wetenskapsteorie dui die wyere sin op ‘n gesistematiseerde sintese van konsepte en opvattings oor die ganse realiteit, en in engere sin op een spesifieke aspek van hierdie sintese.

2 Die basiese komponent van ‘n teologie behels die aksiomatiese aanvaarding en erkenning deur die geloof dat God bestaan en Hom op ‘n besondere wyse deur die

[181] Du Rand (1990:246) *Johannese Perspektiewe*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Skriftuur aan die mensdom openbaar en volgens die Skriftuur soos deur die mensdom as normatief of kanoniek aanvaar is.

3 Die kanon van die Nuwe Testament beslaan sewe en twintig boeke of historiese verslae as tekste, wat ‘n vermenging en samevoeging is van die werklike Jesus en die verkondigde Jesus, of die getuienis aangaande Jesus is. Om die begrip "teologie" in engere sin aan een aspek of motief van die wyer gesistematiseerde sintese aandag te kan gee, is dit nodig om die teologie van elkeen van hierdie sewe en twintig boeke afsonderlik en in eie reg te analiseer, en die uitkomste te sistematiseer.

4 Die teologie van die Nuwe Testament is dus ‘n sekondêre prosedure waardeur die resultate van legitieme eksegetiese analises gesistematiseer word.

5 Die teologie van die Nuwe Testament word gekonstitueer deur die gebeurtenisse en wentel om die persoon van Jesus as subjek, maar dan as een van ‘n trilogie – God, Gees, Jesus. In hierdie fundamentele gebeure as waarheid vind kanonisiteit (gesaghebbendheid en normatiwiteit) van die Nuwe-Testamentiese teologie sy beslag.

6 Om die verskillende aspekte van die teologie op grond van verstaanbare logikastrukture as teologiese motiewe te kan sistematiseer, is dit van kardinale belang om die verskillende aspekte of teologiese motiewe in elke geskrif afsonderlik te identifiseer en nader te bepaal. Dit is die uitgangspunt wat in hierdie studie met Openbaring as teks gevolg word.

7 ‘n Teologie van die Nuwe Testament moet deeglik rekenskap gee van sy basiese Skrifbeskouing en van geldige prosedures van Skrifgebruik teenoor ongeldige Skrifmisbruik. Dit beteken dat ‘n teologiese studie aan geldige eksegetiese en



© University of Pretoria

hermeneutiese vereistes moet voldoen, en dat die bronne wat gebruik word ter stawing van die feite, ook aan hierdie vereistes moet voldoen.

8 Ten opsigte van metodiek moet die teoloog altyd in gedagte hou dat daar ‘n groot verskeidenheid van metodes bestaan, en dat elke metode slegs sekere tipes vrae aan die proses vra. Daar moet dus gewaak word teen ‘n metode-monisme, en daarom behoort daar in die navorsing gekyk te word na al die benaderings en moontlike uitgangspunte om die beste resultate te kan verseker.

9 Daar moet altyd rekening gehou word met die konteks van die teks, die eksegeet en die leser. Daar moet veral rekening gehou word met die historisiteit van die teks in terme van die teks **en**, **in** en **as** geskiedenis. Die teks moet ook onderwerp word aan die sosio-histories-kritiese vraagstelling, met ander woorde die historiese werklikheid, en ook aan die teksimmanente vraagstelling; met ander woorde, wat werklik daar geskryf staan.

10 Daar moet rekening gehou word met die eksegeet se teologiese uitgangspunte (presupposisies of *vorverständnis*) omdat dit 'n invloed uitoefen op die interpretasie-uitkomstes. Die leser se konteks moet ook vasgestel word; dit is beslis nie vir alle eeue, volke, tale, nasies en sosiaal-maatskaplike omgewings dieselfde nie.

11 Wanneer ‘n hermeneutiese uitgangspunt gevolg word, is daar wel sekere kriteria waaraan voldoen moet word. Wanneer die kriteria metodologies logies georden word, kan dit verduidelik word aan die hand van die hermeneutiese spiraal.

Die uitgangspunt[182] van hierdie navorsing sal dus hermeneuties-teologies van aard wees en saam met die persoonlike ervaring en kennis van die sending van die kerk van die navorser.

[182] Ek volg hiermee die teorie soos wat Goldingay (1991:352) dit vermeld: “In exposition, as with most other human activities … practice precedes theory



© University of Pretoria

Die praktyk van die prediking uit Openbaring en die toepassings van die beginsels van sending in die bediening van die navorser dien eweneens as 'n teoretiese basis, soos dit in Openbaring voorkom. Die metodologiese uitgangspunt wat in hierdie studie gevolg word, is om met gebruikmaking van al die moontlike beskikbare eksegetiese en teologiese bronne en materiaal 'n praktykgerigte teologiese fundering van Sending (Konteks) as teologiese motief vanuit Openbaring (Teks) aan te bied deur middel van die hermeneutiek. Dit gaan dus oor die fundering en doel van sending vanuit Openbaring vir die leser, die kerk en die teoloog van vandag vir 'n praktiese toepassing.

## 2 'n Teologiese model vir die verstaan van Openbaring

### 2.1 Inleidend

'n Fundamentele uitgangspunt in die teologie is dat teologie 'n wetenskap is. As wetenskap het die teologie sy eie voorveronderstellings, aard, metodologieë en doelstellings. Teologie is 'n wetenskap[183] omdat dit 'n kritiese, geordende en geverifieerde besinning deur die mensdom is oor die Woord van God, die boodskap wat uit die Woord afgelei word, en die wyse waarop die boodskap aan die mensdom geïnterpreteer en gekommunikeer moet word.

Wanneer oor die teologie geskryf word, veronderstel dit noodwendig dat die begrip "teologie" eerstens uitgeklaar word. Die woord "teologie"[184] het in die antieke Grieks-Romeinse wêreld die verhale aangedui waarin 'n volk sy opvattinge oor die gode, die ontstaan van die wêreld, en die gode se betrokkenheid by en invloed op hierdie wêreld uitgedruk het. In die eerste eeue van die Christendom is hierdie woord oorgeneem en van 'n Christelike inhoud voorsien[185]. Sedertdien is teologie vir die Christendom die wetenskaplike resultaat van die mens se navorsing oor en omgang met God en sy Woord. Tweedens behoort

[183] Sien Crafford se intreerede (27 April 1989:3) *Sendingwetenskap waarheen?*
[184] Die Woord kom nie in die Bybel voor nie, en word saamgestel uit die woorde theos/Θεoς = God en logos/λoγoς = woord
[185] Sien Heyns (1982:24) *Brug tussen God en mens*



© University of Pretoria

die term waarmee die aspekte van die teologie aangedui word, aangedui en konsekwent so gebruik te word.

Heyns en Jonker[186] gee die volgende definisie van die teologie: "Teologie is die wetenskaplike en die deur die tyd bepaalde antwoord op die openbaring van God aangaande Homself en sy direkte verhouding tot die totale kosmos". Crafford [187]sluit hierby aan en bou daarop voort: "Die definisie toon met reg aan dat die vertrekpunt van die teologie die Woord van God is. Die bestemming daarvan, naamlik die gerigtheid op die wêreld, word egter nie duidelik genoeg aangedui nie". Dit is volgens Crafford die swak punt van die definisie en sal dus aangevul moet word. As sendingwetenskaplike het Crafford die leemte aan die sending in die teologie in hierdie definisie aangevoel en as volg uitgebrei: "…met die doel om die openbaring vir die wêreld te interpreteer en aan die wêreld te kommunikeer". Volgens Crafford beteken dit dat teologie nie anders beoefen kan word nie as om op die wêreld en sy omvattende nood/bestaan[188] gerig te wees.

So gesien, het die sending as 'n motief van die teologie in die teologie van 'n Bybelse geskrif sy regmatige plek en aandag begin te kry. Die merkbare afwesigheid van die hantering van sending as teologiese motief in teologiese studies bevestig egter die navorsingsgaping – soos dit in hierdie studie aan die orde gestel word – naamlik die merkbare afwesigheid van die Openbaringteks in die navorsing van sending as teologiese motief in die navorsing oor Openbaring. Oor die algemeen beskou, bestaan daar immers 'n duidelike sendingmotief in die teologie van die Ou en die Nuwe Testament, en dus ook in mindere of meerdere mate in die teologie van elke geskrif in die Bybel, en ook in Openbaring – soos hierdie studie dit aantoon.

---

186 Heyns en Jonker (1977:137) *Op weg met die teologie*
187 Crafford (1989:3)
188 Ek verkies die woord "bestaan" hier en dit is my woordkeuse



© University of Pretoria

## 2.2 Die navorsings geskiedenis van Openbaring

### 2.2.1 Die vroeë kerk tot en met die middeleeue

In Openbaringstudies sal die teks[189] die laaste boek van die Nuwe Testament, die Openbaring aan Johannes, histories-kronologies gesproke die laaste kanonieke boek en boodskap aan die kerk, die primêre bron wees waar alle navorsing begin. Die ander Nuwe-Testamentiese boeke is ook belangrike bronne, en dit is veral die Evangelie van Johannes en die Briewe van Johannes en daarmee saam die insigte rondom die Johannese teologie[190] wat nie verbygegaan kan word nie. Die Ou- Testamentiese teks[191] en die Griekse teks van die Ou Testament[192] sal ook as bron benut word.

Die Ou-Testamentiese laat na-Eksiliese profeet, Daniël, wat ook deels as 'n Joods-apokaliptiese geskrif bekend is, sal in die besonder van toepassing wees. Die toevoegings tot Daniël[193] moet ook gelees word, sowel as die ander Joods-apokaliptiese literatuur[194] wat lig werp op Openbaring. Die twee appokriewe Makkabeërboeke[195] dra by tot die historiese agtergrond wat die tydperk ná Daniël opvolg en Openbaring voorafgaan, díe tydvak staan bekend as die sogenaamde tussentestamentêre tydvak. Goeie insig van die tussentestamentêre tydvak as agtergrond is van belang in die Nuwe-Testamentiese navorsing.

Die navorsing van Eduard Lohse[196] is volledig en bruikbaar in hierdie verband en is van belang vir die verstaan van die sosio-historiese agtergrond van die tussentestamentêre tydvak.

---

[189] Nestle –Aland (1995) *Novum Testamentum Graece 27. Revidierte Auflage*
[190] In hierdie opsig is dit van kardinale belang dat die navorser en die leser sal verstaan wat met Johannese literatuur bedoel word en dat die inleidingsvraagstukke daarvan, onder andere die skrywer en datering ten opsigte van die Johannese literatuur sal verstaan en sy presupposisies ten opsigte daarvan te kan verantwoord
[191] *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (1967/77)
[192] Brenton (2007) *The Septuagint with Apocrypha*
[193] Sien Van der Watt en Tolmie 2005 naamlik *1) Susanna, 2) Asarja se gebed en Die lied van die drie jong manne en 3) Bel en die draak*
[194] Waaronder veral Henog, Barug, Esdras en 2 Makkabiërs gereken word. Sien Ekskursie 13
[195] Van der Watt en Tolmie (2005)
[196] Lohse (1976) *The New Testament Environment*



© University of Pretoria

Die werk van Du Plessis en Lategan[197] is ten opsigte hiervan bruikbaar en ook hiermee saam die meer gedetailleerde publikasie van Schalk Duvenhage.[198] Die publikasies van die kerkhistorici rakende die geskiedenis van die vroeë kerk, soos Bettenson,[199] Dankbaar,[200] De Jong,[201] en Pillay en Hofmeyer,[202] is vervolgens van kardinale belang en van groot waarde; so ook die meer sendingkundige navorsingspublikasies van K.S. Latourette,[203] Adolf Harnack,[204] J. Herbert Kane[205] en Stephen Neill[206] vir die era van die vroeë kerk tot en met die middeleeue wat volg op die tussentestamentêre tydvak. Die nuutste en jongsgedateerde navorsing in hierdie verband is die deeglike publikasie van Scot McKnight en Grant R. Osborne.[207]

Volgens die historici word reeds in die jaar 96 n.C. die spore van Nuwe-Testamentiese literatuur gevind by Clemens van Rome in sy brief aan die Korintiese kerk.[208] Dit is geskryf ongeveer in dieselfde tyd wat Openbaring geskryf is. Hy verwys in sy brief na die sinoptiese evangelies, Handelinge en 'n aantal ander briewe, waaronder die twee kanonieke Korintiërbriewe, maar daar is geen verwysing na die Johannesevangelie, Johannesbriewe of Openbaring nie. Die vroegste vermelding van Openbaring as Nuwe-Testamentiese literatuur kry ons eers by die apologeet Justinus die Martelaar wat na 155 n.C. geskryf het. Die eerste na apostoliese christelike literatuur wat gevolg het op die latere kanonieke en sommige apokriewe geskrifte, was dié van die apostoliese vaders, ook genoem die kerkvaders. Hulle het om verskeie redes eers ná 96 n.C. geskryf, maar voor 155 n.C. Hulle was Ignatius van

[197] Du Plessis en Lategan (1983) *Agtergrond en geskiedenis van die Nuwe Testament*
[198] Schalk Duvenhage. *Die Dekor van die Nuwe Testament*
[199] Bettenson (1963) *Documents of the Christian Church*
[200] Dankbaar (1974) *Kerkgeschiedenis*
[201] De Jong (1980) *Geschiedenis Der Kerk*
[202] Pillay and Hofmeyer (1991) *Perspectives on Church History*
[203] K.S. Latourette (1947) *A History of the Expansion of Christianity.The first Five centuries,*
[204] Adolf Harnack (1908) se *The Mission and Expansion of Christianity in the first Three Centuries*
[205] J. Herbert Kane (1982) *A Global View of Christian Missions*
[206] Stephen Neill (1964) *A History of Christian Missions*
[207] Scot McKnight en Grant R. Osborne (Editors) (2004) *The Face of New Testament Studies. A Survey of Recent Research*
[208] Sien Van der Watt en Tolmie (2005:685)



© University of Pretoria

Antiochië, Clemens van Rome, Barnabas, die Didagé, Polikarpus aan die Filippense, Die Martelaarskap van Polikarpus, Die Herder van Hermas en die Brief aan Diognetus. Hierdie werke behoort as groep nagegaan te word en die betekenis en invloed daarvan vasgestel te word vir die verstaan van Openbaring.[209]

Pillay en Hofmeyer[210] beskryf die bedoeling van die eerste Christelike geskrifte van die apostoliese vaders as volg:

> The emphasis in these works is on preserving and protecting the Christian faith against innovations. Consequently, they very often use traditional ideas and language without much further theological elucidation. Their writings bear witness to ideas, practices and the beginnings of church structures which were later to become normative in the life of the Catholic Church. Ignatius, for example, argued for Christian unity centred on a single bishop with assistant presbyters and deacons in each local church, and the Didagé provides us with a picture of various liturgical practices of the primitive Catholic Church.

Die martelaarskap as gevolg van valse beskuldigings en vervolging wat die Christene beleef het ná die duidelike onderskeiding en hul afskeiding van die Judaïsme, het aanleiding gegee tot die skryf van ‘n aantal apologetiese geskrifte. Hierdie skrywers se uitgangspunt was om die fundamentele geloofswaarhede te analiseer en duidelik geartikuleerd uiteen te sit sodat die Romeinse owerheid sowel as die nie-gelowiges dit kon verstaan. Die apologete was Justinus die Martelaar, Clemens, Origines, Melito van Sardis, Athenagoras van Athene, Aristides, Quadratus en Theophilus van Antiochië.

---

[209] Sien Steve Friesen (CBL 2015) se lesing: *A Useful Apocalypse: Domestication Patterns in the 2nd Century* “Wealthy men are instructed to understand their moral duty in terms of an interior battle with the passions, and not as participants in the system of oppression described in Revelation. According to Clement, the sins to be avoided are familiar personal issues such as lying, stealing, sex outside of marriage, anger, and greed”.

[210] G.J. Pillay en J.W. Hofmeyer (1991:14)



© University of Pretoria

Pillay en Hofmeyer[211] beskryf die apologetiese literatuur as volg.

> It was an attempt to demonstrate the continuity of the Gospel with the history of God's revelation in the world. They were trying to make Christianity understandable and meaningful within the Greek world – they were trying to contextualise it – while at the same time they were concerned to protect its apostolic origins and its catholicity and universality. The long-term importance of the Christian apologist, therefore, lay primarily in their theology, rather than in the success of their defence of the faith. As the early church developed and attempted to articulate and apply apostolic teaching in new situations,[212] it built on the foundations of the received Christian tradition, part of which was the work of these early defenders of the faith.

Die apologetiese skrywers is opgevolg deur 'n aantal skrywers wat meer teologies begin omgaan het met hul werke. Die eerste teoloë was onder andere Ireneus wat teen die gnostici geskryf het. Ireneus word minder as 'n apostoliese vader en apologeet, en meer as 'n verklaarder en verdediger van Bybelse doktrines beskou.[213] R. M. Grant[214] beskryf dit as volg:

> Ireneus was the father of authoritative exegesis in the Church. He was inevitably involved in the exposition of Scripture and recognized that Christian doctrine, preserved in special purity in the churches of apostolic foundation, was based on Scripture.

G.J. Pillay en J.W. Hofmeyer[215] skryf voorts dat Tertullianus as Latynse teoloog klem gelê het op die kerk as gemeenskap van die heiliges. Hippolitus het geskryf oor die liturgie en die

[211] G.J. Pillay en J.W. Hofmeyer (1991:10)
[212] Eksegeties bedoel ons hiermee kontekstualisering
[213] Bruce (1991:24) *The History of New Testament Study* in *New Testament Interpretation*
[214] R. M. Grant (1965:55) *A Short History of the Interpretation of the Bible*
[215] G.J. Pillay en J.W. Hofmeyer (1991:15)



© University of Pretoria

kerkorde. Origenes van Alexandrië het veral teologiese terme en uitdrukkinge in die Griekse taal uitgeklaar. Cyprianus het aandag gegee aan die eenheid van die Kerk, grense en die gesag van die biskoppe. Hul skryfwerk het aanleiding gegee tot die totstandkoming van 'n aantal christelike sentra of skole in onder meer Rome, Kartage, Antiogië en Alexandrië. Al meer skrywers begin gedurende die tweede en derde eeu die Bybel eksegeties benader.[216] Daarna volg die Latynse skrywers Tertullianus (160–215), Cyprianus (215–258) en Augustinus (354–430). Augustinus skryf slegs oor die Evangelie van Johannes en die eerste brief van Johannes, maar maak geen interpretasie van Openbaring nie. In sy groot werk *De Civitate Dei* maak hy volgens Du Rand[217] wel die opmerking dat die boek wat die Apokalips heet, baie onduidelike stellings bevat wat die verstand terdeë oefen.

Na die Latynse skrywers tot en met die Middeleeue was die uitgangspunt in die vroeë kerk dat die Skrif sy eie uitlegger is. Gedurende die tyd van die vroeë kerk was 'n allegoriese interpretasie aan die orde van die dag. Dit was veral die "logos" begrip in die proloog van die Johannesevangelie en in Openbaring 19:3 – wel binne die konteks van die simboliek in Openbaring – wat vatbaar was vir verkeerde allegoriese interpretasies. Die skrywer Valentinus het sy "Evangelie van waarheid" geskryf waarin daar spore is van 'n poging om die Johannes-evangelie volgens die Valentinusskool vir gnostici te interpreteer in terme van dualismes soos lig en donker, bo en onder, ensovoorts.[218] Sonder om daarmee saam te stem, moet toegegee word dat hierdie insigte wel waarde toegevoeg het tot latere Nuwe-Testamentiese navorsing, veral in die studies van die Johannese literatuur.

In die lig van die drie sinoptiese evangelies is dit veral opvallend dat die term "Koninkryk van God" of "van die hemel" in Johannes vervang word met die term "Ewige lewe". Die

[216] Dit gee aanleiding tot *The first scholarly commentaries compiled by Origen of Alexandria and Caesarea* (185-254)
[217] Du Rand (2007:9)
[218] Bruce (1991:22)



© University of Pretoria

breek van die seëls in Openbaring is verklaar en verstaan in die lig van die profetiese redes in die sinoptiese evangelies. Openbaring toon opvallende inhoudelike en byna woordelikse ooreenkomste met Matt 22–25, Markus 13–14, 'n aantal Pauliniese briewe, en veral die Evangelie van Johannes. Die navorser Marcion was bekend vir sy eensydige belangstelling in Paulus as die enigste getroue dissipel van Jesus, maar hy het tog die onderskeiding dat hy belangstelling getoon het in 'n interpretatiewe benadering van die Pauliniese briewe.[219] Hierdie toedrag van sake duur voort tot en met die Reformasie, Kontrareformasie en Rennaissance, en die gepaardgaande opkoms van die humanisme in die Laat Middeleeue.

### 2.2.2 Die laat Middeleeue[220]

Die eerste spore van verandering vind ons in die jaar 1302 in die "*Unam Sanctum*" van Bonafatius VIII en die kerk-en-staatstryd wat daarop volg. Dit het gelei tot kerkskeuring en die totstandkoming van die Roomse en Oosters-Ortodokse kerke.[221] Dit was John Colet (1467–1519), dekaan van St. Paulus, wat met veral die allegoriese interpretasiebenadering van die vroeë kerk en Middeleeuse skolastiek gebreek het.[222] Desiderius Erasmus (1467–1536), wat sterk beïnvloed was deur Colet,[223] was veral bekend vir sy uitgawes van die Griekse Nuwe Testament en die Latynse vertaling daarvan, en sy eie parafraserings van verskeie Nuwe-Testamentiese boeke. Sy grootste waarde was egter sy nalatenskap en invloed op Martin Luther. Van Luther skryf Bruce[224]:

> No exegete of the sixteenth century exercised a greater or more farreaching influence on the course of biblical interpretation than Martin Luther (1483–1564). His place in

[219] Bruce (1991:23)
[220] 1300–1600 n.C.
[221] Dankbaar (1974:98)
[222] Bruce (1991:29) Bruce skryf: "He lectured on the Pauline epistles, expounding the text in terms of its plain meaning as seen in its historical context"
[223] To whom he owed in large measure his insight into the proper methods of biblical interpretation
[224] Bruce (1991:30)



© University of Pretoria

> the history of interpretation cannot be dissociated from his appeal from the authority of church, councils and papacy to the authority of sola scriptura.

Luther is veral bekend vir sy 95 stellinge en vir drie algemeen bekende werke.[225] Luther is egter meer as 'n prediker en profeet beskou en het dus nie soseer eksegeties te werk gegaan nie. Luther se grootste nalatenskap sou die Lutherse Kerk wees en veral die latere Duitse teologiese navorsing.

Johannes Calvyn (1509–1564) het as Gereformeerde Protestantis oor feitlik al die boeke van die Bybel kommentare geskryf, met die uitsondering van Openbaring en die tweede en derde Johannesbriewe. Dit is seker nie te vergesog om die beperkte gebruik van Openbaring tot vandag toe nog, hier by Calvyn te gaan haal nie. Die vraag bly natuurlik hoekom dit so gebeur het. Bruce [226]verduidelik dit as volg:

> Perhaps one reason why Calvijn published no commentary on this book was that his exegetical conscience could not accommodate itself to the polemical interpretation which was current in his environment. Not that Calvijn shrank from polemics, but the principles which prevented him from seeing the papacy in the "little horn" of Daniel 7:8 (which he interpreted of Julius Caesar and his successors) might perhaps have prevented him from following the fashion of discerning it in some of the sinister figures of the Apocalypse.

Bruce[227] verduidelik voorts dat die winde van veranderinge wat in hierdie tydperk gekom het, die skolastiese metodologie van die tyd ten opsigte van die eksegese van die Bybel in die kerk verander het, in die Roomse kerk sowel as by die Protestante. Die eksegese was 'n gemeenskaplike saak, en beide het probeer om voor te loop en voor te bly in hierdie saak. Die

[225] Dankbaar (1974:112) 1) *Aan die Christelike adel van die Duitse nasie*, 2) *Die Babiloniese gevangenskap van die kerk* en 3) *Die Vryheid van die Christenmens*.
[226] Bruce (1991:34)
[227] Bruce (1991:34-37)



© University of Pretoria

Geneefse Bybel (1560) en die Reims Nuwe Testament (1582) illustreer hierdie toedrag van sake onomwonde.

Die eksegetiese stryd tussen die Protestante en Katolieke het egter ‘n belangrike bydrae gelewer in die soeke na ‘n verantwoordbare hermeneutiek. Matthias Flacius Illyricus (1520–1575)[228] het vir die eerste keer die beginsels van Bybelse interpretasie bespreek. W.G. Kümmel[229] beskou dit as die begin van die skolastiese hermeneutiek. Dit was Joachim Camararius (1500–1574) wat hierdie beginsels – wat histories-filologiese eksegese genoem word,[230] en ook beskou word as die Kerk-historiese benadering – net so toegepas het in sy Nuwe-Testamentiese eksegese, Openbaring ingesluit.[231] Hierdie histories-filologiese benadering sou eers later gekombineer word met ‘n heils-historiese benadering voordat daar werklike vordering gemaak sou word met meer verantwoordbare Openbaringnavorsing.

Theodorus Bibliander (1504–1564), wat volgens Bruce[232] “the father of biblical exegesis in Switzerland” is, het die weglating van Openbaring deur Calvyn probeer aanvul. In sy kommentaar oor Openbaring (1549) het hy die Draak in Openbaring 12 gesien as die Romeinse Ryk en die pousdom as die Antichris, soos voorgestel in Openbaring 13, en soos Calvyn dit ook sien in sy uitleg van 2 Thess. 2:1–12. Intussen was dit Johannes Hentenius wat in 1547 ‘n voorwoord vir die vertaling van die Latynse kommentaar[233] geskryf het. Hierin het hy Openbaring gedateer voor 70 ná Christus.[234] Alfonso Salmeron[235] het veel later in sy Latynse kommentaar ook ‘n inleiding geskryf en dieselfde gedoen.

---

228 (1567) *Clavis Scripturae Sacrae*
229 W.G. Kümmel (1972:27) “It represents the real beginning of scholarly hermeneutics”
230 Deist (1980:85)
231 Bruce (1991:35)
232 Bruce (1991:34)
233 *Arethas’s commentary on Revelation*
234 Sien Bruce (1991:57) voetnoot 26 “Arethas (850–945), metropolitan of Cappadocian Caesarea; his commentary on the Apocalypse was an amplified re-issue of the work of his predecessor Andrew”
235 *In Iohannis Apocalypsin Praeludia* (1614)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Twee Jesuïtiese navorsers wat volgens Bruce[236] groot bydraes gelewer het in Openbaringnavorsing, was Francisco de Ribera (1537–1591) en Luis Alcazar (1554–1613). De Ribera interpreteer[237] in die eerste drie hoofstukke van sy boek Openbaring as komende van Johannes self en uit sy tyd, en die ander hoofstukke as gebeure wat nog moet plaasvind. Alcazar[238] handhaaf egter die historisiteit van die boek, en voer aan dat alles reeds volbring is. Al wat volgens hom nog moet gebeur, is die val van die Romeinse Ryk en die gepaardgaande oorwinning en ewige heerskappy van die kerk wat moet kom deur bemiddeling van Jesus Christus die Here. Beide die eksegete het egter nog hoofsaaklik die kerk-historiese interpretasiebenadering van Openbaring gevolg.

Die breuk met die kerk-historiese interpretasiebenadering sou eers kom met die werk van die Nederlander Hugo Grotius (1583–1645) wat ook gebreek het met die Protestantse tradisie wat die pousdom met die Antichris vereenselwig het. Hy het so objektief met die teks probeer omgaan dat hy selfs beskuldig is van rasionalisme. Bruce[239] beskryf dit as volg:

> He saw that the individual books of the New Testament could best be understood in their respective historical contexts, even if he was not always successful in his attempts to identify those contexts. This approach to New Testament interpretation was marked by Johann Salomo Semler (1725–1791), which approached the New Testament canon on a historical basis, and Johann David Michaelis (1717–1791) carried forward Semler's work by stressing the importance of the historical, as distinct from the theological approach to the individual documents of the New Testament. Semler's pupil, Johann Jakob Griesbach (1745–1812), may be said to mark the transition from the "post-Reformation" to the "modern" age of New Testament study.

[236] Bruce (1991:35)
[237] In sy *In sacram beati Iohannis Apostoli et Evangelistae Apocalypsin Commentarii* (1593)
[238] In sy *Vestigatio Arcani Sensus in Apocalypsi* (1614)
[239] Bruce (1991:35)



© University of Pretoria

Hierdie benadering word later in die Moderne tydvak die histories-kritiese benadering genoem, en die afstand tussen die teks en die huidige leser word nou in ag geneem. Die historiese betroubaarheid van die tekste en die kerklike tradisie oor die skrywers word nou nie sonder meer aanvaar nie, maar volgens hierdie benadering van die Moderne era krities nagevors en beoordeel.

### 2.2.3 Die Moderne era

Die aanvang van die moderne era word die Verligting (*Aufklärung*) genoem, en persone soos Galilei (1642), Hugo de Groot (1645), Descartes (1650), Newton (1725), Rousseau (1778), Kant (1804), Hegel (1831), Compte (1857), Feuerbach (1872), Strauss (1874), Marx (1883), Nietzsche (1900) en Darwin (1925) is alombekend vir hul invloed in die denke van hierdie tyd. Die invloed van die pous van die Katolieke Kerk se afkondiging van die nuwe dogma[240] in hierdie tyd moet nie onderskat word nie. Terme soos humanisme, liberalisme, materialisme en kommunisme was aan die orde van die dag. Die vraag is hoe die kerk gereageer het. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit van belang om vas te stel hoe die Nuwe-Testamentiese navorsing van Openbaring verder verloop het gedurende hierdie tydvak.

Die Kontrareformasie, wat kenmerkend was van die moderne tydvak wat aangebreek het, het as strydbeweging teen die Reformasie van die Protestante gemengde welslae behaal. In Frankryk is die Reformasie onderdruk, maar die Protestantse vlugtinge sou elders in die wêreld hul invloed laat geld, soos onder andere die Franse Hugenote in Suid-Afrika.[241] In Duitsland het die Lutherse Reformasie en die Duitse Protestantisme in veral die Lutherse Kerk oorleef en net sterker ontwikkel. Die Gereformeerde Protestantisme het op voetspoor van Calvyn sterk neerslag gevind in die Nederlande. Guido de Bres was die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561). In 1575 is die Leidse Akademie gestig, maar dit was

[240] *Die onbevlekte ontvangenis van Maria* (1854)
[241] Van der Watt (1976:18-20)



© University of Pretoria

veral ná die Nasionale Sinode te Dordrecht in 1618–1619 dat die Gereformeerde kerke goed gevestig geraak het, maar ook skeuring beleef het.[242] Daar het ‘n felle teologiese stryd ontstaan tussen twee Leidse hoogleraars, Jacobus Arminius en Franciskus Gomarus, oor die predestinasielering. Die sinode te Dordrecht stel toe die Dordtse Leerreëls (1618–1619) op teen die Remonstrante van Arminius, en twee honderd Remonstrantse predikante word uit hul ampte afgesit. Hul stig later hul eie seminarie te Amsterdam waar Hugo de Groot sy invloed laat geld het. So word die moderne era ingelui met die Nuwe-Testamentiese navorsing van die negentiende eeu en daarna.

Die oorgang na die nuwe benadering van die Bybelse kritiek en interpretasie loop saam met soortgelyke studies in die klassieke geskiedenis en literatuur. Dit was Friedrich August Wolf (1759–1824) wat 'n deurbraak gemaak het in sy *Prolegomena van Homeros* (1795). Soortgelyke studies in die Ou Testament is gedoen deur Alexander Geddes (1737–1802) wat vorendag gekom het met ‘n “fragmenteteorie” ten opsigte van die samestelling van die Pentateug. Dit is verder ontwikkel deur Johann Severin Vater (1771–1826) en Wihelm Martin Leberecht de Wette (1780–1849).

De Wette het drie teologiese fragmente in die Nuwe Testament onderskei, naamlik: 1) Die Joods-Christelike in die sinoptiese evangelies, Handelinge en die briewe van Petrus, Jakobus en Judas, 2) die Aleksandrynse by Johannes en 3) Paulus, Hebreërs ingesluit[243]. Sy kommentaar oor Openbaring[244] was die eerste eksegetiese kommentaar in die Openbaring-navorsing en die begin van die navorsing wat in die moderne era na vore gekom het. Kenmerkend van die navorsing van die moderne navorsing is die vele skole wat tot stand gekom het.

---

[242] Dankbaar (1974:151-152)
[243] Sien Bruce (1991:39)
[244] Sien Visser (1980) *Kurze Erklärung der Offenbaring Johannes* in *Kurzgefasstes exegetisches Handbuch zum Neuen Testament 111 Leipzig 1848*



© University of Pretoria

### 2.2.4 Die Duitse skool

'n Man van sy tyd was die Berlynse hoogleraar Friedrich Schleiermacher (1768–1834) wat teoloog en filosoof was. Bruce[245] beskryf sy interpretasie benadering as volg:

> Whereas many of the scholars of this period were interested primarily, if not exclusively, in the historico-critical approach, Schleiermacher manifested a hermeneutical concern, granted that the historico-critical approach disclosed the intention of the biblical writers in the context of their day, what does their message mean to readers and hearers in the different context of today? The "lower criticism", by which the authentic text was more accurately established, and the "higher criticism", by which the endeavour was made to ascertain the truth about the structure, date and authorship of the biblical documents, were making contributions of high value to the study of scripture, but could those contributions enrich the present understanding and application of the message of Scripture?

Schleiermacher was nie suksesvol met die vestiging van 'n nuwe benadering nie, maar sy geskrifte[246] het 'n onmeetlike invloed op die teologie uitgeoefen en natuurlik op Nuwe-Testamentiese navorsing.[247] In Duitsland ontwikkel in hierdie tyd twee skolastiese rigtings, naamlik die Erlangerskool en die Tübingenskool. Die Tübingenskool het bekend geword deur die publisering van die *Tübinger Zeittschrift fur Theologie*" (1831) deur Ferdinand Christian Baur. Dit is 'n lang diskoers oor die Christelike party in die Korintiese kerk en word as volg deur Bruce[248] beskryf as "A major event in the history of New Testament interpretation". Die Tübingenskool volg daarna 'n godsdienstige benadering van geestelike en sedelike

---

[245] Sien Bruce (1991:39)
[246] Schleiermacher: *Redevoeringe oor die religie tot die ontwikkeling onder haar veragters* (1799) en *Die Christelike geloof* (1821*)*
[247] Dankbaar (1974:177)
[248] Bruce (1991:42)



© University of Pretoria

ontwikkeling. Bekende hoogleraars alhier was Albrecht Ritschl (1889) en die dogmenhistorikus Adolf Harnack (1930) van Berlyn.

Die eksegetiese era wat met die moderne era saamkom, is ingelui met die bekendstelling van die *Kritisch-exegetisher Kommentar über das Neue Testament* deur Heinrich August Wilhelm Meyer (1800–1873). Meyer het self die kommentare oor die Evangelies, Handelinge en Pauliniese literatuur gepubliseer. Die ander boeke het hy oorgelaat aan ander skrywers soos F Düsterdieck wat Openbaring hanteer het. Die kommentare is vertaal in Engels en gepubliseer deur T. & T. Clark Edinburgh as ‘n reeks getiteld “The International Critical Commentary”. Die kommentare is dikwels hersien en in 1956 verskyn R. H. Charles[249] se kommentaar in twee dele. Die jongste navorsingspublikasie uit díe skool deur T. & T. Clark Edinburgh is díe van Margeret Barker[250] in die jaar 2000.

Vanuit die “religionsgeschichtliche” uitleg publiseer W. Bousset *Die Offenbarung des Johannes* in "Meyer’s kritisch-exegetischer Kommentar" (Gottingen 1896) met ‘n tweede druk in 1906. E. Lohmeyer publiseer *Die Offenbarung Johannes* in “Handbuch zum Neuen Testament” (Tübingen 1926) met ‘n nuwe uitgawe hersien deur G. Bornkamm in 1953. Hy bou voort op die gegewens van die “religionsgeschichtliche” skool en streef na ‘n tydlose benadering van Openbaring. Vanuit Leipzig verskyn ook twee kommentare van T. Zahn (1925) en W. Hadorn (1928) wat konsekwent chiliastiese trekke toon. In Nederland verskyn ‘n kommentaar met dieselfde chiliastiese trekke deur S. Greijdanus.[251]

### 2.2.5 Die Nederlandse skool

Die toonaangewende teologiese beweging in Nederland was sterk onder die invloed van Schleiermacher en die Duitse liberale teologie. Die Groningerrigting onder leiding van

[249] Charles (1956) *A critical and exegetical Commentary on the Revelation of St. John*
[250] Margeret Barker (2000) *The Revelation of Jesus Christ*
[251] Greijdanus (Amsterdam, 1925) *De Openbaring des Heeren aan Johannes*



© University of Pretoria

professor P. Hofstede de Groot (1886) sien die opvoeding van die mensheid deur God as die vernaamste element van die Christendom; dit is selfs belangriker as bekering en versoening. Hierdie rigting beklemtoon dat die etiese, waaroor die teologie eintlik sou gaan, die klem plaas op die sedelike van die mens en nie die redelike nie. Die voorloper van die etiese beklemtoning in die teologie was Daniel Chantepie de la Saussaye (1874). Die vernaamste verteenwoordiger van die moderne teologiese beweging en eksegese in Nederland was die Leidse hoogleraar J.H. Scholten (1885), terwyl J.H. Gunning (1905) ongetwyfeld die diepsinnigste teoloog van sy tyd was.

In Ulrum, Nederland vaar ds. Hendrik de Cock in 1842 heftig uit teen liberale predikers, en dit lei tot die afskeiding van 1834 en die offisiële erkenning van die afgeskeidenes as ‘n nuwe kerk in 1841. In 1854 stig die sogenaamde liberale predikante hul eie teologiese skool in Kampen, en vanaf 1869 staan hul kerk bekend as die Christelike Gereformeerde Kerk. Pogings tot kerkherstel is aangewend onder leiding van Guillaume Groen van Prinsterer (1876), maar kort ná sy dood in 1886 kom die gespannenheid tot uitbarsting deur die Doleansiebeweging. Die leier van die Doleansie, Abraham Kuyper, stig in 1880 die Vrije Universiteit te Amsterdam op gereformeerde grondslag.[252] ‘n Bruikbare kommentaar, veral sy literatuurstudie, van A.J. Visser[253] uit die reeks “De prediking van het Nieuwe Testament” onder redaksie van A.F. Klijn, verskyn uit dié Nederlandse skool en ook uit hierdie geledere het J.H. Bavinck[254] se ongedateerde boek voortgekom. Een van hul bekendste hoogleraars was H. Bavinck (1921).

#### 2.2.6 Die Engelse skool

[252] Sien Dankbaar (1974:188–190)
[253] Visser (1980) *De Openbaring van Johannes*
[254] J.H. Bavinck *En voort wentelen de eeuwen* (ongeveer 1930)



© University of Pretoria

Vanuit die Cambridgeskool kry ons Westcott (1901), John Hort (1892) en Barber Lightfoot (1889) wat besluit het om 'n reeks kommentare te skryf oor al die boeke van die Nuwe Testament. Westcott en Hort was veral bekend vir hul kritiese uitgawe van die Griekse Nuwe Testament in 1881. Hierdie drie was ook daarvoor bekend dat hul geen kort paaie geneem het nie, en diepte en presisie nagestreef het. Hul werk is nooit voltooi nie, maar is uitgebrei deur die daaropvolgende geslagte. H.B. Swete[255] het 'n deeglike kommentaar oor Openbaring uitgegee en wat vandag nog bruikbaar is. Dit is veral sy gebruik van die Griekse teks en woorde in sy kommentaar en daarmee saam ook die gebruik van Hebreeuse en Latynse woorde en frases ter verduideliking. Richard Bauckham[256] se publikasie oor die teologie van Openbaring en die omvattende kommentaar van G. K. Beale[257] en ook Witherington[258] se kommentaar is van die jongste publikasies uit die Britse skool. Een van die jongste publikasies is die van Margaret Barker[259] wat meer teologies te werk gaan en 23 onderwerpe hanteer en kan nie verbygegaan word nie. Haar toegevoegde waarde is veral omdat sy 'n Ou-Testamentikus is wat haar grondige kennis aanwend om veral die Ou-Testamentiese toespelinge in Openbaring duideliker te definieer.

### 2.2.7 Die Amerikaanse skool

Teen die middel van die negentiende eeu het die literêr-historiese eksegese opgang gemaak by die Princeton Teologiese Seminarium in New Jersey in die VSA. Die voortreflike eksegeet Charles Hodge (1878) het vier uitmuntende kommentare gepubliseer oor Romeine, 1 en 2 Korintiërs en Efesiërs. Hy was veral bekend vir sy Sistematiese Teologie. Vanuit die Princetonskool was dit egter William Hendriksen[260] (1900–1982) wat die Openbaringnavorsing met sy boek vir 'n lang tyd daarna oorheers het. Met die agste druk

255 *Commentary on Revelation* (1906)
256 *The Theology of Revelation* (1993)
257 *The Book of Revelation* (1999)
258 *Revelation* (2003)
259 *The Revelation of Jesus Christ* (2000)
260 *More than Conquerors* (1940)



© University of Pretoria

(1992:1–5) word ‘n “biographical tribute” aan hom ingebind. Die volgende paragraaf daaruit spreek boekdele:

> With seminary training completed in 1927 William Hendriksen served large pastorates in Michigan for the next sixteen years. He also used this time for advanced studies, earning his masters of Theology degree at Calvin Seminary and a doctorate at Princeton Seminary. In 1943 he became Professor of New Testament at Calvin Theological seminary and served in this capacity for nine years. He then re-entered the pastoral ministry, continuing until his retirement at age sixty-five.

### 2.2.8 Die Suid-Afrikaanse skool

Van Nederlandse kant was die kerklike invloed op die Kaapse Kerk in Suidelike Afrika onmiskenbaar[261] groot soos ‘n Nederlandse kerkhistorikus, H.J. Royards,[262] dit uitgewys het in ‘n geskrif. Die kerklik-teologiese verskeidenheid in Nederland is vanweë hierdie invloed net so oorgedra op die Suid-Afrikaanse situasie, en drie Afrikaanse Gereformeerde kerke, elkeen met sy eie teologiese opleiding, is gestig. Dié verkeidenheid het in die loop van jare verdeeldheid en nog meer verdeeldheid gebring.[263]

Van belang is die drie teologiese fakulteite van die NG Kerk op Stellenbosch (1859), Pretoria (1938) en in die Vrystaat (1980). Daar is verskeie ander universiteite en teologiese skole soos die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), die Universiteit van Johannesburg (voorheen die Randse Afrikaanse Universiteit of RAU) en die Potchefstroomse Universiteit. Van belang is die literatuur oor Openbaring wat verskyn het, onder meer die vele werke van J.A. du Rand

[261] Van der Watt (1980:60)
[262] (1848) *De Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika in haren Kerkrechteliken toestand vooral met betrekking tot Nederland beschouwd In Nederlandsch Archief voor Kerkelijke Geschiedenis*
[263] Van der Watt (1977) *Gemeentes en nogmaals Gemeentes*



© University of Pretoria

(UP, UV en UJ).[264] Daarnaas is E. P. Groenewald (UP) se kommentaar[265] in die bekende swart kommentaarreeks ook bruikbaar en maklik hanteerbaar vir die predikant in die bediening. Dit is ook heel bruikbaar in navorsing. F.J.J. Botha (UP) se proefskrif,[266] artikels en lesings oor openbaring is nog steeds bruikbaar en aktueel. Daar is reeds in die inleiding verwys na J. du Preez (US) se werke en sy bydrae tot die Openbaringnavorsing.

### 2.2.9 Die New Age

Sedert die aanbreek van die New Age in die laat twintigste eeu, wat nou alom bekend staan as die postmoderne era, het daar verskeie werke verskyn wat in ag geneem behoort te word in enige navorsing oor Openbaring. Daar is reeds verwys na die Suid-Afrikaanse navorsers wat hoofsaaklik kom uit die Protestants-Gereformeerde skole en waarvan J.A. du Rand se publikasies alles en almal in getal en in waarde oortref. Dit is in die New Age era veral privaat en ekumeniese studies vry van kerklike skole, dogmas en leerstellings en ook teologiese skole wat al meer na vore begin kom en veld wen.

In hierdie verband kan die Openbaringnavorser die nou alombekende kommentaar van die Anchor Biblegroep van Massyngberde Ford (1975) kwalik verbygaan. Tot my verbasing verwys baie min navorsers hierna en onder andere vermeld Du Rand en Malina en Pilch hierdie kommentaar glad nie in hul bibliografieë nie. Margaret Barker[267] erken dit ook in die voorwoord van haar publikasie. Die redakteurs[268] van die kommentaar van die Johannesbriewe verduidelik hul beleid en benadering by die Anchor Bible groep as volg:

[264] *Die A tot Z van Openbaring: 'n Alles omvattende perspektief op die boek Openbaring* (2007) van Jan du Rand is die kommentaar wat nie verby gegaan kan word nie
[265] *Die Openbaring van Johannes* (1986)
[266] *Die Kerk in Openbaring* (1965)
[267] Margaret Barker (2000) *The Revelation of Jesus Christ*. "J. M. Ford's publication was the most exciting contribution to this field in recent years. She has the courage to suggest a new approach, but her book was not given the recognition it deserved".

[268] Brown (1982) *The Epistles of John*



© University of Pretoria

> The Anchor Bible is a fresh approach to the world's greatest classis. Its object is to make the Bible accessible to the modern reader, its method is to arrive at the meaning of biblical literature through exact translation and extended exposition and to reconstruct the ancient setting of the biblical story as well as the circumstances of its transcription and the characteristics of its transcribers.
>
> The Anchor Bible is a project of international and interfaith scope: Protestant, Catholic, and Jewish scholars from many countries contribute individual volumes. The project is not sponsored by any ecclesiastical organization and is not intended to reflect any particular theological doctrine. Prepared under our joint supervision, The Anchor Bible is an effort to make available all the significant historical and linguisitic knowledge which bears on the interpretation of the biblical record.
>
> The Anchor Bible is aimed at the general reader with no special formal training in biblical studies, yet, it is written with the most exacting standards of scholarship, reflecting the highest technical accomplishment. This project marks the beginning of a new era of co-operation among scholars in biblical research, thus forming a common body of knowledge to be shared by all.

Die nuutste navorsing is die innoverende werk op grond van die sosiaal-wetenskaplike kritiek wat die sosiale konteks en sosiale verstaansbewussyn van die mense binne die konteks vasstel en blootlê. Die bekendste werke oor Openbaring in die verband is dié van Malina.[269] Schüssler-Fiorenza[270] en Mark Wilson[271] verdien ook vermelding. Osborne[272] se publikasie kan nie verbygegaan word nie en ook nie die lesings gelewer by die Katholieke Universiteit Leuven se Colloqium Biblicum Lovaniense LXVI 23-25 Julie 2015 nie. Daar is in die jongste

[269] (1995) *On the Genre and Message of Revelation* en (2000) *On the Book of Revelation*
[270] (1991) *Revelation*
[271] (2002) *Revelation*
[272] (2004) *Recent Trends in the study of the Apocalypse*



© University of Pretoria

tyd drie teologiese werke gepubliseer wat rigting aan die Teologie van Openbaringnavorsing gegee het, naamlik dié van Margaret Barker,[273] Richard Bauckham[274] en Udo Schnelle.[275] Die nuutste navorsing rakende verskeie onderwerpe en temas van Openbaring het ek gevind by die CBL[276] wat ekself bygewoon het. Verskeie onderwerpe is deeglik hanteer tydens die groot groep lesings, die seminare sowel as tydens die paralelle sessies waarvan opsommings vooraf beskikbaar was. Du Rand[277] het met sy jongste publikasie die teologiese motief van die eskatologie deeglik nagevors en volledig samevattend aangebied en dit is ‘n uitstaande navorsingsbron.

## 2.3 Teologiese interpretasiemodelle

Opsommend kan gesê word dat die navorsing in Nuwe-Testamentiese studies van Openbaring oor eeue heen hoofsaaklik gewy is aan die eksegese en verklaring van die boek en verskeie vraagstukke, veral met die oog op die gewone leser. Die navorser in Openbaring-studies is grotendeels van Openbaringkommentare afhanklik vir die verstaan van ook die teologiese motiewe in Openbaring, onder andere spesifiek ook vir ‘n fokus op die Sending in Openbaring. Daar is verskillende interpretasiemoontlikhede wat gevolg word deur die wyd uiteenlopende navorsers wêreldwyd. Om maar enkele interpretasiemoontlikhede[278] te noem, is daar die allegoriese, chiliastiese, historiese, tydhistoriese, futuristiese, idealistiese, tradisiehistoriese, literêr-kritiese, sosiaal-wetenskaplike, narratologiese en die eklektiese (benutting van meer as een moontlikheid)[279] benadering. Ek sal volstaan met Jan du Rand[280]

[273] (2000) *The Revelation of Jesus Christ*
[274] (1993) *The Theology of the Book of Revelation*
[275] (2009) *Theology of the New Testament*
[276] Colloquim Biblicum Lovaniense LXVI 23-25 Julie 2015 van die Katholieke Universiteit Leuven met die onderwerp “New Perspectives on the Book of Revelation”
[277] Sien Durand (2013) *Die Einde*
[278] Sien onderaan in hoofstuk 1.2 *Die geskiedenis van die Hermeneutiek as metodologie* vir ‘n kort verduideliking van sommige van hierdie interpretasiemoontlikhede
[279] Sien Osborne (2003:5)
[280] Du Rand (1990:249) *Aktuele interpretasie* en (2007:62) *Openbaring het ‘n teologiese boodskap wat vir alle tye geld*



© University of Pretoria

se uitgangspunt dat Openbaring ‘n teologiese boodskap bring wat vir alle tye geld, en dat alle moontlike kommentare, teologiese publikasies en interpretasies nagegaan behoort te word om die boodskap van Openbaring te verstaan, en deur middel van ‘n wetenskaplike teologies-hermeneutiese proses van toepassing te maak vir die leser en sy/haar konteks van vandag.

Wat waar is van die sending in Openbaring is net so waar van die teologie van Openbaring en van die beskikbare literatuur oor die teologie van Openbaring. Soos reeds gemeld, hanteer Du Preez slegs ‘n paar perspektiewe en slaag nie daarin om die sending as teologiese motief vanuit die Openbaringteks deeglik te hanteer nie. Du Preez[281] hanteer die teologiese boodskap van Openbaring in sy nuutste publikasie, soos hyself erken, slegs in ‘n neutedop en gee aan net ses teologiese perspektiewe aandag. George Eldon Ladd[282] gee in hoofstuk 44 van sy boek *The Apocalypse* ‘n inleidende literatuuroorsig en maak melding van die gebrek aan literatuur aangaande die teologie van Openbaring. Ladd[283] hanteer slegs drie teologiese perspektiewe in hierdie publikasie en regverdig sy benadering deur te werk met ‘n sentrale tema. Die situasie het sedert die verskyning van sy teologie van die Nuwe Testament nie veel verbeter nie.

Massyngeberde Ford[284] hanteer ‘n paar teologiese motiewe wat uit ander apokaliptiese literatuur kom, onder andere die 1) Christologie, 2) die historiese Jesus, 3) die Pneumatologie en 4) die Ekklesiologie. Swete[285] struktureer sy teologie na aanleiding van “*The Great Objects of Faith”* as 1) Monoteïsme, 2) Christologie, 3) Pneumatologie, 4) Ekklesiologie 5), Soteriologie, 6) Angelogie, 7) Eskatologie, 8) die Christelike hoop of alternatiewelik

[281] Du Preez (2009:64–67)
[282] Ladd (1974:619) “There is very little literature on the theology of the Revelation; one must turn largely to commentaries”
[283] Ladd (1974:624–632): “The problem of evil, The visitation of wrath and The coming of the Kingdom. We cannot deal with all of the theology of the book but only summarize its central message in three parts”
[284] Ford (1975:12–22)
[285] Swete (1977:clix-clxxiii)



© University of Pretoria

moraliteit, soos ek dit voorstaan. Guthrie[286] struktureer sy Nuwe-Testamentiese teologie aan die hand van tien teologiese temas, naamlik 1) God, 2) die mens en sy wêreld, 3) christologie, 4) die Sending van Christus, 5) die Heilige Gees, 6) die Christelike lewe, 7) die kerk, 8) die toekoms, 9) die Nuwe-Testamentiese benadering van moraliteit ("Ethics") en 10) die Woord.

Bauckham[287] het baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van navorsing oor die teologie van Openbaring en hanteer vyf teologiese temas daarin, naamlik 1) die Een wat is en wat was en wat kom, 2) die Lam op die troon, 3) die Oorwinning van die Lam en sy volgelinge, 4) die Gees van die profesie en 5) die nuwe Jerusalem. Hy hanteer in ‘n eerste hoofstuk die metodologie onder die opskrif "Hoe om Openbaring te lees" en sluit af met ‘n teologiese interpretasie "Openbaring vir vandag". Bauckham[288] is ook van mening dat die teologie van Openbaring onskeibaar is van sy literêre vorm en struktuur, en die taal van spesifiek soos dit by Johannes voorkom. Beale[289] besin oor slegs sekere belangrike aspekte van Johannes se teologie en verwys na Bauckham se teologie vir ‘n goeie analise van die teologie van Openbaring. Die aspekte waaroor Beale besin, is: 1) Suffering and Victory, 2) The Throne, 3) The New Creation, 4) The Place of Christians in the World en 5) The Theological Meaning of the Use of Symbols. Bruce Malina[290] struktureer die teologie van Openbaring in vyf sektore, naamlik 1) *The Edicts to the Seven Churches,* 2) *Radical Monotheism,* 3) *The Cosmic Jesus,* 4) *The Quality of those who Trust Jesus* en 5) *The Transformation of the Cosmos.*

Du Rand[291] struktureer in sy jongere publikasie die teologie van Openbaring vanuit ‘n kernfokus of hartklop as 'n geheel met ‘n aantal onderdele. Die geheel sien hy as "God se Koningskap in Openbaring" wat gaan oor die vestiging en erkenning van God se

[286] Guthrie (1981)
[287] Bauckham (1993)
[288] Sien Bauckham (1993:24) "It is hardly possible to describe and analyse John's understanding of God without using language he himself does not use"
[289] Beale (1999:171–177)
[290] Malina, B. (1995:253–267) *On the Genre and Message of Revelation StarVisions and Sky Journeys*
[291] Du Rand (2007:63–71)



© University of Pretoria

alleenheerskappy op aarde, soos dit reeds in die hemel erken word. Die onderdele dui hy dan aan as 1) Hy wat op die troon sit, 2) Christus, die Lam, en sy navolgers, 3) die Heilige Gees, 4) die nuwe Jerusalem en 5) etiese momente in Openbaring.

Schnelle[292] begrond die strukturering van sy teologie van die Nuwe Testament as volg:

> One of the main problems in presenting a theology of the New Testament is the question of diversity and unity (2009:49), understood as an independent and necessary element of the theology of the New Testament (2009:51). No one denies the historical and theological diversity of the individual New Testament writings (2009:49). F. Hahn[293] takes up these proposals and moves them to the center of his New Testament theology. On the basis of the Old Testament and the New Testament canon, only one comprehensive thematic category can fulfil this role: the concept of Revelation. Hahn holds that making revelation the guiding concept means starting with the revelatory acts of God in the Old Testament[294] then following the revelatory event in the person of Jesus Christ and from there moving on to soteriology, ecclesiology, and eschatology in light of God's Revelatory acts in Christ. He deals with New Testament ethics in connection with ecclesiology (2009:51).

Schnelle bied nege tematiese sektore, soos hy dit noem, aan vir 'n Nuwe-Testamentiese teologie. Die nege tematiese sektore wat hy uitlig en kortliks behandel, bied 'n goeie struktuur en is die mees rigtinggewende strukturering van die teologie van Openbaring wat ek tot op hede kon vind. Hy volg ongelukkig hierdie struktuur geforseerd en klakkeloos na in sy hantering van al die Nuwe-Testamentiese boeke. Sy vaste struktuur van temas laat leemtes

[292] By Udo Schnelle (2009:751-772) het ek die mees moderne en volledige hantering van die teologie van Openbaring gevind
[293] Hahn (2002:253)
[294] Dit is wat W. Zimmerli in die Ou-Testamentiese navorsing gedoen het in sy "*Old Testament Theology in Outline*"



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wanneer hy dit direk op al die Nuwe-Testamentiese boeke en netso ook op Openbaring toepas.

Ek sal dus op sommige punte van hom afwyk en gemotiveerd my eie weg opgaan tewyl ek dit aantoon, maar met die oog op 'n beter strukturering en verstaan van die teologie van Openbaring. Ek stel dus enkele wysigings voor en doen ‘n aantal aanvullings omdat Openbaring veral sy eie en eiesoortige eise aan die Teologiese Hermeneutiek stel, en dikwels anders is as al die ander boeke. Hoewel ek dit met die meeste van Schnelle se tematiese onderafdelings eens is, dink ek dit is te geforseerd. Hy verval in ‘n vooropgestelde strukturalisme en metodisme of model wat veral die teologie van die Openbaringboek nie tot sy reg laat kom nie. Die grootste leemte in Schnelle se teologiese publikasie is juis die uitlating van die sending as tematiese onderafdeling of, soos ek dit anders stel, die Sending as teologiese motief.

### 2.4 ‘n Eie Interpretasiemodel

Vervolgens is dit nodig om vir hierdie studie van belang om ‘n interpretasiemodel daar te stel wat die belangrikste motiewe en die kern van elke motief uit die teks van Openbaring aan dui sodat die teologiese motief waaroor dit in hierdie studie gaan, die sendingmotief, in perspektief en in samehang met die ander teologiese motiewe verstaan kan word. Ek aanvaar agt van Schnelle se teologiese motiewe net so met twee woord- en beskrywingsveranderinge wat ek voorstaan. Ek wil eerstens die term “teologie” soos hy dit aanwend as tematiese sektor anders bewoord naamlik as doksologie as aanduiding van ‘n teologiese motief. Eerstens sien ek die begrip "teologie" as die breë en oorhoofse noemer van ‘n aantal uitgebreide en inklusiewe ondergeskikte teologiese motiewe. Tweedens kan die oorhoofse term ter wille van 'n duideliker beskrywing nie ook gebruik word vir een van die ondergeskikte motiewe nie.



© University of Pretoria

Die doel van 'n enkelbegrip as oorhoofse term is tog sekerlik om al die ondergeskikte motiewe in te sluit.

Schnelle bied antropologie en kosmologie aan as teologiese motiewe, terwyl ek van mening is dat dit eie selfstandige wetenskappe is, en dat daar eerder ‘n wisselwerking tussen hierdie wetenskappe en die teologie as wetenskap behoort te wees. Hierdie twee motiewe erken ek wel as teologiese motiewe, maar verkies om dit aan te dui as spesifiek ‘n Bybelse kosmologie en Bybelse antropologie, bedoelende dat dit alleen gaan oor die Bybelse verstaan van die kosmologie en antropologie binne die sosio-historiese agtergrond daarvan en van die teks. Daar is tog ‘n sterk beweging om wel te praat van ‘n Bybelse Kosmologie sowel as ‘n Bybelse Antropologie as teologiese motiewe waar daar navorsing gedoen word oor spesifiek wat die Bybel van die skepping en die mens sou sê.

Schnelle[295] se tematiese sektor “Ethics”[296] bring ek tuis onder die teologiese motief van die ekklesiologie en nie as ‘n selfstandige en volledige teologiese motief nie, en ek dui dit aan met die term "moraliteit". Ek hanteer moraliteit onder die motief van die ekklesiologie in drie onderskeidende kategorieë, naamlik identiteit, etos en etiek, en as ‘n eenheid en in samehang met mekaar. Die histories-tradisionele benadering en uitgangspunt van moraliteit was gewoonlik hoofsaaklik óf teosentries[297] vanuit die Gereformeerde skool óf antroposentries vanuit die Katolieke skool en waarvolgens iemand soos Kuitert se etiek later gekonstrueer is[298]. My uitgangspunt is dus ‘n doelbewuste voorkeur vir ‘n ekklesiosentriese benadering en beskouing van “Ethics”. Ek noem dit in hierdie studie moraliteit as Afrikaanse ekwivalente term.

[295] Schnelle (2009:762)
[296] Sien vir verklaring van die woord Earl Babby (2014) *The Basics of Social Research* en sy omskrywing van die term “Ethics”, naamlik: “In most dictionaries and in common usage “Ethics” is typically associated with morality and both deal with matters of right and wrong. *Websters New World Dictionary* is typical among dictionaries in defining ethical as conforming to the standards of conduct of a given group or profession”
[297] Buys (1975:3)
[298] De Bruyn (1978:172)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Missiologie, Diakonologie, Angelogie en Satanologie hanteer Schnelle[299] geensins as tematiese onderafdelings in die strukturering van sy teologie nie, met die gevolg dat die vier motiewe onder een of meer van die ander motiewe hanteer word en nie na behore aandag kry nie, spesifiek in Openbaring waar hierdie vier motiewe wel duidelik figureer. Ek brei dan verder uit op die agt teologiese motiewe van Schnelle deur hierdie vier motiewe by te voeg.

Schnelle[300] hanteer die sosio-historiese agtergrond van openbaring as die tema "Setting in the History of Early Christian Theology", maar dan spandeer hy aan Openbaring minder as een bladsy, wat vir enige goeie navorsingsresultaat onvoldoende is. Ek, daarenteen, is oortuig dat die agtergrond en inleidingsvraagstukke nie as 'n teologiese motief hanteer kan word nie, en ook met beter resultate hanteer kan word saam met ander wetenskaplike metodologiese benaderings soos dié van die Sosiologie en veral met die Sosiaal-wetenskaplikekritiek as metodologie. Dit is wel uiters noodsaaklik om deeglik hieraan aandag te gee omdat daar soveel vrae en meningsverskille is oor 'n verskeidenheid van die inleidingsvraagstukke. Bowenal is dit gans onmoontlik om Openbaring te kan verstaan en die boodskap van Openbaring te kan toepas as die inleidingsvraagstukke en sosio-historiese agtergrond nie duidelik uitgeklaar is en verstaan word nie, veral nie in so 'n teologiese verwarde situasie soos tans met Openbaring nie. Dit sal ongelukkig nie in hierdie studie hanteer kan word nie, en 'n basiese algemene kennis daarvan word dus voorveronderstel.

Ná 'n deeglike verkennende deurgaan van die teks van Openbaring, verskeie navorsingsbronne, veral die teologie van Schnelle, die identifisering van die vernaamste sake en rolspelers in Openbaring, die agtergronds- en inleidingsvraagstukke van Openbaring en praktiese bedieningservaring, het ek twaalf teologiese motiewe geïdentifiseer waarvolgens

[299] Schnelle (2009:57-59)
[300] Schnelle (2007:771)



© University of Pretoria

die teologie van Openbaring sinvol op voetspoor van die mees resente navorsing in die Nuwe Testamentiese teologie gestruktureer en hanteer kan word.

Die volgorde van die teologiese motiewe plaas ek nie in ‘n spesifieke volgorde volgens ‘n kriteria nie, maar plaas dit meer logies opvolgend waar die volgende motief wel vir sekere verstaans-doeleindes kennis van die voorafgaande motiewe veronderstel. Hierdie teologiese motiewe en rolspelers of sake word dan net so geneem as die inhoud van hierdie studie en die hoofopskrifte word net so gehandhaaf as hoofstukke. In elke hoofstuk word die interaksie van die teologiese motief en die rolspelers hermeneuties aan die orde gestel om uiteindelik in die laaste hoofstuk by die Sending as teologiese motief in openbaring uit te kom wat getipeer kan word as die Missiologiesehoofstuk. Ek hou twaalf teologies-wetenskaplike motiewe[301] in Openbaring voor as uitgangspunt en hoop om hierdeur die teologiese navorsing van Openbaring – en die teologiese navorsing in die algemeen – ‘n stap verder te neem en ‘n betekenisvolle bydrae in die verstaan van Sending in Openbaring te lewer, en ook die Missiologie as teologiese motief tot sy reg te laat kom.

Volgens Van der Watt[302] is dit van kritiese belang om die uitgangspunt dat die teologiese motiewe en rolspelers in ‘n organiese samehang verkeer, te handhaaf. Hierby is verder van kritiese belang om die uitgangspunt te handhaaf dat die teologiese motiewe sistemies aangebied word. Die teorie van hierdie uitgangspunt is dat sekere motiewe sterk na vore kom en eweso sekere rolspelers en kernsake. Met hierdie uitgangspunt word elke rolspeler dikwels met ‘n sekere of ‘n sekere aantal motiewe verbind en so ontwikkel elke rolspeler sy eie gespesifiseerde identiteit. In die Openbaringverhaal kry ons tipies aan die narratief die hoofrolspelers en bykomstige of ondersteunende en ander rolspelers. Soos in enige narratief verkeer die rolspelers in ‘n organiese samehang en alles pas wel netjies bymekaar en is ook

[301] Sien Aanhangsel B en C
[302] Jan van der Watt (1991:102) *Teologie in konteks*



© University of Pretoria

aanvullend tot mekaar. Dit is dus belangrik om te kan raaksien en te kan onderskei watter rol elke motief en elke rolspeler vertolk in die geheel van die verhaal, en wat elkeen se spesifieke bydrae tot die geheel is. Dit is wat Jan van der Watt,[303] wat pionierswerk gedoen het in die verstaan van die sending van die Johannesevangelie, die “hiërargiese geheel” noem. Daarna het Köstenberger se publikasie verskyn wat dit verder geneem het. Ten opsigte van die Johannes-evangelie konstateer hy dat ‘n piktorale beskrywing van die narratief hierdie organies-sistemiese aard van die narratief die beste uitdruk.

Volgens Van der Watt[304] sal ‘n piktorale beskrywing van die organies-sistemiese karakter van die Johannes-evangelie baie kan help om die verstaansmoontlikhede te verbreed. Op voetspoor van Van der Watt se navorsing in Teologie in Konteks dat die organies-sistematiese aard van die teologie van Johannes in die Evangelie piktoraal voorgestel kan word, wil ek dit hier van toepassing maak op Openbaring, maar teologies-tematies beskryf. Teologies-tematies beskryf, blyk dit dat Johannes in Openbaring werk met ‘n beperkte aantal temas of – soos ek verkies om daarvan te praat, motiewe – en in die samehangende beskrywing is die motiewe nie logies -opeenvolgend (kettingagtig) gestruktureer nie, maar logies-verbandhoudend. Hulle speel insidenteel op mekaar in en wissel mekaar af soos die getalle op ‘n horlosie se wyserplaat en word aangedui deur die wysers. Die wins van ‘n teologies-tematiese beskrywing is dat dit verhoed dat die onderskeie teologiese motiewe in isolasie hanteer word. Dit kan nie gebeur met die teologie van Openbaring nie.

Van der Watt wys voorts daarop dat Johannes binne ‘n teologiese struktuur skryf, sy teologie piktoraal beskryf, en dat sy kontrasdenke, veral die bo- en ondergedagte, as teologiese bedding dien. Die sendingmotief, wat die funksie vervul van hoe bo en onder bymekaar uitkom, en die eskatologiese motief, wat die gedagte aan die ewige lewe beskryf, kom ook in

[303] Jan van der Watt (1991:93-130) *Teologie in konteks*
[304] Jan van der Watt (1991:93-130) *Teologie in konteks*



© University of Pretoria

die Johannes-evangelie voor, en kan dus lig werp op die verstaan van hierdie twee teologiese motiewe in Openbaring. Sy beredenering van "Waarom Johannes geskryf het soos hy geskryf het" kan ook baie bydra tot die verstaan van Openbaring as hierdie vraag ten opsigte van Openbaring gevra word. Van der Watt wys op die belang van die struktuur waarvolgens Johannes die Evangelie geskryf het, en dit spreek vanself dat die verstaan van die struktuur van Openbaring ook van kardinale belang sal wees vir die verstaan van Openbaringteologie.

Indien die uitgangspunt is dat Sending 'n teologiese motief is, en in Openbaring bevind word dat verskeie ander teologiese motiewe en rolspelers in die Openbaringnarratief interaksie vind op meta-, meso- en mikrovlak, kan die teologie van Openbaring daarvolgens gestruktureer word. Hiervolgens bevind ons wel dat God wat geskep het, as rolspeler op hoofsaaklik die metavlak aanbid moet word, en die Gees en die Lam stuur na die ander vlakke. Op mesovlak ontvang Johannes die Openbaring en die inhoude daarvan, teken dit op soos hy dit gesien het, en stuur dit volgens die opdrag aan die sewe kerke. Op mikrovlak vind ons die interaksie van al die rolspelers soos dit in die Openbaringnarratief opgeteken is.

Die herhaling van sekere motiewe en die verskyning van sekere rolspelers dwarsdeur Openbaring met graad verskille in intensiteit is tipies van die Openbaringverhaal. Hendriksen[305] beskryf die herhalings diagrammaties en in sommige gevalle die toename in intensiteit as 'n progressiewe parallelisme. Hierdie opvallende herhaling van motiewe en rolspelers kan verwarrend wees, en is een van die redes waarom daar soveel verskillende verstaansinterpretasiebenaderings is. Van der Watt[306] wat hierdie herhalende aspek in die Evangelie en teologie van Johannes uitgewys het, voer aan dat die Johannese teologie die strukturele karakter van 'n beeld of prent het. In hierdie beeld of prent gaan dit oor die sistematiese verhouding tussen die verskillende motiewe en rolspelers. Die verstaan van die

305 Hendriksen (1977:29) *Meer as Oorwinnaars*
306 Jan van der Watt (1991:104) *Teologie in konteks*



© University of Pretoria

beeld lê in die onderlinge verbande wat deur die relatiewe posisies van die verskillende sake ten opsigte van mekaar binne die hiërargiese geheel van die prent bestaan. Hiervolgens kan 'n prent geteken word van die rolspelers in Openbaring.

Die troonvisioen wat ons in in Openbaring 4 en 5 kry, stel die meeste rolspelers in Openbaring aan die orde, en die verhaal word daarna verder uitgebou deur die ander opvolgende visioene waardeur die teologiese motiewe en die rolspelers met die gang van die verhaal verder ontwikkel word en op mekaar inspeel. In die Openbaringverhaal kom hoofsaaklik ag rolspelers na vore. Die Rolspelers kan sketsmatig[307] voorgestel word by wyse van konsentriese sirkels.[308] Die simboliese betekenis daarvan kan wees dat die Een op die troon wit lig voorstel, wat deur 'n Skeppingshandeling die ander kleure voortbring in terme van die sewe kleure van die reënboog.[309] Ter wille van 'n simbolies-sketsmatige voorstel word aan elke rolspeler 'n kleur van die reënboog toegeken.[310]

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die Een op die troon | Wit |
| 2 | Die Lam wat geslag is | Rooi |
| 3 | Die Sewe Geeste van God | Oranje |
| 4 | Die Engele | Geel |
| 5 | Die Reënboog | Groen |

[307] Sien Aaanhangsel A *Die rolspelers sketsmatig voorgestel*
[308] Sien Hendriksen (1977:73) wat die troonvisioen in sy kommentaar oor Openbaring *Meer as Oorwinnaars* sketsmatig voorstel en verduidelik binne 'n sirkel. Sien ook Du Rand (2007:243) wat sewe sirkels gebruik as voorstelling hoe die tempel die bestaande Joodse kosmologie in konsentriese sirkels reflekteer
[309] Vir die gedagte van hierdie voorstelling kan kennis geneem word van 'n wetenskaplike eksperiment. Wanneer wit lig deur 'n glasdriehoekfiguur (prisma) geprojekteer word word dit deur die afwyking van die hoek aan die ander kant opgebreek in die sewe kleure van die reënboog. Die natuurwetenskaplike verskyning van die reënboog word verklaar deur die feit dat die wit lig van die son deur water weerkaats word en dan opgebreek word in die kleure van die reënboog

[310] Hierdie gedagte het by my na vore gekom na aanleiding van die simboliese betekenisse wat kleure in Openbaring het. Sien Lourdes Garcia Urena (CBL 2015) *The Book of Revelation: A Chromatic story.* "In contrast to the other books of the New Testament, colour plays a key role in Revelation.



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 6 | Die Mensdom | Ligblou |
| 7 | Die Lewende Wesens | Donkerblou |
| 8 | Die Ouderlinge as die kerk | Pers |

Aangesien die teologiese inhoud van Openbaring binne ‘n narratologiese ontwikkelingsgang aangebied word – soos hierbo verduidelik is – en daar ‘n duidelike herhaling van teologiese motiewe binne een verhaal is, kan dit aan die hand van ‘n horlosie se wyserplaat[311] sketsmatig voorgestel word. Elk van die twaalf syfers stel simbolies ‘n teologiese motief voor. Die verloop van die verhaal word met die twee wysers aangedui. Soos die wysers telkens verby ‘n motief beweeg, dui dit die oomblik van aksie of intervensie aan deur die rolspelers soos dit in die teks voorkom.

Die teologie van Openbaring beknop, beskrywend en sketsmatig saamgevat, moet gesien word as ‘n sterk teosentriese teologie waarin verskeie teologiese motiewe duidelik na vore kom en verskeie rolspelers aksie neem. In hierdie studie word die plek, rol en funksie van die Sending as teologiese motief gefundeer en aangedui in verband met die ander teologiese motiewe, en neem Sending as teologiese motief sy regmatige plek in. Die motiewe ontvou in die ontwikkelingsgang van die verhaal deur die woorde en optrede van die verskillende rolspelers.

## 3 ‘n Fokus op Sending in Openbaring

### 3.1 Inleidend

Voordat daar ‘n fokus geplaas kan word op Sending in Openbaring moet eers gekyk word na die geskiedenis van die ontwikkeling van die Missiologie of alternatiewelik na die Godsdiens

[311] Sien Aanhangsel C. Die wisselwerking en intervensies van die teologiese motiewe in die Openbaringteks kan skematies voorgestel word by wyse van ‘n horlosie se wyserplaat



© University of Pretoria

en Sendingwetenskap as teologiese dissipline. Veral moet gekyk word na die gepaardgaande en toepaslike literatuur, veral ten opsigte van die benutting van die teologie van Openbaring in die Missiologie. Dit is ‘n moeilike taak omdat die Missiologie as vakwetenskap, net soos Openbaringnavorsing, ‘n baie laat ontwikkeling is en wyd uiteenlopend is in die wêreld van akademiese navorsing en noodwendig ook in die praktyk van die kerk. Daar is verskeie redes wat daarvoor aangevoer kan word. Die eerste is my persoonlike ervaring. Dit is dat die kerk se sendingpraktyk te ver verwyderd is van sendingteologiese navorsing, en dat die dialoog tussen teologie en praktyk nie voldoende op dreef is nie.

Wanneer ‘n literatuurstudie van die benutting van die boek Openbaring in Sendingliteratuur – en meer spesifiek Sendingteologie – gedoen word, sal gevind word dat die navorsing oor hierdie terrein ‘n duidelike navorsingsgaping toon, net soos in ‘n literatuurstudie oor Sending in Openbaring-literatuur en -teologie. Dit is veral waarneembaar wanneer ‘n ondersoek gedoen word na die literatuur wat ‘n fokus plaas op spesifiek die fundering van sending uit Openbaring en ook van sending as teologiese motief in Openbaring, spesifiek rakende die doel van die sending. Boonop kom in die meeste resente sendingliteratuur selde ‘n Skrifindeks voor en dit bemoeilik navorsing, en indien dit wel voorkom is die Skrifverwysings van Openbaringtekste minimaal, om nie eers te praat van verwysings na Sending in Openbaringliteratuur nie.

‘n Literatuurstudie oor die gebruik van die Openbaringteks in Sendingteologiese literatuur is nie ‘n maklike taak nie. ‘n Literatuurstudie in die Sendingteologie lig ook die feit uit dat daar enkele uitsonderings is waar Nuwe-Testamentiese navorsers skryf oor die sending. Die feit van die saak is dat dit meestal sendingkundiges is wat die navorsing doen en publiseer oor sendingfundering vanuit die Skrif. Hiervolgens kan onomwonde gekonstateer word dat ‘n Nuwe-Testamentiese navorsingsgaping by veral sendingkundiges voor die hand liggend is soos die nagaan van die geskiedenis van die navorsing oor sending in Openbaring inderdaad



© University of Pretoria

uitwys. Die korrekte term vir Sending binne die teologiese ensiklopedie behoort duidelik te wees in enige studie, maar veral in 'n teologies-tematiese studie van die sending.

### 3.2 Die navorsingsgeskiedenis van Sending

#### 3.2.1 Die vroeë kerk tot en met die middeleeue

Volgens die Handelinge van die Apostels was daar 'n sendingbewustheid onder die eerste geloofsgemeenskappe. Die apostels, of eerste kerkplanters, en hul direkte opvolgers het met groot ywer die sendingopdrag van Jesus na aanleiding van sy presiese woorde en opdrag nagekom. Daar was aanvanklik geen indiepte vraagstellings soos die waarom, wie, wanneer, waar en wat van die sending nie omdat daar moontlik nog geen kanon, nadenke, navorsing of teologie bestaan het nie. Die apologete, wat ná die kerkvaders geskryf het, het wel sekere teologiese vrae probeer beantwoord, maar dit was die Latynse skrywers soos Augustinus (354–430) wat vrae gestel en teologies begin nadink het. Dit was Augustinus wat Eusebius,[312] die groot geskiedskrywer se bewering dat die apostels die Groot Opdrag sou voltooi het,[313] bevraagteken het. In een van sy latere briewe[314] stel hy die belangrikheid van sending oor die grense van die keiserryk heen aan die orde. Oor die algemeen[315] het Augustinus se geskrifte grootliks bygedra tot 'n positiewe voortsetting van die sending van die apostels.

Ná hierdie snelle en spontane groei van die kerk gedurende die eerste vier eeue,[316] het daar sewe eeue[317] van relatiewe stilstand in die uitbreiding van die kerk aangebreek. Dit was die tydperk van die ontwaking van die Islam en die gepaardgaande konflik vanweë die verowerings van die Moslemsultans en die herverowerings met die Kruistogte van die

---

[312] *Ecclesiastical History* 325
[313] *Hist. eccl*. 3.1
[314] *Brief 199 aan Hesychius* 418
[315] Sien Ott, Strauss en Tennent (2010:xxiv)
[316] Sien Herbert Kane (1982:3-36) *A Global View of Christian Missions*
[317] Sien Herbert Kane (1982:37-57) *A Global View of Christian Missions*



© University of Pretoria

Christene.[318] Dit was ook die tydperk van teologiese formuleringe deur die sewe groot ekumeniese konsilies.[319] Pous Gregorius die Grote[320] het later deur sy besondere belangstelling in sendingwerk in Engeland en deur sy briewe die grondslag gelê vir die Katolieke Kerk se akkommodasieteorie in die sending.

Daar het toe spanning gekom tussen sendingwerk en die sistematiese beoefening van sendingwerk. Dit het aanleiding gegee tot die totstandkoming van vier groeperinge van sendingwerk binne die Katholieke kerk naanlik die Franciskane, Dominikane, Augustiane en Jesuïete.[321] Die eerste persoon wat sending sistematies begin beoefen het was Raimundus Lullus (1232–1316) wat sendingwerk onder die Moslems in Noord-Afrika gaan doen het en hom beywer het vir die opleiding van sendelinge. In 1276 het hy sy eie skool gestig op Majorka. Thomas Aquinas[322] het met sy geskrif ook bygedra tot 'n dieper besinning oor sending.[323]

### 3.2.2 Die laat Middeleeue

Met die aanbreek van die Renaissance, die Reformasie en die eeu van ontdekkingsreise, het al meer geskrifte begin verskyn wat die sending bepleit het. Christophorus Columbus[324] het Bybeltekste gekompileer wat verband hou met die sending. Erasmus van Rotterdam[325] het 'n beroep gedoen op die pous om sendelinge uit te stuur om siele te red. Joseph de Costa (1540–1600), 'n Spaanse Jesuiet en sendeling in Oos-Indië, word beskou as 'n sendingteoloog van formaat in sy tyd. Kenmerkend van hierdie tyd was die opkoms en uitbreiding van die

[318] Sien Dankbaar (1974:61-86)
[319] Sien G.J. Pillay en J.W. Hofmeyer (1991:35)
[320] Sien Herbert Kane (1982:40) *A Global View of Christian Missions*
[321] Sien Herbert Kane (1982:58-59) *A Global View of Christian Missions*
[322] *Summa contra gentiles* (1261-1264)
[323] Sien Bosch (1973:157)
[324] In sy *Libro de las Profecias* (1502)
[325] In sy *Ecclesiastae sive de ratione concionandi libri* IV (1535)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Protestantse sendingbewegings[326] wat die sogenaamde sending eeu sou inlei met die aanbreek van die Moderne era.

### 3.2.3 Die Moderne era

In 1622 het die Rooms-Katolieke Kerk sy eerste skool vir sending begin.

Ott, Strauss en Tennent[327] beskryf dit as volg:

> The Roman Catholic Church established the sacred Congregation for the Propagation of the Faith to oversee the missionary efforts of the Church. This organization produced the first manuals, strategies and policies guiding mission work, making significant statements on the nature of mission and its relation to culture.

In 1627 is die “Collegium Urbanum de Propagada Fidete” te Rome gestig, en dit het 'n groot impak gehad op vele studente.[328] Die Universiteit van Nijmegen was in 1930 die eerste Katolieke universiteit in Nederland wat ‘n dosent[329] in Missiologie aangestel het. Joseph Schmidlin (1876–1944) van die Universiteit van Münster in Duitsland word beskou as die vader van die Katolieke sending.[330] Hy was ook die redakteur van die *Zeitschrift für Missionswissenschaft* en is bekend vir sy publikasies *Catholic Mission Theory*[331] en *Catholic Mission History*.[332]

Aan die Protestantse kant het die Oos-Indiese Handelsorganisasie in 1622 die Universiteit van Leiden se teologiese fakulteit versoek om sendelinge op te lei wat onder die heidene in Indië kon werk. Anton Walaeus het die plan opgestel, maar die seminarium het sonder 'n besondere uitwerking tot ‘n einde gekom in 1633. Die Protestantse sendingontwaking het

[326] Sien Herbert Kane (1982:73-99) *A Global View of Christian Missions*
[327] Sien Ott, Strauss en Tennent (2010:XXXVI)
[328] Ott, Strauss en Tennent (2010:XXVI)
[329] Alphons Mulders
[330] Verkuyl (1978:14) *Contemporary Missiology an Introduction*
[331] (1931, Duits 1919)
[332] (1933, Duits 1924)



© University of Pretoria

daarna in 1702 in Duitsland in die piëtistiese kringe van Halle sy oorsprong gevind toe A.H. Francke sy *Collegium Orientale Theologicum* gestig het. Saam met Leibnitz se *Akademie der Wissenschaften* te Berlyn is daar gepoog om kandidate op te lei om die geloof aan die heidene oor te dra.[333]

### 3.2.4 Die Duitse skool

Dit was in Duitsland waar vir die eerste keer ‘n allesomvattende Sendingwetenskap begin ontwikkel het onder leiding van die sendeling Justianus von Weltz, wat beskou word as die pionier van die Duitse missiologie. In 1864 het Karl Graul (1814–1864) Erlangen gevra vir ‘n wetenskaplike studie van sending en insluiting van die vak Missiologie by die teologiese fakulteit. Hy is opgevolg deur C.H. Platt (1829–1901) wat in 1867 Missiologielesings aangebied het by die Humboldt Universiteit van Berlyn.

Die ontwerper van die Duitse Missiologie was egter Gustav Warneck (1834-1910) wat uit die piëtistiese kringe van Halle gekom het.[334] In 1874 begin hy die *Allgemeine Missions Zeitschrif,* wat van die begin af die oogmerk gehad het om die vak Missiologie tot sy reg te laat kom. Deur sy opus magnum[335] het hy probeer om vir die Sendingwetenskap as volwaardige teologiese wetenskap burgerreg aan teologiese fakulteite te verkry. Hy was die eerste persoon in Duitsland wat amptelik aangestel is om Missiologie te doseer. Dit het hy gedoen van 1896 tot 1908. Vir ‘n tydperk van byna 50 jaar, vanaf die verskyning van sy eerste band in 1892, het sy leringe die toneel oorheers. Eers teen 1938, in die tyd van die Tambaramkonferensie van die Internasionale Sendingraad, het die Duitse sendingwetenskap Warneck begin ontgroei.[336]

[333] Sien Verkuyl (1978:14)
[334] Verkuyl (1978:13)
[335] Die vyfdelige *Evangelische Missionslehre* (1897–1903)
[336] Bosch (1973:19)



© University of Pretoria

Warneck se grootste bydrae tot die teologie was sy poging om Sending bybels te fundeer.[337] Hy gaan veral om met Paulus se teologie, en meer spesifiek met die Efesiërs-boek. Verder werk hy veral met 'n Bybels-teologiese benadering of, anders gestel, 'n dogmatiese benadering van 'n universele verlossing (*Heilsuniversalismus*). Warneck kom ook met die gedagte dat die etiese optrede van sendelinge hul nie net bemagtig nie, maar sending as teologiese motief inderdaad ook fundeer. Die etiese waardes of etos van die sendelinge sou dan skriftuurlik gefundeer word in terme van geloof, hoop en liefde. Verder fundeer hy die sending ook ekklesiologies deur die kerk te beskryf as 'n instituut van gesondmaking (*Heilsanstalt*) vir die ganse mensdom. Verder fundeer hy die sending ook etnologies en histories.[338] Ongelukkig figureer die Johannese teologie en Openbaring nie in sy werk nie.

In die naoorlogse jare tree 'n aantal Duitse sendingteoloë na vore wat beïnvloed is deur die teologie van Karel Barth. Karl Hartenstein (1894–1952) was direkteur van die Basel Sending en publiseer twee boeke[339] waarin hy veral die eskatologie as grondmotief van die sending uit lig. Hy en Walter Freytag[340] het hul beywer vir die herstel van ekumeniese verhoudings ná die oorlog. Freytag wat ook twee boeke geskryf het,[341] het sy wortels in die Hernhut-gemeenskap, en het later professor geword aan die Missionsakademie wat geaffilieer was by die Universiteit van Hamburg.[342]

Walter Holsten was professor in Religie en Sending aan die Universiteit van Mainz, en publiseer sy bekende boek[343] in 1953. Hiervolgens is die boodskap en die mens die twee foci van sy sendingfundering. Hy meet alles aan die ontvangs van die Kerugma en die mens se verhouding met God. Redding deur die geloof alleen (*justificatio fidei*) en die bestaan van die

[337] Wat hy veral in deel een van sy *Evangelische Missionslehre* doen
[338] Verkuyl (1978:29)
[339] *Zur Neubesinnung über das Wesen der Mission* en *Die Mission als theologisches Problem*
[340] Die direkteur van die Deutsch-Evangelistic Missionshilfe
[341] *Allgemeine Missionsnachrichten* en *Das Wort in der Welt*.
[342] Verkuyl (1978:29)
[343] *Das Kerugma und der Mensch: Einfüring in die Religions- und Missionswissenschaft*



© University of Pretoria

mens alleen in sy verhouding met God (*coram Deo*) is die enigste motiewe in sy fundering van die sending. Die totale afwesigheid van die skepping en herskepping as motief en sy ignorering van die Openbaringteks is opvallend.

Ná die Willingenkonferensie wat in 1952 plaasgevind het verskyn 'n artikel[344] wat sendingfundering sitematies teologies en Ekumenies op 'n nuwe koers plaas. Hierop reageer Wilhelm Anderson as 'n sistematiese teoloog van die Augustana Hochschule in Neuendettelsau as verdere stimulus op hierdie koers.[345] Hoofsaaklik kom dit daarop neer dat sending sy fundering vind in die Drie-Enige God, en dat die fokus van die Missiologie die skepping, verlossing en versoening is.[346]

Dit was Hans Jochen Margull,[347] hoof van die Instituut vir Sendingwetenskap van die department Missiologie aan die Universiteit van Hamburg, wat met sy publikasie ná afloop van die vergadering van die Wêreldraad van Kerke se vergadering te Evaston, die brug geslaan het na 'n meer ekumeniese hantering van sending. Sy studieverslag[348] behels 'n kritiese beoordeling van die kerklike strukture vir sending. Hiermee het hy 'n nuwe navorsingsveld oopgemaak in die Missiologie.

Dit is Manfred Linz van die Seminarium vir Sendingwetenskaplike Navorsing aan die Universiteit van Hamburg wat met sy doktorale proefskrif[349] die navorsingsveld werklik oopmaak vir die fundering van sending. Dit doen hy deur uit te wys dat slegs sekere tekste, in die besonder Matteus 28:18–20, deur predikers gebruik word om sending te fundeer. Hy wys op die tekortkoming om sending en die wêreld waarbinne sending plaasvind, bymekaar te

[344] *The Missionary Calling of the Church, a statement by the Willingen Conference of the International Missionary Council* verskyn in die *International Review of Missions* 41 (1952:562)
[345] Wilhelm Anderson (1955) *Towards a Theology of Mission: A Study of the encounter between the Missionary Enterprise and the Church in its Theology*
[346] Verkuyl (1978:30-31)
[347] *Hope in Action* (1962)
[348] *Mission als Strukturprinzip (Deel 1)* en *Die Welt im Wandel (Deel 2)*
[349] *Anwalt der Welt: zur Theologie der Mission* (1964)



© University of Pretoria

bring. Linz plaas klem op die beweerde verkeerde interpretasie dat sending nie gereedmaking vir die einde behoort te wees nie, maar veel eerder die realisering van God se Koninkryk hier en nou. Apokaliptiese spekulasies figureer gevolglik nie by hom nie; inteendeel, hy staan afwysend daarteenoor. Sy winspunte behels die bymekaarbring van die heilsgeskiedenis en die wêreldgeskiedenis, en die kerk se plek en rol in die sending.[350]

Dit was Julius Richter, oorlede in 1940, wat as professor in Sendingwetenskap van die Berlynse Universiteit met ‘n magdom publikasies oor sending die Duitse sendingteologie na die oorlogsjare beduidend beïnvloed het. Hy het slegs oor die Protestantse sendingwerk geskryf. Dit was J Schmidlin wat aan die Katolieke kant navorsing gedoen het met verskeie publikasies. Die Duitse Missiologie is in die naoorlogse jare beslissend beïnvloed deur twee publikasies, naamlik dié van Adolf von Harnack[351] wat in 1902 (in Duits) en 1924 (in Engels) verskyn het. Ferdinand Hahn[352] verwys hierna as die bron waarop gesteun word in navorsing oor die vroeë kerk en sending. Hahn publiseer sy boek *Mission in the New Testament* oor die fundering van sending in 1963 (in Duits) en 1965 (in Engels). Dit was baanbrekerswerk ten opsigte van die Bybelse fundering van die sending, en is vandag nog toonaangewend. Een enkele tekortkoming is die ooglopende afwesigheid van die hantering van die Openbaringteks en van verwysings daarna by beide die skrywers, soos feitlik almal voor hulle. Dit bevestig soveel te meer die navorsingsgaping wat hierdie studie poog om te vul.[353]

### 3.2.5 Die Nederlandse skool

In Nederland is die eerste poging in die Protestantse wêreld om ‘n sintese tussen sending en teologie te bewerkstellig, onderneem met die stigting van A. Walaeus se Seminarium Indicum in 1622. Die doel hiervan was die opleiding van sendingwerkkragte. Ook in

---

[350] Verkuyl (1978:33)
[351] *The Expansion of Christianity in the first three centuries*
[352] Professor in Nuwe Testament aan die Universiteit van Kiel
[353] Verkuyl (1978:44)



© University of Pretoria

Nederland is die eerste Protestantse sendingteologie ontwikkel deur Gisbertus Voetius (1588–1676) wat sendingmateriaal in sy kerkregtelike standaardwerk[354] asook in talle ander geskrifte verwerk het. Hy het hom beywer vir 'n plek van Missiologie in die teologiese wetenskap. Die Vrye Universiteit van Amsterdam was die eerste Protestantse skool wat Sendingwetenskap as vak gevestig het. J.H. Bavinck het by die teologiese fakulteit van Kampen klas gegee. Hy was veral bekend vir sy twee publikasies, een oor sending[355] asook oor Openbaring[356] wat vermoedelik al gedurende die dertigerjare verskyn het. Die Bybelse fundering van sending begin nou in Nederland veral posvat na die verskyning van J Blaaw se boek.[357]

Verkuyl[358] beskou Stephen Neill as een van die mees produktiewe missioloë en sendelinge wat hy geken het. Neill het hoofsaaklik geskryf oor die sendinggeskiedenis en die probleme van wêreldsending. Van sy bekendste publikasies is *The Unfinished Task* (1957), *Creative Tension* (1959), *Christian Faith and other Faiths: The Christian Dialogue with Other Religions* (1961), *A History of Christian Missions* (1964), *Colonialism and Christian missions* (1966) en *The Church and Christian Union* (1968). Hy was ook mederedakteur van *A concise Dictionary of the Christian World Mission* (1970). Sy navorsing oor sendingkundige bronne, soos gepubliseer in *A History of Christian Missions* (1964), was op daardie tydstip die beste beskikbare bron en handige verwysingsbron vir navorsing oor die literatuurgeskiedenis van sending.

In 1969 het die Nederlandse Universiteite 'n Inter-Universitêre department vir Missiologie en Ekumene te Utrecht begin onder leiding van J.C. Hoekendijk.[359] Hy was ook vir 'n aantal jare

[354] *Politica Ecclesiastica* (vanaf 1663 in drie dele gepubliseer)
[355] *An Introduction to the Science of Missions* (1960)
[356] *En Voort Wentelen de Eeuwen* (ongedateerd)
[357] *The Missionary Nature of the Church* (1962) Sien Verkuyl (1978:35)
[358] Verkuyl (1978:55)
[359] Verkuyl (1978:51)



© University of Pretoria

sekretaris van die Nederlandse Sendingraad. Die Instituut se Missiologie department was te Leiden gesetel en die hoofkantoor en die Ekumene department te Utrecht. Die Nederlandse Missiologie bereik 'n hoogtepunt met die publikasie van Johannes Verkuyl,[360] Professor en Hoof van die Departement Missiologie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Daarna verskyn 'n boek[361] met F.J. Verstraelen (Universiteit van Zimbabwe), A. Camps (Utrecht en Leiden), L.A. Hoedemaker (Groningen) en M.R. Spindler (Leiden) as redaktors. Hierdie Ekumeniese beskrywing en benadering van die sending toon ook duidelik die plek en belang van Missiologie as volwaardige akademiese vak aan soos dit ook in resensie deur Peter Wagner van die Fuller Theological Seminary beskryf word.

### 3.2.6 Die Engelse skool

Die Protestantse sendingontwaking in Duitsland, in die piëtistiese kringe van Halle, is deur die Morawiërs van Von Zinzendorf na die Wesleyane in Engeland versprei. Die werklike sendingontwaking wat die sendingeeu ingelui het, sou in Engeland plaasvind, en wel deur die invloed van William Carey.[362] Die eerste volwaardige leerstoel in Sendingwetenskap aan 'n universiteit is in 1867 in Edinburg, Skotland ingestel toe die pioniersendeling Alexander Duff professor in "Evangelistic Theology" geword het, 'n saak wat hy reeds vir meer as twintig jaar bepleit het.

Dit was egter Henry Venn wat te Cambridge studeer het en vir 32 jaar lank sekretaris was van die Sendinggenootskap van The Church of England, wat saam met Rufus Anderson[363] sendingnavorsing en -administrasie radikaal beïnvloed het. Hulle het die Protestantse sendingbeweging laat gedy met die stigting van sendinggenootskappe, ongeag hoe gunstig of

---

[360] *Contemporary Missiology An Introduction* (1978)
[361] *Misssiology An Ecumenical Introduction* (1995)
[362] Ott, Strauss en Tennent (2010:XXXV) beskryf Carey as: "an outstanding example of an apologetic for Christian missions at a time when Christian leaders questioned the necessity of missions". Carey se bekendste publikasie was: *An Enquiry into the obligations of Christians to use Means for the conversion of the Heathens* (1792)
[363] Hy was onder andere: "Senior secretary of the American Board of Commissioners"



© University of Pretoria

ongunstig dit later beoordeel sou word. Hulle het ook na vore gekom met die gedagte van die "Drie Self"-formule, wat beteken het dat gestigte kerke vanuit sending "selfuitbreidend, selfregerend en selfonderhoudend" moet wees.[364]

Dit was die Anglikaanse sendeling in China, Roland Allen (1868-1947), wat teologiese nadenke oor sendingmetodiek aan die orde gestel het met sy boeke.[365] In 1960 het "The World Dominion Press of London" 'n boek uitgegee met D.M. Paton as redakteur, wat 'n seleksie van Allen se bekendste skrywes bevat, genaamd *The Ministry of the Spirit*. Die geweldige invloed daarvan was duidelik waarneembaar by Hendrik Kraemer, Harry Boer en Donald Mcgavran.

Dr. Max Warren (1904–1977) was die seun van 'n sendeling in Noord-Indië wat sy teologiese studie te Cambridge voltooi het. Hy was baie aktief as sendeling en veral bekend vir sy vele publikasies. Verkuyl[366] beskryf sy boeke as volg:

> His books *The Gospel of Victory* (1955), which discusses the book of Galatians, and *The Truth of Vision, a study in the nature of the Christian Hope* provide his view of the Biblical foundation. Missions are placed in an eschatological perspective and to accent the eschatological nature of the missionary enterprise he uses the key phrase "Expectant Evangelism". His last two publications spread his influence even more entitled *I Believe in the Great Commission* and *The Fusion of the IMC and WCC at New Delhi: Retrospective Thoughts after a Decade and a half*.

Leslie Newbigin was 'n Skotse sendingwetenskaplike en sendeling in Indië. Hy het hom onderskei as direkteur van die "Division of World Mission and Evangelism of the World

---

[364] Verkuyl (1978:50)
[365] *Missionary Methods: St. Paul's or Our's?* (1912) en *The spontaneous Expansion of the Church and the causes which hinder it* (1927)
[366] Verkuyl (1978:55)



© University of Pretoria

Council of Churches" en het gedoseer aan die Selly Oak College. Sy publikasies[367] wat die *Missio Dei*-gedagte van die Willingenkonferensie hanteer het, het naam gemaak in die akademiese wêreld. Newbigin brei die *Missio Dei*-gedagte uit na die *Missio Patris, Filii et Spiritus Sancti*. Ander publikasies van belang is *The Reunion of the Church* (1948), *The Household of God* (1954), *Christ our Contemporary* (1968) en *The Finality of Christ* (1969). Newbigin se jongste en laaste publikasie *The Open Secret: An Introduction to the Theology of Mission* (1994) kan deur geen sendingteoloog verbygegaan word nie.[368] Die Engelse Missiologie van die agtiende en negentiende eeu was rigtinggewend op beide die terreine van Sendingwetenskaplike navorsing en sendingpraktyk.

Die nuutste publikasies vanuit die Engelse skool is eerstens uit die pen van Eddie Gibbs, hoewel hy tans professor in kerkgroei is by die "School of World Mission, Fuller Theological Seminary". Sy bekende publikasies is *I Believe in Church Growth* (1981) en 'n hersiene uitgawe daarvan (1990*), Church Next* (2001) en *Leadership Next* (2005). Hierin ondersoek hy die uitdagings vir die kerk en die kerklike leierskap van vandag. Tweedens is die publikasies van Christopher White, wat eintlik bekend is as ‘n Ou-Testamentikus, *The Mission of God* (2006) en *The Mission of God's People* (2010), die mees resente sendingteologiese publikasies uit die Engelse skool.

### 3.2.7 Die Amerikaanse skool

In die VSA word Jonathan Edwards (1703-1758) op grond van sy impak in die "Great Awakening" allerweë beskou as die pionier van die sending en Missiologiese denke.[369] Hierdie Protestantse sendingontwaking het veel later kort na die begin van die negentiende eeu momentum gekry. Dit was die Universiteit van Princeton in die VSA wat die gedagte

---

[367] Dit was onder andere *One Body, one Gospel, One World: The Christian Mission Today* (1958) en *The Relevance of the Trinitarian Doctrine for Today's Mission* (1963)
[368] Verkuyl (1978:55)
[369] Bosch (1991:277) *Transforming Mission*



© University of Pretoria

geplant het van 'n teologiese seminarium wat 'n kweekskool moes wees vir gestuurdes na die heidene en toegespits moet wees op die opleiding van jongmense vir sendingwerk.[370] In 1830 het die "General Assembly" van die Presbiteriaanse Kerk in die VSA besluit om 'n deeltydse professoraat in Sendingwetenskap in Princeton in te stel. Charles Breckenridge het daar vanaf 1836 die heel eerste lesings in sendingwetenskap gelewer.[371]

Teen die einde van die eeu in 1886 het die bekende sendingontwaking in Massachusetts in die VSA na aanleiding van D.L. Moody[372] se herlewingsbyeenkoms van 26 dae gelei tot die "Student Volunteer Movement" onder leiding van John R. Mott wat oorgevloei het na Engeland, Ierland, Switserland en Nederland. Die sendingbeweging het toenemend gevra na studiemateriaal en sending opleiding. In New York begin die "Union Theological Seminary" met klasse in Sendingwetenskap met Daniel J. Flemming as voltydse proffessor. Yale, McCormick en Hartford volg ook hierdie rigting en teen 1966 was daar meer as 100 seminaries wat sendingwetenskap as vak aanbied.[373]

Die universiteite het nie agtergebly nie en te Yale publiseer Kenneth Scott Latourette sy bekende reeks[374] en Pierce Beaver van Chicago universiteit spesialiseer in statistieke, literatuur en geskiedenis. Eugene Nida word Direkteur van die Amerikaanse Bybelgenootskap sowel as die Verenigde Bybelgenootskappe en publiseer self verskeie boeke oor die sending. Donald McGavran begin 'n Instituut vir Kerkgroei as 'n diens aan voornemende evangeliste en dit ontwikkel tot die bekende skool van gegradueerdes vir Wêreld Evangelisasie aan die bekende "Fuller Theological Seminary". In Monrovia California begin Edward R. Dayton 'n Instituut vir Navorsing genaamd "Missions Advanced Research and Communication Center (MARC)", 'n afdeling van "World Vision

[370] Sien Myklebust (1955, 1:146)
[371] Bosch (1979:101) *Heil vir die wêreld*
[372] Sien Chester Mann (1997) se biografie van *D. L. Moody Soul Winner*
[373] Verkuyl (1978:16)
[374] *History of the Expansion of Christianity* (1937-1945)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

International". Die Instituut publiseer die *Mission Handbook* vir Noord-Amerikaanse bedieninge oorsee. Die stigting van die American Society of Missiology in 1973 het ‘n nuwe belangstelling in wêreldsending wakker gemaak. Die stigting van die Amerikaanse "Center for World Mission" in 1976 te Pasedena Californie deur Ralph D. Winter het die groeiende belangstelling in die sending na onbereikte groepe mense verder gestimuleer. Die Missiologie in die VSA het omvangryk gegroei en bly dinamies met snelle ontwikkelinge en die navorser vind dit moeilik om by te bly.[375]

Die nuutste ontwikkelinge is die van die Southern Baptist Church soos dit voorkom in hul Teologiese skole en seminaries en veral verwoord word in die publikasies van John Piper[376] met nie minder nie as agt en dertig aangehaalde tekste uit Openbaring in sy publikasie oor die sending. Netso is die aantal werke van Charles van Engen (Fuller Theological Seminary) vanuit dié skool ‘n koersaanduiding van sendingfundering vir die eeu wat kom. In sy boek (1991)[377] word veral nagedink oor die Kerk en Kerkbegrip en nege tekste uit Openbaring word aangehaal. Van Engen (1996)[378] se werk in verband met die Sendingteologie is die volledigste en mees bruikbare tot dusver en is ‘n deeglike navorsingspublikasie. Hy volg egter nog die sistematies-teologiese benadering en werk nie met ‘n afgebakende teks nie.

Die meer akademiese publikasie van die American Society of Missiology Series No 27[379] kan in dieselfde lig beskou word as Bosch[380] se publikasie en dien werklik as mees resente bron ten opsigte van ‘n Bybels-verantwoordbare Sending fundering. Die winspunt is dat Openbaring hanteer word deur Johnny V. Miller[381] wat die president van Columbia Internasionale Universiteit is en ook van die geakrediteerde Columbia Bybel Kollege en

[375] Verkuyl (1978:64)
[376] *Let the Nations be Glad* (2003) en met Justin Taylor as mede redakteur (2007) *The Supremacy of Christ in a Post Modern World*
[377] *God's Missionary People Rethinking the Purpose of the Local Church* (1991)
[378] *Mission on the way Issues in Mission Theology* (1996)
[379] *Mission in the New Testament An Evangelical Approach* (1998)
[380] Bosch (1991) se boek *Transforming Mission* was No 16
[381] Th.D., Dallas Teologiese Seminarium



© University of Pretoria

Columbia Bybel Seminarium en “Graduate School of Missions”. Hy is ook lid van die fakulteit Nuwe Testament van die Columbia Bybel seminarium. Die tekortkoming is weereens dat die saak ook hierso hanteer word binne die bestek van slegs 13 bladsye en dit ook net weer enkele perspektiewe aan die orde stel. Die winspunt is egter duidelik dat die vierdeling van die studie[382] die navorsing in die teologie en in die besonder dan ook van Openbaring goed dien.

Die publikasie van Andreas Köstenberger en Peter O’Brien[383] is ook ‘n bruikbare resente bydrae tot die fundering van die sending en vordering in die regte rigting, maar weereens word Openbaring binne die bestek van slegs 7 bladsye hanteer. Köstenberger[384] se vroëere publikasie met implikasies vir die Vierde Evangelie (Johannes) en die hedendaagse Kerk soos hyself dit stel, is pionierswerk ten opsigte van die teologie van die Sending in die Johannes evangelie en wyer beskou vanselfsprekend vir die teologie van die Sending in die Johannese teologie wat Openbaring insluit.

Die insigte van John Piper[385] spesifiek sy interpretasie van die doel met die sending, is waardevol, maar in sy publikasie en dus nog steeds in die navorsing ontbreek ‘n deeglike fokus op sending in Openbaring. Ook in Evangeliese kringe is die impak van Openbaring en die Johannese teologie en literatuur onbevredigend en ‘n navorsingsgaping sigbaar.

### 3.2.8 Die Suid-Afrikaanse skool

Die publikasie van die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap[386] bevat ‘n aantal referate wat gelewer is tydens die stigting en eerste jaarkongres van die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Dié

---

382 1) Backround 2) Paul’s Writings 3) Synoptic Gospels and Acts 4) The General Epistles and John’s Writings
383 *Salvation to the ends of the Earth* (2001)
384 *The Mission of Jesus and the Disciples*(1998)
385 John Piper (2005) “Worship is the goal of Missions. Missions begins and ends in worship”
386 (1968) *Sendingwetenskap vandag: ‘n Terreinverkenning*



© University of Pretoria

referate was ‘n koersaanduiding vir sendingwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika.[387] David Bosch[388] van die Universiteit van Suid-Afrika het die eerste referaat gelewer en dit is ‘n moet-lees vir enige navorser van die geskiedenis van die Sendingwetenskap. Hierdie referaat[389] is vir sy tyd baie deeglik en vandag nog bruikbaar as vertrekpunt in die navorsing. Dit is van belang om die hoofopskrifte hier te vermeld omdat dit grootliks die ontwikkeling van verskillende dissiplines binne die Sendingwetenskap duidelik definieer en bronnestudies met gemeenskaplike onderwerpe bymekaar bring: 1) Sending en Teologie, 2) Sending en Kerk, 3) Sending en Sendingveld, en 4) Sending en wêreld. Die daaropvolgende referaat van Jaap Durand, *“Rome, Sending en die Ekumene,”* vul Bosch se referaat aan, en stel die belang van ekumeniese skakeling en samewerking aan die orde. Volgens hom behoort deeglike navorsing ekumeniese aansluiting en insluiting te vind.

Volgens Bosch[390] is die kerk se Sending in ‘n krisis. Hy skryf in sy boek as hoofopskrif by die inleiding van sy boek: “Mission: The contemporary crisis”. Die eerste opskrif wat daarop volg, “Between danger  and opportunity”, dui onomwonde die problematiek van die sending duidelik aan en deur die spesifieke woordgebruik word die krisis waarin die Teologie van die Sending inderdaad is, nog duideliker aangedui. In hierdie rigtinggewende boek van David J. Bosch  wat handel oor die sendingparadigma vir die kerk vir die komende New Age, staan die feitlike totale afwesigheid van Openbaring tekste en meer nog die Johannes Evangelie en dus Johannese teologie, duidelik uit. In hierdie boek van 576 bladsye word daar slegs na een Openbaring teks (21:5) verwys naamlik op bladsye 426 en 509.

Die grootste tekortkoming van die boek is duidelik die totale afwesigheid van die gebruikmaking van die Johannese literatuur en teologie, spesifiek in Deel 1 van die boek

[387] Sien Bosch (1968:13-44) in *Sendingwetenskap vandag: ‘n Terreinverkenning*
[388] David Bosch (1991:1) *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*
[389] Met die titel *“Kaleidoskoop van die Na-Oorlogse Sendingwetenskap”*.
[390] David Bosch (1991:1) *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*



© University of Pretoria

waar dit gaan oor Nuwe Testamentiese modelle van Sending en ook in die voorlaaste hoofstuk waar dit onder andere gaan oor die eskatologie. Dit spreek dus vanself waarom ook tekste uit die Johannes Evangelie in hierdie boek op twee hande getel kan word. As in ag geneem word dat die sendingparadigma van die New Age soos die van die "Emerging Missional Church"[391] geskoei word op die paradigma van David Bosch, is die afwesigheid van 'n aantal tog belangrike teologiese insigte volgens die Johannese literatuur en meer spesifiek Openbaring in die sending in die New Age, logies gesproke, voor die hand liggend. Die vanselfsprekende is dat die tekortkominge by Bosch dus noodwendig sal reflekteer in die sendingpraktyk van die kerke wat die sendingparadigma van Bosch slaafs sou na volg.

Bosch[392] se tekortkoming in sy boek haal hom inderdaad ook in in die voorlaaste hoofstuk van die boek voordat hy by die fundering van die sending uitkom. Voordat die tekortkoming uitgewys word moet sy definisie van sending eers aan die orde gestel word soos dit as uitkoms van sy nuwe sendingparadigma gestel word:[393]

> We do need a more radical and comprehensive hermeneutic of mission. In attempting to do this we may perhaps move close to viewing everything as mission, but this is a risk we will have to take. Mission is a multifaceted ministry, in respect of witness, service, justice, healing, reconciliation, liberation, peace, evangelism, fellowship, churchplanting, contextualization and much more. And yet, even the attempt to list some dimensions of mission is fraught with danger, because it again suggests that we can define what is infinite.
>
> Whoever we are, we are tempted to incarnate the *Mission Dei* in the narrow confines of our own predilections, thereby of necessity reverting to one-sidedness and

[391] Sien Marius Nel (2009) in *Missionary Perspectives in the New Testament*
[392] Bosch (1991:510)
[393] Bosch (1991:512)



© University of Pretoria

> reductionism. We should beware of any attempt at delineating mission too sharply. Our mission has to be multidimensional in order to be credible and faithful to its origins and character. So as to give some idea of the nature and quality of such multidimensional mission, we might appeal to images, metaphors, events, and pictures rather than to logic or analysis. I therefore suggest that one way of giving a profile to what mission is and entails might be to look at it in terms of six major "salvivic events"[394] portrayed in the New Testament.

Bosch bewoord sy definisie van sending as "Mission in many Modes". In die voorafgaande hoofstuk in die laaste paragraaf van sy publikasie fundeer hy sy meerdoelige sending definisie binne die konteks van die eskatologie. Hy skryf:

> If Margull (1962) was correct in referring to the evangelism dimension of our missionary calling as "hope in Action", it may be correct to label our entire, comprehensive mission in the context of our eschatological expectation as "action in hope". But then we must define our mission – with due humility – as participation in the *Missio Dei*. Witnessing to the gospel of present salvation and future hope we then identify with the awesome birthpangs of God's new creation.

Dit is byna 'n teologies tragiese ongeval dat Bosch[395] konstateer: "It is God who makes all things new (Rev 21:5). If we turn off the lighthouse of eschatology we can only grope around in darkness and despair". Hoe ironies dat Bosch feitlik nie eers raak aan die meer eskatologiese boeke van die Bybel nie soos Daniel as die Ou Testament ook in ag geneem word en dan by uitstek die totale afwesigheid van die hantering van die boek Openbaring wat na my mening ongetwyfeld die *opus magnum* is van 'n Bybelse eskatologie.

[394] 1) The incarnation of Christ 2) Christ death on the cross 3) Christ resurrection on the third day 4) Christ's ascension 5) The outpouring of the Holy Spirit at Pentacost 6) The parousia

[395] Bosch (1991:509).



© University of Pretoria

### 3.2.9 Die New Age

In kontras met "The Emergence of a Postmodern Paradigm" wat David Bosch "An Emerging Ecumenical Missionary Paradigm" noem, maak die evangeliese tradisie en sending van die New Age se paradigma meer gebruik van Skrifverwysings en indekse in hul publikasies en selfs ook die eskatologie soos ons dit te lese kry in die meer resente studie van John Piper.[396] In die Skrifindeks van hierdie studie vind ons 39 verwysings na tekste in Openbaring en daar word meer as een keer na sommige tekste verwys. Daar is drie en sestig verwysings na tekste in die Johannes Evangelie en daar word feitlik na al die tekste meer as een maal verwys. In die evangeliese tradisie word die werk van John Piper[397] hoog aangeslaan, veral die eerste sin van sy boek wat sy sendingparadigma bepaal en waarin hy skryf: "Sending is nie die hoogste doel van die kerk nie. Aanbidding is". Hierdie benadering van die sending bring ons by ‘n definisie en ook ‘n sendingparadigma van sending uit wat anders kan lyk as die van Bosch.

Op grond van Bosch se definisie van sending en paradigma van sending het in die New Age die Missionale sending beweging ontluik wat die terme gebruik "ontluikende" kerk en "missionale" kerk. Die ontluikende kerke beweging fundeer hul sendingparadigma aan die hand van Lukas 10. ‘n Kritiese opmerking hieroor is dat díe beweging hul sending ekklesiosentries individualisties fundeer en bibliologies uitgaan van ‘n enkele hoofstuk in die Bybel. Dit gee daartoe aanleiding dat díe beweging in netso ’n eensydigheid opgaan in die bereiking van hul doel van die sending as die sendingbeweging van die vorige era wat sending fundeer het op grond van Matteus 18:19-20 en Handelinge 1:8.

Dit is Crafford[398] wat in sy definisie van Sendingwetenskap die sendingwetenskaplike navorsingsresultate saamvat en die begrip "ekumene" en die ekumeniese roeping van die kerk

[396] John Piper (2003) *Let the nations be glad ! The Supremacy of God in Missions*
[397] John Piper (2003:1)
[398] Crafford (1989:7) *Sendingwetenskap Waarheen?*



© University of Pretoria

in ‘n latere publikasie[399] meer uitgebreid definieer. Hierdie uitgebreide definisie volgens Crafford skep ‘n breë raamwerk waarbinne die Sendingwetenskap ekumenies beoefen kan word en verder kan ontwikkel. Volgens hierdie definisie behels Sendingteologie eerstens teologiese navorsing oor die aard van God se bedoeling en handelinge met die wêreld. Tweedens behels Sendinggeskiedenis die beskrywing van die maniere waarop God se handelinge in die wêreld gerealiseer het. Derdens behels Sendingteorie die insameling en ontleding van inligting, statistieke, strategieë, strukture, skakeling, netwerkvorming en die ontleding van kontekste. Vierdens behels sendingpraktyk die metodiek en werkswyses van die Kerk. Vyfdens behels Religiekunde (*Theologia Religionum*) die bestudering en beoordeling van ander godsdienste, filosofieë, ideologieë en bewegings. Sesdens behels Ekumenika die bestudering van kerklike skakeling, samewerking en eenheidsbewegings op universele vlak oor alle bestaande grense heen.

Crafford[400] konkludeer as volg; “daar is geen beter manier om die universele hermeneutiese benadering van die Woord en die sending te hanteer as deur ‘n Ekumeniese benadering nie. Alleen vanuit ‘n Ekumeniese benadering kan daar nader beweeg word na die waarheid van God se Woord en opdrag en die koninkryk sentriese benadering van die sending”. Teologiese navorsing behoort in alle gevalle ekumenies so wyd en inklusief as moontlik gedoen te word met ‘n koninkryksentriese fokus.

### 3.3 Die teologie van die term sending

Verkuyl[401] verkies en gebruik die term Missiologie[402] as aanduiding vir die teologiese vakdissipline van die sending. Hy bied die volgende definisie van Missiologie aan:[403]

---

[399] Crafford (1993:1-17) *Een Liggaam – Baie Lede*
[400] Crafford (1993:17)
[401] Verkuyl (1978:1) *Contemporary Missiology an Introduction*
[402] Verkuyl (1978:2) *Contemporary Missiology an Introduction*. “Personally I prefer the internationally accepted term *missiology* for the sake of clarity and to broaden the uniform use of language”



© University of Pretoria

> Missiology is the study of the salvation activities of the Father, Son, and Holy Spirit throughout the world geared toward bringing the kingdom of God into existence. Seen in this perspective missiology is the study of the world wide church's divine mandate to be ready to serve this God who is aiming his saving acts toward this world. Independance on the Holy Spirit and by word and deed the church is to communicate the total gospel and the total divine law to all mankind. Missiology's task in every age is to investigate scientifically and critically the presuppositions, motives, structures, methods, patterns, of cooperation and leadership which the churches bring to their mandate, In addition missiology must examine every other type of human activity which combats the various evils to see if it fits the criteria and goals of God's kingdom which has both already come and is yet coming.

As daar gekyk word na die situasie van die NG Kerk in Suid-Afrika en sy drie teologiese fakulteite,[404] is die uiteenlopendheid en gebrek aan konsensus oor die term sending en die vak sowel as die teologiese opleiding duidelik waarneembaar. Eerstens die vermelding dat die Universiteit van Suid-Afrika, waar die bekende David Bosch al die jare professor was, die term Missiologie gebruik. Die Universiteit van Pretoria het 'n Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap en vul dit aan met 'n Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing. Die Universiteit van die Vrystaat het in hierdie verband twee afsonderlike departemente, naamlik Sendingwetenskap en Religiekunde. Dit word aangevul met die Jonathan Edwards Sentrum Afrika. Die Universiteit Stellenbosch het 'n eie rigting ingeslaan deur sy departemente byeen te bring onder drie dissiplinegroepe, naamlik Ou en Nuwe Testament, Sistematiese Teologie en Ekklesiologie, en derdens Praktiese Teologie en Missiologie. Laasgenoemde word aangevul deur verskeie sentra, onder andere die Beyers Naudé-Sentrum vir Publieke Teologie, Ekklesia, die Sentrum vir Bybelinterpretasie en -verklaring in Afrika, die Eenheid

[403] Verkuyl (1978:5)
[404] Sien die Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke 2014



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing en die Network for African Congregational Theology.

Die behoefte aan en aanvraag[405] wêreldwyd, na 'n basiese, meer bekostigbare en korter opleiding van sendelinge teenoor die normale jarelange teologiese opleiding aan hierdie drie universiteite kom ook wêreldwyd voor en word oor die algemeen nie bevredig nie. Die NG Kerk bevredig hierdie behoefte deur die Toerustingsburo vir Interkulturele Werkers aan die Hugenote Kollege in Wellington en die tweejaarkursus in Sending van die Hugenote Bybelinstituut ook in Wellington. Tans wend die meeste voornemende sendelinge hul tot privaat opleidingsinstansies soos The African School for Missions te Witrivier, die Bybelinstituut te Vishoek in Kaapstad en nie kerklike organisasies soos OM, SAAWE en WTB. Ekself het as sendeling hierdie behoefte raakgesien en in 1990 'n Bybelskool gestig,[406] waar mense opgelei kan word in basiese Bybelkennis en praktiese getuienislewering in die alledaagse lewe.

Die Suid Afrikaanse skool se definisie van sending kom duidelik na vore in die intreerede gelewer op 27 April 1989 by die aanvaarding van die professoraat en hoofskap van die Department Godsdiens- en Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, deur Prof. D Crafford[407] met die onderwerp "Sendingwetenskap waarheen?". Hierin betoog Crafford dat die Missiologie koninkryksentries benader moet word eerder as Teosentries, Ekklesiosentries, Kosmosentries of volgens enige ander benadering. In hierdie benaderings is daar wel waarheidsmomente, maar die regte relasie tussen God, wêreld en kerk kan alleen gevind word binne die ruimte van die Koninkryk van God. Die Missiologie moet dus so beoefen word dat dit God (Teosentries) se verhouding met die kerk as gestuurde

---

[405] Sien William David Taylor (Editor) (1991) *Internationalizing Missionary Training: A Global Perspective* se navorsingspublikasie van die "World Evangelical Fellowship Missions Commission" wat hierdie brandpunt volledig hanteer
[406] Sien Shai Mulder se verhaal wat die ontstaan en geskiedenis van die Bybelskool volledig beskryf
[407] Crafford (1989:14)



© University of Pretoria

(Ekklesiosentries) na die wêreld (Kosmosentries) omvattend beskryf. Met Sending in hierdie studie volg ek die benadering om die kerk as gestuurde na hierdie wêreld met 'n opdrag van God vanuit Openbaring koninkryksentries te fundeer.

Crafford[408] gebruik voorts die term "Sendingteologie", maar dan as aanduiding van 'n komponent of onderafdeling van die vakwetenskap Godsdiens- en Sendingwetenskap daarvoor. Crafford[409] is van mening dat die Missiologie swaar leun op die resultate van die Ou en Nuwe Testamentiese eksegese en teologie en op die gesistematiseerde bevindinge en riglyne van die Dogmatiek. Die Missiologie is volgens Crafford die teologiese besinning oor die openbaring[410] van God aangaande die sending en die ordening daarvan binne'n teologiese struktuur en die toepassing daarvan binne die sosiale konteks van die individu en die gespesifiseerde groep.

Dit is Charles Van Engen[411] wat in sy navorsing en nadenke oor die sending die navorsing bewus maak van 'n metateologie, 'n teologie hoe om navorsing te doen oor die Sending. Van Engen volg hierin drie beginsels na, naamlik:

1 The principle of an unquestioned faith in the Bible as fully inspired, divine revelation

2 The principle that the church is a hermeneutical community and let the Bible address people in their own contexts

3 The principle that the church in its study of Scripture must be a community that is always in mission to serve effectively as God's prophetic agent calling for the conversion and transformation of people, societies, and cultures.

---

408 Crafford (1989:8)
409 Crafford (1989:8)
410 Bosch (1991:494) sien sending as epifanie. "The making present in the world of God the Son and mediating the presence of God the Spirit, so mission concerns the world"
411 Van Engen (1996:9–11)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van Engen,[412] wat 'n deeglike studie gedoen het oor die Sending, verkies Sendingteologie as term, hoewel hy die afwisselende gebruik van die twee terme aanvaar. Die Missiologie word deur Van Engen[413] gesien as eerstens multidissiplinêr en bestaande uit 'n aantal komponente. Van Engen noem hierdie komponente "*cognate disciplines*", en dit sit hy volledig uiteen in sy publikasie en verduidelik dit skematies. Van Engen[414] wys op die belang van 'n Bibliologiese fundering van die Sending met 'n aanduiding van wat die doel van die sending is as die grondmotief vir die verstaan van Sending. Voorts lig Van Engen[415] Sending toe in belang van 'n metodologie van 'n Sendingteologie. Hy hanteer die belang van die teologie van die teks en die narratiewekritiek in verband met mekaar as metodologie vir die teologiese hermeneutiek in sy Sendingteologie. Ten slotte wys Van Engen[416] op die spesifieke areas waar die narratiewe lees van die teks vir die Sendingteologie van waarde kan wees.

Larkin en Williams[417] pas in 'n sekere sin hierdie beginsels van Van Engen toe in hul publikasie wat handel oor die Sendingteologie. Miller[418] in Larkin en Williams reken dat 'n Sendingwetenskaplike benadering tot die interpretasie van Openbaring die sleutel tot die verstaan van Openbaring en eintlik van die hele Bybel is. Dan stel hy drie uitkomste aan die orde as belangrik vir die verstaan van Openbaring en hanteer dit binne die bestek van 20 bladsye. Dit is die 1) Historiese agtergrond 2) Literêre genre 3) Interpretasie benadering wat gevolg word. Hy stel drie onderwerpe as interpretasiebenadering aan die orde vir 'n

[412] Van Engen (1996:17) "I see the two terms Theology of Mission and Mission Theology as interchangeable. However, I am beginning to find Mission Theology more appropriate than Theology of Mission"
[413] Van Engen (1996:19)
[414] Van Engen (1996:24) "Mission Theology shows a fundamental concern over the relation of the Bible to mission. It attempts to allow Scripture to provide the foundational motivations for mission, but also to question, shape, guide, and evaluate the missionary enterprise"
[415] Van Engen (1996:22-31) Hy hanteer vier sleutelaspekte van Sending wat hy noem "1) Integrative 2) Definitional 3) Analytical 4) Truthful"
[416] Van Engen (1996:65-68) "1) God's Trinitarian mission 2) God''s Wholistic mission 3) God's Universal Mission 4) God's Corporate Mission 5) God's Contextual Mission"
[417] Larkin en Williams (1998) *Mission in the New Testament An Evangelical Approache*
[418] Miller (1998:227)



© University of Pretoria

Sendingteologie van Openbaring, naamlik 1) Die kosmiese Jesus 2) Die konflik van die tydperke 3) Die be-eindiging van die tye.

Volgens Ott en Strauss[419] het ‘n Sendingteologie ‘n drieërlei taak, naamlik: 1) Provide clear Biblical Direction for the task of Mission 2) Accompany and scrutinize the foundations and practice of Mission 3) Hold forth the Missionary dimension of the Gospel to church and academy. In een van die jongste publikasies gebruik Ott en Strauss[420] die term Teologie van Sending wat hul sien as aanduiding van die teologiese fundering van Sending en onderskei dit van Sendingteologie, Missiologie en Bybelse Teologie van Sending. ‘n Bybelse teologie van Sending of dan die teologiese fundering van Sending is vir hul die studie in verband met die historiese ontwikkeling van Sending as teologiese tema in die Kanon. Volgens Ott en Strauss[421] sal die bronne vir navorsing in verband met die Sendingteologie ‘n viertal sake wees naamlik 1) The Bible 2) History 3) Social Sciences 4) Voices of the Global Church.

### 3.4 Teologiese fundering en doel van die sending

Die vrae wat onder die Sendingteologie aan die orde kom en hanteer word as nadere spesifisering van die navorsingsvraag is: Hoe word sending teologies fundeer[422] vanuit die Openbaring teks? en tweedens wat is die doel[423] met die sending in Openbaring? Die noodsaak aan die teologiese fundering[424] van die sending en teologiese doel met die sending raak met die verloop van tyd net al meer aktueel. Verkuyl[425] en Bosch[426] noem hierdie

[419] Ott en Strauss (2010:XII)
[420] Ott en Strauss (2010:XVIII) Met ‘n wisselterm daarvoor, naamlik "Missionale teologie"
[421] Ott en Strauss (2010:XXI)
[422] Die teologiese fundering van ‘n motief in ‘n afgebakende teks hanteer die spesifieke term en begrip van die motief in die teks
[423] Die teologiese doel van ‘n motief in ‘n afgebakende teks hanteer die spesifieke rol en funksie van die motief in die teks
[424] Sien J. Verkuyl (1978:89) *Contemporary Missiology an introduction* “The increased urgent need for a Biblical foundation”
[425] Sien J. Verkuyl (1978:89) “At the 1963 Mexico City world mission conference Dr. W. A. Visser ‘t Hooft presented a penetrating address, the gift of which was that mission was now in a “time of testing”, a period when the modern world was putting the mission enterprise to the test in a variety of ways”



© University of Pretoria

toenemende aandrang na die teologiese fundering van die sending en teologiese doel met die sending "a time of testing". In die lig van die toenemende belangstelling en navorsing in die laaste Bybelboek Openbaring en die eskatologiese en die morele dimensies van die sending neem die aktualiteitsvraag na sending in Openbaring verder hand op hand toe. Op navorsingsvlak word daar ook al meer gevra na meer as slegs die hantering van 'n aantal sendingperspektiewe, daar word met dringendheid gevra na die teologiese[427] fundering van Sending en doel met die Sending in Openbaring.

Die vraag na die fundering van die sending en die vraag na die doel met die sending kan nie anders beantwoord word as bibliologies nie, met ander woorde vanuit die Bybelse teks nie onderworpe aan die volledige wetenskaplik verantwoordbare hermeneutiese proses. Om dit te kan doen – soos dit in die studie gepoog word – is die verstaan van die historiese ontwikkeling vanaf die selfuitbreiding van die kerk tot die teologie van die sending vandag as teologiese vak, die Missiologie, en ook die vak se ontwikkeling tot vandag en terselfdertyd 'n studie oor die vernaamste bronne (literatuur), dus van kardinale belang soos dit hierbo gedoen is.

Verkuyl[428] dui twee publikasies[429] aan as aanduiding van hoe 'n Bibliologiese fundering van sending gedoen behoort te word, motiveer dit en hanteer daarna 'n aantal motiewe as aanduiding van hoe 'n Bibliologiese fundering van sending gedoen word.

> Our best help comes from biblical studies which are carried out with great attention to the basic structure of the Biblical message in all of its nuances as it relates to the

---

[426] Sien Bosch (1991:363-367) Hoofstuk 11 "The New Age Movement with its cocktail of myth and magic and its proclivity toward Eastern religions and systems of thought propagates a view in which all opposites are cancelled out, all barriers wiped out, all dualism superseded and all individualism dissolved into a universal, undifferentiated and pantheistic unity"
[427] Sien J. Verkuyl (1978:89) "During this "time of testing" we are having to learn to turn back to the Bible"
[428] Verkuyl (1978:89) Hoofstuk 4 *The Biblical foundation for the Worldwide Mission Mandate*
[429] J Blauw (1961) *The Missionary Nature of the Church* en A de Groot (1964) *The Biblical View of Salvation among the Peoples*



© University of Pretoria

> mission mandate and which help us relate the message to the present situation by providing hermeneutical pointers in addition to the exegetical material. More recently biblical scholars have taught us the importance of reading these texts in context and paying due regard to the various nuances.

Verkuyl[430] hanteer in Hoofstuk 7 van sy publikasie die doel van die Sending en motiveer die belang van die doel as volg:

> The goal of mission is an inescapable issue and one of great practical importance for it determines missionary strategy and the choice of means and methods.

Hy dui die doel van die sending koninkryksentries gefundeerd aan as volg:

> God by both his words and deeds claims that he is intent on bringing his kingdom to expression and restoring his liberating domain of authority. Biblically speaking is the kingdom of God a new order of affairs begun in Jesus Christ which, when finally completed by him, will involve a proper restoration not only of man's relationship to God but also of those between sexes, generations, races, and even between man and nature. This is the message of the prophets and this is what John saw in his visions recorded in the book of Revelation. The kingdom is the creation which has achieved its goal. Chaos will be overcome, every antimessianic tendency will have been erased and God's liberating acts will have reached their final goal. The whole of the church's deep and wide mission agenda must receive its focus and orientation in this kingdom perspective.

Vervolgens dui Verkuyl in sy publikasie 'n viertal doelstellings aan en daarna hanteer hy in hoofstuk 8 "ways and means" van die sending:

---

[430] Verkuyl (1978:176-204) Hoofstuk 7 *The Goal of Mission*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1) Leading people to a belief in Jesus as Messiah and to a confession of Him as Lord 2) Conversion 3) The Messianic Kingdom and the Messianic People 4) The Kingdom and the church's participation in the struggle against every form of human ill.

Metodologies is hierbo beredeneer dat daar 'n Teologie van Openbaring is en dat twaalf Teologiese motiewe in die teks onderskei kan word. Konkluderend saamgevat gaan dit in hierdie studie dus oor die Sending, naamlik die fundering van die sending van God vanuit die afgebakende teks en 'n aanduiding van die doel van die sending soos dit deur God van Godself openbaar gemaak word, en soos dit die ander rolspelers in die teks raak. In hierdie studie word die Sending meer spesifiek in hoofstukke 5, 6 en 7 hanteer en die afbakening en indeling word aangedui in die inhoudsopgawe van hierdie studie.

**4 Verwagte uitkoms en 'n aanduiding van wat nuut gedoen gaan word.**

In die lig van bogenoemde metodologiese uitgangspunte kan die verwagte uitkoms van hierdie studie met vermelding van enkele nuwe insigte, of ten minste 'n nuwe fokus op Sending in Openbaring, as volg puntsgewys aangedui word:

1 Eerstens word verwag dat hierdie studie beide die navorsingsgaping, soos dit inleidend tot hierdie studie hierbo aan die orde gestel is sal ophelder en dat dit in daardie opsig ook iets nuuts sal wees.

2 Tweedens word verwag dat hierdie studie ook 'n bydrae sal maak tot die navorsing van die teologie van die Openbaring boek. In hierdie geval is veral die identifisering en afbakening van die teologiese motiewe en die beskrywing daarvan in sommige gevalle 'n vernuwende benadering, veral die sketsmatige beskrywing van die teologie van Openbaring. Dit word gesteun en verder verduidelik by wyse van verskeie aanhangsels.



© University of Pretoria

3 Derdens word verwag dat die waarde en betekenis van die teologie van Openbaring en ook die inhoude van Apokaliptiese literatuur oor die algemeen in die teologie en veral in die teologiese fundering van die Sending as teologiese motief raakgesien sal word en sal waarde toevoeg aan die teologiese navorsing in geheel.

4 Vierdens word in hierdie hoofstuk ‘n metodologiese benadering aangedui en aan die orde gestel waarin veral ook die narratiewe kritiek en die navorsing oor Openbaring as narratief sowel as die sosiaal-wetenskaplike kritiek en navorsing oor die sosiale konteks van die tyd van die opskrifstelling van die Openbaringteks as uitgangspunte benut word.

5 Vyfdens sal die studie die belangrikste hoofrolspelers en ook die teologiese motiewe in belang van sendingfundering en die doel van die sending in Openbaring duidelik onderskei, aantoon, beskryf en motiveer. In elke hoofstuk sal dus duidelik aangetoon word wanneer ‘n rolspeler en/of ‘n teologiese motief daarmee saam hanteer word.

6 Sesdens kom spesifiek die term en begrip "moraliteit" tot sy reg in terme van die drie kategorië, naamlik identiteit, etos en etiek. Dit word beskryf, opgehelder, duideliker afgebaken en toegepas in hierdie studie. Die begrip "moraliteit" kom hoofsaaklik tot sy reg in die diakonologiese hoofstuk 5 en in die ekklesiologiese hoofstuk 6.

7 In die sewende plek word die term en begrip "sending" en “sending as teologiese motief” in die Bybelboek Openbaring in hierdie studie duideliker omskryf en word die vak Missiologie ook duideliker gedefinieer. In hierdie verband sal Nuwe-Testamentiese teologie en Missiologie mekaar ontmoet in die sin dat dit ‘n



© University of Pretoria

brug kan slaan tussen die twee teologiese departemente van die teologiese opleiding, en wisselwerking op 'n beter grondslag kan plaas.

8 Agstens sal die sending vanuit Openbaring in Hoofstuk 7 teologies gefundeer en die doel van die sending aangedui word om 'n praktykteorie daar te stel vir die Sending vanuit die Openbaringteks.

9 In die negende plek word in die studie in Hoofstuk 7 saam met 'n teologiese fundering van Sending 'n teologies-praktykgerigte teorie of paradigma aangebied vir toepassing in die praktyk van die kerklike bediening van vandag, plaaslik en universeel, veral in die sendingpraktyk van vandag. Hierdie teorie of paradigma sal teologies verantwoordbaar wees en sal hoofsaaklik vir die Missiologie van waarde wees.

10 Die verhouding tussen die Openbaringteks as Nuwe-Testamentiese teologie en die Sending, soos dit in hierdie studie tematies hanteer word as "Sending in Openbaring", word in die tiende plek duideliker onderskei en gehandhaaf.

11 In die elfde plek word gehoop dat toekomstige navorsers oor Sending Openbaring-tekste sal gebruik as verwysing in alle gevalle waar sending as onderwerp of teologiese motief hanteer word.

12 Laastens word met hierdie studie gepoog en verwag dat dit 'n bydrae sal lewer tot 'n groter skakeling en samewerking tussen die twee vakdissiplines Nuwe Testament en Missiologie, en dat dit ook ekumenies 'n impak sal maak.

Konkluderend word hiermee die verwagting gestel dat hierdie studie grootliks 'n bydrae sal lewer in die kerk se strewe na ware aanbidding – aanbidding in Gees en in Waarheid.[431]

[431] Sien Johannes 4:23, 24 en Openbaring 4:9–10



© University of Pretoria

Daarmee word dan die verwagting gekoester dat die Sending in Openbaring vir die getuies van Jesus en die kerk van vandag 'n rigtingwyser sal wees op die pad na ware aanbidding as 'n oorwinningslewe, en 'n blik sal gee op die nuwe simboliese universum as 'n vorm van ewige lewe waarin die nuwe stad van suiwer goud gebou is,[432] en waar die mense nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig het nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en waar hulle tot in alle ewigheid saam met Hom sal regeer,[433] soos dit aan die skrywer en sy lesers openbaar gemaak word in die teks van Openbaring.

## 5 Navorsingsdoel

Die doel van hierdie studie kan na 'n verkennende deurwerk van die teks, die nagaan van die navorsingsgeskiedenis en die vasstelling en afbakening van die navorsingsveld duideliker geformuleer en samevattend neergeskryf word om die navorsingsvraag te kan beantwoord en om die beoogde doelstellings te kan bereik. Die doel is om 'n fokus te plaas op Sending as teologiese motief in Openbaring.

Die doelstellings word bereik deurr hoofsaaklik die teologiese motiewe en rolspelers aan te dui. Die skrywer as dienaar (1:1), gelowige (1:9) en getuie (1:9) kry die roeping en opdrag as dienaar en getuie (1:11) om die Openbaring op te skryf en aan die kerke te stuur. Dit kom direk van die sendeling Jesus self (1:12-20) wat sy engel gestuur het op grond daarvan dat God self ook sy engel gestuur het om die Openbaring aan die opskrywer daarvan te openbaar (22:6).

Die bedoeling met hierdie opdrag is om uit elke nasie, stam, taal en volk (14:6–7), alle bewoners van die aarde, deur die opgeskrewe Openbaring op te roep en te bring tot die aanbiddding van die Here God wat op die troon sit deur die opgeskryfde en gestuurde

[432] Sien Openbaring 21:18
[433] Sien Openbaring 22:5



© University of Pretoria

profetiese verkondiging van alles wat opgeteken is in die Boek, en dit te doen deur die getuienisse van die dienaars van God (4:2 en 10). Vir hierdie sending is die sewe Geeste van God wat die profesie en ook die boodskappe gegee het, na die getuies en die kerke (19:10) oor die hele aarde uitgestuur (5:6). So kom die werking van die Gees van God (Pneumatologie) in Openbaring duidelik na vore. Die getuies en die kerke as gestuurde agente se rol, met die fokus op hul eie moraliteit, word by wyse van sewe boodskappe (2–3) en vervolgens ‘n aantal visioene (5–22:5) binne die konteks van kosmiese rampe en teenkanting deur die Simboliese Draak en sy agente uitgespel. Die uiteindelike oorwinning van die getuies van Jesus oor die vyandelike teenparty met die terugkeer van die Lam soos ‘n Ruiter op ‘n wit perd as Oorwinnaar oor die vyand en sy onderdane, word aangedui, en ook die getuies en die kerke se rol en se plek hierin word aangedui en verseker (22:6–21).

Bykomstig as doel verbreding van hierdie studie is om in die besonder ‘n bydrae te lewer tot die sending as ‘n teologiese motief in Openbaring, en dit te doen deur hoofsaaklik te werk met die teks van Openbaring en spesifiek ‘n aantal teologiese motiewe soos dit in Openbaring na vore kom en in verband met mekaar staan te hanteer. Daarom is hierdie ‘n Nuwe-Testamentiese teologiese studie met ‘n fokus op die Sendingmotief in Openbaring, maar in ‘n duidelike verband met al die ander teologiese motiewe.

‘n Verdere verbreding, om ‘n fokus te plaas op Sending in Openbaring, behels om die Sending as teologiese motief in Openbaring duidelik te definieer, te interpreteer en ‘n toepassing te maak vanuit die Openbaring teks. Die bedoeling hiervan is om die Sending van God as teologiese motief, vakwetenskaplik gestel die Missiologie, in afhanklikheid en wisselwerking met die ander teologiese motiewe vanuit die Openbaringteks teologies te fundeer. Die doel word dan bereik deur die navorsingsgaping – die gebrekkige benutting en korrekte gebruik van die Openbaringteks in die teologie van die Sending – te vul. Die



© University of Pretoria

doelstellings van die studie word vervolgens as navorsingsmodel uiteengesit en struktuur word ook aan die inhoudelike gegee.

Samevattend behels die doel van hierdie studie om Sending as teologiese motief in Openbaring vanuit die Openbaring teks te fundeer in verband, in samehang en in wisselwerking met die ander teologiese motiewe in Openbaring. Die Sendingfundering word hoofsaaklik gedoen in die laaste hoofstuk as die hoofstuk oor die Sending as teologiese motief nadat van die ander teologiese motiewe vanuit 'n sendingperspektief aan die orde gestel is, en is ook meer gerig op die praktyk van Sending; met ander woorde, 'n praktykgerigte toepassing van die teologie van Openbaring.

## 6 Navorsingsmodel en struktuur van inhoud

Ter inleiding is eerstens met hierdie studie die navorsingsvraag gestel en die navorsingsgaping aan gedui en verduidelik. Vervolgens is die geskiedenis van die navorsingsveld deeglik na gegaan; die studieveld afgebaken; die navorsings doel is bepaal en aan gedui. 'n Navorsingsmodel en struktuur van die inhoud word nou vervolgens hier aangebied. Tweedens is dit noodsaaklik om die metodologie van enige studie te verduidelik en dit word in hierdie hoofstuk gedoen. Derdens is dit noodsaaklik om in 'n teologiese studie die belangrikste rolspelers[434] en teologiese motiewe[435] te identifiseer en aan te dui, veral in die Openbaringverhaal, om struktuur en inhoud aan die studie te gee; met ander woorde, om 'n navorsingsmodel op te stel en sodoende ook die "hierargiese geheel" te kan verstaan en te kan interpreteer.[436] Dit word vervolgens hiermee gedoen.

[434] Sien Aanhangsel A vir die Rolspelers sketsmatig voorgestel
[435] Sien Aanhangsel B en C vir die teologiese motiewe in Openbaring
[436] Sien Van der Watt (1991:102) *Teologie in konteks*



© University of Pretoria

Du Rand[437] stel voor dat Openbaring gelees word soos ‘n dramatiese vertelling omdat die boek ‘n bepaalde funksie het. Hy reken dat in die vorm van ‘n vertelling of verhaal raak die hoorder en lesers betrokke by hul eie lewenslot. So ‘n verhaal het ‘n plot of plan van vertelling wat algaande ontvou tot ‘n spesifieke fokus. Die opbou en indeling van die verhaal word volgens Du Rand met bepaalde luisterstrategieë opgevang. Die breë kontoere van die indeling van die verhaal en die volgorde waarin dit in hierdie studie aangebied word het ten doel om die Openbaring verhaal teologies in sy geheel beter te verstaan. Hoewel sekere teologiese motiewe in die Openbaring teks nie teologies ontwikkel is nie[438] dui ek tog, ter wille van die teologiese verstaan en ontwikkeling van die verhaal, die teologiese motief aan waarbinne dit wel binne die teologie tuisgebring sou kon word.

Die struktuur van die inhoud van hierdie studie word as volg ingedeel en aangedui:

1 Die een trinitariese God:[439] Die Here God (Doksologie), die Lam (Christologie) en die Gees (Pneumatologie)

Enige navorser van Openbaring sal toegee dat die kern van Openbaring die Een op die troon is (Openbaring 4) wat geskep het en aanbid moet word. In verhouding met Hom wat op die troon sit, staan die Lam wat geslag is (Openbaring 5), die eerste wat uit die dood opgestaan het en wat weer kom. Hy is ook die Iemand, soos die Seun van die mens, wat gestuur is om midde in die kerk te wees (Openbaring 1:9–20), wat die geloofwaardige getuie is en tot in ewigheid regeer. Die sewe vlamme rondom die troon (Openbaring 4), wat ook die sewe oë van die Lam is (Openbaring 5), is die sewe Geeste van God wat oor die hele aarde uitgestuur is. Die kern van hierdie saak is om aan te toon dat die Skepper en die hele skepping saam rondom die troon doksologie is, met ander woorde die verheerliking van God, *Gloria Dei.*

[437] Du Rand (2007:45-47)
[438] Sien byvoorbeeld die Missiologie, diakonologie en Ekklesiologie
[439] Sien Hoofstuk 2 van hierdie studie



© University of Pretoria

## 2 Die hele skepping (die heelal)[440]

In hierdie hoofstuk sal die plek en rol van verskeie rolspelers en gebeurlikhede van belang in Openbaring en veral van belang vir die Sending in Openbaring verduidelik en vertolk word. Dit is aspekte soos die Skepper en sy skepping (Bybelse Kosmologie), engele en die draak (Engelelogie en Satanologie), die mensdom (Bybelse Antropologie) en die losgekooptes (Soteriologie), en die oordeel en die nuwe skepping (Eskatologie). Dit word in verband gesien met die ander teologiese motiewe, en kan nie daarsonder korrek verstaan word nie.

Vir die Skepper gaan dit oor sy eie verheerliking (Doksologie) en dus is die "Gloria Dei", die Alfa en die Omega van God se hele skepping. So gesien, kan die hele skepping nie anders as om die Skepper te aanbid nie, en is aanbidding dus die getuienis van die Goddelike verheerliking. Vir die sending sou dit dan beteken dat daar deurlopend getuig word van God se plek en rol as Skepper van alle dinge (Pantokrator) in Openbaring en die wêreld van vandag, en veral dat die kerk en die dienaars God representeer en demonstreer deur aanbidding, diens en getuienis lewering; veral om God te representeer en God se wil te demonstreer deur getrou aan hul godgeskape identiteit moreel korrek op te tree volgens die gebooie van die Here God, die Skepper, volgens die getuienis van die Lam, die verlossing en die ewige hiernamaals en volgens die profesie van die Gees, die sending oor die hele aarde.

## 3 Die nuwe skepping (Eskatologie)[441]

Vir die skepping en die mens kom alles tot 'n einde, of anders gestel, daar sal 'n nuwe begin kom. Enige studie van Openbaring kan slegs sinvol verstaan en verklaar word as 'n toepassing vir vandag gemaak word van die einde wat sal kom, en natuurlik van hoe dit sal kom. Indien aanvaar word dat die genre van Openbaring apokaliptiese eskatologie is, moet dit uit die aard van die saak verduidelik word en aangetoon word dat die sending ook tot 'n

[440] Sien Hoofstuk 3 van hierdie studie en Ekskursies 18,19, 20 en 21.
[441] Sien Hoofstuk 4 van hierdie studie en Ekskursie 24: Die Eskatologie in Openbaring



© University of Pretoria

einde sal kom. Die belangrike is dat die kerk besig sal wees met aanbidding in ‘n konteks van gestuurdheid met die verwagting en uitroep dat die einde gou sal kom. Dat die einde egter die oorwinning oor die draak en sy volgelinge sal wees, moet duidelik aangetoon word en in afwagting hiervan roep die bruid en die Gees saam uit: “Kom Here Jesus!"

4 Die dienaars/getuies/gelowiges (diakonologie)[442]

Die terme en begrippe "getuie", "dienaar" en "gelowige" kom male sonder tal voor in die teks. Dit gaan hier oor die lede van die kerk en hul posisie, aanstelling, opdrag, gedrag, taak, toerusting, plek en tyd van optrede, en hul teenstanders. Die dienaars en mense uit elke volk, stam, taal en nasie word opgeroep tot bekering en volharding as verteenwoordigers van God wat God representeer, dien en demonstreer. In die tyd toe Openbaring geskryf is, was daar sewe kerke met enkele getuies. In die eskatologie word verwag dat die getal van die dienaars en die getuies ‘n voltal sal bereik, naamlik 144 000. Dié simboliese getal is aanduiding van die mense in die nuwe skepping (simboliese universum) van die hiernamaals in die Hemel wat sal kom deur ‘n kosmiese ingryping van die Skepper. Die beweging na die bereiking van hierdie voltal veronderstel implisiet ‘n sendingtrajek van die huidige situasie na die toekomstige hiernamaals – die eskatologiese toekomsverwagting. Hierdie aspekte van die kerklidmate as sendelinge van vandag moet duidelik aangetoon word en van toepassing gemaak word op die sendelinge van die dag.

5 Die kerk (Ekklesiologie)[443]

Die plek en rol van die kerk sou in sodanige studie eenvoudig nie uitgelaat kan word nie. Hier gaan dit oor die simboliek van die sewe kerke, hul geestelike leiers, in die hand van die Iemand soos die Seun van die mens tussen die kerke, die sewe boodskappe aan die sewe kerke en veral die moraliteit gesien as die identiteit, die etos en etiek van die kerke, eers as

[442] Sien Hoofstuk 5 van hierdie studie en Ekskursie 23: Die twee getuies.
[443] Sien Hoofstuk 6 van hierdie studie en Ekskursie 26: Die term en begrip kerk



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getuies op aarde en daarna as die bruid van die Lam en dan ook as die vrou van die Lam vir ewig en altyd. Hierdie toekomsverwagting van die kerk dat daar ‘n weggrype sal wees en ‘n nuwe lewe sal kom in die toekomstige eeu, word die simboliese universum genoem. Die begrippe geseëndes, verseëldes en uitverkorenes speel in die identiteitsbepaling van die kerke ‘n belangrike rol. Die omgekeerde gedagte van sending – dat mense opgeneem word in die aanbiddingsgemeenskap (kerk) en ‘n dienaar en sendeling word deur omvattende getuienislewering volgens die begrip “marturia” – kom ook hier duidelik na vore. Die kern van die saak is natuurlik die volledige kerk as gestuurde (Missio Ecclesia) en die toepassing daarvan in die eietydse konteks.

## 6 Die Sending (Missiologie)[444]

In hierdie hoofstuk word die betekenis en inhoud van die term en begrip "sending" uitgeklaar sowel as die sendingopdrag in Openbaring oftewel die fundering van die sending soos die Sendingwetenskap daarna vra. Ander aspekte van die sending – soos visie, missie, doel, strategie en ook die einde van die sending – word hanteer. Die Theologia Religionum – die Teologie van die Godsdienste – soos dit in Openbaring aan die orde kom, kan ook hier hanteer word omdat die sending die plek is waar die ontmoeting tussen die algemene kerk as Christendom en die ander godsdienste in die wêreld plaasvind.

Die sending van die sewe Geeste bring die begrippe sending, as Missio Trinitatis Dei, en die Openbaring wat opgeskryf is as profesie en aan die kerke gestuur is, en die sendingopdrag aan die kerke, bymekaar. Hier sal aangetoon word dat die doel van die Sending die aanbidding van God behels en die aanbidding van God neerkom op die verheerliking van God, die *Gloria Dei*. Missiologies gesien, sal hier dus gepraat word van die Missio Trinitatis Dei en van die Missio Ecclesia.  Die Here God stuur die Seun van die mens, die Lam wat

[444] Sien Hoofstuk 7 van hierdie studie en Ekskursie 28: Die problematiek rondom die term en begrip sending



© University of Pretoria

geslag is, na die kerke; die Lam stuur die sewe Geeste na die wêreld; die sewe Geeste stuur die profesie/boodskap na die dienaars; en die dienaars word gevolmagtigde, gestuurde getuies van die kerk as gesante in en na hierdie wêreld. Deur die sending van die boodskap van die Openbaring – alles wat binnekort moet gebeur – skep die skrywer nou 'n komende en toekomstige nuwe hemel en aarde, 'n alternatiewe simboliese universum, waar die Here God op die troon die Heerser is, en nie die god van ander of die keiser nie. Openbaring 22:3 en 6 stel dit duidelik: "Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

Samevattend behels die navorsingsmodel van hierdie studie eerstens na die inleiding 'n verduideliking van die metodologiese benadering en uitgangspunt wat in Hoofstuk 1 hanteer word. Tweedens word die vername rolspelers in hierdie verhaal geïdentifiseer en gehanteer in verband en in wisselwerking met die teologiese motiewe in Hoofstukke 2 tot 6. In Hoofstuk 7 – die finale hoofstuk – word die doel van die studie bereik deur die navorsingsgaping te vul soos in die inleiding aan die orde gestel is en word die fokus op Sending in Openbaring geplaas met as die plot van die verhaal wanneer die Here Jesus kom volgens Openbaring 22:20. Die inhoudsopgawe en indeling van hierdie studie dui die struktuur van die inhoud van hierdie studie duidelik aan. Die volgorde van die hantering van die onderwerpe word so ingedeel sodat 'n logiese storielyn gevolg word met die laaste hoofstuk aangaande die sending/koms van Jesus as plot.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

## GOD, CHRISTUS EN DIE GEES

### Inleidend

Die doel van hierdie hoofstuk is om eerstens die Identiteit van die Here God[445] as die Trinitariese[446] Skeppergod as rolspeler in Openbaring en as die eerste Subjek in die relasie met die geskapene as tweede subjek vas te stel vanuit die Openbaringteks. Die teologie van Openbaring begin by God en eindig by God[447] volgens Du Rand[448] en Bauckham.[449] Tweedens word die spesifieke misterieuse werking van God in die ganse Skepping sowel as die regering,[450] onderhouding,[451] en medewerking[452] daarvan van elk van hierdie drie Goddelike persone teologies hanteer en toegelig.[453] In hierdie hoofstuk kom die Identiteit en die werking van God Drie-enig as 'n etiese persoonlikheid[454] en as sodanig hoofsaaklik in terme van die teologiese motiewe die Doksologiese, Christologiese en Pneumatologiese, aan die orde.

In hierdie hoofstuk gaan dit oor die Openbaring van die Trinitariese God volgens die Openbaringverhaal in terme van drie onderskeidende teologiese motiewe, naamlik:

1 Die Here God, die Almagtige[455]

2 Jesus Christus, die Lam[456]

[445] In die Godsdienswetenskap dikwels die Misterium Tremendum genoem. Sien Boshoff (1987:3) in *Fenomenologie van die Godsdiens*. Ek sal ook hierdie term gebruik in die studie
[446] Sien Bauckham (1993:23) "Almost from the outset of his work John depicts the divine in threefold terms"
[447] Bauckham (1993:23) "The theology of Revelation is highly theocentric. It begin with God and will both constantly and finally return to God"
[448] Du Rand (2007:64)
[449] Bauckham (1993:23)
[450] Latyn: gubernātiō, ōnis *f* steering; direction; control
[451] Latyn: conservātiō, ōnis *f* keeping; preservation
[452] Latyn: concursiō, ōnis *f* concourse; meeting; repitition
[453] Sien Durand (1982:68) in Skepping, mens, voorsienigheid
[454] Sien Boshoff (1987:37) in *Fenomenologie van die Godsdiens*
[455] Doksologie
[456] Christologie



© University of Pretoria

3 Die sewe Geeste van God[457]

Die Here God, die Almagtige, is die Een op die troon wat aanbid moet word, Jesus Christus is die Lam, die eerste wat uit die dood uit opgestaan het, en wat die Geloofwaardige Getuie is wat as Koning en Heerser gestuur is om te oorwin en te oordeel, en dit is die Gees, die sewe Geeste van God, wat die profesie gegee het, wat gespreek het en wat oor die hele aarde uitgestuur is.

Die kernteks, *locus classicus standi*, as uitgangspunt waaruit die Triniteit van God en Misterium Tremendum in Openbaring en in hierdie studie gefundeer word, is Openbaring 19:10: “Aanbid **God,** want dit is **Jesus** wat die getuienis gelewer het, en dit is die **Gees** wat die profesie gegee het”. Die teologiese identiteit as wese van die drie persone van God Drie-enig word dus in hierdie hoofstuk aan die orde gestel en daarmee saam die hoedanigheid of, anders gestel, die mees algemene werking of werkinge van elke Goddelike Persoon afsonderlik. Die leer of ‘n Bybelse teologie[458] aangaande die Identiteit en werking van die Drie-Enige God staan duidelik uit in die sistematies-teologiese navorsing en staan ook sentraal in Openbaring. Dit maak ook die sentrum van die inhoud en boodskap van Openbaring uit en konstitueer dus as sodanig die Trinitariese gefundeerdheid sowel as Trinitariese gerigtheid van Openbaring as teks volgens Coetzee.[459]

Die opvallende, unieke en eiesoortige seëngroet in Openbaring 1:4–6 wat nêrens elders in die Bybel gevind word nie, “Genade en vrede vir julle van **HOM**…, en van die sewe **GEESTE** voor sy troon, en van **JESUS CHRISTUS**…” plaas Openbaring binne ‘n opvallend trinitariese sowel as pneumatologiese perspektief. Die trinitariese seëngroet in die proloog

[457] Pneumatologie
[458] Sien op hierdie punt drie van die bekendste Suid-Afrikaanse dogmatici, soos Heyns *Dogmatiek* (1978) Hoofstuk 3, 10 en 11 en Durand en Jonker se reeks *Wegwysers in die dogmatiek* Band 1 *Die Lewende God* (1976), Band 2 *Christus, die Middelaar* (1977) en Band 4 *Die Gees van Christus* (1981)
[459] Coetzee (1990:267)



© University of Pretoria

bevestig die trinitariese[460] gefundeerdheid en gerigtheid bo redelike twyfel volgens Coetzee.[461] Coetzee wys ook op die uitsonderlike volgorde God-Gees-Jesus en beweer dat dit 'n duidelike klem plaas op Jesus, en meer spesifiek op die Christologie as teologiese motief. Hy beweer voorts dit plaas ook klem op die Goddelike persoonlikheid van die Gees, met ander woorde op die Pneumatologie as teologiese motief, sowel as die wedersydse werking van die Gees en die besondere plek en belang daarvan in die Godsleer, alternatiewelik die Sistematiese teologie en dus ook in die teologie van elke Bybelboek afsonderlik.[462] Die hele Openbaringverhaal open met 'n visie op die "Een op die troon", dit is die "Gees" wat die visie gee en die Persoonlikheid in die visie is "Iemand soos die Seun van die mens". Die logiese benadering van 'n teologiese navorsing van enige teologiese motief van die boek Openbaring kan dus feitlik nie anders benader word as trinitaries-teologies nie, en dit is die uitgangspunt in hierdie studie.

## 2.1 God (Doksologie)

### 2.1.1 Die Here God, die Almagtige (Die Misterium Tremendum)

Die mens as geskapene, as enkelbestaande substansie, is van 'n eie identiteit bewus en staan dus eerstens in 'n verhouding met die self. Hierdie selfbewussyn word gebalanseer deur twee steunpunte, naamlik dié van die transendente en immanente bewussyn. Wanneer daar tussen twee steunpunte 'n verband gelê word en daar gebeur iets, kom 'n verhouding tot stand,[463] want 'n verhouding veronderstel die feit van ten minste twee steunpunte. Die term "verhouding" is 'n abstrakte begrip wat eers met inhoud en betekenis gevul word wanneer daar 'n relasie bestaan tussen ten minste twee steunpunte.

---

[460] Sien Bauckham (1993:24) "John is unique in giving the standard form of salutation a Trinitarian character"
[461] Coetzee (1990:267-268)
[462] Coetzee (1990:267) skryf: "Deur die uitsonderlike volgorde word die Gees direk verbind aan en in noue werksverhouding met sowel die Vader as die Seun geplaas"
[463] Sien Heyns (1974:79) *Die mens*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die selfbewussyn van die mens is enkel en alleen ‘n menslike bewustheid; met ander woorde, dat die mens voortkom uit iets of iemand anders wat die oorsaak is van sy bestaan. In hierdie bestaan van die mens vra die mens voortdurend na die begin asook die einde van dit alles, en daar word dus deurlopend gesoek na die oorsprong van die eerste mens en ook die oorsaak van die bestaan van die eerste mens. Hierdie soeke lei noodwendig tot die vraag na iets misterieus wat groter en gans anders is as die mens self, en die mens voorafgegaan het. Hierdie verskynsel of fenomeen[464] word in die nadenke van die mens oor die misterieuse, die “misterium tremendum” of die “gans andere” genoem.

Die volgende vanselfsprekende vraag is of daar enige relasie bestaan of verhouding tot stand kan kom tussen die menslike bestaanswyse van die enkel substantiewe mens met die “misterium tremendum”. Dit veronderstel aan die een kant dat die mens die “misterium tremendum” moet soek en vind sodat ‘n verhouding tot stand kan kom, of dat die “misterium tremendum” van die anderkant af die inisiatief sal neem om in verhouding te tree met die mens. Hierdie verskynsel van soeke na die totstandkoming van ‘n verhouding tussen die mens en die “misterium tremendum” word genoem die fenomenologie van die godsdiens,[465] waar godsdiens die begrip is wat die relasie tussen die mens en die “misterium tremendum” aandui. Die fenomenologie van die godsdiens het as funksie en taak die bestudering en navorsing van die vaste verskyningsvorme van enige en alle beweerde verhoudings tussen die mens en die “misterium tremendum”.

Daar is ‘n Noord-Sotho/Sepedi spreekwoord wat lui: “Die mens is ‘n mens deur ander mense”.[466] Tereg beweer Boshoff[467] die mens is wat hy is as gevolg van die samelewing as ander steunpunt wat in die agtergrond van sy bewussyn is. Die mens is natuurlik ook gebore

[464] Boshoff (1987:3)
[465] Boshoff (1987:7)
[466] Sien Sepedi: *Motho ke motho ka batho*
[467] Boshoff (1987:39)



© University of Pretoria

vanuit die mens en deur die toedoen van die mens. Die vraag is nou: Hoe is die mens mens? En dit is 'n vraag in die antropologie. Die antwoord sou iets kon wees soos dat die mens mens is in relasie tot homself, ander mense en gode; met ander woorde, hier is van 'n verhouding of veelvuldigheid van verhoudinge ter sprake.

Indien die uitgangspunt is dat die "misterium tremendum", die gans andere of transendente,[468] is wat die menslike immanente bestaansvorm en wyse voorafgegaan het, is die bepaling van die korrelasie van die verhouding voor die hand liggend. Dié wysgerige terme as begrippepaar – transendensie en immanensie, wat "bo uitgaan" en "binne bly" beteken – kan volgens[469] Durand goedskiks gebruik word om die korrelasie te bepaal. Die moontlikheid van 'n subjek-subjekverhouding vanuit die korrelasie beginsel is die eerste moontlikheid wat ondersoek moet word as die mees waarskynlike relasie. Die "misterium tremendum" is transendent in soverre dit die menslike bewustheid te bowe gaan en nie daarmee saamval nie, en immanent in soverre dit bewustelik by die mens voorkom. Die transendente sal ons voortaan ook die pneumatologiese of geestelike bestaansvorm noem, en die immanente sal ons voortaan ook die antropologiese of menslike bestaansvorm noem.[470]

Aangesien daar 'n oneindige, kwalitatiewe verskil tussen die "misterium tremendum" en die mens aanwesig is, is dit duidelik dat alle direktheid en onmiddellikheid in enige verhouding uitgeslote is. Die vraag is nou hoe 'n verhouding met 'n monoteïstiese uitgangspunt tot stand kom of tot stand gekom het of dalk tot stand gaan kom, of in al drie gevalle waar kan wees.Tog is daar 'n verhouding moontlik en dit deur die "Openbaring", en dit is die heel eerste woord wat ons lees in Openbaring 1:1. Die woord beteken dat dit wat transendent of verborge is, geopenbaar of bekend gemaak word aan die mens of immanensie verkry, en 'n

[468] Sien Bauckam (1993:43) "The image of God as trancendance ruler and judge has been frequently and severely criticized in much recent theological discussion"
[469] Durand (1976:40) *Die Lewende God*
[470] Durand (1976:41) *Die Lewende God* omskryf die begrippe as volg: Transendensie = **God** openbaar Homself; Immanensie = God **openbaar** Homself; In die Subjek-subjek verhouding = God openbaar **Homself**]



© University of Pretoria

verhouding dus kan bestaan tussen die transendente "Misterium Tremendum" en immanente mens. Die subjek van hierdie openbaring is dan die "Misterium Tremendum" met die naam die Here God. Hierdie benaming word hoofsaaklik gebruik in Openbaring as die naam van die "Misterium Tremendum".

Die Openbaring is met betrekking tot die mens die objektiewe gebeure waarin die Here God self as subjek handelend optree, en wel so dat Hy in sy openbaring deur die mens geken kan word, en so word hy vir die mens begrypbaar en kenbaar. Dadelik moet dit egter duidelik gestel word, soos Heyns en Jonker[471] dit doen, dat daar in hierdie een openbaring van God aan hierdie een kreatuurlike werklikheid 'n duidelike veelvormigheid aanwesig is. Daar sal dus nie gepraat kan word in terme van die eenvormigheid of enkelvoud en ook nie van 'n objektiewe volledigheid van die openbaring nie. Dit gaan in die Openbaring oor God self en sy skepping as openbaring, en in die besonder oor die verhouding tussen God en sy skepping en skepsele.

Wanneer die verhouding tussen God en mens dan aan die orde kom, is ons uitgangspunt die monoteïstiese uitgangspunt, naamlik dat die transendente God met die immanente mens in verhouding tree. Die openbaring van God word volgens 1:11 deur 'n mens opgeskryf, en so word die Bybel "Gods woord in mensetaal".[472] In die oorsprong van die Bybel vind die ontmoeting tussen die "misterium tremendum" en die immanente mens plaas met betrekking tot die immanente vormgewing aan die openbaring van God. So gesien, is dit duidelik dat die inhoud, die openbaring van God, kom in die vorm van die mens. Vir 'n nadere bepaling van die verhouding tussen God en mens as die relasie tussen inhoud en vorm, is die vertrekpunt dat God Hom openbaar aan die mens as die skeppende en sprekende God.[473]

[471] Heyns en Jonker (1977:151) *Op weg met die teologie*
[472] Sien A.H. van Zyl (1975:2) *Gods Woord in Mensetaal*
[473] Sien Heyns (1983:20) *Teologiese Etiek* vir 'n vollediger verduideliking van hierdie saak



© University of Pretoria

Die Openbaring van sy identiteit en hoedanigheid doen God self deur Hom aan mense te openbaar, deur profete te stuur, sy Seun te stuur, transendente of geestelike wesens (engele) te stuur,[474] mense drome te laat droom, gesigte te laat sien, dit wat God self doen mense te laat doen, en ander mense deur God se toedoen te laat doen en te laat gebeur, en deur mense te laat praat en skryf oor wat hulle sien en beleef, en dus so aan hulle geopenbaar word. Wanneer Johannes oor homself skryf in Openbaring 1:10, dat hy "deur die Gees meegevoer is" en 'n "stem hoor sê", is dit ietwat van 'n transendente ervaring wat hy beleef. Malina en Pilch[475] skryf van hierdie ervaring van Johannes as 'n "altered state of consciousness" (ASC). Hul pleit dan vir 'n sosiaal-wetenskaplike verstaan van ASC waarin die "misterium tremendum", engele en demone, sterre en planete en die "Mediterranean culture's consensus reality" in berekening gebring word.

Dit is in hierdie geestesvervoering dat Johannes die opdrag kry om wat hy sien in 'n boek op te skryf, en daarom word die Openbaring van God aan die mens Bybel genoem. Heyns noem die Bybel tereg volgens die titel van sy boek "Brug tussen God en mens".[476] Die Bybel,[477] natuurlik spesifiek die inhoud daarvan as geopenbaarde waarheid, word dan die brug tussen die transendente God wat op hierdie wyse immanensie verkry, en die immanente mens wat gelei word tot begrip en belewing van die transendente en so in 'n bondgenootskaplike verhouding met God tree. Bauckham[478] vat díe gedagte goed saam: "It is the kind of genuine worship that John portrays in his vision of heaven that we know ourselves to be finite creatures in relation to the transcendant mystery of God".

Die selfopenbaring van die Misterium Tremendum as God begin alreeds in Openbaring 1:1. In Openbaring 1:4 en 1:8 deur die selfbekendmakende woorde: "Ek is die Alfa en die Omega,

[474] Sien Bauckham (1993:46) "God as the One who sits on the throne is at present in heaven and acts on earth only through angelic intermediaries
[475] Malina en Pilch (2000:4)
[476] Heyns (1982) *Brug tussen God en mens*
[477] Sien Ekskursie 1 *Die Bybel as openbaringsbron*
[478] Bauckham (1993:45)



© University of Pretoria

wat is en wat was en wat kom, die Almagtige" word die aandag gevestig op die "Een wat op die troon sit" in Openbaring 4 en alles geskep het. In 21:6 word die refrein byna net so herhaal en verbind met die kenmerkende "EK IS" uitspraak van die Johannese materiaal en wat 'n Ou-Testamentiese toespeling is op Eksodus 3:14 en Jesaja 44:6; en volgens 21:5 is "Hy wat op die Troon sit" aan die woord met die woorde: "EK IS die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde". Alles wat Hy geskep het, verheerlik Hom deur Hom te aanbid (4:8). Hierdie aanbidding (4:10) kom veral tot sy reg in die liedere wat in Openbaring 4, 5, 7, 11, 15 en 19 voorkom.

Die werklike begin van die Openbaring van wie God regtig is, vind ons in Openbaring 4 in die openingsvisioen.[479] Die troonvisioen staan sentraal in die Openbaringboek en bepaal en rig wat verder geopenbaar en opgeskryf word. Die troonvisioen openbaar God as "Iemand wat op die troon sit" en in 21:5 is Hy inderdaad persoonlik aan die woord. Die woord "troon"[480] kom, met uitsondering van hoofstukke 9,10,15,17 en 18, in al die ander hoofstukke van Openbaring voor, en verwys twee maal (2:13 en 16:10) na die troon van Satan wat die vyandige teenkant van die Goddelike regering, die teokrasie, voorstel. Die troonmotief vereenselwig ook koningskap en militêre leierskap met mekaar. Volgens profetiese uitsprake sou Dawid en sy nageslag die troon van Dawid vul, en eendag sou die Messias die troon van Dawid bestyg. Hierdie Messiasverwagting word die begronding van die profeties-apokaliptiese tradisie van die Ou Testament volgens Ford.[481] Volgens hierdie visioen word die Een op die troon aanbid omdat hy alles geskep het, en deur sy wil het alles ontstaan.[482] Bauckham[483] verduidelik dit as volg:

[479] Die "inaugural vision"
[480] Die term "troon" kom 66 keer voor in die Bybel en stel heerskappy, koningskap, gesag en heiligheid voor. Sien Du Rand (2007:230)
[481] Ford (1975:76) *Revelation*
[482] Sien Openbaring 4:11
[483] Sien Bauckham (1993:44–45)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> The image of the throne is used to express transcendance and it supposes that the relation between God and the world must be in every respect comparable with relations between creatures and that all images of God must function as models for human behaviour. It is critical of images of transcendance, such as sovereignty, but it takes transcendence to mean that God is some kind of superhuman being alongside other beings. Real transcendence, of course, means that God transcends all creaturely existence. John's vision draws the reader into worship of the one who alone is holy and who alone is Creator, awakening those forms of perception of God which are the recognition of transcendence.

God word dus hierin gesien as die Skepper, maar ook as die Here God, die Almagtige wat oor alles en almal regeer, en magtiger as alles en almal is. God het Hom in die verlede deurgaans geopenbaar as die Here God wat heers in die hede en en dat Hy sal heers in die ewige hiernamaals. Hieruit is dit duidelik dat God aan die een kant transendent is en aan die ander kant immanent in sy skepping teenwoordig en werksaam is. Hierdie immanensie kry gestalte deur die sending van die Lam en die Gees as lede van die drie Goddelike persone. Die doel van die sending van Jesus die Lam, die Gees en die kerk is om die mense van alle volke, tale, stamme, en nasies te bring tot die aanbidding van Hom wat op die troon sit en wat geskep het.

Die sentrale en deurlopende tema en boodskap in Openbaring is dus ongetwyfeld die verheerliking (δόξα) van die Here God deur die aanbidding van almal en alles wat Hy geskep het. Schnelle[484] beweer ook onbevange "Everything in the universe is moving toward the final revelation of God's glory".[485] Hierop kan ons net bevestig aan God alleen die eer, *soli Deo Gloria*, dat dit by uitstek gaan oor God se eer en die verheerliking van God en dat die

[484] Schnelle (2007:754)
[485] Sien Openbaring 21:11 en 22-23



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teologiese motief wat oor die Here God as enkel persoonlikheid in die triniteit gaan, as die Doksologie getipeer kan word.

Tereg konstateer Schnelle[486] dat die selfbekendmakende titels van die Here God en die konsekwente aanwending daarvan in Openbaring ‘n teosentriese aard aan Openbaring verleen. Hierdie teosentriese aard van die teologie in Openbaring kan ook gesien word in die konsekwente Godsbegrip van die skrywer. Die verdere kwalifisering van die Godsnaam as die Almagtige daarby versterk soveel te meer die teosentriese aard van Openbaring. Soos in enige Bybels-teologiese navorsing, bring die name van God as uitgangspunt in die identifisering van God se identiteit gewoonlik die beste resultate, en dus word daardie uitgangspunt ook hier gevolg.

1 God

Hierdie naam "God"[487] kom deurlopend net so in Openbaring voor en dui oorwegend die eerste persoon aan van die Goddelike Drie-Eenheid. Dit is egter ook die naam vir die algemene aanduiding van die Drie-Eenheid en meestal as Subjek. Dit is immers God wat die openbaring aan Jesus Christus gegee het. Dit is ook God wat deurlopend verheerlikend aanbid word omdat Hy die Skepper is.[488] Deur die aanbidding word God ook erken as God deur die persoonlike belydenis van die aanbidders dat God “ons” God is (4:11 en 5:10). Die eskatologiese verwagting is dat die woonplek van God by die mense sal wees en dat God self by die mense sal wees as hulle God (21:3). Vir die Missiologie beteken dit dat God die subjek is van die sending en alle sendings is, en dat sending inderdaad God se sending is en in die teologie aangedui word as die “Missio Dei”, die sending van God.

2 Die Here God, die Almagtige

[486] Schnelle (2007:752)
[487] Sien Openbaring 1:1, 19:10
[488] Sien Coetzee (1988:271)



© University of Pretoria

Hierdie Godsbenaming[489] in Openbaring, tipies van die Apokalips, druk tegelyk die allesomvattende, ewige almagtige koningsheerskappy van God alleen uit as Skepper van die ganse heelal of kosmos, sowel as sy besondere plek en rol as die bestuurder en instandhouer van sy skepping. Deur die sending van heil word engele, mense en alle lewende wesens byeengebring in ‘n allesverheerlikende aanbidding van heiligheid rondom sy troon, omdat Hy alles geskep het en alles deur sy wil ontstaan het. Met hierdie benaming verkondig Openbaring God as Skepper van alle dinge, die Pantokrator,[490] binne die streng monoteïstiese identiteit waarmee die Ou Testament Hom verkondig as El Sjaddai gedurende die tyd van die eerste tradisies: die aartsvader-, uittog- en landsinnametradisie van die volk Israel (die Wet), en as Jahweh Elohim Sebaoot[491] in die tyd van die konings- en profetetradisie (die Profete) en die wysheidstradisie (die Geskrifte).

Die woord Almagtige, “παντοκράτωρ”, wat ook gebruik word saam met “Κύρίος ὁ Θεός ὁ παντοκράτωρ” as Godsnaam, is ongetwyfeld ‘n Nuwe-Testamentiese weergawe van die Hebreeuse “Jahwe Elohim Sebaoot”, wat ontleen is aan die Septuaginta. “Sebaoot” in die Setuaginta verwys na leërmagte, en word in Afrikaans dikwels vertaal as “leërskare”. Die term kom veral voor by die Eksiliese profete Jeremia en Esegiël, en dui dus op ‘n Ou-Testamentiese verbondsverbintenisagtergrond en is dus die verbondsbenaminge van die Ou Testament vir God.

---

489 Bauckham (1993:30) wys daarop dat hierdie benaming sewe keer 1:8, 4:8, 11:17, 15:3, 16:7, 19:6, 21;22 voorkom en twee keer (16:14 en 19:15) slegs as God die Almagtige

490 Coetzee (1990:273) skryf: Die Griekse woord “παντοκράτωρ” vir Almagtige word in die Septuaginta as vertalingsekwivalent vir albei Hebreeeuse uitdrukkings gebruik en kom nege keer voor in Openbaring, naamlik in 1:8, 4:8, 11:17, 15:3, 16:7, 16:14, 19:6, 19:15, 21:22. Louw en Nida (1988:139) verklaar Pantokrator as volg: pantokrator, oros m: “A title for God, literally all-powerful, the Almighty, the One who has all power”

491 Louw en Nida (1988:139) verklaar Sebaoot as volg: sebaoot: “A Greek transliteration of a Hebrew word meaning armies and used with “Lord” as a title for God”. Heinisch (1958:42) verduidelik die woord Sebaoot as volg: “Sabaa signifies army, the host of heaven, the angelic hosts surrounding Jahweh’s throne… The plural at times refers to the Chosen People, who are also called the army of Jahweh. The name Jahweh Sebaoot denotes Jahweh as Lord of all heavenly and earthly powers and creatures”



© University of Pretoria

Hierdie Godsnaam, die Here God die Almagtige beskryf God – in die lig van die Ou-Testamentiese tradisies, veral die profetiese tradisie, saam met nog ander benaminge – as die handelende God wat geskep het, wat regeer met mag en gesag, wat Koning is wat oorwin, wat sal oordeel as Regter, en wat nuut sal skep. Die teologiese motief Doksologie in Openbaring dra dan die boodskap dat die Here God die Almagtige die enigste God is wat skep en oor sy skepping regeer en daarvoor aanbid moet word. God word ook direk met die sending verbind in 22:6 deur self sy engel te gestuur het om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur. In die Openbaringverhaal blyk dit duidelik dat God die sender is van heil en onheil. Onheil behels die oordeel oor Satan en heil behels die sending van die Lam as Agent van verlossing, oorwinning en Brenger van die ewigdurende heil.

Dit is belangrik om die godsdiensfilosofie van daardie tyd, toe die Grieke Zeus as die oppergod beskou het, te verstaan.[492] Van die Romeinse keisers wat later die gode geringgeskat het, het verklaar dat hul groter is as enige god, en het selfs sover gegaan om hulself as gode te beskou. Hierdie benaming, wat sy bedding vind in die Ou-Testamentiese tradisies, stel dit onomwonde dat die Here God, die Almagtige, die grootste en sterkste God is en die enigste indien daar dan andere is. Vir die Missiologie sal dit inderdaad beteken dat daar teenkanting en vyandskap in die skepping sal wees en dit aanleiding sal gee tot ‘n simbolies-geestelike oorlog as teenkant in soverre as wat God aanbid word en dit verkondig word dat Hy die Almagtige is en die Enigste wat aanbid moet word.

3 **EK IS** die Alfa en die Omega (1:8) die Begin en die Einde (21:6).

Hierdie benaming kan nie anders nie as om sy oorsprong te vind in die Eksodus 3:14-selfopenbaring van God aan Moses nie.[493] Hierdie benaming vind sy bedding in veral die uittogtradisie en landsinnametradisie, en herinner aan die stryd tussen die God van Israel en

[492] Sien Tarn and Griffith (1978:350)
[493] Sien Coetzee (1990:276)



© University of Pretoria

die gode van Egipte en Kanaän, en veral aan die verlossing en oorwinning wat God in die geskiedenis vir sy volk bewerk het. God se verlossingswerk en oorwinning in Egipte deur die Paaslam en in Openbaring deur die Lam word met mekaar in verband gebring met hierdie Godsbenaming. Bauckham[494] reken dat die benaming ook ‘n toespeling is vanuit Jesaja [495]met die verbintenis aan die skepping.[496] Vir die Missiologie beteken dit dus dat die Lam as Verlosser en as Oorwinnaar nie anders as die inhoud van die getuienis van die dienaars van God kan wees nie. In die kontak met ander godsdienste sal die getuies van Jesus en die gestuurde kerk ook nie anders kan as om God as die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde te proklameer nie.

4 Die Een wat is en wat was en wat kom

Hierdie besondere Godsbenaming[497] kom voor in[498] Openbaring 1:4, 1:8, 4:8 en ook in Openbaring 11:17 en 16:5, maar laat "…en wat kom" weg. Dit dui daarop dat die benaming nie alleen eindeskatologiese betekenis het nie, maar ook verband hou met die hede en die verlede. Tog wys Bauckham[499] op die belang van die eindeskatologiese betekenis van die Een wat kom. Vir die Missiologie sal dit beteken dat dit dieselfde God is wat skeppend, verlossend en eindeskatologies verheerlikend teenoor Homself optree. Verder sou dit beteken dat Openbaringnavorsing sowel as die sending van die kerk nie eensydig kan opgaan in ‘n eindeskatologiese interpretasie en verstaan van Openbaring nie.

5 Vader

[494] Bauckham (1993:23)
[495] Jesaja 41:4, 44:6, 48:12
[496] Sien Bauckham (1993:27) "The designation encapsules the understanding of the God of Israel as the sole Creator of all things and sovereign Lord of history and have the first word in creation and the last word in new creation"
[497] Sien Coetzee (1990:275)
[498] Sien Bauckham (1993:28)
[499] Sien Bauckham (1993:29) "The achievement of God's eschatological rule over the world is his coming"



© University of Pretoria

In Openbaring[500] word God by uitstek die God en Vader of slegs Vader van Jesus Christus genoem in 1:6, 2:28, 3:5, 3:21 en 14:1. Hierdie benaming[501] is in Openbaring nie ‘n gelaaide benaming nie, maar die werklike betekenis en sin van hierdie benaming kan uit die ander Nuwe-Testamentiese boeke afgelei word, maar natuurlik veral uit die Evangelie van Johannes. Dit is veral Jesus se herhaalde vermeldings in die Evangelie van Johannes: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook (20:21)” wat die belang van hierdie benaming as krities belangrik uitlig vir die verstaan van die Sending in Openbaring. In Openbaring word hierdie benaming hoofsaaklik in heilshistoriese kontekste gebruik op grond van die verlossingswerk van die Lam en die verlostes as die volk van God.

6 Die Heilige (15:4, 16:5), Heerser (6:10) en Koning (15:3).

Hierdie benaming,[502] "die Heilige", hou ook verband met die selfopenbaring van God aan Moses in Exodus 3 en aan Jesaja in Jesaja 6, en dieselfde gedagte kry ons ook in EsegiëI 1-3 en 28. In al hierdie gevalle gaan dit oor die almagtige teenwoordigheid van God en so word die teenwoordigheid van God en die heiligheid van God sinoniem. Dit impliseer dat God bloot deur sy teenwoordigheid heers en waar God teenwoordig is, daar is heiligheid. Hierdie benamings kom hoofsaaklik in Openbaring 15 en 16 voor wat gaan oor die laaste plae en soos dit besing word in die lied van Moses wat nou in Openbaring 15 die Lied van die Lam is. Die teenwoordigheid van God impliseer noodwendig sy Koningskap en dat Hy heers oor sy ganse skepping as sy Koninkryk. Dit is hierdie gedagte wat Du Preez met sy proefskrif[503] en sy publikasie[504] daarvan volledig navors.

7 Die Een op die troon

[500] Openbaring 1:6, 2:28, 3:5, 3:21 en 14:1
[501] Coetzee (1990:272
[502] Coetzee (1990:272)
[503] Du Preez (1967) *Sendingperspektief in die laaste Bybelboek*
[504] Du Preez (1978) *Die Koms van die Koninkryk volgens die Boek Openbaring*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die term "troon" kom 110 keer in die Ou Testament en 56 keer in die Nuwe testament voor. In die Bybel sou ons drie fases in die ontwikkeling van "troon" kon identifiseer. Die eerste fase – wat getipeer kan word as die Ou-Testamentiese fase – dui God aan in sy Koningskap. Die tweede fase – wat getipeer kan word as die Nuwe-Testamentiese fase – dui op die Lam wat geslag is en dus op die verlossende werksaamheid van God deur middel van Priesterskap. Die derde fase dui op die werksaamheid van die Sewe Geeste van God wat die profesie gegee het, en kan die eskatologiese fase genoem word, wat God aandui as Profeet wat die eindoordeel en oorwinning tot die ewige aanbidding van God in die nuwe stad nie net aankondig nie, maar wat sal kom om dit self te proklameer.[505] Volgens Du Rand[506] is 'n troon sedert die vroegste tye simbolies van heerskappy, mag, beheer en heiligheid.

Die benaming[507] die "Een op die troon"[508] kom'n simboliese tien keer[509] voor en ook in Openbaring 22:1 en 3. Daar word met hierdie twee keer verwys na die sentrale plek van die troon van God[510] in die nuwe stad. Dit bring die getal verwysings na die troon van God in Openbaring op twaalf uit. Hierdie getal speel geen geringe rol in die beskrywing van die nuwe stad in Openbaring 21 en 22 nie. Dit is dus onbetwisbaar dat God op die troon 'n sentrale plek beklee in die Openbaring van God[511] in sy identiteit en in sy werksaamheid. Hierdie benaming wys daarop dat God die Een God is wat Hom in die verlede bewys het as die Enigste Here en God, dat Hy nou in die teenwoordige tyd heers en regeer, en dat Hy alles sal volbring in 'n ewige lewe hierna. Die volbrenging van dit alles word direk vanuit die

---

505 Bauckham (1993:47) stel dit as volg: "Revelation does portray God's presence in the world as presently dominated by evil. The image of the Lamb represents God's sacrificial suffering involvement in the creation and the seven Spirits God's missionary involvement through many means into the creation"

506 Du Rand (2007:218)
507 Sien Coetzee (1990:276)
508 Bauckham (1993:28) Sien hierbo vir sy verduideliking van die rol van die troon in die transendensie van God. Hy maak 'n toespeling op die troon in Openbaring vanuit Jesaja 6 en Esegiël 1–3.
509 Openbaring 4:2, 4:9, 5:1, 5:7, 5:13, 6:16, 7:10, 7:15, 19:4, 21:5
510 Sien Margaret Barker (2000:115-128) in *The Revelation of Jesus Christ*: The chariot throne of God
511 Sien Bauckham (1993:30 "The throne itself is mentioned very frequently and is one of the central symbols of the whole book"



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

troon georkestreer deur die Een op die troon. Hierdie openbaring van God se identiteit kan geen ander reaksie by al die skepsele van God ontlok as om God te aanbid nie, tensy die teenoorgestelde reaksie van opstand, vyandskap en oorlog verkies word, met die noodwendige kosmologiese katastrofiese gevolge daarvan.

Vir die Missiologie beteken dit dat God aanbid moet word en sy heilige teenwoordigheid, wat sy Koningskap en Heerserskap impliseer, aangekondig en geproklameer moet word. Soos dit in Openbaring geopenbaar word, is dit die Lam wat na die skepping gestuur word as Oorwinnaar en wat die gestuurde agent is om die Koningskap van God nie net aan te kondig nie, maar inderdaad te vestig.Vir die Missiologie beteken hierdie benaming die openbaarmaking van die Een op die troon se sending van die Lam, die sewe Geeste en die Kerk om die ganse skepping te beweeg tot ‘n ewige aanbidding van die Een op die troon.

### 2.1.2 Die Skepper van alles.

In Openbaring word die skepping in die hart van die doksologie geplaas as belydenis.[512] Openbaring 4:11 stel dit duidelik dat die Here God, die Almagtige, alles geskep het en dat dit eenvoudig sy eie soewereine wil was. Hiervolgens sou ons kon konstateer dat God enkel en alleen vir sy eie eer en heerlikheid geskep het. Dit is uit Openbaring 4:11 verder ook duidelik dat God uit niks geskep het.[513] In die woorde van Heyns[514] was daar geen voorafgaande werklikheid waaruit die skepping geformeer is nie, en het die skepping dus nie materieel uit die Goddelike Wese ontstaan het nie, maar enkel en alleen in God’s se vrye wil sy diepste grond gevind.

Vanuit Openbaring 4 en binne die breër konteks van die totale Bybel is dit ook duidelik dat God só geskep het dat daar ‘n bepaalde orde en volgorde is wat wyer uitkring, en dat alles

[512] Sien Bauckham (1993:47)
[513] Latyn: *creatio ex nihilo*
[514] Heyns (1978:104)



© University of Pretoria

wat geskep is, hiervolgens in 'n verbandhoudende verhouding met mekaar staan, en dat die verhouding tussen God en alle lewende wesens geskep is en tot stand kom as 'n verbondsverhouding.[515] So gesien, is God in sy bestaan en skepping die ewige Verbondsgod wat op grond van die verbond in 'n geloofsverhouding staan met al die lewende wesens van sy skepping. Barth kom (K.D.111/1) tot die bevinding dat die verbond die inwendige grond van die skepping is en die skepping die uitwendige grond van die verbond is.[516]

Dit is dan so dat die mens vanuit die verbondsbelewing met die Skepper soos dit begin by Abraham algaande in toenemende mate tot 'n meer vollediger verstaan kom van God en alles wat Hy geskep het.[517] Die trinitariese bestaan van die Skeppergod voor die skepping van alles moet egter begryp word. Die kernvers, die *locus classicus standi,* in die Openbaringteks is 19:10c. "*Aanbid **God**, want dit is **Jesus** wat die getuienis gelewer het, en dit is die **Gees** wat die profesie gegee het* ". Heyns[518] beskryf hierdie trinitariese bestaan van die Skeppergod as ewig met mekaar, vir mekaar en in mekaar. God, as die Skepper van alles, moet dus ook in die skepping as trinitaries verstaan word.

Dit beteken dat die trinitariese God die subjek is en die skepping die objek. So gesien, is God die Oorsprong uit Wie, Jesus in Wie en die Gees deur Wie geskep was, die skepping voortgeset word en die skepping voltooi sal word. Weereens in die woorde van Heyns,[519] sonder die belydenis van die Trinitariese oorsprong van die skepping kan die korrelasie tussen die skeppingswerk van God, die verlossingswerk van Jesus en die voleindigingswerk van die Gees nooit in sy volle diepte en implikasies gepeil word nie.

---

515 Sien Ekskursie 3 *Die Verbond*
516 Heyns (1978:103) *Dogmatiek*
517 Bauckham (1993:50) bevestig hierdie gedagte as volg: "The full meaning of the Biblical inderstanding of creation is that the whole of finite reality exist only by God the Creator's gift of existence"
518 Heyns (1978:102) *Dogmatiek*
519 Heyns (1978:102) *Dogmatiek*



© University of Pretoria

As die skeppingsgeloof beteken dat God alles geskep het en alles sy ontstaan aan die vrye soewereine besluit van God te danke het, en daar geen voorafgaande werklikheid was waaruit die skepping geformeer is nie, kom die vraag na die voortgang en die voleindiging daarvan noodwendig aan die orde. Om dit te kan begryp, moet die identiteit en die rol van die persoon van Jesus en van die Gees naas God ook onderskeidelik aan die orde kom. Eerstens gaan dit oor die Doksologie wat vanuit God kom, tweedens die Christologie wat vanuit Jesus kom, en derdens die Pneumatologie wat vanuit die Gees kom.

Vir die Missiologie beteken dit dat God vir Jesus gestuur het met volmag om te getuig dat God die Here God, die Almagtige is, en ook mense stuur na alles wat deur Hom geskep is, om ook te getuig. Behalwe hulle ook is die sewe Geeste oor die hele aarde gestuur met die profetiese woord en die werking om alles tot ‘n kosmiese einde te bring, maar aan die ander kant te volbring en te voltooi in ‘n nuwe skepping.

### 2.1.3 Die Een wat aanbid moet word.

Aanbidding vind volgens Du Rand[520] plaas waar eer betoon word deur liggaamlik neer te buig en in die teenwoordigheid van die persoon aan wie die eer toekom, ‘n offer te bring aan die persoon en dit te verklaar. Om neer te buig is ‘n liggaamsposisie wat ingeneem word wanneer 'n mens luister en gehoorsaam is aan dit wat gesê word. Die agtergrond van ware aanbidding soos God dit bedoel, lees ons van in Deuteronomium 26 en in 26:10. Hier in die Septuaginta word die term προσκυνήσεις gebruik vir aanbidding. Dit gaan hier oor die teenwoordigheid van God, die hemel as die heilige woonplek van God, die vervulling van God se belofte van ‘n beloofde land, die bevel van God om volgens sy voorskrifte en bepalings te leef, die bring van jou offers volgens God se voorskrifte, en jou persoonlike geloofsverklaring as credo van die volk van God.

[520] Du Rand (2007:238)



© University of Pretoria

Die woord προσκυνέω[521] beteken oorspronklik "soen" in Afrikaans as 'n gebaar van eervolle respek en erkenning van die ander persoon se identiteit en goeie naam. In die Nuwe Testament beteken die woord προσκυνέω volgens Wigram[522] kort en kragtig in Engels "worship" en in Afrikaans eenvoudig "aanbid". In die Nuwe Testament kom die woord bykans sestig keer voor waarvan bykans 'n derde, ongeveer twintig keer in Openbaring, soos hieronder uitgewys word. Ten opsigte van die tekskritiese nota by 3:9 verkies ek die lesing van die "Majority"-teks wat "δίδωμί" gebruik, en nie "προσκυνήσουσιν" nie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4:10 | προσκυνήσουσιν | Futurum Indikatief Aktief | Hom |
| 5:14 | προσεκὐνησαν | Aoristus Indikatief Aktief | God |
| 7:11 | προσεκὐνησαν | Aoristus Indikatief Aktief | God |
| 9:20 | προσκυνήσουσιν | Futurum Indikatief Aktief | duiwels en afgode |
| 11:2 | προσκυνοῦντας | Praesens Partisipium Aktief | God |
| 11:16 | προσεκὐνησαν | Aoristus Indikatief Aktief | God |
| 13:4 | προσεκυνήσαν | Aoristus Indikatief Aktief | draak |
| 13:8 | προσκυνήσουσιν | Futurum Indikatief Aktief | dier |
| 13:12 | προσκυνήσουσιν | Futurum Indikatief Aktief | dier |
| 14:7 | προσκυνήσατε | Aoristus Imperatief Aktief | Hom |
| 14:9 | προσκυνεἶ | Praesens Indikatief Aktief | dier en sy beeld |
| 15:4 | προσκυνήσουσιν | Futurum Indikatief Aktief | U |

[521] προσ + κυνέω Liddell and Scott (1978:693)
[522] Wigram (1978:350)



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19:4 | προσεκὑνησαν | Aoristus Indikatief Aktief | God |
| 19:10 | προσκυνῆσαι | Aoristus Infinitief Aktief | engel |
| 19:10 | προσκὑνησον | Aoristus Imperatief Aktief | God |
| 19:20 | προσκυνοῦντας | Praesens Partisipium Aktief | dier |
| 20:4 | προσεκὑνησαν | Aoristus Indikatief Aktief | dier en sy beeld nie |
| 22:8 | προσκυνῆσαι | Aoristus Infinitief Aktief | engel |
| 22:9 | προσκὑνησον | Aoristus Imperatief Aktief | God |

Vanuit hierdie statistiese gegewens kan ‘n paar afleidings gemaak word. Die opvallendste en belangrikste is sekerlik die twee Aoristiese Imperatiewe wat in beide gevalle direk voorafgegaan word deur twee Aoristiese infinitiewe in Openbaring 19:10 en 22:9,[523] wat ‘n bevel aan Johannes en al sy lesers is om God te aanbid en nie engele of enige iets of iemand anders nie. Die woordaksent wanneer God pertinent aangedui word as die Een wat aanbid word, in vergelyking met wanneer net na Hom of iets anders verwys word, is opvallend. Die vyandskap teen God, wat deur die dier en sy agente gesimboliseer word, is ook netso opvallend. Die slotsom dat God aanbid moet word en dat dit ‘n rigtinggewende rol vertolk in Openbaring en noodwendig vir die Sending in Openbaring kan nie verbygegaan word nie. Die insig dat die doel van die sending die aanbidding van God is, vind sy bedding veral in hierdie term en sy aanwending.

[523] Sien Timothy B. Sailors (CBL 2015) *The Testimony of Jeus and the Spirit of Prophecy in the Apocalypse of John and in Early Christianity*, wat die verbintenis tussen die twee verse maak en volledig hanteer. Die verbintenis wat hy maak gaan egter nie soseer oor die begrip “Aanbid” nie, maar meer eerder oor die verbintenis tussen Jesus en die Gees, die getuienis en die profesie.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die diensaspek van aanbidding word bevestig deur die gebruik van die woord λατρεύω in 7:15[524] en 22:3[525] met die spesifieke betekenis om te aanbid deur diens te lewer of diens te lewer aan aanbidding. In beide hierdie gevalle word dit gebruik binne die konteks van die troon. Die Futurum in 22:3 word gebruik in die lig van die eindeskatologiese konsep van die nuwe skepping wat nog moet kom. Vir die Missiologie sal dit beteken dat dienslewering die intensie behoort te toon van aanbidding en dit altyd gefokus moet wees op die teenwoordigheid van God op sy troon en dit alleen gaan oor die verheerliking van God.

### 2.1.4 Die Sender van heil en onheil

Die voortgaande betrokkenheid van God by sy skepping, maar veral die hoe en die einddoel daarvan is deur al die eeue heen ‘n godsdienstige, filosofiese, natuurwetenskaplike en teologiese kruispad, bedoelende dat daar menige pogings was en opinies is om dit menslik verstaanbaar te probeer verduidelik. Die enorme invloed van Pierre Teilhard de Chardin, 'n paleontoloog en teoloog wat ‘n sintese wou opbou tussen die Bybelse skeppingsgeloofsleer en ‘n sekulêre filosofiese evolusionêre leerstelling,[526] kan volgens Durand[527] nie onderskat word nie. Die evolusiegedagte, hoewel daar verskeie variasies is, beperk die skeppingshandeling van God hoofsaaklik tot ‘n aanvangsdaad en daarna dalk en dan hoofsaaklik tot ‘n godsdienstige werking in mense se lewens, terwyl die natuurwetenskaplike en veral biologiese voortgang en ontwikkeling bloot natuurlik is. Openbaring leer ons egter dat die Trinitariese Skeppergod die Een is wat is en wat was en wat kom, en aldus as Skepper deurlopend by sy skepping betrokke is. Hierdie betrokkenheid behels die sturing/brenging van heil en onheil in die ganse kosmos soos dit op ‘n besondere wyse in die Openbaring boek meegedeel word.

[524] λατρεύουσιν Praesens Indikatief Aktief
[525] λατρεύσουσιν Futurum Indikatief Aktief
[526] Sien die publikasie van die Uitgewersmaatskappij J.H. Kok-Kampen (1975) *Evolutie en geloof*
[527] Durand (1982:88) *Skepping mens voorsienigheid*



© University of Pretoria

Dit is volgens Durand[528] Barth wat die stelling maak dat Gods verbond en heil die skepping voorafgaan en die verbondsverhouding die doel van die skepping is. In hierdie verband voeg Heyns[529] begrip toe deur te beweer dat die Lam wat ook "Die Woord van God"[530] genoem word en voor die skepping die *Logos asarkos* was, nou ook die *Logos ensarkos* genoem kan word deur die inkarnasie in die materiële skepping in. Hierdie inkarnasie word beskou as die vanselfsprekende doel van die skeppingsontplooiing en die Trinitariese Skeppergod se betrokkenheid by die verdere ontplooiing van die Skepping. So gesien, konstateer ek dan dat die skepping deel is van God se transendente heilshandeling wat hom immanent voltrek in die inkarnasie, alternatiewelik gestel, in die menswees van die historiese Jesus. Die inkarnasie word met ander woorde gesien as deel van God se voorafbepaalde skeppingsplan, en is nie bloot God se antwoord op die vyandskap van die Draak en sy volgelinge nie.

In Openbaring 5:1 skryf Johannes:[531] "*In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boek gesien…en voor die troon het ek 'n Lam sien staan, asof geslag is…Hy het toe gegaan en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit…Hy het die oorwinning behaal en kan die boek met sewe seëls oopmaak*". Op hierdie manier word God se voortgaande betrokkenheid geopenbaar aan die ganse kosmos, alles wat Hy geskep het. Die Lam is nou die gevolmagtigde gestuurde / agent / gesant van God wat die verbondsverhouding van die Skepper met die skepping voortsit en sal voleindig deur die verlossing wat Hy bewerk en die oorwinning wat Hy behaal.

Dit bring ons logies uit by die onheil wat die Lam bring as Ruiter op die wit perd, soos verhaal word in Openbaring 19:11, en die Koning van die konings en die Here van die heersers is. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog, Hy behaal die oorwinning en

528 Durand (1982:89) *Skepping mens voorsienigheid*
529 Heyns (1978:100) *Dogmatiek*
530 Openbaring19:13 "*Logos*"
531 Sien Openbaring 5:1, 5, 7



© University of Pretoria

die vyand, die groot Draak – die slang van ouds wat die Duiwel en die Satan genoem word – en al sy volgelinge, dié wie se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is in die vuurpoel gegooi, wat met swael brand. Daarna kom die nuwe stad, die vrou van die Lam, die Kerk, wat die uitverkorenes is en wie se kleed gewas is in die bloed van die Lam, as voltooiing van die skepping en die ewige verheerliking van die Trinitariese God.

Dit is natuurlik die Gees wat saam met die bruid, die Kerk, sê aan Jesus, die Lam, die Afstammeling van Dawid en die helder Môrester: "Kom!" (Openbaring 22:17). Hieruit is dit duidelik dat die Gees, een met God en die Lam, die skepping bedink, beplan en geskep het, en sal volbring. Die Eenheid van die Gees met die Lam en met God word bevestig deur die posisie wat die Sewe Geeste inneem reg voor die troon. In die volgende visioen word die sewe Geeste gesimboliseer as die sewe oë van die Lam wat oor die hele aarde uitgestuur is, en wat die sending van die Gees konstitueer en die eenheid in persoon en werk met God en Jesus veronderstel. Saam met God en Jesus word die Gees dus noodwendig verheerlik deur die ganse skepping.

### 2.1.5 Die heerlikheid en heerskappy of Koninkryk van God

In Openbaring 4:6-8 lees ons van vier lewende wesens rondom die troon wat dag en nag sonder om te rus heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit en wat tot in alle ewigheid lewe. Dan kniel die vier en twintig ouderlinge wat voor hom rondom die troon sit en aanbid, Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hierdie heerlikheid, eer en dank deur die aanbiddingsgebeure kom noodwendig die Lam en die Gees toe wat reg voor die troon staan. Ons mag nie die trinitariese aard van God uit die oog verloor nie.

Opvallend is die drievoudige herhaling in ouer antieke geskrifte wat die saak waaroor dit gaan, beklemtoon. Die heerlikheid, eer en dank, die heilig, heilig, heilig, en die benaming "Hy wat was en wat is en wat kom" as trilogieë is opvallend. Daarna volg daar nog drie



© University of Pretoria

liedere waar die heerlikheid, eer en dank telkens voorkom, hoewel die dank telkens vervang word met 'n ander woord naamlik mag, lof en krag. Die twee troonvisioene met die aanbiddingsliedere sluit veelseggend af met die woord "aanbid". Die aanbiddingsgebeure as daad van die verheerliking van God speel dus geen geringe rol in die Missiologie nie.

Die betekenis en belang van die term "heerlikheid"[532] moet nader bepaal word om die belang en effek daarvan vir die Missiologie te begryp. Die woord kom in die twee troonvisioene gesamentlik en simbolies gepas vier keer voor en hou verband met die vier lewende wesens wat verteenwoordigend is van die totale skepping wat God verheerlik. Natuurlik kom die woord nog 'n aantal kere voor in Openbaring, onder andere in 15:8, 18:1, 21:11, 21:23.

Brown[533] verklaar die woord "heerlikheid" as volg:

> Behind the meaning lies the OT concept of kabod, in the LXX doxa, and is linked with verbs of seeing and appearing. When it is used for God it does mean the luminous manifestation of his person, his glorious revelation of himself. The kabod expresses itself above all in salvation history in God's great act's and especially in Gods presence in the sanctuary which can be conceived as fire. In the last days a full manifestation of the kabod was expected with the purpose to bring salvation to Israel but also convert the nations. This glory is normally found only in God, though in Ezek. 8 and Dan. 10 angelic beings show some of its characteristics. Thus it is also applied to the realities of heaven such as the angels, God and his throne. The way in which heaven is included in this concept is important for the understanding of the NT idea of glory. Heaven in the NT is not as was later generally believed, the permanent and final scene for the revelation of glory. Glory reveals itself from heaven, but its goal is the transfiguration of the created world and mankind. It takes place in the

[532] kabod, δόξα, glory"
[533] S. Aalen in Brown (1976 vol.2:44-48) Sien *Glory*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> transformed creation. Significantly the eschatological glory appears in a revelation from heaven.

Kittel[534] verklaar die woord "heerlikheid" as volg:

> In the OT it is a term to express something that is absolutely objective, the reality of God. The primary sense is the divine glory which comes to expression in God's acts in creation and history, the divine nature in its invisibility or its perceptible manifestation, as at the giving of the law, or in the tent or the temple. The first man had a part in God's glory, and if this was lost, its restoration is the goal of salvation history. The Messiah in particular will be invested with God's glory and will restore the radiance lost with the fall. In the NT the use is shaped by the use in the OT and thus becomes a biblical term rather than a Greek one. The stress is always on the element of visible manifestation. Giving God glory means acknowledging what is already a reality. The various ideas are particularly strong in apocalyptic writings but with the movement from present glory to an eschatological consummation of glory.

Vir die Missiologie behoort dit dus slegs te gaan oor die verheerliking van God in alles wat gedoen word. Bavinck[535] vat volgens Durand[536] die gedagte van die ortodoksie in sy Gereformeerde Dogmatiek 11 baie goed saam as hy skryf die "Gloria Dei" is die hoogste rede vir en einddoel agter al God se werke. Die hoogste doel van God se skeppingswerk is die verheerliking van God self, en daarom bestaan die goedheid van die skepsele daarin dat hulle getuienis aflê van die Goddelike verheerliking deur die handeling van aanbidding soos ons dit in Openbaring 4 en 5 vind. Piper[537] se vertrekpunt van sy Missiologie, "Mission is not the

[534] G. Kittel in Kittel Abridged (1985:179) Sien *Glory*
[535] Bavinck (1928:394–399)
[536] Durand (1982:27) *Skepping mens voorsienigheid*
[537] Piper (2003:17)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ultimate goal of the church, Worship is", behoort dus nie onderwaardeer te word in navorsing oor sending in Openbaring nie.

God word ook aanbid omdat Hy heers oor dit wat Hy geskep het en dus 'n Koning is met 'n Koninkryk. Die kernvers in Openbaring in verband met God en sy Koninkryk kry ons in Openbaring 11:15: "Die koningskap oor die hele kosmos is die Here en sy Gesalfde s'n en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid". Duidelik word dit ook in Openbaring 1:6, 5:10 en 20:6 gestel dat die dienaars van God en van sy Gesalfde saam met Hom sal regeer as priesters en dit vir ewig en altyd.

Die Koninkryk van God as betekende saak of, anders gestel, as Koninkrykswerklikheid, soos Heyns[538] dit stel, kan beskryf word aan die hand van drie kategorieë. Eerstens is God self sy Koninkryk. Waar God is of werksaam is, heers Hy en is sy Koninkryk. So gesien, is God se Koninkryk allesinsluitend, in geheel inklusief, en allesomvattend en -insluitend van wat geskep is.[539] Tweedens is die Koninkryk van God 'n historiese, teenswoordige en toekomstige werklikheid op grond van God se bestaan as die Een wat was en wat is en wat kom en vir ewig sal wees.[540] Derdens is God se Koninkryk 'n dinamiese skeppingswerklikheid. Daar waar God se woord gespreek of gehoor word of God se wil gehoorsaam nagekom of uitgevoer word, daar heers God en gebeur sy heerskappy of kom sy koninkryk.[541]

**2.2 Christus (Christologie)**

[538] Heyns (1978:352-353) *Dogmatiek*
[539] Sien Openbaring 5:11, 10:6 en 14:7
[540] Sien Openbaring 1:8, 5:8 en 14:17
[541] Sien Openbaring 6:9, 12:17, 14:12, 20:4.



© University of Pretoria

Opvallend van die Christologie in Openbaring[542] is die generatiewe[543] verhouding waarin Jesus Christus staan met God[544] van wie Hy die Openbaring ontvang en wat onmiddellik in Openbaring 1:1 aan die orde kom. Hierdie genitief konstitueer die outoriteit en gesag wat Jesus Christus van God ontvang en fundeer hoofsaaklik die Christologie in Openbaring. Die daaropvolgende twee genitiewe van beide Jesus Christus en God bevestig die generatiewe verhouding waarin Hul staan en verbind ook hul werk met mekaar deur die twee akkusatiewe, die woord in God se geval en die getuienis in Jesus Christus se geval.[545]

Volgens Coetzee[546] getuig Jesus Christus van God se woord. Dit dien as bevestiging dat God en Jesus Christus nooit van mekaar geskei kan word nie – dit sal lei tot ‘n Christusmonisme – maar ook nie vermeng kan word nie, want hul handelinge is nie presies dieselfde nie. Die duidelikste en werklikste interaksie en onderskeidende handeling tussen die Een op die Troon en die Lam kry ons in Openbaring 5.

> In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het Johannes ‘n boekrol gesien. ‘n Sterk engel het gevra “Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daaarvan te breek?[547] Een van die ouderlinge het geantwoord: Die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid. Hy het toe gekom[548] en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.

[542] Sien Openbaring 1:1; 1:2; 1:5-6; 1:8; 5:9-10; 7:15; 11:15; 12:10-11; 14:1; 19:11-13; 20:6; 22:16 en 20 as kernverse vir die bestudering van die Christologie in Openbaring en Engelbrecht (1980) *Die Christologie van die boek Openbaring* vir ‘n eksegese van ‘n aantal van hierdie perikope
[543] Sien Reinecker en Rogers (1980:811) se verklaring as Objektiewe genitief
[544] Subjektiewe nominatief
[545] Sien 1:9 en 20:4

[546] Coetzee J.C. (1990:277)
[547] Sien Margaret Barker (2000:144-157) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Book with seven seals
[548] Sien hoofstuk 7.1.2 vir die verduideliking van die woord ἦλθεν, kom, binne sy konteks en semantiese veld wat ook die betekenismootlikheid het as wisselterm vir stuur.



© University of Pretoria

In die Christologie as teologiese motief gaan dit eerstens oor die Identiteit van Christus en tweedens oor die werksaamheid van Christus.[549] Hierdie twee aspekte kom vervolgens aan die orde.

**2.2.1 Die Identiteit van Christus**

1 Jesus Christus (1:1; 1:2; 1:5), Jesus (1:8; 22:16), Christus (20:6), die Gesalfde (11:15; 12:10).

Die openingsvers[550] stel Jesus Christus voor as die Persoon waaroor dit hoofsaaklik gaan in die Apokalips. Die naam Jesus word veertien keer in Openbaring gebruik en sewe maal in verbintenis met die frase "die getuie of getuies van Jesus.[551] Wanneer die naam Jesus alleenstaande[552] gebruik word, word dit aan hoofsaaklik een van twee motiewe verbind, naamlik dié van God se woord en dié van Jesus se getuienis. Daardeur word die generatiewe verhouding tussen God en Jesus Christus verder bevestig. Die benaming Jesus[553] word uitsluitlik as besondere eienaam gebruik en verwys na die mens Jesus[554] wat op aarde in die geskiedenis geleef en gewerk het[555] en wat nou as die Lam langs die troon van die Here God is.[556]

Die verbindingsnaam Jesus Christus[557] word as vaste eienaam gebruik en dui op die Gesalfde van God. In 11:15 en 12:10 word slegs die naam Gesalfde gebruik en ook as eienaam volgens Coetzee.[558] Die "salwing of Gesalfde van God"-gedagte word hierdeur gehandhaaf waar

---

[549] Bauckham (1993:54) bevestig hierdie gedagte as volg: "Christian dogmatics has traditionally distinguished, as two doctrinal topics, the person of Christ and the work of Christ"
[550] Openbaring 1:1 Sien Coetzee (1990:281)
[551] Sien Bauckham (1993:66) in Openbaring 1:2, 9 12:17, 17:6, 19:10 (2 keer) en 20:4
[552] Sien Openbaring 1:8 en 22:16
[553] Sien Coetzee (1990:281 en 288) en Bauckham (1993:66) verwys na "His particular human name Jesus"
[554] Sien Margaret Barker (2000:1-11) in *The Revelation of Jesus Christ*: Jesus

[555] Die Historiese Jesusbegrip
[556] Die Kosmiese Jesusbegrip
[557] Sien Openbaring 1:1, 1:2 en 1:5
[558] Coetzee (1990:281)



© University of Pretoria

Jesus God se Christus genoem word in 11:15 en 12:10, en 20:4 en 6 bevestig hierdie gedagte. Die naam of aanduiding van die naam "Christus" kom sewe maal[559] voor in Openbaring. Die salwingsgedagte en hierdie benaminge is ook ‘n aanduiding van Jesus as profeet. In Openbaring word hierdie naam deurgaans aan twee motiewe verbind, naamlik die getuienismotief en die Woord van God of Gebooie-van-God-motief.

Op ‘n besondere wyse word die naam "Jesus" in Openbaring 19:13 met die skepping verbind, met die vermelding "… en sy Naam is: "Die Woord (*Logos*) van God".[560] Die verbintenis met God se Woord deur die benaming *Logos* in 19:13 bevestig ook die volmag en gesag van Jesus as gestuurde Agent. Die vermelding dat God die Openbaring aan Hom gegee het, bevestig die gedagte dat Hy met volmag gestuur is.

2 Die Lam (5:6, 5:12, 13:8)

Die term "lam", verwysende na Jesus, kom altesame 26 keer voor in Openbaring en dra die meeste betekenis in die boek en in die Christologie van Openbaring. In Openbaring 15 word die Lam[561] en die Paaslam in Exodus 12 onmiskenbaar soteriologies met mekaar verbind en hulle verkeer in gemeenskap met mekaar. Die verbintenis met Johannes 1:29 en 36 is ook onmiskenbaar en lig die diepe betekenis van hierdie benaming verder toe. Die verbintenis met Jesaja 53:7 is ook bekend. Alles in ag genome, wys hierdie term in Openbaring uitdruklik heen na die bloedoffer van Jesus as loskoping uit die mag van die Satan en dui op versoening en reiniging[562] soos dié van ‘n lam wat as offer geslag is.[563] Die aangrypende is dat ‘n lofsang as oorwinningslied op hierdie openbaring volg nadat die Lam in 5:6 die eerste keer

[559] Sien Bauckham (1993:66)
[560] Dit sluit aan by die gedagte van die Kosmiese Jesus
[561] Sien Coetzee (1990:284-286)
[562] Die kerngedagte van die teologiese motief, die Soteriologie
[563] Sien Margaret Barker (2000:129-143) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Sacrificed Lamb



© University of Pretoria

geopenbaar is. Dit wys ook heen na die lied van Moses en die Israeliete in Eksodus 15 wat volg op hul verlossing uit Egipte en nadat die Paaslam geslag is.[564]

Die toevoeging van die verdere presisering by die benaming Lam, naamlik "asof geslag is", bring duidelik 'n dieper Christologiese aspek na vore en kom drie keer voor in;

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Openbaring 5:6 | ἀρνίον ὡς ἐσφαγμένον | agnum tamquam occisum |
| 2 | Openbaring 5:12 | ἀρνίον τὸ ἐσφαγμένον | agnus qui occisus est |
| 3 | Openbaring 13:8 | τοῦ ἀρνίου τοῦ ἐσφαγμένου | agni qui occisus est |

Opvallend is die gebruik van die woord ἀρνίον vir lam en nie πρόβατον nie, soos in Eksodus 12 en ἀμνός in Jesaja 53: 7, Johannes 1:29, 36 en 1 Petrus 1: 19. Mounce[565] is die mening toegedaan dat die gebruik van die woord ἀρνίον hier spesifiek en uitsluitlik gebruik word vir die opgestane Jesus en hier dus 'n sterk Christologiese lading het en terug gevoer kan word na die Apokaliptiese simboliek van die volk van God as kudde wat verlos word deur die lam wat geslag is. Gevolglik is die vertaling van betekenisvolle belang. Die verklaring van die woord ἐσφαγμένον, Perf Part Pass van σφάζω, dui as Perfektum Partisipium "a present state as the result of action in the past" aan.[566] Die woord ὡς en die Latynse woord daarvoor, tamquam, in Openbaring 5:6 dra by tot 'n meer spesifieke betekenis, naamlik "asof" of "soos". Volgens Griekse grammatika[567] dui ὡς saam met die Partisipium die rede ook aan. Die korrekte vertaling behoort dus te wees "die Lam asof geslag is".

Die mees onderskeidende benaming in Openbaring is natuurlik die "Lam" met 'n aantal kere die uitbreiding "asof geslag is". Die benaming kom agt en twintig keer voor in Openbaring en staan direk in verband met sy opdrag en werksaamhede wat oorgaan op die soteriologiese motief in Openbaring. Die benaming word ontleen aan Johannes 1:29 en 36 wat dit tiperend

---

564 Sien Scharneck (2013) *The song of Moses which is not (also) the song of the Lamb: An Investigation into the amount of songs at play in Revelation* 15
565 Mounce (1977:145)
566 Sien North en Hillard (1978:12)
567 Liddell en Scott (1978:908)



© University of Pretoria

Johannees maak. Die plek wat die Lam inneem tussen die troon en die ouderlinge, bevestig ook die soteriologiese Middelaarsrol wat die Lam speel. Die fundering van die Christologie word gevind in die verlossende (soteriologiese) optrede van die Here God in en deur die Lam wat geslag is as die gevolmagtigde gestuurde agent volgens Schnelle.[568]

Die Lam in Openbaring word hoofsaaklik in die tweede visioen in Openbaring 5 aan die orde gestel, en daar word onomwonde verklaar dat die Lam een is met Hom wat op die troon sit. Die Persoon van die Lam word met God op die troon vereenselwig wanneer ons vasstel dat van dieselfde benaminge wat vir God gebruik word, ook vir die Lam gebruik word, onder andere "Alfa en Omega" en "Eerste en Laaste".[569] Die Lam word volgens Openbaring 5:13 aanbid saam met Hom wat op die troon sit en dit is opmerklik wanneer 'n studie gedoen word oor die identiteit van die Lam en sy werk in Openbaring.

Die plek en rol of hoofwerksaamheid van die Lam behels dat Hy voor die troon tussen die troon en die ouderlinge sy plek as bemiddelaar inneem. Hy verbind die hemelse troon en regering van God met die Leeu van Juda wat op aarde sal regeer volgens Ford.[570] Deur die slagting het Hy die dood deelagtig geword, maar ook oorwin en hy sal terug kom as Lewende en die dood vir ewig doodmaak, met ander woorde die dood van mense stopsit en beëindig, en vir mense die ewigdurende lewe van aanbidding gee in 'n nuwe skepping.

Die wyse waarop Openbaring oor Jesus as Getuie en oor die getuienis van Jesus praat, verkondig 'n volkome harmonie tussen sy aardse getuienis en prediking en sy getuienis nou as die Lam voor die troon. Openbaring openbaar en verbind inderdaad die Ou-Testamentiese en evangeliese verkondiging dat Hy die Lam is wat geslag moes word en die Lam wat nou in Openbaring aangedui word asof Hy geslag is.

[568] Schnelle (2009:755)
[569] Sien Du Rand (2007:65)
[570] Ford (1975:87)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die belangrikste betekenis van die Lam is dat Hy gestuur is om die oorwinning te behaal deur sy bloedoffer aan die kruis, en nou die boek met die sewe seëls oopmaak. Dit doen Hy deur sy dienaars, die getuies wat hy aanstel en gevolmagtig deur die Gees stuur om te getuig oor wat binnekort sal gebeur. Die aangrypende hoogtepunt in Openbaring kry ons in Openbaring 21 en 22 wanneer die nuwe stad, die kerk, wat van God af uit die hemel afkom, aangedui word as die bruid en die vrou van die Lam. Daarop volg die lied van die Gees en die bruid in Openbaring 22:17 aan die einde van die Openbaringboek.

## 3 Logos

Die Logosterminologie[571] – as aanduiding van die wese en identiteit van Jesus – kom slegs in die Johannese literatuur voor en slegs drie keer: Johannes 1:1, 1 Johannes 1:1 en Openbaring 19:13. Die logosbegrip gaan so ver terug as die sesde eeu voor Christus, en word vir die eerste keer gevind by die filosoof Heraclitus. Hy gebruik die logosbegrip vir die ewige en vaste beginsel van orde in 'n voortdurend veranderende skepping. Dit is dan die logos wat die skepping 'n kosmos maak. Die logosbegrip speel later 'n belangrike rol in die Stoïsynse filosofie wat die basis vorm vir die moreel-etiese lewe. In hierdie filosofie oorbrug die logos die dualisme tussen God en die kosmos, en so gesien, word dit 'n misterieuse, heilige krag, wat die spermatikoslogos genoem word. Die redelike mens vind volgens Ladd.[572] hierin 'n allesbepalende wet van orde en moraliteit waarmee 'n mens in harmonie met die kosmos kan lewe.

Dit is die Aleksandrynse Jood Philo (20 v.C.–42 n.C.) wat die Judaïsme met die Griekse filosofie probeer versoen en die begrip logos daarin tuisbring. Hy handhaaf die dualisme tussen God as transendent en die skepping as immanent, en gebruik die logosbegrip as

[571] Sien Ladd (1974:237-242) *A Theology of the New Testament* en Kittel Abridged (1985:505–514) vir 'n volledige hantering van die term
[572] Ladd (1974:238–239)



© University of Pretoria

medium om die twee bymekaar te bring waar God die logos of Rede sal wees. By Israel en volgens die Ou-Testamentiese skeppingsverhale het God deur sy woord geskep, en hierdie begrip word nou so aangewend. Johannes – wat bekend is vir die dualisme in sy teologie – gebruik inderdaad die woord "logos" as ‘n aanduiding van Jesus of ‘n titel vir Jesus. Dit is volgens Ladd.[573] inderdaad die bedoeling van Johannes dat die benaming "Logos" vir Jesus ‘n Christologiese lading en inkleding verkry.

In die teologie van Johannes dui die naam Logos vir Jesus op sy pre-eksistensie, sy Goddelikheid, as gestuurde agent van die nuwe skepping, die inkarnasie (*eskenosen*) en openbaring van God se persoonlikheid en identiteit. In die Openbaringteks (19:13) word Jesus se naam onder andere ook aangedui as die Woord van God, en dit sê in werklikheid alles: dat Jesus God is en soos God optree deur sy woord.

## 4 EK IS

Die verbintenis van Jesus se selfopenbaring met die selfopenbaring van God aan Moses in Eksodus 3:14 met die woorde **“EK IS”**, is aangrypend.[574] Die viertal **EK IS-**uitsprake[575] van Jesus in Openbaring, wat eie is aan die Johannese teologie,[576] bevestig die Goddelike identiteit van Jesus en wie Hy regtig is. Bauckham[577] stem ook saam dat die viertal **EK IS-**uitsprake van Jesus in Openbaring meewerk aan sy Identiteitsopenbaring.

Dit vier EK IS-uitsprake in Openbaring is:

**1** **EK IS** die Eerste en die Laaste, die Lewende (1:17)

[573] Ladd (1974:240)
[574] Sien Brown (1980:278–281) vir ‘n teologiese hantering hiervan. Hoewel dit verouderd is, het latere navorsing verbeterde en uitgebreide insigte gebring
[575] Sien Ekskursie 12: Die **EK IS-**uitsprake in die Johannese geskrifte
[576] Sien Guthrie (1981:330–333)
[577] Bauckham (1993:55) “Reveal the remarkable extent to which Revelation identifies Jesus Christ with God the Almighty”



© University of Pretoria

**2** **EK IS** die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde (22:13)

**3** **EK IS** die afstammeling, die Nakomeling van Dawid (22:16)

**4** **EK IS** die helder Môrester (22:16)

Die motief in die Johannese teologie van die "Ek Is"-uitsprake is ook in Openbaring onmiskenbaar soos dit natuurlik verbind is met Exodus 3:14. Die verbintenis met die twee **EK IS**-uitsprake van God in Openbaring[578] "**EK IS** die Alfa en die Omega (1:8) en **EK IS** die Begin en die Einde (21:6)", wanneer Jesus ook sê "**EK IS** die Alfa en die Omega", gee 'n besondere lading aan die Christologie. Dit bevestig soveel te meer wat sy identiteit is. Die vermelding van die Môrester in Openbaring 2:28, "Daarby sal Ek vir elkeen wat die oorwinning behaal die Môrester gee", verbind hierdie benaming onbetwisbaar met Openbaring 22:16, "Ek is die Afstammeling, die Nakomeling van Dawid , Ek is die helder Môrester", en Openbaring 5:5 met die benaming "…die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid". Hiervolgens is die sendingmotief deur hierdie benaming as die Seun van God vir die Lam duidelik en deurlopend in Openbaring aan die orde.

5 Die Seun van God (2:18).

Hierdie benaming[579] kom slegs die een enkele keer in Openbaring voor (2:18) en is volgens Ford[580] uniek aan die Apokalips, maar die Seun-Vaderverbintenis word baie duidelik gemaak in 2:28 met die vermelding "Dieselfde mag en gesag het Ek ook van die Vader gekry". Dat God sy Vader is word ook deur 1:6 bevestig. Die Ou-Testamentiese toespelinge in Psalm 2[581] en die feitlik ooreenstemmende bewoording van Psalm 2:9 kom aan die lig in Openbaring

[578] Sien Bauckham (1993:25)
[579] Sien Ladd (1974:246-248) vir 'n volledige hantering van hierdie term in die Johannese teologie
[580] Ford (1975:402)
[581] Sien Groenewald (1986:57)



© University of Pretoria

2:27.[582] Dit is Beale[583] wat hierdie benaming vanuit die Joods-Christelike tradisie verbind met Daniël 3:25 en dit met die benaming Seun van die mens as wisselterm aandui. Die eenheid van die Vader en die Seun (Johannes 10:30) en die volmag van die Seun as Gestuurde van die Vader (Johannes 20:21) word met hierdie benaming onmiskenbaar aan die orde gestel en as skerp teenstelling met die aanspraak van die heidense gode en die keiser op goddelikheid.[584]

6 Die Seun van die mens (1:13, 14:14)

Hoewel hierdie benaming[585] net in twee verse voorkom, mag die feit dat dit[586] in die openbaringsvisioen 1:12–20 en die bekendstellings in die sewe briewe in Openbaring 2–3 allesoorheersend voorkom, nie ontken word nie. Die naam van Jesus wat in die evangelies by uitstek die Selfidentifisering van Jesus is, kom baie opvallend in Openbaring in 1:13 en 14:14 voor, naamlik "Een soos die Seun van die mens".[587] Hierdie twee verwysings verwys na Jesus se verheerlikte toestand (1:13) en sy oordeel (14:14). Hierdie benaming het 'n diepere en gelaaide betekenis en is by uitstek in die evangelies die Selfbenoeming van Jesus. In die sinoptiese evangelies verwys hierdie benaming na die werk, die lyding en die verheerliking van die Seun van die mens. Die Johannese materiaal gebruik hierdie benaming, wat veral ontleen is aan Johannes 1:51, op 'n unieke manier en is ook net so op Openbaring van toepassing. Dit beteken dat Jesus vanuit die hemel gekom het, weer opgevaar het, en weer sal terugkom. Dit verwys na Jesus se lyding, sy verheerliking deur sy opstanding en hemelvaart,

[582] Sien Mounce (1977:102) en vergelyk die hele Psalm 2 met die hele Openbaringboek vir die toespelinge van 'n aantal motiewe uit die Ou Testament
[583] Beale (1999:259-250) Jesus as the "Son of man" of Daniël 7 and 10 is the true "Son of God" who will exercise the authority of the Ancient of days in judging the ungodly nations (Dan 7:9-13; Ezra 13:1-13, 32, 37, 52) and those who identify with them through compromise (Dan 11:30-38, 45)
[584] Sien Groenewald (1986:57)
[585] Sien Coetzee (1990:283-284)
[586] Sien Ladd (1974:246-248) vir 'n volledige hantering van hierdie term in die Johannese teologie
[587] Sien Margaret Barker (2000:82-92) in *The Revelation of Jesus Christ*: The man among the lamps



© University of Pretoria

en wanneer hy weer terugkom, verwys dit na sy Koningskap en Regterskap.[588] Ons sou ook kon praat van Jesus se predestinasie, inkarnasie en wederkoms. Die "Seun van die Mens" word van vroeg af verstaan as 'n hemelse wese.[589]

Hierdie naam en beskrywing van die "Iemand soos die Seun van die mens" word ook herlei as 'n toespeling na die benaming en beskrywing in Daniël 7 en 10:1–12 en in die geskrif van Henog.[590] Die benaming is soveel te meer opmerklik omdat dit onteenseglik aan Daniël 7 en 10:1-12 ontleen is, en die boek Daniël en Openbaring saam gereken word as die twee Apokaliptiese geskrifte in die Ou en Nuwe Testament onderskeidelik.[591] Die beskrywing van die "Iemand" en sy kleredrag kan ook herlei word na die Goddelike voorskrifte vir die kleding van die hoëpriester in Eksodus 28. Die ooreenstemmende reaksies van Daniël en Johannes op die openbaringsvisioen is ook opvallend. Die man wat in Daniël 10:10 na Daniël gestuur is, en die engel wat deur Jesus gestuur is, (Openbaring 1:1 en 22:16) plaas ook hierdie benaming en Openbaring ongetwyfeld binne die raamwerk van nie net bloot sending nie, maar moontlik van 'n sendinggeskrif.

7 Here, die Here van die heersers en die Koning van die konings (17:14 en 19:16) en ander verbandhoudende bekendmakings

Hierdie benaming[592] word relatief min gebruik en net as 'n aanduiding van mag. Jesus Christus het immers ná sy slagting as Lam uit die dood verrys, en is op pad om as die Here van die heersers oorlog te kom voer en te oorwin en te oordeel. Hierdie benaming kom voor in die kernverse van die twee perikope in Openbaring wat gaan oor die oorwinning en ewige Heerserskap van die Lam, en word dus met die oorwinnings en eskatologiese motiewe verbind. Hierdie benaming bring die Koningskapsmotief sowel as Koninkryksmotief soos Du

[588] Sien Ladd (1974:245)
[589] Du Rand (2007:139)
[590] Sien Du Rand (2007:138, 139 en 182) se drie kort ekskursies as verduidelikings van hierdie benaming
[591] Sien Coetzee J.C. (1990:277)
[592] Sien Coetzee J.C. (1990:282–283)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Preez[593] dit beskryf, duidelik na vore en dan nie as 'n statiese ewige regering en onderhouding van alle dinge nie, maar as 'n ewige aanbidding van die Here God in die stad van goud as eindeskatologiese motief in Openbaring. Die vermelding dat Hy kom as Ruiter op die wit perd met die leërs in die hemel wat op wit perde agter hom aanry, veronderstel dat Hy as Bevelvoerder met volmag aangestel en gestuur is om oorlog te maak en te oordeel. Hy is dus duidelik die Gestuurde Here van die heersers na hierdie wêreld.

Konkluderend is dit duidelik dat die Identiteit van Christus in die Openbaringteks vasgestel kan word en dat sy rol en funksie in die verhaal op grond daarvan teologies korrek geïnterpreteer kan word.

### 2.2.2 Die werksaamheid van Christus

In Openbaring kom 'n aantal beskrywings van Jesus die Lam voor wat betrekking het op sy verlossende en veroordelende (soteriologiese) en sendende/komende (missiologiese) werksaamhede.[594] In kort kom dit daarop neer dat Hy gestuur is, weggegaan het en as Chritus weer kom[595] na die wêreld om die boek oop te maak, die gebeure wat binnekort moet gebeur, soos geopenbaar deur die sewe seëls, die trompette te laat sketter en die plae te laat gebeur, en om oorlog te voer teen die Draak en sy volgelinge, en as oorwinnaar oor die draak sy ewige koninkryk te proklameer en die verlostes dienaars te maak in sy ewige Koninkryk.[596] In Openbaring doen Jesus sekere dinge om die mense te verlos van die dood, want enkel en alleen deur die verlossing van die dood en die opstanding uit die dood kry mense deel aan die ewige lewe. Op besondere wyse is Hy volgens die roepingsvisioen in Openbaring 1:12-20 gestuur na die kerk om in die tyd van vervolging en lyding die leraars van die kerke en die

[593] Du Preez (1978)
[594] Die soteriologiese motief word in hierdie studie volledig hanteer in Hoofstuk 3.4, en die missiologiese motief word in hierdie studie volledig hanteer in Hoofstuk 7
[595] Sien paragraaf 2.2.2 hier onder
[596] Sien Du Rand (2013:298-317)



© University of Pretoria

dienaars simbolies in sy hand te hou totdat Hy weer kom om hulle te verlos van die vervolging en lyding veroorsaak deur die Draak en sy agente, en aan hulle die ewige lewe te gee. In Openbaring word die soteriologiese werksaamhede van Jesus as die Lam op verskeie wyses aan die orde gestel en in die meeste gevalle in sterk simboliek verpak. Die volgende sewe aspekte is van belang vir die verstaan van die soteriologiese werksaamhede van Jesus in Openbaring:[597]

1 Die geloofwaardige Getuie (1:5)

In Openbaring 1:5 kry ons al in die seëngroet die heel eerste aanduiding van die werksaamheid van Jesus wat deur Johannes opgeteken is. Mounce[598] reken dit wys op die groter doel van Jesus se werksaamheid, naamlik as die een wat getuienis lewer van die waarheid van God.[599] Dit dui ook op Jesus se sending na die wêreld met 'n opdrag om self deur sy aardse lewe en lering te getuig, en dit is ook 'n aanduiding van sy profetiese roeping. Jesus se profetiese roeping word bevestig deur die tipiese roepingsvisioen in Openbaring 1:9–20 en kan vergelyk word met die roepingsvisioene van Jesaja, Jeremia, Esegiël en die ander profete van die Ou Testament.

2 Die eerste wat uit die dood uit opgestaan het (1:5)

Mounce[600] maak hierdie werksaamheid 'n toespeling vanuit Psalm 89:27 en maak van die teks 'n Christologiese interpretasie. Die kruisdood en die opstanding is volgens Bauckham[601] dié twee soteriologiese gebeure waarom dit eintlik gaan, en hulle word in die evangelieverhale volledig beskryf. Dit dui op Jesus – die Lam wat geslag is – se dood as versoenende handeling en sy opstanding tot die ewige lewe as die wegwyser na die

[597] Sien Coetzee (1990: 278, 287-288) en Bauckham (1993:67) "The major Symbolic themes"
[598] Mounce (1977:70)
[599] Sien Bauckham (1993:72)
[600] Mounce (1977:70)
[601] Bauckham (1993:73)



© University of Pretoria

toekomstige sterwe en opstanding van die verlostes. Volgens Swete[602] ontvang Jesus deur sy dood en opstanding die Universele Koningskap.

3 Die Koning van die konings en Heerser van die heersers (1:5, 17:14 en 19:16)

Mounce[603] maak ook hierdie werksaamheid 'n toespeling vanuit Psalm 89:27, en maak van die teks 'n verdere Christologiese interpretasie. Coetzee[604] beweer die werksaamheid dui op die regeermag en posisie van Jesus, en dit staan in die sentrum en fokus van Openbaring. Hierdie werksaamheid van Jesus kom deurlopend in Openbaring voor en word veral van toepassing gemaak op Hom ná die opstanding en ook in Eskatologiese terme. Die verlossende werk van Jesus sou dan neerkom op 'n voorbereidende werksaamheid as voorbereiding vir die finale koms van die Koninkryk.[605] Daar kom ook 'n veelkleurige verskeidenheid van koningsvererende titels van Hom voor in Openbaring.

4 Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed verlos en sy koninkryk gemaak (1:5b-6)

Die uitdrukking, Τῷ ἀγαπῶντι (Pre. Act. Part.) ἡμᾶς καὶ λύσαντι (Aor. Akt. Part.) ἡμᾶς, kan vertaal word as: "Uit liefde vir ons en wat ons verlos het van ons sonde". Coetzee[606] praat ook in hierdie konteks wanneer hy hierdie uitdrukking hanteer van Jesus se voortdurende liefde. Hy is van mening dat dit verstaan moet word as tipies van Johannes se liefdesbegrip en dat dit met reg op Openbaring van toepassing is.[607] Volgens Coetzee[608] is hierdie lofverheffing van Jesus in die seëngroet (1:4-8) 'n aanduiding van Jesus se uiterste

---

[602] Swete (1979:7)
[603] Mounce (1977:70)
[604] Sien Coetzee (1988:283)
[605] Sien Coetzee (1988:298)
[606] Coetzee (1988:287)
[607] Die teenwoordige deelwoord gesubstansiveer deur die lidwoord, is hier opvallend, veral omdat dit direk opgevolg word deur die Aoristus in strofes 2 en 3. Hierdie onderskeiding is volgens Coetzee belangrik en word deur Charles in navolging van Swete goed saamgevat: "As Swete well remarks, the two participles bring out the contrast between the abiding "agape" and the completed act of redemption"

[608] Coetzee (1988:297)



© University of Pretoria

liefdesdaad. Volgens Du Rand[609] kom die werkwoord "om lief te hê" vier keer voor in Openbaring en die naamwoord "liefde" net twee keer (2:9, 19). Dié begrip het betrekking op Jesus se selfopofferende liefde deur sy versoeningsdood en die bevestiging, implikasie en gevolg daarvan vir dié wat deur Hom verlos is en nou aan Hom behoort. Coetzee[610] reken voorts dat die soteriologiese boodskap in Openbaring veranker is in die “reeds” van Jesus se dood oftewel voltooide eskatologiese heilswerk, en gerig is op die seëninge daarvan vir die universele kerk en die ganse skepping, ook die nuwe skepping oftewel nuwe simboliese universum.

Die opvolgende gedagte van verlossing wys op die wyse waarop Jesus Christus sy daadwerklike liefde met sy kruisdood bewys het. Die motief van die lamslagting kom dikwels in Openbaring en ook in ander Apokaliptiese geskrifte voor. Coetzee[611] reken dit is die rede waarom die motief van liefde so min in Openbaring voorkom. Die lamslagting in Openbaring is 'n toespeling op die slag van die Paaslam in Eksodus[612] wat as ‘n teologiese motief dwarsdeur die Ou Testament voorkom. In die Ou Testament is die verbondsluiting tussen God en mens deur bloed die motief waarop hier in Openbaring toegespeel word. Tipies Ou-Testamenties profeties is daar ook ‘n onheilskant aan die saak soos ons dit kry in Openbaring 1:7 “… ook hulle wat Hom deurboor het en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag”. Die bloed van die teenkant, daarteenoor, sal eendag in massa vloei.[613]

Die gevolg van die verlossing word verderaan deur die uitdrukking ἐποίησεν ἡμᾶς βασιλείσαν weer in die Aoristus aangetoon, en so word die verloste volk van God deur hierdie daad van die Lam geskep. Coetzee[614] wys daarop dat hierdie gedagte weer in Openbaring 5:9-10 baie nou verwant voorkom. In 1 Petrus 2:9 word hierdie gedagte

609 Sien die kort ekskursie as verdere verduideliking in Du Rand (2007:183)
610 Coetzee (1988:297)
611 Coetzee (1988:299)
612 Sien Bauckham (1993:70) “The eschatological exodus”
613 Sien Openbaring 14:19, 19:15, en 21
614 Coetzee (1988:302)



© University of Pretoria

aangehaal vanuit die toespeling van die Ou Testamentiese motief daarvan soos dit voorkom in Eksodus 19:6. Hiermee word die verloste volk van God in Openbaring duidelik aangedui.

5 Die Lewende (1:17–18)

In Openbaring 1:17 tot 18 in die roepingsvisioen as openbaring aan Johannes sê Jesus van Homself: "Ek is die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood, maar kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid. Ek het die sleutels van die dood en die doderyk". Jesus openbaar Hom as die Lewende en die lewegewende. Vir die mens gaan dit hier dus oor lewe en dood en in die besonder oor die ewige lewe en die ewige dood. Jesus is na die wêreld gestuur om mense te verlos van die dood en aan hulle die ewige lewe te gee. Mounce[615] wys op die Ou-Testamentiese toespeling van God as die Lewende God en verwys na Josua 3:10, Ps 42:2 en Ps 84:3. Openbaring 1:5 beskryf Hom as die eerste wat uit die dood uit opgestaan het en dus as oorwinnaar oor die dood. In Openbaring 2:8 beskryf Hy Homself as die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het. Dit dui ook direk op die opstanding van Jesus en wat sy staat, posisie en rol nou ná die opstanding is. Dit dui ook aan wat die gevolg en resultaat sal wees vir die verlostes. Dit is sy hoofwerksaamheid.

6 Die Ruiter op die wit perd wat kom en met regverdigheid oorlog voer (19:11), oorwin (17:14) en die oorwonnenes veroordeel (20:11-15).

Die beeld van die ruiter op die wit perd is volgens Mounce[616] 'n toespeling op die Joodse tradisie van die bevrydende Messias.[617] Hiermee word dus van Jesus gesê dat Hy met regverdigheid oordeel en oorlog voer.[618] Dit beteken dat Hy sal kom om tegelykertyd te bevry en te oordeel, en dat hy aan die einde die oordeel sal vel oor die Draak en diegene wat

[615] Mounce (1977:18)
[616] Mounce (1977:343)
[617] Sien veral die Psalms van Salomo 17:23-27 vir hierdie motief
[618] Sien Bauckham (1993:67) *The Messianic war*



© University of Pretoria

die Draak volg en aanbid. Mounce[619] bring die kreatiewe spanning van die Ou-Testamentiese toespeling by mekaar deur daarna te verwys as twee komplementerende kante van die saak.

7 Die Eerste en die Laaste (1:17 en 2:8), die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde (22:13).

In 1:8 en 21:6 was dit God wat Homself geïdentifiseer het as die Alfa en die Omega.[620] In 22:13 gebruik Jesus hierdie identifiserende benaming as ‘n selfbenaming en ‘n aanduiding dat hy inderdaad God is en wesenlik deel is van en een is met die Trinitariese God. In 1:17 en 2:8 gebruik Jesus ook die selfidentifiserende term “Ek is die eerste en die Laaste” vir Homself en as ‘n benaming. Die opvallende is dat die drietal benaminge vir Jesus saam die enigste keer voorkom in Openbaring 22:13. Ook dui Hy aan wat Hy gedoen het en nog gaan kom[621] doen, en dat dit alles die wil en binne die skeppingsorde van die Trinitariese God is wat Hy self ook is.

Konkluderend ten opsigte van die Christologie en Soteriologie beweer Ladd[622] tereg dat die persoon en werk van Jesus Christus in die geskiedenis van die mensdom die sleutel is tot die verstaan van die Bybel.

### 2.3 Die Heilige Gees

As die sentrale plek wat die Gees[623] as die sewe Geeste van God[624] voor die troon het (1:4), en as sewe vuurvlamme[625] simbolies en metafories inneem rondom die troon en as rolspeler die sewe oë van die Lam is wat oor die hele aarde uitgestuur is (5:6), nagevors word, kom die

[619] Mounce (1977:343)
[620] Sien Mounce (1977:393)
[621] Du Rand (2013:298-285) *“Amen, kom, Here Jesus!”: Bybelse en verwante eskatologiese perspektiewe*
[622] Ladd (1974:181)
[623] Die Pneumatologie. Sien Openbaring 1:4/1:10/4:5/5:6/19:10/22:6/22:17
[624] Sien Bauckham (1993:110)
[625] Ek verkies die woord “vuurvlamme” hier vir die Griekse woorde λαμπάδες πυρὸς omdat die meer oorspronklike letterlike betekenis meer neerkom op “skynende ligte’. Sien ook Liddell and Scott (1978:464 2.) dat die woord λαμπάς metafories aangewend word vir “van die son”, onder andere by Soph., Eur.



© University of Pretoria

identiteit, die plek en die rol van die Gees in Openbaring duidelik na vore. Verder word die pneumatologie in Openbaring hoofsaaklik gedra deur die verbintenis van die Gees met die profetiese boodskappe wat Hy gee (1:3, 19:10 en 22:7), en volgens Openbaring 5:6 word die feit van die Gees se sending gefundeer. Du Rand[626] verbind die werking van die Gees en die rol van die kerk in eskatologiese verband soos dit in die Openbaring verhaal na vore kom.

Die sleutelteks rakende die identiteit van die Gees is Openbaring 19:10. Hierin word die trinitariese aard van Openbaring aan die orde gestel en die Gees verbind aan die Triniteit van God en die Een wat die profesie gegee het. Die sending van die Gees na die wêreld en die uitroep saam met die bruid (22:17) ná die koms van die Lam omskryf die werking van die Gees baie duidelik volgens Schnelle.[627] Die Gees van God speel as gestuurde agent 'n prominente rol in die Openbaring en word telkens in verband gebring met die openbaarmaking van die visioene deur vir Johannes mee te voer. (1:10)

Dit is ook die Gees wat elke boodskap aan elk van die sewe kerke persoonlik aflewer soos dit duidelik gestel word in elke brief aan elke kerk. Die Gees begelei ook die profetiese uitsprake volgens Du Rand.[628] Die sending van die Gees (5:6) speel 'n beslissende rol in die werksaamheid van God om die aanbidding van God op die aarde te vestig.[629] Die uitbeelding van die Gees as sewe vuurvlamme en die sewe oë van die Lam beskryf die Goddelike teenwoordigheid, krag en visie wat deur dieselfde Gees werksaam is in die Lam as die geloofwaardige Getuie en in die getuienis van die Lam. Die simboliese betekenis van die getal sewe[630] verbind met die Gees van God maak ook die getuienis van die Lam en ook die

[626] Du Rand (2013:379-412) "Die Gees begelei die kerk en die kerk hou die Evangelie as vlag van hoop en redding omhoog in die triomfantlike opmars na die einde"
[627] Schnelle (2009:760) skryf: Revelation's statements about the Spirit are shaped by a single fundamental conception: the exalted Christ participates in the spiritual reality that emanates from God and thus enables the powerful, Spirit-inspired testimony of the prophet John
[628] Du Rand (2007:66)
[629] Sien die Evangelie van Johannes 4:23 en 24
[630] Sien Ekskursie 15 vir die simboliese verklaring van die getal



© University of Pretoria

oorwinning van die Lam universeel aan die hele wêreld bekend waarna die sewe Geeste van God heen gestuur is.

Harrington[631] maak die opmerking dat hoewel die Gees nie prominent in Openbaring figureer nie, dit nie aanvaar kan word dat die Gees 'n geringe of ondergewaardeerde rol speel nie. Inteendeel, dit blyk dat, hoewel die Gees kwantitatief gesproke redelik min figureer, die Gees andersins kwalitatief gesproke in kardinale momente na vore tree en beslissend figureer. Hierdie kardinale momente kan geïdentifiseer word as "die Gees wat meevoer" (1:10) of anders gestel, die openbaring "laat sien" het (21:10), "die Gees wat vir die kerke sê" (2-3) en die Gees "wat die profesie gegee het" (19:10 en andere)". Hierdie drieledige werksaamheid van die Gees kan gefundeer word onder die nadere presisering van Openbaring 5:6 "…wat oor die hele aarde uitgestuur is". In hierdie studie word hierdie "sending" van die Gees verder verduidelik aan die hand van hierdie drieledige werksaamheid van die Gees. Vervolgens is dit eers nodig om die identiteit van die Gees, veral aan die hand van Openbaring 1:4, 4:5 en 5:6, nader te bepaal.

Die Pneumatologie in Openbaring kan sinvol gestruktureer en hanteer word onder die opskrifte "Die Identiteit van die Gees as die sewe vuurvlamme reg voor die troon (4:5)" en "Die sewe oë van die Lam wat oor die hele aarde uitgestuur is (5:6)". Daarmee saam kan die sending of werking van die Gees drieledig hanteer word as die Gees wat meevoer en openbaringe gee, die Gees wat spreek, en die Gees wat die profesie gegee het.

### 2.3.1 Die Identiteit van die Heilige Gees

#### 2.3.1.1 Die sewe vuurvlamme reg voor die troon (1:4 en 4:5)

[631] Harrington (1969:45) skryf: "The Spirit does not figure prominently in the Apocalypse, but is by no means absent from the book"



© University of Pretoria

Die aanduiding van die "sewe Geeste voor sy troon" in Openbaring 1:4 is 'n aanduiding van die Gees van God en word hier baie sterk met die troon van God verbind. Die troonmotief[632] kom ongeveer 50 maal voor in Openbaring en hierdie verbintenis as identiteitsbepaling van die Gees verdien beslis meer aandag as wat die geval in meeste kommentare is. Die verbintenis van die Gees met die troon lei tot 'n logiese gevolgtrekking dat die Gees saam met God op die troon inderdaad saam met Hom aanbid moet word en dus ook Skeppergees is.

Die opvallende aspek van die seëngroet in Openbaring 1:4-6, naamlik dat die Gees hier tweede genoem word en nie derde nie, moet hier weer uitgelig en toegelig word. Die opvallende en eiesoortige seëngroet in Openbaring, wat nêrens elders in die Bybel gevind word nie, naamlik "Genade en vrede vir julle van **HOM** wat is en wat was en wat kom en van die sewe **GEESTE** voor sy troon, en van **JESUS CHRISTUS,** …" plaas Openbaring binne 'n duidelike trinitariese sowel as pneumatologiese perspektief. Coetzee[633] reken die Gees word hierdeur direk verbind en in 'n noue werkrelasie geplaas met die Een op die troon en die Lam, Jesus Christus die Here. Jesus se selfbekendstelling aan die kerk in Sardis as "Hy wat die sewe Geeste en die sewe sterre het" is 'n verdere beklemtoning van die trinitariese identiteit van God en die Gees as Persoon van die Triniteit en sy verbintenis met die Lam. Wilson[634] se bydrae tot die navorsing is juis om die verbintenis tussen die "Iemand op die troon", die "Lam" en die "Gees", met ander woorde die trinitariese fundering van die sending, aan die orde te stel. Die onmiskenbare trinitariese karakter[635] van die Goddelike persoon van onder andere die sewe Geeste staan dus vas vanuit die pneumatologiese motief in die teks van Openbaring.

[632] Du Rand (2007:217) vermeld dat die term "troon" 110 keer in die Ou Testament en 56 keer in die Nuwe testament voorkom
[633] Coetzee (1990:260)
[634] Wilson (2002:43)
[635] Sien Coetzee (1990:293)



© University of Pretoria

Volgens Coetzee[636] is die getal sewe hier duidelik nie ‘n aanduiding van sewe afsonderlike entiteite nie, maar ‘n getal-simboliese aanduiding van die Gees. Die simboliek van die sewe vuurvlamme is ‘n toespeling op Esegiël 1:13 en binne die konteks van Esegiël 1-3[637] gaan dit hier oor die magtige verskyning en teenwoordigheid van die Here God, die Almagtige. Die ooreenkomste tussen Esegiël 1–3 en Openbaring, en spesifiek Openbaring 4, is opvallend. Die term in Esegiël 3 naamlik die “Gees” binne die konteks van die sendingroeping en opdrag van die profeet en die profetiese boodskap bevestig veral die werking van die Gees ten opsigte van die Sending en die volmag van die sendeling.

**2.3.1.2 Die sewe oë van die Lam wat oor die hele aarde uitgestuur is (5:6)**

Die toespeling op Jesaja11: 2 is hier opvallend en verduidelikend ten opsigte van die identifisering en karakterisering van die Gees in terme van die getal sewe. Die toespeling op Sagaria 3:9, 4:2, 4:6 en 4:10b rakende die sewe Geeste van God as nadere toeligting is ook vanselfsprekend. Die teksverse lees ononderbroke opeenvolgend as volg:

> “So sê die Here die Almagtige (3:7): Ek sit voor Jesua ‘n klip neer, en op hierdie een enkele klip is daar sewe oë. Ek het gesien daar is ‘n kandelaar, heeltemal van goud; bo-op ‘n oliebak met sewe tuite en sewe lamppitte in elkeen. Hier is die boodskap van die Here aan Serubabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige. Dan sal julle weet dat die Here die Almagtige my na julle toe gestuur het. Daardie sewe oë op die klip voor Jesua is die oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk”.

Dat die sewe vuurvlamme ook simbolies aangedui word as die sewe oë van die Lam maak die trinitariese verbinding nóg sterker. Hierdie verbintenis bevestig die sending van die Gees. In Openbaring 5:6 is die sewe oë van die Lam ook die sewe Geeste van God wat oor die hele

[636] Coetzee (1990:289)
[637] Sien die kommentaar van Walther Eichrodt (1970:49-79) vir ‘n interpretasie en verklaring van Esegiël 1-3



© University of Pretoria

aarde uitgestuur is. Die verklarings van die oë van die Lam is in die meeste eksegetiese kommentare wat ek kon raadpleeg, nie voldoende nagevors en ontwikkel nie. Dit spreek dus vanself dat die nadere identiteitsbeskrywing dat die Gees "…oor die hele aarde uitgestuur is" ook swak nagevors en ontwikkel is. Vanselfsprekend gaan die teologie van die Gees van God as "Sendeling" onder dieselfde lot gebuk. Die beste verduideliking wat ek kan gee, is dat die sewe bekende planete van die tyd vanuit die astraal-mitologiese voorstellinge medestanders van God was. Dit kom daarop neer dat die sewe Geeste van God as engelboodskappers oor die hele aarde uitgestuur is. Hierdie metaforiese voorstelling word ontleen aan Sagaria 4:10.

So gesien, het die sewe oë van die Lam as simboliek die sewe Geeste van God 'n gevolmagtigde sendingopdrag, veral omdat die woord ἀποστέλλω hier (5:6) vir die tweede van die drie kere in Openbaring gebruik word. In 1:1 en 22:6 word die woord ἀποστέλλω vir die engel gebruik. Die verbintenis met die hele aarde bring ook die dimensie na vore van wêreldsending, die uithoeke van die aarde en dat die Sending opdrag ekumenies van aard is. Die sending van die Gees bring hier in Openbaring ook 'n dimensie van die werk van die Gees na vore wat in Nuwe-Testamentiese navorsing nie net in Openbaring nie, maar in die hele Nuwe Testament, nog nie na behore nagevors is nie.

Hierdie simboliek en die gepaardgaande sendingopdrag volgens Mounce[638] spreek van 'n "completeness of vision" wat die belang van "sendingvisie" wat vanaf die Lam kom, aan die orde stel. Swete[639] konstateer weer die statiese posisie van die sewe Geeste voor die troon teenoor die sendingbeweging van die sewe Geeste as die sewe oë van die Lam.

### 2.3.2 Die sending van die Gees:

2.3.2.1 Die Gees wat die profesie gegee het (Openbaring 19:10).

[638] Mounce (1977:146)
[639] Swete (1980:79)



© University of Pretoria

In Openbaring 1:3 lees ons dat hierdie openbaring 'n **profesie** is en in Openbaring 19:10 lees ons dit is die Gees wat die **profesie** gegee het.[640] In Openbaring 22:6 lees ons dat God sy Gees aan die **profete** gegee het en in 22:7 lees ons van elkeen wat die woorde van hierdie **profetiese** boek ter harte neem. In 22:9-10 lees ons weer van die **profete** en weer van dié wat die woorde van hierdie **profetiese** boek ter harte neem om nie die woorde van hierdie **profetiese** boek geheim te hou nie. Diesulkes word gelyk gestel aan die **profete** wat in die verlede geskryf het oor wat God gespreek het. In 22:18 skryf Johannes: "Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie **profetiese** boek hoor…" Vervolgens is dit dan nodig om nader in te gaan op waar profesie vandaan kom en wat die verwantskap tussen die Gees en die profesie regtig is. Hierbenewens moet die term "profesie"[641] as genre binne die sosio-historiese konteks van Openbaring verstaan word.

Volgens Le Roux[642] was God volgens die profete van die Ou Testament in totale beheer van alles en het sy heerskappy die verlede, die hede en die toekoms omspan, en was hy intens betrokke by Israel en alle gebeure op die wêreldtoneel en in die ganse kosmos. Vir Israel was die heilsgeskiedenis belangrik, en Jahweh is beskou as God wat in die geskiedenis ingryp en heil bewerk. Aanvanklik het die profete uit ekstatiese groepe bestaan. Naas hierdie groepe was daar ook sieners. Hierdie groepe profete se optrede was in die eerste instansie gekoppel aan die werklike gebeure van hul tyd. Veral die tradisies van die skepping, die aartsvaders, die uittog, die Sinaigebeure, die woestyntradisie, die intogtradisie en die totstandkoming en vestiging van die Dawidiese dinastie is tot heilsdade verhef. Voortdurend is terug gekyk en uit die verlede, uit die heilsgeskiedenis, geleef.[643]

[640] Sien Bauckham (1993:119–120)
[641] Sien Bauckham (1993:146–156) "*True prophecy*?"
[642] Sien Le Roux (1986:129) in *Woorde wat ver kom: Tekste met 'n profetiese perspektief*
[643] Sien Le Roux (1986:125–129) in *Woorde wat ver kom: Tekste met 'n profetiese perspektief*



© University of Pretoria

Mettertyd het hierdie siening van die geskiedenis verstar en was dit as ‘n waarborg beskou dat God hulle nooit sou begewe en verlaat nie, ongeag van hulle lewenswandel. Hierdie verstarring het veroorsaak dat Israel hulle God verlaat het vir ander gode, en dit het veroorsaak dat ‘n vervreemding van die tradisionele heilsgebeure plaasgevind het. Teen hierdie gedagterigting in het die skrifprofete na vore getree en hul verset en sodoende het die heilsgeskiedenis ‘n kontrasfunksie begin kry.[644] In die profetetradisie begin die heilsgeskiedenis nou binne ‘n onheilskonteks funksioneer, en dit moes in die hede geherinterpreteer word om vir die toekomstige heil relevant gemaak te word. Vir die skrifprofete was die heilsgeskiedenis die agtergrond waarteen hulle ná die val van die Dawidsdinastie hul heils- en onheils aankondigings doen.

Die optrede van die koning en die volk in die land wat God aan hulle geskenk het, was nou sodanig dat ‘n dag van oordeel op hulle gewag het, bekend as die “Dag van die Here”.[645] Die profete se kritiese beoordeling van die hede word nou gegrond op die noue verband tussen koning, volk en land, en die volk se handelinge as religieuse en sosiale wanpraktyke. Nou blyk dit dat God se heilshandelinge verniet was en dat die religieuse verwording en sosiale ongeregtigheid die heilsgebeure sy geloofsversterkende en legitimerende funksie ontneem het. Die blik het nou na die toekoms verskuif, sodat nie meer die heilsgebeure die grond van die profeet se optrede uitmaak nie, maar hoop.[646]

So gesien, bepaal die hede die toekoms, en die toekoms word alleen uit die hede verstaan. Die hede skep die toekoms en die toekoms is die resultaat van wat in die hede gebeur het. Israel se handelinge in die hede het hulle toekoms bepaal en die profeet se oordeelsaankondiging, wat in die toekoms voltrek sal word, vind sy fundering in die huidige

[644] Sien Le Roux (1986:130) in *Woorde wat ver kom: Tekste met ‘n profetiese perspektief*
[645] Sien Le Roux (1986:136) in *Woorde wat ver kom: Tekste met ‘n profetiese perspektief*
[646] Sien Le Roux (1986:139) in *Woorde wat ver kom: Tekste met ‘n profetiese perspektief*



© University of Pretoria

optrede van Israel. Hieraan word uitdrukking gegee deur die aanwending van die begrip die "Dag van die Here".[647]

Gedurende die ballingskap en daarna het die begrip die "Dag van die Here"[648] 'n betekenisverandering ondergaan, naamlik dat dit nou vir Israel 'n dag sal wees van heil en vir sy vyande 'n dag van onheil. Die profete se aankondiging van 'n "oorblyfsel" wat sou oorleef, is die aankondiging van 'n nuwe volk en 'n nuwe bedeling. Die profete het hierdie gedagtes egter nooit verder uitgewerk nie, en dit sou later verder ontwikkel, anders omskryf en toegepas word. Hiermee het 'n ontwikkeling plaasgevind wat later die profetiese eskatologie genoem is, en wat per definisie 'n duidelike toekomsverwagting binne die geskiedenis verkondig. Die profetiese eskatologie het verwag dat die ou lewe herstel sal word en dat daar terug gekeer sal word na die gebruike en instellings voor die ballingskap, en dat die tempel weer herbou sal word. Dit word ook genoem die realistiese eskatologiese verwagting.

Daar was egter 'n groep by wie vervreemding van hierdie beskouing en die *status quo* plaasgevind het. Hulle het die verwagting gekoester dat die Here God 'n Messiaanse leier sal stuur wat die vyande van God sal oorwin en onderwerp en saam met die regverdiges 'n oordeel sal hou oor die onregverdiges van hierdie skepping, en 'n nuwe skepping en 'n ryk daar sal stel wat die onregverdiges sal uitsluit. Die aanhangers van hierdie siening het hul toevlug begin neem tot 'n soort simboliese universum wat aan die hemel gekoppel is. In die plek van 'n godsdiens wat die hede en die verlede beleef in die lig van 'n God wat in die geskiedenis optree, het 'n dualistiese betekenissisteem gekom. Die hede en die verlede is die tyd van die bose wat staan teenoor 'n tyd van triomfantlike verlossing wat aan die kom is en feitlik op hande is.

---

[647] Sien Ekskursie 7: *Die Dag van die Here*
[648] Sien WS Vorster (1986:158-163) *Woorde wat ver kom: Tekste met 'n apokaliptiese perspektief*



© University of Pretoria

Die hemel en die ewigheid of hiernamaals word nou deur middel van simboliek met die eskatologie in verband gebring. Genoem die profetiese eskatologie, verkondig dit God se verlossing en oordeel as die vervulling van beloftes in die geskiedenis terwyl die simboliese eskatologie 'n redding verkondig uit die geskiedenis en die oordeel van die onregverdiges in die hiernamaals. Die uiteinde sal dan wees dat God deur die sending van die Messiaskoning (in Openbaring die Lam wat geslag is) al sy teenstanders sal oorwin en oor hulle sal regeer in 'n nuwe skepping (19:11–16). Hierdie eskatologiese beskouing van die profetiese geskrifte het op grond van sekere soort tekste waarin van visioene en simbole gebruik gemaak word, bekend geword as apokaliptiek en spesifiek op grond van die woord apokalipsis in Openbaring 1:1 die benaming gekry van apokaliptiese geskrifte.[649]

WS Vorster[650] reken dit van belang om terme soos apokalips, apokaliptiek, apokaliptiese groepe, bewegings, eskatologie, ensovoorts op te helder voordat met die geskrifte omgegaan word. Verskei eksegete[651] stel dit duidelik dat die boek Openbaring 'n apokalips is. Die saak waarna nou deeglik gekyk moet word vir die verstaan van Openbaring, is hoe die begrip "die Dag van die Here" in die apokaliptiese literatuur aangewend word as verskyning oftewel openbaring van God, maar spesifiek hoe dit by die laat na-eksiliese profete, ook bekend as die eskatologiese profete, gefunksioneer het en spesifiek by Daniël[652] as laaste profeties-apokaliptiese[653] geskrif van die Ou Testament.

---

[649] Sien Ekskursie 13: *Die Apokaliptiese Literatuur*
[650] WS Vorster (1986:158)
[651] Sien Du Rand (1990:164) *Johannese Perspektiewe en* (2007:17-27) *Die A-Z van Openbaring*, Lohse (1974:65-73) *The New Testament* Environment, Deist (red) (1982:217-230) *Die Bybel Leef* en Vorster (1986:158-176) in sy bydrae *Tekste met 'n apokaliptiese perspektief* in *Woorde wat ver kom* vir 'n volledige bespreking van die term Openbaring en Openbaring as Apokaliptiese geskrif.

[652] Sien sommige kommentare van die boek Daniël, onder andere John Golding (1989:xxi-xl), Joyce Baldwin (1978:46-58), James Montgomery (1979:23-24), Norman Porteous (1979:13-21), Sakkie Spangenberg in Die Bybellennium (1999:963-965)

[653] Sien Du Rand (2013:86-100) *Om die boek Daniel in eskatologies-apokaliptiese perspektief te lees*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is voor die hand liggend dat Daniël as Ou-Testamentiese profeet binne die konteks van die "dag van die Here" skryf. Die handelende Subjek van die gebeure is ook in Daniël die Skepper self wat hierdie profesie aan Daniël openbaar op verskillende maniere. Die wyse van openbaring en die toekomsgerigtheid van die profetiese boodskap vind in 'n konteks van buitengewone kosmiese gebeure plaas. Daniël, Obadja, Joel, Esegiël 38–39 en Sagaria 1–8, 12–14 en sekere tekste in Trito Jesaja val in die kategorie van laat na-eksiliese profete wat beskryf kan word as profetiese eskatologie. W. S. Vorster[654] beskryf hulle as tekste met 'n apokaliptiese perspektief.

Die werklike genre en korrekte indeling van die boek Daniël in die Bybel as kanon verdien nou eers ons verdere aandag. Daniël volg die weg van lang en ingewikkelde beskrywings van God se handelinge, terwyl die profete en apokaliptici kort en saaklik is. Die voorkoms van drome en visioene, weer tipies van Apokaliptici en die openbaring in 10:1, is onderskeidend van die profete en tydperke. Getalle speel ook 'n kenmerkende rol en die gedagte van die eindtyd kom ook duidelik na vore. Die sterk verbintenis aan die konteks, historiese gebeurtenisse, eers aan die Babiloniese tydperk en dan aan die tydperk van Antiochus Epifanus en die boodskappe vir God se volk, is weer tipies profeties van aard, en na my mening ook deurslaggewend as 'n keuse gemaak moet word. Dit is vervolgens van wesenlike belang om te let op die verskille tussen profetiese boek, wysheidsgeskrif[655] en apokalips.

Ek stem wel saam dat Daniël 'n profetiese boek kan wees, maar daar kom net soveel meer by dat die indeling in die kanon as profetiese boek die verstaan en werklike betekenis van Daniël as wysheidsgeskrif die oningeligte leser onreg aandoen en selfs kan mislei. Die antwoorde op die vrae oor wie die werklike outeur is en oor die datering van die boek wat so laat ná die ander profete is, dui daarop dat dit nie meer werklik gereken kan word as skrifprofeet alleen

[654] Vorster (1986:158)
[655] Sien Ekskursie 6: Die Wysheid



© University of Pretoria

nie, maar ook as wysheidsgeskrif. ‘n Goeie aanduider is die plasing in die kanon van die Hebreeuse Bybel, naamlik Daniël as geskrif (Ketubim).[656] Volgens die Hebreeuse Bybel kom Daniël as laaste wysheidsgeskrif ná Psalms, Job, Spreuke, Rut, Hooglied, Prediker, Klaagliedere en Ester. Ná Daniël volg Esra, Nehemia en Kronieke.

Dat Daniël ‘n apokaliptiese geskrif is, is vandag die populêre siening. Ek erken dat daar wel apokaliptiese elemente in voorkom, maar die profetiese en wysheids elemente daarin weeg net so swaar. Om Daniël alleen as apokaliptiese literatuur te beskou, maak na my mening te veel van buitebybelse bronne en genres. ‘n Laat datering plaas die vraag of dit dan in die kanon tuishoort, weer op die tafel. Daniël is kennelik nie geheel en al apokalipties van aard nie, maar inderdaad eerder profeties, sodat argumente ten gunste van 'n uitgesonderde apokaliptiese geskrif nie genoegsaam is nie.

Daniël as moontlike wysheidsgeskrif of geskrif met elemente van wysheid behoort ook in berekening gebring te word. Die moontlikhede is Daniël as profesie, geskiedenis, apokalips en wysheidsgeskrif[657] of ‘n goeie mengsel daarvan. Tereg skryf J. H. le Roux[658] die presiese inhoud van die dag van die Here was nooit deur die profete uitgewerk nie, maar die laat na-eksiliese profete, spesifiek Daniël, gee ‘n duideliker aanduiding van waaroor dit presies gaan, naamlik die magtige verskyning van God volgens die profesie van die dag van die Here. Daarom kan die boek Daniël getipeer word as ‘n profeties-eskatologiese geskrif. Vanuit die boek Daniël ontwikkel die Joodse apokaliptiek wat sy hoogtepunt vind in die boek Openbaring, wat ek tipeer as apokaliptiese eskatologie aangesien die Gees van God die skrywer Johannes meegevoer het in geestelike, hemelse ervarings en hom die dinge wat binnekort moet gebeur, in simboliek en metafore laat sien het.

---

[656] Eybers Deel 3 (1978:181) in *Gods Woord in mensetaal* handhaaf ook hierdie standpunt.
[657] Sien in die besonder die toevoeging tot Daniel die verhaal van *Susanna*
[658] J. H. le Roux (1986:155)



© University of Pretoria

Vervolgens moet die tipiese eienskappe[659] van die apokaliptiese literatuursoort[660] van Openbaring spesifiek verstaan word, veral ook dié van metafore en simboliek, Die tipiese eienskappe van die apokaliptiese eskatologiese literatuursoort word deur ‘n aantal eksegete hanteer.[661] Dit is van kritiese belang dat veral die betekenis en die sin van die getalle[662] in Openbaring binne die sosio-historiese konteks en begrip van die tyd verstaan sal word.

Die woord "apokalips" in 1:1 dui onder andere die genre of literatuursoort[663] aan of dan die vorm waarin die Gees die boodskap van Openbaring openbaar, wat ‘n teks is met ‘n verhaal wat ‘n boodskap van God deur middel van ‘n boodskapdraer uit ‘n ander wêreld aan ‘n bekende figuur in hierdie teenswoordige wêreld bevat, en wat nou in ‘n situasie van krisis en snelle verandering bekend gemaak word. Die boodskap word in die vorm van visioene met ryk en swaar simboliek en metafore geopenbaar. Die boodskap handel oor ‘n nuwe wêreld anderkant die bestaande werklikheid wat deur God geskep is en nog sal kom, soos reeds uitgewys, ook genoem die simboliese universum van die skrywer. Die funksie van die apokalips is om die situasie van die lesers in die lig van die simboliese universum te interpreteer en die insig en die optrede van die lesers deur Goddelike gesag te bepaal. So gesien, is apokaliptisisme die denksisteem van konsepte en simbole wat ‘n groep se identiteit definieer terwyl hul ook sosiaal daaraan uitdrukking gee.[664]

Ten opsigte van die dag van die Here konkludeer Du Rand[665] dat dit volgens Openbaring 6:17, soos dit aangewend word in Joël 2:11 en 31 en Maleagi 4:1-5, na die finale einde van

[659] Sien Ekskursie 13: Die Apokaliptiese literatuur
[660] Sien John J. Collins (CBL 2015) *Revelation as Apocalypse*
[661] Sien veral Du Rand (1990:164-186 en 212-225) *Johannese Perspektiewe* en ook Lohse (1974:65-73) *The New Testament Environment.* Op hierdie gebied het Jan van der Watt baanbrekerswerk gedoen in Andrie du Toit (red.) (2009:317) *Focusing on the message* Hoofstuk 8 in sy bydrae “*Reading New Testament imagery*”

[662] Sien Ekskursie 15: Die getalle in Openbaring
[663] Sien Barr (1998:3-5) en Beale (1999:37-43) vir verdere lees
[664] Sien Du Rand (1990:219-221)
[665] Du Rand (2007:289)



© University of Pretoria

die geskiedenis van die mensdom en die finale oordeel van God verwys. Konkluderend kan ons dus ook sê dat dit dieselfde sake is wat Johannes moet opskryf "oor wat binnekort moet gebeur".[666] Openbaring behoort myns insiens vir die beste verstaan daarvan met behulp van leesstrategieë as apokaliptiese eskatologie gelees te word. Ander kontemporêre apokalipties-eskatologiese geskrifte moet nagegaan word met die oog op 'n vergelyking om nie net die tipiese van die literatuursoort te bepaal nie, maar ook om dit te verstaan.

2.3.2.2 Die Gees wat meevoer en die Openbaring gegee het.

Die werkwoord "απόκαλιπτω" is gebruik wanneer 'n geheimenis aan 'n persoon geopenbaar word; in die besonder wanneer dit 'n hemelse wese of god is wat die geheimenis openbaar.[667] Wysgere wat wysheid gevind het in die lees van sterre, het dikwels openbaringe of boodskappe komende van die gode gelees in die sterre en hul bewegings[668] en het dan met hul wysheid hierdie geheime boodskappe en voorspellings aan slegs belangrike mense soos profete, priesters en konings bekend gemaak. Die apokaliptiese eskatologie van Openbaring word op voetspoor hiervan deur Malina en Pilch[669] beskryf as 'n hemels-astrale profesie. Hul beskrywing hou veral verband met die sosio-godsdienstige agtergrond, beskouing en belewing van die vroeë beskawings van Egipte en veral Babilonië waarvolgens Israel hulle God leer ken het as die Skeppergod. Malina en Pilch se beskrywing voeg baie waarde toe tot die verstaan van Openbaring, veral ten opsigte van die sosio-kosmies godsdienstige verstaan, maar is op die ou end eensydig. Hul verklaring van Openbaring verval in 'n eensydigheid.

666 Sien Openbaring 1:1 en Daniël 10:1 in samehang met die woord apokalips
667 Sien Daniël 2:28, 29 en 30
668 Die astrologiese beweging hoe om die sterreruim en bewegings te kan verstaan en die moontlike invloed op die kosmologie en Antropologie te bepaal en te voorspel, het hieruit na vore gekom. Sien Ekskursie 19 vir 'n verduideliking van die sterrekonstellasies, ook bekend as die sogenaamde diereriem
669 Sien Malina en Pilch (2000:2) "… celestial or astral prophecy"



© University of Pretoria

‘n “Apokalips”[670] is ‘n openbaring wat deur ‘n buitewêreldse, bonatuurlike bemiddelaar, byvoorbeeld ‘n engel, aan ‘n menslike ontvanger as siener, dromer of visionêr gegee word. Dit handel oor verlossing uit die ellende van hierdie wêreld en kom vanuit die bonatuurlike ruimte of die transendente, ook direk vanaf die *misterium tremendum*. Hierdie verlossing word oorheersend en uitsluitlik beskou as ‘n toekomstige gebeurtenis en 'n direkte ingrype, en is dus eskatologies van aard. Die eskatologie dui weer ‘n bepaalde toekomsperspektief aan, maar geen teologie of ideologie kan gekonstrueer word alleen vanuit tekste in ‘n apokaliptiese genre nie. Dit is wel van belang om die voorkoms van apokaliptiek in enige teks te verstaan en daarmee saam die teologiese agtergrond of bedding van die inhoud alvorens die boodskap van die teks reg verstaan kan word. Hiervoor is dit ook van kritiese belang om die teks en teologiese bedding te verstaan teen die sosio-historiese agtergrond van die teks.

Dit is nodig om dieper te kyk na die bedoeling van diegene wat onomwonde die twee boeke Daniël en Openbaring en enkele ander tekste klassifiseer as apokaliptiese geskrifte, en die literatuur en die interpretasie te oorweeg teen die sosio-historiese agtergronde van die spesifieke literatuursoort. Hierdie klassifisering as apokaliptiese literatuur word hoofsaaklik gedoen op grond van die woord “ἀποκάλυψις” in Openbaring 1:1 en Daniël 10:1, wat in ons woordeskat opgeneem is, en waarvolgens die Openbaring aan Johannes as geskrif geklassifiseer word as apokaliptiese literatuur. Alles in ag genome kan dit geklassifiseer word as apokaliptiese eskatologie.

Die Hebreeus vir die Griekse woord openbaring, “ἀποκάλυψις”, is “*galah*”[671] wat beteken “uncover, reveal, disclose, publish. Die nifal “*niglah*” beteken “expose oneself, appear, reveal oneself” en dit is hierdie Hebreeuse woord wat ook in Daniël 10:1 voorkom. Van die

[670] Sien Ekskursie 13: Die apokaliptiese literatuur; vir meer volledige verduideliking
[671] Sien William Holladay (1971:60) *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* vir ‘n volledige verklaring



© University of Pretoria

inleidingsvraagstukke van die boek Daniël is reeds aan die orde gestel en uitganspunte is geformuleer. Die plek van die boek Daniël as wysheidsgeskrif (Ketubim) in die kanon en die aard of genre van die geskrif as laat ná-eksiliese profetiese eskatologie is verduidelik. Die datering is aangedui as tussen 167 tot 163 v.C. Op grond van slegs hierdie woord wat hier voorkom, kan ons dus gegrond van die mening uitgaan dat ten minste hoofstuk 10, 11 en 12 van Daniël 'n ware apokalips kan wees. Die werklike betekenis en sin van die woord sal dan wees dat "God Hom openbaar" en dat "God self verskyn". Die woord kom ook in 2:47 voor as "galeih" in die derde persoon teenwoordige tyd met God as subjek. Dus word hierdie woord gebruik waar God as Subjek of handelende God aangedui word.

In die ander hoofstukke en by die ander profete kry ons deurgans die werkwoord "*gazah*"[672] wat "see, perceive" beteken, "*gazah gazoon*" in Jesaja 1:1 en "*gazah magazeh*" in Num 24:4 wat "see a vision" beteken, "*gazah dabar*" Jes 2:1 wat "perceive word of" beteken, en die selfstandige naamwoorde "*gozeh*" wat beteken "seer, agreement"; "*gazoon*" (Daniël 8:15) wat beteken "vision, relevatory word"; "*gazoot*" (Daniël 8:5 en Jes 21:2) wat beteken "revelation". Ek verkies dan om in die lig hiervan om van die drie laaste hoofstukke van die boek Daniël te praat as profetiese eskatologie en nie alleen van 'n apokalips nie.

Die term "λόγος ἀπεκαλύφθη", soos dit eksklusief in Daniël 10:1 voorkom in die Septuaginta, wat beteken dat God sy woord, λόγος, met ander woorde Homself, aan die skrywer-profeet openbaar. Die eskatologiese betekenis daarvan sal wees dat God Homself met die eindgebeurlikhede kosmies gaan openbaar en self sekere handelinge gaan uitvoer. Dieselfde vind ons by die gebruik van die woord "ἀποκάλυψις" in Openbaring 1:1 en die latere bekendmaking van die naam van die Ruiter op die wit perd in Openbaring 19:13 as "Die Woord van God", "ὁ λόγος τοῦ θεοῦ".

[672] Holladay (1971:99)



© University of Pretoria

In die eerste instansie getuig die boek in 1:3, 19:10 en 22:7 self dat dit ‘n profesie is, en die inhoud is duidelik onder andere ook profeties van aard. In die profetiese tekste en genres van Israel hou die dade van God verband met hierdie wêreld en die geskiedenis van Israel in hierdie wêreld. Die herstel van Israel, die politieke gebeure, die maatskaplike veranderings en so meer, sal hiervolgens op die aarde en in die geskiedenis plaasvind. Die besluite van God word in die profetiese tekste deur menslike leiers op aarde in werking gestel en dit word beskou as die vervulling van God se beloftes.Tweedens is Openbaring, of dele daarvan, opgeskryf in briefvorm met die bedoeling dat dit so oorgedra word aan die lesers daarvan, en dit kan nie ‘n werklike openbaring van God deur God self aan die lesers wees nie. Die woord is ook ‘n selfstandige naamwoord in die genitiefvorm. Die vraag is nou natuurlik of dit ‘n objektiewe of subjektiewe genitief is. Indien die interpretasie van die subjektiewe genitief gehandhaaf word, sou dit beteken dat Jesus Homself sou openbaar. Dit gebeur wel ‘n paar keer dat die Here God of Jesus self verskyn en aan die woord kom, soos in Openbaring 22:7.

Daarteenoor lees ons vooraf in Openbaring 22:6 dat die Here God sy engel gestuur het om te wys wat binnekort moet gebeur en inderdaad is dit in meeste gevalle die engele wat optree in die boek Openbaring en telkens aan Johannes iets wys in terme van ‘n visioen of self ‘n openbaring gee. My oortuiging is dat ons hier te doen het met ‘n objektiewe genitief in die konteks van die totale boek, maar dat daar wel enkele uitsonderings in die boek voorkom waar die Here God of Jesus as subjek Homself openbaar, dus self die subjek is. Om die Openbaring van die Here God, hetsy as objek, hetsy as subjek, te verstaan, is dit egter nodig om die inhoud en boodskap van beide die twee Bybelboeke, Daniël en Openbaring, let wel nie die enigste nie, maar waar daar wel egte openbarings in voorkom, na te gaan.



© University of Pretoria

‘n Betekenisvolle gedagte wat Malina en Pilch[673] toevoeg tot die studie van Openbaring is die verklaring van die wyse waarop die Gees Johannes sou meevoer en die Openbaring aan die skrywer gegee het. Hul interpretasie en verklaring van die werking van die Gees in Openbaring beweeg duidelik op die terrein van ‘n eietydse psigologie, en wat hulle noem “’n ander staat van bewussyn (ASB) of in Engels "altered state of consciousness" (ASC). Hulle beskryf dit as volg:[674]

> A characteristic and habitual patterning of mental function that adapts the individual more or less successfully to survive in his culture’s consensus reality. What this means is that John’s experiences are so rich in imagery and action, it is only because he was culturally prepared to have such experiences”. Hul wys dan uit dat “Historically oriented, academic biblical scholars so concerned with determining the genre, the literary structure, and the Old Testament sources evidenced in the Book of Revelation never attend to this Mediterranean culture’s consensus reality”.

Hul konkludeer dan dat Johannes ‘n Jesus-profeet was wat die tradisies van die Ou-Testamentiese Israel goed geken het en die sterre kon lees volgens die eietydse Hellenistiese astrologie.

Ons konkludeer hieruit dat die Gees ‘n ander staat van bewussyn bewerk het binne die sosio-historiese konteks van die tyd, en Johannes die skrywer op ‘n besondere wyse voorberei en geroep het vir die besondere opskrifstelling van die Bybelboek Openbaring as apokaliptiese eskatologie.

2.3.2.3 Die Gees wat spreek: Die boodskappe van die Gees aan die sewe kerke in die antieke Romeinse provinsie Asië.

[673] Malina en Pilch (2000:4)
[674] Malina en Pilch (2000:4)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die opdrag wat Johannes kry in Openbaring 1:11 kan geag word as 'n kernvers in Openbaring, veral ten opsigte van die Missiologie en hier spesifiek die sendingopdrag van die getuies, aangesien die woord "stuur"[675] hierin voorkom en verbind word met die sewe kerke.[676] Die opdrag is om dit wat hy sien wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur (1:19) op te skryf en dit in terme van boodskappe aan die sewe kerke[677] in die sewe stede te stuur. Die boodskappe is almal geskryf in die vorm van 'n brief.[678] Malina en Pilch[679] beweer dat dit ook die vorm vertoon van 'n Romeinse imperiale edik.[680] Dit het ook gedien as 'n bevestiging van mag waaraan almal onderworpe is, en was gewoonlik gerig aan 'n bepaalde groep of stad. Dit kon dalk 'n oorwegende rol gespeel het daarin dat elke kerk 'n eie unieke boodskap kry en die spesifieke gebruik van die woord ἐκκλησία[681] speel sekerlik hierin ook 'n rol.

Afgesien van enkele uitsonderings hier en daar, is die opbou van die briewe dieselfde en 'n duidelike eenvormige struktuur of formaat is merkbaar. Inhoudelike ooreenkomste is ook in die briewe aanwesig. Meeste publikasies[682] gaan hul eie weg op met die beskrywing van die motiewe in die briewe. Die inhoudelike struktuur hanteer telkens, weer met enkele uitsonderings, dieselfde motiewe wat toespelings is op Ou-Testamentiese teologiese motiewe en historiese gebeurtenisse, veral soos dit voorkom in Eksodus en by sekere van die profete. Ná die aankondiging van wie die leser is, volg telkens die openbaring van die identiteit van die sender van die boodskap in metaforiese vorm wat in die meeste gevalle gekoppel word aan die openbarings en roepingsvisioen van "Iemand soos die Seun van die mens" in

[675] πέμφον aor. Act. Imp. Πέμπω
[676] Ek verkies die Afrikaanse woord kerk hier vir die Griekse term ἐκκλησία en nie Gemeente nie wat wel in die meeste Afrikaanse vertalings gebruik word
[677] Sien Bauckham (1993:121)
[678] Sien Margaret Barker (2000:93-114) in *The Revelation of Jesus Christ*: The letters to the seven Churches
[679] Malina en Pilch (2000:50)
[680] Sodanige edik is uitgevaardig en gebruik as 'n proklamasie om die gedrag en gesindheid van die bevolking te reguleer in onderworpenheid aan die owerheid
[681] Liddell en Scott (1978:239) *Greek-English Lexicon* translation: an assembly of the citizens regularly summoned or to call an assembly
[682] Sien literatuurlys vir die volledige lys van skrywers en literatuur wat nagegaan is met hierdie studie



© University of Pretoria

Openbaring 1:13. In die meeste gevalle word hierdie identiteitsopenbaring as bekendstellingsmetafore later in Openbaring weer gebruik as verwysing na "iemand soos die Seun van die mens" tussen die lampe.

Voordat die boodskappe van die sewe briewe aan die sewe kerke deeglik bestudeer en korrek verstaan kan word, is dit van kritiese belang om die volle verhaal sowel as die visioene en metafore van die volle Openbaring te verstaan. Dit is Ford[683] wat in die inhoudsopgawe van haar kommentaar die eerste drie hoofstukke hanteer nadat sy die visioene behandel het. Hoe meer ek die briewe bestudeer, hoe meer kan ek met hierdie benadering saamstem. Dit is veral vir die bekendstelling van Jesus en die identifisering van wie Jesus is (Christologie) in die eerste sin van elke brief wat die korrekte verstaan binne die konteks van die hele Openbaring boek vereis.

Eerstens kry ons die adres en ná die identiteitsopenbaring van die sender (1), volg ‘n lofprysing (2), ‘n sonde-uitwysing (3), ‘n oproep tot bekering (4), ‘n oordeels- en strafaankondiging (5) en ‘n getuienis wat in die kerk aldaar se guns tel (6). Die briewe sluit elkeen af met ‘n aankondiging van die bekroning[684] (7) met die woorde "aan elkeen wat die oorwinning behaal", en wat ons verkies om ‘n bekroning te noem. Dit gryp ook vooruit na die metaforiese motiewe van die nuwe simboliese universum wat in hoofstukke 21 tot 22 voorkom, waar dit gaan oor die nuwe skepping. Elke brief sluit af met die woorde "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die kerke sê" en bevestig die boodskap as ‘n boodskap ook gerig aan die kerke van vandag. Vir die doeleindes van die inhoudelike struktuur wat ek aan die orde stel, word die adres en slotgedagte nie hier inhoudelik genomeer en verder hanteer nie.

[683] Ford (1975)
[684] Sien Openbaring 20:4 "Dat die siele van die mense wat onthoof is op die trone gaan sit het"



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vervolgens gaan ek volgens bogenoemde struktuur die motiewe bymekaar plaas om die bedoeling van die teologiese boodskap aan die universele kerk geheel en al binne die konteks van Openbaring en die teologiese motiewe in Openbaring beter te kan verstaan.[685]

## 1 OPENBARING VAN DIE IDENTITEIT VAN DIE SENDER

**EFESE:** Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou, en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan.

**SMIRNA:** Die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het.

**PERGAMUM:** Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het.

**TIATIRA:** Die Seun van God, wie se oë soos vuur vlam en wie se voete soos geelkoper is.

**SARDIS:** Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het.

**FILADELFIA:** Die Heilige, die ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het.

**LAODISEA:** Die Amen, die geloofwaardige en ware getuie.

## 2 LOFPRYSING

**EFESE:** Onvermoeide arbeid, volharding, verdra nie slegte mense nie, doen ondersoek na valse profete en bevind hulle leuenaars, het baie verduur en nie moeg geword.

**SMIRNA:** Verdrukking en armoede, maar geestelike rykdom.

685 Sien Bauckham (1993:121–125)



© University of Pretoria

**PERGAMUM:** Bly in die plek van die Satan, maar bly getrou en het hul geloof nie afgesweer nie.

**TIATIRA:** Liefde, geloof, diensvaardigheid, doen meer as tevore en toon volharding

**SARDIS:** Versterk wat oorgebly het, hoe hulle die evangelie ontvang het en daarna geluister het.

**FILADELFIA:** Aan die boodskap vasgehou

**LAODISEA:** Geen

**3 SONDE**

**EFESE:** My nie meer lief soos in die begin nie

**SMIRNA:** Bang wees

**PERGAMUM:** Aanhangers van die lering van Bileam, afvalligheid, afgodsoffervleis, bedryf onsedelikheid, aanhangers van die lering van die Nikolaïete.

**TIATIRA:** Laat die vrou Isebel begaan wat mense leer en verlei om onsedelikheid te bedryf en afgodsoffervleis te eet.

**SARDIS:** Nie wakker nie, alles op die punt om dood te loop, niks is goed genoeg nie.

**FILADELFIA:** Min krag

**LAODISEA:** Nie koud of warm nie, valse rykdom, ellendig en beklaenswaardig, arm, blind en kaal.

**4 OPROEP TOT BEKERING**



© University of Pretoria

**EFESE:** Doen weer wat julle in die begin gedoen het.

**SMIRNA:** Moenie bang wees nie en bly getrou.

**PERGAMUM:** Bekeer julle nou.

**TIATIRA:** Bekeer julle van owerspel en sondige praktyke.

**SARDIS:** Bekeer julle van doodsheid.

**FILADELFIA:** Hou vas aan wat julle het.

**LAODISEA:** Bestraffing en tugtiging moet hulle erns wees.

**5 OORDEELS- EN STRAFAANKONDIGING**

**EFESE:** Lamp wegvat.

**SMIRNA:** Swaar lyding vir 'n tyd.

**PERGAMUM:** Bestry mense met die swaard.

**TIATIRA:** Siekbed, swaar lyding, pessiekte wat om die lewe bring, oordeel volgens jou dade.

**SARDIS:** Oordeel kom soos 'n dief in die nag.

**FILADELFIA:** Die leunaars sal gedwing word om te kniel en te erken dat God sy mense liefhet.

**LAODISEA:** Verwerping, bestraffing en tugtiging.

**6 GETUIENIS**

**EFESE:** Verafsku wat die Nikolaïete doen.



© University of Pretoria

**SMIRNA:** Lyding.

**PERGAMUM:** Geloof nie afgesweer.

**TIATIRA:** Almal neem nie deel aan sonde en geheimenisse van Satan nie.

**SARDIS:** Mense wat nie hulle klere besoedel het nie.

**FILADELFIA:** Het aan die boodskap van volharding vasgehou ondanks lyding.

**LAODISEA:** Feesmaal as jy die deur oopmaak wanneer jy sy stem hoor.

**7 BEKRONING**

**EFESE:** Sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.

**SMIRNA:** Sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie.

**PERGAMUM:** Sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom ‘n spierwit klippie gee met ‘n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry.

**TIATIRA:** Ek sal vir elkeen die môrester gee.

**SARDIS**: Elkeen sal wit klere dra en Ek sal sy naam nooit uit die boek van die lewe uithaal nie. en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat Hy aan My behoort.

**FILADELFIA:** Ek sal hom ‘n pilaar in die tempel van my God maak en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom en Ek sal ook my eie naam op hom skrywe.



© University of Pretoria

**LAODISEA:** Ek sal hom saam met My op op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

Hoewel nie in alle gevalle die laaste sin nie, word al die briewe afgesluit met die slotwoord, “Elkeen wat ‘n oor het moet luister na wat die Gees sê vir die kerke”, en dit is dan die meervoud van die woord kerk wat elke boodskap bind aan die ander boodskappe en dit universeel maak.

In hierdie sewevoudige boodskappe[686] met die sewevoudige motiewe aan die sewe kerke kom die boodskap van die Gees aan die kerk van alle eeue en aan die hele skepping helder en duidelik na vore. In die openbaring van die identiteit van die sender staan die Seun van die mens simbolies aangedui telkens op die voorgrond. Dit is ‘n aanduiding dat die Gestuurde Gesant van die Here God in ‘n onlosmaaklike band by hulle is en in hul midde leef. ‘n Erkenning van die kerke se geloof en volharding in die feit dat hulle ook vasstaan, word by wyse van lofprysing aan hul gerig soos dit ook geskryf staan in Openbaring 5:13: “Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid”.

Die harde werklikheid van die sonde van selfs die kerkmense word vervolgens ook aan die orde gestel. Die versaking, verloëning, liefdeloosheid, sedeloosheid, navolging van dwaallering en aanbidding van afgode word blootgelê. Die verdrukking en vervolging van buite is ‘n realiteit, maar die onsedelikheid en die opvatting dat filosofiese godsdienste vryheid, mag en invloed bring in ‘n sterk gesekulariseerde wêreld, is die grootste bedreiging

---

[686] Sien G.A. Hadjiantoniou (1948) *Die Pos uit Patmos*. Die skrywer het in Athene ‘n regspraktyk gehad totdat een hofsaak ‘n heeltemal nuwe wending aan sy lewe gegee het. Hy het die verdediging waargeneem van ‘n groepie Christene van ‘n evangeliese rigting, wat vanweë hul optrede en die verkoop van Bybels deur hul kerkowerheid in die hof aangekla is. Hul standvastigheid en nederigheid het so ‘n indruk op hom gemaak dat hy sy regspraktyk laat vaar het om leraar van die Griekse Evangeliese Kerk te word. Ná sy opleiding aan die Universiteit van Cambridge het hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Edinburgh behaal en vir die duur van die Tweede Wêreld oorlog as predikant van die Presbiteriaanse Kerk gewerk, totdat hy na Griekeland teruggekeer het waar hy ‘n tyd lank leraar van ‘n kerk in Athene was



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir hulle aanbidding van die Lewende God op die troon. Daarom volg konsekwent op die sonde-onthulling die helder en duidelike oproep tot bekering wat baie sterk beklemtoon word. Teenoor diegene wat hulle nie bekeer en nie luister na wat die Gees spreek nie, word 'n ernstige oordeel uitgespreek as laaste waarskuwing en oproep om hul wel te bekeer.

Aangesien die boodskappe ook duidelik bepaal dat die kerke beoordeel sal word volgens die maat van gehoorsaamheid aan die gebooie, moet daar nougeset gelet word op die dade van die dienaars en getuies as etiese gedragstyl as uitvoering van die verkondigde boodskap. Ten slotte word die toekoms gesien as 'n nuwe skepping en bruilofsfees, en nie as 'n vreesaanjaende kosmiese vernietiging nie. Die boodskappe word afgesluit met 'n oorwinnaarskroon as toekenning aan diegene wat volhard heet en die oorwinnaars is in die stryd saam met die Ruiter op die witperd wat kom om die oorwinning te behaal. Die heil lê dus in die toekoms wat nog sal kom en ook die realisering van die toekenning van die oorwinning of ewige heil.

Hierdie sewevoudige boodskappe, elkeen met sy sewevoudige motiewe – met enkele uitsonderings – aan die sewe kerke in Openbaring, is vir die kerk van vandag en alle eeue net so geldig en van toepassing. Die kerk van alle eeue hier op aarde is inderdaad gestuur om hierdie boodskappe in elke stad en aan elke volk, stam, taal en nasie nie net te verkondig nie, maar ook as gemeenskaplike etos aan vas te hou deur 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis en vaste verbintenis in terme van die etiese gedragsvereistes daarvan.

Die Gees word ook in verband gebring met die eindeskatologiese gebeure en die werking van die Gees in die gelowiges en die kerk wanneer die Gees self sê: "Hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle" en die bruid (kerk) in Openbaring 22:17 saam met die Gees uitroep: "Kom".

**Konkluderend**



© University of Pretoria

Hiermee konkludeer ons dat die trinitariese Godsleer van Openbaring niks anders kan wees as enkel en alleen die sentrum van die Openbaringboodskap nie, en die fundamentele vertrekpunt kan wees van enige verdere navorsing oor alle ander teologiese motiewe in Openbaring. Hierdie trinitaries-teosentriese sentrum van die teologie van Openbaring dien as vertrekpunt en bedding vir die verstaan van die ander teologiese motiewe in die boek. Hierdie sentrum dien ook as kontrolepunt teen die gevare van skeefgetrokke interpretasies en beklemtoninge sowel as eensydighede.

In hierdie hoofstuk het ons die Drie Goddelike persone se Identiteit elkeen afsonderlik aan die orde gestel en so hoofsaaklik die teologiese motiewe Doksologie, Christologie en Pneumatologie gehanteer. Die besondere werksaamheid van elke Persoon is ook bespreek en die Here God Die Almagtige is aangedui as die Skepper van alles en dat die skepping die verheerliking van die Skepper alleen as doel het. Hy is die Een wat aanbid moet word deur alles en almal wat deur Hom geskep is, en Hy is die sender van heil deurdat Hy sy agente, die Lam en die Gees, stuur om sy heil en verheerliking te bewerk. Die doel van hulle sending is om mense uit al die tale, stamme, nasies en volke tot aanbidding te bring en aan te kondig dat die wat dit nie doen nie, veroordeel sal word. Die Een op die troon wat aanbid moet word, is dus ook die sender van onheil.

Die identiteit en die werking van die Lam as Gevolmagtigde Gestuurde Agent is ook volledig hanteer as ‘n teologiese motief, naamlik as die Christologie. Alles wat die Lam kom doen het gaan oor die verlossing uit die lyding wat die dienaars en getuies van die Lam beleef. Die werking van die Lam behels dat Hy die Geloofwaardige Getuie is, die Eerste wat uit die dood opgestaan het en die Heerser van die heersers is. Uit liefde vir die mense het hy deur die bloed van sy dood mense verlos en God se Koninkryk gemaak. Hy is nou die Lewende en sal weer kom om simbolies as ‘n Ruiter op ‘n wit perd oor die Satan as destruktiewe vyand van God te oordeel, en hom in die poel van vuur en swael te gooi tot in alle ewigheid. Daar is op



© University of Pretoria

die Soteriologie as teologiese motief gewys. Daar is ook verwys na die koms en oordeel van die Lam as die Ruiter op die wit perd, maar dit word in die vierde hoofstuk onder die teologiese motief die Eskatologie as die nuwe skepping hanteer.

Die werking van die Gees in Openbaring – wat simbolies geïdentifiseer is as die sewe vuurvlamme reg voor die troon en die sewe oë van die Lam – word gehanteer as die Gees wat die profesie gegee het, die Gees wat meevoer en die Openbaring gegee het in Daniël en Openbaring, en as die Gees wat spreek. Die boodskappe van die Gees aan die engele van die sewe kerke is beskryf en kortliks saamgevat as boodskappe ook aan die kerke van vandag.

Die kerke van vandag se identiteit word ontleen aan die werking van die Gees en saam met die identiteit van die kerk word die etos en etiek as drie kategorieë binne die teologiese motief, die Ekklesiologie, as moraliteit in hoofstuk 6 aan die orde gestel. Vervolgens word eers in hoofstuk 3 die plek en rol van elk van die vernaamste rolspelers in Openbaring bekyk binne die onderskeie teologiese motiewe. Dit is nodig sodat die diepe betekenis van die Openbaring verhaal beter verstaan kan word, en al die teologiese motiewe se belang en wisselwerking op mekaar begryp kan word om daardeur tot ‘n deeglike verstaan van die teologiese motief die Missiologie te kan kom. Die definiëring en fundering van die Sending as die werking van die Here God, aangedui as die "Missio Dei", sal in die laaste hoofstuk 7 uiteengesit word as die teologiese motief die Missiologie.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

## DIE HELE SKEPPING (Die Heelal)

**Inleidend**

Die doel van hierdie hoofstuk is om die plek en rol van sommige van die ander rolspelers[687] in die Openbaringsverhaal aan die orde te stel, en elk se rol nader te presiseer. Daar is vier ander belangrike rolspelers wat aangetoon en as teologiese motief beskryf kan word, naamlik,

1 Die Skepper en sy skepping (Bybelse Kosmologie),

2 Die Engele en die Satan (Engelelogie en Satanologie),

3 Die Mensdom (Bybelse Antropologie)

4 Die Eindeskatologiese (Apokaliptiese) volk van God as die losgekooptes (Soteriologie).

Die hoofrol word natuurlik eerstens vertolk deur God self, soos Hy gevisioneerd en simbolies voorgestel word in sy rol in Openbaring met Openbaring 4:11 as die *locus classicus standi*, "… omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep". Die Here God die Almagtige word aanbid en daarvoor geëer omdat Hy die skepper is van alle dinge,[688] die *Pantokrator*. God het al hierdie dinge en ook al die ander rolspelers geskep om alleen Homself daardeur te verheerlik, en die verheerliking van God is ook die doel van die skepping sowel as die eindeskatologiese bedoeling van die nuwe skepping. Eerstens word dus aandag gegee aan die Openbaring van die identiteit van die Skepper en sy skepping, die skepping wat ook deur die menswetenskappe beskryf word as die natuurwetenskap of

[687] Sien Aanhangsel Avir 'n sketsmatige voorstel van die rolspelers in Openbaring
[688] Sien Ekskursie 18: *Die Skeppingsleer*



© University of Pretoria

kosmologie,[689] onderskeidend van 'n Bybelse kosmologie in Openbaring in terme van die hemel en die aarde, die see en die land, die onderaardse diepte en alles wat daarop, daarbo en daaronder is, of wat bestaan.

Tweedens kom die bestaan van 'n geesteswêreld met geestelike wesens[690] as engele (Engelelogie) en die destruktiewe teenkant as demone (Demonologie/Satanologie)[691] daarvan as fenomeen aan die orde. Hier word die bestaan en rol van die engele as boodskappers van God hanteer, die Engelelogie. Daarmee saam word ook die dekonstruktiewe vyandelike teenkant bekyk as geestemag en dié se plek en rol as die Satan en sy bose engele, ook genoem demone, en as teologiese motief beskryf as die Satanologie.

Derdens word aandag gegee aan die geskape mensdom of Bybelse antropologie as teologiese motief in Openbaring. Sewe keer in Openbaring word kollektief melding gemaak van al die mense wat deur al die eeue op aarde sal lewe deur die uitdrukking "… uit elke stam en taal en volk en nasie (5:9)". Hierdie mense uit elke stam en taal, volk en nasie het voor die troon en die Lam gestaan (7:9). Hulle word later aangedui as 'n groot menigte, simbolies 144 000 mense in getal (14:1), wat ook simbolies beskrywe word as die bruid (21:2) en ook die vrou (21:9) van die Lam sowel as die nuwe stad waar die troon van God en die Lam ook is (Openbaring 22:3). Die verstaan van die simboliek vir die verstaan van die mensdom sal na gekyk word. Die tergendste vraag rakende die mensdom, die vraag na die lyding van mense, veroorsaak deur natuurlike oorsake of ander mense – die teodisee-vraag[692] – kom ook aan die orde. Openbaring gee besondere en unieke verduidelikings hiervoor. Die lyding van mense en die motief dat God al die trane van hul oë sal afdroog, en dat die dood en ook leed, smart en

---

[689] Sien Ekskursie 19: *Die Kosmologie en die sterrekonstellasies*
[690] Sien Ekskursie 20: *Die leer aangaande die engelelogie en satanologie*
[691] Sien die werke van Huisamen (1982) *Demoniese Besetenheid* en van Stephan Joubert en Jan van der Watt (1998) *Hy sal sy Engel voor jou uitstuur* in hierdie verband
[692] Sien Du Rand (2013:510-527) *Hoe kan God toelaat dat dit gebeur? Die teodisee-vraag in eskatologiese perspektief*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pyn nie meer sal wees nie, want die dinge van vroeër het verbygegaan (Openbaring 21:4), word ook hier hanteer.

Vierdens word aandag gegee aan die volk van God by wyse van die identifisering van die volk van God as losgekooptes (die Soteriologie)[693] en hul plek en rol in die huidige skepping as volk van God sowel as in die Eindeskatologiese (Apokaliptiese) nuwe skepping en as die volk van God (Openbaring 21:3). Onder die losgekooptes as volk van God tel die ouderlinge, dienaars en getuies kollektief gesien as die kerk[694] aan wie Johannes die sewe boodskappe van die Gees gestuur het.

### 3.1 Die Skepper en die skepping (Bybelse Kosmologie)

Die skepping, of in antropologiese terme die kosmologie of natuurwetenskap,[695] behels in Openbaring die hemel, die aarde, ook onderverdeel as land en die see, die onderaardse diepte en alles wat leef in die hemel en op die aarde en in die onderaardse diepte. In Openbaring word gepraat van die onderaardse diepte as die vuurpoel wat met swael brand (19:20 en 20:10). Die teologiese perspektief in Openbaring van die kosmologie is dat die Here God die Skepper is van alles en daarvoor aanbid moet word en juis daarom en vir daardie doel geskep het (Openbaring 14:7). In Openbaring 4:11 word die Here God aanbid met die woorde "… omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep". Volgens Openbaring 5:13 is, "Die hele skepping, alles in die hemel en op aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is … ", deur God geskep. Aangrypend word die aanbidding van God verbind met Hom as Skepper "Aanbid Hom wat die hemel en die aarde die see en die waterbronne gemaak het" (Openbaring 14:7).

[693] Sien ook hoofstuk 2.2.2 vir die Soteriologie in korrelasie met die Christologie
[694] Die term en begrip kerk word volledig in hoofstuk 6 hanteer en ekskursie 26
[695] Sien Openbaring 9:1–2, 11, 11:7, 17:8, 20:1. Sien daarby Du Rand (2007:243) vir 'n verduideliking van die verstaan van die Kosmos in Openbaring.



© University of Pretoria

Vanuit Openbaring is dit duidelik dat God die lewende en die skeppende God en ook die ewiglewende, onsterflike God is. God is egter ook meer as sy skepping[696] en daarom kan God Homself aan sy skepping openbaar. Duidelik is daar egter 'n geskeidenheid tussen God en sy skepping. Die tergende vraag vir die mensdom is hoe hierdie afstand of skeiding tussen God en sy skepping oorbrug word. Hierdie geskeidenheid van die hemel en die aarde – of volgens Van der Watt[697] se verstaan van die teologie van die Evangelie van Johannes, die "bo" en die "onder" – bied 'n sinvolle antwoord en raamwerk vir veral die sendingmotief in die teologie en moet verstaan word as die sending deur die inkarnasie van "Iemand soos die Seun van die mens". Omdat die Seun van die mens die Lam is en Hy is wie Hy is,[698] kan Hy as Redder die redding (Soteriologie) aan die hele skepping, die ganse kosmos, kom openbaar.[699]

Die spanning tussen die "bo" en die "onder", oftewel tussen transendensie en immanensie, het die Griekse godsdienstige en wysgerige/filosofiese denke as dualisme van vroeg af gekenmerk. By Plato (428–348 v.C.)[700] bereik die transendensiegedagte wysgerig gesproke sy mees verfynde vorm met die onderskeiding wat hy aanbring tussen die immanente, waarneembare, veranderlike wêreld van verskynsels en die transendente, onsigbare, onveranderlike wêreld van idees. By die student van Plato, Aristoteles (384–322 v.C.),[701] word transendensie en immanensie in geheel van mekaar geskei, het skepper en skepping geen verband met mekaar nie, en verkry transendensie 'n onmiskenbare deïstiese[702] karakter. Die dogmaties-filosofiese uitgangspunt van die korrelasie teorie kan behulpsaam wees om hierdie misterieuse verhoudinge te probeer bepaal.

---

[696] Sien Durand (1976:47) *Die Lewende God*
[697] Van der Watt (1991:126)
[698] Sien hoofstuk 2.2.1 vir die Christologie
[699] Van der Watt (1991:112)
[700] Sien Robert N. Beck (red.1975:32–37) *Perspectives in Philosophy* en Leslie Stevenson (1974:23-34) *Plato: The Rule of the* wise
[701] Sien Robert N. Beck (red.1975:38–43) *Perspectives in Philosophy* en Aanhangsel 9: *Die Filosofie as Wetenskap en afbakening.*
[702] Sien Ekskursie 21: *DEÏSME, PANTEÏSME, PANENTEÏSME EN TEÏSME* vir beskrywing van hierdie kategoriale filosofiese begrippe



© University of Pretoria

In die deïstiese Godsleer kom God en skepping in 'n volstrekte dualisme te staan, en kom die Godheid van God in die gedrang. Dit was veral die godsdienstige beskouing van die gnostisisme wat gekenmerk is deur hierdie oortuiging dat gees en materie die volstrekte teenstelling tussen goed en kwaad beliggaam, en daarom is die skepping in homself 'n bose en antigoddelike mag.[703] So gesien, staan God en skepping so radikaal teenoormekaar dat dan nie meer gesê kan word dat die skepping van God af kom nie. Dit is duidelik nie die beskouing van Openbaring nie. Die Skriftuurlike korrelasie tussen Skepper en skepping het in hierdie beskouing tot niet gegaan.

Teenoor die gnostiese dualisme was dit vir die eerste getuies en kerke van Jesus van die grootste belang om naas die transendensie van God ook sy immanensie deur sy verbondenheid met die skepping te handhaaf; met ander woorde, die Skriftuurlike korrelasie te vind. By die eerste bekende apologeet, Aristides van Athene, begin hy sy apologie met 'n argument oor die bestaan van God in Aristoteliese trant teenoor die stoïsynse panteïsme. Hy betoog dat God se transendensie benadruk word deur die feit dat Hy uit niks nie – ex nihilo – geskep het. Die meeste apologete beweeg in dieselfde rigting, en dit is veral Theophilus wat hom met groot oortuiging verset teen die gedagte van die ewigheid van materie, want so sou God sy alleenheerskappy en soewereiniteit inboet. In die vroeë kerk is daar dus nie plek vir die gedagte van 'n ewige materie waaruit God geskep het nie, en ook nie vir 'n kosmologiese monisme nie.[704]

Daar is reeds in hoofstuk 2 aandag gegee aan die Trinitariese Doksologiese, Christologiese en Pneumatologiese teologiese motiewe aldus die Goddelike persoonlikheid, en hier word dus slegs vermeld dat die Een op die troon, die Here God, die Almagtige, die Lam, die Een wat geslag is, reg voor die troon, en die sewe vuurvlamme vlak voor die troon, dit is die sewe

[703] Durand (1982:12–14) *Skepping, mens, voorsienigheid*
[704] Durand (1982:14-16) *Skepping, mens, voorsienigheid*



© University of Pretoria

Geeste van God, wat ook die sewe oë van die Lam is, die Skeppergod van die Nuwe-Testamentiese skeppingsleer is. Ten opsigte van die heilshistoriese ontwikkeling is dit volgens Openbaring 3:14, "So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het: Ek weet alles wat julle doen", duidelik dat Jesus as God deel het aan die skepping. Die Openbaring 12-perikoop wat duidelik Christologies van aard is, veral met die twee benaminge Lam en Gesalfde wat hierin voorkom, het as skeppingsvoorstel die geboortemotief as bedding en verbind Jesus met die skeppingsleer. Net so het die sewe Geeste van God wat volgens Openbaring 5:6 oor die hele aarde uitgestuur is, ook as God ten volle deel aan veral die soteriologies-historiese voortgang en ontwikkeling van die skepping eventueel tot 'n nuwe skepping. Katerina Kudryavtseva vertel dit as volg:[705]

> A Figure of a woman clothed with the sun is a crucial one to the book of Revelation of John, thus also the myth of a dragon's pursuit of the sun. Myths about a dragon assaulting the sun can be found virtually everywhere around the globe and even among the very primitive peoples. A myth of a struggle between a hero and a dragon by itself is widely-spread and occurring often in ancient Sumer, Babylon and Egipt myths. Although a myth of a dragon's pursuit exactly of a woman isn't so widespread. This myth of dragon's pursuit the sun makes us to see the connection between the women clothed with the sun appears standing on the moon and crowned with twelve stars. Another mythological motif reflected here is birth of a sun hero. The light of woman is the light of her son who is inside her. Notable, the women appears to be clothed with the sun only in context of her pregnancy. In the end the woman transforms into the bride and the wife as a heavenly city and has eternal light because there is the throne of God the Vader and of the Lamb.

---

[705] Sien Katerina Kudryavtseva (CBL 2015) *A Woman clothed with the sun: Some mythological motifs in the book of Revelation.*



© University of Pretoria

Die belangrikste skeppingsvoorstelling in die Nuwe Testament is egter die eskatologiese voorstelling daarvan.[706] Vir die verstaan daarvan is die uitgangspunt van die "nog nie"-gedagte wat die skepping voorafgegaan het; met ander woorde, dat die skeping op 'n vroeë stadium nog nie daar was nie, maar dat God wel daar was, van besondere belang. Daar was dus 'n tyd toe die skepping nog nie bestaan het nie, maar God sonder begin en einde wel bestaan het. Inherent aan die skeppingsgedagte kom die einde van die skepping aan die orde; met ander woorde, dat daar 'n tyd sal kom wanneer hierdie skepping wat 'n begin het, sal ophou bestaan en dus nie meer sal bestaan nie.

Die Bybelse skeppingsleer kom egter nie op 'n filosofiese nihilisme neer nie, maar verkondig inteendeel 'n nuwe skepping, 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Simbolies, verruklik en aangrypend, word hierdie nuwe skepping in Openbaring 21:1-22:6 beskryf. Openbaring verkondig 'n baie duidelike eskatologiese skeppingsboodskap; in die woorde van König:[707] "God kan dit weer doen en God kan nog meer doen". Die skeppingsleer in die teologie het te lank van 'n teologiese restaurasieteologie of handhawingsteologie uitgegaan, in plaas daarvan om die eskatologiese motief, wat veral in Openbaring aan die orde gestel word, te verdiskonteer in 'n Nuwe-Testamentiese skeppingsleer. Dit kom dan neer op 'n teologie van 'n nuwe skepping van die Here God, die Almagtige Skeppergod wat nuut sal skep as "Hy wat was, en wat is en ewig sal wees".

Dit bring ons uit by die algemene antropologiese vraag van die mens van vandag na God se koninkryk, spesifiek na God se regering in die geskiedenis (Hy wat was), na God se regering en besondere voorsienigheid vandag (Hy wat is), en na God se komende voortgaande regerende, nuutskeppende werksaamheid en openbaringe (Hy wat ewig sal wees).

---

706 König (1982:98) *Hy kan weer en meer*
707 König (1982:99) *Hy kan weer en meer*



© University of Pretoria

Hiervolgens kan volgens Heyns[708] drie aspekte van God se koninkryk in die skepping onderskei word, naamlik die oorsprong of begin van God se self regering[709] die medewerking van die skepping en die skepsele[710] en die onderhouding of voortsetting van die skepping tot by die Godbepaalde eskatologiese einde van die huidige skepping.[711] So gesien, vind die realisering van die skepping plaas deur die regering van God self as die beginpunt van alles, die emplojering van die skepping deur medewerking, en die kontinuering en die eskatologiese einde van die huidige skepping deur voortgesette skeppings en openbarings handelinge van God.

Tereg beweer Durand[712] dat die vraagstuk oor God se voorsienige regering in die geskiedenis van die mensdom en die verband tussen hierdie regering en die vryheid en handelinge van die mens, een van die moeilikste in die teologie bly. Tog is die antwoord kort, eenvoudig en verstaanbaar indien die uitgangspunt is dat niks in die geskiedenis of op die aarde sal gebeur buite die wil, plan en doel van God met sy skepping nie; met ander woorde, dat God sy skepping regeer en beheer, en dat Hy elke oomblik lewend en kreatief besig is en tot die einde sal wees, en dat God self bepaal wanneer iets gebeur en dat Hy dit sal laat gebeur soos Hy dit wil. Die belangrike uitgangspunt is dat die volkome vryheid en totale onafhanklikheid van God in al sy handelinge beklemtoon en gehandhaaf sal word.

God se skeppingsvrymag is die enigste grond vir die skepping. Op geen wyse word God se skeppingshandelinge vooraf deur iets anders bepaal of beïnvloed nie. Nêrens in die Bybel is daar ‘n aanduiding dat God se skeppingshandelinge bepaal is deur iets anders as sy eie soewereine wil nie. Dit beteken dat God die een is wat volgens sy wil met die aardbewoners handel (Dan 4:35) en dus ook aardse koningskappe en koninkryke gee aan wie Hy wil (Dan

[708] Heyns (1978:148) *Dogmatiek*
[709] *gubernatio*
[710] *concursus*
[711] *reservatio*
[712] Durand (1982:207) *Skepping, mens, voorsienigheid*



© University of Pretoria

4:17 en 5:21). Op grond van hierdie persoonlike optrede van God is dit duidelik dat God op die mens se handelinge reageer, ongeag of die mens gehoorsaam is aan God se gebooie of nie. Dit is volgens Durand[713] binne hierdie verband dat die aanbidder se gebed sy sinvolle plek kry binne die voorsienige regering van God. So gesien, word die Goddelike regering naas 'n direkte en onmiddellike wyse voltrek ook deur die instrumentaliteit van menslike handelinge en kosmiese prosesse, want God is beslis geen passiewe toeskouer van 'n kosmiese drama wat maar net voor Hom afspeel nie.

Dit is opvallend en merkwaardig hoe dikwels die Bybel God beskryf as die Een wat na die gebed van die aanbidder luister en dan daarvolgens handel (Openbaring 6:9–11 en 8:1-5). Dit stel die wetmatigheid van God se skepping vervolgens aan die orde. Volgens die natuurwetenskaplike kennis van die skepping van God wat deurlopend aan die mens geopenbaar word, ontstaan daar 'n kreatiewe spanning, en ongelukkig ook baie misverstande, tussen natuurwet en Goddelike ingrype en openbaring.

Dit is in die Bybel egter duidelik dat daar nie gepraat kan word van 'n afgehandelde en geslote skepping asof daar wette is wat deurbreek moet word nie. Enige nuwe openbaring, ontdekking of uitvindsel van die mens of gebeurtenis kom direk van God af en word menslik beskryf as 'n wonderwerk. Enige wonderwerk moet in onlosmaaklike verband met die universele kosmiese handelinge van God se regering oor sy skepping gesien word. Die wonderwerk is 'n handeling van God wat geen teenstelling vorm met die natuurwet en normale natuurwerking nie, maar as 'n bomenslike wyse van God se regering en werksaamheid in sy skepping.[714]

Die studie van die natuur as wetenskap is 'n noodsaaklike wetenskap waar die totale skepping dikwels beskryf word as die "kosmos". Die bekende Griekse woord "kosmos" het talle

---

[713] Durand (1982:213) *Skepping, mens, voorsienigheid*
[714] Heyns (1978:150) *Dogmatiek*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betekenisnuanses.[715] Die breë bedoeling is dat dit ‘n aanduiding is van die totale geskapene en ook van die totale natuurwetenskap wat in hierdie studie getipeer sal word as die kosmologie. Onder hierdie begrip word ook talle ander kenbare aspekte van die kosmos gereken, onder andere die wette wat in die kosmos aanwesig is en ook die dinge waarvoor die wette geld. Dit gaan ook oor die onveranderlike strukture en die bepaling van onderskeiding, verdeling en verskeidenheid, maar as samehangende geheel. Die algemene uitgangspunt in die kosmologie is dat die kenbare die bron van die wetenskap is.

Vervolgens bring dit ons uit by God se doel met die skepping en by ‘n Bybelse kosmologie. Die hoogste doel van die skepping is die verheerliking van Godself soos beskryf in Openbaring 4.[716] Dit is hierdie aspek van die skepping wat op ‘n besondere wyse deur die ortodoksie beklemtoon is. By die Lutherane, Martin Geier en Sebastian Schmidt, en die Gereformeerde teoloë, Ursinus en Coccejus, en die Leidse Sinopsis, kry ons die gedagte dat die groot skeppingsperikope in die Ou en Nuwe Testament nie kosmologieë nie, maar eerder credo’s en lofgesange is in aanbidding van die Skeppergod. Hieruit kom die gedagte dat God met die oog op die verheerliking van sy naam geskep het (Openbaring 19:1–10) en na die einde van hierdie skepping weer nuut sal skep (Openbaring 21:1–22:5) en weer met die oog op die verheerliking van sy naam, maar hierdie keer met ‘n ewige oneindige volhoubare aanbidding van God sonder stryd en oorlog. Met die oog op hierdie eindeskatologiese nuwe skepping behels die verheerliking van God in die huidige skepping dat die skepsele getuienis sal aflê van die Goddelike heerlikheid en komende einde van hierdie huidige skepping en van die komende nuwe skepping.

[715] Heyns en Jonker (1977:30) *Op weg met die teologie*
[716] Durand (1982:27) *Skepping, mens, voorsienigheid*



© University of Pretoria

Bavinck[717] meen die einddoel van God se skepping is die verheerliking van God.[718] Die *Gloria Dei* kom daarop neer dat God geskep het met die oog op sy ewige aanbidding in 'n ewige koninkryk van absolute heerlikheid of erkenning en verheerliking van sy naam. Die mens is by uitstek hiervoor geskep en is bestem vir die ewige heerlikheid, voor die aangesig of troon van God.[719] In Openbaring 21:3 word die voltooing van die skepping geteken as die teenwoordige ewige inwoning van God by die mense en die mense by God. Durand[720] druk die gedagte van die doel van die skepping uit deur die aanvang van die skepping te sien as die *regnum naturae* wat die *regnum gloriae* bereik langs die weg van die openbaring van die *regnum gratia.* So gesien, red die Middelaar die skepping , maar voltooi Hy ook die skepping wanneer Hy kom om te oordeel en die finale oorwinning te behaal waarna God die Skepper die nuwe skepping tot stand sal bring.

Dit kan egter net gebeur deur die middelaarswerk van die Lam of die vleesgeworde Woord, die Logos, en die gestuurdheid van die sewe Geeste van God wat ook die sewe oë is van die Lam. In die doksologieë van Openbaring 4 en 5 vloei die idee van die Skepper en Middelaar ineen en hulle vind op 'n besondere wyse hul eenheid in die gemeenskaplikheid van die sewe Geeste. Die Skepper is ook die Verlosser en die sewe vuurvlamme rondom die troon is ook die sewe oë van die Lam. Hieruit kom twee fasette van die sendingmotief na vore: eerstens dat die oorsprong en bron van die sending die Here God is, en tweedens dat die posisie, gesag en outoriteit van die gestuurde, die Lam van God is.[721]

### 3.2 Die Engele (1:1 en 20:6) en die Satan (12:9 en 20:2/12-13)

#### 3.2.1 Inleidend

[717] Bavinck (1928:394–399)
[718] Die *Gloria Dei*
[719] Die *coram Deo*
[720] Durand (1982:99) *Skepping, mens, voorsienigheid*



© University of Pretoria

Engele[722] en die Satan speel 'n beduidende rol in die Bybel en in Openbaring, en dus behoort die leer aangaande die engele (Engelelogie)[723] en die Satan (Satanologie) sy regmatige plek in die teologie in te neem. As teologiese motief[724] in Openbaring veral kan dit nie verbygegaan en onderwaardeer word nie. Engele word gesien as geestelike hemelwesens wat saam met die skepping deur God geskep is, en volgens verskeie teksverwysings hoofsaaklik in diens van God is. Dit kom daarop neer dat die skepping van God oneindig ryker is as wat die mens bloot empiries kan waarneem en beleef volgens Heyns.[725] Die leer aangaande engele en die geestewêreld as teologiese motief, die Engelelogie en Satanologie, moet dus verstaan word indien die boodskap van Openbaring enigsins verstaan en in Gees en in waarheid verkondig wil word en daar gehou wil word by Openbaring 22:18–19.

In die Bybel lees ons van engele en die duiwel en in Openbaring spesifiek van God se engele en ook van die Draak (δράκων), die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, en sy engele, ook bekend as demone. Van al die moontlike teologiese motiewe is dit sekerlik die mees omstrede, misterieuse en onderontwikkelde teologiese motief, en daar is sekerlik teoloë wat dit nie sal erken of sal hanteer as teologiese motief nie. Heyns,[726] daarenteen, beweer dat die uiters karige Skrifgegewens oor die engele en demone nie voldoende rede is waarom die leer, of teologiese motief, oor die engele in die dogmatiek (of enige studie) verwaarloos mag word nie, of waarom dit in die meeste gevalle selfs geheel en al ontbreek nie. As teologiese motief het dit ongetwyfeld sy plek in enige navorsing op grond van die talle verwysings na en optredes van engele, sowel as verwysings na die Draak as Satan in Openbaring.

### 3.2.2 Engelelogie in Openbaring

722 Sien Van der Watt (1991:111)
723 Sien Ekskursie 20: Die leer aangaande die engelelologie en satanologie
724 Die teologiese motief vanuit 'n Nuwe-Testamenties teologiese oogpunt
725 Heyns (1978:113) *Dogmatiek*
726 Heyns (1978:113) *Dogmatiek*



© University of Pretoria

Engele en Satan en sy engele is deel van die Openbaringverhaal. Hulle is belangrike rolspelers en alreeds in Openbaring 1:1 lees ons "Jesus het toe sy engel gestuur…" In 5:2 lees ons van 'n sterk engel en in 5:11 van 'n groot menigte engele. In 7:1–3 lees ons van vier engele en nog 'n engel wat met hul praat en wat die duidelike opdrag het om "...eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe te merk met die seël". In 8:2 lees ons van "…sewe engele wat voor God staan en daar is aan hulle sewe trompette gegee…" en vervolgens blaas hul een vir een op hulle trompette waarna daar telkens 'n openbaring plaasvind waarvan verhaal word tot aan die einde van hoofstuk 11. Intussen lees ons weer in 10:1 van 'n "… ander engel, 'n sterke…wat met sy regtervoet op die see en sy linkervoet op die land gaan staan…".

Van die Engelelogie word gelees dat die openbaring gebring word deur die engel wat die Here God gestuur het (22:6) en ook deur Jesus self gestuur is (1:1 en 22:16). Ook op grond van die vele engelespreke en verskynings van engele in Openbaring en dan ook nie die minste nie, deur die geestelike werking van die sending van die sewe Geeste van God, kom die geskape geestewêreld aan die orde. Telkens in hierdie verhaal tree daar sewe engele of 'n ander engel op en volgens 5:11 was daar rondom die troon 'n groot menigte engele. Volgens 12:7 word die destruktiewe teenkant, die Satanologie, in die geestewêreld aan die orde gestel en moes Migael, as aartsengel, en sy engele in die hemel oorlog voer teen die Draak en sy engele wat hulle toe verslaan het. Daarna was die Draak woedend en het hy weggegaan om op aarde te gaan oorlog voer teen die ander nakomelinge van die Lam wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Die Draak word ook die slang van ouds, die duiwel en die Satan genoem (12:9 en 20:2). Die Draak verskyn in die simboliese gedaantes van 'n dier uit die see (Openbaring 13:1–10), 'n dier uit die aarde



© University of Pretoria

(Openbaring 10:11–18) en ‘n helder rooi dier (Openbaring 17) waarop ‘n sedelose vrou sit, uitgedos in pers en helder rooi klere.[727]

In Openbaring 14:6–20 lees ons van sewe engele en daarna volg in hoofstuk 16 die verhaal van die sewe engele met die sewe bakke. In die volgende hoofstukke is dit telkens ‘n engel wat met Johannes in gesprek tree, in so ‘n mate dat Johannes twee maal, in 19:10 en 22:8, voor die engel neerval om hom te aanbid, maar hy elke keer daarop gewys word dat God aanbid moet word omdat hy as engel ‘n mededienaar van God is. Ten slotte vermeld Openbaring 22:6 dat God sy engel gestuur het en so word ook engele met die sendingmotief verbind.

Uit bogenoemde aanhalings konstateer ek dus dat daar geestelike wesens bekend as engele wat dienaars van God is in Openbaring figureer, deur God gestuur word en in opdrag van God in die skepping en deur die skepping en mense werksaam is in die ganse kosmos. Die leser moet ook daarvan kennis neem dat die sewe Briewe gestuur is aan die sewe Engele van die sewe Kerke, en wie en wat hierdie engele is moet as kategorie van engele verklaar en verduidelik word.

Die sewe sterre in die regterhand van die Seun van die mens moet volgens Openbaring as ‘n eerste kategorie van engele gesien word en duidelik uitgeklaar word. Brown[728] verklaar: “Probably they are really angels and not pastors or leaders”. Kittel[729] verklaar: “The angels of the churches could be bishops but in context are more likely supporting angelic messengers, especially since bishops were not exalted above the churches during the days of origin of the Revelation”. Mounce[730] reken die engel van die kerke is ‘n geestelike wese en beskryf dit as volg: “The use of the word angel in the book of Revelation (within the context) favors

727 Sien Rowland (2013:4-8)
728 Brown (1980:103)
729 Kittel (1985:14)
730 Mounce (1977:82)



© University of Pretoria

identifying the angels as heavenly beings, as in Daniel 10:13, 20–21 they could be guardian angels". Hiermee volstaan ek en maak die keuse dat die boodskappe geskryf word aan die "engel" van elke kerk en ek beveel aan dat dit ook so vertaal behoort te word.

Die vermeldings van 'n "ander" en of "sterk" engel[731] in Openbaring as 'n aanduiding van nog 'n onderskeidende kategorie van die engelewêreld en die rol van hierdie spesifieke engele verdien ook ons aandag. Enkele navorsers sinspeel daarop dat hierdie engel Jesus kan wees. Om 'n konklusie te kan maak, is dit eers nodig om die teksverse aan te dui en nie verbasend nie is dit weereens 'n sewetal tekste, hoewel die sesmalige voorkoms in Openbaring 14 binne een konteks as 'n eenheid gesien moet word en in Openbaring 20:1 het slegs sekere manuskripte die woord "ander" ingevoeg wat dit dan 'n agttal maak.

> 5:2. Toe het ek 'n **sterk engel** gesien wat met 'n harde stem uitroep.
>
> 7:2. Ek het ook 'n **ander engel** van die ooste af sien kom met die seël van die lewende God.
>
> 8:3. 'n **Ander engel** het toe gekom en by die altaar gaan staan.
>
> 10:1. Toe het ek 'n **ander engel**, 'n **sterke**, uit die hemel uit sien afkom.
>
> 14:14. Op 'n wit wolk het daar **Iemand soos die Seun van die mens** (Engel) gesit wat 'n goue kroon op sy kop gehad het en 'n skerp sekel in sy hand gehad het.

Hoewel die woorde "'n ander of sterk" engel nie hierin voorkom nie, is dit tog belangrik om die teks hier aan te haal omdat die ses tekste in Openbaring 14 waarin die woorde wel voorkom, binne konteks hiervan verstaan en verklaar moet word en dit lig werp op wie die engel in 14:19 moontlik kan wees. Die konteks is die aankondiging en voltrekking van die oordeel en die sewe engele as rolspelers hierin kom duidelik na vore.

---

[731] Sien Margaret Barker (2000:180-199) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Angel in the cloud



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

14:6. En ek het ‘n **ander engel (1)** gesien met ‘n goeie boodskap.

14:8. En ‘n **ander engel (2),** ‘n tweede, het uitgeroep.

14:9. En ‘n **ander engel (3),** ‘n derde, het uitgeroep.

14:15. ‘n **Ander Engel (4)** het uit die tempel uitgekom en hard geroep.

14:17. Toe het daar ‘n **ander engel (5)** uit die tempel wat in die hemel is uitgekom, Hy het ook ‘n skerp sekel gehad (Soos Hy wat op die wit wolk sit, Iemand soos die Seun van die mens).

14:18. Nog ‘n **ander engel (6)** het van die altaar se kant af gekom.

14:19. **Die engel (7)** het toe sy sekel op die aarde ingesteek. Sien 14:14 en 14:16 waarvolgens dit logies afgelei kan word dat die sewende engel hier moontlik die “Iemand soos die Seun van die mens” kan wees wat op die wit wolk sit.

18:1. Hierna het ek ‘n **ander engel** uit die hemel uit sien afkom.

18:21. Toe het ‘n **sterk engel** ‘n groot klip gevat en dit in die see gegooi.

20:1. Toe het ek ‘n **ander** (slegs sekere manuskripte) **engel** uit die hemel uit sien kom.

Volgens die teks kan ons hierdie **“ander of sterk”** engel as volg beskryf: Hierdie engel roep uit met ‘n harde stem; het van die ooste af gekom met die seël van die lewende God en het weer met ‘n harde stem uitgeroep: Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël; het toe gekom en by die altaar gaan staan met ‘n goue wierookbak en die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God; die engel het die wierookbak gevat, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi en daar het donderslae,



© University of Pretoria

dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom; hy het uit die hemel afgekom en het 'n wolk om hom gehad en 'n reënboog bokant sy kop, sy gesig was soos die son en sy bene soos vuurpilare; in sy hand het hy 'n oop boekie gehad; hy het toe met sy regtervoet op die see en met sy linkervoet op die land gaan staan en met 'n harde stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul en sewe donderslae het geantwoord; hy het sy regterhand na die hemel toe opgerig en 'n eed afgelê by Hom wat tot in ewigheid lewe, hy het met 'n eed bevestig: "Daar is geen tyd meer oor nie"; die engel, (binne die konteks van ses ander engele) Hy wat op die wit wolk sit, het toe sy sekel ingesteek op die aarde en die aarde is afgeoes; hierna het 'n ander engel wat groot gesag gehad het, uit die hemel uit afgekom en die aarde is deur sy heerlikheid verlig en hy het met 'n sterk stem uitgeroep; toe het 'n **sterk engel** 'n groot klip gevat en dit in die see gegooi en gesê: "Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is"; toe het ek 'n **ander** (slegs sekere manuskripte) **engel** uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand, hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind.

Vanuit die aangehaalde tekste en beskrywing kan 'n baie sterk saak daarvoor uitgemaak word dat die **ander** en **sterk** engel en die 14:19-verwysing die **engel** Jesus kan wees. Die wolk (14:14 en 1:7) dui op die tipiese Goddelike wolk van teenwoordigheid. Die reënboog is 'n aanduiding van die reënboog rondom die troon van God. Die beskrywing van die Iemand soos die Seun van die mens in Openbaring 1 en 14 saam met hierdie benaming versterk die argument dat die ander engel Jesus kan wees. Die beskrywing van die ander engel, 'n sterke, in Openbaring 10 in vergelyking met die boek in die hand van Hom wat op die troon sit wat deur die Lam geneem word as die Leeu uit die stam van Juda, saam met 'n sterk stem en die donderslae versterk die argument net meer. Du Rand[732] meen dat die ooreenkomste

[732] Du Rand (2007:355)



© University of Pretoria

merkwaardig is en dat die beskrywing van die ander sterk engel in Openbaring 10 gelaai is met betekenis.

Die gedagte van 'n aartsengel as hoof of leier van die engele, word ontleen aan 1 Tessalonisense 4:16 "Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal" en Judas 1:8–9 "Vanweë die droomgesigte wat hulle sien, bevlek hulle hulle eie liggame, verwerp hulle die gesag van die Here en beledig hulle die hemelwesens. Nie eers die aartsengel Migael het so iets gedoen nie. Toe hy met die duiwel gestry het oor die liggaam van Moses, het hy hom dit nie veroorloof om die duiwel te beledig en te veroordeel nie, maar hy het vir hom gesê: Die Here sal jou straf".[733] In Openbaring 12:7 word daar ook verwys na die engel Migael en baie duidelik na hom as die hoofengel, "Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak".

Samevattend is dit duidelik dat daar verskillende kategorieë van engele voorkom:[734]

> Angels took part in the giving of the Law at Sinai (Gal 3:19, Hand 7:53, Hebr 2:2), take an interest in the fate of men (Luk 15:10) and the apostles (1 Kor 4:9), carry the soul to paradise (Luk 16:22), mediate revelation and give visions (Openb 1:1, 10:1 en 8, 14:6, 17:1), surround God's throne with songs of praise (Openb 5:11, 7:11) and carry out God's judgements (Openb 7:1, 8:2, 9:1 en 13, 11:15, 12:7, 14:15 en 17, 15:1 en 6, 18:1, 1:17, 20:1).

**3.2.3 Satanologie in Openbaring**

Teenoor die Engelelogie in 'n korrelasie van 'n subjek-subjekverhouding kry ons ook die Satanologie as teenpool en as destruktiewe teenstrydende mag. Satanverskynings, -optredes en -spreke kom ook algemeen voor sedert die oudste literatuur, ook in apokaliptiese

[733] Vergelyk ook Sagaria 3:2
[734] Sien ook Rom 8:38, 1 Kor 15:24, Ef 1:21, Kol 1:16 en Brown (1980:103)



© University of Pretoria

literatuur, soos ondere andere in Openbaring. Sinonieme benamings vir Satan kom ook voor, en Openbaring vat dit die beste saam in beide Openbaring12:9 "… want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom" en Openbaring 20:1–3 "Toe het ek 'n engel uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand. Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind. Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi… ".

Die Draak in Openbaring 12:9 en 20:2 vertolk 'n sterk oponerende en vyandige rol in die verhaal en sonder hierdie rol sou daar vir die mensheid geen duidelik verstaanbare boodskap van hulself in Openbaring of in die Bybel gewees het nie. In die Bybelverhaal ontmoet ons die slang so vroeg as in die eerste boek van die Bybel, in Genesis 3:1: "Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is …". Die slang het dus sy rol gekry binne die skeppingsverhaal en is so dus deel van die skepping en die ganse kosmiese bestaan van die mensheid. In Openbaring word die rol van die slang vertolk deur die simboliese Draak, sy eie engele of agente en sy menslike volgelinge, en dis 'n baie sterk motief in die verhaal van Openbaring. Die rol van die simboliese Draak in Openbaring kan omskryf word as 'n teologiese motief as die Satanologie, en word volledig gepersonifiseer en geïdentifiseer in 12:9 en 20:2 as "… die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is en so genoem word…".

Hiervolgens konstateer ons dus dat, net soos engele as geestelike, geskape wesens, die Satan en sy engele deel is van die geestelike, geskape werklikheid, maar as vyandige, destruktiewe geestelike wesens, die skepping van God wil vernietig en die werk van die engele van God nie net wil verhoed nie, maar ook teengaan. Die domein van die Satan en sy engele is "buite die hemel" in "die onderaardse diepte" en is deur God die Skepper beperk en ingeperk. Die



© University of Pretoria

leer aangaande Satan en sy engele as teologiese motief (Satanologie) moet dus ook verstaan word indien die boodskap van Openbaring enigsins verstaan en verkondig wil word. As uitgangspunt in hierdie studie word die Engelelogie en die Satanologie as een teologiese motief beskou en as sodanig hanteer. Dit kom daarop neer dat daar nie net erkenning gegee kan word aan slegs engele of slegs bose engele of demone nie, maar tegelyk aan albei om sodoende die balans van goed en kwaad te kan handhaaf, alternatiewelik beskryf as konstruktiewe meewerking of destruktiewe teenkanting.

Die leer aangaande Satan as rolspeler in die Bybel en in hierdie geval in Openbaring, kan nie verbygegaan word of ligtelik opgeneem word nie. Gedurende die patristiese tydvak is die karige lering aangaande die Satan sterk beïnvloed deur die gnostistiese denkraamwerk. Luther en die Reformatore het wel aandag aan hierdie leerstuk gegee, maar geen volhoubare eksegetiese antwoorde kon gegee word nie. Die liberale teologie van die 18de en 19de eeu wou aan Satanologie geen plek gee nie, maar in die 20ste eeu is hierdie teologiese gesprek weer hervat. Dit is die Nieu-Testamentici wat onder die indruk kom dat Satan (Satanologie) en sy engele (Demonologie) by Jesus en by Paulus ʻn veel groter rol speel as wat aanvanklik gedink is.[735] Huisamen[736] haal Karl Barth se dogmatiese beskouing van die Satanologie as volg aan:

> If we ignore demons, they deceive us by concealing their power until we are again constrained to respect and fear them as powers. If we absolutise them, respecting and fearing them as true powers, they deceived us by concealing their character as falsehood, and it will be only a little while before we try to ignore and are thus deceived by them again.

[735] Sien Durand (1978:80) *Die Sonde*
[736] Huisamen (1982:3)



© University of Pretoria

Huisamen[737] beweer dat die Skrif nêrens ‘n selfstandige Satanologie of demonologie ontwikkel nie, maar dat ‘n eksistensiële kennis van Satan en sy engele oftewel demone nodig is, maar dat ook verstaan moet word dat die sataniese slegs ontspring aan die boodskap van Christus se oorwinning oor die ryk van die duisternis. Volgens hom is dit daarom noodsaaklik om van dogmaties-eksegetiese materiaal gebruik te maak waarin die Skrif uitsluitlik as maatstaf hanteer word en ook van veldstudies, soos onder andere by missioloë gevind word wanneer ‘n Bybelse fundering nagevors word. Volgens hom is ‘n Bybelse fundering onontbeerlik, want dit bied onder meer drie belangrike gesigspunte, naamlik:

1. Satan as ‘n reële entiteit met sekere persoonlike attribute
2. Die eksistensiële realiteit van Satan en bose engele as demone
3. Die Satan as destruktiewe teenkant of teëstander van God se bedoeling met die Skepping

Dit is die histories-kritiese benadering van eksegese van hierdie eeu wat veral in toenemende mate die invloed van die Babiloniese, Persiese, Griekse en Romeinse godsdienstige invloede by Jesus en by Paulus uitwys. Die teoloë van die 20ste eeu doen egter ‘n ander werklikheidservaring op met twee wêreldoorloë en ná die Tweede Wêreldoorlog uitgerekte revolusionêre en anti-revolusionêre oorloë. Al meer stemme klink nou op dat onreg en kwaad wel bopersoonlike trekke kan aanneem, soortgelyk aan dié van die Romeinse Ryk. Dit is Tillich[738] wat ooreenkomstig hierdie 20ste eeuse tendens aandag gee aan die Satanologie as ‘n transsubjektiewe kategorie. Hy verklaar sy verstaan van die Satanologie, dit is van die duiwel en sy engele, as gevalle engele. Die leer aangaande die Engelelogie en van die

[737] Huisamen (1982:11)
[738] Tillich (1968:41–50)



© University of Pretoria

Satanologie gee dus die nodige erkenning aan die feitlike bestaan van bo-individuele strukture van goedheid en bo-individuele strukture van kwaad en dekonstruksie.[739]

Dit is Tillich[740] wat in sy Dogmatiek na vore kom met die verfyning van die korrelasiebegrip in terme van 'n subjek-subjekverhouding. Op hierdie punt kan verskil word van Barth wat van mening is dat daar nie in een asem gepraat kan word van goeie en slegte engele nie, omdat dit tot ernstige verwarring kan lei. Volgens hom kan die slegte engele slegs die goeie engele en die Koninkryk naboots. Die verhaal van die oorlog tussen Migael en sy engele en die Draak en sy engele in Openbaring 12:7–9 bevestig daarteenoor juis die subjek-subjek-verhouding en bevestig dus dat daar juis nie verwyderd van mekaar daaroor gepraat kan word nie.

Dit is hierdie saak van die Satanologie in korrelasie met die Engelelogie waarmee die teologiese navorsing en die kerk van vandag veral besig is. Dit terwyl daar 'n groeiende verwydering besig is om plaas te vind tussen die ortodoksie wat vashou aan die persoonlike realiteit as bestaansfenomeen van die Satan en sy demone as gevalle engele aan die een kant, en die postmodernisme se New Age filosofiese denkraamwerk wat die leer van 'n Godvyandige bose mag, wat in Openbaring simbolies gestalte vind as die Draak en die diere as sy engele, aan die ander kant onaanvaarbaar vind. Die navorsingsgaping wat hierdie studie probeer vul ten opsigte van Sending in Openbaring as teologiese motief is van hierdie leerstuk nog meer waar: Engelelogiese en Satanologiese navorsing vanuit die Openbaringteks en ook in die navorsingsveld van die Nuwe-Testamentiese teologie kom uiters gebrekkig voor en dan is die korrelasieteorie nog nie eers in aanmerking geneem nie.

Al sou die Bybel in geheel geen selfstandige Engelelogie of Satanologie ontwikkel nie, omdat alle magte tot die skepping van God behoort en aan God onderwerp is, behoort 'n Nuwe-

[739] Sien Durand (1978:82)
[740] Tillich (1968:41–50)



© University of Pretoria

Testamentiese teologie egter die engeleverskynings in die sinoptiese evangelies en Handelinge sowel as die verskynings van die duiwel en verwysings na Satan eksegeties verantwoordbaar in 'n teologiese leerstuk uiteen te sit. Net so ook die Pauliniese voorstellings van die hemele, engele en Satan en sy engele. Die algemene sendbriewe, veral dié van Petrus en Judas, behoort ook in diepte nagegaan te word in die teologiese navorsing ten opsigte van die Engelelogie en Satanologie. Ook Johannes, wat die Satan as die owerste van hierdie wêreld ken (Joh 12:31, 14:30, 16:11), en die gesprek tussen Jesus en die Jode in Johannes 8 waar Jesus direk verklaar "Julle is kinders van die duiwel…", behoort in 'n leerstuk van die Satanologie in die teologie van Johannes tot sy reg te kom. In 1 Joh 3:10 skryf Johannes teenoor die "kinders van God" staan die "kinders van die duiwel"[741] wat die korrelasievraagstuk in die besonder aan die orde stel.

Bloot die erkenning van die waarhede van die Bybel dat daar wel 'n bomenslike, geestelike werklikheid is en dat persoonlike, geestelike magte funksioneer as bose engele wat die naam Satan en sy volgelinge beskryf as demone, sê op sigself nog niks van die funksionering of werking van die Satan as bose engel en sy volgelinge nie, en ook niks van hul einde nie. Dit is die teologiese taak van die Satanologie om dit te doen. Die duidelikste leering aangaande Satan en sy volgelinge is natuurlik dit wat ons in Openbaring lees. Die Satan word simbolies aangedui as die Draak en sy agente is drie diere, naamlik die dier uit die see, die dier uit die aarde en die dier in die woestyn. Mounce[742] wys uit dat daar al baie geskryf is oor die bronne agter die diere en konkludeer:

> It is very unlikely that he consciously took over a pagan myth to explain the significance of the wage of war by the three animals but, as always, John is a creative

[741] Durand (1978:90)
[742] Mounce (1977:235)



© University of Pretoria

apocalyptist who, although gathering his imagery from many sources, nevertheless constructs a scenario distinctly his own.

Die oorsprong van die Satan en sy volgelinge as geestelike wesens word beskryf in Openbaring 12:7–9. Daar het oorlog gekom in die hemel, en die aartsengel Migael – wat ook beskou word as die beskermengel – en sy engele moes oorlog voer teen die Draak en sy engele, en hulle is toe verslaan. Hulle is toe uit die hemel uitgegooi en op die aarde neergegooi. Die simboliese Draak word geidentifiseer as die slang van ouds, wat die duiwel en Satan genoem word. Die simboliese Groot Vuurrooi Draak het gereed gestaan het om ‘n simboliese kind wat gebore gaan word, van ‘n simboliese vrou te verslind. Die stryd word deur die Draak aangeknoop om die kind wat gebore gaan word te verslind. Die kind, in Openbaring is Jesus as die Lam wat geslag is. Die kind is bestem om al die nasies met ‘n ystersepter te regeer, en is voor die Draak weggeruk na God en sy troon toe (12:5) en Hy het reg voor die troon gestaan (Openbaring 5:6). Die vrou het na die woestyn gevlug waar God vir haar plek gereed gemaak het en sy deur die mense versorg kan word, weg van die slang af.

Die Draak het die vrou agtervolg en was woedend toe hy haar nie kon vang nie omdat die aarde haar te hulp gekom het. Die Draak het toe weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het, dit is teen die engel van elke kerk en ook teen elke getuie of gelowige lid van elke kerk. Die draak simboliseer oorlog tussen goed en kwaad en is as teenkant ‘n bedreiging[743] vir die Goddelike bedoeling van die menslike lewe, dat God aanbid moet word omdat Hy alles geskep het.

[743] Bauckham (1993:43) stel dit duidelik: “Absolute power on earth is satanic in inspiration, destructive in its effects and idolatrous in its claims to absolute loyalty, divinity and eternity



© University of Pretoria

Volgens Openbaring 13 het die Draak toe op die seestrand gaan staan en vervolgens verskyn sy agente wat oorlog gaan voer teen die Lam en sy nakomelinge, die kerk en die gelowiges. Dit is ‘n dier uit die see waarvan die beskrywing ontleen is aan Daniël 7 en dien as simbool vir die valse koninkryk en as verteenwoordiger van ‘n bose koninkryk op aarde, die dier uit die aarde waarvan die twee horings ontleen word aan die beskrywing van ‘n lam as simbool vir die valse profeet en as ‘n wonderdoener en verteenwoordiger van valse aanbidding en gosdienstige verleiding. In die woestyn die helder rooi dier waarop ‘n vrou sit wat uitgedos is in pers en helder rooi klere wat simbolies Babilon is, die sedelose vrou is as simbool van verleiding, onreinheid en losbandigheid, die onsedelikheid van konings of regeerders wat lei tot die dood van die gelowiges, die dood van die mense wat vir Jesus getuig het, en die gebooie van God nagekom het, en in Jesus bly glo het.[744]

Openbaring verhaal deurgaans die stryd wat hier woed met die klimaktiese hoogtepunt dat die dienaars en getuies as nakomelinge van die Lam nie net oorwin nie, maar meer as oorwinnaars is, soos Hendriksen[745] dit stel in die titel van sy boek. Die Bybel stel dit in Openbaring 17:14 as volg: “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is”.

Dit is dus Jesus, die Lam, en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, wat hulle oorwin in die oorlog, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is en simbolies voorgestel word as die Ruiter op die wit perd wat die Getroue en die Betroubare genoem word, en met regverdigheid oordeel en oorlog voer. In Openbaring 14:6–20 word die oordeel oor Satan en sy volgelinge aangekondig en voltrek as ‘n goeie boodskap binne die konteks van God as Skepper en in Openbaring word die eindeskatologiese laaste

744 Ladd (1974:624-625)
745 Hendriksen (1977)



© University of Pretoria

oordeel meer volledig beskryf. Dit is die belangrikste lering aangaande Satan, naamlik dat Christus hom oorwin en geoordeel het. In soverre as wat Satan 'n bomenslike werklikheid en mag is, is Christus se verlossing 'n bomenslike verlossing en is sy oorwinning 'n bomenslike en werklike oorwinning. So gesien, kry Satan alleenlik gestalte deur die oorwinning van Christus oor hom en die oordeel oor hom en sy volgelinge (Openbaring 20:10), maar beslis en onaanvegbaar, nie daarsonder nie. Die boodskap in Openbaring aangaande Satan is dat hy deur sy agente mense doodmaak en verlei om hom te aanbid en nie vir God nie. Die vrou is simbolies die sewe simboliese lampe wat die voltal van sewe kerke op aarde simboliseer wat lewe aan mense gee en volgens Openbaring 21 die bruid en die vrou van die Lam.

### 3.2.4 Die Teodisee-vraag

Die bestaan en werksaamheid van die Satan bring ons dan by die tergende lydings-vraag of teodosee-vraag van die antropologie uit. Die vraag is: "Kom lyding van God of van Satan of van die mens self deur sy/haar eie toedoen (sonde)? In die eerste instansie gaan die vraag oor die natuurlike lyding, naamlik pyn, siekte en dood as gevolg van natuurlike oorsake. Durand[746] verduidelik dat veralgemenend gestel kan word dat daar van vroeg af uitgegaan is van die gedagte dat waar daar 'n duidelike verband aanwysbaar is tussen die mens se eie optrede wat pyn, siekte, lyding en dood veroorsaak, dit gesien kan word as God se straf op sondige optredes. Dit kan so wees, maar daar is ook die alternatief dat dit veroorsaak kan word deur kosmologiese rampe en natuurlike siektes dat die individuele mens niks aan kan of kon doen nie, en ook nie noodwendig en vanselfsprekend gedoen het nie, en dat hulle lyding nie die gevolg van hul eie (sondige) optrede is nie. Dit was ongeveer die teologiese uitgangspunt op die teodisee-vraagstuk tot in die twintigste eeu.

[746] Durand (1978:95)



© University of Pretoria

Daarna het die aksent verskuif van die individuele na die sosiaal-kollektiewe oorsaak van lyding, en na die vraag na die oorsprong daarvan eerder as om dit aan natuurlike oorsake en die individuele mens alleen toe te skryf.[747] In die moderne tydvak en daarna het die aksent in die teologie verskuif weg vanaf die individueel-natuurlike oorsaak na die sosiaal-kollektiewe oorsaak daarvan. Hierdie verskuiwing in beklemtoning en verstaan van lyding plaas nou groter klem op die verantwoordelikheid van die mens, en skep ook ‘n groter bewustheid van die menslike verantwoordelikheid in die ontstaan en voortbestaan en natuurlik ook voorkoming van menslike lyding en nood. Durand[748] beweer dat die natuurlike oorsake van lyding en die menslike verstaan daarvan gering is in vergelyking met die sosiale oorsake van lyding.

Hierdie verskuiwing in die verstaan van die teodiseevraagstuk het groot waarde toegevoeg tot die verstaan daarvan, maar is nie alleen die antwoord nie, en het ongelukkig ook in eensydigheid en selfs dwaling verval. Die geloof dat die Here God deur sy skepping en regering ook oor lyding regeer en dit laat gebeur as die "Misterium Tremendum", die transendente en immanente (teïstiese) God, gaan duidelik verlore in die sogenaamde politieke teologie van die moderne denkers, en die publieke teologie van die New Age denkers. Ons uitgangspunt is dat daar geen teologie kan wees nie sonder enige verduidelikende beskrywings vooraf wat kan bepaal dat God alleen in beheer is, ook van lyding en ook daaroor regeer.

Die lydingsvraag, net soos die Satanologie, kan samevattend dus nie alleen selfstandige gestalte kry nie – anders slaan die vraag om in ‘n teodisee – maar kan alleenlik gestalte kry deur God se skeppings- en regeringshandelinge en volgens Openbaring is dit God wat al die trane van die lydendes se oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie, ook leed, smart en

[747] Sien Durand (1978:95)
[748] Durand (1978:99)



© University of Pretoria

pyn sal daar nie meer wees nie (21:4). Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en die Lam sal in die nuwe stad wees en sy dienaars sal Hom dien. Hulle sal Hom sien en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees en hulle sal tot in ewigheid regeer (22:3–5).

Ten slotte verwys ek na die definisie van Heyns[749] wat die regering van God duidelik en omvattend beskryf. Ek bied dit aan in effens gewysigde vorm en beskryf dit in eie unieke Openbarings terme naamlik: Die regering van God, met die nood en lyding van die mens as integrale deel daarvan en wat aan God onderworpe is, is trinitaries gefundeerd (Openbaring 19:10), want dit is die Here God wat deur alles en almal aanbid moet word omdat Hy die Skepper is, omdat dit Jesus is as Lam wat geslag is, wat die getuienis gelewer het aangaande die openbaring oor wat binnekort moet gebeur en die heerser oor die konings van die aarde is, en die Gees van God wat oor die hele aarde uitgestuur (uitgestort) is. God se regering is transendent en vir die mens ondeurgrondelik, insluitend, ruimteskeppend, doelgerig, onoorwinlik en ewig.

### 3.2.5 Konkluderend

Die enigste grond vir die erkenning en aanvaarding van ‘n engele- en sataniese werklikheid sou dus nie gevind kan word in menslike bespiegeling en ervaring nie, maar enkel en alleen in die Bybelse getuienis aangaande Jesus Christus as die oorwinnaar en soos dit by uitstek in Openbaring aan die orde kom. Hierdie getuienis omvat immers ook die negatiewe veronderstelling van ‘n bomenslike mag van die duisternis. Slegs vir sover die Satan ‘n bomenslike werklikheid is, is Jesus se verlossingswerk ‘n werklike stryd en oorlog, en die verlossing ‘n bomenslike en werklike oorwinning.[750]

[749] Heyns (1978:149) *Dogmatiek*
[750] Sien Durand (1978:88) *Die Sonde*



© University of Pretoria

## 3.3 Die mens geskep na die beeld van God en die mensdom geskep as ‘n verskeidenheid van tale, stamme, nasies en volke. (Bybelse Antropologie)

### 3.3.1 Inleidend

Heyns[751] beweer dat die Skrif nêrens opsetlik, sistematies en geordend oor die mensdom of mens teologies handel nie, en dat ons die antropologie dus eerstens as ‘n sosiale mens-wetenskap moet sien. Ten opsigte van die Openbaringteks stem Schnelle[752] met Heyns saam wanneer hy beweer: “Revelation does not contain a reflected, developed anthropology”. Dit konstateer hy op grond van die seldsame gebruik van sekere begrippe in die Bybel wat gebruik word in die antropologie as sosiale wetenskap. Vir die Bybelleser bly die vraag egter staan na ‘n Bybelse antropologie, met ander woorde wat die Bybel en eintlik God self van die mens sê.

Fragmentaries en soms selfs onduidelik word die Bybelleser wel bewus van ‘n Goddelik geskape mensbeeld en mensdom wat sy ryke inhoud in die Bybel in ‘n onoorsigtelike veelheid van beelde, voorstellings, situasies, verbande en handelinge ontplooi.[753] Vanuit die dualistiese mensbeskouing in die antropologie, wat ons spesifiek op ‘n besondere wyse in die Johannese teologie en veral in Openbaring vind, is dit vanuit Openbaring duidelik dat die mens ‘n geestelike wese is aan die een kant en ‘n biologies wetenskaplike wese is aan die ander kant. Die geestelike bestaansvorm kan ons omskryf in terme van die mens as beeld van God en die biologies-wetenskaplike bestaansvorm kan ons omskryf in terme van ‘n menslik waarneembare organisme, in die vorm van ‘n liggaam en dit dus so noem.

---

[751] Heyns (1974:69 en 1978:119)
[752] Schnelle (2009:761 voetnoot 42)
[753] Sien Heyns (1974:69)



© University of Pretoria

Wanneer die Bybelse gegewens in verband met die mens georden word, kan 'n Bybelse mensbeeld of Bybelse antropologie gestalte vind soos Schnelle[754] dit inderdaad aandui en ook as 'n teologiese motief hanteer. Schnelle kom na vore met die gedagte "The concept of creation (Bybelse Kosmologie) is foundational for Johannine anthropology (Bybelse Antropologie). God (Doksologie) created (Kosmologie) all that is (John 1:1), Jesus Christ (Christologie) entered into the created world and the Spirit (Pneumatologie) was sent (Missiologie) out into all the earth". Hierdie wisselwerking van teologiese motiewe in die antropologie beskryf Schnelle[755] as volg "In John it modulates into the concept of becoming Children of God (Soteriologie), believers participate in the internal relationships of Father, Son, Spirit, among themselves (Ekklesiologie) and the whole creation" (Diakonologie).

**3.3.2 Die mensdom**

In Openbaring is dit veral die sewemalige frase[756] "…uit elke stam en taal en nasie en volk"[757] waaruit iets van die mensdom se veelvuldige en godsdienstig sosiale bestaansvorme in die skepping gekonstrueer kan word. Die frase gee vir ons 'n goeie aanduiding van die basiese uitgangspunte vir die sosio-historiese konstruksie van die mensdom. Dit kom as volg voor in Openbaring:

5:9 Met u bloed het U mense vir God losgekoop **uit elke stam en taal en volk en nasie.** U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.

7:9 Die groot menigte mense met die wit klere aan was van **elke nasie en stam en volk en taal** en het voor die troon en voor die Lam gestaan.

---

[754] Schnelle (2009:58 en 716)
[755] Schnelle (2009:717)
[756] Sien Mounce (1977:148), Beale (1999:359), Du Rand (2007:259), Morris (1987:97) e.a.
[757] Sien ook hoofstuk 4.4



© University of Pretoria

10:11 Jy moet weer God se boodskap **aan baie volke en nasies en tale en konings van stede** verkondig**.**

11:9 Mense **van al die volke en stamme en tale en nasies** sal die lyke van die twee getuies van God in die hoofstraat van die groot stad, waar hulle Here ook gekruisig is, sien lê en nie toelaat dat hulle begrawe word nie.

13:7 Die dier uit die see is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en gesag uit te oefen. Hy het teen God begin laster, hy het God se naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster. Aan hom is ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin en daar is gesag aan hom gegee **oor elke stam en volk en taal en nasie.**

14:6 'n Engel het 'n goeie boodskap gehad wat vir ewig van krag bly. Hy moes dit aan die bewoners van die aarde, **aan elke nasie en stam en taal en volk**, verkondig.

17:15 Die waters waar die sedelose vrou bly **is volke en stamme en nasies en tale.**

By vyf van die sewe aanhalings in Openbaring word 'n nadere omskrywing gegee in óf wêreldomvattende terme óf spesifieke religieuse terme. Van die sewe aanhalings handel slegs die eerste twee (5:9 en 7:9) ten opsigte van die mensdom binne die koninkryk van God en dan by name in 5:9 oor dié van God se aardse sowel as dié van die eskatologiese koninkryk en in 7:9 slegs oor dié van die eskatologiese koninkryk. Die ander vyf gedeeltes handel duidelik oor die mensdom soos hul buite God se koninkryk voorkom, of nog nie as deel van God se volk leef op aarde nie.[758]

[758] Sien Du Preez (1978:112)



© University of Pretoria

Hierdie frase word in sy geheel ontleen aan soortgelyke begrippe in Daniël.[759] In Daniël 3:4, 3:7, 3:29, 4:1, 5:19, 6:26 wys dit op alle mense en groepe mense binne die ryk van die koning van Babel, maar in 7:14 is dit van toepassing op die menslike wese wat ewig lewe. Die bedoeling van hierdie begrippe is om so ver moontlik universaliteit uit te druk en die totaliteit van die koning se koninkryk.Vervolgens is dit nodig om die teologiese betekenis van elk van hierdie vier begrippe kortliks op te helder en ter wille van ‘n beter onderskeiding en verstaan hanteer ek dit ook in ‘n spesifieke volgorde van my keuse soos wat dit die studie die beste kan dien.

**TAAL[760]** (γλῶσσα) (lingua) (word)

Hierdie woord beteken letterlik "tong", maar ook taal. Daar kan niks meer oor gesê word nie as dat God die mensdom geskep het met ‘n groot verskeidenheid van tale, en dat taal nie stagnant is nie, maar dinamies ontwikkel en nuwe tale voortdurend tot stand kom. Taal is uniek aan die mens (homo sapiens). God as Skepper van die mens word dus logies beskou as die Skepper ook van tale. Hierdie skeppingsdaad van God word teruggevoer na Genesis 11 waar God taaleenvormigheid sou verbreek tot ‘n taal pluriformiteit om daardeur die eenvormigheid van die mensdom te verbreek en van mekaar af te laat wegbeweeg om sodoende die aarde te vul tot in die uithoeke, soos God die skepping aanvanklik bedoel het om te wees.

**STAM[761]** (Konings van stede in 10:11) (φυλή) (tribus)

[759] Sien ‘n aantal kommentare op Daniël vir meer besonderhede onder andere John Golding (1989:xxi-xl), Joyce Baldwin (1978:46-58), James Montgomery (1979:23-24), Norman Porteous (1979:13-21), Sakkie Spangenberg in Die Bybellennium (199:963-965) naamlik volke (λαοῖς), stamme (φυλαὶ) en taalgroepe (γλῶσσαι)
[760] J. Behm, 1 in Kittel Abridged *Theological Dictionary of the New Testament* (1985:123–124) en H. Haarbeck in Brown Vol. 3 (1978:1078–1081) *Dictionary of New Testament Theology*
[761] C. Maurer, ix,  245-50 in Kittel Abridged (1985:1282–1283) *Theological Dictionary of the New Testament* en N. Hillyer in Brown Vol. 3 (1978:870–873) *Dictionary of New Testament Theology*



© University of Pretoria

Hierdie woord kom meer as 400 keer in die LXX en 31 keer in die Nuwe Testament voor en daarvan kom dit 21 keer voor in Openbaring. Die oorspronklike betekenis van die Griekse woord was 'n aanduiding van mense wat deur samehorigheid en bloedverwantskap dieselfde afkoms en verbintenis het. Hierdie oorspronklike betekenis het egter later die element van bloedverwantskap alleen verloor en 'n aanduiding geword ook van 'n administratiewe, militêre en godsdienstige eenheid. In die LXX word die woord met enkele uitsonderings hoofsaaklik gebruik vir verwysing na die 12 stamme van Israel.

As voorbeeld is dit Josua wat die opdrag kry om 12 manne, een uit elke stam, elk een klip te laat optel en te stapel in die middel van die Jordaan en ook elk een klip te dra tot by die oornagplek. Hierdie klippe het gedien as 'n herinneringsteken vir die nageslag (Josua 4). Dit herinner ons ook aan Elia wat die stukkende altaar weer herbou het met 12 klippe as herinnering aan die 12 stamme uit die nageslag van Jakob (1 Kon 18:31). Dit is veral die profete en in besonder die knegliedere van Jesaja wat die restorasie van die 12 stamme sterk propageer, soos in Jesaja 49:6. Dit is Esegiel (48:30ff) wat die hekke van die nuwe Jerusalem vernoem na die 12 stamme van Israel en net so word daar op die 12 poorte van die nuwe stad Jerusalem die name geskrywe van die twaalf stamme van die volk Israel.

Die verbondsmotief van die Ou Testament dra inherent die boodskap van hoop op 'n nuwe toekoms en 'n nuwe verbond vir die 12 stamme van Israel voort. Dié betekenis – soos ontleen aan die LXX – kan dus net so van toepassing gemaak word op Openbaring. In Openbaring 7:4–8 word die woord gebruik as verwysing na al 12 stamme van Israel. Die belangrikste verbintenis tussen die Ou Testament en Openbaring kry ons in 5:5 waar Jesus geïdentifiseer word as uit die stam van Juda.

Die simboliek van die getal 12 vanuit die Ou Testamentiese tradisie in verband met die 12 stamme van Israel en die verbintenis daarvan met die nuwe Jerusalem plaas die eskatologiese



© University of Pretoria

motief baie sterk op die voorgrond. Die beskrywing van die nuwe stad vind sy beslag in die beskrywing van die twaalf fondamente van die muur waarop daar twaalf name geskryf is, en in hierdie geval is dit die twaalf name van die twaalf dissipels van die Lam. In 1:7 word die woord gebruik as verwysing na al die stamme van die aarde, en dan dra dit 'n universele betekenis. Dit is hoofsaaklik die betekenis van die woord in die sewevoudige frase soos dit voorkom.

**NASIE**[762] (ἔθνος) (natione)

Die woord ἔθνος kom hoogswaarskynlik van die woord ἔθος en dui 'n groep of skare mense aan wat aan mekaar verbonde is deur dieselfde gebruike, gewoontes, godsdiens en gesamentlike belange soos 'n land of ryk of 'n spesifieke taal. Die Griekse woord vir nasie, ἔθνος, staan in direkte semantiese verband met ἔθος wat as "gebruik of gewoonte" vertaal en verklaar word. In die LXX word die woord "etos" gebruik vir die Joodse wette. In Johannes 19:40 word die woord gebruik as aanduiding vir godsdienstige gebruike van die Judaïsme in die algemeen. In Lukas 22:39 word die woord gebruik vir Jesus se gebruik om hom te onttrek om te gaan bid. In Handelinge 25:16 word die woord gebruik vir 'n gebruik in die Romeinse regspleging. In Hebreërs 10:25 word die woord gebruik vir die slegte gebruik om gemeenskapsbyeenkomste nie by te woon nie.

Met die Ou-Testamentiese gebruik van hierdie woord sal deeglik rekening gehou moet word om by die werklike betekenis en verstaan daarvan in Openbaring uit te kom. In veral Jesaja 60:3 en 66:12 en ook ander profetiese tekste word die woord "nasie" as *terminus technicus* vir die nie-Joodse nasies gebruik om hulle te onderskei van die Godsvolk. Die woord "nasie", maar dan in die meervoud, kom drie maal voor in die perikoop Openbaring 21:9–22:6 en dui

[762] K. L. Schmidt, 11, 369-72 in Kittel Abridged (1985:201-202) *Theological Dictionary of the New Testament* en H. Bietenhard in Brown Vol. 2 (1978:790–795) *Dictionary of New Testament Theology*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarop dat die nasies, dit is mense vanuit al die bestaande mensegroepe, ook mense uit ander nasies benewens dié van Israel, opgeneem word in die nuwe stad in ‘n ewige bestaansvorm.

**VOLK** [763](λαός) (popula)

Die woord kom algemeen voor in die Griekse digkuns, maar nie soseer in prosa nie. In die vroeë Griekse geskrifte, veral by Homeros, kom die woord male sonder tal voor as aanduiding van ‘n groep mense sonder aanduiding van wat hul as groep saambind. Die woord word wel gebruik vir groepe mense in teenstelling met regeerders. Ná Homeros word die woord algemeen gebruik om ‘n totale bevolking onder ‘n bepaalde regeerder aan te dui en om die mense as ‘n eenheid aan te dui. Die woord kry gelaaide betekenis in die LXX wat net so van toepassing is in die Nuwe Testament. Die woord kom ongeveer 2 000 keer voor in die LXX as spesifieke verwysing na Israel as God se volk (God’s people). Dit is duidelik dat die LXX die term hoofsaaklik vir Israel gebruik en om so Israel se uitverkore posisie as God se volk duidelik te stel.

Die woord "volk" kom elders twee keer voor in Openbaring, naamlik 18:4 en 21:3. In Openbaring 18:3 is die terugverwysing na Eks 19:5, Jer 51:45 en Hosea 1:9 na die volk van God onteenseglik duidelik en die volk se getrouheid aan God ten tyde van hul aardse lewe vanuit die Openbaringteks duidelik. In Openbaring 21:3 word die woord "volk" gebruik as ‘n aanduiding van die mense by wie God gaan woon en woonagtig gaan wees in die nuwe stad van God, die losgekooptes. Dit is ook duidelik dat ‘n volk eintlik ‘n aantal stamme is wat op grond van ‘n aantal gemeenskaplikhede, veral gebruike en gewoontes as ἔθος, hulself bymekaar skaar as ‘n volk.

[763] H. Strathmann, IV, 50–57 in Kittel Abridged (1985:499–503) *Theological Dictionary of the New Testament* en H. Bietenhard in Brown Vol. 2 (1978:795–800) *Dictionary of New Testament Theology*



© University of Pretoria

Die allesinsluitende frase as beskrywing van die geskape mensdom in die geheel kom sewe keer in Openbaring voor, weliswaar nie elke keer woordeliks dieselfde en in dieselfde volgorde nie, en ook nie elke keer noodwendig met dieselfde sin en betekenis nie. Vanuit hierdie herhalende frase kan wel 'n Bybelse antropologie as Teologiese motief van die mensdom vanuit Openbaring deels gekonstrueer word om die plek en rol van die geskape mensdom in Openbaring en in belang van die Sending in Openbaring duideliker te kan bepaal en te kan definieer. Die taalkundige, kulturele, volkere en etniese verskeidenheid as problematiese vraagstuk vir die sending, kerkplanting en -vorming kan ook vanuit hierdie beskrywing en betekenis verstaan daarvan opgehelder word. Beter moontlikhede kan geskep word vir die sendingteorie en -praktyk van die kerk soos gepoog sal word in die laaste hoofstuk van hierdie studie as Missiologiese hoofstuk. Die eindeskatologiese sin en betekenis van die term "missiologie" moet daarmee saam nagegaan en gedefinieer word om Openbaring volledig te kan verstaan.

### 3.3.3 Die mens

In 'n Bybelse antropologie as teologiese motief kan die mens volgens Heyns,[764] dualisties gesien, beskryf word as 'n Koninkrykswese in geestelike sin aan die een kant, en aan die ander kant in sy biologies-wetenskaplike verstaan ook as 'n verhoudingswese. Skriftuurlik vind ons dit in Openbaring in terme van die mens as geskepte se verhouding met God en die mens se verhoudinge met ander mense en geskape dinge. Dit maak juis dat die antropologie 'n sosiale wetenskap is en noue aansluiting vind by hoofsaaklik die Sosiologie as wetenskap.

Heyns[765] konstateer dat die Bybelleser die individuele mens ook in sy wese beter leer ken vanuit die verhoudinge waarbinne hy/sy leef en ook soos dit in die Skrif aan die orde kom, maar dan ook nog steeds as 'n Bybelse antropologie. Sedert sy publikasie in 1974 was daar

[764] Heyns (1974:69)
[765] Sien Heyns (1974:80)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

by Heyns 'n ontwikkeling in sy teologiese-antropologie. Veral vanuit sy trilogie van publikasies aangaande die etiek, *Teologiese Etiek,* in die laat tagtigerjare, kan 'n aantal verhoudings waarin die mens lewe, duidelik vasgestel word vanuit die Skrif.[766] Hierdie struktuur van verhoudings is 'n goeie basis as 'n antropologiese uitgangspunt van die verhoudings waarin 'n mens kan leef en ek dui dit aan as volg:

1 Met God

2 Met die self

3 Met die skepping/kosmos/natuurwetenskap

4 Met vrou of man

5 Met biologiese kinders en aangenome kinders

6 Met volk, taal en kultuur

7 Met ander mense/naaste

8 Met die owerheidstrukture

9 Met die kerklike strukture

Hierdie verhoudings neem veral 'n sosiale dimensie aan, en Heyns[767] noem hierdie sosiale dimensie van menslike onderlinge verhoudings die sekularisering van die etiese, en sal dus logies gesproke beter uitkomste bied as dit sosiaal-wetenskaplik krities nagevors word as bloot enkelvoudig en dalk eensydig teologies. Die wisselwerking tussen antropologie en teologie sal altyd wel vir die teologie van beslissende belang wees, en daarom my keuse om te praat van 'n Bybelse Antropologie, en op grond hiervan hanteer ek dan Bybelse

[766] Sien Heyns (1982:21–27)
[767] Heyns (1982:21–27)



© University of Pretoria

Antropologie ook as ‘n Teologiese motief en natuurlik ook weer in samehang en in wisselwerking met al die ander genoemde teologiese motiewe.

In ‘n Bybelse Antropologie word die Bybel geneem as die uitgangspunt en die bepalende grondmotief in die beskouing oor die mens,[768] met ander woorde wat God self sê oor die mens. In die Antropologie word as uitgangspunt ook geneem die beeld of karakter van die mens, wie hy is, sy waardes, wat hyself of sy sosiale groep beskou as goed en sleg, en die handelinge van die mens weereens in terme van goed en sleg. As uitgangspunt kan hierdie drie aspekte van menswees tuisgebring word onder die term "moraliteit".

### 3.3.4 Moraliteit

Wanneer oor moraliteit gehandel word,is die uitgangspunt volgens Beck[769] nog steeds die filosofiese uitgangspunt van Aristoteles (384–322),[770] naamlik drie basiese kategorieë van moraliteit waarmee sinvol gewerk kan word. Beck[771] beskryf die drie uitgangspunte van Aristoteles as “the law of nature, happiness or well-being and virtue”. Die drie kategorieë wat Aristoteles onderskei, is dus dié van natuurlike geregtigheid, deug – waarby reinheid en volhardende doelbereiking ingesluit is – en volkome geluk.

Ward[772] beskryf moraliteit kort en kragtig as “the good, the right and the virtuous”. Ward bevestig hierdie drie kategorieë dus in terme van wat natuurlik reg is, wat deugsaam is en wat goed is. Teologies kan hierdie drie kategorië onderskei word as die fundering, konkretisering en strukturering van die etiek, soos Heyns[773] dit doen. Onder fundering verstaan ons dan die

---

[768] Sien Heyns (1974:72)
[769] Beck (1975:58–59)
[770] Sien *The Nicomachean Ethics of Aristoteles* (1898) soos vertaal deur F.H. Peters. “The three Aristotelian concepts or basic principles remain the basis of realistic ethics to the present day”
[771] Beck (1975:58–59)
[772] Ward (2011:35) skryf: “Consequential theories articulate principles that define goodness and identity actions that promote the good, non-consequential theories articulate principles that say what is just and what is our duty and virtue theories describe moral character and specify the virtues that individuals need to be ethical”
[773] Heyns (1982)



© University of Pretoria

Goddelike, natuurlike, innerlike geskapenheid van die moraliteit[774] of die etiese. Onder konkretisering verstaan ons die normering van die etiese deur die wet en onder strukturering verstaan ons die vervulling van die etiese deur gedrag wat geluk bring.

Heyns[775] beskryf die term "moraliteit" aan die hand van ‘n onherleibare kern en vaste struktuur, maar dit is nie ‘n statiese grootheid wat geen dinamiese ontwikkeling en eietydse bepaaldheid vertoon nie. Moraliteit maak die geskiedenis mee binne die bepaalde omstandighede waaronder mense verkeer in ‘n bepaalde tyd en plek, en word beënvloed deur ‘n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing. Dit ontvang dus ‘n spesifieke sosio-historiese bepaaldheid.[776] In ‘n Bybelse antropologie is dit dan van kardinale belang om die Bybelse moraliteit van die mense teen die sosio-historiese agtergrond van die teks uit te lig en toe te pas. ‘n Bybelse antropologie en moraliteit kom altyd voort uit die Soteriologie; met ander woorde, vanuit die verlossing van die Bose en ‘n bevryding van ‘n gesekulariseerde moraliteit.

Verlossing en bevryding lê in die mens se onvoorwaardelike onderwerping en gehoorsaamheid aan die Openbaring van God. Heyns[777] hanteer die wese van moraliteit in agt temas, naamlik beginsel, normering, begronding, vervlegting, invloed van en invloed op, dinamiese, pluriforme en die objektiveerbaarheid van moraliteit. Geisler sluit hierby aan en verduidelik[778] die wese van Bybelse moraliteit dan aan die hand van objektiwiteit, ‘n onherleibare kern (absolute basis), normatiwiteit of vaste struktuur, en dat dit menslik ontdek of gevorm word. Die moraliteit van die individuele mens en ook van ‘n spesifieke groep mense as ‘n samelewingsverband, die sosiale etiek, kan en behoort as teologiese motief

[774] Bedoelende die Identiteit, Etos en Etiek van die persoon en of sosiale groep
[775] Heyns (1982:12)
[776] Sien Heyns (1982:13)
[777] Sien Heyns (1982:17–18)
[778] Geisler (1981:25) skryf: “The source of morality is God’s revelation because God has revealed it both in nature and in Scripture”



© University of Pretoria

hanteer te word; met ander woorde, deur middel van ‘n eksegetiese program[779] en die hermeneutiek[780] as metodiek in die teologie.

Die menslike moraliteit van ‘n Bybelse Antropologie kan onderskei word in terme van die Identiteit, Etos en Etiek as ‘n trilogie in kategoriale verband, maar behoort altyd in samehang met mekaar gehanteer te word. ‘n Bybelse Antropologie of Bybelse mensbeskouing kan dan as teologiese motief hanteer word waarin onder andere ook die moraliteit van die mens in kategoriale verband as lewende eenheidswese (Identiteit), as geskepte beelddraende wese (Etos) en as verhoudingswese (Etiek) aan die orde kom.

Dit stel die onderwerp van die vorming van moraliteit aan die orde. Moraliteitsvorming vind op twee vlakke plaas, naamlik op die vlak van die individu en op die vlak van verskeie mensegroepe in samelewingsverbande. Die klassieke standaardwerk in hierdie verband is die deur Johannes van der Ven, *Formation of the Moral Self,* wat in Don S. Browning en ander se reeks *Studies in Practical Theology* gepubliseer is. Browning[781] bring Bybelse moraliteit en die psigologie bymekaar uit in sy navorsing en reken dat ‘n morele psigologie ‘n bydrae kan lewer tot ‘n Bybelse moraliteit. In sy navorsing beweer hy dat die wisselwerking[782] tussen die moderne psigologie en die teologie van die psigoterapeutiese psigologie[783] kom. Hierdie wisselwerking kan dan van waarde wees om teorië vir morele opvoeding daar te stel en ook die morele tradisies en lewensbeskouing van individue en gemeenskappe te verstaan.

---

[779] Sien Aanhangsel D
[780] Sien Aanhangsel E
[781] Browning (2006:2) skryf: “But only when it does its research with competent pre-scientific or pre-empirical understanding of morality”
[782] Die waarde in hierdie wisselwerking lê dan volgens hom in die analisering van “the images of human health and fulfilment implicit in theories of psychotherapeutic change. This raise the issue of who is the good person and venture into the field of morality”
[783] Sien in hierdie verband die publikasie van M. Scott Peck (1990) *People of the lie* wat weer die psigoterapeutiese psigologie en Satanologie as teologiese motief in verband met mekaar bring



© University of Pretoria

Browning[784] gebruik die term "moraliteit" vir wat hy noem *A Critical Hermeneutical Ethics* en verduidelik dit as volg:

> Ricour, in holding that ethics begins with our inspirations for the goods of life, the goods of life can conflict with one another, within ourselves and between us and other people. To address these conflicts requires going beyond our ethical striving for the goods of life to morality in the more mature sense of the word. Mature moral reflection and action must necessarily begin with but also go beyond our conventional patterns of striving for the good. One must search the classic moral teachings , texts and monuments of a tradition for their deeper meaning. The move into morality, in contrast to mere ethical striving after the goods of life, requires acts of interpretation about the traditions and communities that have formed us. In summary serious moral action and reflection are something of a circle that (1) starts with our present ethical dilemmas (2) goes backward to study and interpret the classics and traditions that have shaped us morally (3) critiques these sources and (4) then moves back once again to the original situation".

Van der Ven[785] bou veral sterk op Habermas se kommunikasieteorie en Paul Ricoeur se drie-fasemodel van moraliteitsvorming: dit wat goed is, dit wat reg is en dit wat wys is. Van Niekerk[786] wys dan op voetspoor hiervan inleidend op die drieledige problematiek in die modusse van morele vorming, naamlik moraliteit self, opvoeding en die godsdiens.Van Niekerk[787] hanteer in sy voorlegging agt modusse in belang van morele opvoeding, naamlik dissipline as informele opvoeding, sosialisering, oordrag, ontwikkeling, verheldering,

[784] Browning (2006:8-9)
[785] Volgens Van Niekerk (2007:5)
[786] Niekerk (2007:6–8)
[787] Niekerk (2007:8–45)



© University of Pretoria

emosionele vorming en karakteropvoeding. Van Niekerk[788] konstateer dan dat al hierdie modusse moet meewerk tot die vorming van morele karakter/identiteit. Vir Aristoteles beteken karakterbou om 'n balans te kry tussen begeertes, goeie (gedrag) en die rede. Morele karakter kom dan daarop neer dat 'n mens vanuit jou wese en rede (Identiteit) die moreel goeie (Etos) nastreef en die goeie (Etiek ) ook doen. Dit is binne hierdie konteks en verklaring dat ek ook die begrip moraliteit gebruik, vir 'n breër, oorkoepelende en dieper betekenis en beskrywing van die drie kategoriale terme identiteit, etos en etiek. Dit is dan wat dit is om te lewe.

**3.3.5 Die Lewe**

Die aspek van lewe[789] is 'n baie belangrike begrip vir die verstaan van die Antropologie in Openbaring. Onder die Christologie is reeds daarna verwys dat Jesus Hom openbaar as die Lewende[790] en dus ook die lewegewende.[791] Openbaring 1:5 beskryf Hom as die eerste wat uit die dood uit opgestaan het, en dus as oorwinnaar oor die dood. In die Antropologie gaan dit volgens Openbaring dus oor lewe en dood en in besonder oor die ewige lewe en die ewige dood. Jesus is juis na die wêreld gestuur om mense te verlos van die dood en aan hulle die ewige lewe te gee.

Schnelle[792] reken dat die begrip lewe as allesinsluitend wat die menslike lewe raak, sentraal in die antropologie in korrelasie met die Soteriologie en ook die eskatologie van Openbaring figureer. In sy teologie van Openbaring verwys hy dan ook na die boek van die lewe,[793] die

---

[788] Van Niekerk (2007:45)
[789] Mounce (1977:18) wys op die Ou-Testamentiese toespeling van God as die Lewende God en verwys na Josua 3:10, Ps 42:2 en Ps 84:3.
[790] Sien Openbaring 2:8 waar Jesus Homself beskryf as die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het.
[791] Sien Openbaring 1:17–18: Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: "Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en ek het die sleutels van die dood en die doderyk"
[792] Schnelle (2009:761)
[793] Openbaring 3:5, 13:8, 17:8, 20:12 en 15, 21:27



© University of Pretoria

boom van die lewe[794] en ook die water van die lewe.[795] Die eindeskatologiese visie van die nuwe stad[796] vermeld hy as hoogtepunt, en noem dat die boom van die lewe tussen die hoofstraat aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan. Hierdie uitgangspunt van die Soteriologie in 'n Bybelse antropologie behoort in korrelasie saam met mekaar in enige teologiese studie verreken te word en tot sy reg te kom. Schnelle[797] onderskryf dit en meld dit behoort ook gehanteer te word in samehang met die ander teologiese motiewe soos in hierdie studie wel gehanteer word.

Die belangrike wat ek hierby wil toevoeg, is die feit van dood[798] as verwagting van die mense wat nou op aarde lewe maar te sterwe sal kom, en ook hulle wat reeds gesterf het.[799] Saam met die gedagte van die lewe op aarde behoort die einde van die lewe, die dood, deurlopend in gedagte gehou te word en gehanteer te word as deurlopende tema in die verhaal van Openbaring. So ook die opstanding uit die dood as verlossing van die dood en die ewige lewe daarna as 'n ewige aanbidding van God as deurlopende tema.

Die feit van die dood en die lewe in eskatologiese verband is in Openbaring 20:4–6 opgeteken.[800] Die mense in Openbaring het die eindeskatologiese verwagting dat hul uit die dood sal opstaan en vir ewig sal lewe en sal regeer.[801] Dit sal alleen toegeken word aan hulle wat getrou was tot die dood toe in hul aanbidding as getuies en dienaars van die Lam en die Een op die troon. Ek is hiervolgens oortuig dat die antropologie in Openbaring dus

[794] Openbaring 2:7, 22:2, 14:19
[795] Openbaring 7:17, 21:6, 22:1 en 17
[796] Openbaring 22:2, 14 en 19 (3 maal)
[797] Schnelle (2009:58) onderskryf dit ook so: "Anthropology closely associated with Soteriology is the question of the nature and purpose of human beings".
[798] Dit is veral argeologiese opgrawings en navorsing van doodsrites en -gewoontes en begraafplase wat in die navorsing van die sosio-historiese konteks van besondere belang sou wees
[799] Sien die vyfde seël Openbaring 6:9–11en Openbaring 20:4–6
[800] Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is … hulle het lewend geword … dit is die eerste opstanding …
[801] Sien Openbaring 22:5



© University of Pretoria

oorkoepelend en deurlopend gaan oor lewe op aarde maar ook oor die ewige lewe in die hiernamaals.

### 3.3.6 Konkluderend

Inleidend is beweer dat die Skrif nêrens opsetlik, sistematies en geordend oor die mensdom of mens teologies handel nie. Vervolgens is beredeneer dat die Bybelleser wel fragmentaries bewus word van ‘n Goddelik geskape mensbeeld en mensdom. Wanneer die Bybelse gegewens in verband met die mensdom en die mens dan georden word, kan ‘n Bybelse mensbeeld of Bybelse antropologie gestalte vind en gehanteer word as ‘n teologiese motief. Vanuit die Openbaringteks is die sewemalige vermelding van die gedagte “…uit elke stam en taal en nasie en volk” as uitgangspunt geneem om ‘n Bybelse perspektief as uitgangspunt in die verstaan van die mensdom te struktureer. Vervolgens is aangedui dat die Bybelleser die individuele mens in sy wese beter leer ken vanuit die verhoudinge waarbinne hy/sy leef en ook soos dit in die Skrif aan die orde kom as Bybelse antropologie. Hierdie verhoudings neem ‘n sosiale dimensie aan en word tuis gebring onder die term moraliteit, wat drie kategoriale begrippe, naamlik identiteit, etos en etiek, ontsluit. Die terme "moraliteit" en “moraliteitsvorming” is kortliks behandel. Ten slotte is die aspekte van dood en lewe en ook die eskatologiese gedagte van die ewige lewe kortliks aan die orde gestel.

## 3.4 Die losgekooptes as die Eindeskatologiese (Apokaliptiese) volk van God

Volgens Schnelle[802] staan die bloed (dood) van die Lam sentraal in die soteriologie[803] van Openbaring soos dit duidelik gestel word in die inleidingsperikoop in Openbaring 1:5: “Hy het ons deur sy bloed van ons sonde verlos”. In die perikoop van die visioen van die Lam in Openbaring 5:9 kom hierdie feit weer aan die orde en word dit as’t ware bevestig. Die bloed-motief saam met die Christologiese titel wat hier gebruik word, die Lam wat geslag is,

[802] Schnelle (2009:760)
[803] Openbaring 1:5/5:9/7:10/12:11/14:4/15:3



© University of Pretoria

verbind die verlossingswerk van die Lam in Openbaring ongetwyfeld aan die Ou-Testamentiese uittogtradisie wat gepaard gegaan het met die bloed van die geslagte lam aan die deurkosyne. Openbaring 15:3 bevestig hierdie verbintenis onomwonde met die vermelding dat die lied van Moses nou ook die lied van die Lam is. Die simboliek van die Lam en die bloed gesamentlik dui ongetwyfeld op die offerdood van Jesus aan die kruis met die uitsluitlike betekenis volgens 1 Johannes 1:7 "… dat die bloed van Jesus, sy Seun, ons reinig van elke sonde". Dit is hieruit duidelik dat die soteriologie in Openbaring dieselfde is as regdeur die Bybel, naamlik dat die bloed van Jesus die Lam verlos van die Satan, en bevry van die oordeel en die onderaardse diepte as ewige bestemming.

Die soteriologie[804] in Openbaring kan volgens[805] Schnelle en Coetzee drieledig gefundeer word: 1) op grond van Jesus se liefde (1:5, 20:9), 2) die verlossing van sy eie deur sy bloed te gee (1:5), en 3) die totstandbrenging van die volk van God deur sy herskeppende en lewegewende krag. Die breë Christologies-soteriologiese werkinge van die Lam in Openbaring kan saamgevat word as volg:

1 Jesus is die geloofwaardige getuie

2 Jesus is die eerste wat uit die dood uit opgestaan het

3 Jesus is die heerser van die heersers

4 Jesus het uit liefde vir mense die mense deur sy bloed verlos en sy Koninkryk gemaak

5 Jesus is die Lewende

[804] Sien Margaret Barker (2000:158-168) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Redeemed
[805] Schnelle (2009:60) en Coetzee (1988:297)



© University of Pretoria

6 Jesus is die ruiter op die wit perd wat kom om die oorwinning te behaal en die oordeel te bring

7 Jesus is die Eerste en die laaste, die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, die helder Môrester.

Hierdie breë Christologies-soteriologiese werkinge van die Lam op grond van die sending van die Lam is van wesenlike belang vir die verstaan van die teologie van Openbaring en behoort in ‘n teologie van Openbaring meer volledig uitgewerk en verdiskonteer te word.

Dié wat verlos is word gesien as die uitverkore volk van God[806] wat in Openbaring 7 en 14 simbolies met die getal 12 en veral die getal 144 000 ook simbolies geïdentifiseer word. Op grond hiervan kry die soteriologie volgens Coetzee[807] ook ‘n ekklesiologiese betekenis in veral die reeds van die soteriologie, en dit het ‘n uitwerking op die ganse mensdom en skepping. Dit kan gesien word in veral die herhaaldelike lofgesange van engele, van die reeds verheerlikte verlostes en die huidige lewende gelowiges. Die unieke aan Openbaring verder is dat die eskatologiese verwagting van die verlossing in besonder ‘n verlossing van hierdie wêreld en die draak behels, wat geoordeel en vir ewig uitgewerp sal word. Hierdeur kry die soteriologie in Openbaring ook ‘n eskatologiese bedding en inkleding.

Die betekenis van die woord "volk" – en ook die meervoud daarvan – soos sommige tekste dit het, is volgens die oorspronklike betekenis van die woord ‘n aanduiding van ‘n menigte van mense of mensegroepe. In hierdie geval is dit die menigtes waarvan ons lees in Openbaring 7 en 14, en wat ook in beide perikope aangedui word as die 144 000 verseëldes. Hierdie menigte mense of andersyds simboliese getal mense asook mense met wit klere aan (7:9 en 7:13), kom volgens 7:9 uit elke taal en stam en nasie en volk. Die uitstaande indikator

[806] Sien Margaret Barker (2000:242-258) in *The Revelation of Jesus Christ*: Harvest of the Earth
[807] Coetzee (1988:297)



© University of Pretoria

van hierdie mense se identiteit is volgens 5:9, 7:10 en 14:3 dat hulle met die bloed van die Lam losgekoop is vir God en Hom nou aanbid en dien. Hierdie besondere beseëling beteken dan dat hierdie mense verseker is daarvan dat hulle nou al reeds deel het aan die koninkryk van God, priesters en dienaars van God is, oor die aarde sal regeer (5:10) en dat hulle tot in alle ewigheid sal regeer saam met die Lam wat geslag is, omdat hulle die volk van God is.

Vervolgens is dit noodsaaklik om die volk van God nader te bepaal in hul moraliteit; met ander woorde, deur die identiteit van die individuele lede afsonderlik vas te stel en na te gaan hoe 'n mens lid word van God se volk en wat die vereistes is om lid te kan wees, lid te kan bly en vir ewig lid te kan wees, en hoe dit die groepsmoraliteit bepaal.[808] Dit beteken dat elke mens sal besef hy of sy is deel van God se skepping en openbaring, en dus van die Bybelverhaal; met ander woorde, God se eiendom is net soos die volk van God God se eiendom is. Dit spreek vanself dat elke mens se moraliteit in korrelasie tot God bepaal word waarin God as skepper die subjek is en dit so gehandhaaf moet word, en die mens subjek is in 'n subjek-subjekverhouding en dit so moet handhaaf. Die belangrike punt is nou dat elke mens nie net hierdie storie moet ken nie, maar eintlik die Storieskepper persoonlik moet ontmoet en leer ken, en moet lewe in 'n lewende subjek-subjekverhouding met die lewende God.

Daar is verskeie beskouinge hieroor en ook verskeie benaderings hiervan, en dit is ook hier waar die kerklike praktyk en teologie ongelukkig dikwels ver van mekaar verwyderd raak. Maar net eers die storie. Wright[809] stel die Bybelverhaal sendingteologies baie kripties en beknop aan die orde. Die bekende sendeling en teoloog, Lesslie Newbigin,[810] het tydens sy laaste Bybelskool in die Holy Trinity kerk in Brompton. Engeland in die bestek van twee

[808] Pragtig stel Wright (2010:35) dit as opskrif in hoofstuk 2 in sy boek "People who know the story they are part of" wanneer hy hierdie aspek hanteer.
[809] Wright (2010:39) "The four major sections of the biblical storyline are Creation, Fall, Redemtion in History and New Creation".
[810] Lesslie Newbigin (2002:7)



© University of Pretoria

oggende die storie van die Bybel oorvertel. Sy uitgangspunt was drie dinge: 1) Ons kan God slegs deur die Bybel ken, aangesien 'n mens iemand slegs kan ken deur sy storie te ken, 2) die hele Bybelse storie word vertel in terme van een volk – Israel – en een persoon gebore uit daardie volk – Jesus van Nasaret, en 3) om persoonlik deur God uitgekies te wees vir sy doel.

Bogenoemde twee benaderings is soos vele ander hoofsaaklik korrek, maar dikwels simplisties en oorvereenvoudig. In die praktyk kom dit dikwels neer op 'n moreel-emosionele oortuiging en belewing, en nie regtig op 'n lewende ontmoeting en verhouding met die lewende God nie. Die beginpunt of invalshoek behoort altyd 'n Ou-Testamentiese teologie te wees, en behoort te eindig met 'n Nuwe-Testamentiese teologie wat spesifiek die lidmaatskap van die eindeskatologiese volk van God in Openbaring insluit, en elke mens op roep tot bekering as 'n besluit om God te aanbid of alternatiewelik te besluit om dit nie te doen nie, soos die Openbaring boek dit beskryf.

Vervolgens moet die hoofmomente van die Ou-Testamentiese teologie uitgelig word en verstaan word, veral die momente wat sterk na vore kom in Openbaring. In die bestek van hierdie studie kan nie navorsing gedoen word oor die Ou-Testamentiese teologie nie, maar slegs die belangrikste teologiese momente kan aangedui word. Hiervoor het ek veral die werke van Eichrodt, Von Rad en Zimmerli waardevol en nuttig gevind. Von Rad[811] is die bruikbaarste omdat dit die historiese bedding die deeglikste in ag neem soos Snyman[812] dit stel: "Dit is vanuit die intieme verbintenis tussen teologie en geskiedenis dat een van Von Rad[813] se klassieke uitsprake verstaan moet word".

[811] Von Rad (1975) se *The Theology of Israel's historical Traditions*
[812] Snyman (1988:133)
[813] Von Rad (1975:21) "… re-telling remains the most legitimate form of theological discourse on the Old Testament"



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Snyman[814] wys ook op Von Rad se besondere beskouing oor die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament wat begin met sy stelling dat die geskrifte van die Ou Testament, beide dié wat oor die verlede en die toekoms handel, deur Jesus Christus self, deur die apostels en Bybelskrywers en die vroeë kerk op Jesus en sy sending van toepassing gemaak het. Von Rad noem dit die herinterpretasie van die ou tradisies van Israel en gee ook aandag aan en oorbrug die tussen-Testamentêre tydvak. In die laaste hoofstuk in die afdeling wat handel oor die verhouding Ou en Nuwe Testament, toon Von Rad ook aan dat die term *Wet* in die Ou Testament nie geld as ‘n voorwaarde vir God se heil nie. Volgens Von Rad word ‘n nuwe heilsinisiatief van God aangekondig, wat op hande is en waardeur God vir Israel tot ‘n nuwe verhouding en nuwe lewe sal bring.

Die Ou-Testamentiese teologiese momente wat dien as heilshistoriese riglyn waarvolgens die boodskap van heil vertel en verkondig kan word, kan dan as volg gelys word:

1 Skeppingstradisie

2 Aartsvadertradisie

3 Uittogtradisie

4 Sinaitradisie

5 Intogtradisie

6 Landsbeloftetradisie

7 Koningstradisie

8 Profetiese tradisie

9 Wysheidstradisie

---

814 Snyman (1988:133–136)



© University of Pretoria

10 Eskatologiese tradisie

Die belang hiervan is dat dit hier gaan oor God en sy volk en hul verhouding van die begin af regdeur die geskiedenis soos dit ontvou, en wat Eichrodt aandui as 'n verbondsverhouding.[815]

Hierop volg nou die Nuwe-Testamentiese heilshistoriese momente waarvolgens God se heil oorvertel kan word. Dit kan as volg gelys word:

1 Die geboorte van Jesus Christus

2 Die doop van Jesus Christus en sy boodskap

3 Die Paasgebeure, die dood en opstanding van Jesus Christus

4 Die hemelvaart van Jesus Christus en die koms, alternatiewelik die sending van die Gees

5 Die Handelinge van die Apostels, die Nuwe-Testamentiese sendbriewe en die vroeë kerkvadergeskrifte en die eindeskatologiese verwagting, die wederkoms van Jesus Christus

6 Die vestiging van die kerk en die aanvaarding van die Bybel as heilshistoriese kanonieke geskrif.

7 Die kerk, as volk van God, van vandag en haar Bybelse boodskap as gestuurde agent onder leiding van die Gees: Kom tot bekering en aanbid God!

Teen die agtergrond van hierdie teologiese momente in die Bybelverhaal, Ou- en Nuwe-Testamenties, word elke individu gekonfronteer met die oproep tot bekering, soos dit opgeteken staan in die evangelieverhale, die prediking van die apostels in Handelinge, die sendbriewe van die apostels en veral in Openbaring, en nog meer spesifiek in die sewe briewe

[815] Sien Ekskursie 3: Die Verbond



© University of Pretoria

aan die sewe kerke in Openbaring. Die regte reaksie vir elke individu sal wees om by die aanhoor van die heilsverhaal komende van God tot bekering te kom, lid te word van die kerk, gedoop te word, onderrig te word in die verstaan van die heilsverhaal en ‘n aangestelde en gestuurde dienaar en getuie van God te word en te wees.

Bovermelde teologiese momente kan egter nie buite die sosiale konteks en interpretasie van sy tyd aangehaal word nie, en die verstaan en kundige interpretasie van die sosio-historiese konteks is van kardinale belang vir ‘n akkurate identifisering van die eindeskatologiese volk van God. Pattemore,[816] wat intensiewe navorsing gedoen het oor die volk van God in Openbaring, praat van die sosio-historiese konteks as die kognitiewe omgewing. Hy[817] kom tot die gevolgtrekking dat die volk van God vanuit die kognitiewe omgewing die duidelikste vasgestel kan word deur die rolspelers te bepaal en dan te identifiseer en te beskryf. Pattemore wys dan veral op die Ou-Testamentiese visioene uit veral Daniël en Sagaria as die kognitiewe agtergrond en ook die trou bly aan die verbondsverhouding tussen God en sy volk, soos dit deurgans beskryf word in die Ou Testament.

In Openbaring word die lede van die kerk as volk van God simbolies-eindeskatologies aan die orde gestel in terme van hul rol (kognitief) in drie kategorieë, soos Pattemore dit aanlê. Eerstens voor die eindeskatologiese gebeure, tydens die ontvouing van die Openbaringverhaal as getuies.[818] Tweedens ook die kerk as verlostes en verseëldes wat in 'n oorlog gewikkel is teen die Draak en sy agente.[819] Derdens eindeskatologies as einddoel en hoogtepunt as die nuwe stad Jerusalem en ook daarmee saam as die bruid en die vrou van die Lam.[820]

[816] Pattemore (2004:51)
[817] Pattemore (2004:65)
[818] Openbaring 6:9-11 Die vyfde Seël
[819] Openbaring 14:1-5 en verder toeligtend daarby Openbaring 7, 17:14, 19:11-16
[820] Openbaring 21 – 22:6



© University of Pretoria

Die soteriologie in Openbaring het dus as resultaat die losgekooptes as die eindeskatologiese volk van God.[821] In die volgende hoofstuk gee ons aandag aan die eindeskatologiese volk van God binne die sosio-historiese konteks van die teks (die Eskatologie). Daarna word gekyk na die getuies (die Diakonologie), die kerk (die Ekklesiologie) en die sending van God en die kerk (die Missiologie).

**Konkluderend**

Hierdie hoofstuk dien, soos die vorige hoofstuk, as ‘n teologiese hoofstuk waarin enkele ander rolspelers en teologiese motiewe meer spesifiek gehanteer en opgehelder word en die groter kontoere daargestel word. Onder andere is die Skepper en sy skepping (Bybelse Kosmologie), Die engele (Angelogie) en die Satan (Satanologie), die mensdom (Bybelse Antropologie) en die eindskatologiese volk van God (Soteriologie en Eskatologie) gehanteer. Dit is gedoen sodat die komende hoofstukke duideliker verstaan kan word en daar by die hantering van die teologiese motiewe in die volgende hoofstukke nie te veel uitgebreide verduidelikings of ekskursies nodig is nie, en die bevindinge van hierdie hoofstuk eerder benut kan word as vooraf verduidelikings saam met dit wat dan hanteer word.

In hierdie hoofstuk het dit eerstens gegaan oor die feit dat God die Skepper is en dat daar ‘n besondere en spesifieke verhouding tussen God en sy skepping bestaan. Dit gaan nie oor hoe God geskep het nie, die natuurwetenskap, maar dat God geskep het en die Skepper van alles is, ‘n Bybelse kosmologie. Die hoofdoel van God met die skepping word aangetoon as die eer van God alleen (die *Gloria Dei*), en dat dit deur almal gehandhaaf moet word.

Tweedens is die bestaan van ‘n geestewêreld bestaande uit goeie en destruktiewe engele as strydende mag teen die skepping en aanbidding van God, aan die orde gestel. Die identiteit

821 Sien Bauckham (1993:136-143) vir ‘n volledige hantering hiervan



© University of Pretoria

van beide kategorieë engele is verduidelik en die ander sterk engel is aangedui as die Iemand soos die Seun van die mens. Die oorsaak van die lyding van die mense as stoflike, immanente wesens is ook aan die orde gestel met die aanduiding dat God al hul trane sal afdroog en daar geen dood en lyding meer sal wees vir hulle wat lid is van die uitverkore volk van God nie. Die vraag aangaande lyding, bekend as die teodiseevraag, is behandel vanuit die Openbaringteks.

Die geskape mensdom is ook derdens nader bepaal. Daardeur is die Bybelse perspektief op die mensdom in sy verskeidenheid gegee met die oog op die beter verstaan en beplanning van die kerk se sending. Die sin en betekenis van die sewemalige uitdrukking "elke taal en stam en nasie en volk" is nagegaan, en daar is bevind hoe dit binne en buite die koninkryk van God funksioneer.

Ten slotte is die eindeskatologiese (Apokaliptiese) volk van God aan die orde gestel en spesifiek hoe elke individuele mens gekonfronteer word met die heilsverhaal van wie God is met die bedoeling dat elke mens die keuse sal uitoefen om tot bekering te kom of nie, en die Een op die troon te aanbid of nie te aanbid nie.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

## DIE NUWE SKEPPING: DIE OPROEP EN DIE UITROEP (DIE ESKATOLOGIE)

### Inleidend

In hierdie hoofstuk gaan dit eerstens oor die sending van die Gees van God wat na die wêreld toe gestuur is om die profetiese boodskap te gee aan die kerke tydens die aardse tydperk voor die koms van die nuwe skepping. Tweedens gaan dit oor die persoonlike oproep wat tot elke mens gerig word en 'n verbintenis maak. Derdens gaan dit oor diegene wat dit hoor en daarop ag slaan en die beseëling van God ontvang, en getrou en volhardend daaraan vashou tot die einde toe. Vierdens gaan dit oor die kosmies-antropologiese oorlog soos dit simbolies en metafories uitgebeeld word deur die sewe seëls en die sewe trompette.[822] Vyfdens gaan dit oor die pneumatologiese oorlog van begin tot einde soos dit simbolies en metafories uitgebeeld word deur die sewe bakke.[823] Sesdens kom die nuwe skepping as 'n nuwe simboliese universum aan die orde, soos Openbaring dit simbolies en metafories beskryf.[824] Laastens gaan dit oor die uitroep van die getuies vir 'n spoedige koms van Jesus en die nuwe skepping.[825] Samevattend kom dit hoofsaaklik neer op wat die inhoud, betekenis, plek en rol is van die Eskatologie[826] as teologiese motief in die Openbaring verhaal.

In Openbaring gaan dit oor alles wat geskep is van begin tot einde, en soos dit ontplooi en ontplooi sal word. Dit gaan ook oor die nuwe skepping wat sal kom, soos Openbaring dit vertel. Vir almal begin die nuwe skepping by die oproep "elkeen wat kan hoor" moet kom, want die koms van die Lam as bruidegom is op hande. Al die getuies as dienaars, gesamentlik as die kerk van God of volk van God, word gestuur om te getuig net soos die Lam gestuur is

[822] Sien Openbaring 6-11
[823] Sien Openbaring 12-20
[824] Sien Openbaring 21-22:5
[825] Sien Openbaring 22:6-22:21
[826] Sien Ekskursie 24: Die Eskatologie van Openbaring



© University of Pretoria

as die geloofwaardige getuie wat eerste uit die dood uit opgestaan het. Hierdie getuienis taakopdrag behels oorlogvoering teen die Draak en sy agente wat in die eerste instansie heengegaan het om oorlog te voer teen die nakomelinge van die vrou wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het.

Binnekort sal die Ruiter op die wit perd, Jesus, terugkom om die Draak en sy agente in oorlog te oorwin en daarna te oordeel. Die gestuurde getuies en die sigbaar-openbare strukturele agent, die kerk as bruid van die Lam, moet die getuienis aangaande die nuwe skepping wat sal kom, as boodskap verkondig terwyl sy as bruid saam met die Gees uitroep tot die Here Jesus om gou te kom.

### 4.1 Die sending van die Gees[827]

Die **sewe Geeste** van God is vanaf en vanuit die Troon gestuur oor die hele wêreld om die profetiese boodskappe te gee aan die kerke oor wat binnekort gaan gebeur.[828] Die sending van die sewe Geeste[829] behels eerstens dat **God[830]** die kind wat gebore word,[831] gestuur het om as **Lam** geslag te word en om as die Ruiter op die wit perd te kom oorlog voer en om te oorwin.[832] Hy weer het **sy engel** gestuur om dit alles aan sy dienaars in die kerke te getuig.

Die uitgangspunt hier is dat die Gees as eskatologiese agent en teologiese motief in die Openbaring verhaal ten grondslag lê aan die Nuwe-Testamentiese teologie, en dat Jesus as uitvoerende agent van die eskatologie deur die Gees teenwoordig en werksaam is.[833] Die vraag is nou hoe Jesus deur die Gees konkreet teenwoordig is in die kerke in hierdie tyd soos

[827] Openbaring 5:6. "Voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, het 'n Lam gestaan, die Een wat geslag was, hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is"
[828] Simbolies beskryf as die bruid van die Lam en simbolies-eskatologies beskryf word as "die Bruid wat gereed is vir die bruilof met die Lam wat geslag was en wat kom"

[829] Wat simbolies beskryf word as die sewe vuurvlamme en die sewe oë van die Lam
[830] Wat simbolies beskryf word as die Een op die troon
[831] Sien Openbaring 12
[832] Openbaring 19:11–21
[833] König (1980:179–16)



© University of Pretoria

in die roepingsvisioen (1:9-20) uitgebeeld word, vandat Hy weggeruk is na God toe (12:5) todat Hy sal kom as die Ruiter op die wit perd (19:11) om te kom oorwin en te oordeel. Die teks se antwoord op hierdie vraag is deur die sewe oë van die Lam wat ook die sewe Geeste van God is wat oor die hele aarde uitgestuur is (5:6), en wat saam met die Bruid roep na die Lam om te kom (22:17). In die eskatologiese motief van die teologie in Openbaring gaan dit in hoofsaak oor die werking van die Gees – die pneumatologie – en in die besonder oor die wisselwerking tussen Jesus en die Gees, en die Gees en die Kerk gedurende hierdie tyd.

Die saak waaroor dit hier vir die kerk gaan, behels onder leiding van die Gees die moraliteit van die kerk as bruid in afwagting van die koms van die Lam.[834] König[835] hanteer die werksaamheid van die Gees deur drie perspektiewe in die eskatologie te onderskei wat ekself verkies om te omskryf in terme van die begrippe die identiteit van die verkondiging, die vrug van die verkondiging, die kerk en die struktuur en strategie van die verkondiging, naamlik die sending.

Die hoofwerksaamheid van die Gees in hierdie tyd behels die gee van die profesie aan die kerke (2-3) en die getuies (19:10) in die wete dat God in die Ou-Testamentiese tydperk sy Gees aan die profete gegee het (22:6). By die profete was daar 'n duidelike besef dat die profesieë van die Gees af kom, en die verwagting dat die Gees in die eindtyd sal kom, en dat die Gees van die Here nie net op enkelinge sal neerkom soos in die voor eksiliese tydperk nie, maar gedurende die tydperk van verlossing uit ballingskap op al die nakomelinge.[836] In die boek Jesaja[837] word die verwagting van die Gees in verband gebring met die liedere wat die dienaar van die Here besing as Gesalfde.[838] Twee dinge is uit hierdie Ou-Testamentiese verwagting duidelik, naamlik die koms van die Gees as eskatologiese verwagting en gawe en

[834] Du Rand (1992:290) noem dit die "eskatologiese selfbewussyn"
[835] König (1980:179–216)
[836] Jesaja 44:3, 32:15 en Joël 2:28–29
[837] Sien Claus Westermann (1969) Jesaja 40–66
[838] Sien Jesaja 42:1–13, 49:1–6, 50:4–11, 52:13–53:12 wat bekend staan as die sogenaamde kneghiedere



© University of Pretoria

daarmee saam die koms van die Gesalfde as Dienaar van die Here. Die bedoeling van hierdie stelling kom daarop neer dat die Gesalfde Dienaar van die Here beteken dat die salwing wys op die werking van die Gees deur hierdie Dienaar, en dat dié twee dus nie geskei kan word nie.[839]

Die vraag is nou hoe hierdie wisselwerking tussen die Gees en die Gesalfde Dienaar van die Here geformuleer moet word as aanduiding van beide se gesamentlike werksaamheid as wisselwerking in die tydperk tussen die hemelvaart van Jesus en sy koms op die wolke. König[840] toon aan dat die dogmatikus Berkhof hierdie wisselwerking formuleer as ‘n gesamentlike identifikasie van die twee entiteite in ‘n nuwe identiteit wat die afgehandelde werk van Jesus op aarde – as die Lam wat geslag is – deur die profetiese werking van die Gees deur die boodskappe aan die getuies van die kerke beklemtoon en kontinueer. Hierdie wisselwerking openbaar eweneens die eskatologiese koms van Jesus eendag in die toekoms op die wolke, maar hierdie keer as die Ruiter op die wit perd, die Afstammeling, die Nakomeling van Dawid en die helder Môrester. Berkhof toon as skrifbewys van hierdie standpunt aan dat Jesus in al sewe die briewe tot die kerke spreek, maar dat elke brief vermeld: “Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die kerke sê”.

Hiervolgens stem ek saam met König[841] dat daar ‘n verband en wisselwerking tussen Jesus se blywende teenwoordigheid in die wêreld en die profetiese werking van die Gees is. So gesien, konstateer ek op voetspoor van König dat Jesus teenwoordig en werksaam is in en deur die Gees, sodat die teenwoordigheid en werk van die Gees die teenwoordigheid en werk van Jesus is. In die Openbaringteks kan hierdie wisselwerking nie beter uitgedruk word as in die simboliek van die beskrywing van die Lam nie. Hier gaan dit dus oor die gesamentlike wisselwerkende teenwoordigheid en werking van Jesus en die Gees.

[839] Sien König (1980:180)
[840] Sien König (1980:182)
[841] König (1980:184–186)



© University of Pretoria

Dit bring ons nou by die plek en rol van die kerk gedurende hierdie tydperk – van oorlog – waarin Jesus en die Gees teenwoordig is[842] in die kerk, en waardeur Jesus en die Gees werk om God se doel met sy skepping eendag in die toekoms van die geskape mensdom volkome volgens sy wil te laat realiseer. Dit is duidelik die eskatologiese motief in Openbaring. Hierdie volledige tydperk moet voluit eskatologies gesien word, en dan is die werking van Jesus en die Gees in hierdie tyd ook volledige eskatologie. Die eskatologie as teologiese motief kan dan gestruktureer word volgens drie wyses waarop en waardeur die Gees werksaam is deur die Kerk as gestuurde getuie om die boodskap van die Gees te verkondig op hierdie aarde waarheen Hy as Gees uitgestuur is. Dit behels 1) die eskatologiese identiteit van die verkondiging, 2) die strategie en struktuur van die verkondiging en 3) die vrug van die verkondiging en word vervolgens hanteer.

1 Die eskatologiese identiteit van die verkondiging

Volgens die eskatologie van Openbaring vind die totstandkoming of skepping van die kerk plaas deur die verkondiging van die profeties-eskatologiese boodskap aan al die mense deur die kerkmense, en dit word gesien as die identiteit van die verkondiging. Die verkondiging gaan gepaard met die oproep tot bekering en aansluiting by die Kerk as aanbiddingsgemeenskap. Dit het die gevolg dat daar in die eskatologiese tydperk 'n skeiding kom tussen mense wat nie noodwendig so sigbaar is nie as die wyse waarop dit verkondig word. Feit van die saak is dat Jesus self die skeiding maak en dan as *eschaton* die finale en geldige skeiding sal bekendmaak deur sy oordeelsaankondiging. Die twee groepe wat weens hierdie skeiding geïdentifiseer kan word en teenoor mekaar staan, is die groep wat die evangelieboodskap ter harte neem en as kerk byeengebring is en God aanbid, teenoor die

[842] Openbaring 5:6. "Voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, het 'n Lam gestaan, die Een wat geslag was, hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is"



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groep wat nie hoor nie en die Satan aanbid en dien. König[843] beskryf dié twee groepe as die vrug van die verkondiging en die ander as die weerstand teen die verkondiging.

In die Openbaringteks word die twee groepe beskryf as die leërs in die hemel wat in fyn helder wit klere geklee is – wat simbolies dui op die regverdige dade van die gelowiges – wat met wit perde agter die Ruiter op die wit perd met die naam *Logos* aanry om oorlog te voer teen die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, en sy navolgelinge uit die nasies wat verlei is om die dier te aanbid, en wie se name dus nie in die boek van die lewe geskrywe is nie. Hierdie metafoor as simboliese aanduiding vir die kerk gedurende die eskatologiese typerk konstitueer ongetwyfeld die realiteit en die feit van ‘n simbolies-geestelike oorlogvoering. Die hele Openbaringteks en veral 19:11 tot 20:15 handel volledig oor waaroor hierdie simbolies-geestelike oorlog gaan. Dit gaan oor die verlostes van die Lam wat in 'n oorlog gewikkel is; en dit is eskatologies gesien, hoe die koninkryk van God kom deur die oorwinnings wat die leërs van die Ruiter op die wit perd in Openbaring 19 behaal oor die simboliese ruiters van die draak in Openbaring 6.

Die oorlogsverhaal in Openbaring en dus die Openbaring narratief begin, soos reeds aangetoon, in Openbaring 6 met die oopmaak van die eerste van die sewe seëls met die aanduiding van die wit perd en sy ruiter wat oorlog voer en oorwinning behaal en ‘n onderwerping aan hierdie aardse magte beteken. Hier gaan dit volgens König[844] allermins oor ‘n teoretiese saak, en is Jesus se oorwinning en sy heerskappy oor aardse magte ‘n saak van die allergrootste praktiese betekenis. As Christus die oorwinnaar is oor alle magte, moet alle ander magte in mense se lewens en in alle samelewingstrukture voor Hom buig in aanbidding. Alle aardse magte en owerhede, ten goede of ten kwade, word immers deur God

[843] König (1980:213)
[844] König (1980:162)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangestel om die totale skepping en menslike sowel as geestelike samelewingsverbande in die weë van die Goddelike skeppingsorde te handhaaf en te laat realiseer.

Dit is veral Heyns[845] met sy publikasies oor die teologiese etiek wat naas die individuele etiek die vernaamste samelewingsverbande of samelewingstrukture van die etiek identifiseer. König[846] identifiseer hierdie samelewingstrukture as deur God aangestelde magte en kragte wat die totale skepping in sy Godgewilde ordelike weë sal hou. Voorts beweer König dat dit nie vergesog is om bose magte in hierdie strukture aan die werk te sien nie, en in Openbaring manifesteer dit onbetwisbaar duidelik, veral ten opsigte van die staat of owerhede, die huwelik ten opsigte van seksuele losbandigheid, en die kerk ten opsigte van misleidende en valse godsdiens.

Wanneer maghebbers die gesag wat God aan hulle gegee het, verabsoluteer en in eie belang besit daarvan neem, sal die bose werking daarin duidelik gesien kan word. Die grootste probleem hiervan is dat die "self en die eie" in hierdie strukture geneig is om die "ander en die naaste" se regte en belange te negeer en dit passief of aktief met strukturele geweld te onderdruk. Dan sal dit die taak van die kerk wees om hierdie samelewingstrukture bloot te stel aan die gebooie van God en die getuienis van Jesus om die bose werking daarin te onderskei en aan die lig te bring, en om daarmee saam die heerskappy van Jesus oor alle samelewingstrukture aan te kondig en te voltrek, en só God se regverdige oordeel aan te kondig saam met die oproep tot bekering en aanbidding van die Een op die troon.

Dit beteken dat die binding waarmee Jesus die Satan ingeperk het, net eenvoudig deur die Kerk verkondig en gevestig moet word, soos dit in Openbaring 20:4 beskryf word: Die mense wat aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het, het op die trone gaan sit en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Hulle sal priesters van God en

845 Sien Heyns (1982 en 1986)
846 König (1980:163)



© University of Pretoria

van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer (20:6). Die oorwinning van die Ruiter op die wit perd volgens Openbaring 19 wat Openbaring 20 vooraf gaan word dan verseker met hierdie gedagte in Openbaring 20 van die priesters van God en van Christus wat saam met Hom duisend jaar lank sal regeer.

2 Die strategie en struktuur van die verkondiging

Die strategie en struktuur van die verkondiging van die boodskap behels die sending van die kerk as die werksaamheid van die sewe Geeste van God wat oor die hele aarde uitgestuur is. Die werksaamheid van die Gees behels 'n Geesgeopenbaarde of -gegewe strategie en 'n Geesgeskepte struktuur op aarde waarvolgens en waardeur die boodskap verkondig word. Die strategie behels dat elke mens sal hoor en sal luister na wat die Gees sê (Openbaring 2–3) soos deur die engel van elke Kerk verkondig, en soos deur elke getuie as dienaar getuig en geleef word, met as doel die aanbidding van die Lewende God op die troon in ooreenstemming met God se bedoeling van sy skepping. Dié strategie behels dan die wêreldsituasie waarheen die Gees gestuur is, die metodiek van die verkondiging van die boodskap of die profesie wat die Gees gegee het, die reaksie of bekering van die mense by die aanhoor van die profesie en die kerk as organisasie of as agentskap.

Die wêreldsituasie en konteks waarheen die Gees gestuur is, behels die konflik en oorlog wat daar is teen die tempel van God en die altaar en die mense wat God daar aanbid (11:1), en die twee getuies (11:3) as verteenwoordigend van al die getuies van Jesus aan die een kant, en aan die ander kant die dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, teen die twee getuies oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak. Hierdie oorlog raak die ganse mensdom as deelnemers, want mense van al die volke, stamme, tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n half dae lank daar sien lê, en nie toelaat dat hulle begrawe word nie. Die driemalige simboliese tydperke wat hier aangegee word in Openbaring 11, dui telkens slegs 'n halwe tydperk aan as



© University of Pretoria

aanduiding dat die oorlog met die dood en lyding wat daarmee gepaardgaan, beperk is en tot ‘n einde sal kom. Die tydperke word in al drie gevalle ontleen aan die Ou-Testamentiese geskrifte en veral aan die apokaliptiese boek Daniël.

Die aangrypende ooreenkomste met Daniël 12 kan nie ongesiens en onvermeld verbygegaan word nie, en behoort gelees te word. Die getalsaanduiding in Daniël van twaalf honderd en negentig dae is dertig dae meer as die twaalf honderd en sestig dae in Openbaring. Dit dui op die gruwel vir God wat verwoesting aanrig, en dui op dieselfde tydperk waartydens die getuies doodgemaak word. Daniël 12:12 vermeld dat dit goed sal gaan met hulle wat geduldig bly tot dertien honderd vyf en dertig dae verby is; dan sal die einde kom. In Daniël 12:13 kry ons dan die aangrypende boodskap aan Daniël om aan te hou tot die einde toe, dat hy wel sal doodgaan, maar weer sal opstaan en sy bestemde deel in die eindtyd sal ontvang. Dit is aangrypend om hier te lees van die opstanding uit die dood en die ontvangs van jou bestemde deel, veral die boek Daniël korrek gedateer word as 163 v.C. en inderdaad die laaste Ou-Testamentiese geskrif is voor die koms van Jesus as die Laaste, die *eschaton*, na die aarde toe om sy oorwinningstog as die eskatologiese tydperk, die begin van die einde, te begin. Die punt hier is dat die aarde en al sy bewoners vir ‘n bepaalde tyd onderwerp word aan oorlog. Die eskatologiese betekenis hiervan kan nie misgekyk word nie.

Die metodiek van die verkondiging van die boodskap of die profesie wat die Gees gegee het as opdrag is om as getuies God se boodskap te verkondig aan baie volke, nasies, tale en konings (10:11 en 11:3). Die verband tussen die Gees wat die profesie gegee het (19:10), en mense wat praat, is op voetspoor van die uitstorting van die Gees of doop met die Gees in Handelinge 2 opvallend. Toe die Heilige Gees uitgestort is op die apostels, het die mense iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het, en is almal met die Heilige Gees vervul en het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen (Handelinge 2:4).



© University of Pretoria

## 3 Die vrug van die verkondiging

In Johannes 16:13–15[847] het Jesus die sending en werking van die Gees om te verkondig aan sy dissipels deurgegee. Die klem val op die verkondiging van Jesus as Koning en Here in die openbaar as ‘n getuienis met ‘n duidelike oproep om tot bekering te kom en verlos te word van hierdie sondige wêreld. Die beoogde reaksie van die mense by die aanhoor van die profetiese boodskap aangaande Jesus Christus die Here, is bekering. By die aanhoor van Petrus se verkondiging aangaande Jesus as die gekruisigde Here en Christus, is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen, broers?" en Petrus het hulle geantwoord in Handelinge 2:37–40.[848]

Net so is Johannes se oproep in sy briewe aan die kerke in Openbaring hoofsaaklik ‘n oproep tot bekering. Hierdie verkondiging en die bekering sluit vir die verkondiger sowel as die bekeerde ook ‘n daadwerklike optrede van verkondiging in. Duidelik ontvang Johannes sy opdrag om die boodskappe te stuur aan die sewe kerke met die bedoeling om hierdie boodskap verder te verkondig. Die verbintenis en gemeenskaplikheid van die kerk en die Gees word in Openbaring 22:17 meesterlik beskryf aan die hand van die simboliek dat die kerk die bruid van die Lam is wanneer “Die Gees en die bruid sê: “Kom!”. Die bruilof van die Lam het aangebreek en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar dit vergun om fyn, blink klere aan te trek, dit is die regverdige dade van die gelowiges (19:7–8). Die regverdige dade is onmiskenbaar die nakoming van God se Gebooie en die volhardende vashou aan die getuienis van Jesus.

---

[847] Ek sal die Heilige Gees na julle toe stuur en wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie. Hy sal bewys dat die reg aan my kant is en dat die oordeel al gekom het, want die owerste van hierdie wêreld, die Satan, is klaar veroordeel. Wanneer Hy kom, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Hy sal die dinge wat gaan kom aan julle verkondig. Hy sal my verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.

[848] Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe en sal julle die Heilige Gees as gawe ontvang. Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit.



© University of Pretoria

### 4.2 Die Persoonlike Oproep

Dit is baie duidelik vanuit die boodskappe van die sewe briewe wat deur Johannes aan die sewe kerke gestuur moet word, dat Openbaring ‘n baie persoonlike boodskap en oproep het vir elke mens. Elkeen van die sewe briewe word afgesluit met die twee frases “**Elkeen** wat kan hoor (ὁ ἔχων) moet luister na wat die Gees vir die Kerke sê” en “Aan **elkeen** wat die oorwinning behaal (ὁ νικῶν )” sal ‘n beloning gegee word. Volgens Openbaring 7 en 14 – waar dit in beide gevalle handel oor die honderd vier en veertig duisend verseëldes, hoewel nie eksplisiet so gestel word nie – is dit die bedoeling dat **elkeen** die seël sal ontvang op die voorkop, dit is die Naam van die Lam en sy Vader se naam. Die hoogtepunt van die persoonlike oproep vind ons eers baie gepas hier teen die einde van die Openbaringverhaal baie duidelik en eksplisiet in 22:17 met die driemalige oproep: **elkeen** (ὁ) wat dit hoor, **elkeen** (ὁ) wat dors het en **elkeen** (ὁ) wat die water van die lewe wil hê, moet kom.

Die oproep om self te luister, self deel te neem en die oorwinning te behaal, persoonlik te kom en saam met die Gees en die bruid te sê “KOM”, is die kern waaroor dit vir elke individu in Openbaring gaan, net soos in die geval met Johannes die skrywer. Geen mens wat die oproep hoor, kan die seël van God weier nie, want dit sal noodwendig beteken dat jy dan alternatiewelik die merk van die tweede dier as die naam van die dier of die getal van sy naam (666) op jou regterhand of voorkop sal dra (13:14–18), en deur die tweede dier mislei is om die beeld van die eerste dier te aanbid, en nie die Een op die troon nie. Die oordeel oor die persoonlike besluit wat elke mens geneem het, sal dan volgens Openbaring 20:15 plaasvind nadat die Satan oorwin en geoordeel is en in die poel van vuur en swael gegooi is, en die boeke voor die troon oopgemaak is (20:12), en volgens Openbaring 20:15 “As daar gevind is dat iemand se naam (persoonlike eienaam en identiteit) nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi” waar die Satan is.



© University of Pretoria

Deur die boodskap van die Openbaringboek openbaar die Seun van die mens Hom aan elke individuele mens en roep hy elkeen op om Hom te aanbid en die woord van God en die getuienis van Jesus te verkondig (1:9). God het Hom in die tyd tot en met Openbaring op verskillende maniere aan mense geopenbaar, deur veral drome en visioene, en natuurlik ook deur bonatuurlike natuurverskynsels en gebeure, en bloot deur die voorlesing van die wet en verkondiging daarvan het God Hom ook geopenbaar. Dit is ook duidelik dat God Hom deur engelverskynings en spreke geopenbaar het.

Met die verskyning van die apokaliptiese literatuur het dit duidelik geword dat God deur sy Gees ook mense meevoer en hulle as't ware op hemelse reise neem, en hemelwesens dan dikwels meespreek en verduidelikings en verklarings gee. Wat veral duidelik na vore kom, is dat God op 'n besondere wyse deur 'n openbaring of apokalips aan 'n menslike dienaar van Hom verskyn en hom oproep tot diens, en 'n spesifieke opdrag gee, en dat dit in die Bybel en teologiese navorsing as 'n roepingsvisioen verstaan word. By die Ou-Testamentiese profete veral kom dit duidelik na vore, en is al hierdie roepingsvisioene ook terug herleibaar na die Goddelike verskyning aan Moses en sy roeping in afsondering in die woestyn in Exodus 3, wat gepaardgegaan het met die openbaarmaking van die Goddelike Naam en Identiteit. Ek verstaan Openbaring 1:9–20 as so 'n roepingsvisioen.

Vergeleke met 'n aantal roepingsvisioene van die Ou-Testamentiese profete en die plasing en bedoeling van die visioen in Openbaring 1:9–20, die konteks daarvan in die Openbaringboek as profesie en die oorweldigende ooreenkomste met die profetiese roepingsvisioene, laat dit geen twyfel dat die visioen van Johannes anders verstaan kan word as 'n roepingsvisioen nie. Volgens Du Rand[849] kom daar 'n aantal roepingsvisioene in die Ou Testament voor in twee vorme, al sou daar oorvleuelings wees, naamlik 'n visioen van die troon van God[850] en 'n

[849] Du Rand (2007:133)
[850] Sien 1 Konings 22:19–22, Jesaja 6:1-7, Eseg 1–3, Daniël 7:9–10



© University of Pretoria

visioen as ‘n persoonlike openbaring van die Goddelike Identiteit en as ‘n gesprek met die profeet as persoonlike roeping.[851]

Vanuit die apokaliptiese literatuur is dit Henog[852] wat ‘n hemelse reis onderneem, ‘n visioen van God op sy troon sien en sy Goddelike roeping en opdrag kry soos die Ou-Testamentiese profete. Die Ou-Testamentiese persoonlikheid Henog is alombekend om verskeie redes. Volgens die stamregister in Genesis 5:4–0 en 1 Kronieke 1:1–3 is hy die sewende van Adam af (Henog 60:8) en volgens Genesis 5:24 het Henog “naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe geneem”. Hiervolgens word verklaar dat Henog waarskynlik lewend in die hemel opgeneem kon gewees het, wat hom saam met Moses en Elia plaas in die kader van profete wat ‘n hemelvaart beleef het en eendag as Messias sou terugkom. Die feit dat Judas in sy Bybelse geskrif Henog direk aanhaal, is ook ‘n bevestiging van die plek en aansien wat die Henogapokalips wel in Bybelse kringe gehad het, en in die lig van die ooreenkomste met Openbaring kan die verklarings en bevestigings van Henog nie geringgeskat word nie.

Tipies van die apokaliptiese[853] skrywers, soos spesifiek Henog, het hulle in hul openbarings geen twyfel gelaat oor die teenwoordigheidservaring van die Goddelike persoon en sy identiteit nie, en ook nie van hulle eie identiteit en die gespesifiseerdheid van hul opdrag komende van die Goddelike Persoon nie. Elkeen wat dus deur die Gees meegevoer word en, soos ‘n profeet, ‘n roepingsvisioen ontvang in die teenwoordigheid van God, en daardeur die profesie ontvang wat die Gees gegee het, moet die seël van die lewende God ontvang en daardeur ‘n verbintenis maak.

### 4.3 Die seël as teken van verbintenis.

[851] Sien Moses in Exodus 3:1–4:17, Gideon in Rigters 6:15-16, Samuel in 1 Sam 3, Elia in 1 Kon 17, Jesaja in Jesaja 6:8-13, Jeremia in Jeremia 1–3 1:4–10, Esegiël in Eseg 1–3 en Daniël in Daniël 10:5–6

[852] 1 Henog 14:8–16:3

[853] Sien Ekskursie 13: Die Apokaliptiese literatuur



© University of Pretoria

Die seël as verseëling of as verbintenis, soos ek verkies om daarvan te praat, behels om as dienaar van God met die seël van die lewende God (7:2) op die voorkop gemerk te wees (7:3) en saam met al die geseëldes hard uit te roep: "Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!" en voor die troon van God te kniel en God te aanbid. Dit beteken voorts om aan die Woord van God en aan die getuienis van Jesus vas te hou op voetspoor van Johannes, deur die boodskap van die Gees in 'n boek op te skryf (1:11 en 19) soos wat jy dit nou sien en van God ontvang, en dit dan aan te stuur (1:11 en 22:16) vir die kerke.

In die Openbaringteks is dit veral die woord **"vashou"** (ἔχω) wat die gedagte van verbintenis konkreet illustreer. Ons kry dit die eerste keer in 1:16 in die roepingsvisioen waar die Iemand soos die Seun van die mens die sewe sterre in sy hand **"vashou"**. Daarna kom dit ook voor in die konteks waar die getuies aan die getuienis van Jesus **"vasgehou"** het. Die verbintenis is dus baie duidelik wedersyds, Jesus wat die kerkleiers in sy hand **"vashou"** en die getuies wat aan die getuienis van Jesus as die betroubare getuie **"vashou"**. Die term verbintenis in die teologiese konteks van Openbaring sou dus kan beteken om aan iets "**vas te hou".**

Vir Burger[854] gaan verbintenis oor die daadkant van geloof . Hy praat van 'n "geloofs-verbintenis" met die bedoeling dat dit nie maar net gaan oor vae instemming nie, maar dat 'n verbintenis "vaste en kontroleerbare" grondbeginsels behels. Teologies fundeer hy 'n "verbintenis" uit die Bybel aan die hand van die verbondsverhouding[855] tussen God en sy volk en natuurlik die individuele lede van die volk. Eerstens verwys hy na die verbondsluitings en daarna na die wet, die profete en die geskrifte. Hoewel hy die geskrifte nie eksplisiet so noem nie, haal hy wel aan uit die Psalms. Vanuit die Nuwe Testament verwys hy ook na die motiewe van geloof, gehoorsaamheid en die eise van dissipelskap. Dan

[854] Burger (1991:73)
[855] Sien Ekskursie 3 *Die Verbond*



© University of Pretoria

is daar natuurlik nog die kerkgeskiedenis en navorsingsgeskiedenis van die begrip "verbintenis" wat ook meewerk om 'n definisie van wat verbintenis is te kan formuleer.

Burger kom tot 'n definisie van "geloofsverbintenis" op voetspoor waarvan ek dit uitgebreid en gegrond vanuit die Openbaringteks en -konteks as volg definieer: "Verbintenis behels vaste, sigbare, kontroleerbare dade in diens van God en die kerk, waarsonder daar geen sprake kan wees van 'n lewende verhouding met die lewende God, en kerklik-korporatief gesien, geen lewende en effektief funksionerende kerk of aanbiddingsgemeenskap kan wees nie". Ter toeligting gebruik Burger ook die Engelse woord "*commitment*" vir "verbintenis" en op voetspoor daarvan verbind ek vier Engelse woorde met mekaar om die "verbintenis"-gedagte duideliker en uitgebreid te definieer, naamlik "*commendment-commitment-commandment-commission*". Dié gedagtes word ontleen aan die Openbaringtekste[856] wat die **roeping** (*commendment*) van God, **vashou** (*commitment*) aan die **gebooie** (*commandment*) en/of woord van God en die opdrag tot **getuienis**lewering (*commission*) van Jesus so duidelik aan die orde stel. Hiervolgens behels die verbintenis aan God en die Lam 'n verbintenis aan die Wet/Woord en getuienis van Jesus.

Op grond van die begrip "verbintenis" en die definisie daarvan, is dit duidelik dat die Kerk in haar identiteit, etos en etiek, sowel as die lewe van die lede van die kerk, nie wesenlik anders kan wees as die aard van die verbintenis daaraan nie. Die volgende belangrike aspek is dan die kontrole oor die verbintenis wat deur die kerk gegee moet word. Burger[857] doen aan die hand dat die kontrole gedoen moet word met behulp en aan die hand van die eienskappe van die kerk. Hierby wil ek die drie kenmerke van die ware kerk voeg as kontrole middel, en dit sal bekyk word in hoofstuk 5 onder die teologiese motief, die Ekklesiologie.

### 4.4 Die kosmies-antropologiese oorlog (Openbaring 6:1–11:19)

[856] Openbaring 1:9, 6:9, 12:17, 14:12, 20:4
[857] Burger (1991:94)



© University of Pretoria

William Hendriksen[858] het as tema vir sy boek oor Openbaring "Meer as Oorwinnaars", wat hy ontleen aan Openbaring 17:14 "Hulle sal teen die Lam oorlog[859] voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is". Vanuit hierdie teks is dit duidelik dat daar oorlog en stryd sal wees en soos reeds aangetoon in Openbaring 6:1 begin. Die stryd sal volgens 19:11 wees tussen die Ruiter op die wit perd wat met regverdigheid oordeel en oorlog voer, en die tien konings wat hul mag en gesag tot die dier se beskikking stel wat in diens is van die Draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word. In 12:17 lees ons "Die Draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het". Die strydende partye in hierdie oorlog is dus die Ruiter op die wit perd en sy getuies aan die een kant, en die Draak en sy volgelinge, wat die merk van die dier as agent van die Draak aanvaar en sy beeld aanbid, aan die ander kant.

Voordat die strydende partye en die stryd in Openbaring as verhaal aan die orde kom, word alreeds in Openbaring 5:5 in die Openbaringsvisioen van die rolspelers die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, aangedui as die een wat die oorwinning behaal het en die boek met die sewe seëls kan oopmaak. Daar word natuurlik gesê van die Lam wat geslag is – wat in Openbaring 1:13 in die profetiese roepingsvisioen genoem word – iemand is soos die Seun van die mens en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom (1:16). In 19:15 word Hy die Ruiter op die wit perd, die Getroue en Betroubare genoem, en uit sy mond het daar 'n skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref. In 19:19-21 word die finale veldslag van hierdie oorlog beskryf en word die Ruiter op die wit perd en sy leërs as die oorwinnaars aangedui.

---

[858] Hendriksen (1977:154)
[859] Sien Margaret Barker (2000:212-225) in *The Revelation of Jesus Christ*: War in heaven and Earth



© University of Pretoria

Die oorlogsverhaal begin met die oopmaak van die sewe seëls in Openbaring 6 wat die aard van die oorlog in toenemende intensiteit[860] beskryf sowel as die terreine van die oorlog aandui. **Die eerste seël** is ‘n wit perd en sy ruiter het ‘n pyl en boog as wapen. Hy het as oorwinnaar uitgegaan en aan hom is ‘n oorwinnaarskroon gegee. Die eerste logiese verstaansinterpretasie is dat die wit perd in Openbaring 6:2 ‘n simboliese aanduiding is van die oorwinning wat die menslike aardse leërs hier op aarde behaal oor die mense en die onderwerping van die mense aan die oorwinnaar.

**Die tweede seël** is ‘n vuurrooi perd en sy ruiter het ‘n groot swaard as wapen wat die vrede van die aarde wegneem sodat die mense mekaar uitmoor. Hierdie perd simboliseer die doodmaak van mense, veral deur die swaardmag, met ander woorde deur die maghebbers. Die Romeinse swaard was die simbool van militêre mag, en die Romeine het bepaal dat die reg om mense dood te maak, of die swaardmag, slegs die keiser of die goewerneur van die provinsie toekom. Die Romeinse vrede (die *Pax Romana*) is gehandhaaf deur die swaardmag in besit van die hoogste regeringsgesag. Onder die Romeinse bewind was daar dikwels opstand en burgeroorloë wat met die Romeinse swaard onderdruk is, en aan beide kante het baie mense gesterf.

**Die derde seël** is ‘n swart perd en sy ruiter het ‘n skaal in sy hand wat kos rantsoeneer. Die skaal simboliseer billikheid en gelykheid, maar ook 'n tekort. In oorlogstyd is voedseltekorte aan die orde van die dag omdat soldate gewoonlik groot hoeveelhede voedsel opeis, met die gevolg dat die burgerlike bevolking groot voedseltekorte beleef. Dit gee ook daartoe aanleiding dat die normale produksie van voedselvoorraad ontwrig word, en dat buitensporige pryse betaal word. Die waarde of koopkrag van geld verminder ook geweldig; dit word vandag inflasie genoem. Dit is ‘n krisis wat die weerlose en arm mense die hardste

[860] Progressiewe paralellisme genoem deur Hendriksen (1977:29) en soos ek dit sketsmatig voorstel in Aanhangsel C: *Die teologiese motiewe sketsmatig voorgestel*



© University of Pretoria

tref. Hieruit kan mens aflei dat die ekonomiese vooruitsigte en die sosiale omstandighede van hierdie mense nie goed was nie.

**Die vierde seël** is ‘n vaal perd en sy ruiter se naam is die dood. Hy het mense met die swaard, hongersnood, die pes en met die wilde diere van die aarde as wapen gedood. Hierdie perd se ruiter het niks in sy hande nie, maar sy naam bring verskrikking. Die vier oorsake van die dood dui op die vier swaar strawwe wat God teen Israel sou stuur volgens Esegiel 14:21: “oorlog, hongersnood, ongediertes, en pes om mens en dier daar uit te roei”.

**Die vyfde seël** is die getuies wat doodgemaak is, omdat hulle aan die Woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het. Die aanduiding van die siele van die mense onder die altaar, die verwysing na wie hulle is wat reeds doodgemaak is, en die aankondiging dat hulle nog ‘n klein rukkie moet wag totdat hulle mededienaars – hulle medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemaak gaan word – almal daar is, is ‘n aanduiding dat die dood die lot is van al die gelowiges.

**Die sesde seël** behels oordrewe kosmiese gebeurtenisse of natuurrampe, wat hier die hele aarde, al die hemelliggame en alle mense van alle sosiale groeperinge tref, en met die toorn van die Lam verband hou. Kosmiese gebeurtenisse is tipiese apokaliptiese beskrywings van die einde van alles, waarvan die aardbewing waarvan ons hier in 6:12 lees, die kenmerkendste beskrywing is en sewe keer vermeld word in Openbaring.[861] Die aardbewing by Sinai (Hab 3) was ‘n aanduiding van God se mag wat ontsag by mense afdwing, en word simbolies aangewend om God se gesag aan te dui. Die dag van die Here[862] word op ‘n besondere wyse profeties met ‘n aardbewing verbind in Joël 2:1–2 en Miga 1:3–4. Die mensegroepe, ‘n sewevoudige lys van mense, wat getref word deur die kosmiese gebeurlikhede, word beskryf in 6:15–17 en 19:18 en is ‘n aanduiding van elke moontlike

[861] Sien Openbaring 6:12, 8:5, 11:13–19 drie keer en 16:18 twee keer
[862] Sien Ekskursie 7 *Die dag van die Here*



© University of Pretoria

groep wat daar mag wees; niemand spring dit vry nie. Dit dui die toorn van die Lam aan en word hier (6:16) eenmalig vir die Lam gebruik. Elders (16:1,19 en 19:5) druk dit die regverdige toorn as die wraak en oordeel van die regverdige God uit.

**Die sewende seël** is die gebede van die gelowiges wat opstyg voor God en wat aanleiding gee tot die blaas van die sewe trompette wat 'n verskeidenheid van plae aandui. Daarop volg die sewe bakke met die oordele van God wat in hierdie oorlogstyd die aarde gaan tref. Binne hierdie konteks is dit duidelik dat die gebede van die gelowiges aardskuddend kan wees. Dit is veral die teologiese beweging van die "geestelike oorlogvoering" wat klem lê op die belang van gebed in die aardse stryd en diegene dan daardeur sekere tipes gebed voorhou as die metodiek van geestelike oorlogvoering.[863] Vanuit die Openbaring teks en konteks behoort die belang en die plek van die gebede van die gelowiges in hierdie tyd deeglik uitgeklaar word en die waarde daarvan nie gering geskat en onderwaardeer word nie.

Voordat die sewende seël en die gelowiges se gebed ter sprake kom, word die gelowiges, hoewel die term "dienaars" deurgaans hier gebruik word, nou eers in Openbaring 7 en 14:1–5, as 'n insetsel of tussenspel aan die orde gestel en gedefinieer. Die getallesimboliek,[864] spesifiek die getal 12 en veelvoude daarvan sowel as hoe die getal elders in Openbaring aangewend word, speel hierin 'n beslissende rol. In Openbaring 7:3 lees ons dat die ander engel vir die vier engele sê: "Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël". Johannes het gehoor die getal was honderd vier en veertig duisend, twaalf duisend uit elke stam van die volk Israel. In 7:9 sien Johannes 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, wat uit elke nasie, stam, volk en taal was, wit klere aangehad het, en palmtakke in

---

[863] Sien die publikasies van Anderson en Warner (2000) *'n Beginnersgids tot Geestelike Oorlogvoering*, Cindy Jacobs (2009) *Possessing the Gates of the Enemy, A Training Manuel for Militant Intercession*, Chip Ingram (2009) *Die Onsigbare oorlog,* Bennie Mostert (1990) *Geestelike Oorlogvoering,* Derek Prince (1987) *Spiritual Warfare,* Spurgeon C. H. (1891) *The Greatest fight in the world,* Paul Tan (1995) *A Call to war, A Manuel on Spiritual Warfare,* Cindy Trim (2010) *The Art of War* (Sun Tzu) *for Spiritual Battle,* Jim Wilson (1989) *Beginsels van Geestelike oorlogvoering*

[864] Sien Ekskursie 15 *Die getalle in Openbaring*



© University of Pretoria

hulle hande gehad het. In Openbaring 14:1 lees ons weer van die honderd vier en veertig duisend mense met die Lam en sy Vader se naam op hulle voorkoppe geskrywe en hulle is onder die mense uit losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam. Dit spreek vanself dat die groot menigte mense in Openbaring 7 en die honderd vier en veertig duisend mense in Openbaring 14 simbolies dieselfde groep mense aandui wat deur die simboliek van die getal aangedui word. Die groot menigte mense uit elke nasie, stam, volk en taal kan 'n aanduiding wees van die Nuwe-Testamentiese volk van God komende vanuit die twaalf stamme van Israel en die twaalf Apostels. Die Openbaringsimboliek van die getal[865] is 'n aanduiding van God se volk vanaf die Skepping tot en met die koms van Jesus Christus.

Dit is hierdie simboliese volk van God wat in Openbaring 8:1–5 die gelowiges is wie se gebede op die goue altaar voor die troon geoffer word. Wanneer die gebede saam met die rook van die wierook opstyg voor God, met die vuur van die altaar volgemaak word en op die aarde uitgegooi word, kom daar donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing. Dit is die kragtige uitwerking van die gebede van die gelowiges.

Die ander engel hier word oor die algemeen beskou as 'n priesterlike engel soos in Openbaring 4:8–11, 5:8–14 en 7:11–12. Hierdie priesterlike engel moet nou die goue wierookbakke met die gebede van die gelowiges,[866] wat die ouderlinge en lewende wesens in 5:8 vashou, nou by die altaar as wierook offer bring. Na aanleiding van Numeri 16:6-7 word die wierook bo-op die brandende kole geplaas om 'n reukwolk tot gevolg te hê wat die gebede van die gelowiges na God toe dra. Die inhoud van die gebede van die gelowiges kan

[865] Sien Ekskursie 15: *Die getalle in Openbaring*
[866] Sien Dominika Kurek-Chomycz (CBL 2015) *Incense, Prayer, and the Divine wrath: The significance of the Imagery of Incense and Incense vessels in the Book of Revelation*. Aspects of the use of incense and incense vessels in first century worship, both in Greek and Roman culticpractice, and in Judaism, as attested in the Hebrew Scriptures, were futher developed in later second Temple Jewish writings. In Biblical texts incense serves to praise God and plays an ambiguous role of revealing and consealing in the context of theophany. It is a particularly precarious type of offering, with which is related its role in manifestating and excuting the devine will and the devine judgement.



© University of Pretoria

terug gevoer word na Openbaring 6:10 waar die gelowiges uitroep na die oordeel van die getroue Heerser om sy geregtigheid en oordeel te bring oor die bewoners van die aarde.

God antwoord onmiddellik op die gelowiges se gebede wanneer die priesterlike engel nou die wierookbak neem, dit met vuur vul en dit op die aarde uitgooi. Die gebede van die gelowiges styg op voor God en die oordeel van God kom af op die goddeloses. Die uitgooi van die vuur simboliseer oordeel en die priesterlike engel word nou 'n vergeldingsengel. Die aangename reukwolk van die gebede wat opgaan staan teenoor die rookwolk van pyniging wat afkom en wat die verwoesting deur vuur en swael aandui wanneer God se oordeel die goddeloses sal tref (14:11 en 19:3). In die eerste geval is die rookwolk van wierook verbind aan aanbidding en in laasgenoemde geval aan oordeel.

Die gebede van die gelowiges word onmiddellik opgevolg deur donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing as aanduiding van God se mag en gesag. Reeds in 8:2 het ons gelees dat aan die sewe engele sewe trompette gegee is en in 8:6 maak hulle nou gereed om daarop te blaas. In Openbaring dui die trompette[867] op oordeel. Dit beteken hier dat die oordele van God as die oorlog waaroor dit gaan oor die bewoners van die aarde nou gaan begin.[868]

Die verskyning van die Here aan sy volk by Sinai is met trompetgeskal aangekondig (Eks 19:19) en ons lees ook dat die dag van die Here met 'n trompet aangekondig sal word (Jes 27:13 en Sag 9:14). Trompette is oorspronklik geassosieer met oorlog (1 Sam 13:33), die tempelwyding (2Kron 5:12), die troonbestygings van die konings (1Kon 1:34 en 39) en om die volk bymekaar te roep. Trompette kan ook die aanbreek van 'n oorlog aankondig soos ons dit lees in Josua 6, Rigters 7:16-22 en Jeremia 4:5-21. Die ooreenkomste tussen die Josua 6 verhaal met die val van die Jerigo mure en die trompette in Openbaring is opvallend en

[867] Sien Margaret Barker (2000:169-179) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Seven Trumpets
[868] Sien Du Rand (2007:326-328)



© University of Pretoria

netsoos in Josua se geval heers daar in Openbaring (8:1) ook eers ‘n stilte voordat die trompette blaas. Die trompette wat deur die sewe priesters geblaas is, is ‘n parallel aan die sewe engele in Openbaring 8-9 en 11 en aan die sewe engele in 15:5-6.

Elke aspek van die oorlog word deur die blaas van die sewe trompette ingelui en die gevolg na die blaas van elke trompet afsonderlik is feitlik dieselfde. Die blaas van al sewe die trompette word direk gevolg deur een of ander kosmologiese ramp wat verband hou met vuur en telkens word ‘n derde van die kosmos daardeur getref.

**Trompet 1** (8:7) Daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng en ‘n derde van die aarde is verbrand, ‘n derde van die bome is verbrand en al die groen gras is verbrand.

**Trompet 2** (8:8) ‘n Groot vuurspuwende berg is in die see gegooi en ‘n derde van die see het bloed geword, ‘n derde van alles wat in die see lewe het doodgegaan en ‘n derde van die skepe het vergaan.

**Trompet 3** (8:10) ‘n Groot ster wat soos ‘n fakkel brand het van die hemel af geval op ‘n derde van die riviere en die waterbronne en ‘n derde van die water het bitter geword en baie van die mense het van die water doodgegaan omdat dit besmet was.

**Trompet 4** (8:12) ‘n Derde van die son en ‘n derde van die maan en ‘n derde van die sterre is getref, sodat ‘n derde van hulle donker geword het en ‘n derde deel van die dag en die nag het nie lig gehad nie.

**Trompet 5** (9:2) ‘n Ster het van die hemel af het op die aarde geval en daar het rook uit die skag na die onderaardse diepte uit opgestyg soos die rook van ‘n groot oond.

**Trompet 6** (9:17) Die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgemaak is, is toe losgelaat om ‘n derde van die mensdom dood te maak en die aantal perderuiters van hulle leërs was miljoene der miljoene en nog ‘n keer soveel. Die perde en hul ruiters het vuurrooi,



© University of Pretoria

donkerblou en swaelharnasse aangehad. Die perde se koppe was soos die koppe van leeus en uit hul bekke het daar vuur, rook en swael uitgekom. Deur hierdie drie plae, die vuur, die rook en die swael wat uit hul bekke uitgekom het, is ‘n derde van die mensdom doodgemaak.

**Trompet 7** (11:19) Daar was stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: “Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en Gesalfde en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid”. Die vier en twintig ouderlinge wat op hul trone voor God sit, het toe gekniel met hul gesigte na die grond toe en het God aanbid. Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, ‘n aardbewing en ‘n groot haelstorm gekom, en die oorlog het begin!

### 4.5 Die pneumatologiese oorlog (Openbaring 12:1-20:15)

Wanneer van oorlog[869] gepraat word, gaan dit oor mag en heerskappy, en in die Bybel word ‘n hele verskeidenheid van terme gebruik om oor mag en heerskappy te praat en dit te identifiseer. Vanuit Openbaring is dit veral duidelik dat die agente van die Draak, die drie diere,[870] drie bose geeste is wat die konings van die hele wêreld bymekaar bring vir die oorlog, en dus is die konings hierby inbegrepe, en van sonde sowel as van die dood en die doderyk gepraat word as teenstrydige en strydende magte. Die bose magte sluit in alle moontlike indiwiduele magte, waaronder konings en regeerders, en ook strukturele magte, waaronder owerhede en regerings, wat in stryd is met God se bedoeling met die skepping. Die identifisering van die vyandelike magte kan gedoen word aan die hand van die grootste gemene deler in Openbaring, naamlik die dood en die doderyk wat met vuur en swael brand as gemeenskaplike lot.

[869] Sien Margaret Barker (2000:212-225) in *The Revelation of Jesus Christ*: War in heaven and Earth
[870] Sien Margaret Barker (2000:226-241) in *The Revelation of Jesus Christ*: The two Beasts



© University of Pretoria

Die twee strydende kante in die pneumatologiese oorlog wat volgens Openbaring 12 hier begin is eerstens die vrou met die son as kleed om haar,[871] die maan onder haar voete en op haar kop ‘n kroon met twaalf sterre en is simbolies gesien ‘n aanduiding van die volk van God in die Ou Testament, die twaalf stamme van Israel (Openbaring 7), wat die lewe gee aan die Gesalfde van God, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid (Openbaring 5:5). Hierdie kind as Gesalfde van God het gesag, mag en die koningskap oor die wêreld en is na die wêreld toe gestuur as die Lam wat geslag is en deur sy bloed het Hy en sal sy volgelinge die oorwinning behaal oor die vyand, die Draak. Die Draak was vuurrooi, groot, met sewe koppe en tien horings en op sy koppe was daar sewe heerserskrone.

Die Draak en sy engele het oorlog gevoer teen Migael en sy engele in die hemel en die groot Draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, en sy engele is verslaan en is uit die hemel gegooi. Die Draak wou die kind van die vrou verslind maar die kind is weggeruk na God en na sy troon toe en die vrou het weggevlug na die woestyn toe waar God vir haar plek gereed gemaak het. Die Draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Die Draak het toe oorlog gevoer met drie agente deur te verskyn in die gedaantes van drie diere. Die dier uit die see het tien horings en sewe koppe en op sy horings was daar tien heerserskrone en op sy koppe godslasterlike name. Die mense het die draak aanbid omdat dit hy is wat die gesag aan die dier gegee het en hulle het ook die dier aanbid en gesê: “Wie kan met die dier vergelyk word? Wie kan teen hom oorlog voer?

Die ander dier wat uit die aarde uit kom het twee horings gehad soos ‘n lam s’n, maar het soos ‘n draak gepraat. Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit, en hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid. Aan hom is die mag gegee om

[871] Sien Margaret Barker (2000:200-211) in *The Revelation of Jesus Christ*: The women clothed with the sun



© University of Pretoria

asem in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie. Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om 'n merk (seël) op hul regterhand of op hul voorkop te dra, en hy laat niemand toe om te koop of te verkoop nie, behalwe die mense wat die merk het. Die merk is die naam van die dier of die getal van sy naam, ses honderd ses en sestig.

Die derde dier was helder rooi en het sewe koppe en tien horings gehad en was oortrek met godslasterlike name. Die sewe koppe dui simbolies sewe berge aan en hulle is ook sewe konings. Die tien horings dui ook tien konings aan, maar wat nog nie die koningskap gekry het nie. Bo-op die dier het 'n vrou gesit wat uitgedos was in pers en helder rooi klere en opgetooi met goud, edelstene en pêrels. In haar hand het sy 'n goue beker vol losbandigheid gehad waarin die onreinheid van haar onsedelikheid was. Op haar voorkop was haar naam geskrywe en dit het 'n verborge betekenis, "Groot Babilon", die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde. Die vrou was dronk van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het, en sy dui simbolies die groot stad Babilon aan wat heerskappy voer oor die konings van die aarde. Hierdie dier en almal wat simbolies deur hom aangedui word, het oorlog gevoer teen die Lam, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is.

Openbaring 15 begin met die aankondiging van die sewe engele wat die sewe laaste plae bring waarmee die toorn van God sy einde bereik. Die sewe bakke[872] wat gevul is met die toorn van God, word dan op die aarde uitgegooi en anders as met die trompette, word hoofsaaklik die mensdom en alle lewende dinge getref met die plae.

---

[872] Sien Margaret Barker (2000:259-278) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Bowls of Wrath



© University of Pretoria

**Bak 1**(16:2) Daar het kwaadaardige en pynlike swere uitgekom aan die mense wat die merk van die dier aan hulle het en wat sy beeld aanbid.

**Bak 2** (16:3) Die see het bloed geword soos die bloed van 'n dooie en alles wat in die see lewe, het doodgegaan.

**Bak 3** (16:4) Die riviere en waterbronne het ook bloed geword.

**Bak 4** (16:8) Die son het mense met vuur gebrand en die mense is deur 'n groot hitte gebrand, en hulle het die Naam van God, wat die mag oor hierdie plae het, gelaster. Hulle het hulle nie bekeer nie en aan Hom nie die eer gegee nie.

**Bak 5** (16:10) Daar het duisternis oor die koninkryk van die dier gekom en die mense het hulle tonge stukkend gebyt van die pyn en die God van die hemel gelaster oor die pyn wat hulle moet verduur, en oor die swere. Maar hulle het hulle nie bekeer van hul verkeerde praktyke nie.

**Bak 6** (16:12) Die water van die groot Eufraatrivier het opgedroog om 'n pad vir die konings van die ooste oop te maak. Uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet het drie bose geeste gekom wat soos paddas lyk. Hierdie geeste, wat wondertekens doen, is dié van duiwels wat na die konings van die hele wêreld toe gaan om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige. Die geeste het die konings byeengebring op die plek wat in Hebreeus Armageddon genoem word.

**Bak 7** (16:17) Toe het daar weerligstrale, dreunings en donderslae gekom. Daar was ook 'n groot aardbewing soos daar nog nie was vandat die mens op die aarde gekom het nie, so 'n geweldige groot aardbewing was dit. Die groot stad Babilon het in drie dele geskeur en die stede van die nasies het inmekaar gestort. God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn en sy gloeiende toorn te gee nie. Al die eilande het verdwyn en berge



© University of Pretoria

was daar ook nie meer nie. Groot haelstene, elkeen omtrent vyftig kilogram swaar, het van die hemel af op die mense geval en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was.

Hierna het 'n ander engel wat groot gesag gehad het – volgens sekere aanduidings waarskynlik Jesus self – uit die hemel uit afgekom en die aarde is deur sy heerlikheid verlig. Hy het met 'n sterk stem uitgeroep: "Geval, geval het die grote Babilon". Vervolgens, nadat die sewe bakke uitgegooi is en die drie diere beskryf is, word die val en oordeel van die helder rooi dier in Openbaring 18 aangekondig en voltrek sowel as die gevolge daarvan vir die konings, sakemanne en seemanne. In dié beskrywing is daar deurgaans teruggryping na uitsprake van die profete, veral oor die val van Tirus (Esegiël 26–28) en oor die val van Babel (Jeremia 50 en 51 en Jesaja 13, 14, en 21). Wat van daardie stede in die verlede gesê is, word nou gesê van die simboliese Babilon van die tyd.[873] Kort en kragtig vermeld 18:24 "Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is". Haar oordeel word duidelik aangekondig in 18:8 "Sy sal met vuur verbrand word, want sterk is die Here God wat haar veroordeel". Dan volg die hallelujakoor in die hemel, soos beskryf in Openbaring 19:1–10, en word die koms van die Koning van die konings en Heerser van die heersers en sy oorwinning oor die Draak, die slang van ouds wat die duiwel en die Satan is, aangekondig en ook die oordeel oor die Satan en die twee diere.

Die Agent van die oorwinning word vervolgens in Openbaring 19:11 – 20:10 aangedui as 'n Ruiter op 'n witperd[874] wat volgens aanduidings Jesus as Ruiter het wat met regverdigheid oordeel en oorlog voer. Volgens 19:14 ry die leërs in die hemel op wit perde agter die Ruiter op die wit perd aan. Hierdie leërs het fyn helder wit klere aangehad, en staan in direkte verband met die vorige vers (19:8) dat God die bruid van die Lam dit vergun het om fyn

[873] Groenewald (1986:179)
[874] Sien Ekskursie 14 *Die wit perd*



© University of Pretoria

helder blink klere aan te trek. Die fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. Openbaring 20:10 stel dit duidelik: “Die duiwel is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is”. Die mense wat God nie aanbid het nie en wie se name nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie, is ook veroordeel en in die vuurpoel gegooi.[875]

Duidelik word in Openbaring 20 vermeld dat die duiwel (Draak) in die poel van vuur en swael gegooi is, daar waar die dier en die vals profeet ook is (20:10), en toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi (20:14). Openbaring 17 vermeld dat die rooi dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, en na die verderf toe gaan, en dat sy tien horings tien konings voorstel wat hul koningskap en mag tot beskikking stel van die dier, en die vrou op die dier die groot stad Babilon is wat heerskappy oor die konings van die aarde uitvoer. Die konings sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak en haar vleis opeet en haar met vuur verbrand (17:16). Die volgelinge van die Draak en die diere en hul lot saam met die Draak en die diere, as sondaars en as die sonde, word in Openbaring 21:8, 21:27 en 22:15 beskryf as hulle wat bang en ontrou geword het: die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs, afgodsdienaars en al die leuenaars. Hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood. Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit in die heilige stad Jerusalem kom nie, die stad wat van God af uit die hemel uit afkom. Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen. Openbaring 20:15 sluit die oorlog en identifikasie van die oorwindes of verloorders as veroordeeldes af met die woorde “As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi”.

[875] Sien Openbaring 20:15



© University of Pretoria

### 4.6 Die Nuwe Skepping[876]

Die boek Openbaring eindig met 'n beskrywing van 'n nuwe skepping (21:1–8), 'n nuwe stad (21:9–21), 'n nuwe tempel (21:22–27) en 'n nuwe lewe vir die mense (22:1–5). Die beskrywing is simbolies van die hiernamaals en die ewige lewe[877] soos Jesus dit heilshistories universeel bereik het en heilstoekomstig openbaar het. Die koms van die nuwe simboliese universum word beskryf in terme van 'n huwelik tussen die kerk as bruid en die Lam wat voortaan in 'n nuwe verhouding sal staan, en wat permanent, vir ewig, sal wees.

'n Nuwe skepping (21:1-8)[878] kry ons in Openbaring in terme van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Oor die algemeen word die hemel teologies gesien en verklaar as die woonplek van God en die aarde as die woonplek van die mens. Die teenswoordige verstaan van die hemel en die aarde kom neer op 'n skeiding, waar God in die hemel en die mens op die aarde woon. Die hemel word alleen as geestelik gesien, en die aarde alleen as sigbaar en tasbaar. In Openbaring word God se woonplek ook beskryf in terme van die Troon en die mens se blyplek, nou ook in terme van 'n heilige stad. Dit is duidelik dat God se woonplek en die mens se woonplek in die nuwe skepping nie van mekaar geskei sal wees nie, maar saam in 'n eenheid sal wees, en dat God en mens in mekaar se teenwoordigheid sal wees. Openbaring 22:3 stel dit duidelik: "Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees en sy dienaars sal Hom dien en hulle sal Hom sien".

'n Nuwe stad (21:9–21)[879] as nuwe woonplek vir die mense wat van God  en God se woonplek af uit die hemel uit afkom word in terme van die simboliese getal twaalf beskryf.

---

[876] Openbaring 21–22:5

[877] Teologies-simbolies word gepraat van die nuwe simboliese universum. Sien Bauckham (1993:132-136) vir 'n volledige hantering van die begrip
[878] Maricel S. Bita (CBL 2015) reken: "An ecological reading of this pericope will allow for an emergence of alternative insights on the dynamic of the interrelationship not only between God and humanity but also including non-human creation
[879] Sien Margaret Barker (2000:279-301) in *The Revelation of Jesus Christ*: Jerusalem



© University of Pretoria

Openbaring 21:12–14 verklaar die Openbaringbedoeling van hierdie getal en maak ook ‘n Ou- en Nuwe-Testamentiese verbintenis. Die nuwe stad het ‘n hoë muur met twaalf poorte. Die twaalf poorte is ook twaalf pêrels en by die poorte is daar twaalf engele. Op die poorte is die name van die twaalf stamme van die volk Israel geskryf. Die stad se muur het twaalf fondamente en daarop is die twaalf name van die twaalf apostels van die Lam geskryf. Die twaalf fondamente is ook met twaalf edelstene versier. Die lengte, die breedte en die hoogte van die muur is dieselfde, twaalf duisend kilometer en die muur om die stad is honderd vier en veertig meter hoog. Die stad is van suiwer goud gebou wat soos ‘n skoon spieël lyk.

‘n Nuwe tempel (21:22–27) sal nie in die stad gesien word nie, want die tempel is die Here God die Almagtige en die Lam self. Die heerlikheid van God het die stad verlig en die Lam is sy lamp. Die nasies sal in die stad se lig lewe en die konings van die aarde bring hulle skatte daarheen. Net die mense wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam, geskrywe staan, sal daarin kom. Sien ook Openbaring 14:1-5 vir die definiëring van wie hierdie mense is en die vereistes waaraan hulle voldoen het.

‘n Nuwe lewe vir die mense (22:1–5)[880] sal gevoed word met water wat so helder soos kristal is en wat stroom uit die troon van God en van die Lam. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant, staan die boom van die lewe wat twaalf keer per jaar – elke maand – vrugte dra. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. God en die Lam sal deur hul dienaars gedien word, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

Carmelo Sorito[881] beskryf die nuwe skepping, alternatiewelik die *simboliese universum* goed saamgevat as volg:

[880] Sien Margaret Barker (2000:316-337) in *The Revelation of Jesus Christ*: The city of the saints
[881] Carmelo Sorito (CBL 2015) *A New Heaven and a New Earth ... and the sea is no more: An Eschato-Ecological reading of Revelation 21:1-8*.



© University of Pretoria

A close analysis of its use of literary contrasts, chiastic structures, and scriptural allusions to OT prophetic literature in the vision of "the new heaven and the new earth" and "the new Jerusalem", reveals also a hopeful and world affirming message. The final union of God and humanity, which is the central theme is imminent and real. The visions of John pierce through the clouds of moral ambiguity and encourage the churches to stand in faith and to persevere against the ungodly power and destructive influence of Babilon, which was the Roman Empire in his time, and in the present context, patriarchal and antroposentric attitudes that deny the dignity and integrity of all creation, human and non-human, and the perpetuate ecological and economic poverty on a global scale.

### 4.7 Die uitroep: Kom, Here Jesus![882]

Vroeg al in die teks van Openbaring word die Here God beskryf as die Een wat is, en wat was en wat kom. Hierdie beskrywing kom voor in 1:4, 1:8 en 4:8 met die kwalifikasie van "wat kom" daarby, want 11:16 en 16:15 het dit nie by nie en dit kom ook nie elders in die Bybel voor nie. In Openbaring het die "wat kom" dus ‘n besondere funksie en betekenis. Hierdie benaming[883] word natuurlik ontleen aan die openbaring van God se naam as "EK IS" aan Moses in Exodus 3, en dan hier in Openbaring met die verdere beskrywing van die betekenis van die Godsnaam. Binne die konteks van Openbaring is dit opvallend dat die uitdrukking in daardie tyd dikwels vir alle gode gebruik is: "hy is, hy was en hy sal wees". Maar hier in Openbaring word dit gekontrasteer met die wysiging "wat kom".[884] Die skrywer van Openbaring het beslis ‘n dieper teologiese bedoeling met hierdie uitdrukking "wat kom".

[882] Openbaring 22:6-21
[883] Sien hoofstuk 2
[884] Sien Groenewald (1986:32)



© University of Pretoria

Met hierdie beskrywing "wat kom" word die Here God, die Almagtige, in beheer gestel as die gans Andere[885] wat sal kom om alles te voleindig en vir ewig te heers. Openbaring 1:7 dui dan aan "Hy kom met die wolke" en dit is 'n terugverwysing na 1:4 "Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde". God sal dus kom in die persoon van Jesus Christus en in Openbaring is Hy ook bekend as die Lam wat geslag is. In die roepingsvisioen in Openbaring 1:13 word na Hom verwys as "Iemand soos die Seun van die mens" en in Openbaring 19:11–13 word Hy genoem Getroue en Betroubare, die Woord van God (*Logos*) en die Koning van die konings en die Here van die heersers en in Openbaring 22:20 is dit Hy wat dit alles getuig wat sê "Ja, Ek kom gou!". God kom dus op die wolke in die Persoon van Jesus.

Die woord "kom" kom presies sewe maal voor in die laaste perikoop van die Griekse teks as ἔρχου en so word die tema of hoofgedagte duidelik deur hierdie merker aangetoon. In 22:7 sê Jesus self, "Kyk, Ek kom gou!", en in 22:12 word dit net so herhaal. Dan volg die uitroep, as 'n hartstogtelike gebed, deur die Gees en die bruid en die oproep tot almal: "Kom !" met Jesus se antwoord daarop en die bevestiging met die woord "Amen". Die koms, wederkoms en finale koms van Jesus word hiermee bevestig en behoort dus as getuienis aangaande Jesus geglo, bely en verkondig te word, veral omdat 22:20 die uitbreiding het "Hy wat dit alles getuig sê". Die laaste uitroep "Kom, Here Jesus!" is die Griekse weergawe van die Aramese bede "Maranata!"[886]

Hierdie uitroep tot Jesus en die bevestiging van Jesus se koms het volgens Hendriks[887] die definitiewe bedoeling dat die Here God sy plan vir sy skepping van die begin af tot met die wederkoms sal volbring. Dit word bevestig deur die teenswoordige tyd imperatief en sluit die beginsels van morele regering op aarde in sowel as die oproep tot bekering as die moreel-

885 Sien hoofstuk 2 die *Misterium Trimendium*
886 Sien Groenewald (1986:227)
887 Hendriks (1939:192)



© University of Pretoria

eties korrekte lewe om te kan deel in die water en die boom van die lewe. Met hierdie koms sal die Lam wat geslag was, waardig wees om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang van alles wat geskep is (5:12). Dan sal Hy erken word as die Koning van die konings en die Heerser van die heersers, en sal sy dienaars Hom dien en sal hulle tot in alle ewigheid regeer.

By die koms van Jesus gaan dit dan nie net om die verdere onthulling van die menslike werklikheid in die geskiedenis nie, maar om die voltooiing en afhandeling van die geskiedenis van die menslik-sigbare skepping, en meer spesifiek gaan dit oor die koms van ‘n nuwe skepping. Dan sal alles hul volledige identiteit bereik waar die goeie goed sal wees en die slegte sleg. Dit is ook nie net ‘n verdere simboliese aanduiding van die koms en die vestiging van God se Ryk op aarde nie, maar dit is sy koms waarin Hy persoonlik betrokke is, en daarom sal dit Hy wees wat kom met die wolke.[888] So gesien, dui die koms van Jesus in Openbaring ook die einde van die hele geskiedenis van Jesus, of anders gestel die Lam wat geslag is, aan. Die hele geskiedenis van Jesus word ook deurlopend met kenmerkende eind- of eskatologiese terme geteken. König[889] konstateer dat die Nuwe Testament die ganse geskiedenis van Jesus as eskatologies sien.

Van hierdie eindeskatologiese koms van Jesus word dikwels in die teologie gepraat as sy wederkoms ter onderskeiding van Jesus se geboorte as mens by sy eerste koms. Sy eerste koms is ‘n aanduiding van sy geboorte, lewe, sterwe, opstanding uit die dood en hemelvaart. In hierdie verband is die ooreenkoms tussen Openbaring 1:7 en Handelinge 1:11 baie opvallend. In Handelinge 1:11 is die aanduiding dat die twee mans in wit klere heel waarskynlik engele was wat die boodskap gebring het: “Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan

888 Sien Heyns (1978:408)
889 König (1980:173)



© University of Pretoria

het". In Openbaring is dit ook deurgaans die engele wat die visioene aan Johannes openbaar en met hom in gesprek tree.

Die twee kante van die saak word hierdeur duidelik aan die orde gestel, naamlik die opgaan- en terugkom gedagtes as twee verskillende gebeurtenisse. Die opgaan van Jesus word in die Nuwe-Testamentiese teologie normaalweg verbind met die hemelvaart en die posisie wat Hy inneem as regeerder, en sy koms met 'n terugkeer na sy gebied as Heerser.[890] Die Griekse woord wat normaalweg gebruik word wanneer 'n heerser 'n bepaalde deel van sy magsgebied besoek, is "*pareimi*" of "*parousia*", met hoofsaaklik die betekenis om aan te kom, teenwoordig te wees, in besit te wees of advent, bloot te verskyn. Wanneer Jesus se koms in Openbaring verbind word met die lof en die eer, die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid (5:13) en met die naam "die Koning van die konings en die Here van die heersers" (19:16), wys dit op sy koms as heerser.[891]

Om die eskatologiese koms van Jesus te onderskei van sy koms as mens en as Lam, word dikwels gepraat van sy wederkoms. Hierdie wederkoms van Jesus lê egter in die toekoms en moet nog gebeur, maar wanneer dit sal gebeur, sal Jesus geopenbaar word as die Heerser, 'n feit wat in die huidige bedeling nog ontken kan word, maar verkondig moet word. Dit is dus 'n uitroep vir die komende koms van die heerser Jesus soos ons dit inderdaad vind in Openbaring 22:17 en 22.

Dit stel vervolgens die gevolge vir die mense aan die orde wanneer Hy, "Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde" (1:5), weer kom. Hier word die opstanding van Jesus as 'n feit gestel, of anders gestel, as 'n geloofswaarheid wat erken en bely moet word, en waarvan getuig moet word. Die getroue getuies se opstanding uit die dood word dan as 'n gevolg hiervan op grond

---

[890] Sien Margaret Barker (2000:373-388) in *The Revelation of Jesus Christ*: Parousia and Liturgy
[891] Sien Margaret Barker (2000:358-372) in *The Revelation of Jesus Christ*: All things new



© University of Pretoria

van hul belydenis van geloof met die opstanding van die Eerste Een wat uit die dood uit opgestaan het, verbind. Van die opstanding van die getuies lees ons in Openbaring 20:5–6 in terme van die "eerste" opstanding, en dit impliseer vanselfsprekend 'n tweede opstanding. Hierdie saak moet verstaan en verduidelik word, en hier is dit ook 'n geval van soveel verklaarders soveel menings.

My verstaansbenadering is vanuit die konteks van Openbaring as narratief met in agneming van die apokaliptiese simboliek. Die narratief kom daarop neer dat Jesus van menslike kant af gesien, opgeneem is in die hemel en weer gaan kom. In afwagting van Jesus se koms, word mense gebore, lewe en sterf hulle. Almal wat sterf voordat Jesus weer kom, en wat aan die getuienis van Jesus en die Woord van God vasgehou het (20:4), en slegs hulle, staan onmiddellik op uit die dood (vergelyk 11:11) as eerste opstanding, en gaan sit op die trone en word die bevoegdheid gegee om as regters op te tree.

Dan volg daar 'n tydperk van 1 000 jaar[892] as normale verdere verloop waarin hulle regeer. Hierna sal hulle kom as die leërs in die hemel op wit perde wat agter Hom, die Ruiter op die wit perd, aanry om te kom oordeel oor die dooies wat nie voordat die duisend jaar om is nie, lewendig geword het (opgestaan het). Dan word gepraat van die tweede dood, en dit is die oordeel oor die mense wat God nie aanbid het nie, maar deur die agente van die Draak verlei is. Saam met hulle is die mense wie se name nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie, en in die vuurpoel gewerp is waar die dier en die vals profeet ook is. Dit is die tweede dood, die vuurpoel.

Ná dit alles en saam met die koms van die Lam, kom die nuwe hemel en die nuwe aarde waar die Lam en sy bruid, die Kerk of 'n nuwe mensdom, tot in ewigheid sal regeer; waar die troon van God is en hulle, sy dienaars, Hom sal dien (22:3). Die nuwe hemel en aarde word nie

[892] Sien Ekskursie 17 *Die Duisend jaar*



© University of Pretoria

soseer beskryf in Openbaring nie, net vermeld; maar die nuwe woonplek, die heilige stad Jerusalem, word wel volledig beskryf. In hierdie beskrywing word die getal 12 herhaalde male gebruik, en dis 'n aanduiding van die 12 stamme van Israel en die 12 apostels van die Nuwe Testament. Die boek van die lewe – as die boek van die Lam – en die boom van die lewe wat 12 keer per jaar vrugte dra, figureer ook pertinent in die nuwe stad. Sentraal is natuurlik die troon van God en van die Lam wat in die stad sal wees, en sy dienaars wat Hom sal dien, en wat tot in alle ewigheid sal regeer.

**Konkluderend**

Eerstens is daar gekyk na die missiologiese werking van die Gees wat oor die hele wêreld uitgestuur is volgens Openbaring 5:6, die Lam as Gesalfde, sy getuies en die kerk sowel as die wisselwerking en gesamentlike werking van hierdie rolspelers. Die werking van die Gees, wat in Openbaring die dienaar Johannes as't ware op 'n hemelse reis neem, kom baie sterk voor in die apokaliptiese materiaal wat Openbaring inderdaad is soos dit aangetoon is.

Tweedens is die eerste visioen van Openbaring aangedui as 'n roepingsvisioen wat dien as 'n persoonlike oproep. Die persoonlike oproep het spesifieke ooreenkomste met die Ou-Testamentiese roepingsvisioene van profete en dit funksioneer op die persoonlike vlak en is baie individueel van aard. Die eerste visioen van die Seun van die mens in Openbaring funksioneer as 'n roepingsvisioen van Johannes, die skrywer, en gaan ook gepaard met 'n spesifieke opdrag wat normaalweg by 'n roepingsvisioen voorkom en wat missiologies van toepassing gemaak word op die roeping van die getuies van Jesus van vandag.

Derdens is vasgestel dat 'n roeping wat gepaard gaan met 'n spesifieke opdrag, 'n duidelike daadkant het. Van die geroepene vra dit 'n vaste en kontroleerbare verbintenis aan die opdrag wat, soos ons dit hier uitwys, geillustreer word deur aan die woord vas te hou. Die seël as



© University of Pretoria

teken van die verbintenis, behels om op die voorkop gemerk te wees as geroepe getuie en voor die troon te kniel en God te aanbid.

Vierdens is die kosmies-antropologiese aspek van die oorlog met die oopmaak van sewe seëls en die blaas van sewe trompette beskryf. Die oopmaak van sewe seëls en blaas van die sewe trompette is ‘n beskrywing van alle kosmiese rampe wat gedurende die tyd van oorlog in die kosmos plaasvind, en hoe dit die geskape mensdom raak. Dit is verder ‘n beskrywing van die ontplooiing van die oorlog en uitwerking wat die oorlog het op die ganse kosmos, maar veral op die mense en spesifiek die getuies van Jesus.

Vyfdens is gekyk na hoe die oorlog volgens Openbaring 12–20:15 pneumatologies gevoer is met ‘n aanduiding van die finale uitslag en ook ‘n aanduiding van wie die oorwinnaar is. Die pneumatologiese oorlog begin met die geboorte van ‘n kind en die verskyning van ‘n groot vuurrooi Draak. Die Draak wou die kind verslind sodra die vrou hom in die wêreld bring, maar die kind is weggeruk na God en na sy troon toe. Die Draak was volgens Openbaring 12:17 toe woedend oor die vrou en het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Die Draak stuur drie agente, simbolies voorgestel as drie diere, om die oorlog te voer. Jesus en sy getuies word uitgewys as die Ruiter op die wit perd en sy leërs wat oorlog voer teen die Draak en sy agente met hul volgelinge en word aangedui as die oorwinnaars wat saam met Hom die duisend jaar lank regeer.[893]

Sesdens gaan dit oor die nuwe skepping en die ewige lewe en koninkryk wat kom ná die oorlog, soos dit beskryf word in Openbaring 21:1–22:5. In die beskrywing van die nuwe skepping gaan dit oor ‘n nuwe stad, ‘n nuwe tempel en ‘n nuwe lewe vir die mense. Laastens

[893] Openbaring 20:6



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is volgens Openbaring 22:6–21[894] aandag gegee aan die uitroep volgens Openbaring 22:7 en 12: “Kyk, Ek kom gou!” en 22:20: “Ja, Ek kom gou! Amen! Kom, Here Jesus!

[894] Die Epiloog



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

## DIE GETUIES (DIAKONOLOGIE)

### Inleidend

Volgens Openbaring 1:6 "Is Jesus Christus die geloofwaardige getuie …" Op voetspoor hiervan word Jesus Christus as geloofwaardige getuie en die getuies as rolspeler en hul getuienis deurgaans in Openbaring aan die orde gestel deur hoofsaaklik die term en begrip "getuienis" (μαρτύριον). In hierdie hoofstuk gaan dit oor die getuies (μάρτυς/μαρτῠρία), hul getuienis (μαρτύριον) en om hul getuienis te lewer, die werkwoord (μαρτῠρέω).[895] Hierdie woordgroep as begrip dui die daad van getuienislewering aan, en gee ook 'n verduideliking oor hoe om te getuig. Al die woorde in die woordgroep het binne sy konteks elke keer min of meer dieselfde betekenis, en is somtyds net meer verduidelikend of dui somtyds meer 'n spesifieke aspek aan van die breër bedoeling van die begrip.[896] Die noue verbintenis van hierdie woordgroep met die woordgroepe "dienaar" en "diens" en ook "aanbidding" en "erediens" bring hierdie saak as teologiese motief tuis onder die teologiese vak Diakonologie.

Volgens die vakwetenskaplike indeling kan die diakonologiese gestalte van die kerklike funksionering wyd uitgebrei word en baie omvangryk wees. In die Diakonologie gaan dit hoofsaaklik oor die kerklike modi as medium, wat Firet[897] die "agogisch moment" noem. Firet sien hierdie medium as die problematiek van die kommunikasie in sy verskeidenheid en veelheid van gestaltes, waardeur die kennis van God (aanbidding), die lewe op grond van die openbaring van God (diens) en die oordra van die boodskap aangaande God (getuienis), bestudeer word. Deur die teologiese plasing van hierdie begrip onder die Diakonologie word

[895] Sien Du Rand (2006:581)
[896] Sien Brown (1987:1041)
[897] Sien Firet (1982:9–22)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

‘n raamwerk geskep waarbinne die teologies-wetenskaplike navorsing onder andere gedoen kan word van die term en begrip getuienis.

Vanuit Openbaring is dit duidelik dat drie van die modi sterk figureer, naamlik aanbidding (*proskunea*), diens (*diakonia en latreia*) en getuienis (*marturia*). In Openbaring[898] is aanbidding die vernaamste funksie van die kerk. Dit word veral in verband gebring met God op die troon. Die lewende wesens is verteenwoordigend van die hele skepping, die ouderlinge verteenwoordigend van die hele kerk, en Johannes in opdrag van die engel en die engele en mense dus verteenwoordigend van die dienaars, in Openbaring ook die getuies.

Aanbidding behels grotendeels neerbuiging, sang en gebed en hierdie modus word in die Diakonologie gesien as die liturgie. Om God te aanbid volgens Openbaring behels onder andere diens, en om hierdie diens aan te dui, word die woord “*latreia*” gebruik en gewoonlik saam met die woord “*doulos*” vir dienaar.[899] In die woord "dienaar" lê die betekenis opgesluit van te behoort aan ‘n heer in volkome onderworpenheid. Volgens Du Preez[900] beteken dit dat die dienaar volgens sy opdrag toegewyd is aan ‘n bepaalde taak. Hierdie taakopdrag blyk duidelik in Openbaring geldig te wees, spesifiek waar Johannes as dienaar moes getuig van die Woord van God en die getuienis van Jesus Christus teen die profetiese agtergrond van die Ou Testament.

Op voetspoor van die Ou-Testamentiese profete-en-volk-van-Godtradisie, waar die hele volk van God Hom dien, het al die dienaars van God se kerk in Openbaring dus ook die taakopdrag om God te dien. As dienaars van die Lam is die kerk sy eiendom en is hul totale lewe diens (*latreia*) aan Hom. Die Lam het immers met sy bloed mense vir God losgekoop en hulle priesters vir ons God gemaak (5:9–10) Die groot menigte mense wat uitroep: "Ons

[898] Sien Openbaring 4:10, 5:14, 7:11, 11:16, 14:7, 15:4, 19:10, 22:9
[899] Sien Openbaring 1:1, 7:3 7:15, 10:7, 11:18, 15:3, 22:3 en 9
[900] Du Preez (1987:164)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

redding kom van ons God wat op die troon sit, en van die Lam", is die mense wat hulle klere gewas het en dit wit gemaak het in die bloed van die Lam.

Die onderwerp van getuiesnislewering kom deeglik aan die orde in Openbaring 10 en 11 wat volledig handel oor die twee getuies[901] wat insluit hul identiteit, hul roeping, hul getuienis en hul getuienistaak. Om hierdie saak ten beste te dien in diens van ‘n fokus op Sending, word ‘n aantal vrae – wat normaalweg deur die Missiologie of Sendingwetenskap aan die orde gestel word – hier gestel aan die teks en hanteer en uitkomste vanuit die Openbaringteks aangebied.

Die vrae word gestel aan die hand van ses W-woorde wat elk kortliks beskryf en verduidelik word en afgesluit word met ‘n laaste W–woord, naamlik “Wederkoms!”, maar met ‘n uitroepteken – en nie met ‘n vraagteken soos die voorafgaande ses vrae nie – wat ‘n eindeskatologiese perspektief gee aan die voltooide en afgehandelde getuienistaak van die gestuurde getuies van Jesus. Die vrae word ook in ‘n spesifieke volgorde gestel, soos dit ten beste die beredenering dien, volg ook logies op mekaar, en vul mekaar aan. Die doel van hierdie hoofstuk is om die lidmate van die kerk – as individue met ‘n identiteit en as getuies van Jesus – sowel as die kerke se roeping en getuienistaak deur middel van hierdie studie te definieer en te fundeer vanuit die Openbaringteks.

Die sewe vrae in terme van W-woorde aan die Openbaring teks in diens van getuienis lewering is:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Waarom? | Die opdrag of taak |
| 2 | Wie? | Die getuies |
| 3 | Wat? | Die roeping |

[901] Sien Ekskursie 23: Die twee getuies



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 4 | Waar? | Die teikengroep |
| 5 | Wanneer? | Die tydsaspek: tyd, tydperk en tydsduur van getuienislewering |
| 6 | Wat daarna? | Die nuwe skepping en die hiernamaals |
| 7 | Wederkoms! | Die koms van Jesus die Koning en sy ewige heerskappy |

### 5.1 Waarom? Die opdrag of taak

Op die vraag "Waarom getuig?" is die antwoord van vele navorsers dat dit 'n direkte opdrag van God is. In Openbaring 1:5 word Jesus aangedui as die "Geloofwaardige Getuie", en dit is waar die opdrag sy oorsprong het. God het binne die konteks van die "Missio Dei" Jesus Christus gestuur met 'n spesifieke opdrag en taak as "Geloofwaardige Getuie". Die breë inhoud van die getuienis van Jesus is dat Hy "… die eerste is wat uit die dood uit opgestaan het, die Heerser oor die konings van die aarde". Kernagtig saamgevat, kom dit neer op die opstanding en koningskap van Jesus. Jesus se sending het dus behels dat Hy uit die dood sal opstaan nadat Hy as Lam gedood (geslag) is, en deur sy opstanding sal hy die dood oorwin en vir ewig as koning van al die nasies regeer nadat Hy die Draak en sy volgelinge verslaan en veroordeel het en in die poel van vuur gewerp het.

In Openbaring 1:1–20 lees ons dat Johannes die getuie is van wat God gesê het en en wat Jesus Christus bevestig het, en dat hy getuig van alles wat hy gesien het. In Openbaring 1:9 lees ons voorts dat Johannes "… die Woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het". Ons konstateer hiervolgens dat 'n getuie binne die konteks van Openbaring iemand is wat die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig. 'n Getuie is dan iemand wat persoonlik geroep word en ook 'n opdrag kry en aangestel of gestuur word om te gaan getuig; met ander woorde, om die Woord van God en die getuienis van Jesus te verkondig. Hierdie opdrag en aanstelling of gestuurdheid gaan gepaard met 'n roepingsvisioen soos Johannes dit



© University of Pretoria

hier in Openbaring 1 ontvang en opskryf. In die slothoofstuk van Openbaring – in 22:16, 18 en 20 – word getuienislewering, die profesie wat die Gees gegee het in hierdie boek, en sending onlosmaaklik met mekaar verbind.

Die opdrag kan verduidelik word aan die hand van die woord **OPDRAG.** Hierdie struktuur word ontleen aan Nel,[902] hoewel ek hier my eie woorde gebruik soos dit voorkom in die Openbaringteks.

**O** Dit is **O**nmoontlik om nie te getuig nie

**P** oor God se **P**lan

**D** as **D**ienaar en **D**raer daarvan

**R** wat ‘n **R**oeping van God ontvang het

**A** om na **A**nder/**A**lle mense (stamme en volke en tale en nasies)

**G** te **G**aan in **G**ehoorsaamheid, **G**ebed en **G**etuienis.

Die definisie van getuienis as opdrag, soos gestel deur Dinamiese Gemeentebou,[903] sluit as volg aan by die Goddelike opdrag as antwoord op die vraag “Waarom Getuig?”: “Om in opdrag van die Vader te gaan en in die krag van die Heilige Gees die evangelie van Jesus Christus aan andere oor te dra en die resultate aan God oor te laat”.

Ten slotte kan ons dan op die vraag “Waarom getuig?” konkludeer dat God Jesus gestuur het as getuie, en dat Jesus 'n engel en vir Johannes gestuur het as getuie, en Johannes deur die sending van die briewe die kerke gestuur het as getuies, en die kerke hulle lede stuur as getuies. Dit word gesien as ‘n opdrag en taak. Die betekenisvolle verwysing na die sewe Geeste van God wat in Openbaring 5:6 oor die hele aarde uitgestuur is, bevestig die

---

[902] Malan Nel (1973:7)
[903] Dinamiese Gemeentebou (1981:10)



© University of Pretoria

Trinitariese werking van God in die "Missio Dei". In hierdie proses kan die belang van die persoonlike verskyning en roeping van God en Jesus aan die getuies nie ontken word nie, maar veel eerder moet dit ontgin word en dit is ook die bedoeling van hierdie hoofstuk.

Eerstens moet die literêre en werklike betekenis van die term "getuie" in Openbaring as aanduiding van wie die getuies is, nagegaan word. Die sosiologiese konteks moet ook nagevors en in berekening gebring word om by die korrekte betekenis te kan uitkom.

Harland[904] wys op die resente navorsing rakende verskeie aspekte van die identiteit van die vroeë Christendom en ander gemeenskappe van dieselfde tyd. Hy wys egter uit dat hierdie navorsing nog mank gaan aan die benutting van veral argeologiese fondse en analises daarvan. In identiteitsbepaling word daar vandag hoofsaaklik gebruik gemaak van literêre bronne en die filosofiese sielkunde, maar volgens Harland behoort die sosiologiese kontekste baie beter nagevors en benut te word.

Die basiese uitgangspunt van die filosofiese sielkunde[905] is dat individuele identiteit blootgelê word deur die breinprosesse van die individu wat sosiale en of anti-sosiale gedrag bepaal, en openlik waargeneem word deur ‘n aantal eksterne publieke waarnemers. Dit is onder andere hierdie individuele gedrag van die gelowiges in die derde grootste stad in die Romeinse ryk, Antiogië, in die Romeinse provinsie Sirië, waar gelowiges volgens Handelinge 11:26 die eerste keer Christene genoem is na aanleiding van hul openbare getuienislewering en gedrag.[906]

Die Griekse naamwoord, μάρτῦρος/μαρτῦρία kry ons by Homeros (Od. 11, 325 e.v.), en daarmee word bedoel om interaktiewe verskynings of openbarings en verklarings te maak of

[904] Harland (2009:1)
[905] Sien Smart (1975:167)
[906] Sien Harnack (1961:54)



© University of Pretoria

boodskappe oor te dra. Ons kry dit netso ook met dieselfde bedoeling by die boodskapper in Sophokles se tragedie *Oedipus Rex* (924 e.v.). Die term μάρτυς word later gebruik vir die aanduiding van die getuie, en μαρτύριον as die bewysstuk of bewyslewering deur die getuie. In die LXX kom die woord μαρτύριον ongeveer 300 maal voor en hoofsaaklik in Exodus, Numeri, Levitikus, en by die Kronis. Die verbintenis met die Gebooie of Wet en die plek van aanbidding, naamlik die tent, tabernakel en tempel, is opvallend en gee meer betekenis aan die woordgroep binne die spesifieke konteks van Bybelse geskrifte.

Brown[907] verduidelik as volg dat die woord μαρτύριον se verbintenis met sekere sake 'n meer gespesifieerde kontekstuele betekenisnuansering oproep:

> The Hebrew word "*mo'ed*" brings the piece of evidence which calls to mind a particular event, or of the deeds, such as the founding of the Law and the covenant to the fore. The word "*mo'ed*" rendered about 130 times in combination with "*skene* = tent", and means the time or place of appointment, implying that at this place God appoint his covenant-people to meet him.The analysis of the use of the word shows that, apart from the special case of the use of μαρτύριον for the Hebrew word "*mo'ed*", means evidence as the content of a statement made, the words of this semantic group essentially remain within the framework already accepted in classical Greek where the original setting of the word group in the Greek world is clearly the legal sphere.
>
> Witnesses appear to give evidence in a trial in respect of events now lying in the past or are called in as so-called formal witnesses in order to provide substantiation in the future, for legal transactions or for solemn confirmation in the finalizing and signing

907 Sien Vol 3 (1978:1038)



© University of Pretoria

> of agreements and in general these are mentioned by name and add their own signatures immediately below the text.
>
> The verb μαρτῠρέω means to bear witness, to be a witness for something, or to confirm something to someone's advantage by giving evidence or to testify that something is the case and with the medium voice means to call someone as a witness. The evidence, the proof, by contrast with the act of giving evidence refers more to the content of the statement or a piece of evidence.

Die woord "μαρτῠρέω" sowel as die Hebreeuse ekwivalent "*mo'ed*", het sy oorsprong in die regspleging, waar dit aankom op die betroubare weergee van feite in 'n geding, maar soos wat hulle deur die getuie gesien en/of gehoor is, en natuurlik gekoppel is aan 'n spesifieke lokaliteit, sodat die regsgeding sy verloop kan neem. Die belang van die lokaliteit van die gebeurtenis ten tye van die getuienislewering is van besondere belang geag. Na gelang van die feite was die persoon 'n getuie of vir of teen die saak waaroor dit gaan. Om te getuig óf vir óf teen 'n saak was 'n saak van dodelike erns, want die getuie het wel ingestaan vir die waarheid van sy getuienis, omdat hy doodgemaak kan word as sy getuienis vals bevind sou word, soos alreeds in die Ou-Testamentiese tyd gebeur het.[908] Die Griekse skrywers, filosowe en digters het hul insigte en oortuigings in die lig hiervan kragdadig in die openbaar verdedig en daarvoor ingestaan met woord en daad, en met bereidheid tot die dood. Indien die getuienis op grond van die feite 'n getuienis vir was, het die getuienis neergekom op'n lofuiting (Job 29:11) wat ons vandag sal tipeer as 'n betroubare getuienis.

In die Nuwe Testament[909] kom die werkwoord **μαρτῠρέω** altesame 76 keer voor, **vier keer in Openbaring as μαρτῠρέιν[910]** 43 keer in die Evangelie van Johannes en sy briewe vir

---

[908] Sien Deut 19:18-19
[909] Sien Du Preez (1978:165) en Du Rand (2006:581)
[910] (1:2, 22:16, 22:18, 22:20)



© University of Pretoria

altesame 47 keer in die Johannese geskrifte, 11 keer in Handelinge, agt keer in Hebreërs, ses keer by Paulus en twee keer by die Sinoptici.

Die woord **μαρτῠρία** kom 37 keer voor, **nege keer in Openbaring**[911] 21 keer in die Evangelie van Johannes en sy briewe terwyl dit elders nie noemenswaardig voorkom nie.

Die woord **μάρτυς** kom 35 keer voor, **vyf keer in Openbaring**[912] 13 keer in Handelinge en 12 keer by Paulus.

Die woordgroep "**getuie**" kom in verskillende vorme voor: Agtien keer in Openbaring en een keer binne dieselfde semantiese veld as "**glo**", wat ek wel hierby inreken op grond van die tekstuele verbinding met "hulle wat die gebooie van God nakom". Die teksaanhalings saamgegroepeer om tot 'n verstaan van die begrip te kan kom is as volg:

1:2 (twee maal) Johannes is die **getuie** van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het, hy **getuig** van alles wat hy gesien het.

1:5 Van Jesus Christus, die geloofwaardige **getuie**, die eerste wat uit die dood uit opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

1:9 Ek was op die eiland Patmos waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die **getuienis** van Jesus verkondig het.

2:13 Tog bly julle aan my naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue **getuie**, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie.

3:14 So sê die Amen, die geloofwaardige en ware **getuie**, Hy deur wie God alles geskep het.

911 (1:2, 1:9, 6:9, 11:7, 12:11, 12:17, 19:10 (2), 20:4)
912 (1:5, 2:13, 3:14, 11:3, 17:6)



© University of Pretoria

6:9 Ek het onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die **getuies** van Jesus vasgehou het.

11:3 Ek sal aan my twee **getuies** opdrag gee, en hulle sal, met rouklere aan, my boodskap twaalf honderd en sestig dae lank verkondig.

11:7 Wanneer hulle hulle **getuienis** klaar gelewer het sal die dier uit die onderaardse diepte uit kom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak.

12:11 Hulle[913] het self die oorwinning oor hom[914] behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle **getuig** het, en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

12:17 Die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die **getuienis** vashou wat Jesus gelewer het.

14:12 Hier het die **gelowiges** volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly **glo.**

17:6 En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges van die bloed van die mense wat vir Jesus **getuig** het.

19:10 (twee maal) Ek is mededienaar van jou en van jou medegelowiges wat aan die **getuienis** vashou wat Jesus gelewer het. Aanbid God, want dit is Jesus wat die **getuienis** gelewer het en dit is die Gees wat die profesie gegee het.

---

[913] Hier word gepraat van die medegelowiges soos genoem in Openbaring12:10
[914] Die aanklaer, die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word



© University of Pretoria

20:4 Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die **getuienis** van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree.

22:16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die kerke te **betuig**.

22:18 Ek **betuig** aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor.

22:20 Hy wat dit alles **getuig** sê: Ja, Ek kom gou!

In Openbaring word volgens bogenoemde aanduiding die term getuienis[915] hoofsaaklik aangewend as aanduiding van ʻn opdrag om die profetiese boodskap aangaande Jesus Christus getrou te verkondig tot die einde toe, en het dus ʻn omlynde en breër betekenis. Hierdie begrip – wat binne die verband van sy verkondiging van groot belang is – kom uit die regspleging en het te maak met ʻn bindende getuienis wat iemand voor die gereg aflê oor wat hy self ondervind en gesien het. Soos in al die geskrifte van die Ou en Nuwe Testament, behou die woord "getuienis" sy juridiese klank en beteken dit die openlike en openbare belydenis van die waarheid.

Die verband tussen getuienis en lyding word in Openbaring duidelik gestel. Vanweë hierdie belydenis kom daar noodwendig vervolging oor hulle wat God se gebooie gehoorsaam en aan die getuienis van Jesus vashou (12:17). Soos dit die lot van die Ou-Testamentiese profete was om ter wille van die boodskap wat aan hulle opgedra is, vervolg te word, te ly en te sterf, so is gevaar en swaard ook deel van die profetiese getuienis aangaande Jesus Christus in Openbaring (19:10, 22:8).

Brown[916] interpreteer die statistiese gegewens van die woordgroep as volg:

---

[915] Sien Openbaring 1:2, 6:9, 12:11, 19:10, 20:4,11:7
[916] Brown (1978:1044)



© University of Pretoria

> "The discovery from the statistical survey that the words of this group are most frequently used in the Gospel of John, his letters and Revelation suggests that the concept of witness has also a more central theological significance for this writer than for all the others".

Op grond van hierdie statistiese gegewens oor die woordgroep in die Openbaringteks en die betekenismoontlikhede kan nou gekom word tot 'n kontekstuele verstaan van die teologiese betekenis van die woordgroep in die teks van Openbaring. Die verstaan van die woordgroep staan in direkte verband met vier ander sake wat Du Rand[917] uitwys as die etiese gedrag van die getuies, waarmee ek volmondig saamstem, maar wat ek in 'n ander volgorde verkies om te hanteer. Hierdie ander sake is: die Gees, verset, martelaarskap en oorwinning.

In hoofstuk 2 is die sending of werking van die Gees aangedui as die Gees wat die profesie gegee het, die Gees wat meevoer en wat die openbaring gegee het, en die Gees wat spreek. Op voetspoor daarvan kan die etiese gedrag van die getuies eerstens niks anders wees as deur die Gees meegevoer nie, soos Johannes in Openbaring 1:10 van homself skryf. Die feit van die saak is dat die etiese gedrag van die getuies altyd en onder alle omstandighede sal wees onder die meevoering van die Gees. Voortspruitend daaruit is dat die etiese gedrag van die getuies altyd die totale konteks sal aanraak as agent van die Gees, soos volledig beskryf word in Openbaring 11:13. Die konteks word ook aangeraak deur die nakoming van die wet van God en die profetiese verkondiging van die Woord van God, of die getuienislewering[918] aangaande Jesus aan elke stam en volk en taal en nasie deur die getuies.

Teenoor die werking van die Gees staan tweedens die teenstrydige en teenstrydende gedrag of verset van die drie diere, uit die see, uit die aarde en die rooi dier. So gesien, word die

---

[917] Du Rand (2006:585–591)

[918] Sien Timothy B. Sailors (CBL 2015) *The Testimony of Jesus and the Spirit of Prophecy in the Apocalypse of John and in Early Christianity*



© University of Pretoria

etiese gedrag van die getuies 'n verset teen die gedrag van die Satan en sy volgelinge, en dit ontketen letterlik oorlog; antropologies, sosiaal-kontekstueel en ook geestelik. In hierdie stryd is daar vir die getuies slegs een opsie, verset teen die teenstrydige gedrag van die strydende.

Volgens die boodskappe aan die sewe kerke is kompromitterende gedrag nie 'n opsie nie, soos duidelik gesien kan word in die oordeelsaankondiginge teen sodanige gedrag van die volgelinge van die dier. Die enigste opsie vir die getuies van Jesus is verset daarteen, hetsy passief as verset (nie geweldadig), hetsy defensief (apologeties) of hetsy offensief[919] (kragdadig) deur getuienislewering. Hierdie verset sou wees teen die gedrag van die drie diere, naamlik teen die strukturele geweld van die owerheid, misleiding tot valse godsdienstigheid, die aanbidding van die Satan en die verleiding tot losbandigheid en deelname aan onsedelike praktyke. Dit is Rowland (2013) wat in sy artikel "The Apocalipse: Sensitivity and Outsiders" die profetiese getuienis van die getuies teenoor die drie diere stel, en sodoende die strydende magte teenoor mekaar duidelik stel.

Wat die aard van die verset ook al mag wees, dit sal derdens lyding en selfs martelaarskap, veral in die geval van meer offensiewe verset, tot gevolg hê. Dit dien vermeld te word dat die woordgroep in die LXX egter nooit gebruik was vir die aanduiding van martelare nie, en die werklike teologiese betekenis onduidelik was; maar daarvan lees ons wel in die Makkabeërboeke, Josefus en rabbynse materiaal.[920] Hierdie woord kry 'n meer spesifieke en gelaaide betekenis ná die martelaarskap en sterwe van Jesus in die Nuwe Testament, en in die tyd daarna en meer spesifiek in die Johannese materiaal, in Handelinge en in ander vroeg christelike geskrifte. Die werklike betekenis van die woordgroep kry in Openbaring ook 'n meer sosiaal-kontekstuele betekenis as slegs literêr letterlik en semanties.

---

[919] Sien die lesings (CBL 2015) van Jan Willem van Henten *Violence in Revelation*, Alexander E. Stewart *Argumentum ad Baculum in the Apocalypse of John: John's rhetorical use of threats in Light of Divine Threats in the Hebrew Prophets and second Temple Jewish Literature*, Olivia Stewart *Jezebel: A study in Prophecy, Devine Violence, and gender*

[920] Brown (1978:1042) beweer wel: "The thought of suffering involved in bearing witness to one's faith even to the point of death and the high esteem paid to martyrdom were widespread in Judaism".



© University of Pretoria

Die lyding en martelaarskap van die getuies van Jesus kan gesien word as 'n vanselfsprekende gevolg van die etiese gedrag as die vashou aan die Gebooie van God en die getuienis aangaande Jesus. Dit word duidelik in Openbaring 12:11b beskryf: "Hulle het nie hulle lewens so liefgehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie". Dit het van die getuies gevra om offensief die strukturele geweld, die misleiding en losbandigheid van die sosio-politieke omgewing van die dag deur profetiese getuies en stawende gedrag teen te staan. Heelwat verwysings na en vermeldings van dood, lyding en swaarkry ter wille van hul getuienistaak kom voor. Die beste verwysing en beskrywing van martelaarskap wat met die dood gepaardgaan, naas dié van Jesus self, kry ons in verskeie van die apokriewe geskrifte, waarvan die beste voorbeeld is "*Die Martelaarskap van die heilige Polikarpus, biskop van Smirna"* uit ongeveer 150–170 n.C. In Openbaring is bewyse van martelaarskap egter uiters seldsaam; dit is net die dood van die getroue getuie Antipas (2:13) wat vermeld word benewens die simboliese vermelding van die dood van die twee getuies in Openbaring 11.

Die visioen van die twee getuies in Openbaring begin ná die sesde trompet in hoofstuk 10, en vorm 'n eenheid met hoofstuk 11, en word gekoppel aan die sewende trompet. Hierdie teksgedeelte stel die plek en rol van die getuies baie duidelik en volledig aan die orde. Bauckham[921] reken die twee getuies verteenwoordig die hele kerk in haar getuienis in die wêreld, soos dit veral deur die simbool van lampe voorgestel word.

In hierdie tekstuele eenheid gaan dit oor drie sake,[922] naamlik die roeping, die plek en rol as martelaar, en die oorwinning van die getuies as vierde aspek van getuienislewering. Eers kry ons die roepingsvisioen met 'n opdrag (10:1–10) waarna die uitvoering van die opdrag deur die getuies deur die skrywer beskryf word (11:1–10) en waarna die oorwinning wat die getuies behaal, aangedui word as die sewende trompet (11:11–19).

---

[921] Bauckham (1993:84)
[922] Groenewald (1986:112) beskryf dit as een visioen met drie onderdele



© University of Pretoria

Rowland[923] skryf: "There is one group of humans who seem to be commended", verwysende na die identifisering van wie die getuies is, en dit is: "Those who bear witness". In Openbaring 10:9 word die inhoud van die getuienis volgens Rowland geïnternaliseer in die geroepe persoon, en so behoort dit te wees met elke getuie. Die sentrale rol wat die getuies speel in Openbaring is dus duidelik, en vervolgens word die getuies nader bepaal deur die visioen van die tempel in Openbaring 11 en wat daarop volg.

In Openbaring 11:1–10 gaan dit oor die identifisering, plek en rol van die getuies as opvolging op hul roeping (*commendment*) en logiese ontplooiing van hul getuienistaak as opdrag (*commandment*) en hul sending (*commission*) en hul eie verbintenis (*commitment*). In die identifisering van die getuies gaan dit hier eerstens oor die plek en rol van die tempel van God, en die altaar en die mense wat God daar aanbid wat Johannes as getuie nou moet meet. Die eerste tempel is dié van Salomo wat ongeveer in die jaar 960 v.C. opgerig is.[924] Die tempel was vir Israel die godsdienstige en militêre sentrum van hul totale bestaan en 'n aanduiding van God se teenwoordigheid en mag in hul midde. Die vernietiging van die tempel kom dus noodwendig neer op die afwesigheid van God en oorwinning deur die vyand.

In Openbaring val die klem nie soseer op wie die getuies is en wat hulle identiteit is nie, omdat hul name nie genoem word nie, maar op wat hulle doen; dit hou dus verband met wat Moses en Elia gedoen het. Hier in die Openbaringverhaal word die twee profete as getuies doodgemaak en dit is 'n toespeling op die doodmaak van die Lam as Paaslam, veral Openbaring 11:8 se vermelding dat hulle lyke in die hoofstraat van die groot stad sal lê waar hulle Here ook gekruisig is. Die getallesimboliek van drie en 'n half dae lank is ook 'n toespeling op die tydperk wat Jesus in die graf was. Die vermelding van hulle opstanding en hemelvaart is 'n aanduiding van die oorwinning wat die getuies wel oor die dood sal behaal,

---

[923] Rowland (2013:3)
[924] Sien1 Konings 5–8 en 2 Kronieke 2–9



© University of Pretoria

net soos Jesus die geloofwaardige getuie wat die eerste was wat uit die dood uit opgestaan het en opgevaar het na die hemel. Die dood en die opwekking van die getuies toon merkwaardige parallelle met Christus se dood en opwekking en ook oorwinning deur lyding of martelaarskap. Die belangrike hier is egter die boodskap dat die getuies hulle getuienistaak verrig volgens die bedieningsroeping en taak van Moses en Elia. Wat in hierdie verhaal van belang is, is dat beide van hulle dood gemaak word en as getroue getuies simbolies voorgehou word as martelare, en dat dit die lot van elke getroue getuie is.

Dit is die tweede Makkabeërboek – wat deur net ‘n minderheidsgroep navorsers gesien word as ‘n apokaliptiese geskrif – wat martelaarskap[925] en die lewe ná die dood onomwonde aan die orde stel.[926] Van der Watt[927] skryf “Die martelare het hulle lewens opgeoffer met die wete dat God hulle weer lewendig sal maak,[928] waarskynlik om aan ‘n aardse messiaanse koninkryk deel te hê.[929] Hierdie verhale van die martelare en hul verwagting van die ewige lewe het die getuies wat na hulle gekom het, gemotiveer om onverskrokke hulle lewens as getuies vir hul godsdiens op te offer, maar met die wete dat daar vir hulle lewe ná die dood is.

In Openbaring 11:11 word die uiteindelike oorwinning van die getuies aan die orde gestel met die aankondiging dat asem en lewe van God af in hulle gekom het, en hulle het opgestaan en ‘n harde stem uit die hemel het vir hulle gesê: “Kom op hierheen!”. Toe het hulle in ‘n wolk na die hemel toe opgevaar en hulle vyande het dit gesien. Toe het die sewende engel op sy trompet geblaas en daar was stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: “Die Koningskap oor die hele wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid. Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid. Openbaring 11:19 beskryf dit

925 Sien Hoofstuk 7 Die martelaarskap van die sewe broers
926 Sien Openbaring 6:26, 7:9, 14:46
927 Van der Watt (2005:390)
928 Sien 7:9–11, 22–23, 12:44, 14:46
929 Sien 7:29, 33, 37, 14:15



© University of Pretoria

as volg: "Toe het God se tempel wat in die hemel is, oopgegaan en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword".

Ford[930] beskryf hierdie siening sosio-histories getrou, as volg:

> That the Messiah is to build the new temple point to its eschatological aspect, with which is linked the concept of universalism. The notion originates from the concept of Yaweh as creator and the new temple as the symbol of the unity of all mankind. The new temple will be the place of worship for the exiles and also for the gentiles (Sir 36:11–14). The remarkable part of the story of the two witnesses is not only their witness, but their vindication, their resurrection and ascension.

Tereg beweer Du Rand[931] dat in die aangrypende verhaal van die twee getuies[932] die oorwinning van die twee getuies[933] die saak is waaroor getuienislewering eintlik gaan en waarop dit uiteindelik uitloop. Tereg som Du Rand[934] die gedagte op met sy opmerking dat martelaarskap tot oorwinning lei. Die martelare oorwin die dood deur hul getuienis en gaan volgens Openbaring 6:9–11 ná hul dood daarmee voort deur te bid vir die geregtigheid en ewige heerskppy van God om gou te kom. Hendriksen[935] het dit raakgesien toe hy die tema en opskrif van sy boek oor Openbaring genoem het "Meer as Oorwinnaars" volgens Openbaring 17:14. Vanuit bogenoemde tekste kan 'n aantal getuies as rolspelers in die Openbaringverhaal geïdentifiseer word waarmee die leser van vandag as getuie mee

---

930 Ford (1975:174)
931 Du Rand (2006:587)
932 Sien Ekskursie 23 *Die Twee Getuies*
933 Sien Openbaring 11:11-19
934 Du Rand (2006:589)
935 Hendriksen (1967:154)



© University of Pretoria

geidentifiseer kan word, en hulle ook mee kan identifiseer, en dit is Jesus, Johannes,die apostels, die kerke, die priesters, profete, die dienaars, en die gelowiges.[936]

### 5.2 Wie? Die Getuies

Die eertse vraag as vertrekpunt wat eerstens hier gestel en beantwoord word, is "Wie is die getuies?" Dit gaan in hierdie vraagstelling hoofsaaklik oor die identiteit van die individu en die groep. Wie die getuies as rolspelers is in Openbaring kry die aandag met hierdie vraag, afsonderlik maar in samehang met mekaar, almal as dienaars van God.

**Jesus** word hoofsaaklik die geloofwaardige getuie genoem (1:4) en staan in direkte verband met die openbaring van God deur die sending, die inkarnasie en die woord as getuienis van hierdie sending, soos dit in die Bybel opgeskryf is. Die inhoud van die getuienis van Jesus is sy woord of prediking sowel as sy dood en opstanding. Die realisering of ontvouing daarvan vind ons in die getuienis van die apostels en diegene wat deur hulle getuienis tot geloof sou kom in Jesus, en aan hulle getuienis, roeping en opdrag om getuies te wees, getrou volhard en sy gebooie nakom. Dit is die sending van sy getuies, die apostels.

**Johannes** het as **apostel** die selfgetuienis van Jesus, wat ook God se getuienis aangaande sy Seun is (1 Joh 5:9–11), met getrouheid en volharding deurgegee. Johannes getuig ook self in Openbaring 1:9 "Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding". Johannes dui homself nooit aan met die woord μάρτυς nie, maar sy werksaamheid as getuie word in 1:2 aangedui met die werkwoord μαρτΰρέω. As getuie tree Johannes as oor- en ooggetuie van sy Sender op. In dié verband gebruik hy 39 maal die werkwoord "sien" en 28

[936] Die getuies (11:3, 12:11, 17:6) word dus ook genoem priesters vir God (1:6, 5:10, 20:6), dienaars (1:1, 6:11, 7:3, 7:15, 10:7, 11:18, 19:2, 19:10, 22:3, 22:6, profete (10:7, 11:10, 11:18, 16:6, 18;20, 18:24, 22:6, 22:9), apostels (18:20, 21:14) en medegelowiges (1:9, 6:11, 8:4, 11:18, 13:12, 16:6, 17:6, 18:20, 18:24, 19:8, 19:10, 22:6, 22:9)



© University of Pretoria

maal die werkwoord "hoor". Deur die Gees meegevoer, (1:10) het hy alles wat hy gesien en gehoor het, en wat hy in die boek opgeskryf het – die openbaring oor wat binnekort moet gebeur en wat geld vir die verlede, die hede en die toekoms – gestuur aan die sewe kerke.

Johannes het nie soos die skrywers, filosowe en digters van daardie tyd μαρτΰρέω gebruik om by wyse van 'n plegtige betuiging 'n persoonlike opinie te gee nie. Vir Johannes het dit daaroor gegaan om die woord van God, soos dit aan hom geopenbaar is, op te skryf en te stuur aan die kerke en self die getuienis van Jesus se selfgetuienis te verkondig deur middel van 'n profesie wat deur die Gees aan hom gegee is met betrekking tot die verlede, die hede en die toekoms van die ganse skepping en die kerk.[937]

In Openbaring 18:20 word die **apostels** saam met die profete as gelowiges aangedui, en so word alle gelowiges van alle eeue en tye binne die kader van die getuies geplaas. Openbaring 21:14 dui ook die belangrike plek en rol van die apostels aan as grondleggers van die kerk se getuies, sowel as hulle sonderlinge roeping en taak, hul sending. In 18:20 word die terme "gelowiges", "apostels" en "profete" saam gebruik en met mekaar verbind. In 18:24 word gepraat van die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is, en die apostels, profete en gelowiges, almal saam tuisgebring onder die noemer van getuie wees en hulle God dag en nag in sy tempel dien (7:10, 14 en 15). Die gereformeerde kerke het in hul belydenis in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 12, Vraag en Antwoord 31,[938] drie funksies as die ampte van Christus beklemtoon en so by die drieërlei amp van Jesus

[937] Sien Du Preez (1978:168)
[938] Sien *Ons Glo, Die Drie Formuliere van Eenheid en Ekumeniese Belydennisse* (1992:47) "Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem? Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het, (b) tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree, (c) en tot ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar"



© University of Pretoria

Christus as die Gesalfde[939] aangesluit. Hiervolgens word in die gereformeerde kerke gepraat van die ampte van koning, priester en profeet.

In Openbaring word die woord **dienaar** (δοῦλος) vir Johannes gebruik in 1:1, en vir Moses in 15:13, en vir die profete in 10:7, 11:18 en 22:9. Vir die engel in 19:10 en 22:9 word die woord συνδουλος oftewel "mededienaar" gebruik. Volgens 2:20, 7:3, 19:2 en 5, 22:3 en 22:6 word die woord "dienaars" gebruik as ‘aanduiding van al die gelowiges. Waar die woord "dienaars" alleen gebruik word, is dit ‘n verwysing na die hele volk van God. In Openbaring 2:20 word met "dienaars" bedoel al die gelowiges in Tiatira, en dit het in 19:2 en 19:5 betrekking op alle gelowiges. Al die gelowiges in Tiatira word dus geag dienaars van Christus te wees, en daarom van God self, volgens 7:3, 19:2 en 5 en 22:6. Die dienaargedagte kom ook in die Ou Testament voor, waar Abraham, Moses, Josua, Job en Dawid se name parallel gebruik word met die verbonds- en volksbegrip. Dit is veral die bekende Jesaja 42 tot 53-gedeelte met die “knegliedere” wat die dienaar- en gesalfdegedagte as dienaar deur God gesalf vir ‘n spesifieke taak, bymekaarbring.[940]

In die lig van bogenoemde gegewens kan die gevolgtrekking gemaak word dat die begrip "dienaar" binne die verbondsverhouding van God en sy volk funksioneer, en algaande die betekenis gekry het van uitverkiesing tot ‘n bepaalde opgelegde taak. Hierdie taakopdrag kom duidelik na vore in Openbaring, waar Johannes as dienaar getuig van die Woord van God en aangaande die getuienis van Jesus Christus. Die profete as dienaars funksioneer ook met die spesifieke opdrag om te profeteer deur die Woord van God wat tot hulle kom, aan die volk deur te gee. Net so kry Johannes die opdrag om die profesie wat die Gees gee, op te skryf en aan die kerke te stuur en daardeur word sy taakopdrag gekonstitueer. Hierdie

---

[939] Sien Openbaring 11:15 en Psalm 2:2
[940] Sien Du Preez (1978:162–163)



© University of Pretoria

taakopdrag van die diensknegte word nader omskrywe en gedefinieer deur die woord "getuie", soos dit hierbo teologies verduidelik is.[941]

Op twee plekke (1:6, 5:10) word geskryf van die **priesters vir God** en word hulle verbind met die koninkryk. In Openbaring 20:6 word vermeld dat die priesters van God en Christus saam met Hom duisend jaar lank sal regeer. Die gemeenskaplike priesterskap[942] van die gelowiges is dus as objek die koninkryk van God wat God se besondere magsgebied aandui en in die wêreld sigbaar maak. Hierdie sigbaarmaking van God se magsgebied in die wêreld dra ‘n getuieniskarakter, en dit word gedoen deur die offers van gebed, die verkondiging van die woord, die vashou aan die getuienis van Jesus, die nakoming van die gebooie, die offer van die totale lewe aan God wat gepaardgaan met die onderwerping aan lyding en die dood, en met die hoogtepunt die aanbidding van God as doksologie.

Openbaring toon ook aan dat **alle gelowiges** getuies van Jesus is. In Openbaring 17:6 word “die bloed van die gelowiges” en die “bloed van die mense wat vir Jesus getuig het” parallel met mekaar gebruik met presies dieselfde onderliggende verwysing. Daar kan moeilik aanvaar word dat hierdie twee verwysings na twee afsonderlike groepe verwys. In 12:11 verwys die “hulle” wat die Satan deur die woord van hulle getuies oorwin, duidelik op al die gelowiges en ook die ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het.[943]

In Openbaring 19:10, wat ek beskou as die *locus classicus* en getuienis van die openbaring van die Drie-Enige God, word die woorde **mededienaar en medegelowige** saam gebruik met die opdrag om God te aanbid, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het. Hiervolgens konstateer ek dat die gesamentlike gebruik van

941 Sien Du Preez (1978:164 en 165)
942 Sien Margaret Barker (2000:27-56) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Priests of Israel
943 Sien Du Preez (1978:170)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie twee woorde binne die konteks van die Drie-Enige God se werksaamheid, geen twyfel laat nie dat alle gelowiges getuies is en moet wees van Jesus Christus. In Openbaring 6:11 word die twee woorde saam gebruik binne die marturologiese verband van die getuienislewering wat die beredeneerde opinie verstewig.

In 11:3 lees ons van die twee **getuies** wat opdrag kry om die boodskap te verkondig en in 11:10 word die twee getuies twee profete genoem. Dit dui weereens een en dieselfde persone en take aan. Die getuies tree in opdrag van God op. Hulle verkondig God se boodskap, hulle doen natuurwondertekens, hulle oorwin die vyand, hulle word ook doodgemaak, hulle lyke word bespot, hulle staan op uit die dood en vaar op na die hemel. Hulle taakopdrag is ook sterk juridies gekleur, en dien as voorbeeld van getuies wat met hul lewe geboet het vir die getuienis waaraan hulle vasgehou het tot die dood toe.

Konkluderend kom dit kortliks daarop neer as antwoord op die vraag: "Wie is die getuies?" vanuit die Openbaring teks "Almal wat die Woord van God verkondig en tot die dood toe vashou aan die getuienis wat Jesus gelewer het". Deur dit te doen, word die getuie individueel geïdentifiseer as christen en kollektief geïdentifiseer as die kerk van Christus. Die identiteit van die Kerk van Christus kom in die volgende hoofstuk aan die orde.

### 5.3 Wat? Die inhoud van die getuienis van die getuies

Die antwoord op die vraag "Wat is die inhoud van die getuienis van die getuies?" is redelik voor die hand liggend. Dit word in Openbaring 1:5–6 aan die orde gestel en in die res van die Openbaringverhaal verder ontwikkel. Dit gaan eerstens oor die identiteit van Christus as die inhoud van die getuienis en hoe Jesus dit self oorgedra het op sy getuies. Dit behels vanuit die Openbaringteks hoofsaaklik die volgende:

1 Jesus Christus is die geloofwaardige getuie.



© University of Pretoria

2 Jesus Christus is die eerste wat uit die dood uit opgestaan het.

3 Jesus Christus is die heerser oor die konings van die aarde.

4 Jesus Christus het ons lief.

5 Jesus Christus het ons deur sy dood (bloed) van ons sonde verlos.

6 Jesus Christus het ons sy koninkryk gemaak.

7 Jesus Christus het ons priesters vir God, sy Vader, gemaak.

8 Aan Hom, Jesus Christus, behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.

9 Hy, Jesus Christus, is die Amen wat dit alles self getuig het en gesê het: "Ek kom gou!"

Bogenoemde uiteensetting kom eerstens neer op die selfgetuienis van Jesus aan sy dissipels, en deur hulle as oor- en ooggetuies soos Johannes dit in onder andere Openbaring opgeskryf het en gestuur het aan die Kerke met die doel om dit voor te lees en verder voort te dra deur dit oor te vertel as getuienis. So gesien, dra die getuies Jesus se selfgetuienis as geloofwaardige getuie nou op hulle beurt die ongelowige wêreld in, en daarmee en daardeur namens Jesus teen alle ongeloof in en om dit te veroordeel. Daarmee word ‘n geregtelike situasie geskep, en kry die getuienis van die getuies ‘n juridiese karakter, omdat dit ‘n getuienis namens God teen alle ongeloof is.

Die juridiese karakter van die getuienis blyk op treffende wyse in Openbaring as die gelowiges in 6:10 uitroep vir die voltrekking van die oordeel en in 12:11 hulle aanklaer oorwin deur die woord van hulle getuienis. Die identiteit wat die getuie openbaar, speel hierin ‘n kardinale rol en die bevestigende getuienis dat die vroeë getuies aangaande hul identiteit in



© University of Pretoria

Christus getuig en geopenbaar het, is die feit dat hulle van vroeg af al "christene" genoem is. Die minder bekende "Brief aan Diognetus"[944] gee saam met die Bybelse bronne 'n goeie beskrywing van die lewe of moraliteit waaraan die christen geïdentifiseer behoort te word.

Hiermee hang tweedens ten nouste saam dat die getuienis van die getuies omvattend van aard is en volledig van inhoud is, omdat dit juridies gesien, geskied met die inset van die hele persoon.[945] Die getuies is immers bereid om met hulle hele lewe te betaal, en dit plaas getuienislewering wel binne 'n marturologiese verband. In Openbaring 1:9 vermeld Johannes self dat hy saam met die medegelowiges deel het aan die verdrukking en dat hy na die eiland Patmos verban was, omdat hy die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het. In Openbaring 2:13 word geskryf  van die dood van die getroue getuie Antipas, en Openbaring 6:9 en 20:4 berig van diegene wat gedood is ter wille van die Woord van God en die getuienis van Jesus waaraan hulle vasgehou het.

In Openbaring 12:11 word vermeld dat die medegelowiges hulle lewe nie só lief gehad het dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie; en in Openbaring 12:27 lees ons van die draak wat weggegaan het om oorlog te maak teen die ander nakomelinge van die vrou wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Wat hierdie tekste vir ons sê, is dat die getuies van Jesus bereid was om te sterf vir hul getuienis en dat hul dus ook met hul dood getuig het. Die tweede aspek van getuienislewering kan ons dus beskou as die vashou aan hul lewenswaardes of etos van die getuies.

Die derde aspek van getuienislewering wat die inhoud aanbetref, sal dan die spesifieke dade of leefstyl wees van die getuies en wat ook as hul etiese optrede beskryf kan word.  Die getuienis van die getuies behels 'n belydenis en optrede wat stelling inneem teenoor alles wat in Openbaring 21:8, 21:27 en 22:15 aangedui word van diegene wat bang en ontrou geword

[944] Sien Thierry (1964)
[945] Sien Du Preez (1978:171)



© University of Pretoria

het, naamlik die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood. Hieruit kan hoofsaaklik drie etiese hoofkomponente uitgelig word, soos dit ook in die sewe briefboodskappe uitgelig kan word, naamlik om nie deel te neem aan afgodery nie, om te waak teen selfvergoding, en derdens om 'n stryd te voer teen die Draak en sy volgelinge deur getuienislewering en die oorwinning oor hulle te behaal. Die oorwinning kan slegs behaal word deur hierdie drie komponente van die etiek in Openbaring te leef deur woord en daad, en dit op elke lewensterrein toe te pas en die waardes van die Woord en die getuienis te vestig, dit kom daarop neer om die koninkryk van God op elke lewensterrein te vestig.

Hierdie getuienis kan slegs gedoen word deur hulle wie se name van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag was (Openbaring13:8) en die Woord van God verkondig het, en tot die dood toe volhardend aan die getuienis van Jesus vasgehou het (20:4). In Openbaring 20:4 word die eindeskatologiese posisie van die getuies wat as martelare gesterf het, aangedui deur die vermelding "Hulle het op die trone gaan sit en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op op die voorkop en op die hand aanvaar het nie.

Volgens die inhoudelike van die boodskappe[946] wat Johannes opgeskryf en aan die sewe **kerke** gestuur het, blyk dit uit Openbaring 2 en 3 dat 'n regsgeding tussen Jesus en vyf van sy sewe kerke hul voortbestaan bedreig het. Afgesien van die gespesifiseerde aanklagte is dit duidelik dat die getuienis van die kerke nie geloofwaardig en getrou is nie, en nie voldoen aan Jesus se selfgetuienis nie, naamlik dat Hy die Amen is, die geloofwaardige en ware getuie, soos dit gestel word in Openbaring 3:14 aan die kerk in Laodisea. Deur Johannes se getuienis word die kerke met groot klem daarop gewys dat Jesus in 'n regsgeding met sy kerk

---

[946] Sien hoofstuk 6.6 *Die sewe boodskappe aan die sewe kerke as 'n morele perspektief vir die kerk vandag*



© University of Pretoria

sal tree as hulle sou nalaat om hul getuienis betroubaar en geloofwaardig voor die wêreld te lewer. By die CBL (2015) is drie lesing gelewer met die onderwerp van ‘n regsgeding.[947]

Alexander Stewart wys Openbaring 2:5, 2:16, 2:22, 3:3 en 22:18-19 uit as tekste met ‘n *argumentum ad baculum*, “arguments relies on threats, fear, and force to achieve its goal”. Hy verbind die *argumentum ad baculum* met die sending deur te wys op veral die verbintenis met die semantiese term ἑρχομαι en aldus met die koms van Jesus. Jan Willem van Henten “Discussed aspects of violence in Revelation by focusing on the topic of the Lamb Christology” en verbind die gewelds tekste met Jesus as die Lam wat gedood is. Eliza Rosenberg wys Openbaring 17-18 uit as ‘n “Complex biblical discourse surrounding gender, power and justice”. Sy ontleen die geweld tekste aan Rigters 19-20 as toespeling uit die Ou-Testament en Isebel en reken “Revelation can be seen to draw spesifically upon biblical texts in which powerful and wicked women meet with violent ends that they are presented as having earned themselves”.

Alexander Stewart definieer die *argumentum ad baculum* as volg:

> It is best defined[948] as the type of argument that derives its weight of presumption in a dialogue through the use by one participant of an appeal directed to the fear or timidity of the other participant. So defined, this type of argument is characterized as an appeal by one party to the emotions, or the susceptibility to emotion, of another party in a dialigue. However it also needs to be recognized that such an appeal may, and often does, contain the making of a threat, either overtly or covertly, by the first party”.

---

[947] Jan Willem van Henten *Violence in Revelation*, Alexander E. Stewart *Argumentum ad Baculum in the Apocalypse of John: John’s rhetorical use of threats in Light of Divine Threats in the Hebrew Prophets and second Temple Jewish Literature*, Olivia Stewart *Jezebel: A study in Prophecy, Devine Violence, and gender*.
[948] Sien Douglas N. Walton (1992) *The place of Emotions in Argument*



© University of Pretoria

> Divine threats communicated through human speakers or writers in the form of "*If you do – or not do – I will – or will not – do.* Formally, these threats include an imperative followed by a conditional sentence. The resulting argument falls neatly into the form. The protasis assumes an action in the second person (the imperative) and the apodosis includes a first person verb in the futuretense which is ominously intensified by the present tense of έρχομαι in Revelation 2:5, 16 and 2:22, cf βάλλω. Similarly in Revelation 22: 18-19 hearers are threatened with judgement from God if they dared add or substract from this book. In this threat the protasis is indefinite – anyone – and the apodisis is a future verb in the third person – God will ... – .

Johannes se getuienis oor die kerke hou verband met die ingesteldheid van die kerke teenoor die sosiale en godsdienstige werklikheid van die wêreld. In Johannes se getuienis aan die kerke getuig hy oor wat goed is, wat verkeerd is, wat die kerk kan verwag as hulle hul nie bekeer nie, wat hulle behoort te doen en ook wat hul beloning sal wees as hul luister na wat die Gees aan hulle sê en die oorwinning sou behaal.[949]

### 5.4 Waar? Die teikengroep

Die sewemalige voorkoms van die frase "stam en taal en volk en nasie" is die aanduiding van wie die teikengehoor is; met ander woorde, waar en teenoor wie die getuienis gelewer moet word. Hierdie term kom in Openbaring sewe maal voor:[950]

5:9 Met u bloed het U mense vir God losgekoop **uit elke stam en taal en volk en nasie.** U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.

---

[949] Sien Du Preez (1978:168)
[950] Sien Mounce (1977:148), Beale (1999:359), Du Rand (2007:259), Morris (1987:97) en Hoofstuk 3.2 vir 'n meer volledige verduideliking van dié woorde



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7:9 Die groot menigte mense met die wit klere aan was van **elke nasie en stam en volk en taal** en het voor die troon en voor die Lam gestaan.

10:11 Jy moet weer God se boodskap **aan baie volke en nasies en tale en konings van stede** verkondig**.**

11:9 Mense **van al die volke en stamme en tale en nasies** sal die lyke van die twee getuies van God in die hoofstraat van die groot stad waar hulle Here ook gekruisig is, sien lê en nie toelaat dat hulle begrawe word nie.

13:7 Die dier uit die see is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en gesag uit te oefen. Hy het teen God begin laster, hy het God se naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster. Aan hom is ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin en daar is gesag aan hom gegee **oor elke stam en volk en taal en nasie.**

14:6 'n Engel het 'n goeie boodskap gehad wat vir ewig van krag bly. Hy moes dit aan die bewoners van die aarde, **aan elke nasie en stam en taal en volk** verkondig.

17:15 Die waters waar die sedelose vrou bly **is volke en stamme en nasies en tale.**

Hiervolgens en binne die konteks van Openbaring is dit duidelik dat dit alle mense deur alle eeue en tye in die ganse kosmos is, en dat daar nie 'n geografiese aanduiding of beperking of uitgesonderdheid is nie. Die aanduiding in Openbaring 1:3 is ook duidelik, en dit gaan oor mense wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en die mense wat dit ter harte neem. So gesien, kan ons die teikengehoor omskryf as die totale mensdom, die hele bewoonbare wêreld of die ganse skepping wat elke mens insluit van die begin af tot die einde toe teenoor wie getuig moet word.



© University of Pretoria

Dit is vir die teologie en die kerk vir die praktyk dus nodig om die mensdom nader te bepaal. In hierdie nadere bepaling, soos veral deur die sosiologie as wetenskap nader bepaal, behoort daar gekyk te word na mensegroepe, godsdienste, kerke, tale, kulture, nasionaliteite, regeringsgebiede, sosiale groeperinge en lewensverbande. Die kritiese aspek is egter om vanuit die teks vas te stel hoe om die afstand of verskille te oorkom in belang van die getuienis opdrag en taak as sendeling, en ook wat die doel van die opdrag en taak en sending is, naamlik om alle volke en stamme en tale en nasies tot die aanbidding van God te bring.

Die beste manier om die begrip sending aan te definieer en skriftuurlik te fundeer, is volgens die gebed van Jesus in Johannes 17 waarin aspekte soos geregtigheid, liefde, genade, versoening, eenheid, gedrag en getuienis duidelik na vore kom en waarvan getuig moet word deur die getuies, en dit deur gestuur te word, want soos Jesus gebid het "soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook".[951]

Die teikengroep teenoor wie getuig moet word, sal dan wees "almal wie se name **nie** van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag was, **nie**" (13:8) en diegene wat gestuur word om teenoor hulle te getuig, is dan "diegene wie se name in die boek van die Lam geskrywe staan" (21:27) en gestuur is as getuies deur Christus en sy kerk.

### 5.5 Wanneer? Die tydsaspek: Tyd, tydperk en tydsduur van getuienislewering

Die uitdrukking "εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων" kom volgens Du Preez[952] minstens 12 maal voor in Openbaring.[953] Dit is volgens hom opvallend dat die volle uitdrukking met die dubbele αἰών in die meervoudsvorm so herhaaldelik en so konsekwent aangewend word met

[951] Sien Hoofstuk 7.1.3 *Die teologiese betekenis van die woord "sending"* vir 'n meer volledige hantering van Johannes 17 en die sendingbegrip

[952] Du Preez (1978:52)

[953] Openbaring 1:18, 4:9, 4:10, 5:13, 7:12, 10:6, 11:15, 15:3, 15:17, 22:5



© University of Pretoria

sy swaar eskatologiese aksent. Hierdie uitdrukking in Openbaring kan gesien word as tegniese term vir die aanduiding van die ewigheid, en kan na gelang van die aanwending daarvan vertaal word as "vir ewig en ewig, vir ewig en altyd, vir altyd en ewig, vir altyd en altyd en in alle ewigheid".[954] Die term beteken dan volgens Du Preez[955] kort en kragtig "Die Here God leef vir ewig en vir altyd en is ook Koning van die ewigheid vir altyd en dus ook van die geskape tyd.

Du Preez[956] stel dit duidelik dat tyd 'n aspek van die geskapene is. God is dus Heer en in beheer van tyd, van elke tydperk en bepaling van enige beperkte tydsduur, en van alle gebeurlikhede. Volgens Mounce[957] "God is the source of all revelation". As Skepper is Hy ook Heer en in beheer van alle magte, kosmiese sowel as menslike magte, en in beheer van alle magte wat invloed uitoefen of optree in die tyd of geskiedenis soos dit aan ons bekend is. Tyd, tydperke en tydsuur en die gebeurtenisse en die magte wat optree, is so nou met mekaar verbind dat dit nouliks los van mekaar gedink of gehanteer kan word.

Openbaring 1:1, saam met die gelykluidende 22:6 en 1:19, en saam met die gelykluidende 4:1, is eerstens van belang vir die verstaan van die tydsaspek in Openbaring.

> 1:1 God het die Openbaring oor *wat binnekort moet gebeur* (τάχει), vir hom gegee…
>
> 22:6 Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys *wat binnekort moet gebeur* (τάχει).
>
> 1:19 Skrywe op wat jy gesien het wat daar is en *wat hierna gaan gebeur* (μετὰ ταῦτα).
>
> 4:1 Hierna (μετὰ ταῦτα) het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor

954 Sien Sasse, H in Kittel Abridged (1985:33–32)
955 Du Preez (1978:53)
956 Du Preez (1978:48)
957 Mounce (1977:64)



© University of Pretoria

praat het, het gesê: "Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys *wat hierna gaan gebeur* (μετὰ ταῦτα).

Die twee begrippe, "wat binnekort moet gebeur" en "wat hierna gaan gebeur", staan volgens Mounce en Beale[958] meer in verband met die eskatologiese motief as enige ander motief, en word ook verbind met Daniël 2 as oorsprong,[959] en kry met hierdie verbintenis veral sy oorsprong, verstaan en prominensie vanuit die apokaliptiese literatuur. Beale[960] wys wel daarop dat sommige Daniëltekste die term (ἐσχάτων τῶν ἡμερῶν) as wisselterm gebruik, maar konstateer: "Given the great number of textual and contextual similarities between Revelation and Daniel versus it may be said that Revelation clearly draws from Daniel".

Die term *wat binnekort of gou moet gebeur* (τάχει) 'n aanduiding van die historiese immanensie van gebeurlikhede.[961] Mounce[962] beskryf dit as volg: "History is not a haphazard sequence of unrelated events but a divinely decreed ordering of that which must come to pass". Die term *wat hierna gaan gebeur* (μετὰ ταῦτα) is weer 'n aanduiding van 'n ewige permanensie van gebeure. Mounce[963] beskryf dit as volg: "It is best to understand it as referring essentially to a time yet future. While God is eternally adored in heaven and since events on earth have their origin in heaven, a true insight into history is gained only when we view all things from the vantage point of the heavenly throne".

Indien die sentraliteit van die troon van God en dat alles van daar af gebeur, die uitgangspunt is, is die gebruik van die woord ἄρτι in Openbaring 12:10 en 14:13 van besondere betekenis.

---

958 Beale (1990:152)
959 Sien spesifiek (2:19-22, 28–30 en 45)
960 Beale (1990:157)
961 Enrico Norelli (CBL 2015) het die aanwending van hierdie term deeglik nagevors in sy lesing *Le livre et le temps court: la construction du temps dans le cadre de l'Apocalypse de Jean*

962 Mounce (1977:64)
963 Mounce (1977:132–133)



© University of Pretoria

Dit word vertaal met die woord “nou” en dui dus op ‘n direkte en en onmiddellike handeling van God en dui die teenwoordige tyd aan.

Twee woorde word verder in Openbaring gebruik vir die aanduiding van tyd, naamlik καιρός en χρόνος, en word afwisselend gebruik. Die twee woorde word nege maal saam in Openbaring gebruik. Sommige geleerdes toon aan dat καιρός meer gebruik word vir ‘n gebeurtenis of geleentheid van die oomblik, terwyl χρόνος meer gebruik word vir die aanvang en verloop van ‘n gebeurtenis. Beide word wel normaalweg gebruik vir die aanduiding van ‘n begin tot ‘n einde. James Barr[964] het beswaar gemaak teen die duidelike omlynde onderskeid wat baie geleerdes tussen καιρός en χρόνος in die Nuwe Testament maak, en toon aan dat die terme afwisselend vir dieselfde aanduiding van tyd gebruik word. Wat die spesifieke betekenis van elke woord is, sal telkens vanuit die konteks van die teks vasgestel moet word terwyl die Ou-Testamentiese apokaliptiese gebruik van die terme en die getallesimboliek van Openbaring ook deeglik in berekening gebring moet word.

Die aanwending van hierdie woorde staan in Openbaring in direkte verband met die Joodse getallesimboliek, en in die besonder met die getal 7. In Genesis 1:1–2:4a word die skepping verbind aan sewe dae, en die sewende dag in die besonder is die Sabbatdag waarop God rus. In Levitikus 25:1–8 lees ons van die wetgewing in verband met die sabbatsjaar, die sewende jaar en die hersteljaar, die 50ste jaar ná die sewe maal sewe jaar. Die getal sewe dae speel ook ‘n belangrike rol as volle tydperk in die priesterlike reinigingswette. Binne die apokaliptiese genre van Openbaring moet ook teruggekyk word na Henog 72:32b–33 en 77:4–8 en veral Daniël 7:25 en 12:7.

Van waarde vir die verstaan van die tydsaanduiding in Openbaring 10 tot 11 is veral die uitdrukking in Openbaring 12:14 “καιρὸν καὶ καιροὺς καὶ ἥμισυ καιροῦ”, wat aansluiting

[964] James Barr (1962)



© University of Pretoria

vind by en sy bedding hoogswaarskynlik vind in Daniël 7:25 en 9:27 "καιροῦ καὶ καιρῶν καὶ ἥμισυ καιροῦ" en 12:7 "καιρὸν καιρῶν καὶ ἥμισυ καιροῦ". In Latyn lui dit "ad tempus et tempora et dimidium temporis", wat vertaal word as "'n tyd van tye en die helfte van 'n tyd", "a time of times and half a time". In Openbaring 10 tot 11 word hierdie tydsaanduiding in 'n trilogie aangebied as "twee en veertig maande (42 ÷ 12 maande = 3,5 – die helfte van 7), 1 260 dae (1 260 ÷ 30 dae per maand = 42 maande – die helfte van 84 as 12 maal 7) en drie en 'n half dae (die helfte van 7 dae). Die bedoeling is telkens dat dit nie ewigdurend sal wees nie, net 'n sekere, beperkte, vasgestelde of afgebakende tyd sal duur, en 'n besliste einde sal hê.

Volgens die apokaliptiese literatuur en verstaan het ons hier te doen met 'n beperkte tyd waarin God die dier en sy volgelinge toelaat om die getuies van Jesus en die mense wat God aanbid, dood te maak. Die simboliese twee en veertig (42) maande – wat gelyk is aan drie en 'n half jaar, wat weer die helfte is van sewe jaar – as 'n afgemete en beperkte tyd, kan ook teruggevoer word na die tyd van Elia se optrede in Israel toe 'n knellende droogte drie en 'n half jaar of twee en veertig maande geheers het. Volgens Numeri 33:5–49 het die volk tydens hul reis deur die woestyn onder leiding van Moses en Aäron by 42 stilhouplekke kamp opgeslaan.[965] Volgens alle aanduidings sinspeel die twee getuies se optrede op presies dieselfde werksaamhede as Elia en Moses. Die twaalf honderd en sestig dae (twee en veertig maande van dertig dae elk), ook drie en 'n half jaar, wat die twee getuies volgens hul opdrag die boodskap verkondig het, is ook 'n aanduiding van 'n beperkte tyd met 'n einde, en staan in teenstelling en in konflik, maar ook in ooreenkoms met die twee en veertig maande wat aan die heidene oorgegee is. Dit is egter 'n aanduiding van presies dieselfde situasie. Ten slotte word die tydperk van die dood van die getuies ook beperk en beëindig deur die aanduiding van die getal drie en 'n half dae, die helfte van sewe dae, waarna die harde stem

[965] Sien Du Rand (2007:365)



© University of Pretoria

uit die hemel hul oproep en hulle in ‘n wolk na die hemel toe opvaar ten aanskoue van hul vyande (11:12).

Die tydsaanduiding “’n tyd van tye en die helfte van ‘n tyd”, of soos dit in syfers aangebied word in Openbaring vir getuienislewering, is duidelik van hierdie oomblik af totdat die Here Jesus weer kom en die einde sal aanbreek. Dit gaan oor die dinge wat binnekort moet gebeur (1:3). Die gedagte is dan dat dit slegs ‘n halwe tydperk of beperkte tydperk sal duur, en dat daar ‘n einde aan sal wees. Volgens Openbaring 10:6 is dit duidelik dat daar nie meer tyd oor is nie, en dat die tyd eintlik verby is. Die tydperk van getuienislewering wat die opdrag aan die getuies en die kerk is vandat Jesus self sy dissipels as apostels uitgestuur het om die evangelie van die Koninkryk of die hemel te verkondig totdat Hy weer kom, as die einde van hierdie tyd van getuienislewering is hiervolgens dus op hande.

Vir die individu beteken dit dat jy apostel is vanaf jou bekering tot jou dood, soos dit gestel word in Openbaring 6:11, wat die openingsvisioen is vir wat alles in die wêreld gaan gebeur vanaf die dood van die Lam totdat Hy weer kom as die Koning.

> Hulle wat aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het, het hard uitgeroep: Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?” Die antwoord is: “Wag nog ‘n klein rukkie totdat julle mededienaars, julle medegelowiges, wat net soos julle ook doodgemaak gaan word, almal daar is”.

Die getuienis dat Jesus Christus die eerste is wat uit die dood uit opgestaan het, en dat die getuies deel het aan hierdie opstanding uit die dood en hul bestemde deel gaan ontvang nadat die tyd verby is, sal dus onontbeerlik deel wees van die persoonlike en kerklike getuienislewering van die getuies. Dit herinner ons ook aan dieselfde vraag wat Daniël (12:8, 9 en 13) gevra het: “Meneer, waarop gaan dit alles uitloop?” met die antwoord: “Jy sal te



© University of Pretoria

ruste gelê word, maar weer opstaan en jou bestemde deel ontvang in die eindtyd”. Daarmee is die oorgang gemaak na die volgende vraagstelling: “Wat daarna”?

### 5.6 Wat daarna? Die nuwe skepping

Met die vraag “Wat daarna?” word die “Simboliese Universum” of die “Hiernamaals” aan die orde gestel, en ook die voldonge feit dat daar wel ‘n einde sal kom aan hierdie skepping en bestaansvorm; met ander woorde, ‘n einde aan tyd en ruimte. Hier gaan dit meer spesifiek oor die eskatologie as teologiese motief in verband met die getuienis rakende hulle lewe en dood hier en nou, maar ook oor hulle lewe ná die dood. Hierin neem die troon van God en alles wat daarmee saamhang ‘n sentrale plek in.[966] Die ewige aanbidding van die Here God op die troon en die ewige heerskappy saam met die Koning is die beloning wat in die vooruitsig gestel word vir hulle wat gereed is en volhard het tot met die einde wat sal kom wanneer die Koning weer kom. Dit word duidelik aan die orde gestel in Openbaring 22:3–5: “ Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, wat van God af uit die hemel uit afkom, en sy dienaars sal Hom dien en die Here God sal hulle verlig en hulle sal tot in alle ewigheid regeer”.

Hierdie einde, maar met ‘n ewige bestaansvorm daarna, sal aanbreek wanneer Jesus Christus weer kom. Daarna sal die ewige aanbidding van God 'n aanvang neem. In Openbaring 22:12 lees ons: “Kyk, ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het”. In Openbaring is beloning ‘n aansporing om getrou te bly. Elk van die sewe boodskappe aan die sewe kerke dui ‘n beloning aan vir dié wat volhard tot die einde toe en oorwin. Die allesinsluitende en omvattende beloning wat God openbaar, kry ons saamgevat in die sewe seënspreuke in Openbaring. Die sewe **seënspreuke** in Openbaring maak ‘n integrale deel van die hele narratief uit, hoewel dit hoofsaaklik voorkom in die tweede deel

[966] Sien Du Preez (1979:54)



© University of Pretoria

van die boek, ná Openbaring 11 die doodmaak en martelaarskap van die 2 getuies, met 1:3 die uitsondering.

Die sewe **seënspreuke** in Openbaring dui beloning op ‘n besondere wyse aan en is ‘n oproep hoe daar nou gelewe moet word om nou deel te kry aan die seëninge en die hiernamaals. Swete[967] skryf onder andere “The μακαρισμός of the reader is extended to the hearers if they keep what they have heard”. Deur die opskryf van die sewe **seënspreuke** in Openbaring laat God vir Johannes, die lesers en hoorders die universele kerk sien in haar volheid van die Goddelike seën as die bruid van die Lam. Du Preez[968] druk dit uit as geseënd wees in helder sowel as donker dae, in lewe sowel as in sterwe, en in tyd sowel as in ewigheid.

Die sewe **seënspreuke** in Openbaring is:

1:3 **Geseënd** is die een wat die woorde van hierdie profesie lees en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby.

14:13 Skryf op! **Geseënd** is die wat van nou af in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, hullle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.

16:15 Kyk, Ek kom onverwags soos ‘n dief. **Geseënd** is dié wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.

19:9 Skryf op: **Geseënd** is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is. Dit is die woorde van God en hulle is waar.

20:6 **Geseënd** en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.

---

967 Swete (1977:3)
968 Du Preez (1978:78)



© University of Pretoria

22:7 Kyk, Ek kom gou! **Geseënd** is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.

22:14 **Geseënd** is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan.

Die uitdrukking "geseënd is" is 'n kenmerkende Semities-Hebreeuse uitspraak [969]en word ontleen aan Numeri 6:23–27. Die klassieke Ou-Testamentiese seënspreuk kom in Psalm 1 voor saam met die metafoor van 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Dit is hierdie selfde metafoor wat gebruik word in Openbaring 22:2 as 'n aanduiding van die seën in die nuwe skepping van God en soos dit na vore kom in die sewende spreuk.

Die ooreenkoms tussen 1:3 (1ste) en 22:7 (6de) se seënspreuke ten opsigte van die profesie en profetiese boek is opvallend en meer van toepassing op die huidige werklikheid. Die verhaal begin en sluit hiermee met dieselfde seënspreuk. Die belonings van die ander vyf seënspreuke hou almal verband met die ewige heerskappy van God in die hiernamaals.[970] Mounce[971] reken dat beide hierdie twee spreuke saam verband hou met morele instruksie eerder as wetlike vereiste. Dit kry vanweë sy tydsgebondenheid binne die apokaliptiese literatuur 'n besondere betekenis as 'n krisisoomblik of 'n beslissende oomblik.

Openbaring 14:13 as tweede seënspreuk stel die oomblik en die feit van die dood en wat daarná volg aan die orde. Mounce[972] skryf:

> The command to write emphasizes the importance of the message. The voice from heaven may be that of the Spirit thus the Spirit adds the emphatic affirmation "Yes

[969] Sien Du Rand (2007:452)
[970] Sien Du Rand (2007:453)
[971] Mounce (1977:66)
[972] Mounce (1977:277)



© University of Pretoria

> indeed", and that a proclamation from heaven carries devine authority. The faithfulness of the martyrs unto death is not a legalistic work which merits eternal bliss, but a manifestation of their devotion to Christ. These works follow them in the sense that there can be no separation between what a man is (Ethos) and what he does (Ethics).

Swete[973] skryf van die tweede spreuk:

> This is a new beatitude which needed a Voice from heaven to proclaim it as a message for the churches to be registered and communicated to them. The voice from heaven carries these revelations a stage further and the Spirit in the mind of the Seer responds to the Voice from above him. It is a message in the first instance for a particular age and referred to those who were to be called to suffer for their faith. The laborours of the saintly life end in the grave, but not its works, its processes, methods, habits, results remain and follow the saint into his newe life. In the hour of man's decease not silver nor gold nor precious stones and pearls accompany the man but the Thorah and good works alone.

Die derde spreuk is 'n oproep tot algehele gereedheid en volharding in die krisistye wat kom en het as agtergrond die militêre milieu, soos 'n soldaat wat altyd gereed moet wees. Swete[974] skryf: "Its special appositeness in this context arises from the fact that the Seer has seen the gathering of the forces for the war of the Great Day".

Die vierde spreuk is 'n aanduiding van die feesmaal wat gepaard sal gaan met die bruilof van die Lam. 4 Esdras 2:38 koppel die fees aan Sion. Die latere Christendom koppel dit aan die laaste maaltyd van Jesus saam met die dissipels. Mounce[975] verduidelik die agtergrond as

[973] Swete (1977:186–188)
[974] Swete (1977:209)
[975] Mounce (1977:341)



© University of Pretoria

volg: “The concept of a sacred meal shared by Israel and the Messiah is common in Jewish thought. According to the Apocalypse of Elijah the righteous are to feast with the Messiah during the forty year interregnum between this age and the age to come. 111 Enoch 48:10 places this banquet in Jerusalem. In Isaiah 24:6-8 this great feast is prefigured where the Lord prepares a great banquet on Mount Zion”.

Die vyfde spreuk voeg heiligheid by die seën en die belofte van opstanding uit die dood met ‘n tweeledige aanduiding van wat hul posisie sal wees ná die opstanding: priesters van God en van Christus en hulle sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.

Mounce[976] verbind die sewende en laaste spreuk in Openbaring 22:14 met Openbaring 7:14 “Die mense met wit klere aan is hulle wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam” en hy skryf: "It is instructive to note that in 7:14 the verb washed (ἔπλυναν) is Aorist Ind Act, denoting an action belonging to a specific point in time, while in 22:14 the participle (πλύνοντες Pres. Act. Part.) “they that wash” is present tense, suggesting continual action and a condition of eternal blessedness. Ford[977] skryf hierop “The action of washing ropes could be the fulfilment of a commandment, e.g. purification before meals”. Ford toon ook ‘n aantal variante lesings aan wat “wash there ropes” vertaal as “perform his commandments” wat verband hou met die etiese gedrag van die getuies.

So verwerf die seënspreuke ‘n eskatologiese dimensie van die seëninge wat God sal gee in die hiernamaals. Natuurlik het dit ook betekenis vir die lewe hier en nou; die geestelike seëninge van die hier en nou is ‘n aanduiding van die Godgehoorsame lewenstyl, ‘n lewe van Bybelse moraliteit. In Openbaring het die 7 seënspreuke ‘n teenswoordige geestelike sowel as toekomstige eskatologiese dimensie.

[976] Mounce (1977:393)
[977] Ford (1975:347)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hiervolgens kan ons op grond van die sewe seënspreuke konstateer dat dit hier op aarde en in die lewe hier op aarde gaan oor die ewige lewe en die ewige voortsetting van God se Koninkryk waarby die mens inbegrepe is. Die frase "tot in alle ewigheid" kom ten minste twaalf maal in Openbaring voor. Die dubbele meervoudsvorm in die Grieks het ten doel om die ewigheidsgedagte te versterk. Die uitdrukking kom herhaaldelik en konsekwent in Openbaring voor as ‘n tegniese term. Dit dui daarop dat die Here God tot in alle ewigheid leef, Hy as Koning tot in alle ewigheid regeer, en sy dienaars Hom tot in alle ewigheid sal dien.

**5.7 Wederkoms! Die koms van die Koning en sy ewige heerskappy**

Hier gaan dit oor die koms van die Koning en die Koninkryk van God. Volgens Openbaring 11:15 behoort die koningskap oor die hele wêreld aan ons Here en sy Gesalfde, en sal Hy as koning tot in alle ewigheid heers. Volgens Openbaring17:14 is die Lam die Here van die heersers en die Koning van die konings, en volgens Openbaring 19:16 die Koning van die konings en die Here van die heersers. Van hierdie koms van die Koning word gepraat as die wederkoms, omdat Hy voorheen al gekom het, maar toe as die Lam wat geslag moes word. Hy kom dus weer; daarom word die begrip "wederkoms" vir sy tweede koms gebruik. Die wederkoms van Jesus Christus word beskryf as ‘n koms op die wolke, en al die mense sal hom sien (1:7); en ‘n afkoms uit die geopende hemel om met regverdigheid te oordeel en oorlog te voer (19:11). Dié keer as Koning en as Oorwinnaar en hierdie tweede koms het ook ‘n groot kosmiese impak, soos beskryf word in Openbaring 16:18–21.

> Daar het weerligstrale, dreunings en donderslae gekom en daar was ook ‘n groot aardbewing soos daar nog nie was vandat die mense op die aarde gekom het nie, so ‘n geweldige groot aardbewing was dit. Die groot stad het in drie dele geskeur en die stede van die nasies het inmekaargestort. Al die eilande het verdwyn en berge was



© University of Pretoria

> daar ook nie meer nie. Groot haelstene het van die hemel af op die mense geval. God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn van sy gloeiende toorn te gee nie.

Volgens Du Rand[978] val die fokus van die wederkoms op die gereedheid daarvoor en ook die volharding totdat dit gebeur. Volgens Openbaring 16:15 kom Jesus Christus onverwags soos 'n dief in die nag, en die een wat wakker bly en sy klere reghou, sal geseënd wees. Die oproep om tot bekering te kom en te volhard tot die einde toe, kom ook as motiewe sterk na vore in die sewe briewe aan die sewe kerke. Dwarsdeur die Openbaringverhaal word die mense deurentyd opgeroep om gereed te maak en gereed te wees vir die wederkoms en om dit enige oomblik te verwag, want die Koning self herhaal in Openbaring 22:7 en 12: "Kyk, Ek kom gou". Hierdie uitsprake word direk opgevolg met die woorde: "Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem (gereed gemaak het), geseënd is dié wat hulle klere was sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe (gereed is) en beloon kan word vir wat hulle gedoen het (gereed gebly het) tot die einde toe.

Die woord volharding (ὑπομονῇ) kom sewe keer in Openbaring voor[979] en telkens in verband met die bose as struikelblok wat die getuies versoek.[980] Die klassieke betekenis van die Griekse woord ὑπομονῇ is om te oorleef, om vas te staan, om te verduur, om dapper weerstand te bied. Die Ou-Testamentiese betekenis word ontleen aan die wysheidsboek Job wat geskryf is binne die konteks van stryd met die Satan.[981] Volgens Job 3:9 en Job 6 beteken volharding om geduldig op God te wag en om standvastig teenoor die wêreld stelling in te neem. Die Openbaringbetekenis van die woord volharding word verbind aan die getuies as

978 Du Rand (2007:620)
979 Openbaring 1:9, 2:2, 3, 19, 3:10, 13:10, 14:12
980 Sien Du Rand (2007:154)
981 Sien Job 1



© University of Pretoria

oproep om aan te hou met hul profetiese getuienis ondanks vervolging en lyding totdat Jesus Christus weer sal kom (universeel) of die dood sal intree (individueel).

Openbaring 13:10 beskryf dit as liturgiese lied op 'n besonderse wyse met die vermelding "Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig".

> "As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap;
>
> As iemand bestem is om met die swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak".

Die eskatologiese motief as die saamkomende oordeel en die koms van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde staan in direkte verbinding met die wederkoms van Jesus Christus. Dit spreek dus vanself dat die getuies ook opdrag het om te getuig van die wederkoms.

**Konkluderend**

In hierdie hoofstuk is inleidend ses vrae aan die orde gestel in ons soeke na 'n teologiese interpretasie van die getuies en hul getuienis in die Openbaring verhaal.

Op die vraag "Waarom getuig?" antwoord ons dat God vir Jesus gestuur het as getuie, Jesus vir sy engel en Johannes gestuur het as getuie, en Johannes deur die sending van die briewe die kerke gestuur het as getuies, en die kerke hul lede as dienaars en getuies stuur.

Op die vraag "Wie moet getuig?" is die getuies vanuit 'n aantal tekste duidelik geïdentifiseer, naamlik Jesus en Johannes, die apostels, kerke, priesters, profete, dienaars en al die gelowiges. Binne die konteks van die Drie-Enige God se totale werksaamheid is bevind dat alle gelowiges getuies is en moet wees van Jesus Christus.

Op die Wat-vraag (wat die inhoud van die getuienis en die roeping om te getuig is) is bevind dat die identiteit van die getuies by Jesus Christus as die geloofwaardige getuie lê. Ons het



© University of Pretoria

ook bevind dat die getuienis van die getuies omvattend van aard is en volledig aan inhoud is, omdat dit juridies gesien, geskied met die inset van die hele persoon. Die tweede aspek van getuienislewering het ons gedefinieer as die lewenswaardes of etos van die getuies. Die derde aspek van getuienislewering wat die inhoud aan betref, is die spesifieke dade of leefstyl van die getuies en wat ook as hul etiese optrede beskryf word.

Die vraag oor "Waar om te getuig" gaan oor die teikengroep, en is beantwoord deur te wys op die mensdom, soos ek verkies om dit te omskryf en dit nader te bepaal. In hierdie nadere bepaling gaan dit oor aspekte soos mensegroepe, godsdienste, kerke, tale, kulture, nasionaliteite, regeringsgebiede, sosiale groeperinge en lewensverbande. Daar is tot die slotsom gekom dat daar slegs twee groeperinge van belang is: aan die een kant "almal wie se name **nie** van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is **nie**" (13:8) en aan die ander kant "net diegene wie se name in die boek van die Lam geskrywe staan" (21:27). Die belangrike aspek is die uitwissing van hierdie twee groeperinge deur die sending om almal tuis te bring onder die ewige aanbidding van God voor die wederkoms en oordeel, sodat almal se naam opgeskrywe sal wees in die boek van die Lam.

Die Wanneer-vraag hanteer die tydsaanduiding in Openbaring vir getuienislewering en vra wanneer die begin en die einde daarvan is. Die begin is die die eerste koms en die einde wanneer die Here Jesus weer kom en die einde aanbreek. Dit gaan oor die dinge wat binnekort moet gebeur (1:1). Hierdie tydperk van getuienislewering sal die opdrag aan die kerk en sy getuies wees vandat Jesus self sy dissipels as apostels uitgestuur het om die evangelie van die Koninkryk of die hemel te verkondig, totdat Hy weer kom.

Met die laaste vraag "Wat daarna?" word gevra hoe dit ná die wederkoms sal wees. Ons het bevind dat die ewige aanbidding van die Here God op die troon en die ewige heerskappy



© University of Pretoria

saam met die Koning die beloning sal wees wat in die vooruitsig gestel word vir hulle wat gereed sal wees vir die wederkoms en sal volhard tot met die einde wat sal aanbreek wanneer die Koning weer kom. Die koms van die Koning en van sy ewige heerskappy word gesien as die wederkoms, en die aanvang van die ewige aanbidding van God en regering saam met Christus. Hierdie wederkoms word aangedui as die bruilof van die Lam en sy bruid (19:5–10) wat simbolies die kerk is as kollektiewe, georganiseerde en gestruktureerde aanduiding van die getuies waaraan in die volgende hoofstuk aandag bestee word.



© University of Pretoria

## HOOFSTUK 6

## DIE KERK (EKKLESIOLOGIE)

### Inleidend

Die doel van hierdie hoofstuk is om die rol en werking van die Kerk in Openbaring na te vors. Hierin gaan dit ten diepste oor die teologie van kerkwees, die ekklesiologie, en in hierdie studie die teologie van die kerk in Openbaring spesifiek. Die kerk in Openbaring[982] figureer nie baie duidelik op die oppervlakte nie. Donald Guthrie[983] gaan sover as om te sê "There is certain no doctrine of the church in the Apocalypse". Schnelle[984] se navorsing oor die ekklesiologie as teologiese motief in Openbaring voldoen ook nie aan die verwagtinge nie. Dit is dus van kardinale belang om hier kennis te neem van die spesifieke navorsingsveld, die navorsingsgeskiedenis van die veld en metodologie van hierdie spesifieke veld van navorsing en om beter struktuur daaraan te kan gee. Soos in die inleiding van hierdie studie vermeld is, word die ekklesiologie wel as teologiese motief in hierdie studie aanvaar as 'n uitgangspunt.

Eerstens kom die sewe kerke in Openbaring histories aan die orde as identifisering van die kerk binne sy sosio-historiese bestaan gedurende die tyd van die totstandkoming van Openbaring. Tweedens kom die sewe engele van die sewe kerke as die geestelike leiers en dus geestelike leierskap van die kerk in hierdie tyd aan die orde. Hierdie twee aspekte word dikwels verwaarloos in eksegetiese studies en word meestal hanteer deur die diakonologiese vakke en of missiologiese vakke. Derdens gaan dit spesifiek oor die Identiteit van die kerk waarin die term onder andere deeglik nagevors behoort te word. Die struktuur wat ek gee aan die Identiteit van die kerk is om dit te hanteer as die eerste van die drie terme van Moraliteit,

[982] Sien Openbaring 1:20/2–3/21–22:5
[983] Guthrie (1987:67) *The Relevance of John's Apocalypse*
[984] Schnelle (2009:765–768) hanteer die ekklesiologie in Openbaring baie beknop as 1) The Church as the Locus of Christ's Lordship, 2)The Church as the place of Holiness, 3) The Church as ideal city



© University of Pretoria

wat in die nuutste navorsing gesien word as een van drie analitiese kategorieë wat in ‘n spesifieke relasie tot mekaar staan, naamlik die identiteit, die etos en etiek van die kerk in Openbaring.[985]

Vierdens, en nog steeds as kategorie van moraliteit, kom die waardesisteem of wette en reëls waaraan en waarvolgens die kerk verbind is en onderneem het om te leef en op te tree – die etos van die kerk – aan die orde. Hierdie waardesisteem vind ons normaalweg in die konstitusie van die kerk as menslike instansie soos dit verwoord word in belydenisskrifte en kerkordes. Dit behoort ooreen te stem met die Goddelike doel vir en roeping van die kerk soos verwoord in die Bybel as God se wil en plan, maar wel ook as deel van die geestelike bestaansdimensie van die kerk.[986] Vyfdens kom die sosiaal-openbare optrede en gedrag van mense teenoor mekaar aan die orde. Dit noem ons die etiek, en ook dit word hanteer as ‘n kategoriale term van moraliteit. In hierdie hoofstuk en studie word die etiese optrede van die lede van die kerk in Openbaring histories-krities en veral sosio-histories-krities nagevors en word ‘n poging aangewend om dit deels te rekonstrueer. Die etiek van die kerk in Openbaring behoort deur middel van ‘n hermeneutiese proses van toepassing gemaak te word as boodskap vir die kerk van vandag.

Sesdens word die inhoud van die sewe boodskappe wat aan elke kerk gestuur is in Openbaring as ‘n morele perspektief in Openbaring vir die kerk vandag aan die orde gestel. Dit behels dat die moraliteit van die lede van die kerk in daardie tyd as lewenstyl van daardie tyd vir die toepassing van die kerk vir vandag as ‘n eietydse moraliteit hanteer word. Ten slotte word in hierdie hoofstuk die sending, of meer teologies-ekklesiologies gestel, die apostolaat van die kerk in Openbaring hanteer en die kerk as gestuurde getuie teologies

[985] SienVan der Watt (2006:viii)
[986] Sien Burger (1991:29)



© University of Pretoria

fundeer. Enkele koersaanduidings vir die kerk se sending word aangedui voordat die Sending as teologiese motief in die laaste hoofstuk van hierdie studie aan die orde kom.

### 6.1 Die kerk in die sewe stede in Openbaring

Die kerk in Openbaring word duidelik geïdentifiseer as die sewe lokale kerke in die sewe groot stede van die Romeinse provinsie Asië van daardie tyd.[987] Dit is nie duidelik hoe die kerke gefunksioneer het nie, behalwe dat hulle waarskynlik in sinagoges en huise of in ander geskikte plekke bymekaar gekom het. Die klem het geval op persoonlike getuienislewering en die uitlewing van die leer van die apostels. Die sewe kerke gesamentlik kan geag word die universele kerk van daardie tyd te wees, ten minste vir Johannes en sy skool, en konstitueer ‘n ekumeniese verband soos dit in die kerk van vandag gemanifesteer word.

Van die sewe kerke[988] in die sewe stede self weet ons regtig nie veel nie, behalwe wat ons van hulle lees in die boodskappe in Openbaring 2 en 3 en dat Paulus besoeke aan Efese gebring het tydens sy sendingreise. Die Joodse wortels en verbintenisse was nog sterk, en ons weet ook dat hulle ook nog in sinagoges bymekaar gekom het. Paulus het juis met sy besoek aan Efese na die sinagoge gegaan en met die Jode daar geredeneer. Die sinagoge in Efese is egter nog nooit opgegrawe nie, en daar is dus geen bewys hiervoor nie. In die omgewing van Sardis, waar heelwat Jode gewoon het, is wel ‘n sinagoge opgegrawe. Daar was nog verwarring en vermenging, hoewel die kloof wat tussen die Jesusvolgelinge, toe bekend as christene, al duideliker geword het.

In die brief aan almal in Kolosse wat aan God behoort, is dit volgens Kolossense 4:15 duidelik dat die kerk aldaar in huise bymekaargekom het, en dat tempels en sinagoges nie vir hulle belangrik was nie. Volgens die gegewens tot ons beskikking – Bybelse en ander bronne

[987] Sien Aanhangsel G
[988] Sien Bauckham (1993:126)



© University of Pretoria

en ‘n sosio-histories kritiese benadering van die Openbaringteks – kan ons wel voldoende gevolgtrekkings maak om die moraliteit van die kerk in Openbaring teologies en met behulp van die sosiaal-wetenskaplike kritiek vas te stel, en dit hermeneuties korrek van toepassing te maak op die kerk van vandag. Om die boodskappe aan die sewe kerke in Openbaring beter te verstaan, is dit noodsaaklik om kennis te neem van die sosio-historiese agtergrond van die sewe antieke stede[989] in Klein-Asië in die tyd van Openbaring.

### 6.2 Die sewe engele van die sewe kerke: Die Geestelike leier en Geestelike leierskap

Die beginpunt van ‘n identiteitsteorie van die Kerk in Openbaring kry ons in die openingsvisioen as roepingsvisioen[990] in Openbaring 1:20, waar Jesus as die Seun van die mens tussen die kerke beweeg met die sewe engele van die sewe kerke in sy regterhand. Die opdrag aan Johannes was ook baie duidelik om individueel en afsonderlik te skryf aan die engel van elke kerk. Met hierdie visioen en simboliek word die kerke sowel as die geestelike leier van die kerke as rolspelers bekendgestel.

Eerstens as die betere vertrekpunt vir die verstaan van Openbaring word nou gekyk na die geestelike leier van die kerk. In Openbaring 1:16 lees ons “In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad” en in 1:20 word die sewe sterre verklaar as “die engele van die sewe kerke”. Elk van die sewe briewe word geskryf “aan die engel van die kerk”. Verskeie verklarings word gegee vir die simboliese betekenis van die sewe engele van die kerke. In die lig van die rol wat engele in Openbaring speel, naamlik die rol van openbaarder of aankondiger en die werklike betekenis van die woord "engel" wat beteken om ‘n boodskapdraer van God te wees, is dit my keuse om die engel van elke kerk te verstaan en te verklaar as die boodskapdraer as gestuurde en komende van God en in sy opdrag.

[989] Sien Ekskursie 25 *Die sewe stede in Openbaring* en Patmos
[990] Sien Schnelle (2009:765)



© University of Pretoria

So gesien, is die engel van die kerk wat die brief of boodskap van Johannes ontvang en wat die boodskap van God bring, of binne die konteks van Openbaring, die Woord van God verkondig en vashou aan die getuienis van Jesus, die engel van elke afsonderlike kerk. In die lig van die engel se verklaring aan Johannes in 19:10 en 22:9 dat hy "'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete wat aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het, en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem", is die logiese afleiding dat 'n mens netso wel die boodskapdraer kan wees. Binne vandag se kerkkonteks praat ons dan van die bedienaar(s) van die Goddelike Woord, en bedoel ons daarmee die geestelike leier, of korporatief gesien, praat ons van die geestelike leierskap of kerklike vergadering.

Die vraag oor die oorsprong en verdere ontwikkeling van die geestelike leier as ampsdraer van vandag behoort nou neers nagegaan te word. Die beginpunt in 'n ondersoek na die geestelike leierskap van die kerk is die Bybelboek Handelinge. Daarin lees ons eers van die apostels in Handelinge 1 en daarna word die opvolgers van die apostels gesien as die bedienaars van die Goddelike Woord (*Verbi Divini Minister*). Aan hierdie amp word vandag nog streng vereistes gestel, en op voetspoor van Openbaring is dit korrek so. Die gestuurde bedienaar van God se Woord na elke kerk as amp[991] vloei voort uit wat die bedoeling was van die engel van elke kerk in Openbaring.

> "Die apostels het die goeie boodskap aan ons verkondig wat hulle van die Here Jesus Christus ontvang het. Jesus, die Christus, is deur God gestuur. Christus kom dus van God af en die apostels kom weer van Jesus af. Beide Jesus en die apostels tree dus op 'n ordelike manier volgens God se wil op. Die apostels het opdragte ontvang en die opstanding van ons Here Jesus Christus verseker hulle van hulle saak. Die woord van

[991] Sien Van der Watt en Tolmie (2005:712–714) 'n Goeie aanduiding van die oorsprong, plek en voortsetting van die apostelamp in dié van die Bedienaar van die Woord van vandag word gevind in Clemens se brief aan die Korintiërs, hoofstuk 42 tot 45, wat vermoedelik in die jaar 96 n.C. geskryf is



© University of Pretoria

> God het hulle ook in hulle geloof meer standvastig gemaak. So vol van die Heilige Gees het hulle uitgegaan en die blye boodskap verkondig van die koninkryk van God wat aan die kom was. So het hulle in lande en stede gepreek en van die eerste bekeerlinge aangestel as presbuteroi en diakonoi vir die mense wat nog tot geloof moes kom. Hierdie mense wat aangestel is, is deeglik deur die Gees getoets".

Volgens Klemens is daar dus 'n onverbreekbare lyn van outoriteit wat van die begin af deur die kerk loop tot vandag toe. Hy benadruk dit dat die biskop die apostels opvolg – dit word histories-ekklesiologies genoem die apostoliese suksessie. Die huidige kerkleiers staan dus in lyn met die oorspronklike leiers en die lyn behoort nie verbreek te word nie, anders sal dit die Bybelse identiteit van kerklike leierskap aantas.

Ignatius van Antiochië se Brief aan die Smirniërs[992] in die jaar 110–112 n.C. bevestig Clemens se gedagtegang in verband met die apostoliese suksessie, en op hierdie grondslag het die na-apostoliese kerk haar identiteit ten opsigte van die leierskap in die kerk begin vind. So gesien is dit duidelik dat die biskop sedert die jaar 96 n.C., hoogs waarskynlik ná die afsterwe van Johannes as laaste apostel, tot en met die jaar 112 n.C. prosesmatig ontwikkel het, en die opvolger geword het van die apostel en aldus verteenwoordiger van die apostoliese waarheid. Die biskoppe in die plattelandse gebiede het gestaan onder 'n stadsbiskop wat 'n metropoliet genoem is, en later bekend gestaan het as 'n aartsbiskop.[993] Dit is duidelik dat die kerklike identiteit in sy ampsbeskouing hierdie weg opgegaan het.

---

[992] Sien Bettenson (1963:63–64). Ignatius skryf: "Avoid devisions as the beginning of evils. All of you follow the bishop as Jesus Christ followed the Father, follow the presbutery as the Apostles and respect the deacons as the commandment of God. Let no man perform anything pertaining to the church without the bishop. Let that be considered a valid Eucharist over which the bishop presides, or one to whom he commits it. Wherever the bishop appears, there let the people be, just as, wheresoever Christ Jesus is, there is the Catholic Church. It is not permitted either to baptize or hold a love feast apart from the bishop. But whatever he may approve, that is well-pleasing to God that everything which you do may be sound and valid".

[993] Sien Dankbaar (1974:20)



© University of Pretoria

Wat wel belangrik is vir die verstaan van die identiteit van die Kerk in Openbaring, is dat die kerke hiervolgens nog onder die geestelike bestuur en leierskap van die apostel gestaan het, en daarom versterkend inwerk op die gedagte dat die briewe aan die kerke gerig is aan die engel van die kerk, waarskynlik aan die apostel of sy direkte opvolger. Vandag gaan dit duidelik oor die bedienaar van die Woord in sy/haar amp en as geestelike leier.

Die tweede amp waarvan ons in Handelinge lees, is dié van diaken (diakonos), of dienaar, in Handelinge 6 toe die twaalf apostels besluit het: “Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die Woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie…” en hul het sewe manne laat aanwys om die versorging te doen. Vervolgens lees ons derdens in Handelinge 11:30 vir die eerste keer van die presbuteroi wat gedien het as die leierskap van die kerk in Jerusalem, soortgelyk aan die Joodse Raad.[994] Die verduideliking van die leierskap in die kerk word later deur Paulus in navolging van hierdie drie ampte uiteengesit in 1 Timoteus, met die uitbreiding van die episkopos wat dui op ‘n opsiener oor  meerdere kerke in waarskynlik ‘n bepaalde gebied of provinsie.

Die beste uiteensetting as lering insake ampte in Openbaring kry ons die duidelikste in Openbaring 18:20, waar dit saamgevat word as volg: “Gelowiges, apostels en profete”. Vir die identifisering van geestelike leierskap vandag behoort die vereistes wat Openbaring stel aan geestelike leierskap[995] eerstens nagegaan te word. In hierdie verband gaan dit oor die moraliteit van die kerklike geestelike leier as gestuurde getuie. Die identiteit van die kerklike geestelike leier lê ongetwyfeld ingebed in ‘n roepingsvisioen as direkte ontmoeting met die lewende Jesus, die Seun van die mens, wat Hom in persoonlike hoedanigheid openbaar as: “Dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende, wat dood was, en kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk (1:17–18)”. Daarmee saam kom

[994] Sien Dankbaar (1974:20–21)
[995] Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*



© University of Pretoria

‘n duidelike opdrag, soos in hierdie geval, om op te skryf wat jy gesien het en dit te stuur aan die kerke, met ander woorde die boodskap as gevolmagtigde gestuurde te verkondig aan die kerk of kerke waarheen die Heilige Gees jou as geroepene heen stuur.

Die tweede aspek van kerklike geestelike leierskap lê ongetwyfeld volgens Openbaring ingebed in “die nakoming van die gebooie van God en die vashou aan die getuienis wat Jesus gelewer het en die volharding daarin”.[996] Dit noem ons die etos van die persoon, bedoelende die sosiale waardesisteem wat hy deel met ‘n geïdentifiseerde groep mense waarmee hy een is. Die etos van die kerklike groep word nader bepaal deur die Bybel, die gemeenskaplike getuienis of belydenis en die verduideliking daarvan, en die selfbepaalde kerklike ordinansies soos dit regtens uiteengesit word in die ooreengekome en aanvaarde dokumente. Die etos van ‘n groep word altyd sosiaal-histories bepaal. Sosiaal omdat dit altyd ‘n groep mense is wat saam sekere waardes en optredes deel, en histories omdat ‘n groep altyd oor ‘n tydperk heen sekere waardes vestig en sekere kenmerkende optredes ontwikkel. Etos dui verder op die wyse waarop ‘n bepaalde groep mense hul leringe en oortuigings aangaande reg en verkeerd openbaar maak en uitleef. Die kerklike geestelike leier sal dus ‘n duidelik identifiseerbare etos vertoon, en vanselfsprekend dié van die groep representeer.

Die derde aspek van kerklike geestelike leierskap behels ‘n daaglikse lewe van wat mense doen en ook hoe hulle dit doen, met ander woorde hul gedrag in die openbaar. Dit gaan oor die daaglikse oordeel oor wat reg en verkeerd is, en dat dit geleef en gekommunikeer word. In Openbaring 14:1–13[997] word die etiek van die honderd vier en veertig duisend mense

[996] Sien Openbaring 12:17 en 14:22
[997] “Hierdie mense sing ‘n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge. Hierdie mense is van die aarde af losgekoop deur die bloed van die Lam. Dit is hulle wat hulle nie met vrouens besoedel het nie, hulle het kuis gebly. Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan. Hulle is onder die mense uit losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam. Uit hulle mond het daar nooit ‘n leuen gekom nie. Hulle is onberispelik. Hulle vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel. Hulle aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het”.



© University of Pretoria

beskryf wat by die Lam op Sionsberg staan met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe.

Die kern van die moraliteit van die geestelike leier van die kerk word gevind in 'n persoonlike ontmoeting met en roeping deur Jesus, deur die werking van die Gees, deur die nakoming van God se gebooie en die vashou aan die getuienis van Jesus Christus soos dit duidelik aan ons voorgehou word in Openbaring 12:17 en 14:13. Onder etiek word verstaan die sosiaal openbare optrede van mense wat weer hul sosiale identiteit bepaal. Dit spreek vanself dat die moraliteit van die geestelike leierskap van die kerk 'n getuienis sal wees van die moraliteit van die kerk. Vervolgens sal dit dus nodig wees om die teologiese sowel as sosiaal-openbare identiteit van die kerk en die optrede of gedrag van sy lede korporatief te bepaal.

### 6.3 Die identiteit van die Kerk

Om die identiteit van die kerk vanuit Openbaring te verstaan, sal die verklaring van die term ἐκκλησία[998] eerstens hanteer word, en daarna sal die metafore vir die kerk[999] in Openbaring bespreek word. Die beelde[1000] van die kerk sal ook aan die orde moet kom. Die beeld van die kerk sal nie iets anders kan wees as dit wat God die kerk bedoel het om te wees nie, naamlik die beelddraer van God self, dit kom neer op die wese en eienskappe van die kerk.

Identiteit[1001] hanteer die vraag "Wie is jy?" of "Wat is jou naam?" op voetspoor van dieselfde vraag wat Moses vir God gevra het in Exodus 3:13. Daar word verduidelik waarom jy dan jy is. Om op hierdie vraag ten opsigte van die Kerk in Openbaring te kan antwoord, is dit nodig

[998] Sien die teologiese woorde boeke van Colin Brown editor (1980:291-307) deur L. Coenen en Gerhard Kittel and Gerhard Friedrich editors (1985:394-402) as primêre bronne vir hierdie hoofstuk benut word saam met die fragmentariese verklarings van die eksegetiese kommentare op Openbaring soos dit aangedui word in die Literatuurlys
[999] Sien die eksegetiese kommentare as bronne wat aangedui word in die literatuurlys
[1000] Sien hiervoor veral die dogmatiese publikasies wat voorkom in die literatuurlys
[1001] Sien vir die hantering van hierdie term Phillip A. Harland 2009 se publikasie *Dynamics of Identity in the World of the early Christians*



© University of Pretoria

om die teologiese sowel as sosio-historiese identiteit van die kerk in Openbaring te bepaal. Die vertrekpunt is om die antwoord te gaan soek vanaf Jesus se uitspraak in Matteus 16 in verband met die Kerk, tot en met die kanonvasstelling in ongeveer die jaar 500 n.C. Dit is die tydspan waarin die Kerk in identiteit gegroei en ontwikkel het. Hierdie tydspan van identiteitsvorming en dus daarmee saam moraliteitsvorming, kan in 'n aantal fases of tydperke verdeel word, en dit is belangrik om te kan vasstel wat die aard van die identiteit van die kerk binne elke fase was.

Die eerste fase is die Jesus- of evangeliefase. Daarna volg die apostoliese fase, soos in Handelinge beskryf. Die derde fase is die teologies vormende fase, toe die sendbriewe aan verskillende lesers en kerke geskryf is. Hierdie geskrifte sou later die kanon word, die gesaghebbende geskrifte. Die vierde fase word genoem die ná-apostoliese of post-apostoliese tydperk wat tot en met die kanonvasstelling duur. Die vyfde fase kan beskou word as die tydperk van die kanonisering van die Bybel, die kerk en die maatskappy tot vandag toe. Die huidige fase sien ek as 'n fase van moraliteitsvorming aan die hand van die kanonieke geskrifte met inagnaming van die sosio-historiese kontekste van die tye en die sosiale konteks en media van vandag.

Die Griekse woord vir kerk in die Nuwe Testament, ἐκκλησία,[1002] kom ongeveer honderd keer voor in die Nuwe Testament. Dit kom 20 keer in Openbaring voor, waarvan 19 keer in die eerste drie hoofstukke – onder andere Openbaring 1:4 en 1:11. Die woord ἐκκλησία kom met die uitsondering van die twee Matteus tekste, 16:18 en 18:17, nie in die evangelies voor nie. Die vraag wat Jeremias[1003] aan die orde stel in 'n poging om die teologiese betekenis en sin van die woord in die twee Matteustekste te verstaan, is of dit Jesus se bedoeling was om net 'n eie, individuele gemeenskap of 'n tipe universele kerk te stig.

[1002] Sien Brown Vol. 1(1975:291-307) en Kittel Abridged (1985:397-402)
[1003] Jeremias (1971:167)



© University of Pretoria

Hy kom tot die volgende gevolgtrekking:

> Where Jesus appears, he leaves behind followers who, with their families, wait for the reign of God and accept him and his messengers. It helps to understand the word correctly if we note that the picture of building the ekklesia also occurs in Qumran at 4Q pPs. At Qumran the Hebrew "'*eda*" occasionally designates the angels as the heavenly host, but most often refers to the Essene community as the community of the members of the people of salvation. Now Jesus speaks constantly of a new people of God that he is gathering and His favourite of all the images for the new people of God is the comparison of the community of salvation with the eschatological family of God (Mark 3:31ff). Those who belong to the new people of God are God's building or the city of God which is founded on mount Zion and whose light is to be seen from afar, so that its inhabitants are called children of light (Luke 16:8, John 12:36).

Sien veral Openbaring 22:5 vir hierdie eindeskatologiese perspektief op die stad van God in Openbaring, maar veral dat "die Here God hulle sal verlig". Dit is veral Handelinge en soveel te meer Paulus en later ook die vroeë kerk wat deurgaans die term ἐκκλησία gebruik vir die samekomste van die gelowiges. Die woord ἐκκλησία word deurgaans deur Paulus by wyse van metafore, beelde en vergelykings aan sy lesers verduidelik, en in Openbaring is dit soveel te meer van toepassing. Om die betekenis van die begrip in Openbaring te kan verstaan, is die verstaan van die beelde en metafore vir die kerk in Openbaring absoluut noodsaaklik.

Kort ná die vestiging van die kerke in Asië deur Paulus en sy medewerkers, het die sosiale identiteit van die kerk vorm begin aanneem toe die volgelinge van Jesus Christus Christene genoem is. Hierdie fase is opgevolg deur die verspreiding van die kerk deur die ganse Romeinse Ryk wat oor feitlik die hele bewoonde wêreld van daardie tyd gestrek het. Die daaropvolgende fase kan beskou word as die vestiging van die sosiaal-publieke identiteit van



© University of Pretoria

die Kerk, toe die verskillende kerke by konsilies en sinodes begin bymekaarkom het. Hulle het die gemeenskaplike verstaan van waarhede gesamentlik aanvaar en begin neerskryf, en daarmee saam hul identiteit bekend gemaak deur geloofsbelydenisse. Op grond hiervan is hulle kerk in die jaar 325 n.C. as staatskerk erken. Die volgende fase was dié van kanonvorming en -afsluiting wat geduur het tot ongeveer die jaar 500 n.C. Daarna sou dit vir die Katolieke Kerk die gestuurde opdrag wees om die kanonieke geskrifte, bekend as die Bybel, te verkondig as hul teologiese sowel as sosiaal-publieke identiteit wat met 'n duidelike moraliteit uitgeleef is.

In die Nuwe Testament gaan dit oor die gelokaliseerde kerke wat geografies afgebaken is en sigbaar bestaan en funksioneer. Minear[1004] – wat bekend is vir sy navorsing oor beelde en metafore vir die kerk – beskryf die term "… as from the standpoint of personal, communal response to God's action through the sending of Jesus the Lamb, a response which is empowered by the sending of the seven Spirits, a response which is empowered by the Holy Spirit". Louw en Nida[1005] beskryf die woord ἐκκλησία as "… a congregation of Christians, implying interacting membership".

Die kerk in Openbaring word ook met 'n aantal metafore[1006] beskryf; onder andere God se Koninkryk en priesters, sewe goue lampe, vier en twintig ouderlinge wat die Een op die troon aanbid, die dienaars wat hulle klere gewas en wit gemaak het in die bloed van die Lam, die tempel van God, die altaar en die mense wat God daar aanbid, die honderd vier en veertig duisend gemerktes, die vrou en haar nakomelinge, die nuwe stad Jerusalem en die hoogtepunt: die kerk as die bruid en vrou van die Lam.

---

[1004] Menear (1962:600)
[1005] Louw en Nida (1988:126)
[1006] Sien F.J. Botha (1965) Universiteit Pretoria



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie metafore dui almal daarop dat die Kerk die Skepping van God self is en dat dit aan Hom behoort. In hierdie verband lig Guthrie[1007] die volgende metafore in Openbaring uit wat vir 'n ekklesiologie van belang is: 1) The symbol of the Lampstands, 2) The symbol of the Stars, 3) The seven Messages en 4) The Church at worship. Guthrie maak ook 'n noue en afhanklike verbinding tussen die ekklesiologie en die Christologie: "In the structure of the book the messages to the churches are prefaced by the vision in Revelation 1:9-20". Schnelle[1008] noem hierdie eerste visie van Johannes "The commissioning vision".

Die verstaan van beelde en metafore vir die kerk in Openbaring is die aangewese wyse om veral die teologiese identiteit van die kerk in Openbaring op te helder. Vervolgens word hier 'n seleksie gemaak van die beelde en metafore wat 'n bydrae kan lewer tot die beter verstaan van die identiteit van die kerk. Dit word vervolgens kortliks verduidelik.

1 Koninkryk van God/Priesters van God[1009]

Die woord "koninkryk" word in Openbaring 1:6 en 5:10 gebruik en – baie belangrik vir die verstaan van die term koninkryk in Openbaring – in beide gevalle verbind met die woord "priester". Volgens Eksodus 28–29 kon alleen iemand uit die stam van Levi en uit die geslag van Aäron die priesteramp beklee, en hy moes in die heiligdom diens doen. Jesus is volgens Hebreërs 5:6 en 7:17 priester nie volgens die priesterorde van Aaron nie, maar volgens die priesterorde van Melgisedek en Hy bly priester vir ewig (Hebreërs 7:21). Hierdie priesterskap van Jesus word teruggevoer na Genesis 14:18–20. Hierdie teks en sy konteks is loshande een van die ingewikkeldste in die Ou-Testamentiese eksegese en teologie.

---

[1007] Guthrie (1987:68-91) *The Relevance of John's Apocalypse*
[1008] Schnelle[1008] (2009:765) This vision provides (in most cases) the source for the various descriptions of the Person from whom the messages come. There is no doubt that the church has no independent existence outside a precise understanding of the status of Christ himself.

[1009] Sien Openbaring 1:6, 5:10, 20:4, 6



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sosio-historiese agtergrond en die datering van die teks is die mees kritiese aspekte. In hierdie studie kan ek nie daaraan aandag bestee nie. Die huidige, algemeen aanvaarde eksegetiese resultaat voeg egter heelwat waarde toe aan ons verstaan van die terme "koning" en "priester" en word verbind met Jesus en die dienaars van God in Openbaring. Die belangrikste is dat koningskap en priesterskap mekaar in hierdie konteks ontmoet. In Hebreërs word dit aan Christus gekoppel. Die gelyktydige en ewige koningskap en priesterskap van Christus word dus hier in Openbaring veronderstel. Aan die dienaars van God – wat aan die getuienis van Jesus en die Woord van God vasgehou het as priesters van God – word in Openbaring 20:4 die bevoegdheid verleen om as regters op te tree en hulle sal priesters van God en van Christus wees, en sal saam met Hom duisend jaar regeer. Dit is ‘n aanduiding van die koningskap en priesterskap van die getuies saam met Jesus. Openbaring 22:5 sluit af met die vermelding dat die getuies as dienaars van God saam met Hom tot in alle ewigheid sal regeer.

2 Goue Lamp[1010]

Volgens Du Rand[1011] het die meeste verwysings na lampe in die Bybel te doen met die tabernakel en tempel. Volgens Eksodus 25:31–40 moes Moses ‘n lamp van goud vir die heiligdom laat maak. In Sagaria 4:2 kry Sagaria ‘n visioen van sewe lampe, en in Sagaria 4:6 is die aanduiding dat die sewe lampe ‘n aanduiding is van die teenwoordigheid en werking van die Gees. Hierdie gedagte word verder verduidelik in Sagaria 4:10, naamlik dat die sewe oë op die klip voor Jesua (Sagaria 3:9) die oë van die Here is wat oor die hele wêreld kyk. Die simboliek van die lamp in die heiligdom is ‘n aanduiding van die teenwoordigheid en werking van God se Gees en in die besonder die lig wat die Gees gee. Aangrypend is dit om in Openbaring 4:5 te lees van die sewe vuurvlamme wat die sewe Geeste van God is en wat

[1010] Sien Openbaring 1:20
[1011] Du Rand (2007:137)



© University of Pretoria

in Openbaring 5:6 die sewe oë van die Lam is wat oor die hele aarde uitgestuur is. In Openbaring 22:5 lees ons in verband met die nuwe skepping: "Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig". In Openbaring 1:20 lees ons "Die sewe goue lampe is die sewe kerke". Die simboliek hiervan sal dus wees dat die kerke die teenwoordigheid en die lig van die Gees hier op aarde representeer en identifiseer.

3 Nakomelinge[1012]

Volgens Openbaring 12:17 besluit die Draak om oorlog te voer teen die "nakomelinge" van die vrou. Die nakomelinge van die vrou word geïdentifiseer as diegene wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Deur hierdie identifisering van die nakomelinge word 'n organies-korporatiewe eenheidsliggaam geskep wat in Openbaring 1:11 en 20 en 2–3 die kerk genoem word.[1013] Hierdie liggaam vind sy eenheid in die Trinitariese God, die Here God wat aanbid moet word omdat Hy geskep het, die Lam wat geslag was en die eerste is wat uit die dood uit opgestaan het, en die Gees wat die profesie gee aan die kerke.

4 Volk[1014] en volke[1015]

Die beeld van die kerk as die volk van God is een van die mees gebruikte beelde waarmee die identiteit van die kerk verduidelik word. Hierdie beeld dra egter 'n implisiete spanning saam wat telkens duidelik na vore kom in verband met nasionaliteit en etnisiteit. In die Ou Testament word die term "*ammi*" – wat volk beteken – hoofsaaklik van toepassing gemaak op die uitverkore verbondsvolk van die God van Abraham, Isak en Jakob. Hierdie verstaan van die betekenis van "volk van God" het van die begin af, regdeur die Ou Testament tot selfs

[1012] Sien Openbaring 12:10 en 17
[1013] Sien Du Rand (1992:296)
[1014] Openbaring 18:4
[1015] Openbaring 21:3



© University of Pretoria

by die Nuwe-Testamentiese Joodse groeperinge en die vroeë kerk, spanning veroorsaak. Dit was omdat daar ‘n eenheid sonder onderskeid was tussen die nasionaal-etniese verstaan van die term en die religieuse verstaan van die term.

Volgens Du Preez[1016] was die eenheid van hierdie twee verstaansmoontlikhede immers teenwoordig in die heilsverkondiging van die Ou-Testamentiese profete en ook in die eskatologiese heilsverwagting van die profete en die volk. Du Preez hanteer hierdie term en die inhoudelike betekenis daarvan op meesterlike wyse vanuit die twee Openbaringtekste waarin die woord “volk” voorkom. Die woord in 18:4 is λαός in die enkelvoud, en in 21:3 λαοί in die meervoud. In Openbaring 18:4 word die term gebruik in suiwer religieuse terme, met ander woorde dat gepraat word van die volk van God in die breë religieuse verstaan daarvan en ook binne die twee kontekste, naamlik binne dié van die huidige bestaansvorm sowel as binne die bestaansvorm van die nuwe skepping. Wanneer die openbaring van die nuwe skepping vanaf Openbaring 21 aan die orde kom, kry ons die term in die meervoud. Eers word gepraat van die menigte mense en dan word vermeld dat hul die volke van God sal wees. Die bedoeling hiervan is dat die menigte mense nie net individue voorstel nie, maar ook menigte volke. Hiervolgens konstateer ons dat die nuwe volk van God ‘n menigte mense sal wees uit alle volke en stamme en tale en nasies, soos dit sewevoudig in Openbaring voorkom.

5 Losgekooptes[1017]

Twee maal word ons in die perikoop daarop gewys dat die honderd vier en veertig duisend mense wat saam met die Lam op Sionsberg staan, van die aarde af losgekoop is. Die begrip en plek Sion het volgens Du Rand[1018] 'n besondere teologiese betekenis. Die Israeliete het

[1016] Du Preez (1978:115-123)
[1017] Sien Openbaring 14:3 en 4
[1018] Du Rand (2007:438)



© University of Pretoria

geglo dat God op Sionsberg teenwoordig is.[1019] Dit was aanvanklik die historiese stad Jerusalem wat Dawid gevestig het, en is met die tempel geassosieer. Die Sionsberg word ook gesien as die standplaas van God vanwaar Hy die wêreld regeer; volke sal stroom na die vesting van die groot koning.[1020] Die profete stel Sion voor as ‘n vrou wat lojaal is aan haar man, die Here, [1021]of soos ‘n prostituut wat van Hom weggedwaal het.[1022] In Jesaja[1023] is Sion ‘n verwagtende vrou wat die lewe skenk aan die nuwe volk van God, en dien as parallel met Openbaring 12. Volgens die profete word ‘n roemryke Sion verwag [1024]en die toekomstige Messias as gesalfde van God sal sy koningskap in Sion kom vestig en vandaar af laat geld. Die simboliek van Sion sal ons dus kan saamvat as die fokuspunt van God se toekomstige of komende verlossing en heerskappy. Om op Sionsberg te staan, is simbolies in militêre terme gesien, ‘n aanduiding van oorwinning en koningskap.

Die Oorwinnaar en Koning is die Lam en die losgekoopte mense saam met Hom word geïdentifiseer met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskryf. Die eienskappe van hierdie mense word dan vervolgens vyfvoudig beskryf.[1025] Eerstens het hulle hulle nie met vrouens besoedel nie, hulle het kuis gebly. Tweedens volg hulle die Lam waar Hy ook al gaan. Derdens is hulle losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam. Vierdens het daar uit hulle mond nooit ‘n leuen gekom nie. Vyfdens is hulle onberispelik. Afgesien van ‘n duidelike beskrywing van die kerk se identiteit kan die etos en die etiek van die kerk ook hierin gelees word.

6 Bruid/vrou van die Lam[1026]

[1019] Sien 1 Kon 8:27
[1020] Sien Ps 48:2–9
[1021] Jes 1:8
[1022] Hosea 1–3
[1023] Jesaja 66:7–9
[1024] Jes 2:2–4 en Miga 4:1–3
[1025] Sien Du Rand (2007:440)
[1026] Sien Openbaring 19:7-8, 21:2,9 en 22:17



© University of Pretoria

Die Bybelse beeld van die bruid, die vrou en die huwelik word veral deur die Ou-Testamentiese profete[1027] gebruik om die verhouding tussen God en sy volk Israel uit te druk.[1028] Dit is veral die juwele en trouklere in Eseg 16:10–13 wat as agtergrond gebruik word vir Openbaring 19:7–8. Hierin trek die bruid fyn, helder blink klere aan wanneer sy haar voorberei vir die bruidegom. Hierdie fyn, helder blink klere is simbolies van die regverdige dade van die gelowiges, en dit is ‘n vergunning van God. God stel dus die gelowige in staat om regverdige dade te kan doen. Die regverdige dade word gekwalifiseer in 19:9–10 met die herhalende uitdrukking "Dit is die Woorde van God, en hulle is waar". In 21:2 en 9 word die heilige stad aangedui as die bruid en die vrou van die Lam, dit is die kerk. In 22:17 roep die bruid, die kerk, saam met die Gees uit na die bruidegom om te kom, dit is Jesus.

Die mees algemene term vir kerk in die meervoud soos dit deurgaans in Openbaring gebruik word, is ‘n aanduiding van die sosiale verband waarbinne die sewe individuele kerke in 'n eenheid saamgebind is. Die plaaslike kerk in elke stad het dus ‘n eie identiteit, maar deur die verbandsverbintenis kom daar dus ook ‘n sosiaal-gemeenskaplike en ekumeniese identiteit na vore wat sigbaar gestalte vind in die gemeenskaplike aanbidding van God en aanvaarding van God se gebooie as gemeenskaplike etos of waardestelsel.

Die publieke identiteit van die kerk moet ook nader bepaal word, en is meer as bloot net die teologiese identiteit van die kerk. Hier gaan dit meer spesifiek oor wat die kerk van haarself sê, en hoe die kerk haarself struktureer en manifesteer in die openbaar. Dit vind ons vandag in die Belydenis en kerkregtelike grondslag van die kerke. In Openbaring vind ons geen gemeenskaplike geloofsverklaring van die kerke nie – dit sou eers later kom. Eers omstreeks 150 n.C. is die eerste belydenis in Rome gebruik, wat bekend gestaan het as die *Symbolum*

[1027] Jes 54:5, 61:10, Eseg 16:7–14, Hos 2:19
[1028] Sien Du Rand (2007:538)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*Romanum*.[1029] Teen hierdie tyd het 'n stryd ontstaan oor die geloofsuitinge van die Christene, en in die besonder in verband met die Drie-Eenheid van God soos verwoord in die *Symbolum Romanum*. Die strydpunt het gegaan oor die verhouding tussen God en Jesus.[1030]

Die stryd het in Alexandrië in felheid toegeneem, waar die presbiter Arius geleer het dat die Seun nie God is nie, maar slegs ‘n skepsel van God is. Die biskop Athanasius het aangevoer dat dit neerkom op ‘n veelgodedom en dat hy dit teenstaan. Keiser Konstantyn roep toe in 325.n.C. ter bewaring van eenheid in sy ryk ‘n ekumeniese konsilie te Nicea in Klein-Asië byeen om uitsluitsel te kry oor die saak. Die beslissing word gevel dat God een is, bestaande uit drie persone op grond van keiser Konstantyn se eie uitspraak dat “die Seun gebore is, nie geskape is nie, een van wese (*homoi-ousios*) met die Vader”. Hieruit spruit die latere geloofsbelydenis van Athanasius in omstreeks 500 n.C. voort uit Spanje of Suid-Frankryk. By Nicea is ook ‘n geloofsverklaring opgestel wat later by ‘n tweede ekumeniese konsilie te Konstantinopel in 381 n.C. uitgebrei en aanvaar is as die Geloofsbelydenis van Nicea. Ondanks nog vier ekumeniese konsilies kon ekumeniese eenheid nog nooit in die kerk bereik word nie, en het die verdeeldheid en skeuring net hand oor hand toegeneem. Ten spyte daarvan word die *Symbolum Romanum* uitgebrei, en raak omstreeks 550 n.C. in Suid-Frankryk bekend as die Apostoliese Geloofsbelydenis. Die winspunt uit dit alles is die

[1029] Dit het kort en kragtig gelui: “Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, onse Here, en in die Heilige Gees, die heilige kerk, die opstanding van die vlees”.

[1030] Sien Pillay and Hofmeyer (1991:10-11). Die apologete het veral gebruik gemaak van die begrip “Logos” om te probeer verduidelik dat die Logos (Rede of Woord) en God een en dieselfde substansie is. Een van die eerste apologete, Justinus die Martelaar, (100–165 n.C.) skryf: “Both him and the son who came forth from him and taught us these things and the host of other good angels who follow and are made like to Him, and the prophetic Spirit we worship and adore, because we honor him in reason(Logos) and truth. Those, such as Socrates and Heraclitus and others like them among the Greeks, who lived in accordance with Reason (Logos) are Christians, even though they were called godless. Likewise, those who lived without Reason (Logos) were ungracious and enemies of Christ and murderers of those who lived by Reason (Logos), and those who do so now, are Christians, fearless and unperturbed”.



© University of Pretoria

identiteitsvorming van die kerk wat kon plaasvind, veral ten opsigte van die publieke belydenisvorming.[1031]

Dit is Harland[1032] wat baanbrekers werk gedoen het ten opsigte van die dinamiek van identiteitsvorming en publieke belydenisvorming in die vroeë Christendom. Hy wys drie sleutelkonsepte vanuit die sosiale wetenskappe en vier krities belangrike dinamiese grondbeginsels uit vir die verstaan van Identiteit. Die drie sleutelkonsepte is:

1 Identiteitsteorie

2 Etniese groepe en migrasieteorie

3 Die uiterste belang van interdissiplinêre navorsing veral ten opsigte van die sosiologie, sosiale psigologie en antropologie.

Die vier krities belangrike dinamiese grondbeginsels is volgens Harland

1 Die konteks van assosiasies

2 Familiêre linguistiek

3 Akkulturasie en etniese assosiasies

4 Interaktiewe en vyandige (anti-assosiërende gedrag) optredes.

‘n Begrip van hierdie drie konsepte en vier dinamiese beginsels vanuit die sosiaal-wetenskaplike kritiek is van onskatbare waarde vir nie net die verstaan van die identiteit van die vroeë kerk en sy mense nie, maar ook vir die verstaan van hul openbare belydenis en gedrag.

[1031] Sien Dankbaar (1974:39–43) vir ‘n meer volledige geskiedenisverhaal hiervan

[1032] Sien Harland (2009) vir ‘n meer volledige hantering van ‘n identiteitsteorie



© University of Pretoria

Die fundering van die verstaan van die identitiet van die kerk sedert Nicea deur die eeue heen tot vandag hanteer deurgans die bekende vier eienskappe[1033] van die kerk in die vasstelling van die identiteit van die kerk. Dit is die 1) Eenheid, 2) Katolisiteit, 3) Apostolisiteit en 4) die Heiligheid van die Kerk. Charles van Engen[1034] bring die identiteit en die sending van die kerk as volg teologies bymekaar:

> "We cannot understand the church without looking at its mission and we cannot understand mission without viewing the nature of the church". Maybe it is time we begin to see the four words of Nicea not as adjectives which modify a thing we know as the church, but as adverbs which describe the missionary action of the church essential life in the world.

So gesien, identifiseer hy die kerk as

1. The one Church of Jesus Christ as a unifying force.
2. The catholic Church of Jesus Christ as a reconciling force.
3. The apostolic church of Jesus Christ as a proclaiming force.
4. The holy church of Jesus Christ as a sanctifying force.

Dit is ook Charles van Engen[1035] wat die brug slaan van die historiese kerk na die eskatologiese kerk met 'n gestuurdefokus wanneer hy skryf:

1. The one church would be seen as a unifying force
2. The holy church would be seen as a sanctifying force

---

[1033] Sien G.C. Berkouwer (1976), Hans Kung (1981) en Charles van Engen (1991) onder andere wat hierdie vier eienskappe volledig en diepgrondig hanteer

[1034] Van Engen (1991:30) in *God's Missionary People*

[1035] Van Engen (1991:68)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3 The Catholic church would be seen as a reconciling force

4 The apostolic church would be seen as a proclaiming force

So definieer hy die kerk as "… the unifying, sanctifying, reconciling and proclaiming activity of the Spirit in the world" en bring hy die sending van die Gees (die pneumatologie) en die sending (die missiologie) bymekaar uit. Ek neem dit graag verder deur die volgende verbintenisse vanuit Openbaring simbolies te maak:

1 Die Lampe word verbind met die eenheid

2 Die sterre of leraars met die katolisiteit

3 Die Boodskappe met die apostolisiteit

4 Die aanbidding met die heiligheid

Hans Kung[1036] se beskrywing van die kerklike identiteit waarmee hy ook die interafhanklikheid van die eienskappe van die kerk saam beskryf as die "*Credo apostolicam ecclesiam*" is die aangrypendste en volledigste wat ek nog gelees het, en ek haal dit graag hier aan:

> These four attributes are far from being exclusive from the Bible and one another and are not random ones but essential ones demanded by the New-Testament Theology which at a very deep level are interdependent. What is ecclesiastical unity without the breath of catholicity, the power of holiness and the original impulse of apostolicity? What is ecclesiastical catholicity without the links of unity, the distinction of holinesss and the vitality of apostolicity? What is ecclesiastical holiness without the binding power of unity, the generosity of catholicity and the long roots of

[1036] Hans Kung (1981:359)



© University of Pretoria

apostolicity? What finally is ecclesiastical apostolicity without the brotherwood of unity, the diversity of catholicity and the spirit of holiness?

So gesien, is die uitgangspunt dan om die kerk te identifiseer of te sien as die gestuurde agent (apostolisiteit) na die hele aarde (katolisiteit) met die spesifieke doel om die Een op die troon (eenheid) te aanbid (heiligheid), deur in die wêreld mekaar ("Insiders") en die ander ("Outsiders")[1037] te begelei daarin.

Die bydrae wat Openbaring lewer om die eenheid van die Vader en die Seun en die Heilige Gees duidelik te stel, vind ons in Openbaring 19:10. “Aanbid **God,** want dit is **Jesus** wat die getuienis gelewer het, en dit is die **Gees** wat die profesie gegee het”.[1038] Dit is ook opvallend dat die woord Logos slegs drie teksverse verder (19:13) gebruik word vir Jesus, hier die Ruiter op die wit perd. Die plek en belang van Jesus in die kerk as middelpunt en beslissende belang van identifisering van die kerk (Openbaring 1:13) sal dus nooit onderskat kan word nie. Die kerk word in hierdie konteks eskatologies beskryf as die leërs in die hemel wat op wit perde agter Hom aangery het. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad wat in Openbaring 19:8 simbolies beskryf word as die regverdige dade van die gelowiges. Die regverdige dade van die gelowiges kan gedefinieer word as die etos van die gelowiges.

Eskatologies gesien, kan ons die kerk as beelddraer van God vanuit Openbaring eskatologies beskryf as ‘n groot menigte mense (144 000) uit elke nasie en stam en volk en taal wat voor die troon en voor die Lam staan en ‘n nuwe lied sing, en histories-kontekstueel hard uitroep: “Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?”. Vanuit die troonvisioen konstateer ons op grond van die Een op die troon dat die beeld van die kerk ‘n eenheid is op grond van die Een op die troon; Heilig is op grond van die

[1037] Sien die ontwerp van die terme “Insider” en “Outsider” in ROLAND, C. 2013. *The Apocalypse: Sensitivity and Outsiders.* In J. Kok, T. Nicholas, D.T. Roth & C.M. Hays *Sensitivity to* Outsiders te dien en te getuig te midde van die krisissituasie van vyandigheid en vervolging.

[1038] Sien die eksegetiese kommentare in die literatuurlys vir ‘n meer volledige verduideliking van hierdie teks



© University of Pretoria

aanbiddingslied van die vier lewende wesens "Heilig, heilig, heilig is die Here God die Almagtige"; katoliek is op grond van die samestelling van mense uit elke stam en taal en volk en nasie wat die Lam 'n koninkryk en priesters vir God gemaak het, wat oor die hele aarde sal regeer; en apostolies is op grond van die sewe Geeste van God wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hierdie vier eienskappe van die kerk – wat aan die Woord ontleen word – is deur die eeue heen, sedert die konsilie van Nicea, gebruik om die beeld van die kerk te beskryf; nie net as 'n feitelike beskrywing van die kerk nie, maar dit bied andersyds ook 'n feitelike opdrag as die indikatief en imperatief van kerkwees.[1039]

### 6.4 Die etos van die kerk in Openbaring

Die Kerk se teologiese identiteit het ons bepaal vanuit die teks sowel as die sosio-historiese konteks daarvan. Nou is dit van wesenlike belang om vervolgens die etos[1040] in Openbaring vas te stel, maar nog steeds binne die kategoriale verband met die identiteit en die etiek van die kerk, en nog steeds al drie begrippe saam as die som van moraliteit van die kerk. Die wyse waarop die kerk, of enige bepaalde groep mense, hulle oortuigings aangaande reg en verkeerd, goed en kwaad uitleef, word in die kategoriale verband van die identiteit, die etos van die groep genoem. Die vraag is nou hoe om 'n bepaalde groep se etos te lees, te verstaan en te beskryf en ook hoe om 'n beskryfde etos te lees.[1041]

Die Griekse woord "ἔθος"[1042] word aangedui en vertaal as "custom, habit". Die Latynse woord "mōrs, mōris" word aangedui en vertaal as "custom, usage, manner, style, civilization, law" en die meervoud "mōres" as "character, behaviour, morals" en is min of meer 'n aanduiding van die gesamentlike idees en die reëls wat 'n groep se gedrag bepaal. Volgens

[1039] Sien Heyns (1978:377)
[1040] Sien die teologiese woordeboek van Gerhard Kittel en Gerhard Friedrich, redakteurs, deur H. Preisker (1985:394-402) en ander woordeboeke vir die verklaring van die woord. Die term en begrip "etos" is in die teologie baie onderontwikkel en verskillende verstaansinhoude word daaraan toegeken
[1041] Sien Smit (1992:303-305) se hantering van hierdie vraagstelling
[1042] Sien Liddell en Scott (1978:226)



© University of Pretoria

die *HAT*[1043] beteken etos: "kenmerkende van ‘n gemeenskap, groep, volk”. Die teologiese woordeboek van Kittel[1044] vertaal en verklaar die woord as “habit, use, custom, cultic ordinance, law (used for Jewish laws in the LXX).

> In Luke 22:39[1045] the obvious reference is to a habit of Jesus; to retire to the Mount of Olives for prayer. In Acts 25:16 it denotes a custom in Roman justice. In Hebrews 10:25 it denotes the bad custom of nonattendance at community gatherings. In John 19:40 it denotes the burial laws of the Jews. In Luke the common use is for the cultic law of Judaism, whether with reference to individual ordinances[1046] or the whole of the cultic law.[1047]

Etos[1048] behels die formulering en strukturering van die oortuigings aangaande reg en verkeerd of goed en kwaad waarop ‘n bepaalde groep mense hulle sosiale openbare omgang met mekaar in die publiek verstaan, en ooreenkom hoe om met mekaar om te gaan. Die etos van ‘n groep bepaal die ooreengekome reëls waarvolgens ‘n groep mense lewe, en verduidelik ook waarom daardie spesifieke reëls geld. Etos is altyd groepsgebonde en sosiaal; ‘n enkeling het nie sy of haar eie etos nie, net soos ‘n enkelpersoon nie sy of haar eie private taal of kultuur het nie. Die etos van ‘n groep kan gesien word as wesenlik deel van hul gemeenskaplike moraal, en behels veral die sedelike of morele kant van hul kultuur of die karakter van die groep. ‘n Groepsetos word ook altyd histories bepaal, omdat die groep mettertyd hulle tipiese morele oortuigings en hul kenmerkende gedrag ontwikkel, en daarom verander dit ook. Dit kom samevattend neer op hoedanig iemand geposisioneer is in sy of haar optrede.

---

[1043] *HAT* (2000:213)
[1044] Kittel Abridged (1985:201-202)
[1045] Sien ook Handelinge 6:14, 15:1, 16:21, 21:21, 26:3, 28:17
[1046] Sien Lukas 1:9 en 2:42
[1047] Sien H. Priesker in Kittel Abridged (1985: 372–373)
[1048] Sien Robert N. Beck (1975:2). Die filosofie gebruik die term “Social Philosophy” as uitgangspunt vir “The study of the social good” vir “Etos”.



© University of Pretoria

Dit is vanselfsprekend dat die sosiale identiteit van die groep wie se etos beskryf of gelees word,[1049] binne die konteks van die tyd vasgestel en blootgelê moet word. Al meer geleerdes is van mening dat om ‘n groep se etos te kan verstaan en te kan beskryf, dit gedoen moet word soos om ‘n taal of kultuur te probeer verstaan. Metodes om hierdie studie te onderneem, word al meer ontwikkel deur antropoloë, sosioloë en psigoloë en – in die teologie – die sosiaal-wetenskaplike kritiek. Aspekte van die identiteitsteorie, sosiologiese teorie en die gedragswetenskapsteorie van die psigologie en hul navorsingsmodelle word ingespan om die etos van historiese groepe te bepaal.

‘n Bekende werk in hierdie verband is dié van Wayne Meeks[1050] wat navorsing gedoen het oor die verskillende morele wêrelde van die vroeë Christene. Hy probeer om die grammatikas, gedragspatrone, spraak- en denkpatrone, die onbewuste, sosiaal gedeelde vanselfsprekendhede van die vroeg Christelike gemeenskappe, wat weerspieël word in hulle dokumente, te “lees” en te “skryf”. Clifford Geertz het ook ‘n benadering van “kulturele analises” gevolg om die oortuigings, die spraak- en gedragsreëls, en die “grammatika” van ‘n spesifieke geloofsgemeenskap te probeer verstaan en te beskryf.

Die teologie van Openbaring sal dus die etos van die kerk van daardie tyd moet kan blootlê om tot ‘n sinvolle ekklesiologie van Openbaring te kan kom. Die etos in Openbaring hang ten nouste saam met die belydenis van die kerk dat daar ‘n troon staan in die hemel en dat Iemand op die troon sit wat aanbid word omdat Hy tot in alle ewigheid lewe en alles geskep het. Hy is die alleenheerser en hou die boekrol vas van alles wat moet gebeur. Die krisis is dat niemand waardig is om die boekrol oop te maak nie, en geen ander krag, mag of geweld daartoe in staat is nie: “Wie is waardig om die boek oop te maak? Die antwoord is: “Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, die Lam wat geslag was en met sy

[1049] Sien Smit (1992:303–305) se hantering van hierdie vraagstelling
[1050] Sien Smit (1992:303–305)



© University of Pretoria

bloed mense vir God losgekoop het, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak (5:5)".

Wat die inhoud van hierdie boek kon wees, word verskillend geïnterpreteer, en hier moet ons eerder inklusief te werk gaan as eksklusief, en dus al die moontlikhede oorweeg. Die vanselfsprekende vertrekpunt sal verseker wees dat dit onder andere die Ou-Testamentiese Wet sal insluit; met ander woorde, die Tora, wat die volledige eerste vyf boeke van die Ou Testament ten minste insluit. Openbaring 12:17 vermeld "die nakomelinge van die vrou wat die gebooie nakom", wat 'n verwysing is na die Tien Gebooie soos opgeteken in Exodus 20:2–17 en Deuteronomium 5:6–21. Die geskiedskrywer Josefus was die eerste skrywer wat gepraat het van vyf gebooie op elk van die twee tafels van die wet. Die skrywer Filo praat van die eerste vyf gebooie as liefde vir God en van die tweede vyf gebooie as liefde vir die mensheid.[1051] Die wet van God, die Tien Gebooie, sal dus logies gesproke die etos van die kerk as vertrekpunt insluit.[1052]

Jesus het gekom en by navraag oor watter die grooste gebod in die wet is, as volg geantwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. Die tweede wat hiermee gelyk staan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat".[1053] Hiervolgens het die Gereformeerde kerketradisie in een van hul erkende belydenisskifte, naamlik in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 34, Vraag en Antwoord 93, dit as volg verwoord: "Hoe word hierdie gebooie ingedeel? In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede

1051 Sien Du Rand (2007:408)
1052 Sien Heyens (1976) *Die Nuwe Mens onderweg, oor die tien gebooie* vir 'n volledige hantering van die Gebooie vanuit 'n etiese perspektief

1053 Sien Matt 22:37-42



© University of Pretoria

in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b). Hierdie geloofsverklaring is sprekend van die etos van hierdie kerklike groep.

Die Lam het dus ‘n nuwe etos of omgekeerde stel waardes kom vestig wat neerkom op ‘n belydenis en getuienis wat stelling inneem teen mag en geweld, onreg en onsedelikheid, losbandigheid, moord, bedrog, afgodsdiens, alle leuns, en die mense wat bang en ontrou geword het.[1054] Die tipiese kenmerk van die kerklike etos sal dus wees om die gesag van die Draak en die wêreld se heersers te ontken en om nie mee te doen aan die genoemde praktyke nie, maar om te bely dat Jesus Christus die Here van die Here en die koning van die konings is.

Volgens Du Rand[1055] kan sowel die identiteit as die etos van die Kerk in Openbaring verstaan word binne die raamwerk van die eskatologie; en, voeg ek by, veral binne die raamwerk van die Joodse apokaliptiek. Die kern van die eskatologie in Openbaring behels die immanente koms van Jesus op die wolke, en die kern van die apokaliptiek is die nuwe simboliese universum of skepping wat Jesus sal bring. Ten opsigte van hierdie eskatologies-apokaliptiese raamwerk is die ooreenkoms met veral Daniël en ander apokaliptiese literatuur opvallend. In Daniël vind ons die ontplooiing van ‘n historiese en kosmies-eskatologiese oorwinning en oordeel oor die heidense konings, koninkryke en nasies, tesame met die vestiging van God se heerskappy. God is in beheer en is die Een wat konings aanstel en onttroon, en God gebruik ook hul opstandige optredes om sy eie doelwitte te bereik. Die etos van die getuies van die Godsvolk in Daniël – en dus ook in Openbaring – het dieselfde uitgangspunt,[1056] dien die Koning en sy koninkryk volgens die koning se wet, en wees diensbaar in die wêreld as getuie.

---

1054 Sien Openbaring 14:4–5, 21:8 en 22:15
1055 Sien Du Rand (1992:291)
1056 Sien Du Rand (1992:292)



© University of Pretoria

Die plek en rol van die Koning se ryk moet dan vervolgens bepaal word. Hier gaan dit oor die onderskeid tussen die aardse Messiaanse ryk en die daaropvolgende ewige Koninkryk van God.[1057] Weereens is die belang en verstaan van die Ou-Testamentiese apokaliptiese literatuur en beskouing van kardinale belang, spesifiek die liedere van die dienskneg in Jesaja, en die Seun van die mens-visioene in Daniël en Esdras 2.

Die Ou-Testamentiese profetetradisie het ‘n Messias verwagting gehad en verkondig. Die Ou-Testamentiese profete het verkondig dat God histories deur die gestuurde Messias op aarde sal ingryp en sy koningskap oor die aardse konings sal bewys, sy koningskap sal openbaar en sy navolgelinge sal red. In Daniël vind ons dit inderdaad dat God in die geskiedenis ingryp deur konings tot ‘n val te bring, en dat God eintlik hulle eie opstandige optrede gebruik om sy eie doelwitte te bereik. Só word die Messiaanse koninkryk deurlopend gevestig.

In Daniël vind ons ook die gedagte van ‘n eindeskatologiese oordeel wat gepaardgaan met geweldige kosmologiese gebeure wat sal plaasvind, en hierin is die rol van die Seun van die mens baie duidelik in Daniël 7 en 10. In Esdras 2, hoofstuk 2:42–48, sien Esdras self die Seun van God, en in hoofstuk 7:28–31 stel hy ‘n komende Messiaanse ryk aan die orde deur die bekendmaking van die visioene van God se seun en sy sterwe. Daarna skryf hy in Hoofstuk 8:52–63 oor die dode wat opgewek sal word en die paradys wat oopgemaak sal word vir dié wat God reg dien. Volgens Esdras gaan ‘n Messiaanse ryk die einde van die wêreld en die nuwe era vooraf.

Die gedagtegang van Daniël en Esdras word deeglik ondervang deur Openbaring 20 wat ‘n aanduiding is van die Messiaanse koninkryk wat oorgaan in God se ewige nuwe koninkryk soos dit beskryf word van Openbaring 21:1 tot 22:21. In Openbaring 20 kom die dieper

[1057] Sien Du Rand (1992: 293)



© University of Pretoria

geestelike aspek duideliker na vore wanneer die oorlog tussen die getuies van Jesus en die volgelinge van Satan op aarde afgespeel word teen die stryd tussen die engele en die bose magte in die hemele. Die eindeskatologiese oordeel kom volledig aan die orde in 20:4, wat ‘n baie lang teksvers is en ‘n volledige beskrywing gee van die posisie, mag en regering van die Messias wat hier Christus genoem word. Hierdie Christologiese titel kom twee keer voor in hierdie perikoop. Die etos in Openbaring word weereens binne die konteks van Openbaring gevind in die frase “die mense wat aan die getuienis van Jesus en die Woord van God vasgehou het”.

Tog beweer Du Rand[1058] dat daar wyd uiteenlopende perspektiewe oor die etos in Openbaring is omdat daar tans nog geen sentrale of sistematiese fokus van moraliteit uitgewys is nie. Du Rand het goeie navorsing gedoen en motiveer sy bewering as volg: “To name but a prominent few some may say the focus of the ethos is:”

1 Power and justice conquering evil[1059]

2 Mythic and psychoanalytic processes of experience providing the believer with a realised eschatological ethical bliss of living in the present[1060]

3 God’s salvation comes to his creation through judgement[1061]

4 A passive suffering through self-sacrifice and not violence[1062]

5 An eschatological demonstration of the lordship of Jesus, the Messianic millennial kingdom Revelation 20[1063]

---

1058 Du Rand (2006:565–571)
1059 Barr (1998:171)
1060 Gager (1967:181–200),
1061 Smalley (2005:10, 12, 13)

1062 Reddish (2005:25)



© University of Pretoria

6 Love as to be understood as the driving force of all works[1064]

7 Besides the meaning of the Mosaic Law a resistant struggle against the powers of Rome constitutes the ethics in the Apocalypse[1065]

8 Gnosticism as the most prominent enemy of ethical values and the call to convert from the Gnostic misconceptions and to do the good works[1066]

9 A social admonishment calling for resistance of the believers[1067]

10 The church's witnessing struggle against all pretensions to power[1068]

11 An active abstaining from any participating in the Roman emperor cult or veneration[1069]

Tog vind die etos in Openbaring 'n duidelike fokus op grond van die getuienis aangaande Jesus en die verkondiging van God se Woord of vashou aan die gebooie van God. Die uitgangspunt van dié etos as term van die ekklesiologiese motief van die teologie in Openbaring is dan gevolglik relatief maklik om te vind; en ons vind dit in hierdie gedagte van hulle wat aan die gebooie van God, alternatiewelik aan die Woord van God, en die getuienis van Jesus vashou. Hier is dit van kardinale belang om die invloed van die Ou-Testamentiese agtergrond met die sentraliteit van die Wet of ten minste die tien gebooie in berekening te bring wat die vroeë kerk se identiteitsvorming bepaal het, en die etos van die eerste geloofsgemeenskappe bepaal het. Tereg merk Dankbaar[1070] op "De kerk heeft dus voor haar verbreding veel aan het Jodendom te danken, maar zij Wettische beschouwingen van het

1063 Schrage (1989:332)
1064 Schackenburg (1965:382)
1065 Schultz (1987:536–544)
1066 Wendland (1970:116)
1067 Rowland (1990:130)
1068 Hays (1996)
1069 Wolter (2005:189)
1070 Dankbaar (1974:19)



© University of Pretoria

geloof, als een stelsel van geboden en verboden, wonnen in de kerk veld". Die Nuwe-Testamentiese getuienis aangaande Jesus sou mens die ander pilaar van moraliteit kan noem, en dit word dikwels uitgedruk met die vraag "Wat sou Jesus gesê of gedoen het?" of "Wat is die getuienis wat Jesus gelewer het?".

Die etos van die kerk in Openbaring kan duidelik omskryf word in die belydenis dat God alleen en geen ander god of die keiser nie, aanbid word, omdat Hy geskep het, bely word dat vasgehou word aan die getuienis van Jesus omdat Hy die Lam is wat geslag was, die eerste is wat uit die dood uit opgestaan het en die oorwinnaar oor die dood is, en die heerser oor die konings van die aarde is, en bely word dat die Gees, wat die profesie aan sy profete gegee het, ook die profesie van hierdie boek gegee het, en saam met die kerk roep na Jesus om gou as Oorwinnaar te kom. Hierdie drie kategorieë – aanbidding, getuienis en profesie – as raamwerk van die etos van die kerk, sou dus die praktiese maatstaf wees waaraan die etos van die kerk gemeet kan word.

Du Rand[1071] konstateer dat ‘n etos of morele leefstyl vir die Christene van vandag hoofsaaklik in die sewe briefboodskappe aan die sewe kerke aangetref word as tipiese riglyne van hul etos. Volgens Du Rand[1072] kom twee duidelike riglyne as etos na vore; 1) Om nie deel te neem aan afgodery nie en 2) om jou te bekeer van selfgenoegsaam en selftevredenheid. Die hoofmotief van die etos in die res van die Openbaringboek sou die antwoord wees op die vraag: "Hoe reageer die Christen in die tyd van krisis?" te midde van vervolging, siekte, dood, rampe, ensovoorts. Die kern van ‘n etos in Openbaring is vervolgens om God te aanbid, vas te hou aan die getuienis wat Jesus gelewer het, en om die woorde van hierdie profetiese boek wat die Gees gegee het, ter harte te neem en daarin te volhard tot die einde toe (19:10 en 22:7). Samevattend kom dit daarop neer dat die etos van

[1071] Du Rand (2007:68)
[1072] Du Rand (2007:69)



© University of Pretoria

die getuies in Openbaring en die kerk slegs verstaanbaar is binne die teologiese motief van die ekklesiologie, maar binne die raamwerk van die eskatologie van Openbaring as apokalips, en daarom in hierdie hoofstuk aangaande die kerk hanteer word.

### 6.5 Die etiek, sosiaal-openbare optrede van die lede van die kerk

Rakende die etiek in Openbaring reken Beate Kowalski:[1073] "Only a very few publications deal with ethics in Revelation of John thouh ethical terms are used quite often". In die navorsing van die etiek in Openbaring spesifiek, is daar twee standaardwerke wat die vertrekpunt vir verdere navorsing kan wees. In beide gevalle is dit Jan du Rand wat dié bydraes ten opsigte van Openbaring gelewer het.[1074] Ter inleiding in Van der Watt se boek stel Richard B. Hayes ses benaderings of modelle aan die orde waarmee die Etiek in die Nuwe Testament benader kan word.

1. Historical Description of the Ethical Teaching of the New Testament Writings
2. Ethnographic Description of the social World of the Early Christians
3. Extraction of Ideals or Principles
4. Cultural Critique of ideologies in the New Testament
5. Character Formation and the Ethics of Reading
6. Metaphorical Embodiment of Narrative Paradigms

Ten slotte dui hy die sterkpunte van al ses die benaderings of modelle aan as 'n koersaanduiding van hoe om die onontginde veld van die Nuwe-Testamentiese Etiek te benader. Die belangrike sake wat hy uitlig, is die beskrywende taak van die Nuwe-

[1073] Beate Kowalski (CBL 2015) *Trade and economy: Reflections on Social Ethics in Revelation of John*
[1074] Sien Du Rand in Celliers Breytenbach en Bernard Lategan (Redakteurs) 1992, *Scriptura: Geloof as opdrag* en Jan van der Watt (Redakteur) 2006, *Identity, Ethics and Ethos in the New Testament*



© University of Pretoria

Testamentiese interpretasie, die belang van tradisie en sosiale identiteit, ons eie presupposisies en moraliteit, die verstaan dat die Bybelteks, God se Woord in verskeidenheid van genre, en laastens die hermeneutiese uitdaging. Hierdie hoofstuk is dan 'n poging om vanuit die Openbaringboek nog 'n tree te gee op die terrein van die groter navorsingsveld van die Nuwe-Testamentiese Etiek.

Die Etiek as kategorie van moraliteit van die kerk as skepping van die Gees van God, sowel as menslike instansie en organisasie, vertoon duidelik 'n tweedimensionele bestaansvorm, naamlik 'n pneumatologiese bestaansvorm en 'n antropologiese bestaansvorm. Die antropologiese bestaansvorm kom daarop neer dat mense, kerkmense as lede van die kerk, nie anders kan nie as om in gemeenskap saam met ander mense te lewe, en dus in die openbaar sosiaal op te tree en met mekaar in die openbaar om te gaan.[1075]

Beate Kowalski[1076] vermeld sekere terme wat die sosiaal-openbare etiek volgens hom in Openbaring reflekteer naamlik:

> Wealth or poverty, trade and economy and loyalty to Roman trade guild deities and emperor worship, but this situation seduced people into compromising with idolatary. John's Revelation contains prophetic criticism against compromising and he redefines social terms and reverses values. His view on social ethics is extremely radical because of his dualistic way of thinking. In prophetic manner he exhorts particular christian groups in order to consolidate their group identity.

Die gebruik van die Engelse woord "Ethics" word deur meeste navorsers as generiese term gebruik, maar kan egter in Afrikaans verskillende betekenis nuanseringe hê, en dit moet

[1075] Sien Burger (1991:29) *Die dinamika van 'n christelike geloofsgemeenskap*
[1076] Beate Kowalski (CBL 2015) *Trade and economy: Reflections on Social Ethics in Revelation of John*



© University of Pretoria

vervolgens eers verduidelik word. Van der Watt[1077] definieer die Engelse term “ethics” as volg:

> “The word ethics is a generic term referring to what may be called the moral codes, values, principles, or norms used in any particular society based on the systematic reflection upon these moral codes, values, principles, or norms. The word “ethics” is indeed used in many ways and often indeterminately, it was necessary to clearly define the analytical categories to be used in this volume and it is Identity, Ethics and Ethos”.

Op voetspoor van Heyns[1078] definieer ek die term “Ethics” in Afrikaans as die “Etiese”, as ‘n generiese begrip met die betekenis dat dit beskou word as die wetenskap wat “Etika” of “Sedeleer” bestudeer. Ek onderskei, verstaan en gebruik dan vir die Engelse woord “Ethics” spesifiek die Afrikaanse woord “Etika” of “Sedeleer”, en vir “Ethical” eties en vir “ethic”, die enkelvoud, die Afrikaanse woord "etiek". Vir die Engelse generiese term “Ethics”, soos dit hoofsaaklik gebruik word en soos dit verstaan word, verkies ek om die term "Moraliteit" te gebruik.

Op voetspoor van die drie analitiese kategorië van moraliteit het ek hier bo die Afrikaanse terme van die eerste twee kategorië uitgeklaar en gedefinieer as Identiteit en Etos. Die etiek, dit wil sê die openbare optrede of gedrag van ‘n mens, weerspieël sy identiteit en etos, en saam met etiek is hierdie drie kategorieë interafhanklik en onlosmaaklik verbind. Die begripsbepaling van die drie kategorië onderskeidend van mekaar is egter van kardinale belang, veral die onderskeiding tussen die etiese, etos en etiek, omdat die aanwending en inhoud deur verskillende navorsers verskillend ingeklee word. Die taal waarin

[1077] Van der Watt (2006: V-VI) *Identity, Ethics and Ethos in the New Testament*
[1078] Heyns (1982:5) *Teologiese Etiek*



© University of Pretoria

gekommunikeer en geskryf word, en veral die sosiale konteks van die taal en groep mense met wie of van wie gepraat of geskryf word, kan ook verskil.

Etiek behels dan onderskeidend die bewuste nadenke oor die etos en doelbewuste optrede as rekenskap oor en verantwoording van die oordeel of iets goed of kwaad is, en daadwerklike optrede in die lig daarvan. Etiek vereis dus om morele keuses te maak en so bewustelik rekenskap te gee oor die vraag of iets goed of kwaad is, en om die besluit te neem wat om te doen. Etiek handel verder ook oor die wyse waarop 'n bepaalde groep mense[1079] hulle oortuigings aangaande reg en verkeerd, goed en kwaad, uitleef. Etiek staan dus in direkte verband met die individu se gedrag ten opsigte van wat hy doen, hoekom hy dit doen, en ook hoe hy dit doen.

Die vraag oor die etiek in Openbaring kom neer op die vraag hoe die lede van die kerk met hul eie teologiese en publieke identiteit gereageer en opgetree het binne hul eie sosio-historiese konteks van die plek en tyd. Die kern van die Etiek in Openbaring kry ons in Openbaring 12:17 en 14:12 gefundeer met die vermelding "hulle wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het en in Jesus bly glo". Hierdie mense sing 'n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge. Dit is hulle wat hulle nie met vrouens besoedel het nie, wat kuis gebly het. Uit hulle mond het daar nooit 'n leuen gekom nie, en hulle is onberispelik. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie, en nie die merk op die voorkop en hand aanvaar het nie. Die teenpool daarvan vind ons in Openbaring 21:8 en 22:14 met die vermelding dat wie buitekant is, se lot die poel is wat met vuur en swael brand, en hulle is dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars, onsedelikes, bedrieërs, afgodsdienaars, dwaalleraars, al die

[1079] Sien van Niekerk (1989) *Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse Sosiale Etiek* en (2014) *'n Etiek van Teenwoordigheid*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leunaars en almal wat valsheid liefhet en doen. In hierdie tekste kan vasgestel word wat goed en wat kwaad is.

Du Rand[1080] skryf in verband met die Etiek in Openbaring, dat etiek die leefstyl van die individu behels na gelang van en in verband met sy identiteit en etos. Vir die getuie van Jesus in Openbaring beteken dit om stelling in te neem teen die mag, geweld, onreg en onsedelikheid van die aardse heersers, en die samevattende gebod van die liefde te leef en te demonstreer. Deur volharding daarin kry die getroues deel aan die oorwinning van die Lam, wat ook die Getroue en Betroubare genoem word, en nou die Ruiter op die wit perd is, en die oorwinning behaal het. Hierdie lewe van oorwinning moet met volharding deur dade as etiese handelinge op elke lewensterrein gedemonstreer word totdat Hy kom.

Volgens die Openbaringteks, wat die kerk in Openbaring aanbetref, behels dit dat die etiek hoofsaaklik in die briefboodskappe aan die sewe kerke in hoofstuk 2–3 aangetref word. Dit is dus duidelik dat die kerk se identiteit en sy gemeenskaplike waardes (etos) en optrede van individuele lede (etiek) gegrondves is in die identiteit van Christus, die Christologie, sy werk die Soteriologie, en die handelinge van die Verlostes – die Diakonologie, die Ekklesiologie en die Missiologie.

Soos onder die etos aangedui, kan die etiek van die kerk volgens die boodskap van Openbaring verstaan word binne die teologiese motief van die ekklesiologie, en word daarom in hierdie hoofstuk gehanteer, maar ook in Openbaring binne die raamwerk van die eskatologie. Die uitstaande kenmerk van die eskatologie in Openbaring is die verwagting van die immanente koms van Jesus terwyl daar geleef word vanuit die teenwoordigheid van die offer van die Lam wat geslag was, en daarom hou die getuies vas aan die gebooie van God en die getuienis van die Lam. Die etiese uiting van die getuies van Jesus is eskatologiese

[1080] Du Rand (2007:68–70)



© University of Pretoria

getuienislewering, dat die Koning van die konings en die Heerser van die heersers kom. Die oorwinning van die Lam wat kom, word ‘n lewensruimte vir die getuies waaruit die publiek eties bedien word met die goeie dade van die getuies (19:9). Die eskatologiese raamwerk wat die verwagting skep van ‘n immanante simboliese universum vestig die perspektief van oorwinning wat kom by die getuienis, en skep ‘n etiese bewussyn dat hul nou al reeds leef in ‘n wêreld waar die Lam en sy getuies al reeds regeer.

Die moraliteit van die kerk (Identiteit) behels dus ‘n belydenis (etos) en lewenstyl (etiek) wat stelling inneem teenoor die afwysende praktyke van die wêreld en sy heersers.[1081] Hierdie afwysende optrede behels ‘n stryd of oorlog in Openbaring in veral geestelike en simboliese sin, en die oorwinning word behaal deur teologies-eties korrek op te tree volgens die aanvaarde belydenis van die kerk deur dit op elke lewensterrein te verkondig en te leef. Hierdie stryd of oorlog kom daarop neer dat die getuie sy of haar aardse lewe kan verloor en ook in hierdie geestelike oorlogvoering geld die soldatespreuk: “in enige oorlog is daar ongevalle en lewensverlies”. Die getuies van Jesus weet egter ten spyte van gewisse dood verseker dat die oorwinning reeds behaal en die dood reeds oorwin is, want Jesus is immers die eerste wat uit die dood uit opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde (1:5) en die Koning van die konings en die Heerser oor die heersers (17:14 en 19:15). Aan sy volgelinge is nou al reeds die bevoegdheid gegee om eendag in die hiernamaals as regters op te tree (20:4).

### 6.6 Die sewe boodskappe aan die sewe kerke as ‘n morele perspektief vir die kerk vandag

Die kerk as die morele agent van God in hierdie wêreld, kan haar Goddelike sending slegs nakom indien die *coram Deo, praesens Jesus* en die *profetiese Gees* sigbaar gemanifesteer

[1081] Sien Du Rand (2007:69)



© University of Pretoria

word deur die gehoorsame uitlewing van die gebooie van God en getuienislewering aangaande Jesus binne die sosiale konteks van die persoon. Volgens Du Rand[1082] het die kerke, "die sewe goue lampe", slegs betekenis en bestaansreg as, voor die aangesig van God op die troon, *coram Deo,* die *praesens Jesus* saam met hulle is, en die *profetiese Gees* sigbaar werksaam is. Die kerk se verlede, hede en toekoms is, so gesien, gefundeer in die *praesens Jesus* as die eerste wat uit die dood uit opgestaan het, as die Lam wat geslag is, en as die Oorwinnaar wat kom. Die hede – as die lewende sosiale konteks – is egter 'n konteks van geestelike oorlogvoering waar die *profetiese Gees* werksaam is. Du Rand[1083] tipeer die hede as 'n krisisvolle situasie.[1084] Hy beweer dat Openbaring dus by uitnemendheid 'n toepaslike boodskap het vir 'n kerk wat om een of ander rede in 'n krisis verkeer, en 'n boodskap bring wat dien as die moraliteit in die tyd van krisis.

Die sosiale krisis van die kerk in Openbaring manifesteer op menslike sowel as geestelike vlak in die simboliese stryd tussen goed en kwaad, konflik met ander godsdienste en hul gode, konflik met spesifiek die Joodse godsdiens, die strukturele geweld van en onderwerping aan die owerheid, volkseie en kulturele diskriminasie, sosiale immoraliteit en sedelike verval, konflik tussen rykdom en armoede, en erkenning van menswaardigheid in die algemeen. Du Rand [1085]vat dit as volg saam:[1086] Die lede van die kerk, bedreig in hul menswaardigheid, was kultureel ontwortel, polities teen gediskrimineer, en ekonomies uitgerangeer, wat gelei het tot godsdienstige eksklusiwisme en afsondering in die handhawing van 'n eie moraliteit, maar wat verwydering van die samelewing meegebring het en 'n krisissituasie veroorsaak het. Die boodskappe aan die sewe kerke gee in hierdie krisissituasie 'n aantal riglyne vir 'n moraliteit.

---

[1082] Du Rand (1992:296)
[1083] Du Rand (1992:297)
[1084] Vgl Collins (1981:4vv), Schüssler Fiorenza (1985:181vv) en (1986:125vv), Du Rand (1989:103vv), (1990a:259vv)
[1085] Du Rand (1992:298)
[1086] Ietwat aangepas en uitgebrei



© University of Pretoria

Daar is reeds uitgewys dat sewe motiewe deurgaans voorkom in die sewe briewe waarvan die lofprysingsmotief ‘n aanduiding is van wat goed is, en die sondemotief ‘n aanduiding is van wat kwaad is. Hieruit kan ‘n verwysingsraamwerk gekonstrueer word oor wat goed en kwaad is in die sewe briewe. Saam met ander tekste in Openbaring kan uitgekom word by ‘n Bybels-teologiese moraliteit van goed en kwaad in Openbaring.

Eerstens moet vermeld word dat diegene wat goed gedoen het, diegene wie se naam opgeskryf is in die boek van die lewe, hulle is wat aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Dit is ook hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie, en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie, maar God aanbid het. God se Naam sal op hulle voorkoppe wees. Dit is ook diegene wat van God die vergunning ontvang het om as bruid van die Lam fyn, helder blink klere aan te trek; dit is simbolies van hulle regverdige dade.

Hulle sal diegene uit die sewe stede wees wat as volg gelewe het:

**EFESE:** Onvermoeide arbeid, volharding, verdra nie slegte mense nie, doen ondersoeke na valse profete en bevind hul leuenaars, het baie verduur en nie moeg geword nie, verafsku wat die Nikolaïete doen.

**SMIRNA:** Lyding, verdrukking en armoede is hul lot, maar hulle is geestelik ryk.

**PERGAMUM:** Bly in die plek van die Satan, maar hulle bly getrou en het die geloof nie afgesweer nie.

**TIATIRA:** Nie almal neem deel aan sonde en die geheimenisse van Satan nie, en doen meer as tevore met volharding, liefde, geloof en diensvaardigheid.

**SARDIS:** Is mense wat nie hulle klere besoedel het nie, wat versterk wat oorgebly het, en hoe hulle die evangelie ontvang het en daarna geluister het.



© University of Pretoria

**FILIDELFIA:** Het in lyding volhardend aan die boodskap vasgehou.

**LAODISEA:** God bestraf en tug hulle omdat Hy hulle liefhet, hulle koop by God, maak die deur vir God oop en hou die feesmaal saam met God.

Die kwaad of sonde as motief word telkens in elke brief as volg uitgewys:

**EFESE:** Om God nie meer so lief te hê soos aan die begin nie.

**SMIRNA:** Om bang te wees.

**PERGAMUM:** Aanhangers van die leer van Bileam, aanhangers van die leer van die Nikolaïete, afvalligheid, eet afgodsoffervleis, bedryf onsedelikheid.

**TIATIRA:** Laat die vrou Isebel begaan, wat mense verlei om onsedelikheid te bedryf en afgodsoffervleis te eet.

**SARDIS:** Is nie wakker nie, alles is op die punt om dood te loop, niks is goed genoeg nie.

**FILIDELFIA:** Min krag.

**LAODISEA:** Nie koud of warm nie, valse rykdom, ellendig en beklaenswaardig, arm, blind en kaal.

In hierdie boodskappe kom die gedagte van volhardende getuienis as regverdige daad teenoor die kwaad duidelik na vore. In Openbaring 21: 8, 21:27 en 22:15 word die kwaad in terme van sondelyste aangedui, en diegene wat hul daaraan skuldig gemaak het, se lot is die poel wat met vuur en swael brand. Dit is dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars, al die leuenaars, dwaalleraars, almal wat valsheid liefhet en doen. Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen,



© University of Pretoria

sal ooit in die Godstad kom nie. Openbaring wys duidelik uit wat kwaad is, en nie gedoen mag word nie. Die kruks van die saak is egter wie die agente van God is wat die goeie dinge doen, en hoe en deur wie die verkeerde dinge as sonde uitgewys en herstel word.

Geloof as opdrag[1087] in Openbaring wys op aktiewe, geweldlose getuienislewering wat wel mag lei tot vervolging, lyding en die dood. Deur aktiewe getuienislewering neem die kerk en haar lede eties gehoorsaam deel aan die geestelike oorlog wat tot ‘n einde sal kom wanneer die Heerser en Koning sal kom om die oorwinning te beklink, en die nuwe skepping en die nuwe lewensvorm te bring vir ‘n ewigheid daarna. In Openbaring word die geloof as opdrag opgedra aan die Kerk as gestuurde. Vervolgens gee ons dus aandag aan die fundering van die Kerk as gestuurde, of anders gestel, die apostolaat of apostolisiteit van die kerk.

### 6.7 Die fundering van die sending van die kerk, of anders gestel, die apostolaat of apostolisiteit van die kerk.

Die vraag na die aard van die verhouding tussen kerk en sending was nog altyd of die sending van die kerk die wese oftewel die funksie van die kerk is. Die uitgangspunt wat hierdie studie navolg is dat onder die term en begrip "sending" verstaan word die apostolaat van die kerk, met ander woorde dat die kerk gestuur is na die wêreld deur die Trinitariese God as menslike instansie en as skepping van die Gees, en as eienskap van die wese van die kerk en nie bloot as ‘n funksie van die kerk nie. Daarmee bedoel ons dat die term "sending" alleen ‘n funksie van die kerk kan aandui, maar dat die apostolaat meer aandui as slegs ‘n funksie, en dus ook God se handelinge daarby inbegrepe aandui, maar wat wel die sending as funksie van die kerk insluit.

[1087] Dit is die opdrag aan die getuies of lede van die kerk. Heel gepas en hermeneuties korrek noem Breytenbach en Lategan (1992) (reds) hulle *Perspektiewe op die etiek van die Nuwe Testament* “GELOOF AS OPDRAG”



© University of Pretoria

Sedert die beginjare en dwarsdeur die vestiging en uitbreiding van die kerk[1088] is kerkwees en getuienislewering sinoniem.[1089] Die kerk leef nog vanuit die nabyheid van Jesus Christus en sy apostels as grondleggers van die kerk, en refleksie ontbreek nog geheel en al. Die eerste tydperk van die kerk se apostolaat word gesien as 'n tydperk van spontane uitbreiding. Die tweede tydperk breek aan toe die kerk in die vierde eeu ná Christus staatserkenning gekry het. Baie gou daarna het belydenisvorming en refleksie onder veral Latynse skrywers, soos Augustinus, begin. Die kerk se amptelike erkenning lei egter daartoe dat die owerheid ‘n teokrasie word, en dikwels ingryp in die funksies van die kerk. Dit het selfs die wese van die kerk begin aantas en die kerk het die owerhede begin dien. Die kerk verloor toe heelwat van sy spontane uitbreiding en word betrek by staatkundige en sosio-kulturele vraagstukke. Dit is ongeveer 1000 jaar later een van die aanleidende oorsake tot die Reformasie van die vyftiende eeu.

Ten tyde van die Reformasie en lank daarna was die uitbreiding van die kerk geskoei op die lees van die uitbreiding van die *Corpus Christianum*, veral deur die benadering van die oorplanting van die kerk na ander bevolkingsgroepe,[1090] deur die kerk en die owerhede se benadering om die kerk van die owerheid te vestig[1091] oral waar ‘n gebied geannekseer of ‘n etniese groep onderwerp word. Sodoende het die sendingtaak as funksie van die kerk al meer die funksie van die staat geword. Hierdie benadering het later neergekom op die planting van kerke as die doel van die sending, soos veral die Duitse sendingwetenskaplikes later van tyd geglo het. Die apostolaat van die kerk het dus nie tot sy reg gekom nie.[1092]

---

1088 Sien die rykdom van publikasies aangaande die Sendinggeskiedenis onder andere die van Kenneth Scott Latourette, Herbert Kane, Stephen Neill en Adolf Harnack wat ek bestudeer het vir hierdie navorsing
1089 Sien Smith (1980:26)
1090 Bekend as die *transplantatio ecclesia*
1091 Bekend as *cuius religion eius religio*
1092 Sien Smith (1980:260



© University of Pretoria

Smith[1093] beweer tereg dat die verbinding tussen kerk en staat en tussen apostolaat en pastoraat seënryke gevolge kon inhou, maar dat die planting van eiesoortige kerke onder inheemse bevolkingsgroepe sonder die nodige Missiologiese refleksie aanleiding gegee het tot aparte kerkvorming en kerkskeuring, veral op ras- en kulturele gronde. Gedurende die Reformasie het die Piëtistiese beweging ontstaan. Die lede daarvan wou losbreek uit die staatkundige en kulturele omklemming van die kerk en sending as funksie. Die sendingbenadering het klem gelê op persoonlike bekering en die roeping en uitstuur van sendelinge wat sterk gevoel het oor evangelisering.[1094] Die voorlopers van die Piëtistiese sendingbenadering was die Hernhutters van Halle in Duitsland en die Metodiste in Engeland. Teenoor die verwêreldliking, of ook genoem sekularisering, van die kerk, veral ten opsigte van die natuurwetenskappe en kunste, stel die Piëtisme die persoonlike bekering en vrome toewyding sowel as eskatologiese verwagting. Vraagstukke soos taal, kultuur en die verinheemsing van die kerk, kerklike struktuur en organisasie word genegeer.

Die organisatoriese funksie van die kerk kom wel na vore deur die stigting van sendinggenootskappe gedurende die negentiende eeu, wat in die kerk- en sendinggeskiedenis bekend staan as die Sendingeeu. Die sogenaamde sendingontwaking van die negentiende eeu bring ook ‘n verdieping in teologiese navorsing en refleksie, veral ten opsigte van die teologiese fundering van die sending. Dit is die gedagte van die apostolaat van die kerk as fundering van die sending wat nou al die aandag kry. Die apostolaatsgedagte het nou ‘n teologiese begronding vir die Piëtistiese gebring en dit het ‘n beweging en ‘n losmaking van die owerhede tot gevolg.

‘n Nuwe belangstelling in die Ou-Testamentiese wetenskap en die ontwikkeling van die Ou-Testamentiese teologie en ‘n hernude belangstelling in die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk

[1093] Sien Smith (1980:26,138 en153)
[1094] Bekend as "evangelization"



© University of Pretoria

en sosio-historiese agtergrond[1095] daarvan het op voetspoor van die histories-kritiese benadering van eksegese al meer veld gewen. Die groot belangstelling in die wêreldsending[1096] as beweging hierin stel geweldige uitdagings aan die kerk en sy teologiese navorsing in die Missiologie. Vandaar ook die snelle ontwikkeling van die vak Missiologie as jong teologiese wetenskap. Die funksie van die kerk en die sendingpraktyk van die kerk daarmee saam as kritiek teen die funksieverlies en gebrek aan teologiese begronding van die kerk se sendingpraktyke word ook aangevoer as rede vir die opkoms van die apostolaatsgedagte.

Die opkomende en ontluikende ekumeniese bewegings[1097] as teenpool en alternatief vir die personalisme van die Piëtistiese beweging word ook aangevoer as beweegrede vir die opkoms van die apostolaatsgedagte. Die apostolaatsgedagte word ook gesien as ‘n reaksie, soortgelyk aan dié van ‘n reformasie, teen die selfgesentreerdheid en selfgerigtheid van die kerk van die tyd. Dit dien vermeld te word dat die apostolaatsgedagte nie daarin geslaag het om die gedagte van “Eenheid in Sending”[1098] en “Sending in Eenheid” van die Katolieke[1099] Kerk te bewerkstellig nie. Afsondering, apartheid, verdeeldheid en skeuring is ongelukkig so oud soos die kerk self. In die Bybel lees ons in Korintiërs, Galasiërs en Fillippense van meningsverskille, twis en stryd, en in latere geskrifte van kerkskeurings.[1100] Hiervan is die afskeiding van die Montaniste in Klein-Asië ‘n goeie voorbeeld. Tog was daar altyd ‘n sterk eenheid en eensgesindheid onder mekaar, en 'n eenheid in die organisasie waar daar meerdere

---

[1095] Sien Cilliers Breytenbach (red.) (1988) *Kerk in Konteks, die vroeë christendom in sosiale verband*
[1096] Bekend as "World Evangelization" of "Global Outreach"
[1097] Ook bekend as "Emerging". Sien Ekskursie 27 *Ekumeniese Bewegings*
[1098] Sien Saayman (1984) *Unity and Mission, A study of the concept of unity in ecumenical discussions since 1961 and its influence on the world mission of the church*
[1099] In Protestantse kringe bekend as die Ekumeniese/Universele kerk
[1100] Sien Cilliers Breytenbach (red.) 1986 *Eenheid en konflik.* In hierdie bundel word duidelik aangetoon dat die Nuwe-Testamentiese geskrifte daarvan getuig, dat die kerk van Jesus Christus van die begin af in konfliksituasies die eenheid op prys gestel het en die skeurmakers betig het.



© University of Pretoria

kerke bestaan, soos die sewe kerke in Openbaring, maar as sewe lampe 'n eenheid is rondom die Seun van die mens in Openbaring 1:13.

Die Apostolaatsgedagte[1101] maak vir die eerste keer sy verskyning in 1938 op die Wêreldsendingkonferensie te Tambaram digby Madras in Indië. Die tema was "*The World Mission of the Church"* en die kerk en sending staan sentraal. Sending[1102] is trinitaries gefundeer as die sendende God en die Missio Dei-gedagte word hiervoor gebruik. Vanuit die sending van God (*Missio Dei*) het die kerk te voorskyn getree as die gestuurde kerk (die *Missio ecclesia*). Dit was veral AA van Ruler[1103] wat hierdie gedagtes gefinaliseer het en tot die slotsom kom dat die teologie vanuit die Apostolaat herskryf moet word, en hy probeer dit doen in sy publikasie *Theologie van het Apostolaat.* As uitgangspunt neem hy die Eskatologie as die tyd tussen die hemelvaart (Pinkster) en die wederkoms *(Parousie*). Nog 'n winspunt van Tambaram en latere refleksie is dat die sending tot die wese van die Kerk behoort, en die kerk hiervoor verantwoordelikheid moet aanvaar. Dit is hierdie twee aspekte (*Missio Dei* en *Missio Ecclesia*) van die Apostolaatsgedagte wat vir my 'n koersaanduiding was wanneer dit in die teologiese navorsing gaan oor die fundering van die sending waarin die subjek en objek of anders genoem die subjek-subjekskema duidelik en onderskeidend aangetoon moet word.

In die Apostolaat gaan dit eerstens oor die fundering van die Kerk as gestuurde van God (Missio Dei) en wat God se subjektiewe rol duidelik aantoon en in hierdie studie in Openbaring wat ons vind in Openbaring 19:10 "Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het en dit is die Gees wat die profesie gegee het". Hier gaan dit dus verder oor die kerk as gestuurde (*Missio Ecclesia*) van God, die Trinitariese God, die *Missio Dei* en dus oor die teologie van die sending van die kerk. Dit stel die vraag van God se bedoeling van die kerk as gestuurde aan die orde. Die Here God se bedoeling met die kerk is sy

---

[1101] Sien Smith (1980:181)
[1102] Sien Crafford en Gous (1993:106)
[1103] AA van Ruler (1947) *Het Apostolaat der Kerk* en *Het Ontwerp-Kerkorde*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanbidding, Jesus se bedoeling met die kerk is die getuienis aangaande Hom, en die Gees se bedoeling met die kerk is die sending van die woorde van die profetiese boek deur die kerk se sending. So uiteengesit, is die Trinitariese God self dus die subjek van die sending beskryf as die *Missio Dei*. Die objek, of gestuurde, of sendeling – wat ook as die medesubjek beskou kan word – is die kerk; hierdie totale werksaamheid van die sendende Trinitariese God word aangedui as die Apostolaat of *Missio Ecclesia*, die sending van die kerk.

Die gedagte van die Trinitariese God as subjek van die sending kom van Lesslie Newbigin[1104] en J. Lopez-Gay[1105] af. Die Latynse term "*missio*" is in die vroeë kerk in die Triniteitsleer gebruik as verwysing na die sending van die Seun deur die Vader, en na die sending van die Gees deur die Vader en die Seun. Dit was eers ná die sestiende eeu dat die term "*missio*" in sy vandag gebruiklike betekenis ingevoer is deur Abraham Kuyper, Gustav Warneck en toe Karl Hartenstein, wat die implikasies hiervan raakgesien en breedvoeriger uitgewerk het. Die betekenis van die begrip "*Missio Dei*" is dan om die sending van God as die subjek van die sending na die wêreld toe as God se eie skepping aan te dui. Met hierdie term word die Trinitariese God en sending, maar as teologiese motief die Missiologie, met mekaar verbind.[1106] Waar die Trinitariese God op insgelyke wyse verbind word met die kerk, of as teologiese motief die Ekklesiologie, kry ons die apostolaat van die kerk of die Missio Ecclesia.

Tweedens gaan dit oor die fundering van die Apostolaat van die kerk, die kerk as gestuurde of die *Missio Ekklesia*, wat handel oor die teorie van die wese van die kerk (*esse ecclesiae*) as gestuurde. Die klem val hierin op die unieke, onderskeidende kenmerke (*notae ecclesiae*) van wat die kerk doen en ook hoe die kerk dit doen, naamlik die metodologie van die kerk (*indicae ecclesiae*). Die kenmerke en metodologie van die Kerk word aangedui in die teks

[1104] Lesslie Newbigin (1963) *The Relevance of Trinitarian Doctrine for today's Mission*
[1105] J. Lopez-Gay (1977:14–27) *Trinitarian, Christological and Pneumatological Dimensions of Mission*
[1106] Sien Bosch (1979:239–241) en (1991:389–393)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van Openbaring as die Boek (*nota*) wat gestuur moet word (*indica*) (1:11) die seël van die lewende God (*nota*) waarmee die dienaars van God op hulle voorkoppe gemerk moet word (*indica*) (7:2–3), ook die bloed van die Lam (*nota*) waarmee mense losgekoop moet word (*indica*) (5:9) en die woorde van die profetiese boek van die Gees (*nota*) (1:3) waarna die kerke moet luister en op moet reageer (indica) (2–3). Die *notae et indicae ecclesiae* kan dan kortliks trinitaries aangedui word as Woord (*Verbum*), Seëls (*Sacramentum*) en gesamentlike Getuienis of gemeenskaplike Belydenis van die kerk (*credo apostolicam ecclesiam*).

God stuur sy Woord na die kerk, en daarom is alle diens in die kerk in diens van die Woord. Die enigste, allesomvattende, beslissende kenmerk van die troonbyeenkoms of aanbiddingsbyeenkoms van die kerk is die Woord (Openbaring 5). Gods kerk kan nie sonder Gods Woord wees nie en omgekeerd kan Gods Woord ook nie sonder Gods kerk wees nie.[1107] Die Woord en die aanbidding van God word ook ten nouste en onskeibaar aan mekaar verbind in Openbaring 5, waar dit gaan oor die plek, funksie en rol van die Lam in die troonvisioen oor die Een op die troon. Die getallesimboliek in die hoofstuk is aangrypend met die woord "Boek" wat sewe keer voorkom. Drie liturgiese liedere kom ook hier voor en die Trinitariese God kom duidelik aan die orde. Die hoogtepunt is die laaste woord van die hoofstuk, naamlik "aanbid", wat dan die aanbidding van die Drie-Enige God rondom die sentraliteit van die Woord so duidelik aan die orde stel.

In Openbaring 5 speel die sewe seëls waarmee die boek goed verseël was, ook 'n beslissende rol deur die rol van die waardigheid van die Lam om die seëls te kan breek, aan die orde te stel. Aangrypend verklaar die eerste liturgiese lied dat die Lam waardig is om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat Hy geslag is en met sy bloed mense vir God losgekoop het. Die twee sakramente, die doop en die nagmaal, soos die kerk dit vandag nog

[1107] Sien Heyns (1978:376)



© University of Pretoria

bedien, is 'n verseëling van die Woord en insgelyks kan Gods kerk nie sonder Sakramente wees nie en omgekeerd kan die Sakramente ook nie sonder Gods kerk wees nie.

Die kerk is 'n gestuurde getuieniskerk, en dus nie vry om te gaan waar sy wil of te getuig wat sy wil nie. Sy is gebonde aan die inhoud van die Woord, die beseëling van die sakramente, die geestelike leiding van die Gees in die administratief-organisatoriese bestuur van en toesig oor die kerk. Die Kerk het as skepping van die Gees vanselfsprekend die taak en verantwoordelikheid om toe te sien dat hierdie gebondenheid gehandhaaf word. Die Kerk as entiteit met 'n Goddelike identiteit tree hierin tweeledig op, naamlik in die gestalte van die belydenis en lering daarvan (etos), en in die gestalte van die daaglikse lewe (etiek). Hierdie taak van die kerk moet die Identiteit van God en die kerk beskerm, die Satan en die bederf uit die kerk weer, die dienaars wat afwyk, vermaan en bestraf en die buitstaanders oproep tot bekering.

Die belydenis dat die kerk 'n skepping van die Gees is (*Credo apostolicam ecclesiam*), moet ook deurentyd gehandhaaf word. Dit is belangrik om te verstaan dat die kerk nie 'n menslike uitdinksel is nie, maar dat sy haar oorsprong en voleinding in die kragtige werking van die Gees het. In hierdie sin praat ons van die geestelike of pneumatologiese dimensie van die kerk. Die geestelike dimensie van kerkwees is iets wat bo menslike begrip en beplanning gaan.[1108] Aan hierdie belydenis moet gehou word; dit bepaal dat alle administratief-organisatoriese bestuur en toesig van die Gees af kom, en onder leiding en in afhanklikheid van die Gees gedoen sal word, of soos dit in Openbaring telkens vermeld, deur die Gees meegevoer sal word. Die kerk mag dus nie vasgevang word in die reëls van die menslike, sigbare werklikheid nie. So gesien, word die kerk beskryf as *ecclesia spiritualis*, maar met

[1108] Sien Burger (1999:27)



© University of Pretoria

die uitbreiding dat dit ‘n *communio spiritualis* is, ‘n geestelike gemeenskap van mense. Die geldende reg is die geestelike of Goddelike reg, naamlik die *lex spiritualis*.[1109]

Die totaliteit van die kerk se bestaan en funksionering is dus nie geestelik alleen nie, en vertoon dus ook ‘n sigbare menslike of antropologiese dimensie. Vir sover die kerk ‘n antropologiese werklikheid is, is dit ook ‘n empiriese werklikheid wat in die gewone gang van sake nie verhewe is bo die reëls van die empiriese werklikheid nie. So gesien, word die kerk beskryf as *ecclesia homines* maar nog steeds met die uitbreiding dat dit ‘n *communio spiritualis* is. Die geldende reg hier sal egter die *lex irae* wees, wat ‘n wêreldlike gemeenskap vir die mens, *homo naturalis*, skep en orden. Beide die gestaltes van die kerk het dus sy eie reg, maar die menslike kerkreg kan slegs aanspraak maak op die benaming kerkreg as dit die Goddelike geestelike reg, *lex spiritualis*, dien. Hierdie kerkreg kom tot stand deur die vrywillige samewerking van die lede van die partikuliere kerke en die gelding daarvan berus op die gemeenskaplike aanvaarding en belydenis, die *consensus fidelium*. Hierdie reg het ‘n menslike bindende krag, maar die lede van die kerke eerbiedig dit en kom dit na eintlik net op grond van die moraliteit van die liefde vir God en vir mekaar.[1110]

Hierdie onderskeid maar tegelyk die onskeibaarheid van die twee dimensionele gestalte en bestaan van die kerk en sy reg moet dus in sy belydenis as identiteit gehandhaaf word as ‘n teologiese identiteitsteorie en belydenis. Hierdie belydenis van die kerk oor die kerk self (*credo apostolicam ecclesiam*) antwoord ook dat die apostolaat tot die wese en identiteit van die kerk hoort en nie bloot net ‘n funksie van die kerk behoort te wees nie. Die Sending is wel ook funksie van die kerk, en daaraan word in die volgende en laaste hoofstuk aandag gegee.

**Konkluderend**

[1109] Sien Coertzen (1991:7)
[1110] Sien Coertzen (1991:8)



© University of Pretoria

In hierdie hoofstuk is die begrip "Kerk" as teologiese motief in Openbaring aan die orde gestel as die Ekklesiologie. Die doel van hierdie hoofstuk was om onder andere die moraliteit van die kerk in drie kategorië – die identiteit, etos en etiek van die kerk – in te deel, en kortliks te omskryf. Verder is ook die kerk in Openbaring en haar leierskap verduidelik as geestelike leierskap, die verdere ontwikkeling daarvan is behandel, en ‘n aantal aspekte van geestelike leierskap is aan die orde gestel. Vanuit die sewe boodskappe aan die sewe kerke is ‘n morele perspektief vir die kerk van vandag daargestel.

Ten slotte is die Apostolaat, of anders gestel die gestuurdheid, van die kerk aan die orde gestel, en is ook aandag gegee aan die Ekumenisiteit van die kerk deur die eeue heen tot vandag. Die korrelasie tussen die twee teologiese motiewe, Kerk en Sending, veral tussen meerdere kerke en ook die Ekumeniese verbande het die nodige aandag geniet. Saam hiermee kan die teologiese motief van die Missiologie, in die besonder die vak Sendinggeskiedenis, groot waarde toevoeg tot veral die vroeë uitbreiding van die kerk, waarin werke soos dié van Lattourette[1111] en Harnack[1112] belangrike bronne is.

[1111] Lattourette (1943)
[1112] Harnack (1906)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 7

## DIE SENDING (MISSIOLOGIE)

**Inleidend**

In hierdie hoofstuk word die term sending en ook die begrip sending sowel as die teologiese motief van die sending in die teks van Openbaring deeglik na gevors aan die hand van 'n gepaste navorsings metodologie,[1113] om dit aan die orde te stel met die oog op ‘n Sendingwetenskaplike of Missiologiese fundering van sending en bepaling van die doel van die sending. Dit is van wesenlike belang dat enige navorsing taalkundig korrek behoort te wees, en dat die korrekte terme en begrippe teologies korrek verstaan en gebruik word. Wanneer ‘n saak gedefinieer en teologies gefundeer word, is die korrekte taalkundige en teologiese vereistes nie onderhandelbaar nie.

Hierdie is ‘n teologiese studie, en daarom sal die benadering in hierdie hoofstuk teologies van aard wees, wat daarop neerkom dat die fokus op “Sending” in Openbaring teologies-wetenskaplik benader sal word; met ander woorde, Missiologies met sending as motief van ‘n Nuwe-Testamentiese teologie vanuit Openbaring. Dit plaas hierdie hoofstuk en studie onmiddellik binne die spanningsveld wat heers tussen teologie en praktyk en hier spesifiek tussen teologie en die praktyk van die sending.

Op hierdie terrein het Kritzinger en Saayman ‘n boek gepubliseer[1114]- *Mission in Creative Tension, A dialogue with David Bosch* - wat hierdie spanningsveld illustreer by wyse van ‘n negentiental lesings. Hulle verduidelik die titel van die boek – en dus die spanningsveld – as volg:

[1113] Sien hoofstuk 1
[1114] Kritzinger en Saayman (1990) *Mission in Creative Tension, A dialogue with David Bosch*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> This theme captures an essential feature of David Bosch's own missiology, namely the desire to hold together seemingly incompatible theological emphases in creative tension. At the same time it highlights the tension evident in this volume: between the different contributors. Contrasting views on the interrelationship between the interpretation of the Bible, the analysis of the South African context, and the Christian missionary praxis are expressed in these pages.

In dieselfde trant skryf Wright[1115] oor hierdie spanning tussen teologiese en wetenskaplike navorsing aan die een kant, en die praktyk van die sending en situasie van vele sendelinge aan die ander kant as volg:

> "…the challenging questions thrown up by the messiness of practical mission…, … what do theology and mission have to do with each other? …most of those interested in the one have little interest in the other and so the dangerous result is that Biblical theology proceeds without the input or output of Missiology and while missions and Missiology proceeds without thoroughly theological input, guidance or evaluation".
> "…that Biblical theology and mission are integrally related to each other and so there is no theology without missionary impact and no mission without theological foundations".

In hierdie hoofstuk word hierdie spanningsveld betree en teologie en sending nader aan mekaar gebring om sending sodoende vanuit Openbaring teologies te definieer en te fundeer, en riglyne vir 'n basisteorie van sending voor te stel wat kan lei tot 'n antwoord op die vraag na die doel van die sending.

Die Afrikaanse terme en begrippe "stuur" of "sending" is in die Griekse teks πέμπω, in die Latynse teks *mitto*, en ἀποστέλλω, in die Latynse teks *committo*. In die Griekse teks[1116] van

[1115] Wright (2010:19)



© University of Pretoria

Openbaring is beide dié twee werkwoorde oorspronklik vir "stuur" gebruik, naamlik πέμπω en ἀποστέλλω met die ekwivalente Latynse woorde daarvoor "*mitto*" en "*committo*". Beide die woorde sal dus deeglik nagevors word in die teks en konteks van die Openbaringverhaal. Die waarde na die ondersoek van ook die Latynse woord vir "stuur" word deur Wright[1117] uitgewys. Dit word dus in berekening gebring in die soeke na die werklike betekenis en bedoeling van die term en begrip.

Navorsing oor die Sending as motief in die teologie van Openbaring sowel as in die teologiese fundering daarvan in Openbaring toon 'n duidelike gaping.[1118] Op grond daarvan redeneer ek dat 'n gebrek aan deeglike navorsing oor die term en begrip "stuur" in die oorspronklike teks, in sy kontekste en semantiese velde, en in sy sosio-historiese kontekste, maklik tot 'n oorvereenvoudigde of beperkte verstaan daarvan kan lei; op sy beurt lei dit weer tot 'n gebrekkige missiologie en ekklesiologie. Die kerk en teologiese navorsing kan hierdie oorvereenvoudiging nie bekostig nie, veral nie in 'n belangrike saak soos die sending nie, of in wetenskaplike terme in die vakke "Diakonologie", "Ekklesiologie" en "Missiologie".

Die doelstellings van hierdie hoofstuk is om onder andere die term en begrip "sending"en ander verwante woorde in dieselfde semantiese veld in Openbaring te identifiseer en te verklaar. Vervolgens sal Sending na aanleiding van die resultate van die eerste doelstelling, teologies as motief in Openbaring gefundeer en praktykteoreties uiteengesit word en die doel van die sending bepaal word. Ten slotte sal Sending vanuit Openbaring teologies gedefinieer en gefundeer word en die navorsingsvraag beantwoord word en die doel van hierdie studie bereik word.

---

[1116] Nestle-Aland *Novum Testamentum* 27. revidierte Auflage (1995)
[1117] Wright (2010:23) "The notion of sending and being sent lies at the Latin root of the word mission (mittere) itself"
[1118] Sien die volledige beredenering daarvan in die Inleiding van hierdie studie *Die navorsingsvraag en verduideliking van die navorsingsgaping*



© University of Pretoria

Eerstens word in hierdie hoofstuk die betekenis van die woord “sending” teologies verklaar deur veral teologiese woordeboeke en eksegetiese resultate van die Sending as teologiese motief te gebruik. Dit is nodig omdat daar soveel studies en menings oor hierdie woord in verskeie tale en vertalings is. In die Afrikaanse kerke het teenkanting ontstaan teen die gebruik van dié spesifieke woord en die teologies wetenskaplike begrip "Missiologie". Dit is meestal weens onbegrip aan die een kant en misbruik aan die ander kant, en ook as gevolg van ‘n eensydige en beperkende eksegetiese gebruik van terme en begrippe, sonder om hulle semantiese velde en sosio-historiese kontekste in ag te neem. Hierdie situasie wek onnodig spanning en agterdog tussen die voorstanders van die sogenaamde Evangeliese en die Ekumeniese Beweging as teenpole in die sendingpraktyk van die universele kerk.[1119]

In hierdie hoofstuk poog ek ook om my ervaring as sendeling en my oortuiging dat die sending van die kerk nie anders as teologies gedefinieerd en gefundeerd kan gebeur nie benut. Die benadering in hierdie hoofstuk raak in effek twee departemente, naamlik Nuwe Testament en Sendingwetenskap, en daar sal dus oorvleueling wees. Hierdie laaste hoofstuk behoort dus beskou te word as ‘n poging tot interdepartementele wisselwerking. Ekself het trouens niks daarteen as my studie oor Sendingwetenskap en my ervaring van die sendingpraktyk in die bediening my ideaal daarvoor toerus nie. Met hierdie benadering poog ek om die afstand tussen die twee departemente en die navorsingsgaping tussen hulle vanuit die boek Openbaring en die Johannese teologie te help oorbrug. Ek vertrou dat hierdie studie ‘n daadwerklike bydrae tot die Bybelse begronding van die sending van die kerk lewer.

God se uiteindelike bedoeling met die sending in Openbaring moet ook in ‘n studie soos hierdie uitgeklaar word. Binne die eindeskatologiese perspektief van Openbaring word die einde van die sending en God se bedoeling dus daarmee aan die orde gestel. Die kritiese

[1119] Sien Ekskursie 28 *Die problematiek rondom die term en begrip sending*



© University of Pretoria

vraag oor die Openbaringboek is of dit eerstens regtig ‘n kanoniese geskrif of maar net ‘n sektariese dokument is. Indien dit wel as kanonies aanvaar word, is dit dan bedoel as ‘n kerklike geskrif of is die bedoeling dalk die van ‘n Sendinggeskrif, of dalk albei? Ook díe vraagstuk kry aandag.

Dit sal in enige studie van die Sending nodig wees om die teologiese betekenis en betekenis van die term en begrip in die teks te verklaar, te interpreteer en teoreties as ‘n basisteorie toe te pas. As die bedoeling van die historiese skrywer binne die konteks van die tyd en as die volledige narratief en die gebruik van die woord "sending" in Openbaring dus nie reg verstaan en geïnterpreteer word nie, sal God se bedoeling met die sending, die *Missio Dei*, ook nie maklik reg verstaan en interpreteer word nie.

Newbigin[1120] skryf die problematiek van sending toe aan die misverstaan van die *Missio Dei*-gedagte en as volg:

> The necessary emphasis on the fact that the mission is God’s and not ours can be misunderstood. The World Missionary Conference at Willingen in 1952 laid great stress upon this. Following that meeting there was much use of the phrase missio Dei in the missionary writings – especially of the 1960s. But this phrase was sometimes used in such a way as to marginalize the role of the church. It was said our business is not to promote the mission of the church, but to get out into the world, find out “what God is doing in the world”, and join forces with him. “What God is doing” was generally thought to be in the secular rather than in the religious sectors of human life. The effect, of course, was to look for what seemed to be the rising powers and to identify Christian missionary responsibility with support for a range of political and cultural developments, sometimes bizarre indeed.

[1120] Newbigin (1995:18)



© University of Pretoria

Deeglike teologiese navorsing vanuit die teks om tot die verstaan van die *Missio Dei* te kom is dus absoluut noodsaaklik. Hiervolgens spreek dit dus vanself dat die begrip waaroor dit hier gaan, volledig aan die orde gestel behoort te word deur ‘n teorie [1121]vanuit die teologie van die teks te konstrueer, in die geval ‘n sendingteorie, en ook riglyne vir ‘n praktykteorie vir die kerk te ontwerp. Die sendingteorie verduidelik hoe die sending beplan, georganiseer, gestruktureer en bestuur behoort te word, en wat die beste metodes sal wees vir die sending binne bepaalde kontekste.[1122]

Volgens Bosch [1123]gaan dit hier oor ‘n sogenaamde paradigma en die noodwendige ontluiking van ‘n nuwe paradigma vir die sending van die kerk van tyd tot tyd na gelang van die veranderde kontekste wat noodwendig ontstaan vanweë die verandering van tyd. In hierdie hoofstuk kan egter net ‘n breë raamwerk of rigtingaanduiders aangebied word as ‘n moontlike paradigma as teorie wat deur sendingteoloë verder uitgewerk kan word, of wat teologies benut kan word in die daarstelling van ‘n Bybelse paradigma vir sending in 2015 en daarna. Dit is ook nodig om prestasiemetingskriteria aan te lê waaraan die sendingparadigma en praktyk van die kerk deurlopend geëvalueer kan word, en waaruit dit voortdurend hernuwend en reformerend bestuur kan word in die lig van die Skrif en die teologiese wetenskap.

‘n Basisteorie moet volgens Hendriks[1124] in ‘n studie soos hierdie verklaar wat die teologiese betekenis van die tema van die studie is, en wat die skrywer met die spesifieke tema bedoel. In ‘n basisteorie van die tema, die sending, word gewoonlik ‘n program en of proses gevolg waarvolgens die kerk haar sendingroeping of sendingopdrag as funksie kan nakom. ‘n Praktykteorie vir die sending van die kerk sluit sake in soos visie, missiestelling,

[1121] Sien Hendriks (1992:38)
[1122] Sien Crafford (1989:8–9)
[1123] Bosch (1990:349)
[1124] Hendriks (1992:38)



© University of Pretoria

probleemstelling, doelgerigte strategies-teologiese beplanning, 'n plan wat strategie, struktuur en metodiek insluit, 'n verbintenis, gehoorsaamheid en ook 'n verwagte uitkoms of eindbestemming. Dit is dan 'n aantal aspekte wat in hierdie hoofstuk hanteer sal word wat 'n hermeneutiese toepassing daarvan vir die Sending van die Kerk vir vandag insluit.

## 7.1 Sending

### 7.1.1 Die term "Sending"

Die Afrikaanse woorde "stuur" en "sending" dra in die Afrikaanse Bybelvertaling nie die oorspronklike betekenis getrou oor nie. In Grieks word twee woorde vir stuur, ἀποστέλλω en πέμπω, oënskynlik as wisselterme, gebruik. Beide woorde word in Afrikaans sonder enige verduideliking vertaal met "stuur", asof dit dieselfde betekenisinhoud en betekenis as albei die twee Griekse woorde het. In kerklike en teologiese kringe, en veral in Evangeliese kringe,[1125] word gepraat van "sending" om die begrip beter te verwoord.

Vanuit 'n sending perspektief is dit opvallend dat die woord "stuur" in die proloog van Openbaring (1:1) en die epiloog (22:6) van Openbaring voorkom. In beide gevalle is dit die betekenisvolle inleidende verse van die proloog en die epiloog. In die proloog is dit Jesus wat sy engel gestuur het om sy dienaar Johannes alles te laat sien wat binnekort moet gebeur. In die epiloog is dit die Here God wat sy engel gestuur het om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur. In die sentrum van die verhaal (5:6) is dit die sewe Geeste van God wat oor die hele aarde uitgestuur is. Dit is die enigste drie teksverse waarin die Griekse woord ἀποστέλλω in die Openbaringteks in voorkom.

Later in die proloog, opvolgend en as direkte gevolg, word Johannes deur die Gees, wat die profesie gegee het (19:10), meegevoer om die openbaring van die Gees in terme van visioene

---

1125 Sien Bosch (1979:41, 201 en 202) *Heil vir die Wêreld* vir 'n diskussie van die beweerde onderskeid tussen die sogenaamde evangeliese en ekumeniese paradigmas van sending



© University of Pretoria

in die Gees en deur die Gees te sien, op te skryf en te stuur aan die sewe kerke (1:11). Insgelyks is dit Jesus wat later in die epiloog (22:16), en ook as direkte gevolg, sy engel gestuur het om dit alles aan die dienaars, getuies en gelowiges te getuig. Dit is die enigste twee teksverse waarin die Griekse woord πέμπω in die Openbaringteks in voorkom. In Openbaring kom die woord ἀποστέλλω 3 keer voor (in 1:1, 5:6 en 22:6) en die woord πέμπω 2 keer (in 1:11 en 22:16). Hierdie vyf teksverse kan as die *loci classici* beskou word in enige studie oor sending in Openbaring. Op grond van hierdie tekste kan sending as teologiese motief in Openbaring geredelik nagevors word.

In die NT kom die woord ἀποστέλλω ongeveer 135 keer voor, en πέμπω ongeveer 80 keer en saam 60 keer in die Evangelie van Johannes. Die OT en spesifiek die LXX is verseker 'n bron om na tegaan in ons soeke na die Nuwe-Testamentiese verstaan van die term. Die werkwoord ἀποστέλλω kom ongeveer 700 keer en die werkwoord πέμπω ongeveer 26 keer voor in die LXX, en beide word gebruik vir die een Hebreeuse woord "*sjalag*". Holladay[1126] verklaar "*sjalag*" as volg:

1 qal: give free play, stretch out, let go, send

2 nif: be sent

3 pi'el: give free play to, let loose, let go, let free, escort, accompany, send away, send out, send off, send

4 pu'al: be sent off on a yourney, be sent (subj. messenger Dn 10:11), be dismissed, sent away by divorce

5 hif: let loose upon.

[1126] Holladay (1980:371) *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament*



© University of Pretoria

Davidson[1127] denotes a 5 fold meaning of this word:

1 to send a person or a thing

2 to send a word, message, charge

3 a commission

4 to send away, to let loose, to let go, divorce

5 to put forth, stretch out, extend.

Kortliks opgesom verduidelik Brown en Kittel Abridged die Hebreeuse woord as Griekse woord in die LXX as volg:[1128]

> The legal institution the "*Sjaluaga*", which is ancient but takes shape in the first century, involves commissioning with specific tasks and stress authorization. The legal element of giving and obeying orders is decisive. The person sent represents the sender as the person sent is as the person who sends. Full adherence to the commission is presupposed.[1129] Thus the bearers of the office are called "authorized representatives". The "*Sjaluaga*" may also represent an individual as well as a group or a community.
>
> The translaters rightly realized that the Hebrew verb does not describe the sending so much as it's essential purpose, the authorization of the messenger. Therefore ἀποστέλλω are mostly used where there is commissioning with a message or task. Alone the word means the sending of a special messenger with emphasis on the sender but not only the institutional appointment of someone to an office, but the authorization of him to fullfill a particular function or a task which is normally clearly

[1127] Davidson (1970:717) *The Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon*
[1128] Brown (1981 DNTT Vol 1) en Kittel Abridged (1985 TDTNT)
[1129] Sien 1 Sam 25:40–41 en 2 Sam 10



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

defined. The LXX pursues this thought consistently in order to bring out the authoritative element in the action and the position of the one who acts. This explains also why the verb rather than the noun is used almost exclusively. This word then does carry the idea of devine authorization in case of the priest or of such personages as Moses and Elija who are commissioned by God as interpretatively mentioned in Revelation 11.

Dit is vervolgens nodig vir ons verstaan en interpretasie van belang om die term "sending" en sy verklarings ook in nog ander en nog verskillende tale na te gaan en te vergelyk en te verklaar vir ‘n beter verstaan van die begrip. Verskeie Woordeboeke[1130] is hiervoor geraadpleeg.

| GRIEKS | LATYN | ENGELS | AFRIKAANS |
|---|---|---|---|
| | | | |
| Πέμπω | Mitto, mittere, misi, missum | Sending, dismiss and discharge of soldiers. | Stuur, wegstuur, stuur na. |
| ἀποστέλλω | Committo, commitere, comisi, commissum | Sending off or away, depart, despatch, commissioned, committed, united, joint, venture. | ‘n Gestuurde, amptenaar, gesant, verteenwoordiger, kommissaris, aangestelde, afgevaardigde. |
| ἀπόστολος | Mission, onis | Στόλος = a naval | Ekspedisie, metgesel, |

[1130] Grieks: *Liddell and Scott’s Greek-English Lexicon* (1978:107, 619). Latyn: *Oxford Latin Dictionary Revised* (2005:36, 37, 116). Engels: *Oxford SA Consise Dictionary* (2010:751, 1076). Afrikaans: *HAT* (2000:709, 1114). Hebreeus: Holladay (1980:371) *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament* en Davidson (1970:717)*The Analytical Hebrew and Chaldee Lexicon*. Teologiese Woordeboeke: Brown (1981 DNTT Vol 1) en Kittel Abridged (1985 TDTNT)



© University of Pretoria

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Comes | expedition. Expedition, being sent overseas, an express commission, companion, envoy, messenger, missionary, ambassador, count, comrade, partner, attendant, apostle = as a sacred messenger. | kameraad, kollega, sendeling, amp, amptelike, beampte. |
| ἀποστολή, ἡ | Missus, us Commissum, i | Sending off or away, despatching, enterprise, commission, an office, apostleship, missiology (scientific) | Afstuur, onderneming, ondersoek, kommissie, amptelik, apostelskap, apostolaat, missiologie (wetenskaplik). |

Rienecker en Rogers[1131] verklaar ἀποστέλλω in konteks van die teks van die NT as: "to send, to send as an official commissioned authoritative personal representative on a specific

[1131] Rienecker en Rogers (1980:218 en 811)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mission, to commission" en πέμπω as: "to send – used in the ancient world for the sending of letters, writings or a messenger with a written message".

Vervolgens, en as vertrekpunt, verdien die selfstandige naamwoord "apostel" (ἀπόστολος) as term ons aandag. Kortliks opgesom en saamgevat verklaar Brown en Kittel Abridged die woord teologies as volg:

> The word ἀπόστολος is first found in maritime language, where it means a cargo ship, or the fleet send out. Later it denoted a commander of a naval expedition or a band of colonists sent overseas. All in all its usages have two ideas in common: (1) envoy as an express commission and (2) messenger as being sent overseas. Apart from the meaning of envoy and messenger, differing concepts lie behind the NT use of ἀπόστολος.

Die woord apostel (ἀπόστολος) kom 77 keer in die NT voor as direkte aanwending met nog ‘n aantal minder gerekende verwysings daarna. In Matteus, Markus en Johannes een keer, in Lukas en Handelinge 35 keer, in die Pauliniese briewe 29 keer, in die pastorale briewe vyf keer, in Hebreërs, 1 Petrus en Judas een keer, en in Openbaring drie keer in 2:2, 18:20 en 21:14.[1132] Slegs een keer in Hebreërs 3:1 word Jesus 'n apostel genoem, maar dit is genoeg om Jesus as 'n apostel, 'n gestuurde, te reken. Die woord "apostel" word veral in verband gebring met die dissipels van Jesus vir wie Hy uitgestuur het met opdragte nadat Hy vir hulle mag gegee het volgens Matteus 10:1, 2 en 5. In Handelinge 14:4 en 14 lees ons van die eerste sendelinge en in 1 Korintiers 15:4–9 word apostelskap in die besonder verbind met die verskyning van die opgestane Jesus aan die apostels en hul persoonlike sendingopdrag. Hierna het die woord "apostel" by die vroeë christene en kerk ‘n wydtoegepaste tegniese term

[1132] Sien Verwysingsbybel Band 2 (1998:1843)



© University of Pretoria

geword vir kerklike leiers wat in besonder gemoeid was met die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus, en deur Jesus Christus self gestuur is om dit te doen.

Vervolgens moet daar kennis geneem word van die woord "apostelskap" (ἀποστολή) wat verband hou met enige soort sending, of histories-militaristies die amptelike afstuur van skepe of ‘n vloot. In die NT hou apostelskap eerstens verband met die twaalf dissipels van Jesus wat deur Jesus self geroep, aangestel, beveel en gestuur is om die waarheid van Jesus se sterwe en opstanding as feitelike gebeure te verkondig en te bevestig, of te beëdig as ‘n kommissaris van ede[1133] soos ons dit vandag sou noem. So gesien, is die apostel ‘n ten volle geakkrediteerde verteenwoordiger of kommissaris met ‘n spesifieke en gespesifiseerde sendingopdrag, of in militêre terme sou dit ‘n senior offisier in die weermag aandui wat ten volle aangestel is as die bevelvoerder oor ten minste een honderd soldate met die opdrag om te gaan oorlog voer.

Derdens verdien die term "stuur" (ἀποστέλλω) as werkwoord ons aandag. Die woord is ‘n samestelling van die voorvoegsel “ἀπο” wat “vanaf" en "weg of terug” beteken, en “στέλλω” met ‘n verskeidenheid betekenisse, naamlik “om gereed te maak, voor te berei, op te stel, te plaas, te verlaat, en uiteen te sit”. In 'n verbinding met die voorvoegsel “ἀπο” kry “στέλλω” die betekenis “om te stuur met ‘n spesifieke opdrag”.[1134]

Die vroeëre aanwending van die woorde ἀποστέλλω (ἀπο en στέλλω)[1135] en latere Latynse woorde *committo* (*com* en *mitto*) in die historiese geskiedskrywing het by sekere skrywers[1136] militêre konnotasies gehad, veral dié van ‘n vloot of groep soldate wat byeengebring en uitgestuur word om ‘n gespesifiseerde opdrag uit te voer. Die aanwending van hierdie woorde deur hierdie skrywers sal tog lig werp op die verstaan van die gebruik van hierdie woorde vir

[1133] “A commissioned officer”
[1134] Sien Liddell en Scott (1978:107)
[1135] Sien Liddell en Scott (1978:107)
[1136] Sophokles en Thukidides onder andere



© University of Pretoria

"sending" in die Bybel en veral die Johannese literatuur, hoewel dit riskant en kortsigtig sal wees om sending enkel en op grond van die betekenis en sin van hierdie woorde alleen te fundeer.

Die verbintenis tussen die Ou-Testamentiese apokaliptiese boek Daniël en Openbaring, wat die sendinggedagte uitlig, is merkwaardig en verdien vermelding. Die visioen van "Iemand soos 'n menslike wese" in Daniël 7:13–14, "'n Man met linneklere aan" in Daniël 10:5–6, en "Iemand soos 'n seun van 'n mens" in Openbaring 1:13 is kennelik 'n verwysing na die Goddelike Jesus. Die selfverklaring van die "Man met linneklere aan" in Daniël 10:11–12 ("Ek is na jou toe gestuur (ἀπεστάλην)" en "Ek het gekom (ἦλθον) in antwoord op jou gebede") in verbondenheid met die term "stuur" plaas die visioen binne die kader van 'n roepingsvisioen sowel as 'n sendingopdrag. Die ooreenkoms en die opdrag aan Johannes in Openbaring 1:11 om dit wat hy sien, op te skryf in 'n boek en dit vir die sewe kerke te stuur, stem grotendeels ooreen met 'n profetiese roepingsvisioen en die sending as opdrag soos ons dit in Daniël en van die ander profete kry.

Dit sal ook belangrik vir die verstaan van Sending in Openbaring wees om die sewe boodskappe wat die Gees aan die sewe kerke stuur, deeglik te bestudeer. Hulle sluit elke keer af met die woorde: "Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die kerke sê". Dit is hierdie Gees wat as die vuurvlamme rondom die troon helder brand as die sewe Geeste (4:5) wat ook die sewe oë van die Lam is (5:6) wat soos vuur vlam (1:14 en 19:12) en wat oor die hele aarde uitgestuur is (5:6). Die Gees wat oor die hele aarde uitgestuur is en die profesie aan die kerke gee, stuur dus die getuies en dienaars uit na elke volk, stam, taal en nasie as presentasie van die profetiese visioene om die Een op die troon te aanbid en te volhard in hul getuienislewering aangaande Jesus, die eerste een wat uit die dood uit opgestaan het, tot die einde toe, en om daardeur die oorwinning te behaal.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 7.1.2 Die semantiese veld van die term "Sending"

Herman du Toit[1137] wys op die waardevolle bydrae wat die moderne linguistiek met sy diskoersanalise kan lewer in die verstaan van woorde in tekste. Volgens Köstenberger[1138] is daar twee faktore wat beslissend is in die verstaan van 'n spesifieke term. Dit is in die eerste instansie die konteks, en in die tweede instansie die semantiese velde[1139] waarbinne die term normaalweg voorkom. Köstenberger[1140] bestudeer in sy navorsing 'n aantal semantiese velde in die Evangelie van Johannes wat die begrip sending en die verstaan daarvan grootliks verruim. Dit sou dus logies gesproke in enige Openbaringnavorsing ook waarde toevoeg om saam met die sinonieme woordpaar ἀποστέλλω en πέμπω ook ten minste aandag te gee aan ten minste die semantiese woordgroepe kom-gaan (έρχομαι; εἰσέρχομαι; ἀπέρχομαι; ἐξέρχομαι) en neerdaal-opvaar (αναβαίνω en καταβαίνω). Die navorsing van die term en begrip "sending" in die konteks van Openbaring, en die semantiese velde van die term bring ons dan tot 'n verantwoordbare definisie van sending in Openbaring.

Köstenberger se toepassingsmetodologie van semantiese velde vir die verstaan van die term "sending" in die Evangelie van Johannes en die verstaansverbreding van die sendingbegrip daarvolgens kan en behoort met groot vrug ook in Openbaring benut te word om die term "sending" in Openbaring beter te verstaan. Dit is veral die woorde ἔρχομαι met εἰσέρχομαι, ἀπέρχομαι en ἐξέρχομαι en αναβαίνω en καταβαίνω wat binne die metodologie van die semantiese velde van hierdie terme betekenis toevoeg tot die verstaan van die woord "sending" in Openbaring.

[1137] Sien in Du Toit (Editor) (2009:269) insake Semantiek: "Some linguistic elements group or belong together more closely because of meaning relationships than others" en insake Sintaksis "Some elements in sentences grouped together because they behave syntactically in the same manner as a cluster of elements that could be replaced by a single term or grouping of terms in the same position in a sentence"
[1138] Köstenberger (1998:19)
[1139] Nida & Louw (1992) *Lexical Semantics of the Greek New-Testament*
[1140] Köstenberger (1998:28–29)



© University of Pretoria

Die woord αναβαίνω (**opkom of opgaan**) kom voor in 4:1, 7:2, 8:4 en 20:9. In 4:1 is dit Johannes wat moet **opkom**, in 7:2 is dit die engel wat **kom**, in 8:4 is dit die wierook van die engel en die gebede van die gelowiges wat saam **opgaan** voor God. In 20:9 is dit die nasies wat deur die Satan verlei is om oorlog te maak teen die laer van die gelowiges wat **saamkom**. In die drie eerste gevalle is dit duidelik dat Johannes, die engel en die wierook van die engele saam met die gebede van die gelowiges **opkom of opgaan** tot diens aan God. So kry die sendingmotief 'n sterk diens-aan-God inkleding. Die **aankom** van die nasies om oorlog te maak teen die leër van God dui die ander kant van die saak aan, naamlik die oorlog teen die Satan en sy volgelinge.

Die woord καταβαίνω (**afkom of neerdaal**) kom voor in 3:12, 20:10, 21:2 en 10. In die geval van 20:10 word die term gebruik vir vuur wat God uit die hemel sal laat **afkom** om die vyand te verteer. In al drie die ander gevalle word die term gebruik in verband met die heilige stad, die nuwe Jerusalem, wat vanuit die hemel uit **afkom** vanaf God. So word die sendingmotief sterk verbind met die eindeskatologiese visie van die sending.

Die term ἔρχομαι met die betekenis **kom**, kom elf keer voor in Openbaring.[1141]

1 1:7 Hy **kom** met die wolke.

2 1:8 Die Here God die Almagtige, Hy wat is en wat was en wat **kom**.

3 1:14 … Hom wat is en wat was en wat **kom**.

4 2:5 … **kom** Ek na julle toe …

5 3:10 … die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan **kom** …

6 4:8 Die Here God die Almagtige, Hy wat is en wat was en wat **kom**.

[1141] Openbaring 1:4, 7, 8, 2:5, 3:10, 4:8, 5:7, 22:7, 12, 17, 20



© University of Pretoria

7 5:7 En Hy het gegaan en dit geneem uit die hand van die Een wat op die troon sit.

8 22:7 Kyk, Ek **kom** gou!

9 22:12 Kyk, Ek **kom** gou!

10 22:17 Die Gees en die bruid sê: "**Kom**", en elkeen wat dit hoor, moet sê: "**Kom**".

11 22:20 Hy wat dit alles getuig sê: "Ja, Ek **kom** gou!" Amen! **Kom**, Here Jesus!

Hieruit is dit duidelik dat die term "kom" by uitstek van toepassing is op die identiteit van God en dat God alleen besluit wanneer en wat na wie toe kom. By uitstek dui dit daarop dat God na sy skepping toe kom en die inisiatief hierin neem. Dit bevestig die sending as die sending van God of anders gestel as die *Missio Dei*.

Die term εἰσέρχομαι (binnekom of binnegaan) kom voor in 3:20 en 21:27. Hierdie woord word eers gebruik vir Jesus se binnekoms in die lewe van mense wat direk in verband staan met tug en vermaning en die oproep tot bekering en die binnekoms van die mens in die bruilofsmaal. In 21:27 word die term gebruik in verband met die uitsluiting van diegene wat iets losbandigs of vals doen, wat nooit die heilige stad Jerusalem wat van God af uit die hemel uit afkom, sal binnekom nie, en dus nooit tot bekering gekom het nie. Hierdie term word dus in Openbaring gebruik in verband met die ewige Koninkryk van God en spesifiek die binnekoms daarvan of die uitsluiting daaruit. Hierdeur word sending in Openbaring direk in verband gebring met die toepassing van bestraffing en tug, en die oproep tot bekering of evangelisering soos die kerk ook vandag daarvan praat. Aangesien hierdie dimensie direk in verband gebring word met die binnegaan van die ewige Koninkryk van God, behoort hierdie aspek in die sending meer aandag te kry in die navorsingsteologie sowel as in die praktyk van die kerk.



© University of Pretoria

Die term ἐξέρχομαι (uitkom of uitgaan) kom voor in 14:15. Hierdie term word een keer gebruik vir die engel wat uit die tempel uitkom en tot  Hom wat op die wit wolk sit, Iemand soos die Seun van die mens, uitroep om die aarde af te oes. Hier gaan dit dan oor die oes of insameling van mense deur Jesus self as eindeskatologiese gebeurtenis en in die lig van die evangelies hou die insameling van die oes verband met die uitdra van die evangelie en die oproep tot bekering, en is ook hier van toepassing.[1142]

Die gebruik van die woord ἐξέρχομαι in 3 Johannes 1:7 gee wel ‘n dieper betekenis aan die uitgaan van die sendelinge en word dus hier aan die orde gestel. “Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op ‘n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig en hulle ontvang niks van die heidene nie. Dit is dus ons plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid”. Rienecker en Rogers[1143] verduidelik hierdie hulpverlening, versorging en onderhouding van die sendelinge op ‘n besondere wyse, en ek haal hier nie direk aan nie en gebruik my eie woordkeuses in die beskrywing daarvan:

> “…to go out from God or the church into the world, regarded as a field for evangelism. It was the call, custom and compassion of the commissioned to carry out the spirit of the commandment and commission to the Twelve and the tradition established after them. That these missionaries were supported by fellow followers of Jesus stands in marked contrast both to the wandering philosophers of the day as well as the beggar priests of the Syrian goddess who went out on behalf of the goddess and returned triumphantly boasting that each journey brought in many bags”.

[1142] Sien veral Johannes 4:34-39
[1143] Rienecker en Rogers (1980:800)



© University of Pretoria

Die aanwending van hierdie woord en die teksimmanente verklaring daarvan in konteks plaas die belang van roeping, aanstelling, sending en versorging van sendelinge as praktyk van die sending pertinent aan die orde in die teorie van die sending.

Die woord ἀπέρχομαι (verbykom of verbygaan) kom voor in Openbaring 9:12, 11:4, 21:1, 4. Hierdie woord word gebruik vir die skeiding tussen die ou skepping of oordele wat verbygaan, en die eindeskatologiese nuwe skepping wat aan die kom is.

Die woord συνάγω (saambring of bymekaar bring) het ook 'n betekenisvolle bydrae te lewer in die verstaan van die woord "sending" in Openbaring. Spesifiek het dit die betekenis van bymekaar bring om oorlog te maak as daar vyandigheid heers, veral as die infinitiefvorm daarvan gebruik word. Die woord is so gebruik deur die Griekse oorloggeskiedskrywers Herodotos en Homeros, spesifiek in die *Ilias*. By Xenophon word dit ook gebruik vir die bymekaarbring van rantsoene vir die soldate. Aischulos gebruik ook dié woord vir eenwording, soos in die geval van 'n huwelik. In die NT word die woord 59 keer gebruik,[1144] waarvan vyf keer in Openbaring.[1145]

1 16:14 Hierdie drie bose geeste, wat wondertekens doen, die draak en sy agente as die dier uit die see, die dier uit die aarde en die helder rooi dier (666), is die van duiwels wat gaan na die konings van die hele wêreld toe om hulle **byeen te bring** vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige.

2 16:16 Die geeste het die konings **byeengebring** op die plek wat in Hebreeus Armageddon genoem word.

3 19:17 Die engel by die son het twee maal met 'n harde stem uitgeroep vir al die roofvoëls "Kom**, kom bymekaar** vir die groot feesmaal wat God gereedmaak.

[1144] Sien Brown (1976:32 V2)
[1145] Openbaring 16:14, 16, 19:17, 19:19 en 20:8



© University of Pretoria

4 19:19 Toe het ek gesien dat die dier en die konings van die aarde met hul leërs **bymekaargekom** het om oorlog te maak teen die Ruiter op die wit perd en teen sy leër.

5 20:8 Dan sal hy (Satan) **gaan** om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle **byeen te bring** vir die oorlog.

In (20:8) word die term vir die Satan gebruik wanneer sy volgelinge saamkom vir die oorlog teen die laer van die gelowiges. Hierdeur word die finale konflik, deur Satan veroorsaak, op die tafel geplaas ter voorbereiding vir die koms van die Ruiter op die wit perd om oorlog te voer teen die draak en hom te oorwin, te oordeel en hom in die vuurpoel te werp en sy agente, die drie diere of drie bose geeste[1146] saam met hom.

In hierdie tekste word die woord hoofsaaklik gebruik vir die vyandige gesindheid van die Satan wat die konings van die nasies byeenbring om oorlog te voer teen die Ruiter op die wit perd wat sal kom. Die oorlogsmotief vir die sending van die kerk behoort dan in gedagte gehou te word in die sending, met ander woorde dat daar vyandige gesindhede sal wees teen die dienaars en getuies van Jesus, en dat hul selfs gedood sal word in hierdie oorlog. Hierdie oorlog en die terrm word vandag deur die kerk gebruik as term met die betekenis van "geestelike oorlogvoering". In hierdie konteks is die sendeling van God natuurlik altyd gestuurde agent of gesant van God alternatiewelik soldaat vir Christus, en dit moet in die konteks van die teks verstaan en verreken word. Die tweedimensionele verstaan van die menslike bestaan en die bewussyn van immanensie en transendensie moet ook altyd hier onderskeidend in berekening gebring word en die simboliek daarvan ook verstaan word.

Die groepering van hierdie woorde in dieselfde semantiese groep kan 'n groot bydrae lewer tot die verstaan van die term en begrip "sending" in Openbaring.

[1146] Wat simbolies aangedui word deur die getal 666



© University of Pretoria

### 7.1.3 Die teologiese betekenis van die term "sending"

In 'n teologie van Johannes die apostel – die skrywer van Openbaring, die Evangelie van Johannes en ook die drie Briewe van Johannes – sou die teologiese motiewe in hierdie drie geskrifte grootliks dieselfde betekenis en sin hê, en daar sal dus sterk gesteun word op die interpretasie van sending as motief hierin, veral in die Evangelie van Johannes. Die vraag is egter of die Nuwe-Testamentiese navorsing die bedoeling van Johannes met die gebruik van hierdie term en begrip ook genoegsaam ondersoek het om 'n deeglike interpretasie moontlik te maak en die wyer betekenis van die woord uit te put, veral ten opsigte van die verstaan vir sending. Daar is heelwat Johannese navorsing oor die sendingmotief in die Johannes-evangelie gedoen, maar ten opsigte van die Johannesbriewe en Openbaring veral, is die navorsingsgaping met betrekking tot hierdie geskrifte in hoofstuk 1 uitgewys. Die sending as motief ontbreek byvoorbeeld geheel en al by Bauckham[1147] en Schnelle[1148] se teologieë wat ek beskou as die mees resente en bes ontwikkelde en gestruktureerde teologieë van Openbaring.

Binne die konteks van die LXX en die NT, maar veral volgens die Evangelie van Johannes soos hierbo uitgewys, is dit duidelik dat ἀποστέλλω die betekenis het van die sending as gevolmagtigde en spesifiek as God die sender is, en die gestuurde 'n gesant of agent is. Binne die gesantskapskonteks of sendingmotief van destyds was daar twee belangrike gesigspunte oor die gestuurde wat identiteitsbeskrywend gefunksioneer het.[1149] Eerstens die posisie van die gesant teenoor die een wat hom stuur. Om gesant te wees, moes hy net soos die een wat stuur, optree en as hy die opdragte van die sender nie nakom nie, verloor hy sy gesantskap. Binne die tweede posisie word die gesant ontvang as die sender self vir wie hy

[1147] Bauckham (1993)
[1148] Schnelle (2009)
[1149] Sien Van der Watt (1991:110)



© University of Pretoria

verteenwoordig in die mate dat die gesant selfs die identiteit, etos (beeld) en gedrag (etiek) van die sender openbaar en die moraliteit van die gesant van kardinale belang is.

Die mees bekende Johannese navorsers verwys eksplisiet na die opvallende sendingmotief in die Johannes-evangelie as die sending van God, die *Missio Dei*, en ook die sending van Jesus en die dissipels as 'n sendingopdrag. In die Evangelie van Johannes[1150] kom die term die eerste keer voor as ἀπεσταλμένος.[1151] Die term en die eksegetiese verklaring hier gee 'n aanduiding van die sterks moontlike betekenis van die woord "sending". Eerstens is die algemene interpretasie deur navorsers van die Perfektum dat dit die permanensie van die sending aandui. Vanuit Johannes 3:17[1152] is dit duidelik om te verstaan dat God as plan Jesus openbaar het aan die wêreld deur Hom na die wêreld toe te stuur. Die klassieke vers is natuurlik Johannes 20:21, waar Jesus ná sy opstanding aan die dissipels verskyn en vir hulle sê: "Soos die Vader my gestuur het (ἀπέσταλκεν), stuur (πέμπω) ek julle ook".

Die duidelikste aanduiding by Johannes dat Jesus deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is as gesant of as agent met volmag om te red en te veroordeel, kry ons in die Evangelie van Johannes in 3:17. Binne die konteks van Johannes 3 – waar dit gaan oor die geestelike geboorte, die water en die Gees, die Koninkryk van God, die Seun van die Mens, die Seun van God, Moses en die slang, getuienislewering en die ewige lewe – kry die gebruik van die woord ἀποστέλλω deur Johannes sy werklike en diepste sin en betekenis.

Die sendingmotief in die Johannes-evangelie is so duidelik dat Bultmann[1153] dit as die "grundkonzeption" van die Evangelie beskryf. Beasley-Murray[1154] het in sy studie uitgewys dat Bultmann in 17 gevalle die frase "Hy wat my gestuur het" en in ses gevalle "Die Vader

---

[1150] Sien Johannes 1:6 "Daar was 'n man wat deur God gestuur was"
[1151] Perf. Part. Pass. "to send, to send as an authoritative personal representative, commission"
[1152] God het sy Seun na die wêreld toe gestuur, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar die wêreld deur Hom te red
[1153] Bultmann (1978:18)
[1154] Beasley-Murray (1995:16)



© University of Pretoria

wat my gestuur het", met πέμπω as woord uitgewys het, en met ἀποστέλλω as woord 15 keer uitgewys het. Op grond van die gebruik van beide die twee "stuur" woorde in die Johannes-evangelie word die sending van Jesus en sy dissipels onweerlegbaar gefundeer, soos Van der Watt[1155] en Köstenberger[1156] uitwys – en dus logies-gevolgtrekkend – in die teologie van Johannes en dus in die teologie van Openbaring voorkom.

Dit is in enige sendingteologiese studie van groot waarde om die sendingmotief in diepte in die Evangelie van Johannes en spesifiek in Johannes 17 na te vors. Die betekenisvolste aanwending van dié spesifieke term en 'n perspektief op die begrip kry ons in Johannes 17, waar Jesus in sy gebed self die woord herhaaldelik gebruik met 'n spesifieke sin en betekenis daaraan gekoppel. Volgens die gebed van Jesus in Johannes 17 bid Jesus vir sy dissipels en vir dié wat deur hulle tot geloof in Hom, Jesus, sou kom, as die latere kerk met haar spesifieke sendingopdrag, die *Missio Ecclesia*. Die woord ἀποστέλλω kom sewe keer voor in Johannes 17, ses keer as ἀπεστειλας en een keer as ἀπεστειλα. Die eenheid wat deur die sendingmotief in die gebed tussen die Vader en die Seun geskep word, is opvallend. Die mees bekende eksegete van die Johannes-evangelie[1157] wys die sendingmotief van die sending van Jesus deur die Vader en die sending van die dissipels deur Jesus in Johannes 17 in duidelike terme uit.

Barrett verdeel die gebed van Johannes 17 in vier onderafdelings en interpreteer elkeen as volg:

1 Jesus addresses the Father, recalls his obedient completion of the work entrusted to him in the incarnation and prays that the approaching hour of his

[1155] Van der Watt (1991:108-112)
[1156] Köstenberger (1998:2)
[1157] Barrett (1978), Beasley-Murray (1991), Brown (1982), Du Rand (1986 en 2002), Hendricksen (1954) en Schnackenburg (1982)



© University of Pretoria

passion may prove to be the decisive means by which he glorifies the Father and the Father glorifies Him (17:1–5).

2 Jesus prays for the diciples who are gathered about Him. They are to be kept in unity, with each other, in himself and in God, and there is committed to them a mission to the world in which they continue to live (17:6–19).

3 The scope of the prayer is extended, not indeed to the world but to later generations of believers, who are dependant on the word of the apostles (17:20–24).

4 The word did not recognize God; but the believers have recognized the mission of Jesus from the Father and therin have found and will eternally find knowledge and love (17:25–26).

Beasley-Murray beskryf hoe diep die Missiologie as teologiese motief in die Evangelie van Johannes en dus by Johannes self figureer. Jesus se beklemtoning daarby is dat hy sy sendingopdrag wat deur die Vader aan Hom gegee is, voltooi het. Beasley-Murray vat die kerngedagte goed saam in die volgende woorde:

> The fundamental fact that God sent Jesus into the world is stated by Jesus himself and the Evangelist time and again in John 17. It must not go unnoticed that Jesus extends to his diciples the same commission that he has received from the Father, and applies the same principles of sending to them.

Beasley-Murray verduidelik voorts as interpretasie dat daar drie basiese elemente by die sendeling aanwesig is wat ook in die woord meegedra word, naamlik:

1) The giving of news by the person who sent the messenger



© University of Pretoria

2) The carrying out of the task by the one sent

3) The return of the messenger to the person who sent him, especially for the purpose of report

Brown neem vers 18 as kernteks waar Jesus sy sending afkomstig van die Vader bevestig en ook sy sendingopdrag afkomstig van Hom aan die dissipels bevestig met die opvallende dat die woord ἀποστέλλω in die Aoristus in beide gevalle gebruik word, asof die sendingopdrag aan beide dieselfde krag en gewig dra. Brown beweer die Aoristus "Refers to the true mission of the disciples that came after the resurrection".[1158] In die drie verse (17:17–19) verbind Johannes heiligheid, waarheid en sending met mekaar en met eenheid in die volgende perikoop. Daarna gaan Jesus daartoe oor om te bid vir diegene wat deur hul sending tot geloof in Hom sal kom; en ons konstateer dat dit die latere kerk is wat tot stand gekom het ná die hemelvaart van Jesus deur die sending van die dissipels en natuurlik deur die werking van die Gees.

Du Rand wys daarop dat Jesus se gebed in Johannes 17 as afsluiting van sy ernstige afskeidsgesprekke herinner aan soortgelyke afskeidsredes wat ook met 'n gebed afgesluit is, byvoorbeeld die gebed van Moses in Deuteronomium 32 asook sy seënbede vir die stamme van Israel voor sy dood. Johannes 17 kan met sulke en ander gebede in die apokriewe apokaliptiese literatuur vergelyk word. Du Rand[1159] beskryf hierdie gebed as: "Jesus se gebed om eenheid en solidariteit te midde van krisis en konflik". Die inhoud bepaal die opbou van die gebed. Du Rand doen 'n breë indeling van Johannes 17 wat volgens hom as riglyn gebruik kan word vir verdere verfyning van die eksegetiese verkenning. Eers bid Jesus vir sy eie verheerliking, dan vir sy dissipels, dan vir diegene wat nog tot geloof sal kom en in

[1158] Rienecker en Rogers (1980:255) verduidelik die Aoristus as volg: "It is used proleptically referring to the commission after the resurrection".
[1159] Du Rand (1986:105-130)



© University of Pretoria

‘n samevattende slot dat die gelowiges in sy heerlikheid sal deel. Du Rand skryf dat die aangrypendste van die gebed sekerlik is dat God sy Seun gestuur het om gewone mense, wat navolgers geword het, deel te maak van die Goddelike sendingstruktuur. Daar wag sukses op die dissipels se sending die wêreld in. Daarom bid Jesus nou reeds vir diegene wat as deel van die Goddelike sukses tot geloof sal kom op grond van die navolgers se getuienis. Du Rand konstateer dat die sending van die Seun en die aanvaarding daarvan deur geloof die hartklop van Johannes se boodskap is naamlik dat hulle in sy heerlikheid sal deel.

Hendriksen sien die sending van Jesus en sy dissipels na die wêreld toe as die verheerliking van God alleen en as deurlopende tema van die gebed. Die eenheid van die teks is dus vir hom belangrik, en daarom onderskei hy slegs drie oorgange na drie rolspelers in die gebed. Eers gaan dit oor Homself en die taak wat Hom opgelê is (17:1–8). Tweedens bid hy vir hulle, hulle posisie, vir hul bewaring en beskerming, en hul sendingopdrag (17:9–19). Derdens bid hy vir hulle wat deur die volbrenging van hul sendingopdrag tot geloof sal kom, en vir die geloof van die wêreld. Hier gaan dit oor die universele kerk se bestaan en werk in die wêreld.

Schnackenburg sien die gebed in Johannes 17 meer as sterk Christologies onderskeidend op grond van die rol van die persoon Jesus in die gebed. Die Johannese Christologie tree na sy mening baie sterk op die voorgrond in hierdie gebed, en herinner sterk aan die afskeidswoorde van die aartsvaders volgens die Ou-Testamentiese tradisie. Hy reken dit toon ook apokaliptiese trekke wat toegereken word aan ‘n latere Johannese gemeenskap wat klem sou plaas op afsondering en persoonlike toewyding. Daarteenoor word daar ook klem geplaas op die sending na die wêreld waardeur die ander kant en die balans gevind moes word deur gehoorsaamheid aan Jesus. Schnackenburg plaas die fokus van die gebed in Johannes 17 op sekere teologiese motiewe, naamlik die Doksologie, Christologie, Eskatologie en Missiologie



© University of Pretoria

binne die kader van die teologie van die Evangelie van Johannes, maar veral die doksologie, die verheerliking van God.

Dieselfde inhoud en betekenis kan aan die woord "stuur" (ἀποστέλλω en πέμπω) gegee word in Openbaring as in die Johannes-evangelie in die lig van die ooreenkomste tussen die Evangelie van Johannes en die Openbaring van Johannes. Jesus Christus het in Openbaring die engel met ‘n spesifieke opdrag – om ‘n teken aan hom te gee – na ‘n spesifieke persoon gestuur. In Openbaring 1:1 lees ons “Hy, Jesus Christus, het ‘n teken gegee deur die sending[1160] van sy engel aan sy dienaar Johannes. Die teken is wat Johannes in Openbaring 1:12 en 13 sien, naamlik: “Iemand soos die Seun van die mens tussen sewe goue lampe wat in sy regterhand sewe sterre vashou met woorde wat uit sy mond kom soos ‘n skerp swaard met twee snykante”. Die Seun van die mens gee dan vir Johannes ‘n direkte opdrag in Openbaring 1:11 om op te skryf en implisiet dit wat hy opskryf algemeen openbaar te maak deur dit te stuur (πέμπω) aan die sewe kerke in die Romeinse provinsie Asië. Die opdrag word volgens Openbaring 1:11 duidelik gestel, en so ontvang Johannes dus ‘n sendingopdrag. Hierdie opdrag aan Johannes impliseer vir die lesers en ontvangers van Openbaring as boodskap presies dieselfde opdrag, om dit op welke wyse ook al aan te stuur. Sodoende word die kerk se sendingopdrag, die *Missio Ecclesia*, duidelik gefundeer.

In Openbaring 4:5 word melding gemaak van sewe vuurvlamme vlak voor die troon wat simbolies die sewe Geeste van God genoem en so voorgestel word. In Openbaring 5:6 word die sewe oë van die Lam beskryf as die sewe Geeste van God met die nadere verduideliking dat die sewe Geeste uitgestuur is oor die hele aarde.[1161] Hiervolgens is die sending van die Gees in Openbaring duidelik en die Perfektum dui hier weereens op die permanensie van die

---

1160 ἀποστείλας Aor. act. part, to send, to send a commissioned authoritative on a specific mission
1161 ἀπεσταλμένοι Perf. Pass. Part. “to send as an official representative”



© University of Pretoria

sending as ‘n feit. Swete[1162] verklaar hierdie twee verwysings na die Gees as volg: “The verb has reference to the mission of the Spirit. In their position before the throne they are stationary, whilst, as the eyes of the Lamb, they have a mission to all the earth”. Op geen ander plek in die Skrif word die motief van die sending van die Gees so duidelik en onbetwisbaar aan die orde gestel nie.

Die kritiese vraag is nou wie hier die sender is. Die medium ("middle voice") in die klassieke tale het ‘n indirekte refleksiewe betekenis; met ander woorde, die Gees stuur Homself. North & Hillard[1163] verduidelik dit as volg: “The Middle Voice is Reflexive, but not so often in the sense of doing a thing to oneself as in the sense of doing a thing for oneself or getting a thing done for oneself”. Ritchie[1164] verklaar die bedoeling van die medium as volg: “It denotes that the agent does something or gets something done for his own advantage”. So gesien, kom dit daarop neer dat die Gees van God as God self Homself oor die hele aarde uitgestuur het as gevolmagtigde agent om die werk van die Drie-Enige God te doen, en in die besonder die sendingopdrag van God self teenoor Homself ten uitvoer te bring. Die passief, daarenteen, dui daarop dat die Gees deur Iemand anders gestuur word, en die antwoord hierop is natuurlik die teosentriese verstaan van die Een God.

So gesien, bly dit dus God self wat Homself stuur, en is die sending van die Gees ten volle deel van die *Missio Dei*. Hierdie selfopgelegde sending van die Gees van God is verseker die mees onontginde teologiese motief in die Bybel, in Nuwe-Testamentiese sowel as Openbaringnavorsing. Openbaring 5:6 stel egter die sending van die Gees onweerlegbaar aan die orde, en kan in die navorsing van die sending eenvoudig nie verontagsaam word nie. Dit sal die belang, rol en plek van die teosentriese benadering van die sending as die *Missio Dei* geheel en al onderwaardeer, asook die plek en rol van die sending van die Gees.

[1162] Swete (1980:79)
[1163] North & Hillard (1978:14)
[1164] Ritchie (1973:32)



© University of Pretoria

In Openbaring 22:6 is dit die Here God self wat sy engel gestuur het[1165] saam met die vermelding "wat sy Gees aan die profete gegee het"; só kom die teosentrisme van die sending en die sending vanaf die troon weereens duidelik na vore. Vervolgens kom die eintlike doel van die sending hieruit duidelik na vore, naamlik "Aanbid God" (22:9), "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie" (22:10) – met  ander woorde stuur dit uit – en bly heilig (22:11)". So gesien, medebepaal die aanbidding (erkenning) van God die identiteit van die kerk, die Bybel die etos van die kerk, en die heilige lewe van die getuies die etiek van die kerk. Hierdie drie kategorieë bepaal saam die moraliteit van die kerk.

Köstenberger[1166] onderskei in sy werksdefinisie van Sending en in die titel van sy boek tussen die sending van Jesus en die sending van die dissipels.[1167] Dit is opvallend dat die woord πέμπω in die Johannes-evangelie hoofsaaklik gebruik word in die aanduiding van die sending van die dissipels. Dit is ewe opvallend dat πέμπω in beide die gevalle in Openbaring gebruik word in verband met die kerk.[1168] Op voetspoor van Köstenberger sou ons dus maklik van die sending in Openbaring kan praat as "The missions of Jesus and the churches as witnesses according to the Revelation".

Hierdie konstatering stel dus onomwonde beide die Sending van God en die sending van die Kerk aan die orde. In Openbaring 22:16 word die sending van die kerk ten slotte met die woorde van Jesus self gefundeer: "Ek, Jesus, het my engel gestuur (ἔπεμψα Aor Ind Akt) om aan julle hierdie dinge te getuig in die kerke". Binne die konteks van Openbaring is dit duidelik dat die getuienis van Jesus ook die getuienis van die kerk sal wees. Die einddoel, eindbestemming en die einde van die sending word bepaal deur die koms van die Here Jesus (22:20).

---

[1165] ἀποστείλεν Aor Ind Akt
[1166] Köstenberger (1998:41)
[1167] *The Missions of Jesus & the Disciples according to the Fourth Gospel*
[1168] ταίς ἐκκλησίαις



© University of Pretoria

### 7.1.4 Die aanwending van die term en begrip "Sending" in Openbaring

Die werklike betekenis van die term en begrip "sending" binne sy konteks werp aan die navorsingskant lig op die verstaan van "sending" as teologiese motief. Dit spreek dus van die kardinale belang om die aanwending van hierdie term en begrip in sendingnavorsing na te gaan en te verstaan. In die meeste gevalle word ἀποστέλλω in die verlede tyd[1169] gebruik – natuurlik met 'n spesifieke rede, soos ons reeds aangetoon het.

Sending in Openbaring kan dan as volg teologies vanuit die teks binne konteks geplaas word: Jesus het sy engel **gestuur** (1:1 en 22:16) om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien en dit alles in die kerke te getuig. Die Gees het Homself oor die hele aarde uit **gestuur** (5:6) om die profetiese boodskap van Jesus se koms as die Heerser oor die heersers en sy oorwinning oor die wêreld deur sy dienaars en getuies en die kerke as **gestuurdes** (1:11) te verkondig, en alle volke, stamme, tale en nasies op te roep om God te aanbid en die gebooie van God na te kom en vas te hou aan die getuienis wat Jesus gelewer het, en volhardend saam met die Gees uit te roep na die Here Jesus om te kom en die nuwe skepping en skeppingsorde te vestig. Die Here God het sy engel **gestuur** (22:6) om die openbaring oor wat binnekort moet gebeur aan sy dienaars bekend te maak.

In die lig van hierdie aanwending van die term en begrip "sending" in Openbaring, is dit moontlik om die sending van die kerk vanuit die Openbaringteks te fundeer, maar binne die konteks van die Missiologie as teologiese wetenskap. Dit kom dus vervolgens aan die orde.

## 7.2 Sending in Openbaring: Fundering

In hierdie studie gaan dit oor 'n fokus op die plek, rol en funksie van Sending in Openbaring om die navorsingsvraag en die navorsingsgaping, soos in die inleidingshoofstuk verduidelik is, aan te spreek en die navorsingsgaping te help oorbrug. Dit was Köstenberger en

[1169] In Openbaring twee maal in die Aoristusvervoeging en een maal in die perfektumvervoeging



© University of Pretoria

O'Brien[1170] wat hierdie braak navorsingsveld van Sending in Openbaring deels aangespreek het met hul publikasie. Die sewe bladsye wat wel aandag gee aan Openbaring, is egter ook weer te beperk om werklik 'n volledige brug te kan slaan.

Köstenberger[1171] het met sy publikasie baanbrekers werk gedoen vir die Nuwe-Testamentiese navorsingsgemeenskap sowel as vir die Missiologie. In een studie, wat fokus op een Bybelboek, naamlik die Evangelie van Johannes, word die Sending deeglik behandel. Die winspunt is dat dit binne die Johannese skrywerskring en teologie is. In Hoofstuk 1, in die tweede sin van sy inleidingsparagraaf, baken hy sy studie as volg af: "The 1970s and 1980s witnessed a growing concern with the biblical-theological dimension of mission in the Fourth Gospel". In wese kom my probleemstelling, soos dit in die inleiding aan die orde gestel is, ook hierop neer, behalwe dat dit in hierdie studie gaan oor die Bybelboek Openbaring alleen.

Die beste publikasies wat ek in die navorsingsveld oor sending in die teologie van Johannes kon vind, is G.R. Beasley-Murray,[1172] J.G. van der Watt[1173] – 'n strukturele uiteensetting van die teologie van die Johannes-evangelie – en Kostenberger.[1174]

Beasley-Murray skryf enkele sinne oor die Johannese teologie in verband met sending:

> The mission originates with the sending by the Father and the Son as the messenger (the commissioned). The fundamental fact that God sent Jesus into the world is stated by the evangelist time and again. The frequency and constancy of its mention in the Gospel indicates how deeply the thought is rooted in the Gospel, not to say in the Lord's mind".

[1170] Köstenberger en O'Brien (2001) "*Salvation to the Ends of the Earth, A Biblical theology of mission*
[1171] Köstenberger (1998) *"The Missions of Jesus & The Disciples according to the Fourth Gospel"*
[1172] G.R. Beasley-Murray (1991:15–33) se *Gospel of Life, Theology in the Fourth Gospel*
[1173] J.G. van der Watt in *Teologie in Konteks* (1991:93–130)
[1174] Köstenberger (2001) *The Missions of Jesus and the disciples according to the Fourth Gospel.*



© University of Pretoria

Köstenberger skryf samevattend oor die Johannese teologie in verband met sending:

> Mission in John is presented in a way that promotes the reader's faith in Jesus as the Messiah. The Fourth Gospel portrays mission according to three major emphases each involving a certain mode of movement. 1) Jesus as Son sent from the Father. 2) Jesus as the one who came into the world and returned. 3) Jesus as the eschatological shepherd teacher who called others to follow him in order to help gather the eschatological harvest. The major modes of movement in the disciple's mission according to the Fourth Gospel were determined to be following Jesus and being sent by Jesus. The diciples being sent involves components of all three aspects of Jesus' Messianic mission. 1) An obligation to reflect Jesus in his obedient dependent relationship to his sender. 2) A sharing in Jesus' otherworldly orientation. 3) A call to help gather the Messianic eschatological harvest. Mission defined then is the specific task or purpose which a person or group seeks to accomplish, involving various modes of movement, be it sending or being sent, coming and going, descending and ascending, gathering by calling others to follow, or following.

Van der Watt skryf in enkele sinne oor die Johannese teologie in verband met sending:

> Die duidelike onderskeid wat Johannes tref tussen die "Bo" en die "Onder" is illustratief van sy kontrasdenke, ook genoem sy dualisme. Die "Bo" dui op die werklikheid van God wat as sodanig onbereikbaar en onindringbaar is vir die "Onder", naamlik die mens. Dit kan ook gesien word as 'n kwalitatiewe onderskeid tussen twee werklikhede waarin dan ook die basis lê vir hul geskeidenheid. Binne die raamwerk van so 'n absolute kwalitatiewe kontras duik die vraag op: Kan die "Bo" en die "Onder" bymekaar uitkom? Die Johannese antwoord hierop is "JA", deur die sending van die Seun, en enkel en alleen deur Hom. Bultmann het die sendingmotief



© University of Pretoria

> as die "Grundkonzeption" van die Evangelie beskryf. So gesien bied die sendingmotief die strukturele bedding vir feitlik al die ander teologiese motiewe in die literatuur en teologie van Johannes.

Nadat Köstenberger in hoofstuk 1[1175] van sy studie die navorsingsgeskiedenis bekyk het, fundeer hy in hoofstuk 2[1176] die uitgangspunte van sy studie as volg: "A study of mission in the Fourth Gospel needs to be built upon proper linguistic, definitional and literary foundations". Op bladsy 41 dui hy sy werksdefinisie as volg aan:

> Mission is the specific task or purpose which a person or group seeks to accomplish, involving various modes of movement, be it sending or being sent, coming and going, ascending and descending, gathering by calling others to follow, or following". Voetnoot 53 verduidelik verder: "According to this definition, it is meaningful to speak also of a mission of God according to the Fourth Gospel, since God sends his Son (3:16) and works through him (5:17; 14:10). However, the Fourth Gospel's focus is not on God's mission *per se,* but on his mission *through Jesus* and on Jesus' mission through his followers (See especially 17:18 and 20:21)". Verder skryf Köstenberger "This definition will serve as a heuristic guide for the study of the missions of Jesus and of the disciples in the following two chapters. The definitional issue will be revisited in the final chapter in order to determine wheter the definition just given is adequate or if it needs to be corrected or further expanded".

In hoofstuk 5 na sy navorsing herbesoek Köstenberger[1177] sy definisie en voeg by:

> "The disciples' being sent involves components of three aspects of Jesus' Messianic mission each involving a certain mode of movement:  Jesus as the Son sent from the

---

[1175] Köstenberger (1998:5–16)
[1176] Köstenberger (1998:17–44)
[1177] Köstenberger (1998:199-200)



© University of Pretoria

> Father reflect Jesus in his obedient and dependant relationship to his sender as an obligation (John 20:21), sharing in Jesus' other worldly orientation (John 17:18) as the one who came into the world and returned to the Father and third Jesus as the eschatological shepherd-teacher who called others to follow him in order to help gather the Messianic eschatological harvest".

Die eskatologiese gedagte van 'n "Begin" en 'n "Einde" met 'n einddoel kom van God self.[1178] Soos hierdie bedeling tot 'n einde gaan kom, so sal die Sending van die kerk daarmee saam tot 'n einde kom met die koms van die Here Jesus. Die koms van die Here Jesus word geopenbaar as dat Hy die Ruiter op die wit perd is wat kom om oorlog te voer en te oorwin en as Regter oor die verslane vyand te kom oordeel.[1179] Volgens Openbaring 1:7 kom Hy op die wolke en al die mense sal Hom sien en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Die oproep om te volhard tot die einde, soos dit voorkom in al sewe die briewe aan die sewe kerke, het spesifiek die bedoeling dat die koms van die Here Jesus die einde sal wees en die eindbestemming sal openbaar, naamlik die goue stad, die nuwe Jerusalem, die ewige aanbidding van God op sy troon.

Die onsekerheid van wanneer die Here Jesus kom, laat val die fokus op volharding en gereedheid, soos 'n bruid wat vir die bruidegom versier is volgens Openbaring 21:2. Volgens Openbaring 16:15 kom hy onverwags, en daarom moet almal hulle klere reg hou vir sy koms; met ander woorde, gereed wees soos die bruid vir die bruidegom en die bruilofsfees. Hierdie gereedheid behels baie duidelik om 'n betroubare en getroue getuie as "sendeling" te wees met die oog op die einddoel, en dit is geldig vir die individu sowel as vir die universele of ekumeniese kerk van vandag.

[1178] Sien Openbaring 22:13
[1179] Sien Openbaring 19:11–20:15



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

‘n Sendingdefinisie vanuit Openbaring kan dan in die lig van hierdie navorsing as volg omskryf word:

Die *Missio Dei* kan omskryf word as dat die Here God sy engel (Openbaring 22:6) gestuur het om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien (Openbaring 1:1). Johannes het van Jesus die sendingopdrag ontvang om wat hy sien, op te skryf en aan die sewe kerke te stuur (Openbaring 1:11). Die Gees van God is oor die hele aarde uitgestuur om die profesie aan die profete te gee (Openbaring 5:6, 19:10 en 22:6).

Dan open Köstenberger[1180] ‘n kort gesprek, wat ook vir hierdie studie en die ganse Nuwe-Testamentiese navorsing van belang is, in verband met die doel of bedoeling of, alternatiewelik gestel, die intensie van die Johannes-evangelie as óf ‘n sendinggeskrif[1181] óf ‘n kerklike geskrif.[1182] Sy keuse val op die Johannes-evangelie as ‘n kerklike geskrif, en hy motiveer dit as volg: “That the Fourth Gospel in its final form was intended to serve the needs of the Johannine community” en hy beroep hom op verskeie geleerdes.[1183] Schnackenburg se argument speel hierin die deurslaggewende rol: “The self-revelation of the Johannine Jesus can only be understood by believers”.

Die argument dat die Johannes-evangelie ‘n sendinggeskrif kan wees, ontleen hy aan verskeie geleerdes,[1184] onder andere Robinson, wat hy as volg aanhaal: “Robinson sees the distinction made in the Fourth Gospel not as between Jews and Gentiles, but as between Palestinian and diaspora Jews and maintained that the Fourth-Gospel is a “Missionsschrift” composed by the

[1180] Köstenberger (1998:200–203)
[1181] *Missionsschrift*
[1182] *Gemeindeschrift*
[1183] Onder andere Rudolf Schnackenburg (1963), Hans Conzelmann (19 67), Wilhelm Wilkens (1969), Robert T Fortna (1970) en William Nicol (1972)
[1184] Bornhauser (1928), Oehler (1936), Oepke (1941), Bowman (1958), Unnik (1959) en John Robinson (1959–60)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

apostle John in Ephesus and addressed to diaspora Jews after Palestinian Judaism had rejected Jesus as Israel's Messiah".

Köstenberger[1185] beredeneer 'n derde moontlikheid – die beweerde Hengel-hipotese[1186] – dat die Evangelie van Johannes 'n sektariese geskrif kan wees. Volgens hierdie hipotese is die Evangelie van Johannes in sy feitlik finale vorm waarskynlik deurgegee aan 'n teologies gevorderde gemeenskap in Klein-Asië wat Johannes rondom hom vergader het, en wat die boodskap van die Evangelie dus duidelik kon hoor en hul lewe daarvolgens kon skik. Hierdie hipotese kan ook op Openbaring van toepassing gemaak word.

Christopher Rowland[1187]volg min of meer dieselfde uitgangspunt, en beskou Openbaring as 'n sendinggeskrif wanneer hy beweer:

> "Revelation is the least ecclesiological text in the New Testament and problematizing the boundaries between insider and outsider, disciple and unbeliever. The faithful are not the churches but witnesses who find themselves suffering outside the gate where also their Lord was crucified (Rev. 11:8). In this situation prophetic witness is central, this is what counts as mission in Revelation".

Rowland maak egter ook 'n saak uit dat Openbaring as teks bedoel is vir "Insider" sowel as "Outsider": "Revelation demands of all, whether inside or outside the haven of church, a recognition of their obligation in the face of the judgement of God represented by the coming of the New Jerusalem".

Die vraag wat beantwood moet word, is of Openbaring 'n *Gemeindeschrift* of *Missionsschrift* is, alternatiewelik gestel, of dit geskryf is vir "Insiders" of vir "Outsiders". Eerstens beredeneer ek dat Openbaring op grond van my uitgangspunt as kanonieke geskrif nie as

[1185] Köstenberger (1998:200–203)
[1186] Sien Van der Watt (1991:119–121)
[1187] Christopher Rowland (2013:1)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sektaries beskou of benader word nie, maar dat die argumente ten gunste daarvan sowel as die beweerde Hengel-hipotese, die argument ten gunste van 'n *Gemeindeschrift* ondersteun. Hierdie studie – en in besonder hierdie laaste hoofstuk – toon egter duidelik aan dat die Missiologie as teologiese motief in Openbaring duidelik figureer, en dus ook die sending as gestalte of kommissie van die sigbare kerk. Ek wil egter nie verval in 'n bekrompe eensydigheid of 'n growwe veralgemening nie, soos Stephen Neill[1188] dit stel: "When everything is mission, nothing is mission", dus kies ek die sendingbenadering van Genischen[1189] wat met twee onderskeidende begrippe – dimensie en intensie – werk. Dit is eintlik 'n idee van Newbigin wat hy verder ontwikkel het.

Indien dit van toepassing gemaak word op die Openbaring boek, kom dit daarop neer dat die Openbaringboek 'n ekklesiologiese geskrif (*Gemeindeschrift*) in intensie is, maar onder andere ook 'n sending- of missiologiese dimensie het (*Missionsschrift*). Sending is in hierdie studie een van die teologiese motiewe van die teologie, en een van die kommissies van die kerklike gestalte.[1190] So beskou, word Openbaring enersyds as *Gemeindeschrift* en "*ad intra*" (na binne) en andersyds as *Missionsschrift* en "*ad extra*" (na buite) gesien, volgens die publikasie van Kritzinger[1191] wat ook beide die kategorieë van dimensie en intensie beredeneer en handhaaf in sy navorsing en publikasie oor die "Onvoltooide sendingtaak". Beide is vir hom geldige sienings.

Ten slotte kan sending in Openbaring kortliks gefundeer word vanuit die Openbaringteks wat vanself spreek, en in die lig van hierdie studie. Soos reeds daarop gewys, kom die woord ἀποστέλλω drie keer voor in Openbaring: in 1:1, 5:6 en 22:6; en die woord πέμπω twee keer in 1:11 en 22:16. Die fundering van sending in Openbaring word vervolgens gedoen aan die

1188 Stephen Neill (1958:2)
1189 Genischen (1971:244 e.v.)
1190 Sien Aanhangsel F: *Die Kerklike modi*
1191 Kritzinger (1988:42)



© University of Pretoria

hand van die term en begrip “**stuur**” en binne die sinskonteks en die sosiohistoriese konteks waarbinne dit voorkom.

God het die Openbaring wat deur Jesus Christus geopenbaar is, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel **gestuur** om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien. Johannes is die getuie wat getuig van alles wat hy gesien het. Op die dag van die Here is Johannes deur die Gees meegevoer, en hy het ‘n stem gehoor wat vir hom sê: “Skrywe wat jy sien in ‘n boek op en **stuur** dit vir die sewe kerke”.

Toe Johannes omdraai om te sien wie met hom praat, het hy sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe Iemand soos die Seun van die mens. Toe het Johannes gesien daar staan ‘n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand. In die regterhand van Hom wat op die troon sit het Johannes ‘n boek gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was. Vlak voor die troon het sewe vuurvlamme helder gebrand. Voor die troon het ‘n Lam gestaan asof Hy geslag is. Die Lam het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is sewe Geeste van God wat oor die hele aarde **uitgestuur is**. Die Lam het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.

Die Here God, wat sy Gees aan die profete **gee** (lees: “na die profete **stuur**), het sy engel **gestuur** om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur. Jesus sê toe: “Kyk, Ek **kom** gou! Ek Jesus het my engel **gestuur** om dit alles aan julle in die kerke te getuig”. Die Gees en die bruid (lees: kerke) sê: “**Kom**, Here Jesus”!

### 7.3 Sendingteologie: Doel en inhoud van die Sending

Köstenberger en O’Brien[1192] begin hul publikasie in verband met ‘n Bybelse Teologie vir Sending in die eerste sin met die vermelding dat min Bybelse onderwerpe so belangrik is soos die sending. Sending is egter ‘n teologiese motief en die teologie gaan die sending

[1192] Köstenberger en O’Brien (2001:19)



© University of Pretoria

vooraf. Die verband met die ander teologiese motiewe moet gehandhaaf word. Wanneer navorsing gedoen word oor die Teologie van Sending, sal gevind word dat daar ‘n verskeidenheid van Teologieë voorkom.[1193]

Dit gebeur om verskeie redes, wat gewoonlik verband hou met eensydigheid en kerklike dogma. Dit gebeur ook wanneer die praktyk van die sending die teologie bepaal, en nie andersom nie. Die ander kant van die saak is ongelukkig ook waar: dat die teologie die sending as teologiese motief nie hanteer in die teologie nie, en ook nie 'n brug bou na ‘n gesonde Sendingteorie en -praktyk nie.[1194] Die nuutste tendens op voetspoor van Bosch[1195] is dat die orde omgekeer word in terme van “From a Theology of Mission to a Missionary Theology”.  Hiervolgens verloor sending sy selfstandigheid as teologiese motief in eie reg en ook sy kerklike gestalte as kommissie. Sodoende gaan dit op in ‘n Ekklesiosentriese Missiologie[1196] of selfs in ‘n volledige Ekklesiologie, of die sending word net eenvoudig funksies van kerklik-godsdienstige praktyke.

Die noodsaaklike onderskeid tussen teologie en teorie kan gehandhaaf word deur die raamwerk wat Gensichen[1197] in navolging van Newbigin geskep het, deur die twee kategorieë van dimensie en intensie. Dit kom daarop neer dat daar in die werksaamhede van die kerk in al die kommissies ‘n sendingdimensie (as wese van die kerk) teenwoordig moet wees, al het die handeling nie die intensie om sendingwerk te doen nie.[1198] Andersom het sendingwerk ‘n sendingintensie, maar die kerklike dimensie sal wesenlik in die sendingwerk sigbaar moet wees, anders is dit nie meer kerklike werk nie.

1193 Sien Glasser en McGavran (1983)
1194 Sien Schnelle (2009)
1195 Bosch (1991:492)
1196 Sien Crafford (1989:13)
1197 Gensichen (1971:80–85)
1198 Sien Bosch (1979:199–200)



© University of Pretoria

Om die teologie van die sending dus te kan handhaaf in teorie en praktyk, is dit nodig dat die *Visio Dei* en die *Missio Dei* in teologiese terme omskryf word in ‘n breë doel ten opsigte van ‘n probleemstelling en ‘n oplossing of ‘n duidelike opdrag. Maar in die Teologie gebeur dit deur middel van ‘n hermeneutiese proses en op grond van ‘n roeping, ‘n sendingopdrag en die inhoud van die opdrag of openbaring.[1199] Vanuit die Openbaringteks kan ‘n Sendingteologie as volg omskryf word:

**Probleemstelling:** Die wêreld besef nie dat Jesus Christus se koms as Heerser op hande is en dat die eskatologiese einde binnekort hier gaan wees nie, en aanbid God dus nie.

**Doel:** Om deur die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes hom te roep met die opdrag om wat hy gesien het, te stuur aan die sewe kerke sodat mense by die aanhoor van die boodskap tot bekering sal kom en God sal aanbid.

Die doel van God se sending volgens Openbaring is duidelik dat Hy aanbid sal word, soos Piper [1200] dit stel:

> “Missions is not the ultimate goal of the church, worship is. Missions exist because worship doesn’t, therefore worship is the goal of missions. Mission begins and ends in worship and worship is ultimate, not missions, because God is ultimate, not humankind. When this age is over and the countless millions of the redeemed fall on their faces before the throne of God, missions will be no more. Missions is a temporary necessity, but whorship abides forever”.

Wright[1201] brei hierop uit wanneer hy skryf:

[1199] Sien Kritzinger (1994:1)
[1200] Piper (2003:17)
[1201] Wright (2010:244–247)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> But because the world is still full of people who are not worshipping the living God, the mission of God (Missio Dei) is to bringing them into a worship relationship with Himself and the mission of God's people, the church is to bring them into the fold of those who do. The vision in Revelation 4 and 5 reveal not only the elders, the angels and the nations united in worshipping God but every creature in the whole creation. It is not enough, however, to recognize that worship is the ultimate goal of mission, we also need to see how worship is part of the means of mission.

Die oogmerk van hierdie studie is om onder andere die doel van die sending uit die Openbaringteks te omskryf. Bosch[1202] beskryf Gisbertus Voetius se drievoudige doel van die sending as "still unparalleled today" en Kritzinger[1203] gebruik ook hierdie doel van die sending as uitgangspunt wanneer hy die inhoud van die sending bespreek. Dit is vandag nog steeds van waarde om hiervan kennis te neem, en volgens Voetius[1204] is die doel van die sending:

1 The conversion of the heathen,

2 The establishment of the church and

3 The gloryfication and manifestation of God's divine grace.

Ná die bestudering van die teks van Openbaring en die omskrywing van die teologie van Openbaring, kan die doel van die sending in Openbaring tweeledig omskryf word: eerstens as die sending van God, die *Missio Dei*, en tweedens ook die sending van die kerk as gestuurde agent, die *Missio Ecclesia*, met die Goddelike doel as visie om mense tot die aanbidding van God te bring. Die korrelasie sal natuurlik die subjek-subjekverhouding wees.

---

1202 Bosch (1991:265)
1203 Kritzinger (1994:1)
1204 Sien Bavinck (1960:155)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die doel van die sending in Openbaring kan breër omskryf word as dat God Hom aan die mensdom openbaar deur die sending van die Lam. Voortspruitend daaruit is die kerk se sending om God en die Lam aan ander te openbaar en ook te representeer deur aanbidding, getuienis en volharding in gehoorsaamheid aan God se gebooie. Die bedoeling van die voortgesette openbaring deur die getuies is dat ander mense hul daardeur sal bekeer; met ander woorde, hul sal wegkeer van die navolging en aanbidding van die Draak, en daarteenoor God sal aanbid. Die uiteindelike verwagting is om vir ewig saam met Jesus te regeer en God vir ewig in die nuwe stad te aanbid.

Die doel van die sending van die kerk kan vanuit Openbaring nog meer uitgebreid omskryf word, ook as om die geopenbaarde boodskappe aan die kerke  wat bedoel is vir alle mense, as getuies aan hulle te verkondig en voor te leef. Die rede waarom sendingwerk gedoen moet word en ook hoe dit gedoen moet word, moet deur die kerk self opgeskryf word na aanleiding van 'n Sendingteologie wat onder andere vanuit Openbaring geskryf is en waarvolgens 'n visie en missiestelling dan geskryf kan word. So word die sending van die kerk skriftuurlik gefundeer. Presies wat en hoe dit gedoen word, wie dit gaan doen, en volgens watter strukture en metodologieë moet ook volledig beskryf word in 'n praktykteorie wat 'n plan, strategie, struktuur en metodologie deeglik uiteensit. Nadat dit gedoen is, kan 'n verantwoordbare teologiese definisie van Sending geskryf word.

### 7.4 Sending: Visie

In die Griekse wêreld is die vermoë om te kan sien baie belangrik geag. Hul godsdiens is ook sterk visueel beleef met die persepsie dat die gode na die mense kyk, en dat die mense die gode sien of visualiseer deur beelde van hulle te maak. Veral by Homeros is die gode sigbaar. Die Griekse mitologie laat ook toe dat die gode gesien kan word, maar dan in visioene, drome



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of direkte verskynings en openbarings, en slegs deur enkeles of geroepenes.[1205] Die geroepene, siener of ontvanger is dikwels na ‘n afgesonderde of buitewêreldse gebied meegevoer waar hy of sy dan ‘n openbaring hoor en sien of ervaar, wat dikwels deur die bemiddeling van ‘n buitewêreldse wese, bekend as ‘n engel, verduidelik en verklaar is. Openbaringsvisioene is tipiese verskynsels in profetiese en apokaliptiese literatuur soos in Openbaring en soos in die besonder in die Openbaring 1visioen as roepingsvisioen.

Die openingsvisioen as roepingsvisioen[1206] in Openbaring 1:12–20 is die sleutel waarmee die Openbaring verhaal oopgesluit kan word. Dit is veral die woord βλέπω in 1:11 en 12 wat opval, en in Openbaring 5:3 weer gebruik word. Die woord keuse hier is opvallend omdat die woorde ὁράω en εἶδον, soos in vers 12, normaalweg gebruik word vir “sien”. Brown[1207] beweer dat die woord βλέπω met verloop van tyd wel meer gebruik is. Die woord βλέπω beklemtoon die vermoë van die menslike oog om te kan sien of die funksie daarvan as die gedagte slegs van sien. Die woord βλέπω word 130 keer in die LXX gebruik, waarvan 38 keer in Esegiël. Veral die twee aanwendings van die woord in Sagaria 4:2 en 5:2 dui op die aanwending van die woord vir ‘n profetiese visioen.

Dan volg die openbaring van Iemand soos die Seun van die mens (1:13) tussen die sewe lampe as simbool van die sewe kerke (1:20). Binne die gesantskapskonteks van die tyd en die teologiese bedding van die skrywer kan die teenwoordigheid van die Een soos die Seun van die mens tussen en by die kerke nie anders gesien word  as ‘n gevolmagtigde gestuurde nie. Schnelle[1208] beskryf Openbaring 1:9–20 in sy teologie van Openbaring ook as “the commissioning vision” wat die sendingmotief in Openbaring duidelik aan die orde stel.

---

[1205] Kittel (1985:706–708)
[1206] Schnelle (2009:765)
[1207] Brown (1978:512 V.3)
[1208] Schnelle (2009:765)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

‘n Profetiese visioen hou veral verband met die roeping van ‘n profeet en ‘n persoonlike gesprek met God dra die hoofklem, soos in die geval van Moses (Eks 3:1–22, 4:1–17, 6:2–12), Gideon (Rig 6:15–16), Saul (1 Sam 9:21), Jesaja (Jes 6) en Jeremia (Jer 1:4–10). Van die profetiese roepingsvisioene fokus gewoonlik op die een of ander troon of troonsaal waar die troon van God gevisualiseer word, soos in die geval van Miga (1 Kon 22:19–22), Jesaja (6:1–8), Esegiël (1–3 en 10) en Daniël. In die buite-Bybelse apokalips van Henog (14:8-16:3) sien Henog ook vir God op sy troon van wie en waarvandaan hy sy opdrag kry.[1209] Hier sou ek wel verskil van Du Rand, wat die visioen in Openbaring 1 slegs as ‘n bemoedigende visioen beskou, terwyl ek dit as ‘n profetiese roepingsvisioen ag in die lig daarvan dat Openbaring swaar steun op die Ou-Testamentiese profetiese tradisies, en in die besonder omdat Johannes die opdrag ontvang om dit wat hy sien te stuur na die kerke. Ek is die mening toegedaan dat die woord βλέπω hier in Openbaring 1 waarskynlik gebruik word omdat dit hier gaan oor ‘n profetiese roepingsvisioen. ‘n Profetiese roepingsvisioen komende van God noem ons ‘n “Visie” of in Latyn ‘n “*Visio Dei*”.

‘n Godgegewe visie (*Visio Dei*) van ‘n geloofsgemeenskap en sy leiers sal ooreenstem met dit wat God in, met en deur sy totale skepping wil doen, en sal skrifgefundeerd wees. ‘n Godgegewe visie sal ‘n moreel-etiese verpligting as las en passie in die hart en siel van die ontvanger plaas. Openbaring begin as ‘n Bybelboek van visioene met ‘n roepingsvisioen; en dit wat gesien word, is “Iemand soos die Seun van die mens”. Die feit dat Openbaring begin met ‘n roepingsvisioen stel die belang van ‘n duidelike visie as *Visio Dei* vir sendingwerk en sendelinge as die vetrekpunt aan die orde. Dit spreek dus vanself dat elke getuie van Jesus ook moet kan getuig van ‘n persoonlike, gevisioneerde ontmoeting met Jesus en roeping met ‘n spesifieke opdrag van Jesus self. As dit as uitgangspunt geneem word vir elke getuie, is dit

[1209] Sien Du Rand (2007:133)



© University of Pretoria

soveel te meer waar van elke geestelike leier van elke kerk vandag. Coenie Burger[1210] noem "visie" in sy boek die eerste dinamiese beginsel van ‘n geloofsgemeenskap.

Bill Hybels[1211] beweer dat visie die kragtigste wapen is waarmee die wêreld verander kan word. Hy voer aan dat visie ‘n prentjie is van die toekoms wat ‘n passie in ‘n mens opwek. Visie is die energie wat tot aksie lei; daarsonder verloor mense die lewenskrag wat hulle lewendig laat voel. ‘n Visie maak van die ontvanger daarvan ‘n agent tussen die huidige en die toekomstige werklikheid of eindbestemming van die visie, en daarom behoort die visie in ‘n breë doelstelling omgesit en omskryf te word. Mense met ‘n visie het ‘n plan, en werk doelgerig en gemotiveerd. Bloot om ‘n dorp van oorstroming te red, is genoeg rede om deurnag te werk. Dykbouers is dus gemotiveerde mense, maar mense wat net sake vol grond maak en geen einddoel voor oë het nie, kyk kort-kort op hul horlosies wanneer dit uitvaltyd is. ‘n Visie ontlok ook emosie, en hoe duideliker die visie, hoe sterker die emosie. Hierdie emosie dien ter versterking van die menslike toewyding aan of passie vir die visie. ‘n Duidelike visie laat ‘n mens ook voor die tyd die emosies ervaar wat met die bereiking van die verwagte eindbestemming gepaardgaan.[1212] ‘n Visie gee rigting en dien as 'n padkaart, kompas en GPS. ‘n Visie bemagtig mense om doelgerig in ‘n voorafbeplande rigting te beweeg.

Gebed is van deurslaggewende belang vir, tydens, en ná die ontvangs van ‘n *Visio Dei* en van net soveel belang vir dit waarnatoe die visie lei. Stanley[1213] wys op die prioriteit om vir geleenthede te bid en te beplan, asof jy verwag dat God gebede beantwoord.  Mense is egter geneig om vir materiële wonderwerke te bid, en hoewel dit korrek is, behoort mense veel eerder vir geleenthede te bid. Mense het eerder ‘n geleentheid nodig om iets in God se naam

---

1210 Coenie Burger (1991:37)
1211 Bill Hybels (2002:33), die stigter en senior pastor van die Willow Creek Community Church in die VSA
1212 Sien Stanley (1999:10–11)
1213 Stanley (1999:26)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir God te vermag as dat God self buitengewoon optree. Byvoorbeeld, die kerk behoort nie net te bid dat mense gered sal word of dat daar arbeiders vir die oes sal wees nie, maar te bid vir die geleentheid om met mense te praat en self deel te neem aan die sending van die kerk. Mense met ‘n *Visio Dei* fokus ook in hul gebed op geleenthede en op wat moet gebeur ten einde die *Visio Dei* te laat realiseer. Benewens gebed vir geleenthede, moet daar ook gebid word vir medewerkers, ‘n doel, en plan met 'n strategie en struktuur, want geleenthede sonder ‘n doelgerigte plan loop op niks uit nie.

Vir die kerk en kerkleierskap is ‘n duidelike visie ‘n Bybelsgefundeerde beeld van die nabye toekoms waarheen die kerk op pad is. So gesien, spreek dit vanself dat die kerkleiers visionêre leiers moet wees, en dat 'n visie die kern en vertrekpunt van leierskap moet wees. Spreuke 29:18, as volg vertaal, verklaar dit ook duidelik: “As daar nie profete is deur wie die Here praat nie, raak die volk wild en onbeheerbaar”. 'n Visie is om God se geopenbaarde wil te onderskei van goeie menslike idees. Wanneer die kerk dus 'n visie nodig het, het die kerk visionêre leiers nodig. Alleen waar die leiers in die regterhand van die Seun van die mens vasgehou word, kan daar sprake wees van ‘n Goddelike roeping en opdrag deur 'n verbintenis volgens Openbaring 1:20, en ook van ‘n Sendingvisie of ‘n *Visio Dei* volgens die Johannese visie (4–22:6).

Die afsluitingsvisie as eindbestemming in Openbaring is te vinde in Openbaring 21 en 22, waar dit gaan oor die nuwe hemel, die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem. In die konteks van Openbaring beskryf ons dit as ‘n eindeskatologiese visie, die nuwe werklikheid of die simboliese universum wat verwoord wat hierna gaan wees. Vir die kerk van vandag sal die handhawing van hierdie dubbele visie; met ander woorde, saam met ‘n roepingsvisie sal ook die handhawing, verkondiging en nastrewing van die eindeskatologiese visie as bestemming van kardinale belang wees.



© University of Pretoria

Die belangrike rol van die leiers en hul persoonlike roeping (Visie) en missie (Sending) en hul voorbereiding of toerusting vir die sending kom duidelik na vore vanuit die teks eerstens deur die rol van Johannes self in Openbaring 1:9-20, en tweedens deur die rol van die twee getuies in Openbaring 11, wat volgens alle aanduidings Moses en Elia is. Daar word baie navorsing gedoen, geskryf en opleiding gegee oor leierskap, maar dit kom hoofsaaklik uit die sekulêre wêreld en uit die teologie in die departemente Sendingwetenskap en Diakonologie/Praktiese Teologie.[1214] Daar is baie minder publikasies oor leierskap[1215] volgens Bybelse tekste, en almal nie teologies ewe deeglik fundeer nie; maar dit is tog die rigting van navorsing oor Bybels gefundeerde leierskap. Die beste publikasies is dié wat die rol van 'n leier volgens die teks ontleed.[1216] Deeglike navorsingspublikasies oor leierskap in Openbaring kan ook gesien word as 'n navorsingsgaping.

'n Sendingvisie vir 'n leier en 'n kerk kan vanuit Openbaring dus omskryf word vanuit die roepingsvisioen aan die hand van 1:11 en 19: "Skryf op wat jy sien en stuur dit aan die kerke". 'n Sendingvisie vanuit Openbaring kan dan omskryf word dat die kerke wat hierdie visie ontvang, dit weer moet stuur na ander kerke, en volgens Openbaring 5:6 na die wêreld soos wat die sewe Geeste van God na die wêreld gestuur is. Gevolglik is dit vir die kerke nodig om hierdie visie eerstens breedvoerig in 'n missiestelling te omskryf, en tweedens as 'n breë doel te beskryf ten einde hierdie boodskappe te kan stuur, net soos Johannes alles wat hy gesien het, in 'n boek opgeskryf en aan die kerke gestuur het.

### 7.5 Sending: Missie

Om vandag suksesvol te kan wees in die besigheidswêreld, moet mens strategiese beplanning en bestuur toepas. In hierdie proses word gewoonlik 'n missiestelling ("mission statement")

---

[1214] Sien John Maxwell se publikasies en opleidingsmateriaal
[1215] Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*
[1216] Sien as voorbeeld die publikasies van Henry en Richard Blackaby (2004) *Geroep as God se leier* (lesse uit die lewe van Josua), Coenie Burger (2005) *Ontmoetings met die lewende God* (oor Moses) en John MacArthur (2004) *The Book on Leadership* (oor Paulus)



© University of Pretoria

geskryf as ‘n menslik realiseerbare program en verbreding van die visie. Die missiestelling behels ‘n program van waardes en kernsake waarvolgens die visie nagestreef word. Die missie vind beslag wanneer die visie as probleemstelling en breë doel en die missiestellinge in terme van doelstellings as ‘n menslike realiseerbare program, in antropologiese terme van die dag en konteks, geformuleer en uitgedruk word.[1217] Die missiestelling dui ook die kernwaardes en uitgebreide waardesisteem aan wat nagevolg word in die bereiking van die eindbestemming van die visie. Die missie het ten doel om die visie as ‘n program in antropologiese terme te formuleer, instand te hou, en voortdurend na gelang van tyd en konteks te herformuleer.

Die missie moet volgens Burger – in kerklike terme vir die kerk, maar soos ons dit verstaan vanuit Openbaring – ten minste aan die volgende kernsake aandag bestee:

1 Die Identiteit en hoofwerksaamheid van die Goddelike persoon as Skepper van die kerk.

2 Die Drie-Enige God se werk in die verlede, die hede en die toekoms in en deur die kerk op grond van deeglike navorsingsresultate.

3 ‘n Aanduiding van die visie en einddoel, en die fundering daarvan.

4 Moraliteit in terme van identiteit, etos (waardes) van die menslike instansie, die kerk, en die etiese optrede van die kerk se lede (hul gedrag).

5 ‘n Aanduiding van die strategie, struktuur en metodologie van die spesifieke kerklike organisasie.

6 Die indiensstelling van personeel, en hoe hul hulself bestuur en hoe hul bestuur word. Dit gaan hier oor geestelike en kerklike leierskap.

[1217] Sien Burger (1991:43)



© University of Pretoria

7 Die verwagte uitkoms of einddoel moet duidelik aangedui word.

Die Bybelse fundering/begronding vir ‘n visie en missie word gevind in die begrippe “sjalom” (OT) en “koninkryk” (NT).[1218] In die Ou Testament is die “sjalom” die beloofde Goddelike vrederyk waarna die Godsvolk voortdurend uitgesien het en voor geveg het. Later is die realisering van hierdie vrederyk gekoppel aan ‘n toekomstige heil wat sal aanbreek met die koms van die Messias, die Gesalfde van God. Die koms van Jesus Christus as die Seun van God en tegelyk as die Seun van die mens, word gesien as die realisering van hierdie verwagte heil wat in Matteus 3:2 aangekondig word as die “koninkryk van die hemel” en in 9:35 die “evangelie van die koninkryk”.

Dit is hierdie gedagte wat Du Preez[1219] aangegryp het in sy sendingnavorsing oor Openbaring wat in 1968 oorspronklik getiteld was *Sendingperspektief in die laaste Bybelboek,* en toe hy tien jaar later sy navorsing in ‘n boek publiseer, dit genoem het *Die koms van die koninkryk volgens die boek Openbaring.* Hiervolgens is dit logies vanselfsprekend dat die visie en die missiestelling van die kerk altyd koninkrykgerig sal wees. Openbaring bevestig hierdie gedagte op ‘n besondere wyse in 15:3 “Here God, Almagtige … Koning van die nasies”, 19:6 “Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as Koning” en van Jesus as die Woord van God in 19:16 “Die Koning van die konings”. Die deelagtigheid aan die koninkryk van al die gelowiges word reeds in Openbaring 1:6 aan die orde gestel deur Johannes “… het ek saam met julle deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding”. ‘n Bybelsgefundeerde sendingteologie sal dus altyd koninkryksentries wees en nooit iets anders kan wees nie.

Die uitgangspunt in hierdie studie is dat die kerk God se sigbare antropologiese agent of gesant is in hierdie wêreld. Die kerk alleen is dus God se menslike organisasie in hierdie

---

[1218] Burger (1991:39)
[1219] Du Preez (1978)



© University of Pretoria

wêreld ingestuur, en ontvang naas die *Visio Dei* ook die *Missio Dei* van God, 'n spesifieke Sendingopdrag van God. Die *Missio Dei* is dan 'n Bybels gefundeerde program met projekte waarvolgens die kerk as organisasie of groep of groepe mense spesifieke doelstellings vir hulself formuleer waarvolgens hulle funksioneer. Die teologiese praktyk van die kerk sal dan die missionêre identiteit (*Missio Ecclesiae*) van die kerk vergestalt.

Vervolgens kan 'n missiestelling na aanleiding van die voorafgaande navorsing vanuit Openbaring as volg geskryf word:

> Die Here God op die troon wat alles geskep het, en deur wie se wil alles ontstaan het, en daarvoor aanbid moet word,
>
> het die Lam wat geslag was, Jesus die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, as die Seun van die mens gestuur om die heerser oor die konings van die aarde te wees,
>
> deur oorlog te voer teen die Draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, en sy volgelinge, dit is hulle wat die draak aanbid, en hulle te oorwin,
>
> deur die Gees, wat die profesie gegee het aan die kerke, oor die hele aarde uit te stuur om sy boodskappe te verkondig, en Hom te representeer in die kerke op aarde todat Hy kom,
>
> en om die getroue getuies wat volhard het in die nakoming van God se gebooie en aan die getuienis wat Jesus gelewer het, vasgehou het; waarvoor hulle inderdaad gestuur is,
>
> met sy koms, simbolies as bruid en vrou van die Lam, as die heilige stad te openbaar waar die troon van God en die Lam is,



© University of Pretoria

en waar sy dienaars Hom sal dien en tot in alle ewigheid saam met Hom sal regeer.

## 7.6 Sendingteorie: Plan, Strategie, Struktuur en Metodologie vir die sending van die Kerk

God se plan met die Sending behoort hanteer te word binne die sendingteologie, soos hier bo aangedui is, en die menslike plan behoort hanteer te word binne die sendingteorie, soos in hierdie hoofstuk kortliks aangetoon is. Ten opsigte van die Sendingteorie is al baie navorsing gedoen en heelwat is gepubliseer in die vak Missiologie. Die onderskeid tussen God se sending, die *Missio Dei*, en die sending van die kerk, die *Missio Ecclesia*, moet egter ook hier in berekening gebring word. Die strategie as deel van die plan behels volgens Dayton en Frazer[1220] 'n volledige beskrywing van die metodes en tegnieke wat toegepas sal word of stappe wat gedoen sal word om die doelstellings te bereik, en word beskryf in terme van doelwitte; met ander woorde, as uitkomste. Dayton en Frazer stel 'n sirkelvormige plan voor vir die beplanningsproses met 10 stappe wat gevolg word wanneer strategiese beplanning vir sending gedoen word.

Enige plan behels 'n volledige beskrywing van hoe die doel bereik sal word in terme van doelstellings en doelwitte. Doelstellings is 'n aantal algemene aanduidings van wat gedoen gaan word om die doel te bereik, en doelwitte formuleer die metode of tegniek waarmee of hoe 'n spesifieke doelstelling bereik gaan word. Beals[1221] bekyk die belang van die strategiese rolle van die Bybelse fundering van 'n sendingstrategie van die lokale kerk, van die sendingagentskappe, van die sendelinge, van die teologiese skole en van die Goddelike opdrag.

[1220] Dayton en Frazer (1980:D37) in *Planning Strategies for World Eangelization*
[1221] Beals (1988) *A People for His Name: A Church-Based Missions strategy*



© University of Pretoria

Kritzinger, Meiring en Saayman[1222] beskryf die doel en die inhoud van sending, die kerk en die sendeling, en ook verskillende kontekste en modelle en metodes van sendingwerk. Kennedy D.J.[1223] gee 'n deeglike uiteensetting van 'n benadering en gesprek hoe die evangelie persoonlik oorgedra word met 'n oorgawe en verbintenis, en hoe persone daarna ook as getuies opgelei word. Persone wat hierdie opleiding deurloop het, is in die meeste gevalle kragtige en effektiewe getuies.

MacArthur J[1224] ondersoek in drie hoofstukke die anatomie en die dinamika van die kerk en die kwaliteite van die dienaars. Daarna hanteer hy 'n elftal sleutelvrae wat verseker die kritiese vrae is wat vandag aan die kerk gestel word. Hierdie resente werk is meer 'n ekklesiologiese werk wat die identiteit, etos en etiek van die kerk help vorm. Van Engen[1225] verduidelik eerstens die Missionêre kerk, tweedens 'n Nuwe Visie vir die Missionêre kerk, en derdens word die Missionêre kerk hanteer. Hy werk vanuit die gereformeerde belydenis van die Kerk se vier bekende eienskappe, 'n aantal gestaltes of bedieninge van die kerk, en die ampte in die kerk en leierskap in die kerk.

Die struktuur waarbinne sendingwerk gedoen word, word ekklesiologies in kerkregtelike terme beskryf. Dit kom daarop neer dat kerke se strukture voorsiening moet maak vir 'n eie kerkregtelike funksionering. In die Praktiese Teologie is in die verlede veral navorsing gedoen oor die diens- (diakoniese) gestalte van die kerklike praktyk wat uitgeloop het op 'n verskeidenheid van gestaltes en veral die kommunikatiewe aspek daarvan.[1226] Die Missiologie het onlangs[1227] van Sending begin praat as die getuienisgestalte (*marturia*) van die kerk en daarmee saam gepraat van die "driedimensionele sendingbegrip", naamlik die gestaltes van *diakonia* (dienste van barmhartigheid), *kerugma* (alle vorme van evangelisering

[1222] Kritzinger, Meiring en Saayman (1994), *On being Witnesses*
[1223] Kennedy D.J. (1983), se *Evangelism Explosion*
[1224] MacArthur J (2008) *The Master's plan for the Church*
[1225] Van Engen (1991) *God's Missionary People, Rethinking the Purpose of the Local Church*
[1226] Sien Firet (1982:22).
[1227] Sien Kritzinger (1988:35)



© University of Pretoria

deur verkondiging) en *koinonia* (die kwalitatiewe opbou en uitbou van die Kerk as antropologiese organisasie).

Die latere navorsing oor veral die prakties-teologiese vak Gemeentebou[1228] het die gestaltes van die kerk uitgebrei tot agt, en het verkies om van hierdie gestaltes te praat as bedieninge. Van hierdie gestaltes van die kerk word ook gepraat van die *missiones ecclesias*; met ander woorde, die sendinggestaltes of die missionêre handelinge van die kerk. Hierdie gestaltes van die kerk behoort in ‘n strategie omskryf te word, gestruktureer te word, en algemeen aanvaar te word in ‘n beleidsdokument. Dit kan ook gesien word as ‘n sendingparadigma.[1229]

In die lig van die getallesimboliek van Openbaring en my navorsing om ‘n volledige en omvattende fundering van Sending te doen (Sendingteologie), en ‘n moontlike plan te beskryf (Sendingteorie) vanuit Openbaring, het ek by die simboliese getal van twaalf kommisies uitgekom. Ekklesiologies in die lig van die sendingmotief en die bevinding van die teologiese betekenis van die woord "sending" hier bo, wil ek hierdie twaalf gestaltes eerder met die woord "kommissie" aandui. Die twaalf bedieninge kan ook omskryf word in terme van twaalf kommissies van die kerk. Dié twaalf kommisssies[1230] van die kerk behoort dus in ‘n mindere of meerdere mate na gelang van die *Visio Dei* in ‘n *Missio Dei* sigbaar gestalte te vind in ‘n kerklike strategie en bedieningstrukture.

Daar is al verskeie navorsingsresultate gepubliseer van hoe die gestaltes en/of struktuur van die missionêre kerk behoort te lyk of, teologies-wetenskaplik gestel, die missiologiese kerk in wese behoort te lyk. Die mees resente en beste resultaat het ek gevind in die “Global Focus”-materiaal onder die opskrif "Dinamiese beginsels van die Gefokusde Kerk".[1231] Indien ‘n kerk hierdie dinamiese beginsels as deurlopende proses in hul totale gemeentelike praktyk

[1228] Sien Nel (1994:96)
[1229] Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*
[1230] Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*
[1231] Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

toepas, behoort hul missionêre handelinge sterk en duidelik te vergestalt te word, soos dit Bybels behoort te wees.

Dit gaan in die kerk natuurlik altyd eerstens oor mense wat deel moet word van die kerk en dan aangestel en bestuur moet word in die uitvoering van hul dienswerk en getuienistaak. God het immers ‘n persoonlike visie, doel en plan vir elkeen van sy dienaars, en Stanley[1232] beskryf die situasie om die dienaars in posisie te kry as “Neem julle plekke in, asseblief”. Die menswetenskappe en veral die Bybels-antropologiese teologiese motief behoort ook hier in ag geneem te word. Hier gaan dit oor die persoonlikheid van die persoon, want die psigiese navorsingswetenskap het uitgewys dat daar hoofsaaklik vier tipes persoonlikhede is, wat sommige navorsers in verband bring met vier breinprofiele, wat direk in verband staan met die vier kwadrante van die menslike brein.

Daar is verskeie praktiese hulpmiddele en skolingsmateriaal beskikbaar waarmee persoonlikheidsevaluasies gedoen kan word om sendelinge en kerkleiers te help met die ingewikkelde kwessie van persoonlikhede, onder andere dié van Tim La Haye, die DISC se persoonlikheidsprofiele, die Meyer Briggs Indicator, Kobus Neethling se Kreatiwiteitsteorie aan die hand van vier breinprofiele, en emosionele intelligensie. Ek beveel DISC aan as uitgangspunt, en dat die ander gebruik word om die basiese persoonlikheidstipes te help verduidelik, en lidmate te help om hul plek te vind as getuies in die kerk. Die aanwins van DISC is op hierdie stadium die navorsing wat Larry D. Reesor[1233] gedoen het oor die effektiwiteit van ‘n kombinering van elke persoonlikheidstipe met die nege gawegroepe.[1234]

Die sterk punt van die Global Focus-strategie is dat dit saam met die persoonlikheidsontleding en die gawegroepe ook ‘n duidelike plan vir sendingwerk volgens

[1232] Stanley (1999:30-32)
[1233] GLOBAL FOCUS. GROWING A GREAT COMMISSION CHURCH (2006)
[1234] Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*



© University of Pretoria

Handeling 1:8 daarstel, en dit alles integreer met die struktuur van die lokale kerk wat begelei word om agt dinamiese beginsels van kerkwees[1235] toe te pas in hul totale kerklike bediening. Global Focus sluit hul proses af met 'n oproep vir 'n Koninkryksverbintenis. My aanbeveling is in die lig van die sendingteologie van Openbaring om die proses van Global Focus as 'n strategiese plan in kerke te implimenteer. Daarmee saam is daar nog ander strategiese opleidingsmateriaal wat ook gebruik kan word vir groter impak.

Daar is in die Missiologie al heelwat navorsing gedoen oor metodes hoe om die sendingstrategieë, metodologieë en sendingstrukture van die kerk te evalueer om sodoende die realisering van 'n missionêre handelinge van die kerk te help bepaal en te bereik. Kritzinger, Meiring en Saayman[1236] se Sewe I's-program waarmee die missionêre identiteit van die kerk bepaal word, is 'n besondere hulpmiddel vir 'n kerk wat 'n identiteitsanalise wil doen as deel van hul strategiese beplanning. Dit vind ek die beste kriteria of sleutelprestasie-indikators wat Kritzinger, Meiring en Saayman[1237] die "Sewe I's-program" noem. Ek het dit ietwat uitgebrei en noem dit die "tien sleutelprestasie-indikators" vir die evaluering van die missionêre handelinge van die kerk.[1238]

Dan behoort binne die Sendingpraktyk ook aandag bestee te word aan die sosiale konteks van die mense met wie daar gewerk word. Dit is Montgomery[1239] wat pionierswerk gedoen het op hierdie terrein. Sy uitgangspunt is teorievorming ("Theory construction") deur middel van veldwerk en statistiese opnames onder die mense met wie daar gewerk word. Werke soos dié van Barrett en Johnson,[1240] Patrick Johnson en Jason Mandryk en Kritzinger kan geraadpleeg

---

1235 Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*
1236 Kritzinger, Meiring en Saayman (1994)
1237 Kritzinger, Meiring en Saayman (1994:54)
1238 Sien Aanhangsel F *Die kerklike modi*
1239 Montgomery (1999:143–144) "*Introduction to the Sociology of Missions*
1240 Barrett en Johnson (1990) *Our Globe and how to reach it,* Patrick Johnson en Jason Mandryk (2006) *Operation World* en Kritzinger (1988) *Die onvoltooide Sendingtaak in Suid-Afrika*



© University of Pretoria

word. Statistiese publikasies raak egter gou verouderd en onbruikbaar, en dit is krities noodsaaklik om met die nuutste teorieë, tegnieke en statistieke om te gaan.

Winter en Hawthorne[1241] kompileer in hierdie omvattende werk van hulle 'n aantal deeglike artikels in vier afdelings onder vier perspektiewe, naamlik die Bybelse, die Historiese, die Kulturele en die Strategiese perspektief. Dit is veral die Kulturele perspektief wat die aspek van die sosiale konteks van die Sending vir vandag deeglik bekyk. Greenway en Monsma[1242] hanteer die konteks van die moderne stad en hoe om dit strategies en metodologies te benader. Geen sendeling kan sonder die toerusting van hierdie navorsing sy taak effektief en suksesvol aanpak nie. Hesselgrave[1243] beskryf die lidmaat, leierskap, die gestuurde kerk en die ontluikende kerk in gevalle waar grense oorskry word. Pretorius[1244] bekyk die belang van 'n kontekstuele sendingstrategie vir spesifiek Afrika.

Die gaping wat in al bogenoemde werke en in die sendingteorie van die kerk voorkom is die onderbenutting van Openbaring in hierdie werke en dus in die praktyk van die kerk. Hierdie studie het dit ten doel om hierdie gaping te help oorbrug.

### 7.7 Sendingpraktyk: Roeping, Verbond, Verbintenis en Uitvoering

Wanneer die Sending Teologies en Teoreties beskryf en uiteengesit word, volg die praktiese toepassing daarvan vanselfsprekend. Eerstens bring dit elke mens by 'n persoonlike roeping, opdrag en uitvoering van die Sendingopdrag uit; met ander woorde, om 'n Koninkryksverbintenis te maak. Dit is 'n belangrike uitgangspunt in die koninkryksentriese benadering van die sending van die kerk. Vervolgens word die belang van die uitvoering van die opdrag aan die boodskapdraers (sterre) en die kerk (lampe) aan die orde gestel, soos dit in Openbaring aan die orde kom. Die belang van die opdrag blyk duidelik in Openbaring 1:11

[1241] Winter en Hawthorne (1992) *Perspectives on the World Christian Movement*
[1242] Greenway en Monsma (1992) *Cities, Missions New Frontier*
[1243] Hesselgrave DJ (2004) *Planting Churches Cross-Culturally*
[1244] Pretorius HL (1987) *Reflecting on Mission in the African Context*



© University of Pretoria

waar Johannes sy opdrag kry om "op te skryf" en te "stuur". Die ontvangs van 'n opdrag word vandag beskryf in terme van "roeping" en "uitvoering of gehoorsaamheid".

Die Bybelse getuienis van God wat mense roep en stuur met 'n opdrag loop soos 'n goue draad regdeur die Bybel. Ons kan begin by Abraham en uitwei met name soos Moses, Josua, Simson, Dawid en die meeste van die profete waarvan die roepings van Jesaja, Jeremia en Esegiël aangrypende gebeure is. Die beste voorbeeld van die roeping van mense is natuurlik Jesus se roeping van sy dissipels in die verhale van die evangelies. 'n Duidelike roeping met gepaardgaande opdrag vir boodskapdraers en hul kerke spreek dus vanself, en word in Openbaring geïllustreer met die sewe briewe aan die sewe kerke. Opvallend van die boodskappe aan die sewe kerke is die oproep, "Bekeer julle", en dikwels binne die konteks van die Evangelies "want die koninkryk van God/die hemel het naby gekom", of soortgelyke oproepe wat ook in feitlik al die boodskappe aan die sewe kerke in Openbaring voorkom en die plek en belang van bekering en uitvoering met mekaar verbind.

Wanneer God roep (*commendment*) vra dit natuurlik gehoorsaamheid, en gaan dit oor die daadkant van die Goddelike opdrag wat ons "verbintenis" kan noem. Burger[1245] formuleer die daadkant as "'n vaste kontroleerbare verbintenis (*commitment*) aan die visie van die kerk" en by afwesigheid daarvan kan daar geen sprake wees van egte bekering of geloofsverbintenis in terme van 'n lewende verhouding met die lewende God nie, en ook nie van 'n lewe volgens die gebooie (*commandment*) van God en die getuienis (*commission*) van Jesus nie.[1246] Hier gaan dit by uitstek oor die korrekte moraliteit en Bybels-etiese nadenke en optrede van die dienaars van God, en dit bepaal, teologies geformuleer, die metodiek van hul sendingopdrag. Daar kan dus nie gepraat word van 'n gehoorsame dienaar of kerkgemeenskap indien daar geen verbintenis aan die Goddelike visie en missiestelling en kerklike doelformulering is nie.

[1245] Burger (1991:73)
[1246] Sien Openbaring 12:17



© University of Pretoria

Die lewe, getuienis en aanbidding van God deur die kerkgemeenskap kan dus ook nie wesenlik anders wees of beter wees as die vlak van verbintenis nie.

Verbintenis het egter twee kante: God se kant en die mens se kant. Burger[1247] beskryf dit so raak wanneer hy geloofsoorgawe of bekering tot God as verbintenis beskryf as dat "… dit nie 'n substansie is wat eenmalig verwerf word nie, maar dat dit 'n verhouding is waarin 'n mens tree, en dat die mens, soos met alle verhoudings, ook hieraan voortdurend moet werk". So gesien, is die lewe tussen mens en God 'n wedersydse verhouding en 'n vaste verbintenis aan mekaar wat hierdie verhouding voortdurend in stand hou solank as wat daar gehou word by die verbintenis en die ooreenkomste daarin. Die motief van verbintenis staan baie sterk in die hele Bybel, en gaan so ver terug as die politieke fenomeen van die Ou Nabye Ooste. Om die teologiese betekenis van verbintenis korrek te verstaan, is dit nodig om kennis te neem van die navorsing in hierdie verband, en veral die oorsprong daarvan en hoe dit via die Ou Testament inwerk op die begrip "verbintenis" in Openbaring.

Duidelike spore van die verdragsterminologie en elemente daarvan van die Ou Nabye Ooste[1248] word gevind in die verbondsverhouding tussen God en Israel in die Ou Testament, en dus ook in die verhouding tusen God en sy volk in Openbaring. Thompson[1249] het aangetoon dat Israel se liturgie gebaseer was op 'n verbondskema en deurdring was met verbondsterminologie, terwyl die middelpunt van aanbidding in die tempel die ark van die verbond was waarin die twee tafels met verbondsbepalinge (die Gebooie) die troon van God verteenwoordig; met ander woorde, God se Koningsheerskappy. So gesien, is dit duidelik dat God regeer deur sy volk se nakoming van die gebooie. Dit raak die kern van die verbintenis, die aanbidding van God deur die nakoming van die gebooie. Hiervan lees ons in Openbaring 12:17: "… haar nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou

[1247] Burger (1991:81)
[1248] Sien Ekskursie 3: Die Verbond
[1249] Thompson (1969:330–350)



© University of Pretoria

wat Jesus gelewer het" en Openbaring 14:12: "Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie nakom en in Jesus bly glo".

In Openbaring word ook aangetoon wie die mense is met wie God in 'n verbondsverhouding staan, en wat die uiterlike teken van hierdie verbondsverhouding is as teken van verbintenis. Volgens Du Rand[1250] het merktekens op mense in die antieke tyd dikwels die gesag van die eienaar oor daardie mense aangedui. 'n Seëlring was 'n teken van mag en verbintenis. 'n Seël van was of klei is byvoorbeeld aan dokumente geheg om dit te waarmerk. 'n Brandmerk op die hand of voorkop van veral soldate het dikwels voorgekom. Merktekens het onder andere die volgende betekenismoontlikhede gehad:

1 Kenteken van identiteit

2 Merkteken van oneer

3 Merkteken van eienaarskap

4 Magiese kenteken van godsdiens

5 Klere as teken van verbintenis

6 Besnydenis as teken van die verbond van God met die Ou-Testamentiese volk Israel.

7 Vir die christene water as teken van doop, en brood en wyn as teken van vergifnis.

In Openbaring 7:3 kry ons die *locus classicus* ten opsigte van die seël van God as teken van die verbondsverhouding met sy dienaars.

---

1250 Du Rand (2007:301)



© University of Pretoria

Ek het ook 'n ander engel van die ooste af sien kom met die seël van die lewende God; Hy het met 'n harde stem geroep … "Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël".

Esegiël 9:1–4[1251] en 14:12–23[1252] moet in berekening gebring word as verstaansagtergrond vir Openbaring 7:3. Hier kondig die Here aan dat die straf en vernietiging van Jerusalem naby is. Die man met die linneklere aan en die skrywersakkie aan sy gordel, moet deur die stad gaan en 'n merk op die voorkoppe maak van almal wat kla oor die afskuwelike dinge wat in die stad gebeur. Dié wat die merk dra, moet gespaar word. Die bloed van die Lam as Paasfeesteken vir die beskerming en verlossing in Egipte dien ook as verwysingsagtergrond vir die verhaal in Esegiël en in Openbaring in die lig van die simboliek van die "Lam wat geslag was". Die element van beskerming teen gevare wat kom, asook 'n bewussyn van identiteit dat hulle God se eiendom is, is kenmerkend van hierdie verhale. Volgens Openbaring 7:14 is dit ook die bloed van die Lam wat God se dienaars laat deel in die oorwinning van die Lam en aan hulle identiteit besorg.[1253] In Openbaring is daar vier keer[1254] sprake van God se merk of naam op die voorkop van sy dienaars.[1255] Hiervolgens is die verbintenis tussen God en sy dienaars as verseëldes onmiskenbaar en God se verlossing van sy verseëldes verseker.

Nog 'n teken van verbintenis en van die identiteit van God en sy dienaars is die gemeenskaplikheid deur die kleur **wit**. Dié kleur word geassosieer met 'n skerp, verblindende lig of bonatuurlike glans, en ook met helderheid en reinheid. In Openbaring 1 word die Seun van die mens se hare beskryf as "**wit** soos **wit** wol" en in Daniël 7 word die Seun van die

[1251] Sien Walter Eichrodt (1980:129-131) *Ezekiel A Commentary*
[1252] Sien Walter Eichrodt (1980:186-191) *Ezekiel A Commentary*
[1253] Sien Du Rand (2007:301)
[1254] Openbaring 7:3, 9:4, 14:1 en 22:4
[1255] Du Rand (2007:497)



© University of Pretoria

mens se klere beskryf as “so **wit** soos sneeu”. Op verskeie plekke in Openbaring[1256] word die klere van die engele en die verseëldes beskryf as **wit**. Aan die oorwinnaars volgens die boodskap aan Pergamum in Openbaring 2:17 sê die Gees namens Hom wat die swaard met twee snykante het: “Ek sal vir hom ‘n spier**wit** klippie gee met ‘n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry”. In Openbaring 14:14 omring ‘n **wit** wolk die Seun van die mens wat die oes kom insamel, en in Openbaring 19:11 was daar ‘n **wit** perd. "Sy Ruiter word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog... Daar was ‘n Naam op Hom geskrywe wat niemand anders ken nie, net Hy self. Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was... Op sy klere, by sy heupe, was daar ‘n Naam geskrywe: Die Koning van die konings en die Here van die heersers... Die leërs in die hemel het op **wit** perde agter hom aangery en hulle het fyn, helder **wit** klere aangehad". Toe het die skrywer van Openbaring in 20:11 ‘n groot **wit** troon gesien en die Een wat daarop sit, en in Openbaring 4:4 lees ons dat daar reg rondom die troon vier en twintig ander trone was en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit en hulle het **wit** klere aangehad. Die troon van God en van die Lam sal in die stad van goud wees en sy dienaars sal Hom dien. Hulle sal Hom sien en sy naam sal op hulle voorkoppe wees.

**Konkluderend**

Eerstens is die term “sending” en die twee Griekse woorde ἀποστέλλω en πέμπω vir hul betekenis en aanwending nagevors. Daar is ook gekyk na die semantiese veld van die twee woorde en ander verwante woorde binne dieselfde betekenisveld is ook nagevors. Daar is gekyk na die teologiese betekenis van die term en begrip "sending". Duidelikheid is ook verkry hoe die term en begrip in die Openbaringteks na vore kom en aangewend is. Die sending as teologiese motief in Openbaring het ook duideliker na vore gekom hierdeur.

[1256] Sien Du Rand (2007:195)



© University of Pretoria

Tweedens is Sending in Openbaring gefundeer, en ‘n antwoord is verskaf op die vraag of Openbaring as *Gemeindeschrift* of as *Missionsschrift* beskou moet word, met die uitgangspunt van *Gemeindeschrift* as intensie en *Missionsschrift* as dimensie. Die gedagte van die begin en die einde van die sending is ook ondersoek met die aanduiding dat alles, ook die sending, tot ‘n einde sal kom wanneer die Ruiter op die wit perd onverwags sal kom om te oorwin, te oordeel en die nuwe skepping as sy Koninkryk te vestig.

Derdens is die doel en inhoud van die sending hanteer as sendingteologie waarvolgens die formulering van ‘n probleemstelling en breë doel omskryf is, soos dit uit die Openbaringteks blyk. Vierdens is daartoe oorgegaan om ‘n praktykteorie vir die sending van die kerk van vandag vanuit die Openbaringteks op die tafel te plaas. As vertrekpunt van ‘n praktykteorie is die belang en rol van Visie nagevors, en is ‘n *Visio Dei* vanuit Openbaring op die tafel geplaas. Die *Visio Dei* kom veral na vore deur die roepingsvisioen, die troonvisioen wat verder ontwikkel word in die verhaal, en ‘n eindvisioen. Vyfdens is ‘n Missiestelling geskryf, wat 'n beleid is waarvolgens die kerk kan funksioneer vanuit Openbaring nadat die *Missio Dei* as ‘n Bybelsgefundeerde stelling geformuleer is.

Sesdens is ‘n Sendingteorie op die tafel geplaas in terme van ‘n Plan, Strategie, Struktuur en ‘n Metodologie vir die sending aan die hand van strategies belangrike uitgangspunte as doelstellings. Daar is ook verwys na twaalf gestaltes van die kerk as kommissies, en na agt dinamiese beginsels as deurlopende prosessse in kerke. Hierbenewens is melding gemaak van nege gawegroepe en die persoonlikheidstipes van mense as integrale deel van ‘n kerklike strategie. Tien sleutelprestasie-indikators is ook aangedui waarvolgens die missionêre handelinge van die kerk geëvalueer kan word.

Ten slotte is ‘n Sendingpraktyk in terme van Roeping, verbintenis, en uitvoering van die sendingopdrag hanteer wat dan die daadkant van die mens uit een sit.



© University of Pretoria

## SAMEVATTING

Hierdie studie – ***Sending in Openbaring*** – bereik ŉ hoogtepunt in ŉ puntsgewyse samevatting.[1257] Eerstens word die agt vername rolspelers in die verhaal van Openbaring geïdentifiseer, en dan simbolies en sketsmatig voorgestel aan die hand van die kleure van die reënboog.[1258] Hul identiteit en rol in die Openbaring verhaal word kortliks omskryf. Die teologiese motief, wat meer spesifiek betrekking het op die spesifieke rolspeler, word daarmee saam beskryf. Tweedens word die teologiese motiewe van Openbaring ook op Teologies-tematiese wyse puntsgewys weergegee en sketsmatig verduidelik aan die hand van ŉ horlosie se wyserplaat.[1259] So vind Sending as teologiese motief in Openbaring sy teologiese fundering, word die doel van die sending verduidelik, en word die doel van hierdie studie bereik.

Die rolspelers in die Openbaringverhaal en die teologiese motiewe wat narratologies in die Openbaringgeskrif ontvou, tref ons aan in die troonvisioen in Openbaring 4 en 5. Dit kan as volg saamgevat word:

1 Daar staan ŉ **troon** (wit) in die hemel en op die troon sit daar **Iemand**. In die regterhand van Hom wat op die troon sit, was ŉ boekrol wat aan die voor- en agterkant vol geskryf was, en wat met sewe seëls goed verseël was (Doksologie).

2 Tussen die troon en die ouderlinge het ŉ **Lam** (rooi) gestaan, die een wat geslag is. Hy het sewe horings en sewe oë gehad en die sewe oë was die sewe Geeste van God wat oor die hele aarde uitgestuur is. Die Lam het gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit (Christologie en Soteriologie).

[1257] Sien Bauckham (1993) se slothoofstuk *Revelation's Relevance today* as voorbeeld: "This final section merely highlights briefly some points which have emerged in this study as offering theological directions for contemporary reflection"
[1258] Sien Aanhangsel A
[1259] Sien Aanhangsel B



© University of Pretoria

3 Vlak voor die troon het daar **sewe vuurvlamme** (oranje) helder gebrand. Dit is die **sewe Geeste** van God en ook die sewe oë van die Lam wat oor die hele aarde uitgestuur is (Pneumatologie en Missiologie).

4 Rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge was daar **'n menigte engele** (geel) en hulle het hard uitgeroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang" (Engelelogie en Satanologie).

5 Rondom die troon was daar 'n **reënboog** met die glans van smarag (groen) en voor die troon was dit soos 'n spieëlgladde see, helder soos kristal (Bybelse Kosmologie).

6 Die hele skepping, alles in die hemel (ligblou) en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, **die groot menigte mense** vanuit elke stam en taal en nasie en volk, het gesê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid" (Bybelse Antropologie en Eskatologie).

7 Naby rondom die troon was daar **vier lewende wesens** (donkerblou), vol oë van voor en van agter. Hulle het dag en nag, sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom". Dan kniel die vier en twintig **ouderlinge** voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en sê: "… omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep' (Diakonologie).

8 Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone en op hierdie trone het daar vier en twintig **ouderlinge** (pers) gesit. Die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge het voor die Lam gekniel. Die vier en twintig ouderlinge het elkeen



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ʼn siter gehad en ook ʼn goue bak vol wierook, dit is die gebede van die gelowiges, en hulle het Hom aanbid en ʼn nuwe lied gesing (Ekklesiologie).

Die Teologiese motiewe in Openbaring kan Teologies-tematies as volg puntsgewys weergegee en sketsmatig verduidelik word aan die hand van ʼn wyserplaat. Die wisselwerking tussen die teologiese motiewe en die rolspelers word sodoende geïllustreer.

**1 Doksologie**

Die Here God is op die troon wat in die hemel is, en die boek wat alles bepaal, is in sy regterhand. Hy word verheerlik deur aanbidding as erkenning dat Hy die Skepper van alles is. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het.

**2 Christologie**

Tussen die troon en die ouderlinge staan die Lam wat geslag was. Die Lam het die boek ontvang uit die Regterhand van Hom wat op die troon sit. Die Lam het die boek oopgemaak en gewys wat alles op die aarde moet gebeur.

3 **Pneumatologie**

Vlak voor die troon brand sewe helder vlamme. Dit is die sewe Geeste van God wat ook die sewe oë van die Lam is wat oor die hele aarde uitgestuur is.

4 **Bybelse Kosmologie**

Naby rondom die troon was daar vier lewende wesens. Reg rondom die troon was daar ʼn reënboog en voor die troon was dit soos ʼn spieëlgladde see.

5 **Bybelse Antropologie**



© University of Pretoria

Die boodskap wat aan die bewoners van die aarde, aan elke nasie en stam en taal en volk, verkondig moet word deur die kerke is: Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel.

### 6 Engelelogie

Rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge was daar 'n groot menigte engele. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene, en hulle het hard uitgeroep. Daar het ook sewe engele voor God gestaan. Jesus het sy engel gestuur om dit alles aan sy dienaar Johannes te openbaar, en die Here God wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur.

### 7 Satanologie

Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak en sy engele. Die Lam wat geslag is, sal kom om oorlog te voer teen die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, en hom gryp en vasbind en in die poel van vuur en swael gooi. Ook die dood en die doderyk sal in die vuurpoel gegooi word.

### 8 Soteriologie

Die Lam is as die Gesalfde van God gestuur na die aarde om geslag te word – doodgemaak te word – en die eerste te wees wat uit die dood uit opgestaan het, die geloofwaardige getuie; ook om die oorwinning te behaal en die Here van die heersers en die Koning van die konings te wees.

### 9 Eskatologie

Die Lam wat geslag was en in die middel van die troon is, sal nou die Herder wees van die groot menigte uit elke nasie en stam en volk en taal wat op Sionsberg staan by Hom;



© University of Pretoria

honderd vier en veertig duisend mense in getal. Hierdie mense sing ŉ nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge, en hulle sing ook die lied van die Lam in die heilige stad Jerusalem wat van God af uit die hemel uit afkom. Die Lam sal as bruidegom kom soos ŉ Ruiter op ŉ wit perd om die nasies te tref wat die getuies en dienaars van die Lam vervolg en gedood het. Hy sal sy dienaars en getuies verlos van trane, leed, smart, pyn en die dood, en hul sal tot in alle ewigheid regeer.

Dié wat die oorwinning behaal, sal gereed wees soos ŉ bruid wat vir haar man versier is. Die bruid word dan die vrou van die Lam en sy sal vir ewig in die nuwe stad bly met ŉ nuwe hemel en ŉ nuwe aarde, en Hom wat op die troon sit en wat alles nuut gemaak het, vir ewig aanbid. "Toe het ek ŉ nuwe hemel en ŉ nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos ŉ bruid wat vir haar man versier is". Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan. Die Gees en die bruid sê: “Kom!” en Hy wat dit alles getuig, sê: “Ja, Ek kom gou!”

## 10 Diakonologie

Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad en op hulle koppe was daar goue trone. Die ouderlinge kniel voor Hom wat op die troon sit, en sit hulle krone voor die troon neer en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe.

## 11 Ekklesiologie



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Lam is Iemand soos die Seun van die mens wat tussen die sewe goue lampe was, wat die sewe kerke is, en in sy regterhand het hy sewe sterre vasgehou wat die sewe engele van die sewe kerke is.

**12 Missiologie**

Die Here God wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien. Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, bevestig het; hy het getuig van alles wat hy gesien het. Op die dag van die Here is Johannes deur die Gees meegevoer en hy het ŉ stem hoor sê: “Skrywe wat jy sien in ŉ boek op en stuur dit vir die sewe kerke”. Die Lam het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God en die sewe Geeste van God is oor die hele aarde uitgestuur.

In die inleiding word gevra: Is daar sprake van Sending in Openbaring? Uit die *status questionis* blyk dit dat daar geen aanduiding van Sending in Openbaring is nie. Die laaste gedagte in die voorafgaande paragraaf bied egter 'n ander antwoord op hierdie vraag. Die antwoord wat hier aangebied word, is dat die Sending as teologiese motief in Openbaring teologies gedefinieer en gefundeer kan word, en in berekening gebring moet word in die teologie van Openbaring. Dit vul die leemte aan wat by Bauckham en Schnelle[1260] voorkom, by wie die Missiologie in hul teologiese refleksie oor Openbaring geheel ontbreek. Dit vul eweneens die leemte by Bosch[1261] aan, by wie die Johannese literatuur en teologie in sy Sendingteologie en sendingparadigma ook geheel en al ontbreek. Die navorsingsgaping tussen die Nuwe-Testamentiese Teologie en die Missiologie word ook in hierdie studie oorbrug.

---

[1260] Bauckham (1993) en Schnelle (2009)
[1261] Bosch (1993)



© University of Pretoria

# EKSKURSIES

## EKSKURSIE 1: DIE BYBEL AS OPENBARINGSBRON

In Openbaring 1:19 sê God wat opgeskryf moet word, naamlik "dit wat jy gesien het,[1262] wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur". Die optrede van God in hierdie verband word gelees in Openbaring 1:11 waar God volgens die skrywer self aan die woord kom deur te sê: "Skryf wat jy sien in 'n boek op en stuur dit …" Op hierdie stadium kom hierdie opdrag van God wat Hom in 1:8 geopenbaar het as "Hy wat is en wat was en wat kom". Daarmee saam kom die direkte opdrag oor wat gedoen moet word met dit wat geopenbaar en opgeskrywe gaan word, naamlik: "stuur dit vir die sewe kerke" (1:11). Hieruit is dit dan duidelik af te lei en is dit ook 'n aanduiding dat daar 'n kommunikatiewe-verhouding bestaan tussen God en die mense van die kerke. Dit beteken dat die universele kerk met elke lid 'n integrale deel is van die skepping en ook 'n bepaalde funksie vertolk in die skepping en in die Openbaring verhaal.

Die woorde van hierdie openbaring is volgens Openbaring 22:6 betroubaar en waar.[1263] Heyns[1264] beweer ons sou – vanweë die bekende etimologiese verwantskap tussen die twee woorde – met reg kon sê dat die vraagstuk van die betroubaarheid van die Bybel die vraagstuk is van die waarheid van die Bybel. Hier in Openbaring 22:6 word die twee woorde juis saam gebruik en dus vind die betroubaarheid sowel as die waarheid van die Bybel sy grond in die subjek daarvan, naamlik in God self. God self is betroubaar en waar, en daarom die openbaring aangaande God en ook die bron van sy openbaring, die Bybel. Die betroubaarheid en die waarheid van die Bybel is nie los te maak van sy pneumatologiese

[1262] Met ander woorde "dit wat was"
[1263] Sien ook in hierdie verband Openbaring 19:11 en 13
[1264] Heyns (1978:30) *Dogmatiek*



© University of Pretoria

oorsprong en bedoeling nie. So gesien, het die Bybel ‘n transendente of geestelike oorsprong en bedoeling.

Die volgende vraag in verband met die Bybel sal wees of die Bybel – soos dit vandag daar uitsien – as genoegsaam geag kan word. Hierop antwoord die Bybel self in Openbaring 22:18 dat dit genoegsaam is en, meer nog, dat daar nie daarvan afgewyk kan word nie. Dit beteken dat daar geen objektiewe of selfs subjektiewe aanvulling kan en mag plaasvind nie volgens Openbaring 22:18 en 19. Wat geopenbaar is, is geopenbaar en wat gespreek is, is gespreek. Wat nou oorbly, is om dit wat die Bybel spreek immanente gestalte te gee in die totale bestaanswyse van die mense sowel as die lewensverbande, naamlik op elke gebied van die Skepping soos God dit geskep het en dit bedoel het om te wees.

Vanaf die eerste bladsy van die Bybel, Genesis 1:3, tot op die laaste bladsy van die Bybel in Openbaring 22:17 en 20 is God regdeur en deurlopend in die eerste persoon in gesprek met die mens. Inderdaad skep God deur die spreke van sy woord, soos ons in Genesis 1:3 lees, wanneer God skep. Daarna tree God deurlopend met die eerste mense in gesprek en volg die persoonlike opdragte aan Noag en Abraham. Vervolgens het die woord van die Here in ‘n gesig tot Abraham gekom en ook weer direk wanneer God met Abraham ‘n verbond[1265] sluit en ook ‘n teken gee, soos aan Noag, en ook wanneer die Here aan Abraham die opdrag gee om Isak te offer. Later verskyn die Here ook aan Jakob en sy seun Josef hoofsaaklik deur drome.

Die verskyning van God aan Moses volgens Exodus 3 en die openbaarmaking van sy naam en die opdrag om die volk te bevry uit Egipte en by die berg van verskyning te aanbid, is ‘n uitstaande gebeurlikheid. Net so God se kragtige ingrype deur die plae en die gee van die wet sowel as die instelling van die paasfees soos verhaal word in Exodus 12. Die motief van die

[1265] Sien Ekskursie : Die Verbond



© University of Pretoria

paaslam spesifiek is n belangrike Ou-Testamentiese toespeling in Openbaring. Daarna volg God se verskynings aan Josua en die Rigters en hul roeping en opdragte. Dan tree die koningstydperk in werking en begin God praat deur profete. Die eerstes was Samuel, Natan, en Gad (1 Kron 29:29). Daarna volg die twee bekende profete, Elia en Elisa, en vele daarna, onder andere ook die bekende verhaal van Miga en koning Agab.

Daarna begin die profetetradisie, waar God veral spreek deur sy persoonlik geroepte en aangestelde profete. Die boodskap van die profete behels ‘n heils en onheilsaankondiging waardeur die volk van God opgeroep word tot bekering en ‘n nuwe toewyding, en die ongehoorsames en die vyande van God en sy volk gewaarsku word teen die oordele van God. God se oordele word gereserveer vir die dag van die Here, maar hierdie boodskappe kom tot ‘n einde en gaan oor in ‘n apokalipties-profetiese boodskap wat behels dat God nie in die geskiedenis van die mensdom gaan ingryp nie, maar in die kosmos, deur ‘n einde te maak aan die huidige immanente bestaansvorm en ‘n nuwe transendente skepping, ‘n *simboliese universum,* daar gaan stel. God gryp egter wel in die geskiedenis in en kondig dan ‘n nuwe skepping aan deur sy agent, die Seun van die mens, wat geopenbaar word as sy eie Seun, met ander woorde die Seun van God is. Hierdie ingrype van God word in ‘n Boek opgeteken wat vandag bekend staan as die Nuwe- Testament van die Bybel. Hierdie boek sluit af met die Openbaringgeskrif, ook bekend as die Apokalips, wat alles vertel wat binnekort moet gebeur.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat God direk in gesprek tree met mense. Die verhouding tussen God en die mens is dan dialogies van aard waar God aan die woord kom deur sy Woord, τὸν λόγον τοῦ Θεοῦ. Hierdie uitdrukking kom sewe keer voor in Openbaring[1266] en deur die Bybel tree God dan vanuit sy transendente bestaan in gesprek met die mens en dan wel binne die immanente tyd-ruimtelike bestaanswyse van die mens. Hierdie dialoog kom in ‘n bepaalde vorm, naamlik taalkundig literêr wat histories neerslag gevind het en in die Bybel

[1266] Sien Du Rand (2007:122) en Openbaring 1:2, 9; 6:9; 17:17; 19:9,13; 20:4



© University of Pretoria

opgeteken is, en heilshistories verstaan en geïnterpreteer word deur die kerk van God as agent. Die navorsing, uitleg en toepassing van hierdie literêre vorm van God se spreke behoort literêr wetenskaplik en sosiohistories-krities hanteer te word, en so word die nodige objektiewe afstand bereik tussen die historiese teks en die konteks van die leser, waarna 'n interpretasie en toepassing gemaak kan word deur die eksegeet vir die leser van vandag.[1267] Dit behoort eweneens gedoen te word deur die wetenskaplike proses van die hermeneutiek. God kom dus as subjek eerstens aan die woord, en daarom is die naam van God as aanduiding van God se identiteit die sentralepunt en vertrekpunt as openbaring van wie die "Misterium Tremendum" regtig is en as openbaring in die Openbaring geskrif.

## EKSKURSIE 2: KANONGESKIEDENIS VAN OPENBARING

Die kanon van die Nuwe Testament[1268] was die resultaat van 'n lang en ingrypende proses waaarin die sewe en twintig christelike geskrifte waarom dit gaan, verenig is tot 'n normatiewe, noukeurig afgebakende boek, bekend as die Nuwe Testament. Hierdie proses het uit vier stadia bestaan naamlik erkenning, versameling, totstandkoming en afsluiting. Die eerste twee fases het geduur vanaf Klemens Romanus tot Justinus die Martelaar ongeveer 95 tot 165 n.C. Vanaf Marsion tot Ireneus, 150 tot 190 n.C het die fase van totstandkoming plaasgevind. Die afsluitingsfase het geduur van 190 n.C tot bykans die vyfde eeu.

In hierdie proses is Openbaring by tye aanvaar as deel van die kanon en dan weer verwerp. Die vroegste direkte vermelding van die boek kom voor by Justinus die Martelaar (165 n.C) wat lank in Efese gewoon het, die boek geken het en aan die apostel Johannes toegeskryf het. In die Siriese kerk is dit ook bekend en word dit deur Teofilus van Antiogië (170 n.C)

[1267] Sien Collins, A.Y. (2015) *The Use of Scripture in Revelation,* CBL 2015, "In this lecture I will review and assess scholarship on the use of Scripture in the Book of Revelation"

[1268] Sien Roberts J.H. en Du Toit A.B. (1977:209)



© University of Pretoria

aangehaal as gesaghebbende boek. Ireneus van Lyon (170 n.C) in Gallië haal Openbaring ook aan en as geskryf deur Johannes die apostel.

Die primêre bewysstuk vir die algemene kerklike erkenning van Openbaring is die Kanon van Muratori (170 n.C) wat in Rome ontstaan het en waarin die Openbaring opgeneem is in die lys van Kanonieke boeke.[1269] Teen die jaar 200 n.C was Openbaring algemeen aanvaar as deel van die Kanon. In sy bekende Paasbrief uit die jaar 367 n.C noem biskop Athanasius van Alexandrië die kanonieke boeke van die Nuwe Testament op en sluit Openbaring in aan die einde van die lys. Hierdie aanvaarding was veral in die westelike deel van die kerk en is op grond daarvan teen die einde van die vierde eeu finaal in die Kanon opgeneem. In die oostelike deel van die kerk het die bedenkinge daarteen bly voortleef met die gevolg dat Openbaring weggelaat is uit die Siriese Bybel, die Peshitta.

**EKSKURSIE 3: DIE VERBOND**

In die eskatologiese identiteit van die verkondiging van die kerk soos met Openbaring as eskatologiese geskrif[1270] gaan dit oor die Koningskap van God en ook oor die Koninkryk van God. Die volledige troonvisioen beeld dit simbolies uit, en 5:10 stel dit duidelik: "Die Lam wat geslag was het mense met sy bloed losgekoop uit elke stam en taal en volk en nasie en hulle 'n koninkryk en priesters vir God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer". Dit is hierdie saak wat Du Preez[1271] in sy proefskrif diepgrondig hanteer in sy hoofstuk 2 met opskrif "Die koninkryk langs die weg van die verbond". Om die inhoud van hierdie saak te begryp, behoort dit nagegaan te word in die Ou-Testament, die Joodse apokaliptiese literatuur, die rabbynse literatuur en die Nuwe-Testamentiese inhoudelike boodskap van Jesus in die evangelies, die boodskap van die apostels en ook van Openbaring.

---

[1269] Sien Groenewald (1986:14)
[1270] Sien Du Rand (2013:56-59) *Die Einde.* Alreedse eskatologie in die skepping, sondeval en verbond met Abraham
[1271] Du Preez (1978:31–68)



© University of Pretoria

Dit is Du Preez[1272] wat die resultate van die navorsing oor verdrae in die Ou Nabye Ooste benut in Hoofstuk 2 getiteld *Die koms van die Koninkryk langs die weg van die verbond* in sy publikasie *Die koms van die Koninkryk volgens die boek Openbaring.* Du Preez wys op die belang daarvan vir die verstaan van sending in Openbaring, veral ten opsigte van die verhouding tussen God as Groot Koning en die verseëldes as God se ryk op aarde. Die bloeitydperk van die Hetiete met sterk uitbreidings na die suide, die huidige Sirië en Israel, was gedurende die bewind van Suppiluliuma I in 1380–1345 v.C. Die Groot Koning, soos daar van die regeerders van die groot ryke gepraat is, het sy seun Halpa aangewys as die koning van die land Uggarit, die huidige Sirië. Van die buitelandse deelstate is gepraat as vasalstate, en hulle het ooreenkomste aangegaan met die Groot Koning. Deeglike ondersoeke en navorsing na die vasalverdrae het begin by Korosec.[1273] Hierdie historiese navorsing en ondersoeke na die vasalverdrae en andere het aan die lig gebring hoe duidelik en sterk Koning-Koninkryk-Koningsheerskappy met mekaar verbind is. Hierdie verbintenisse het duidelik ook 'n prominente rol vertolk in die verhouding tussen Israel en God, en hierdie verhouding is later in die Genesisverhale beskryf as 'n verbondsverhouding.

Dit is Von Rad[1274] wat die belang van die vasalverdrae uitwys vir die verstaan van die Ou-Testamentiese verbondsgedagte wanneer hy skryf:

> Important material has recently come to light from a quarter where it had least of all been looked for. Comparison of ancient Near Eastern treaties, especially those made by the Hittites in the fourteenth centuries b.C., with passages in the Old Testament has revealed so many things in common between the two, particularly in the matter of the form, that there must be some connection between these suzerainty treaties and the

[1272] Du Preez (1978:31–73)
[1273] Korosec (1931) *Hethitische Staatsvertrage*
[1274] Von Rad (1975:132)



© University of Pretoria

exposition of the details of God's covenant with Israel given in certain passages in the Old Testament.

Von Rad[1275] verduidelik hierdie verbondsverhouding in sy teologie van die Heksateug as volg, en is so verduidelikend dat dit hier direk aangehaal kan word:

> Israel preserved the memory that God had granted her a covenant relationship (Although the word "covenant" itself does not occur). Such a relationship, established only in virtue of a privilege offered by God, completely rules out from the very start, of course, any idea of a natural relationship with the deity of the kind expressed in myths. This memory resides in two complexes of tradition, namely those of the covenant with the patriarchs and the Sinai tradition. What is in question here is manifestly an ancient conception of the covenant: the active part is God's alone, the earthly partner, as recipient, is passive. The text clearly understands the covenant as a unilateral protective relationship.
>
> But throughout the whole of the Old Testament the divine covenant on the one hand and the revelation of a will for law on the other hand are most closely co-ordinated. In the Deuteronomic theology this connextion is so close that the word "covenant" has practically become a synonym for commandments. The "tables of the covenant" are the tables on which the Ten Commandments stand written and the "Ark of the Covenant" gets its name from the tables of the commandments which were deposited in it. This fairly considerable literary evidence for a covenant made between God and Israel leads outomatically to the question of the covenant's place and significance in Israel's sacral life. This does mean that the personal decision of the recipient also was now considered indispensable and therefor the question of his standing up to the rest

[1275] Von Rad (1975:132)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

also necessarily came into the picture. Now the human partner is vigorously reminded of his duty and called on to make a decision, and only as he declares himself ready to play his part is the covenant made, on the basis of a written charter.

Vanuit hierdie navorsing is dit duidelik hoedat God vanuit die *Umwelt* van Israel gebruik gemaak het om sy unieke selfbepaalde verhouding aan sy volk bekend te maak. Die unieke verbondsverhouding toon 'n duidelike struktuur wat spesifieke elemente bevat, wat deur Du Preez[1276] aangetoon word. Ter wille van volledigheid haal ek dit hier aan.

1 Inleidende bekendstelling en historiese inleiding deur die grootkoning.

2 Verdragsbepalinge.

3 Getuies en borge.

4 Seëninge en vervloekinge.

5 Die eed en religieuse seremonie daaraan verbonde.

6 Regsgedinge tussen grootkoning en vassal.

7 Vasal se reg van beroep op grootkoning.

8 Die belofte van 'n land.

9 Periodieke openbare voorlesing van verdragsdokument.

Du Preez[1277] wys eerstens daarop dat die vasalverdrae van die Hettietiese konings van die Ou Nabye Ooste lig werp op die verstaan van koningskap en koninkryk in die Ou Testament en ook die begrip "verbondsheerskappy". Vervolgens wys Du Preez op die elemente soos dit voorgekom het in die vasalverdrae en nou voorkom in die Ou Testament as verbondstruktuur.

[1276] Du Preez (1978:31-68)
[1277] Du Preez (1978:32)



© University of Pretoria

König[1278] wys ook daarop dat die Koningskap van God etlike kere in die Ou Testament voorkom. Eerstens dat God Koning is oor Israel, maar ook koning is oor die ander volke. Hy verwys na Psalm 145 wat 'n besondere plek inneem in hierdie verband. Tweedens ontwikkel 'n gedagtegang dat God ook Koning is oor die skepping, en hy verwys na Psalm 29:10 in hierdie verband. Derdens beleef Israel rampe en katastrofes in sy latere geskiedenis vanweë die onderwerping aan ander konings, en hieruit ontwikkel 'n sterk toekomsverwagting dat die Here self as koning sal verskyn en Israel van sy vyande sal bevry en in heerlikheid oor hulle sal regeer op Sion in Jerusalem. Hierdie verwagting word sterk nasionaal op die volk Israel en sy toekoms gerig, en hoofsaaklik langs die gewone historiese gang van sake verwag.

Hierdie toekomsverwagting van die heerskappy van God ondergaan verdere ontwikkeling en neem later 'n bo-historiese, bonatuurlike, universele denkraamwerk aan wat met sterk simboliek beskryf word in terme van 'n simboliese universum. Die geestewêreld met 'n stryd tussen die engele en die bose engele, speel 'n besondere rol hierin en word ook sterk simbolies beskryf. Onteenseglik word die bose magte oorwin en geoordeel en vestig die Here daardeur sy ewige heerskappy. Die rabbynse literatuur het saam met die hellenistiese Jodedom gehou by die werkwoordelike vorm "Die Here is Koning" en die abstrakte uitdrukking "Die Koninkryk van die hemele". Die gedagte dra egter 'n eensydige nasionale verwagting oor, naamlik dat God die volk Israel sal bevry deur 'n gesalfde menslike heerser. Daarteenoor staan die apokaliptiese verwagting van 'n bonatuurlike ingryping van God waardeur sy Gesalfde die vyand sal oorwin en oordeel, en sy volgelinge na 'n nuwe hemelse werklikheid sal opneem. Die inhoud van hierdie boodskap is en bly egter die koms van God se koninkryk.

Dit is hierdie boodskap waarmee Johannes die Doper en Jesus hul prediking begin in die Nuwe-Testamentiese tydvak, en duidelik bepaal word deur die motiewe van die Ou-

[1278] König (1980:142) *Jesus die Laaste*



© University of Pretoria

Testamentiese verbondsheerskappy en apokaliptiese literatuur. Die verwagting was dat die komende koninkryk van God besonder wyd en allesinsluitend sou wees. God is immers die skepper van hemel en aarde en God se verhouding met sy ganse skepping word in terme van die verbond uitgedruk. Die Ou-Testamentiese verwagting van die openbaring van die Here as Koning oor die hele aarde en dat die aarde die Here sal loof, sluit dus heel spesifiek die aarde en die aardse in. Uit Jesus se optrede kom hierdie aspek ook sterk na vore. Jesus het natuurlik gekom om mense wat verlore is, te soek en te red, maar hy het ook gekom om die aarde heel en nuut te maak.[1279] Hierdie gedagte sluit ook Jesus se heerskappy in oor die groot Draak, die slang van ouds wat die duiwel en die satan genoem word, en wat die hele wêreld verlei, en wat saam met sy engele uit die hemel op die aarde gegooi is (12:9). In die Openbaring teks kom dit duidelik na vore hoe omvattend Jesus se koningheerskappy oor die Satan is.

König[1280] dui 'n aantal optredes van Jesus aan, naamlik die genesingswonders, die stilmaak van die storm en die vermeerdering van die brode wat Jesus se heerskappy oor die natuur illustreer, en 'n aantal verhale van duiweluitdrywing om Jesus se koningsheerskappy oor die Satan te illustreer. Deur hierdie illustrasies is dit duidelik dat God se koningsheerskappy oor die mens en die natuur veral bereik word deur die mens en die natuur te herstel na God se skeppingsdoel deur die Satan te oorwin deur onderwerping en uitdrywing, en die natuurlike skeppingsorde te herstel en te vestig. Die koninkryk van God wat Jesus deur sy aardse optrede in ons bereik, is dus kosmies van karakter wat die hele mens en die hele natuur omvat. Jesus se werke lei uiteindelik tot die opstanding van 'n nuwe liggaam vir die mens en die koms van 'n nuwe aarde. Dit is inderdaad ook die boodskap in Openbaring 21 wat begin met die woorde "… 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde … en die woonplek van God is nou by die mense en hulle sal sy volke wees", en daarom is die hemel en die aarde en Jesus se aardse optrede ingesluit by die eskatologie.

---

1279 Sien König (1980:150)
1280 Sien König (1980:151-181)



© University of Pretoria

Jesus se oorwinning oor die Satansmagte speel dus 'n belangrike rol in die koms van die koningkryk van God. Jesus het deur sy duiweluitdrywing aangesluit by die apokaliptiese beskrywings dat die Satansmagte antiteties die aarde probeer regeer en in wanorde probeer dompel. God se Koninkryk kan dus nie langs 'n ander weg kom as om spesifiek die Satansmagte te oorwin nie. Dit is 'n boodskap wat duidelik oorkom in die evangelieverhale wat soveel aandag aan die stryd met en die oorwinning oor die Satansmagte gee en vanuit 'n versoeningsperspektief dit kan stel dat die Satansmagte onderwerp word aan God, en God se koningsheerskappy aanvaar enkel en alleen op grond van die magtige werke van Jesus in en deur die mens sowel as in en deur die natuur.

Dit is hierdie werkinge van Jesus wat die apostels en die kerk as sendingopdrag gekry het, om dit verder te doen en te verkondig. Hierdie sendingopdrag van Jesus aan sy dissipels vind ons in Matteus 10:1–15, Matteus 28:18–20, Markus 16:15–20, Lukas 10:1–20, Lukas 24:45, Johannes 4:34–38, Johannes 17, Johannes 20:21–23. Die stelling in Handeling 1:8 vat dit alles kort en kragtig saam. Die werking van die apostels word volledig beskryf in Handelinge en daarna in die Nuwe-Testamentiese briewe wat geskryf is deur die apostels en/of hul direkte opvolgers. Die vrug van hul werk en verkondiging is die planting, vestiging en uitbreiding van die kerk in terme van die verbondsvolk van God.

## EKSKURSIE 4: DIE VIER GROOT RYKE VAN DIE OU NABYE OOSTE VOOR DIE OU-TESTAMENTIESE TYDVAK EN AAN DIE EINDE DAARVAN

Historiese navorsing en veral argeologiese opgrawings bevestig in redelike mate dat daar vier groot ryke[1281] in die Ou Nabye Midde-Ooste bestaan het voor die optekening van die eerste Bybelverhale oor die uitverkore volk van God met Palestina as middelpunt. Hulle is die Hetiete in Anatolië in die huidige Turkye in die **noorde**; die Summeriese / Akkadiese /

[1281] Nurhayat Yazici (2011) *Anatolia: On the trial of the Hittite civilization*



© University of Pretoria

Assiriese ryk in Babilon in Mesopotamië in die huidige Irak en Iran in die **ooste**; in Kanaän en in Sirië die seevolke afkomstig vanuit die huidige Suidelike Europa in die **weste**, later was hierdie mense in die Bybel bekend as die Filistyne, en Egipte in die huidige Noord-Afrika in die **suide**. Deist[1282] praat van die **noordelike** Hetiete as nie-Semities, van die **oostelike** Babiloniërs as oos-Semities, van Kanaän (Palestina) en Sirië in die **weste** as wes-Semities en Egipte / Ethiopië / Arabië hoofsaaklik in die huidige Noord-Afrika in die **suide** as suid-Semities. Van Zyl[1283] praat van Klein-Asië in die Noorde, van Mesopotamië in die **ooste**, Siro-Palestina in die **weste** en Egipte in die **suide**. Die Ou-Testamentiese boek Daniel[1284] praat aan die einde van die Ou-Testamentiese tydvak ook van vier ryke in Daniel 2 histories-simbolies van die Babiloniese, Persiese, Griekse, Hellenistiese, die verdeelde Hellenistiese en opkomende Romeinse Ryk. In Daniel 10-12 word ook gepraat van die Persiese en Griekse ryk en die koninkryke volgens die vier windstreke. Die koninkryk wat aan die einde van die Ou-Testamentiese tydperk gevestig was en die Nuwe-Testamentiese tydvak ingelui het was die Romeinse Ryk.

## EKSKURSIE 5: DIE SEWE TYDPERKE VAN DIE OU-TESTAMENTIESE TYD

Sewe tydperke[1285] van die Ou-Testamentiese tyd kan met redelike duidelikheid onderskei word, en elke profeet se boodskap moet binne sy tyd, of anders gestel sosio-historiese konteks, verstaan en geïnterpreteer word.

**1**

Die eerste tydperk was die **Vroeë Tydperk**, wat gestrek het vanaf die skepping, die landsinnametradisie in 1200 v.C. en die Rigtertydperk daarna tot ongeveer 1000 v.C. Profete

[1282] Deist (red) (1982:3-6) *Die Bybel Leef*
[1283] Van Zyl (1977:48-56) *Israel en sy Bure*
[1284] Sien Daniel 2 en 10-12
[1285] Sien Bright (1976), Van Zyl (1977), Von Rad (1968 en 1975) 2 volumes, West (1981) vir 'n onderskeiding van die sewe tydperke wat hoofsaaklik ontleen word aan hierdie Ou-Testamentiese teoloë en historici soos dit duidelik te vinde is in die inhoudsopgawes van hulle publikasies



© University of Pretoria

het nog nie voorgekom nie, en die leiers van die volk het as "profete" opgetree. Die leef- en bestaanswyse was nomadies.

2

Die tweede tydperk strek vanaf ongeveer 1000 tot 922 v.C. en staan bekend as die **Koningstydperk** met Saul, Dawid en Salomo as konings. Dit het geduur tot en met die dood van Salomo in 922 v.C. en was bekend as die tyd van die ekstatiese profete en sieners, onder wie Samuel, Natan en Gad die bekendstes is.

3

Die derde tydperk strek vanaf 922 tot 722 v.C met die skeuring van die Ryk en val saam met die opkoms van die Assiriese Ryk in die noorde en Egipte as gerekende mag in die suide, en die gepaardgaande bedreiging vir die twee ryke van Israel en Juda. Gedurende hierdie tyd het (1) Amos (750) en (2) Hosea (750 tot 725) in die Noordryk en (3) Jesaja hoofstuk 1–39 (740 tot 701) en (4) Miga (722 tot 701) in die Suidryk as eerste skrifprofete opgetree.

4

Die vierde tydperk strek vanaf 722 v.C. met die val van Samaria (Noordryk) tot 586 v.C. met die val van die Assiriese ryk en die opkoms van die Babiloniese Ryk. Nineve, die hoofstad van Assirië, val in 612 v.C. Die profete (5) Jeremia, (6) Nahum, (7) Habukuk en (8) Sefanja tree in hierdie tyd op. Die verhaal van (9) Jona word ook ontleen aan hierdie tyd, maar het hoogswaarskynlik as boek 'n later datering en ander genres benewens profesie, naamlik digkuns en wysheid.

5



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vyfde tydperk strek vanaf 586 v.C. met die Babiloniese Ryk as heersende mag tot met die val van Babilon in 538 v.C. Die profete (10) Esegiel, Deutero- en Trito-Jesaja tree in hierdie tyd op. Twee nuwe dimensies kom hier na vore, naamlik die visioene van Esegiël en die knegliedere van Jesaja.

6

Die sesde tydperk strek vanaf 538 tot 336 v.C. Die Persiese Ryk floreer en hierdie tydperk word beskou as die tydperk ná die ballingskap en as die tydperk van restorasie. Die profete (11) Haggai, (12) Sagaria en (13) Maleagi tree in hierdie tyd op. Hierdie na-eksiliese profete het nou aangesluit by hul voorgangers, maar hulle profesieë was dikwels ‘n herinterpretasie en toepassing van die boodskappe van hul voorgangers. Dit was dus ‘n nuwe toepassing van ou profesieë in die veranderende wêreld. Maleagi word geag die laaste skrifprofeet te wees, en sy plasing as laaste profeet staaf dit. Maleagi is volgens die slot van die finale redaktor nie die laaste profeet en laaste tydperk van profetiese optrede nie, maar die verwagting word geskep dat Elia weer sal kom, en dat daar intussen nog ander profete kan kom, waarvan die belangrikste gebeurtenis sekerlik die “Dag van die Here” sal wees wanneer God self sal verskyn in terme van die Messias. Die feit van die saak is dat die profete van die laat na-eksiliese tydperk merkbaar van hul voorgangers verskil het.

7

Die sewende en laaste tydperk duur van 336 v.C. tot so laat as 163 v.C. Die laaste profete wat in hierdie tyd vermoedelik optree is Trito-Jesaja, (14) Obadja, (15) Joël, en Daniël, maar in die Hebreeus word Daniël gereken as geskrif, en nie as profeet nie.

Dit is baie duidelik dat Daniël later gedateer moet word as die skrifprofete, en dalk swaarder weeg as ‘n tipe wysheidsprofesie en ook selfs as wysheidsgeskrif. Daniël kan wel anders



© University of Pretoria

gesien word, en wel as deel van die Wysheidsgeskrifte (Ketubim) volgens die Hebreeuse Bybel, eerder as deel van die profetiese geskrifte (Nebi'im) soos geplaas in die Protestantse Bybel. Ondersoekers soos von Rad en Bentzen meen dat die boek Daniël een van die latere ontwikkelings van die wysheid was. Dit is gedurende hierdie tydperk wat die Joodse Apokaliptiek en die eskatologie al meer vorm begin aanneem en die Romeinse ryk na vore begin kom.

**EKSKURSIE 6: DIE WYSHEID**

Dit is vir verdere verstaan van veral die laat ná-eksiliese profete se boodskap van belang om kennis te neem van die wysheidsmateriaal in die OT en die plek daarvan in die Bybel. Met die term "wysheid" (*chokma*) word in die meeste gevalle 'n versigtige, weldeurdagte en gepaste optrede aangedui wat die mens in staat stel om voorspoedig en suksesvol te wees. Dit is ook op die praktiese lewe gerig, en sluit vakmanskap en die insig van gesonde verstand sowel as deugsaamheid in.

Naas die priesters en profete was daar ook wyses in Israel wat as godsdienstige leiers opgetree het. Hulle was gewoonlik ampsdraers van die staat wat kennis gedra het van die skryfkuns en wette. In Egipte en Mesopotamië het die staat 'n groot aantal wyses in diens gehad wat as towenaars, droomuitleggers en burgerlike sowel as militêre ampsdraers opgetree het. Hulle het onderrig ontvang in verskillende lewensterreine, en hul kennis is aangevul met dié van wyses uit ander lande. Die onderrig in die wysheidskole was in die eerste plek mondeling, soos blyk uit die oproep om te luister, wat telkens in die wysheidsboeke voorkom. In hierdie mondelinge onderrig het die aanleer van spreuke ongetwyfeld 'n belangrike plek ingeneem, maar die skryfkuns is ook altyd aangeleer.

Die wyses het hulle veral besig gehou met vrae oor die regte gedrag, maar het daaraan 'n belangstelling in die skepping en die natuur gekoppel. Al is baie van die insigte deur onderrig



© University of Pretoria

aan hulle oorgedra, het die wyses van Israel deurentyd daarop aanspraak gemaak dat die wysheid in die eerste en laaste instansie van Yahweh af kom. Volgens Daniël 1:17 en 20 het Daniël – wat bo sy tydgenote en al die wyse mense van Babilonië uitgemunt het – sy verstand, kennis en wysheid van God gekry.

**EKSKURSIE 7: DIE DAG VAN DIE HERE**

Volgens Von Rad[1286] is daar sestien perikope wat verwys na die dag van die Here, maar nooit word dit volledig in die Ou Testament self verduidelik nie. Von Rad[1287] stel wel die saak van die "Dag van die Here"deeglik aan die orde en skryf:

> Special consideration needs still to be given to the expectation of the Day of Yahweh, which has often been regarded as the very heart of the prophetic eschatology. In the writings of the prophets in the OT there are 16 passages which refer to the day of Yahweh. There is in fact something peculiar about the expectation of the Day of Yahweh, for wherever it occurs in prophecy, the statements culminate in an illusion to Yahweh's coming in person. The widespread employment of this concept in the prophets suggests that we are dealing with a well-established component part of eschatological tradition.
>
> But this view do not rule out the fact that the expression the day of Yahweh could occasionally be used in connection with past events. The prophets believed that Yahweh's uprising against his foes would take some form as it had done in the days of the old. The concept does mean then that the prophets expect the day of Yaweh to bring war during his apokalips. People recounted all manner of miracles which accompanied these wars once waged by Yahweh. A particular important part is

[1286] Sien Von Rad (1968: 95-99) *Message of the Prophets* en (1960:99-125) *Old Testament Theology Volume 2*
[1287] Von Rad (1968: 95) *Message of the Prophets*



© University of Pretoria

played by the terror caused by God himself, a panic confusion and demoralization of the enemy, whose effect was to paralyse their confidence in their fighting powers and so lead them to compass their own destruction. It is thus beyond question that the prophetic vision of the concept of Yahweh's intervention in war became greatly intensified. For the war was now to affect all nations, even the fixed orders of creation and even Israel itself. The event has been expanded into a phenomenon of cosmic significance.

Hiervolgens kan ons konkludeer dat Israel met brandende verwagting uitgesien het na die "Dag van die Here", want dan sou Hy in heerlikheid verskyn en heil aan sy volk skenk. Die profete het hierdie dag verder ingekleur en radikaal verander. Op hierdie dag sou God die handelende persoon wees en Hy kom om te beloon en te straf en ook op hierdie dag sal God Israel se handelinge noukeurig ondersoek en op ongeregtighede reageer. Hierdie dag sou 'n beslissende keerpunt in die bestaan van Israel wees. Op dié dag sal alle volke en die hele skepping geraak word, want God gryp nie noodwendig direk in nie, maar wend ook skeppingskragte aan ter bereiking van sy doel, naamlik duisternis, aardbewings, storms, die son, die maan, die sterre, weerlig, hael, verskuiwings van berge, en so meer. Dit word duidelik gestel dat die totale skepping (ganse kosmos) daarby betrek sal wees.

Die verkondiging van 'n oorblyfsel van Israel wat die oordeel van God sal oorleef, sou die kern vorm waaruit die nuwe volk van God sou ontstaan.[1288] Gedurende die ballingskap en daarna het die begrip egter betekenisveranderinge ondergaan. Dit sou nou 'n dag van heil vir Israel wees en 'n dag van onheil vir sy vyande. Deur die eeue heen het die profete aktueel gebly en is hul boodskap telkens in nuwe situasies geherinterpreteer. Elke aspek van die Dag van die Here is nie letterlik vervul nie, hoewel die essensie tog waar geword het. Die presiese inhoud van die Dag van die Here is ook nooit deur die profete uitgewerk nie, iets daarvan sou

[1288] Le Roux (1986:155)



© University of Pretoria

eers later voorkom by die profete van die na-eksiliese en laat na-eksiliese tydperk. Ook was die profete se optrede nou gekoppel aan die destydse wêreldgebeure. Agter die drama wat hom in Palestina afspeel tussen God en sy volk, verskaf hierdie gebeure die breër konteks of dekor daarvan.

## EKSKURSIE 8: STAATKUNDIGE AGTERGROND VAN DIE NUWE TESTAMENT

Romeinse heersers,[1289] instellings en aanstellings omsoom die hele laaste eeu voor Christus sowel as die eerste drie eeue na Christus.[1290] Wanneer die Romeine[1291] gebiede verower het, het hulle gewoonlik die kulture en godsdienste van die verowerde volke geabsorbeer. Dit sou die Romeinse Ryk self en al die betrokke mense nie onaangeraak laat nie, ook nie die opkomende kerk van Jesus Christus nie. In navolging van die Egiptenaars wat die farao's vereer het omdat hulle geglo het die farao's kom van die songod as hoofgod af, en van Aleksander die Grote wat in Aleksandrië vereer is, het dit 'n voorbeeld vir die latere Romeinse heersers gestel van vergoddeliking. Dit was logies dat van die Romeinse heersers vereer sou word, en selfs goddelike status sou ontvang, of dat hulle dít op die mees arrogante wyse sou toe-eien en op hul onderdane sou afdwing deur selfs vervolging, marteling en die dood as afdreiging.

Judea,[1292] toe nog onder Siriese heerskappy, was al in 190 v.C. in die visier van Rome toe die Siriese Antiogus III ná die slag van Magnesia skatpligtig gemaak is. 'n Rapsie meer as twintig jaar later maak Daniel[1293] 'n apokaliptiese toespeling op die vernedering wat Antiogus III se opvolger, Antiogus IV Epifanus, uit sy konfrontasie met generaal Popilius Laenus van

[1289] Sien Nigel Rodgers (2008) *The Rise and fall of Ancient Rome* en Matthew Dennison (2012) *The Twelve Caesars*
[1290] Sien Deist (1982:231-248) *Die Bybel leef*
[1291] Sien as agtergrond Lohse, Du Plessis, Duvenhage en Wilson
[1292] Sien Deist (1982:232) "Makkabese regering word Romeinse bestuur"
[1293] Daniel 11:29-30



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Rome in Egipte moes verduur. Danksy die indirekte en volgehoue steun van Rome kon die Makkabieërs kort daarop in 164 v.C. die Siriese juk afgooi. Toe Pompejus bykans 'n 100 jaar later Sirië in geheel kom annekseer het die Makkabieërs van Judea ook as't ware kom soek vir anneksasie. Drie Joodse afvaardigings het onverwags by Pompejus in Sirië opgedaag vir "hulp". In die woordeskat van die grootmoondhede van die tyd beteken "hulp" altyd anneksasie. Hierdie anneksasie met die omskakeling na direkte Romeinse beheer was nie altyd so gewild en sonder geweld nie. Dit is binne hierdie konteks wat die apokaliptiek en die apokaliptiese geskrifte tot groot inspirasie en bemoediging was vir sommige van die Joods-godsdienstige groeperinge.

Toe keiser Augustus [27 v.C.–14 n.C.] aan bewind kom, is in Klein-Asië vir hom tempels opgerig en offerandes gebring soos aan 'n god. Hoewel hy nie daarop aangedring het nie, het hy hom dit laat welgeval. Hierdie gebruik is deur sommige provinsiale of volksleiers sterker afgedwing en toegepas as andere. So lees ons in Matteus 2 dat koning Herodus, die koning van die Jode, die reg in eie hande geneem het en kinders gedood het omdat die boodskap van die geboorte van Jesus Christus, as die koning van die Jode, hom bedreig laat voel het. In hierdie tyd het keiserverering na verskeie provinsies uitgebrei, en het ten doel gehad om die eenheid en samehorigheid in die Romeinse Ryk te handhaaf en te bou. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Romeinse Ryk as die godin Roma vereer is. Hierdie verering het selfs vorme van godeaanbidding aangeneem. Die Romeine het die Grieke se veelgodendom oorgeneem en aan die Griekse gode Romeinse name gegee. Die bekendste is naas die hoofgod, Zeus of Jupiter  sekerlik die Griekse vrugbaarheidsgodin Artemis of Diana.

Keiser Kaligula, of Gaius Caesar Germanicus [37–41 n.C.], het homself tot god verklaar en twee tempels laat oprig wat aan hom gewy was. Hy het blykbaar aangetrek soos die hoofgod Zeus/Jupiter, en deur 'n beeld van Jupiter in die tempel in Jerusalem te laat oprig, gode- en keiserverering probeer afdwing. Dit was keiser Nero [54–68 n.C.] wat die Christene blameer



© University of Pretoria

het vir ‘n brand in Rome, en hul erg vervolg het, en daardeur die bykans goddelike mag van die keiser probeer afdwing.

Keiser Domitianus [81–96 n.C.] het homself “here en god” genoem en goddelike verering van sy onderdane vereis. In Efese, die grootste stad in die provinsie Asië, is ‘n nuwe, groot tempel gebou en ‘n massiewe standbeeld ter ere van hom opgerig. Die kop is later opgegrawe en dit alleen is so lank soos ‘n gewone mens. Hierdie kop en een arm van hierdie massiewe beeld is vandag in die Efesemuseum te sien. Hierdie provinsie was duidelik onder die invloed van keiserverering en die aanbidding van Diana oftewel Artemis. Dit is hoe ons vandag die openbare sosio-historiese konteks van die sewe stede in die Romeinse provinsie Asië ken, en ook van die sewe kerke aan wie Johannes die sewe boodskappe gestuur het, verstaan.

Die opdrag aan die skrywer van Openbaring is volgens 1:11 onbetwisbaar: Skrywe dit wat jy sien in ‘n boek op, en stuur dit aan die sewe kerke, naamlik Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia, en Laodisea. Die eerste feit wat in gedagte gehou moet word, is dat hier eintlik geskryf word aan die kerke in hierdie stede. Dit was groot stede en die kerke was waarskynlik vanuit ‘n staatkundige oogpunt klein en onbeduidend, en deel van ‘n groter netwerk van godsdienstige bedrywighede. Die tweede feit is dat hierdie stede redelik naby mekaar gelê het. Daar was ander Romeinse provinsies in Klein-Asië, wat van Judea af in ‘n noordwestelike rigting geleë was, onder andere die aangrensende Sirië met die bekende stad Antiochië, daarnaas, in die huidige Turkye, Silisië, Galasië, Pamfilië, Pisidië, [Waar ook ‘n stad was met die naam Antiochië] Frigië, Bitinië en Misië [Waar Troas en Troje geleë was]

Die apokaliptiese tydperk van die Ou-Testament neem min of meer in aanvang toe Alexander die Grote in 336 v.C. die Grieks-Masedoniese periode inlei. Hy het daarin geslaag om in die bestek van 13 jaar die grootste deel van die bekende wêreld te verower. In 332 v.C. het hy Palestina verower en sy oorwinningstog voortgesit todat hy in Junie 323 v.C. op twee en



© University of Pretoria

dertig in Babel sterf, en sy ryk in sewe gebiede verdeel word. ‘n Voortslepende stryd begin daarna tussen die generaals van die sewe gebiede, en in 316 v.C. val Ptolemeus Egipte binne om sy magsgebied te konsolideer en homself te beveilig. Hierdeur word die eenheid van die Hellenistiese Ryk, as nalatenskap van Alexander die Grote, bedreig. Baie van Jerusalem se vestings is afgebreek en baie Israeliete is as krygsgevangenes na Egipte geneem. Die Israeliete is weer terug waar hulle was, maar hierdie keer is die oorheerser die van Ptolomeërs van Egipte. Tog was daar nie wrede vervolgings nie, en van die Israeliete het selfs uit vrye wil na Aleksandrië verhuis. In hierdie tyd is veral die akademie bevorder, en Joodse geskrifte is in Grieks vertaal. Die bekendste is die Septuaginta (LXX), wat tussen 275 en 250 v.C. vertaal is.

Daar was egter gedurige botsings tussen Egipte en Sirië, en Egipte was die land wat elke keer grondgebied ingeboet het. Die finale botsing kom tydens die regeringstyd van Ptolomeus IV van Egipte en Antiogus III van Sirië. Die Siriese ryk (380-280 v.C.), het begin met Seleukus I, een van Alexander se sewe generaals. Antiogië is ongeveer in 300 v.C. gebou, en groei vinnig tot die hoofstad van Sirië. Seleukus is opgevolg deur Antiochus I, II, III en IV ook bekend as Antiochus Epiphanus (175–163 v.C.). Onder Antiochus Epiphanus se bewind bereik die Seleukidiese ryk in Palestina sy hoogtepunt. Hierdie heerser was daarop uit om die Israeliete se identiteit en godsdiens totaal en al uit te roei, en vervolging en Hellenisering was aan die orde van die dag. Dat hy hom Epiphanus (die goddelike) laat noem het, getuig daarvan dat hy sy persoon met dié van die god Zeus vereenselwig het.

Die allerergste van Antiochus se optrede was die oprigting van ‘n altaar vir sy god in die tempel in Jerusalem in die jaar 168 v.C., soos genoem in Daniël 9:27. Die uitdrukking "gruwel en verwoesting" het vir Israel ‘n tegniese term geword van die Bose mag, die antigoddelike mag wat God se eer en heiligheid aantas. Hierdie toedrag van sake lei tot ‘n opstand onder die Israeliete onder leiding van die priester Mattatias van die dorp Modin. Hy



© University of Pretoria

en sy vyf seuns was uit die Hasmoniese geslag en yweraars vir die wet. Ná ‘n moord op ‘n gesant van Antiochus Epiphanus, vlug hy en sy seuns na die berge. Verskeie vroom Israeliete wat die wet in ere hou – die Hasidim – sluit by hulle aan en vorm ‘n versetbeweging. Dit lei egter tot verdeeldheid en skeuring in die land, en die situasie word ‘n teelaarde vir kleiner sektariese groepe en bewegings in Palestina. Hierdie konflik was ‘n kulturele konflik tussen die Judaïsme en die Hellenisme en het geduur tot 63 v.C. toe die Romeinse Ryk die verdeelde Hellenistiese Ryk begin oorneem het en Israel eventueel ook annekseer het. Daarna het die stryd tussen die Jode en die Romeine voortgeduur tot en met die jaar 135 n.C. toe die Joodse koninkryk finaal vernietig is.

**EKSKURSIE 9: DIE FILOSOFIE AS WETENSKAP EN AFBAKENING**

Die Filosofie het as objek enige ander Wetenskap se grondstrukture of funderingstrukture of slegs ‘n afgebakende deel daarvan as studie waarmee die ander vakwetenskap gewoonlik slegs gedeeltelik besig is. Die filosofie het dan ten doel om ‘n teoretiese basis of weergawe van die grondstrukture en fundering van die ander wetenskappe daar te stel op ‘n wetenskaplik-metodologiese wyse en daarom behoort daar by godsdienstiges nie allerhande ongegronde vrese te wees hieroor nie. Die wisselwerking tussen Teologie en Filosofie is uit die aard van die saak ‘n bona fide feit en noodsaaklikheid van ‘n wetenskaplike metodologie.

Die antieke Griekse stad Athene word beskou as die geboorte plek van die filosofie en ook die eertydse sentrum daarvan.[1294] In die meeste state van Sentraal Griekeland is die monargie in die agtste eeu v.C vervang deur ‘n aristokratiese regering van drie “archonte” of regeerders wat later uitgebrei is na ses. Die liggaam van die regeerders was die Raad wat mettertyd die Raad van die Areopagus genoem is en het omvattende administratiewe, juridiese en waarskynlik ook morele funksies en magte gehad. Hul het ook begin met die

[1294] Van Rooy (1980:199-227).



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volksvergadering of Ekklesia aan wie ook later sekere magte toegeken is. Daarna volg dramatiese staatkundige ontwikkelinge in Athene met die hervormings van Solon, die tirannie van Peisitros en sy seuns, die hervormings van Kleisthenes en die vestiging van 'n buitelandse beleid.

Die Griekse filosofie wat in drie tydvakke ingedeel kan word het gedurende hierdie tydperk pos gevat as die vroeë tyderk gedurende die 6de en 5de eeu v.C en hoofsaaklik die natuurwetenskap of kosmologie as objek gehad het. Daarna volg die klassieke tydperk sowat 450-300 v.C en daarna volg die Grieks-Hellenistiese tydvak. Gedurende die vroeë natuurwetenskaplik gerigte tydperk is nagedink oor die vraag hoe die wêreld en alle dinge ontstaan en ontwikkel het. Thales en Anaximander was van mening dat dit moontlik moet wees om 'n oerelement te vind in die lig waarvan alle bestaande dinge verklaar kan word. Die groot wiskundige denker Pythagoras en sy skool het geglo dat getalle die grondslag van die heelal is en het daarom na 'n wiskundig-harmoniese samehang in die heelal gesoek. Demokritus het toe alreeds die voorstelling gemaak dat alle materie uit atome bestaan.[1295]

Die bloeitydperk van die Griekse Filosofie het saamgeval met die goue eeu van Athene en is ingelui deur Sokrates (470-399 v.C). Anders as sy voorgangers het Sokrates nie belang gestel in die probleme in verband met die ontstaan of die samehang van die natuur nie, maar eerder in die sedelike etiese gedrag van die mens, in sosiale en staatkundige verband. Hy is deur een van sy leerlinge opgevolg, naamlik Plato (427-347 v.C), wat die denkbeeld van 'n ideale owerheid, geregeer deur filosowe, uit gewerk het. Die menslike siel is volgens hom onsterflik en moet daarna streef om hom van die boeie van die liggaam te bevry. Voorts het Plato aanwysings vir 'n deugdelike lewe gegee en is dit die idee van die goeie die hoogste en allesoorheersende. Plato is opgevolg deur sy leerling Aristoteles (384-322 v.C) wat die grondslae van die wetenskaplike logika gelê het. Sy filosofiese leer oor die werklikheid in die

[1295] KENNIS Ensiklopedie (1974:2827)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

algemeen het veral later in die middeleeue baie aanhangers gehad. Sy werke oor hoe die owerheid en die gemeenskap ingerig moet word, sy etiek wat met goed en kwaad bedoel word, sy digkuns en tragedie bevat beskouinge wat nie net histories invloedryk was nie, maar vandag nog ‘n rol speel.[1296]

Die filosofie van die Grieks-Hellenistiese tydvak het saamgeval met die agteruitgang van Athene en Alexander die Grote se ryk en die opkoms van die Romeinse ryk. Die filosofie was veral besig met staatkundige, maatskaplike en etiese onderwerpe en verskeie filosofiese strominge en skole het tot stand gekom. Die Stoïsyne (302 v.C) van Zeno van Citium in Ciprus het ‘n sisteem vir etiek uitgewerk gegrond op die gedagte dat geluk afhang van innerlike deug en nie van uiterlike omstandighede nie. Volgens die Epikureërs van Epikuros (341-270 v.C) gaan alles oor die geluk van die individu as die hoogste doel en konstrueer hy ‘n wêreld volgens wetenskaplike beginsels om daardeur die mens te bevry van die gode en die euwels van bygeloof. Die mens se siel ontbind na die dood in atome.

Die Skeptisisme wat alle sekerhede oor waarheid, kennis en algemeen aanvaarde waardes in twyfel trek is deur Pyrhon van Elis wat saam met Alexander die Grote tot in Indië was aan die orde gestel en voortgesit deur ‘n ene Timon.  Arcesilaus (264-242 v.C) sy opvolger het ‘n baie negatiewe uitwerking gehad en sy opvolger Carneades (213-129 v.C) het alles gedoen om die Stoïsynse filosofie so te beveg dat hy homself daardeur vernietig het. Dit het die deur oopgemaak vir ‘n nuwe godsdienstige filosofie wat veral terug geval het op die ou Babiloniese astrologie en Griekse veel godendom.

Tarn and Griffith[1297] beskryf dit as volg:

---

[1296] KENNIS Ensiklopedie (1974:2828).
[1297] Tarn and Griffith (1978:336-337)



© University of Pretoria

> Twilight was indeed falling onto the Hellinistic regime and inspite of external show new epiphanies, new oracles, new festivals, the attempted religious revival in Greece after 146 B C and the great temples that were build and completed were to some alien deity, like Sarapis of Alexandria, or the Fair-browed goddess of Magnesia, successor of the Dindymene mother. What was really happening can be seen in the one great temple a Greek city planned to a Greek god, Apollo's temple at Didyma, the Artemis temple in Efese and once Zeus at Dodona had himself spoken to his devotees as a god might in the wind in the oak tree many other things conspired to decide the fate of the Greek-Hellenistic regime that eventually came to an end and the matter was settled with the conquest of Asia and Egypt by the Romans, but this was a conquest by the sword alone, not the spirit.

Ter wille van volledigheid en verduidelikend haal ek Beck[1298] vervolgens opsommend aan:

> Philosophy is derived from the Greek words "philos", love, and "sophia", wisdom, meaning "the love for wisdom" and therefore the definition reflects Greek rather than other views of philosophy, even more so because the origins of philosophy is from the ancient Greek societies and Greek Philosophers such as Plato, Aristotle, Epicurus and Zeno. From the origins Philosophy generally were trying to point to some idea as essentially important and that it has substance and meaning. The question of importance has differed from age to age and has arisen in different social contexts. The context in which we are most likely to begin philosophizing is our own society and while literature is describing a society it is of utmost important to understand the society and its structures at that point of time. Many of the conclusions of these social studies are factual or scientific, others, however, have undoubtedly been identified as

[1298] Beck (1975) *Perspectives in Philosophy* hoofstuk een, *The Encounter with Philosophy*



© University of Pretoria

involving a sense of importance and thus as suggesting philosophy or philosophical thinking. What makes an issue or activity philosophical is that it is related to clarification and justification and to propose something good or of value.

Beck[1299] baken Filosofie as vakgebied af as volg:

1 Die Metafisika

1.1 Ontologie

1.2 Kosmologie

1.3 Psigologie

1.4 Teologie

1.5 Aksiologie/Vasgelegde Waardes

2 Die Epistimologie of Kennis

2.1 Aard

2.2 Bron

2.3 Kriteria

3 Die normatiewe wetenskap

3.1 Logika

3.2 Etiek

3.3 Estetiese

3.4 Sosiale filosofie of Etos

---

[1299] Beck (1975:4) *Perspectives in Philosophy*



© University of Pretoria

3.5 Godsdiensfilosofie

**EKSKURSIE 10: DIE SKRYWER EN LESERS VAN OPENBARING**

**1 Inleidend: Die belang en betekenis van Inleidingsvraagstukke vir die verstaan van 'n geskrif**

In hierdie en die volgende ekskursie word die belang en betekenis van enkele van die inleidings vraagstukke van Openbaring hanteer. Dit is 'n geweldige uitgebreide stuk navorsing op sigself en die resultaat kan ook nie volledig hierin gepubliseer word nie. Dit is egter nodig om 'n standpuntinname hieroor te gee omdat dit duidelik geblyk het dat selfs navorsers van Openbaring en dat skrywers van Openbaring teologie dikwels 'n algemene kennis in verband met hierdie sake voorveronderstel by die leser, maar wat doodgewoon nie waar is nie. Ek het hierdie navorsing so hanteer dat dit dien as veronderstelde vooraf kennis en die kernbelangrike sake wat Openbaring ten diepste raak aanraak en in enige studie in elk geval verduidelik en geinterpreteer moet word.

Guthrie[1300] skryf onder die opskrif "Questions of Introduction"

> In approaching any writing there are various preliminary questions which an excegete must settle before he can decide on the right approach to the interpretation of the text and if an attempt is made to place any writing in its context, attention to backround is essential. Hence any information available about first century life is useful to the excegete. It involves some understanding of Judaism, Hellenism and paganism. There are five main considerations, (1) Background, (2) Date, (3) Destination, (4) Integrity and (5) Authorship.

[1300] Guthrie (1991:105)



© University of Pretoria

Op grond hiervan kan die belang en betekenis van agtergrondsvrae bevestig word in die navorsing en vir die verstaan van die Openbaring teks.[1301] In hierdie studie hanteer ek enkele inleidingsvrae van Openbaring ter wille van groter duidelikheid en toeganglikheid.

## 2 Skrywer

In die laaste Bybelboek noem die skrywer self sy naam vier keer, naamlik Johannes (1:1, 4, 9, 22:8). Hy dui homself ook aan as "dienaar van Jesus" (1:1) en "getuie van God" (1:2) wat nou as profeet optree (1:3. 22:7 en 22:10) en hy is die lesers se "medegelowige" wat saam met hulle "deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding (1:9)". Dit is hy wat die spesifieke opdrag kry: "Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe kerke…". Hierdie opdrag word uitgevoer en in sy eie woorde bevestig: "Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het (22:8)". Daarna kry hy nog 'n laaste opdrag en dit is: "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby".

'n Aantal navorsers aanvaar dit vandag nog dat Johannes die apostel, die seun van Sebedeus, wel die skrywer is en daar is ook geen gegewens uit Openbaring self wat apostoliese outeurskap afwys nie. Die feit dat die skrywer nie 'n skuilnaam gebruik vir sy geskrif nie tel ook sterk ten gunste van apostoliese outeurskap. Vanuit die teks is dit duidelik dat die skrywer wel 'n gesaghebbende posisie beklee, bekend is in die kerke en self vertroud is met die situasies in die kerke en die sosiale kontekste van die tye en die stede waar die kerke is verstaan. Wie hierdie Johannes is, moet egter nader bepaal word omdat daar wel meer as net hierdie een teorie is en daar wel 'n aantal teen argumente gevoer word teen Johannes die apostel as skrywer. Latere skriftelike getuies bevestig ten gunste van Johannes die apostel as skrywer en is te vind by Justinus die martelaar reeds voor 150 n.C wat 'n tyd lank in Efese gewoon het, Irenaeus, Klemens van Aleksandrië, Origenes, Hippolitus en Tertulianus.

[1301] Sien Margaret Barker (2000:57-81) in *The Revelation of Jesus Christ*: The words of this book



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanuit die teks is dit duidelik dat Johannes ‘n kenner is van die Ou Testament en Joodse Apokaliptiek en Apokaliptiese literatuur. Volgens alle waarskynlikheid was hy ‘n apokaliptiese profeet gekoppel aan ‘n apokaliptiese sosiale gemeenskap, maar tog rondgegaan het soos blyk uit sy goeie kennis van die kerke in Klein Asië en hul onderskeie kontekste. Die presisering van die historiese en sosiale kontekste van die tyd deur middel van die historiese kritiek en sosiaal-wetenskaplike kritiek kan ook hier help daarmee.

Die Hengel hipotese of teorie soos ek verkies om dit te noem wys ook op die apostel Johannes as skrywer. Van der Watt[1302] beweer dat inlyn met die Hengel Hipotese wat dit stel dat spesifieke historiese invloede die eiesoortige Johannese teologie beinvloed het sekere afleidings gemaak kan word uit die teks van die Evangelie. Hiervolgens sou die Evangelie in sy feitlike finale vorm waarskynlik aan ‘n nuwe gemeenskap in Klein Asië geskryf gewees het wat die universele boodskap van Johannes duidelik sou kon hoor en hul lewens daarvolgens kon skik. Dit sou dan logies gesproke ook vir Openbaring kon geld indien Hengel se hipotese aanvaar sou word. Versterkend hiertoe is die historiese teorie dat Johannes op grond van Jesus se kruiswoord in Johannes 19:26-27 die moeder van Jesus, Maria, wel by hom ingeneem het en in die lig van die Joods Romeinse oorloë wat bly dreig het in Efese gaan vestig het en Maria saam met hom daarheen geneem het. In die stad Efese sou daar dan volgens oorlewering ‘n Johannese skool en gemeenskap tot stand gekom het vanwaar die eie unieke Johannese teologie en skryfwyse dan ook vandaan sou kom.

Wanneer die skryfwyse en spesifiek die literatuursoort van Openbaring bestudeer word en vergelyk word met die Johannes Evangelie is die ooreenkomste opvallend en vertoon dit inderdaad meer ooreenkomste met die geskrifte van Johannes as met enige ander deel van die Nuwe Testament. Van vroeg af in die tweede eeu is die aanduiding dat algemeen aanvaar is dat hierdie Johannes die apostel was, en ook die skrywer was van die Johannes Evangelie, die

[1302] Van der Watt (1991:121)



© University of Pretoria

drie Johannes briewe sowel as Openbaring. Met die aanvaarding daarvan dat die skrywer van Openbaring ook die skrywer van die Evangelie en die drie briewe was, kan sekere begrippe in Openbaring toegelig word deur die ander literatuur deur Johannes geskryf. Dit sou veral van toepassing wees vir die verstaan van die woord en begrip "stuur" en sodoende vir die Sending begrip wat in die Evangelie veral 'n gelaaide woord en begrip is.

**3 Lesers**

Die eerste historiese lesers was soos hierbo verduidelik 'n Johannese gemeenskap en die sewe Kerke wat genoem word in Openbaring 1:11 en 2-3 naamlik Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filidelfia en Laodisea. Hierdie vers (1:11), "Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe kerke…", sou maklik kan dien as die *locus classicus* vir die fundering van Sending in Openbaring soos Matteus 28:18-20 en die "stuur" motief in die Johannes evangelie, veral soos in Johannes 17. Die vraag bly egter vir wie Johannes regtig geskryf het, vir 'n Johannese kerkgemeenskap of vir die mense in die algemeen.

Die tergende vraag bly natuurlik of daar wel 'n Johannese kerkgemeenskap was vir wie Johannes sou skryf en in terme van Köstenberger (1998) se navorsing oor Sending volgens die Evangelie van Johannes, of Openbaring 'n Gemeentegeskrif of sendinggeskrif sou wees. Indien daar wel uitgegaan sou word van 'n Johannese kerkgemeenskap noem Jan van der Watt dit die misterie van Johannes en sy gemeenskap. Hengel, M (1989 *The Johannine question*) wat Jan van der Watt (1991:119) die Hengel-hipotese noem, konkludeer dat daar nie 'n Johannese gemeente was wat van vroeg af of 'n sterk afsonderlike gemeenskap of kerk gevorm het nie. Vir ongeveer vyf en dertig jaar (vanaf ongeveer 60 tot om en by 96 n.C) het hierdie groep wat Hengel slegs 'n skool noem, wel rondom die persoon van Johannes die "oudste" bestaan. Volgens Van der Watt het die oudste Johannes betreklik laat (ongeveer 62 n.C. of kort daarna) 'n groepie mense in Klein Asië rondom hom vergader wat hy, met 'n toe



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

al redelike ryp teologie, onderrig het. Hierdie skool of groep en dus die skrywer sou myns insiens ongetwyfeld ‘n eie gestruktureerde teologiese simboliese universum ontwikkel het. Uit die aard van die saak kan ons aanvaar dat Johannes sy evangelie, sy briewe en sy Openbaring vir hulle sou geskryf en gestuur het. Na Johannes se dood het die gemeenskap of kerk vermoedelik kort daarna sy eie Johannese identiteit verloor of tot ‘n einde gekom.

Ondubbelsinnig en duidelik het Johannes natuurlik sy Apokalips aan die sewe kerke in Klein-Asië geskryf en gestuur. Die boodskappe van Johannes is universeel van aard en is dus gerig aan die universele kerk as ‘n nuwe aanbiddingsgemeenskap in Klein-Asië. Die Apokalips sou verder gelees en gestuur word as slegs vir die sewe kerke en so sou die kerke in die tweede eeu en verder hul lewens en aanbidding daarvolgens kon skik. Dit het toe so uitgekring, veral nadat die Apokalips van Johannes as geskrif in die Bybel (Boek van die Christelike kerk) opgeneem is.

**EKSKURSIE 11: DATERING VAN OPENBARING, DIE EVANGELIE VAN JOHANNES EN DIE BRIEWE VAN JOHANNES**

Navorsing dui daarop dat die datering van die teks waarmee gewerk word ‘n belangrike sleutel is vir die verstaan van die teks. Ten opsigte van Openbaring meen Du Rand[1303] dat die doel nie is om ‘n spesifieke kalenderdatum te probeer vind nie, maar eerder om ‘n tydvak te bepaal waarbinne die situasie van Openbaring se historiese eerste lesers gereflekteer word.

Vanuit Openbaring 1:9 is dit duidelik afleibaar dat die skrywer Johannes verban was na die eiland Patmos omdat Hy die getuienis van Jesus verkondig het. Die geskiedenis leer dat doelbewuste vervolging teen die getuies van Jesus, nou almeer bekend as christene, losgebrand het kort nadat Keiser Nero in 54 n.C aan bewind gekom het. Dit het veral begin gebeur in die jaar 64 n.C na ‘n verwoestende groot brand in Rome en keiser Nero die blaam

[1303] Du Rand (1990:229)



© University of Pretoria

op die christene geplaas het. Die Joods Romeinse oorlog wat geduur het vanaf 66 tot 70 n.C speel in hierdie vervolgings ook geen geringe rol nie. Dit spreek vanself dat die oorlog teen die Jode ook oorlog sou wees teen die christene wat tot op daardie stadium baie duidelik nog sterk Joodse wortels gehad het en die eerste bekeerlinge natuurlik hoofsaaklik Jode was. Hierdie vervolginge het aangehou ten minste totdat Domitianus vermoor is in die jaar 96 n. C. Die oorlog met die Jode het egter aangehou tot in die jaar 135 n.C en die christene sou noodwendig tot daardie tyd netsoos die Jode voortdurend in die spervuur wees.

Die aanduidings is dat Openbaring geskryf sou gewees het in die tyd van Domitianus wat ook ‘n tyd was van erge vervolging. Dit was veral omdat ‘n tempel ter ere van Domitianus in Efese opgerig was en hy sterk gevoel het oor die saak dat die keiser god is. Dit word weer gestaaf deur die feit dat offers ook aan hom gewy is en hy as heer en god aangespreek moes word. Die sewe briefboodskappe in Openbaring en die sosio-historiese agtergrond van Openbaring dui op konflikte met owerhede en Jode wat dui op ‘n moontlike datering[1304] van die geskrif na 70 n.C. Die verwysings na die sewe koppe wat sewe berge is in 17:9 en die tien horings wat 10 konings is in 17:12, verwys waarskynlik in beide gevalle na Romeinse heersers en Romeinse oorheersing. Die gebruik van die naam Babilon vir Rome in 18:2 wat as interne getuienis dien daarmee saam dui op ‘n datering van die geskrif na 70 n.C. as vroegste datum van skrywe (*terminus post quem*). Die tempel wat ter ere van keiser Domitianus aan die einde van sy regeringstyd in Efese opgerig is volgens Ireneüs se getuienis en die argeologiese bevindings daarvan dui op ‘n laat datering van 98 n. C. (*terminus ante quem*). Die eksterne getuienis van Ireneus dat Openbaring aan die einde van keiser Domitianus se regeringstyd te dateer is, geniet die oorheersende steun.

[1304] Sien Du Rand (1990:187-198)



© University of Pretoria

Swete[1305] skryf: Early Christian tradition is almost unanimous in assigning the Apocalypse to the last years of Domitian. Unable to see that the historical situation presupposed by the Apocalyptise contradicts the testimony of Irenaeus which assighns the vision to the end of the reighn of Domitian. Very few contemporary writers would argue against his conclusion.

Die Evangelie[1306] van Johannes,[1307] waarvan die skrywer ook dié van Openbaring blyk te wees, wat duidelik oorwegend ‘n vorm aanneem van ‘n selfstandige Johannese tradisie na 70 n. C., is logies gesproke die ander boek wat heelwat lig werp op die Openbaring van Johannes en veral op die teologie van Johannes. Dié Evangelie is vermoedelik geskryf gedurende die jare 70 (*terminus post quem)* tot 110 *(terminus ante quem)* n.C. met ‘n nadere bepaling tussen 90 tot 98 n.C., waarskynlik in Efese waar ‘n beduidende Joodse gemeenskap bestaan het en Johannes geleef het. Die Evangelie is waarskynlik geskryf voor Openbaring en hoogswaarskynlik voor die ballingskap van Johannes, en dat ‘n datum van tussen 90 tot 95 n.C. die waarskynlikste moontlikheid is.

Die vasstelling van ‘n datum vir die briewe van Johannes[1308] is en bly onseker maar hang tog saam met díe van die Johannes Evangelie en sy totstandkoming binne die ontwikkeling van die Johannese gemeenskap. In ooreenstemming met die algemene sosio-historiese situasie in die vroeë kerk veronderstel die Johannesbriewe ook dat die Johannese gemeenskap reeds kon versprei en verdeel het in kleiner kerklike groeperinge. Indien Openbaring en die Evangelie se moontlike onstaansplek as Efese aangeneem word kan die sosio-historiese invloede en denkstrome van Efese ook op die briewe van toepassing gemaak word. Raakvlakke tussen die teenstanders en Kerintus wat ook deur die tradisie aan die Efese omgewing verbind word, pas

[1305] Swete (1977:XCIX)
[1306] Barrett (1978:123-1334), Brown (1982:LXXX-LXXXVI), Du Rand (1990: 57-58), Groenewald (1980:16-18), Hendriksen (1976:3-30)
[1307] Van der Watt (2007) *An Introduction to the Johannine Gospel and Letters*
[1308] Brown (1982:3-35), Du Plessis (1978:3-13), Du Rand (1990:153), Houlden (1994:1-44), Stott (1983:13-54)



© University of Pretoria

goed in by die keuse van plek vir die ontstaan van die Johannes briewe. Op grond van interne getuies nie vroëer as 85 n.C. nie, en in die lig van die omstandighede van Johannes ook nie later as 110 n.C. nie, met ander woorde tussen 85 tot 110 n.C. maar met alles in ag genome waarskynlik na die Evangelie en Openbaring, met ander woorde 98-110 n.C.

**EKSKURSIE 12: DIE "EK IS" UITSPRAKE IN DIE JOHANNESE GESKRIFTE**

Die identiteitsverklarings en Jesus se selfopenbaring in die Johannes-evangelie met verskeie "**EK IS**"-uitsprake kan verbind word met die "**EK IS**"-uitsprake in Openbaring. Die sewetal "**EK IS"-**uitsprake in die Johannes-evangelie dien ter wille van volledigheid en die teologiese waarde en betekenis daarvan, hier vermeld te word. Eerstens kry ons die absolute[1309] "**EK IS"-**uitsprake van Jesus waarmee Hy Homself identifiseer en openbaar as God in die Evangelie van Johannes naamlik 4:26, 6:20, 8:24, 8:28, 8:58, 13:19, 18:5, 6 en 8. Die sewe ander metavoriese "**EK IS"-**uitsprake is:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Johannes 6:35, 41, 48 en 51: | "**EK IS** die brood wat lewe gee". |
| 2 | Johannes 8:12: | "**EK IS** die lig vir die wêreld". |
| 3 | Johannes 10:7 en 9: | "**EK IS** die ingang vir die skape" en ook |
| | Johannes 10:11 en 14: | "**EK IS** die goeie herder". |
| 4 | Johannes 10:36: | "**EK IS** die Seun van God". |
| 5 | Johannes 11:25: | "**EK IS** die opstanding en die lewe". |
| 6 | Johannes 14:6: | "**EK IS** die weg en die waarheid en die lewe". |
| 7 | Johannes 15:1 en 15:5: | "**EK IS** die ware wingerdstok". |

[1309] Coetzee (1990:57) *Die teologie van die Johannesevangelie*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorsers en kommentatore,[1310] al kom almal nie presies ooreen in alle opsigte nie, is dit eens dat hierdie "**EK IS"-**uitsprake van Jesus in die Johannese teologie 'n teologiese onderwerp is van die Christologie van Johannes wat die Goddelike identiteit van Jesus in die teologie van Johannes duidelik stel.

**EKSKURSIE 13: DIE APOKALIPTIESE LITERATUUR**

Die Ou-Testamentiese apokaliptiek het 'n begin in die profetiese boeke van Esegiël (Hfst 38–39), Deutero-Jesaja (24–27), Trito-Jesaja (55–66), Haggai, Joël, Sagaria en Daniël as laatste gedateerde geskrif van die Ou Testament. Hierdie inleidingsfase van die apokaliptiek word ook getipeer as die tydperk voor die Makkabeërs. Die twee Makkabeërboeke, geskryf gedurende die tydperk 140 tot 100 v.C. – dus kort ná die verskyning van Daniël – kan as outentieke geskiedkundige geskrifte beskou word maar ook as deel van die apokaliptiese literatuur. Hulle is van onberekenbare waarde vir die geskiedskrywing en agtergrond oor die tydperk, en ook vir die verstaan van die Apokaliptiek.

Die twee Makkabeërboeke[1311] is in die tyd van die dood van die hoëpriester Johannes Hirkanus 1 geskryf of kort daarná, omdat daar na sy notas (16:23–24) verwys word. Die eerste boek begin met die verhaal van Aleksander die Grote wat die hele gebied rondom Israel en die grootste deel van die destydse bekende wêreld ingeneem het. Dit vertel hoofsaaklik van die suksesvolle weerstand van die Jode teen die hellenisering en sinkritistiese proses wat kort ná die sterwe van Aleksander die Grote gevolg het. Die verhaal konsentreer op die oorloë en politieke ooreenkomste en gebeure van daardie tyd, en is 'n kosbare bron van die geskiedenis ná Esra / Nehemia tot ongeveer 100 v.C. Dit gee waardevolle inligting oor hoe die Jode ná die tydperk van die Ou-Testamentiese kanon oor hulle godsdiens gedink

[1310] Brown (1982:533-538), Coetzee (1990:57-58) Guthrie (1981:330-333)
[1311] Van der Watt (2007:318)



© University of Pretoria

en gehandel het. Belangrike motiewe in hierdie geskrifte is die tempel, die Wet, die offers, die Sabbat en die feeste.

In 2 Makkabeërs het ons eintlik 'n geskiedenisboek wat vyf volumes beslaan en deur Jason van Sirene (Noord-Afrika) geskryf is. Hy was waarskynlik 'n Aleksandrynse Jood wat vir die Jode in Aleksandrië geskryf het om hulle te herinner aan hul volk se geskiedenis. Die skrywer wou veral klem lê op die belangrikheid van die tempel vir die Jode, veral in die lig van die herinwyding van die tempel. 2 Makkabeërs volg nie direk op boek 1 nie, maar brei breedvoeriger uit op die geskiedenis van 1:10-7:50 in boek 1, en dek hoofsaaklik die vyftien jaar van die Joodse geskiedenis tussen 175 en 161 v.C. Dit is egter die boodskap en teologie van hierdie boek wat soveel verstaanswaarde toevoeg tot die Apokaliptiek. Jan van der Watt[1312] skryf:

> Hierdie is die eerste vroeg Joodse dokument waar die lewe na die dood so duidelik en onomwonde bespreek word (6:26; 7:9; 14:46). Die martelare het hulle lewens opgeoffer met die wete dat God hulle weer lewendig sal maak (7:9–11, 22–23; 12:44; 14:46), waarskynlik om aan 'n aardse messiaanse koninkryk deel te kry (7:29, 33, 37; 14:15). Die Joodse God word geteken as die God wat sy volk ondersteun en bystaan en nie in die steek laat nie en Hy straf ook mense wat Hom of sy volk skade aandoen. Hierdie is ook die eerste Joodse dokument waarin martelaarskap ter wille van God en sy volk so eksplisiet bespreek word (6:18-7:41). Jesus het dieselfde gedoen deur Homself ook as offer ter wille van ander te gee. Die gedagte was dus nie vir die Jode in Jesus se tyd vreemd nie. Die verhale van die martelare in 2 Makkabeërs het ook die Christene gemotiveer om onverskrokke hulle lewens as martelare ter wille van hulle godsdiens op te offer.

[1312] Jan van der Watt (2005:390) *Apokriewe Ou en Nuwe Testament*



© University of Pretoria

In hierdie tyd, 163–63 v.C., nog steeds die laat ná-eksiliese tyd of die Hasmoneër Typerk, het die skrifprofete stil geword, maar nie sonder rede nie. Van die tyd van Esra het die Wet in toenemende mate weer gesag verkry en ook die wyses se invloed het daarmee saam groter geword. Soveel mag het dit oor die volk verkry, dat die profetiese insigte deur die voorskrifte van die Wet en die wetsgeleerde vervang is. Die Wet is met verloop van tyd al hoe meer beskou as die medium waardeur die stem van God deur die volk gehoor word. Nog 'n rede was die toenemende gebondenheid van die profete aan die tempelkultus. Baie profetiese uitsprake in die ná-eksiliese tyd het deel van die tempelliturgie gevorm. Sommige geleerdes vermoed selfs dat die ná-eksiliese profete volledig by die tempelsangers ingeskakel is.[1313]

Dit is van belang om die agtergrond en invloede van die voorafgaande tydperke op die skryf van Openbaring te verstaan, en in in ag te neem dat die apokaliptiese literatuur 'n latere ná-eksiliese ontwikkeling was van die profetiese literatuur, en dit eintlik vervang het. Die apokaliptiese boek wat die meeste lig werp op die verstaan van Openbaring, is en bly die Ou-Testamentiese apokalips Daniël en die drie toevoegings tot Daniël.[1314]

'n Duidelike onderskeidingsfaktor tussen tekste met 'n profetiese perspektief[1315] en apokaliptiese tekste is die groot mate waarin visioene en wonderwerke in apokaliptiese boeke voorkom.  Die apokaliptiese boeke is van 'n latere datering en ander invloede as by die profete is merkbaar, veral die wysheid en die tipiese van die Apokaliptiek. Die Apokaliptiek het as inhoud geestelike, hemelse reise van 'n siener deur die werking van God se Gees deur die profeet mee te voer en deur middel van drome, visioene en wysheidskennis boodskappe oor te dra.

---

[1313] Le Roux (1986:126)
[1314] John E Goldingay (1989:XXIX) "No biblical work has greater influence on the Apocalypse of John, a work written for a community under a pressure analogous to that which affected Jews in the second century BC".

[1315] Sien Von Rad (1968) *Message of the Prophets* en (1960) *Old Testament Theology Volume 2*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Apokaliptiese geskrifte of sekere dele van geskrifte is later as apokalipties geïdentifiseer, en strek van Daniël in die Ou-Testament tot by Openbaring in die Nuwe-Testament en verder met nog ‘n aantal verskynings van apokaliptiese literatuur tot so laat as 300 n.C. As sodanig word slegs die twee Bybelboeke Daniël en Openbaring, of ten minste groot dele daarvan, as apokaliptiese literatuur geag. Die ooreenkomste wat Openbaring toon met die Ou-Testamentiese boek Daniël as apokalips werp heelwat lig op Openbaring. Verskeie van die ander apokaliptiese geskrifte werp ook lig op Openbaring.

Die apokaliptiek is ‘n spesifieke verskynsel of denkinhoud van die apokaliptiese geskrifte as sisteem of historiese beweging. Dit omskryf die ideologie, die denkinhoud en krisisverskynsel wat tot stand kom of veroorsaak word wanneer die bestaan van ‘n groep mense in die samelewing sodanig bedreig word dat dit vir hulle sinloos word, en hulle dit vervang met ‘n nuwe ideologiese betekenissisteem. Apokaliptiek as ideologie span oor tale en kulture heen omdat dit gedurende die twee eeue voor en die twee eeue ná Christus se geboorte in die Oos-Mediterreense gebied gefloreer het.

Saam met Daniël moet ook die drie Daniël Apokriewe[1316] of toevoegings tot Daniël bestudeer word vir 'n beter agtergrond. Die ooreenkomste tussen die Daniëltoevoegings en die wysheidsliteratuur is opvallend en verbind die apokaliptiese en die wysheidsliteratuur. In dieselfde tyd as Daniël, of ten minste kort daarna, het die Henogverhale verskyn. Die ooreenkomste hiervan met Daniël is opvallend, veral die beeld van die Seun van die mens in Daniël 7 en 9, en 1 Henog 46–48, asook die diermetafore.

Drie baie belangrike oorwegings in die verstaan van Daniël en dus ook vir die verstaan van Openbaring is die datering van Daniël, die plasing daarvan in die kanon, dié van die Protestantse of van die Hebreeuse en Katolieke kanon, en die literatuursoort. Ek het nie hier

[1316] 1)Susanna 2)Asarja se gebed en Die lied van die Jongmanne 3) Bel en die Draak.



© University of Pretoria

die ruimte om die saak te beredeneer nie, maar alles in ag genome kies ek vir ‘n datering van Daniël so laat as 163 v.C. en gun myself die ruimte om te beweer dat ‘n latere redaktor die boek Daniël waarskynlik in sy huidige formaat gefinaliseer het. Daar is die mening dat Daniël in twee dele uiteenval, naamlik hoofstukke 1 tot 6 en 7 tot 12, en dat deel 1 histories verstaan moet word, en gedateer moet word gedurende die ballingskap, en dat deel 2 profeties ná-eksilies is. Ek beskou die twee dele tog nader aan mekaar in die lig van die droomvisioene en metafore wat in beide die dele voorkom, en verkies om te aanvaar dat ‘n finale wysheidsredaktor die boek ná 163 v.C gefinaliseer het. Vergelyk die hemelwese in hoofstukke 3 en 7 en die koninkryke in hoofstuk 2 en die tweede deel. In die lig hiervan verkies ek die plasing van die Biblia Hebraica Stutgartensia in die kanon; feitlik aan die einde, tussen Ester en Esra. 'n Plasing tussen die Skrifprofete, soos in die Protestantse Kanon, maak die verstaan en interpretasie net moeiliker vir die gewone leser van die Bybel.

Die moeilikste beslissing is natuurlik die literatuursoort. Daniël is baie duidelik profesie. Die inhoudelike en die akkurate geskiedkundige gebeure wys op die laat datering van 160 v.C., en dus kan Daniël geplaas word binne die literatuursoort van laat ná-eksiliese profeet. Die sterk verwagting dat God bonatuurlik en kosmies gaan ingryp, en in die toekoms so gaan ingryp, dui sterk op ‘n eskatologiese ontwikkeling. Hierdie finale ontwikkeling van Ou-Testamentiese profesie tot profetiese eskatologie, wat terselfdertyd nou tot ‘n einde kom as gevolg van die eskatologiese verwagting, vind veral in Daniël 7 tot 12 plaas, met die uitgebreide gebruik van simboliek en metafore wat aanleiding gee tot ‘n profetiese eskatologie. Ek sien Daniël dan as die eerste en enigste volwaardige profeties-eskatologiese geskrif in die Ou Testament. Om meer spesifiek te wees, veral hoofstuk 10 tot 12, wat ‘n eenheid vorm en die weg berei vir Openbaring as enigste en laaste apokalipties-eskatologiese geskrif in die Nuwe Testament.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dié twee geskrifte in die Bybel, Daniël as profetiese eskatologie en Openbaring as apokaliptiese[1317] eskatologie, dra by tot ‘n sterker verbintenis tussen die Ou en die Nuwe Testament. Eskatologie beteken dat die lewe afgestem is op die hiernamaals en ‘n bonatuurlike bestaan. Die eskatologie is ook afgestem op ‘n einde wat onafwendbaar is, en ‘n nuwe begin wat daarna sal volg. Die dood, en in ‘n sekere sin die lewe, word getransendeer. Waar profesie ‘n bonatuurlike ingrype en oordeel in die geskiedenis verwag, verwag eskatologie, daarteenoor, ‘n bonatuurlike redding uit die geskiedenis.

Die apokaliptiese skrywers beskryf die geestewêreld hoofsaaklik in terme van visioene, beelde, simbole, getalle, diere, die kosmologie, ‘n bo en ‘n onder, en ook werklikhede. Die geestewêreld word beskryf in terme van ‘n bonatuurlike ruimte, naamlik die hemel, en 'n buitetydelike epog, naamlik die ewige lewe in die hiernamaals, en noem dit die simboliese universum. Die skrywer word as’t ware meegevoer (deur die Gees) tot hierdie bo- en buitenatuurlike werklikheid om dit te kan sien en te kan beskryf as die simboliese universum van die skrywer. Die apokaliptiese skrywer verwag en beskryf ‘n nuwe skepping met ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde. Dit is presies wat Openbaring bedoel om te wees. Die sendinggedagte word dan die sentrale gedagte in hoe die bo en die onder bymekaar kom.

Waar apokaliptiese skrywers die eskatologie hanteer, kry ons die apokalipties-eskatologiese genre. Om dit ten beste te verstaan, is die belangrikste om te aanvaar dat die Bybel self sy eie uitlegger is. In hierdie verband is dit noodsaaklik om die Ou-Testamentiese profesie te verstaan, veral die laat na-eksiliese en eskatologiese profete, en in die besonder die laaste profeet en enigste volwaardige Ou-Testamentiese apokalips, die boek Daniël. Vergelyk veral die ooreenkoms met die visioen van “Iemand soos die Seun van die mens” in Daniël 7 met

[1317] Sien Collins, J.J. 2015. *Revelation as Apocalypse* CBL 2015



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Openbaring 1 en die apokaliptiese geskrif Henog. Dit verg kennis van die Oud-Israelitiese en latere Joodse apokaliptiek.[1318]

Die tipiese eienskappe[1319] van die Apokaliptiese literatuur samevattend gelys wat in berekening gebring moet word tydens die lees van apokaliptiese literatuur is:

1 Dikwels in verhaalvorm geskryf as dramatiese vertelling

2 Geskryf in 'n tyd van krisis en pessimisme oor die huidige omstandighede en bose magte werksaam

3 'n Komende eindtyd as fokus

4 Dualismes

5 Transendering van die huidige na die toekomstige

6 'n Deterministiese lewensuitkyk

7 Klem op moraliteit waarin wet en wysheid beklemtoon word

8 'n Eindoordeel

9 Eiesoortige geskiedenis interpretasie en onthulling van geheime oor die geskiedenis

10 Visionêre onthullings waarin geestelike wesens 'n prominente rol vertolk

11 Simboliek

12 Metafore

[1318] Sien Du Rand (1990:219–220)
[1319] Du Rand (2007:22)



© University of Pretoria

A.J. Collins[1320] se beskrywing van Openbaring as Apokalips vat alles baie goed saam: "Apocalipse is a genre of revelatory literature in a narrative framework, in which a revelation is mediated by an otherworldly being to a human recipient, disclosing a transcendent reality which is both temporal, insofar as it envisages eschatological salvation, and insofar as it involves another, supernatural world".

Apokaliptiese literatuur wat van betekenis is vir die verstaan van Openbaring as Apokalips, hoe gering ook al, en geskryf is in die tydperk 200 v.C. tot 135 n.C. word gelys deur Deist, Lohse, Van Zyl en Du Rand en word vervolgens hier aangedui met 'n moontlike datering wat benaderd aangedui word.[1321]

1 4 Esra/Esdras (300 v.C.)

2 Tobit (225-180 v.C.)

3 Die wysheid van Jesua ben Sirag (180v.C.)

4 Daniel en toevoegings tot Daniel (180-150 v.C.)

5 Judit (150 v.C.)

6 Die Testamente van die 12 Patriarge (150 v.C.)

7 Die Jubileë (150 v.C.)

8 Toevoegings tot Ester (140-130 v.C.)

9 Die Makkabieërboeke (90-50 v.C.)

10 Die wysheid van Salomo (50 v.C.)

11 Twee uitgawes (Siries 200 v. C. en Grieks 70 n.C) van die Apokalips van Barug.

---

[1320] Collins, A.Y. (1979) *The Apocalypse New Testament Message*
[1321] Deist (1982:223-230), Lohse (1974:65–73), Van Zyl (1977:247-255) en Du Rand (2007:26 en 36).



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

12 Twee uitgawes (Ethiopies en Slawies) van die Boek van Henog (70 n.C)

13 Testament van Benjamin

14 Die Apokalips van Abraham

15 Die Apokalips van Sefanja

16 Die Hemelvaart van Moses

17 Die gebed van Manassa

18 Die martelaarskap en hemelvaart van Jesaja

19 Die brief van Jeremia

20 Die Psalms van Salomo (60 n.C.)

21 Die Sibillynse Orakels

22 Enkele Qumrangeskrifte.

23 Die Openbaring van Johannes (70-110 n. C.)

24 Die leer van die 12 Apostels (110-120 n.C.)

25 Die Herder van Hermas (130-140 n.C.)

26 Die leer van Jakob

27 Die Apokalips van Petrus (100-150 n.C.)

28 Die Apokalips van Paulus

**EKSKURSIE 14: DIE WIT PERD**



© University of Pretoria

Openbaring 6:2. "*Daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin*".

Openbaring 19:11, 14 en 15. "*Daar was 'n wit perd. Sy ruiter word die getroue en die betroubare genoem. Op sy klere, by sy heupe,was daar 'n naam geskrywe: Die koning van die konings en die here van die heersers. Uit sy mond het daar 'n skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref. Met regverdigheid oordeel hy en voer hy oorlog. Die leërs in die hemel het op wit perde agter hom aan gery. Hulle het fyn helder wit klere aangehad.*

Daar is verskillende interpretasies oor die betekenis van die wit perd onderskeidelik in Openbaring 6:2[1322] en 19:11.[1323] Daar is ook verskillende menings of die twee verskynings van die wit perd dieselfde perd is en dieselfde betekenis het en of daar enige verband te trek is.[1324] Die navorsing rakende die wit perd, maar veral die verband tussen die twee wit perde, is 'n aktuele navorsingsvraag en is nog nie bevredigend opgelos nie. Groenewald[1325] reken wel dat die enigste punt van ooreenkoms is die kleur van die perd.

Eerstens wat die simboliek van 'n wit perd aanbetref binne die konteks van die tyd, is die wit perd gesien as die rydier van die koning of leërowerste wat uittrek vir die oorlog. Die wit perd dui dus mag en koningskap aan. Die boog was 'n magtige wapen in dié tyd. Ongeveer in die derde eeu v.C. het die Partiërs groot vrees ingeboesem by die omliggende volke omdat hul perderuiters wat met pyl en boog gewapen was, as onoorwinlik beskou is.[1326] Die term swaard is ook relevant en van toepassing in Openbaring 19:15 en 21 in verbintenis met die

---

1322 Sien Jacques Descreux (2015) *Diversité des méthodes et polysémie des images: le cas des quatre cavaliers* (Ap 6, 1-8). Colloquim Biblicum Lovaniense LXIV
1323 Sien Margaret Barker (2000:302-315) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Warrior Priest
1324 Sien Thomas Witulski, Bielefield. (2015) *Der erste ‚apokalyptische Reiter' (Apk 6,1f.) und der Reiter auf dem weiBen Pferd (Apk 19,11-16) – ein Beispiel von polemischem Parallelismus innerhalb der Apokalypse des Johannes.* Colloquim Biblicum Lovaniense LXIV

1325 Sien Groenewald (1986:195)
1326 Sien Groenewald (1986:87-88) en Du Rand (2007:274)



© University of Pretoria

Ruiter op die wit perd en kom ook voor in 1:16 en 2:12 en 16 en word in alle gevalle simbolies gesien en verbind aan die woord uit Jesus se mond.

Mounce[1327] verduidelik die begrip swaard in Openbaring as volg:

> In 1:16 a sharp two-edged sword proceeds from the mouth of Christ and it is the word of Christ which will ultimately prevail. The sword in these vignettes symbolizes the irresistible power of divine judgement. The authoritative word of Christ is to understood over against the fraudulent demands of the imperial cult. In the context of life in a provincial capital where the proconsul was granted the right of the sword, *ius gladii*, the church was most liable to clash with the imperial cult. In 2:12 and 16 in the Letter to Pergamum the church is reminded that ultimate judgement belongs to the one who has "the sharp two-edged sword". The message to the church though is that Christ will come and war against them with the sword of his mouth. Revelation 19:15 and 21 envision not a literal sword but a death-dealing pronouncement which goes forth like a sharp blade from the lips of Christ. The sword here symbolizes the lethal power of his word of judgement.

Mounce[1328] wys voorts op twee Ou-Testamentiese toespelings waar die simboliek van die swaard in Openbaring vandaan sou kom naamlik Jesaja 11:4 en 5 en Psalm 2:9.

Aangaande die interpretasie van die wit perd sien Du Preez[1329] die wit perd in Openbaring 6:2: "As Christus wat met sy woord in één onkeerbare genaderig oor die wêreld gaan en daarmee juis ook die orige ruiters in sy diens opneem sonder om ooit in hulle op te gaan". Groenewald[1330] sien die wit perd in Openbaring 6:2: "As die personifiëring van die oorwinningsoorlog soos dit voorkom in imperialisme as 'n aanduiding van heersers en

[1327] Mounce (1977:79, 96, 98 en 346-347)
[1328] Mounce (1977:346-347)
[1329] Du Preez (1978:137-147)
[1330] Groenewald (1986:87-88)



© University of Pretoria

konings as simboliek vir die konings en heersers en hul leërs wat voortgaan om oorwinnings te behaal en die een gebied na die ander aan sy mag te onderwerp. Tussen hierdie twee uiterstes word daar nog gesoek na 'n sinvolle interpretasie en toepassing. Daar moet wel ook gekyk word na wat die moontlike verband is, indien enige, tussen die twee wit perde en hul onderskeie simboliese aanduidings alvorens tot 'n gevolgtrekking gekom kan word.

Opheldering kan gevind word in die boog en die kroon van die Ruiter op die wit perd in Openbaring 6:2 en die vermelding dat Hy uitgegaan het om te oorwin. Slegs twee maal in Openbaring (11:7 en 13:7) word oorwinning verbind met Satan en sy volgelinge,[1331] maar in beide gevalle oor die gelowiges wat tydelik van aard is en verder verwys oorwinning oorweldigend na óf die gelowiges óf die Lam wat oorwin. In 5:5 word vermeld dat die Leeu wat uit die stam van Juda is, oorwin het. Die logiese gevolgtrekking in hierdie verhaal is dat hoofstuk ses met hierdie verwysing in 5:5 verbind word en 'n voortsetting van die gedagtegang van oorwinning is. Die beste beskrywing kry ons in 17:14: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin", omdat "Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is" volgens Openbaring 19:16.

Die kroon is 'n aanduiding van 'n koning en heerser, en wie is die Koning van die konings en Here van die heersers wat oorlog voer en oorwin? Die vermelding in 6:2 "'n oorwinnaarskroon is aan die ruiter gegee" veronderstel natuurlik God as Gewer en word herhaaldelik gebruik om aan te dui dat dit God is wat mag en bevoegdheid gee aan mense om teen mense op te tree. Dit spreek vanself dat God vir sy mense ook mag en bevoegdheid sal gee om in hierdie wêreld oorwinnaars te wees. Alle menslike magte tree slegs op deur die toelating van God, en kan optree alleen met die bevoegdheid wat God gee en binne die perke wat God stel. Vir die leërs in die hemel het God dus ook mag en bevoegdheid gegee, maar

[1331] Hendriksen (1977:104)



© University of Pretoria

binne perke. Tog is dit duidelik dat die wit perd oorwinning simboliseer en dus logies ook die oorwinning van die Ruiter op die wit perd in 19:11 kan personifieer. Openbaring 19:11 spreek vanself en daarby kom 14:14 wat Johannes sien: "op die wit wolk iemand soos die Seun van die mens sien sit, en Hy het 'n goue kroon op sy kop gehad".[1332]

'n Moontlike verband kan ook getrek word deur veral die verwysing na die wit klere van die leërs en die mense in Openbaring en hul plek en rol in die volledige verhaal. In 6:9 lees ons van die mense wat doodgemaak is, omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het, en wat hard uitgeroep het: "Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser?" en aan wie daar lang wit klere gegee is. Van die groot menigte mense in 7:9 wat van elke nasie, stam volk en taal was en wat voor die troon en voor die Lam gestaan het, lees ons dat hulle wit klere aangehad het. In 7:13 lees ons die mense met die wit klere aan is dié wat uit die groot verdrukking (oorlog) kom, wat hulle klere gewas het en dit wit gemaak het in die bloed van die Lam. Die simboliek van wit klere help ook om tot 'n moontlike verstaans interpretasie te kom.

Du Rand[1333] reken dat die vier perde in openbaring as 'n eenheid beskou moet word. Elkeen neem aan dieselfde oordeelsproses deel. Die wit perd in 6:2 word dan in die lig van die pyl en boog gesien as simbole van Apollo wat profesie en propoganda voorstel. Du Rand sluit dus hier aan by Groenewald se siening en dit is die mees aanvaarbare uitgangspunt vandag en dit hou teologies dus verband met 'n aanduiding van kosmies-antropologiese oorloë alleen.

In Openbaring 19:11-21 dui die kleur "wit" oorwinning aan en die Ruiter word eers voorgestel in 19:11-13 as " Die Getroue en Betroubare, die Woord van God en die koning van die konings en die Here van die heersers". Dan word die werking van die Ruiter in 19:14-

[1332] Sien Groenewald (1986:88)
[1333] Du Rand (2007:272-273)



© University of Pretoria

16 voorgestel as dat hy sal oorlog voer, regeer, die parskuip trap en sal oordeel. Dit hou teologies verband met 'n aanduiding van 'n simboliese-pneumatologiese oorlog. Die gevolgtrekking kan dus wees dat die twee wit perde nie dieselfde verstaansinterpretasie het nie.

## EKSKURSIE 15: DIE GETALLE IN OPENBARING

Groenewald [1334] se verduideliking van die spesifieke betekenis en sin van die getalle in Openbaring vind ek die duidelikste, maar in 'n studie soos hierdie is dit van kritiese belang om so wyd as moontlik navorsing te doen en inligting te versamel. Die uitgangspunt in hierdie studie is dat die betekenis van die getalle ontleen word aan die Joodse apokaliptiek en veral die Hebreeuse betekenis. Die betekenis is egter nie afdwingbaar nie, en enige uitleg kan ook nie sondermeer aan 'n getal verbind word nie. Daar moet altyd onthou word dat die getalle in Openbaring altyd binne die konteks van die teks verklaar en verstaan moet word, en nie buite konteks aangehaal of geherinterpreteer kan word nie. Dit dien ook vermeld te word dat ek geen eksegeet se verduideliking van die getalle klakkeloos napraat nie, maar dat my eie navorsing en insig bygewerk is by die verduideliking van die simboliese betekenis van die getalle. By hierdie verduideliking verwys ek ook sover moontlik telkens na die teks waar die getal voorkom.

### Die getal 1

Die Een wat op die troon sit (Openbaring 4:2 en 20:11). Die getal dui God aan as die Here God, die Almagtige en die Enigste wat aanbid moet word.

### Die getal 2

[1334] Sien Groenewald (1986:44–45)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Aanbid Hom, die Een wat op die troon sit, wat die hemel en die aarde gemaak het (14:7). Die getal dui God en sy skepping aan, en ook dat God in twees geskep het, naamlik hemel en aarde, see en land, man en vrou en ook die twee diere as agente van die draak, hoewel die helder rooi dier later in Openbaring 17 bykom. Hulle twee, die dier uit die see en die dier uit die aarde – soos beskryf word in Openbaring 13 – is lewend in die vuurpoel gegooi (19:20). Daar is ook twee getuies op aarde volgens Openbaring 11 as agente van God.

**Die getal 3**

Die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die sewe Geeste voor sy troon, en Jesus Christus, die geloofwaardige getuie (1:4) is drie. Aanbid God, dit is Jesus wat die getuienis gelewer het en dit is die Gees wat die profesie gegee het (19:10). Hierdie getal dui die volle Identiteit en Persoonlikheid van God aan as ʻn Drie-Eenheid. Die getal 3 dui ook op die bekragtiging en geloofwaardigheid van ʻn saak. In Openbaring lees ons van die drie trompette, die drie weë en die stad wat in drie dele verdeel is. Die getal drie en ʻn half kan ook bereken word as die helfte van sewe, en dui dan op slegs ʻn halwe tydperk. Die gebruik van die getal drie en ʻn half dae (11:9 en 11) – wat die helfte van sewe is – en ʻn halwe tydperk aandui, is dan ook betekenisvol; so ook 1 260 dae (11:3 en 12:6) en 42 maande (11:2 en 13:5) wat gelyk is aan drie en ʻn half jaar. Die getal drie en ʻn half dui dan simbolies die tydperk aan van vervolging wat die gelowiges moet verduur, en het as agtergrond en tydsbepaling die typerk van 'n drie en ʻn half jaar lange skrikbewind van Antiogus IV, wat van 167 v.C. tot 163 n.C. geduur het.

**Die getal 4**

Rondom die troon was daar vier lewende wesens (4:6). Die getal dui die volle skepping aan, veral die aarde met sy vier windrigtings of volgens Openbaring die vier hoeke (7:1), en ook al die lewende wesens op aarde en die totale mensheid, veral met die viervoudige, sewemalige



© University of Pretoria

uitdrukking volk, stam, taal en nasie. In Openbaring lees ons van die vier lewende wesens (5:6), die vier engele by die vier hoeke van die aarde, en die vier winde (7:1). Ook die nuwe Jerusalem is vierkantig (21:13 en 16). Die getal vier is duidelik verbind met die natuurwetenskaplike skepping of die kosmiese orde.

**Die getal 5**

God het toegelaat dat die mense vyf maande lank gepynig word (9:5) en vyf maande lank kwaad aangedoen word (9:10). Dit is aangekondig deur die vyfde engel. Die getal dui God (1) se oordelende handelinge aan teen die mense (4) wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie.

**Die getal 6**

Die getal dui die mens aan en in besonder dat die mens op die sesde dag geskep is en alle lewende wesens (4) in pare (2) geskep is. Die lewende wesens het elk 6 vlerke gehad (4:8).

**Die getal 7**

Die getal dui op die allesomvattende skeppingshandelinge en voortgesette handelinge van die Goddelike persoon (3) met sy skepping (4) (3 + 4 = 7), begenadigend en veroordelend. Die getal gaan ook terug op die totale skeppingshandeling van God in sewe dae, en die Israelietiese indeling van die 28 dae maanmaand in vier weke van sewe dae. Regdeur die Ou Testament speel die getal sewe ‘n alles bepalende rol en menige voorbeelde kan opgenoem word. In Openbaring word die getal sewe ook in die onderliggende struktuur gebruik as boodskapdraer. Daar is onder andere sewe sterre, sewe kerke, sewe Geeste, sewe seëls, sewe trompette en sewe bakke. Die astrologiese uitgangspunt van daardie tyd was ook dat daar sewe bewegende sterre/planete as gode is, en het dus ook ‘n kosmologiese verbinding.

**Die getal 8**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die dier wat eers was en nie nou is nie, is self die agste (17:11). Die getal dui die finale en allesoorheersende aardse heerskappy aan van die dier wat saamgestel kan word deur 4+4 of 2+6. Die kerk van Satan (satanic_symbols.htm) van Anton LaVey gebruik ook vandag nog die omgekeerde 8, ook die ewige agt genoem, as simbool vir ewigheid (ad infinitum, infinity, immortality). Die kerk van Satan verduidelik op hul webblad (satanic symbols – 666 black sun) ook hul verstaan van die Swart son met sy agt strale soos gesimboliseer word deur die oktagram. “The true meaning of the Temple of the sun is spiritual. This symbolizes the perfect soul, where the rays from the solar (666 chakra), which is the centre of the soul and circulates spiritual energy, radiates into 8 separate rays where 8 is the number of Astaroth”. Die kerk van Satan vind ook aansluiting by die kerk van Christus deur die getal agt ook te gebruik as aanduiding van die nuwe Jerusalem en Lucifer te identifiseer as die engel van die lig.

Dit is egter baie interessant dat die gematria in die Sibillynse Orakels 1:324–330 aan die Griekse naam van Jesus (Ἰησοῦ) die getallewaarde 888 toeken. Sou dit verregaande wees om te beweer dat Jesus volgens hierdie simboliese gematria die laaste en finale Heerser sal wees ook oor die aarde en die Satan, en dat sy Naam aangedui kan word met die getal 888?

**Die getal 9**

Hierdie getal kom nie in Openbaring voor nie, maar kan in die onderliggende struktuur gesien word as 3×3 of 4+5. Die getal sou dan as die eerste 3 – die Here God, die Lam en die sewe Geeste – kan aandui, saam met die beskrywing “Hy wat is en wat was en wat kom” as die tweede 3 (1:8 en 4:8). Die optelsom 4 + 5 kan dui op die totaliteit van al God se handelinge, heils- sowel as onheilshandelinge, rakende die totale skepping.

**Die getal 10**



© University of Pretoria

Dié getal dui onbetwisbaar ‘n koning of regeerder aan, soos gelees kan word in 12:3, 17:3 en 12. Dit sou ingelees kan word dat God sy volk regeer of hul etiese gedrag reguleer deur middel van die tien gebooie.

**Die getal 12**

Dié getal staan in verband met die twaalf stamme van Israel (7:5–8) in die Ou Testament. In Openbaring 12:1 herinner die twaalf sterre die leser aan die sewe sterre in die hand van die Seun van die mens as die sewe leraars van die sewe kerke. Die vanselfsprekende is dat die getal dus noodwendig ook dui op die twaalf apostels in die Nuwe Testament. In Openbaring 21:12-14 word die getal twaalf verskeie kere gebruik om die goue stad te verduidelik, en die twaalf name op die twaalf fondamente word aangedui as dié van die twaalf apostels van die Lam.

**Die getal 24**

Hierdie getal word konsekwent gebruik vir die 24 trone van die 24 ouderlinge rondom die troon, en word gesien as die volk van God in die Ou Testament, die twaalf stamme van Israel, plus die volk van God in die Nuwe Testament (4:4), die twaalf dissipels en die Nuwe-Testamentiese kerk wat deur hul sending tot stand gekom het.

**Die getal 1 000**

Hulle het lewend geword en saam met Christus duisend jaar lank geregeer (20:4). Waar die getal tien ‘n koning aandui, dui die drievoudige vermenigvuldiging 10 × 10 × 10 die volle mag en regering aan van die Koning van die konings en die Heerser van die heersers (19:17).

**Die getal 666**



© University of Pretoria

"Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is ‘n mens se getal. Sy getal is ses honderd ses en sestig" (13:18). Volgens die getallewaarde (gematria) van die Hebreeuse alfabet tel die getallewaarde van die naam “keiser Nero” op tot 666, en so word die keiserverering en –verafgoding, en ook die Romeise regering en oorheersing simbolies gesien as die aardse vergestalting van die draak soos beskryf in Openbaring 12 en 13. Die drie sesse kan ook die Draak se drie agente aandui, die dier uit die see, die dier uit die aarde en die helder rooi dier. Die sielkunde dui die vrees vir die getal 666 by mense aan in die Latynse getalle, naamlik “Hexakosioihexekontahexaphobia”.

**Die getal 144 000**

In 14:1 lees ons “Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy vader se naam op hulle voorkoppe geskrywe”. Verder lees ons hierdie mense sing ‘n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge, en volg die Lam waar Hy ook gaan. Simbolies word die getal bereken deur 12 × 12 × 10 × 10 × 10, waar die twee twaalfs die verbondsvolk van die Ou Testament en die apostels van die Nuwe Testament aandui, en die driemalige tien die duisend, soos hierbo beskryf, en wat die Lam so aandui as die Koning van die konings en die Heerser van die heersers.

**EKSKURSIE 16: DIE GETAL 7 IN VERBINTENIS MET DIE ENGELE EN DIE KERKE**

Daar moet deeglik kennis geneem word van die Joods-apokaliptiese getallesimboliek, en van die getal sewe wat ten opsigte van die sewe kerke en sewe engele in Openbaring interpretasie begryp moet word. Die getal sewe dui volgens die simboliese betekenis sewe kerke aan. Hulle is die sewe kerke in die Romeinse provinsie Asië aan wie Johannes die openbaring skryf volgens die opdrag wat hy kry in Openbaring 1:11. Sedert die tyd van die Israelietiese



© University of Pretoria

ballingskap en kontak met die Babiloniese sterrekundiges, speel die getal sewe ‘n beslissende rol in die verstaan van alle Joodse literatuur. Dit is van belang vir die verstaan van die skeppingstradisie van die priesterlik bron veral (die Pentateug), vir die verstaan van die godsdienstige geskiedenis van Israel (Deutronomis en Kronis) en ook vir die verstaan van die profetiese en veral die apokaliptiese tradisie. In 1 Henog 72:32b–33 het ‘n Israelietiese siener ‘n jaar beraam op 364 dae, hoogswaarskynlik omdat dié getal deur 7 gedeel kan word, en uitkom op 52 weke van 7 dae elk. Verder baseer Henog sy geografie op die getal 7 deur te skryf van “sewe berge” (77:4), “sewe riviere” (77:5) en “sewe eilande” (77:8).[1335]

Die waarde van Malina en Pilch se “Social Science Commentary” is dat hul navorsing die verstaan van die kosmos binne die konteks van die tyd uitwys in terme van die son, maan en planete en dit sinvol verbind met die getallesimboliek. Malina en Pilch wys uit dat die getal 7 ‘n betekenisvolle getal was ten tyde van die skryf van Openbaring wat duidelik sy fundering vind in die sewe bekende, bewegende sterre van daardie tyd. Dit was die son en die maan wat ook goddelike verering gehad het, en dan Mercurius, Venus, Mars, Jupiter en Saturnus in geen vasgestelde volgorde nie. Vanuit hierdie verstaan word die sewe bewegende sterre simbole vir die sewe engele van die sewe kerke, en word ‘n begrip van ‘n geestelike hemelwese gekoppel aan die geestelike leier van die kerke.

**EKSKURSIE 17: DIE DUISEND JAAR**

Hoewel die feit van die oorwinning oor die Satan en sy engele en hul oordeel heel dikwels in die Nuwe Testament ter sprake kom, en selfs een van die belangrikste aspekte van Jesus se aardse optrede is, en ‘n belangrike rol speel in die verhaal kom die gedagte van die

---

[1335] Sien Malina en Pilch (2000:15–16) “The significance of the number seven is rooted in the seven planets: The Sun, the star of the god of the same name, the Moon, likewise the star of a like-named deity and the other wandering stars of Jupiter, Saturn, Mars, Mercury and Venus. 1 Enoch (77:4–8) bases his geography on sevens; seven high mountains (77:4) seven rivers (77:5), seven large Islands (77:8) and in 72;32–33 an Israelite seer estimated the year at 364 days, perhaps essentially because this number is divisible by 7, this would give exactly 52 weeks of seven days”.



© University of Pretoria

bevoegdheid van die getuies om as regters op te tree vir ‘n simboliese duisend jaar,[1336] slegs in Openbaring 20:2, 3, 4, 5, 6, 7 voor. Dit is in die verstaan van Openbaring belangrik om die teologiese betekenis en bedoeling van die duisend jaar[1337] as term en begrip te probeer interpreteer en verstaan.[1338]

Dit is net eers nodig om die term vanuit die teks aan te haal en bymekaar te bring.

> *‘n Engel het die draak gegryp en hom vir* ***duisend jaar*** *vasgebind. Hy kon nie meer die nasies verlei voordat die* ***duisend jaar*** *om is nie. Die mense het lewend geword en saam met Christus* ***duisend jaar*** *lank regeer. Dit was die eerste opstanding. Die ander het nie lewend geword voordat die* ***duisend jaar*** *om was nie. Díe wat aan die eerste opstanding deel het sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die* ***duisend jaar*** *lank regeer.Wanneer die* ***duisend jaar*** *om is sal die Satan uit sy gevangenskap losgelaat word.*

Daar is hoofsaaklik twee uiteenlopende interpretasies van die duisend jaar met ‘n derde moontlikheid as middeweg[1339] – dat dit eerstens aan die een kant histories letterlik[1340] verstaan moet word en tweedens aan die ander kant uitsluitlik suiwer simbolies[1341] sonder enige gebeurlikheid in die geskiedenis van die mensdom verstaan moet word en derdens die middeweg as ‘n interpretasie dat dit wel letterlik sal gebeur een of ander tyd in die toekoms[1342] – wat die leser in die situasie laat om ‘n persoonlike keuse te maak.

---

[1336] Sien Ekskursie 15: *Die getalle in Openbaring*
[1337] Sien Margaret Barker (2000:338-347) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Millenium Kingdom
[1338] Sien hiervoor die volledige diskoerse van Du Rand (2007:570-575 en 2013:148-200)

[1339] Sien Du Rand (2013:148-176) *Die Einde* vir ‘n volledige hantering en vir die nuutste navorsingsresultate in hierdie verband op hierdie saak
[1340] Die premillennialisme
[1341] Die amillennialisme
[1342] Die postmillennialisme



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Berkhouwer[1343] het met die gedagte na vore gekom dat die duisend jaar nie 'n letterlike tydsaanduiding is nie, maar 'n simboliese aanduiding is van die tydperk van regering van die owerheidsmag. Volgens hierdie interpretasie dui die getal duisend saam met die bindingsgedagte die absoluutheid van Jesus se oorwinning oor die Satan aan, en ook die versekerde oorwinning van die getuies oor die Satan as 'n eindeskatologiese gebeurlikheid. Volgens König[1344] wys Berkouwer tereg daarop dat hierdie verklaring aan die diepste teologiese motiewe van die boek Openbaring reg laat geskied.

Hendriksen[1345] wys op die belang van die verstaan van die verband tussen Openbaring 20 en 12–13 vir die verstaan van die oorlogsaspek en waaroor dit werklik gaan en is 'n waardevolle inset om die verhaal motief van Openbaring makliker raak te lees. Hendriksen[1346] wys verder ook op die opvallende ooreenkomste met Matteus12:22–37 en Johannes 12:12–50 en die belang van die verstaan van hierdie twee tekste vir die verstaan van Openbaring 20. Hendriksen verklaar Openbaring 20 in terme van Jesus se oorwinning oor Satan en sy engele tydens sy aardse optrede, en verder deur die werking van die Gees in en deur die kerk gedurende die duisend jaar van oorlogvoering teen die Satan hier op aarde. Hendriksen kom tot die slotsom dat Openbaring 20 in die lig van die verbandhoudende, vermelde tekste die bind van die Satan vir 'n duisend jaar aantoon dat die Satan se invloed op aarde in so 'n mate beperk en ingeperk is, dat die oorwinning van die kerk onder die nasies deur middel van getuienislewering as 'n aktiewe sendingopdrag, nie verhinder of vernietig sal kan word nie. Die oorlog tussen die Kerk en die volgelinge van Satan geskied binne die beperkte tyd en ruimte wat die Satan en sy volgelinge nog het todat hulle vir 'n klein rukkie losgelaat sal word vir die groot oorlog en finale veldslag (20:7–10), nie om enigsins iets te oorwin nie, maar om hul finaal en vir ewig te verteer. Hendriksen se verklaring kom duidelik neer op 'n

[1343] Berkhouwer (1961:87) *De wederkomst van Christus* 1
[1344] König (1980:173)
[1345] Hendriksen (1977:166–167)
[1346] Hendriksen (1977:169–170)



© University of Pretoria

akkommoderende tweërlei standpunt inname naamlik díe van ‘n werkende gebeure in die geskiedenis as ‘n simbolies-antropologiese sowel as simbolies-pneumatologiese interpretasie.

## EKSKURSIE 18: DIE SKEPPINGSLEER

In Openbaring word twee werkwoorde met besondere betekenis gebruik, naamlik *geskep* en *ontstaan.*[1347] Die woord "geskep" word vir God *alleen* gebruik, en staan in kontras met ander gode en die keiser. Aan die anderkant word die woord ook gebruik vir *alles* wat ‘n aanduiding is dat elke stof, mens en gebeurlikheid van God af kom. Die woord "ontstaan" sou dui op die wil, voorneme en optrede van God en dat God in beheer is van alles wat Hy geskep het. Niks wat gebeur en tot stand kom, is dus uitsluitlik aan die menslike doen en late onderworpe nie, want God is die bron ook daarvan.

‘n Baie belangrike perspektief op ‘n Bybelse Kosmologie – wat die uitgangspunt is in hierdie studie – is dat ‘n Bybelse Kosmologie verskil van die mensnatuurwetenskaplike kosmologie[1348] in die sin dat die Bybel deurgans verkondig dat God geskep het en die Skepper is, en nie hoe God geskep het nie. ‘n Fundamentalistiese perspektief, gegrond op ‘n persoonlike geloofsoortuiging soos die Kreasionistiese beweging dit propageer, dat die Bybel presies en letterlik sou verkondig hoe God geskep het, het katastrofiese interpretatiewe en verstaansrampspoed tot gevolg, veral in die geval van die interpretering van die Openbaringteks. Dit kan wetenskaplik nie so gehandhaaf word nie.

Die eerste sistematiese ontwerp van ‘n skeppingsleer kry ons eers by die Alexandrynse skool van Clemens en Origenes, maar binne die wysgerige skema van die Neo-Platonisme van Plotinus wat eers later deur Augustinus deurbreek sou word. Dit was die biskop van Lyon, Irenaeus, wat in sy *Adversus Haereses* stelling inneem teen die gnostiese dwaling van ‘n

[1347] Du Rand (2007:242)
[1348] Sien vir ‘n verduideliking hiervan Louw Alberts (1996) *Geloof versus Wetenskap* en Bill Bryson (2003) *A Short History of nearly Everything*



© University of Pretoria

radikale diskontinuïteit tussen die Ou en die Nuwe Testament en ook tussen skepping (Bybelse Kosmologie) en verlossing (Soteriologie). Soos die apologete, beklemtoon hy God se transendensie en almag in sy skeppingsaktiwiteit. In aansluiting by die Kappadosiërs van die vierde eeu is Augustinus se aanpak van die skeppingsleer trinitaries van aard en tweedens bevestig hy ook die goedheid van die skepping. By die latere skolastiek was dit Thomas Aquinas wat tot die gevolgtrekking kom dat God as Skepper die eerste oorsaak van alles is.[1349]

Die Reformatore se aksent bou verder voort op ‘n Trinitariese skeppingsleer en plaas die aksent op die woordkarakter van God se skeppingshandelinge. Dit is Luther wat vanuit Romeine 1:17 die sola gratia-gedagte na vore gebring het, en wat op grond van Romeine 4:17 "… dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord", dus ook die sola scriptura- en ook die sola fidei-gedagte na vore gebring het. Die skeppende woord (*dabar*) van God in Genesis 1 bring Luther ook in verband met die woordbegrip (*logos*) in die proloog van die Johannes-evangelie.[1350] Die Reformatore het feitlik glad nie van Openbaring in hul skeppingsleer gebruik gemaak nie, maar Openbaring 19:12 en 13 bring wel duidelikheid oor die belang van God se woord in die skepping en nog meer die naam van God en Jesus: "Daar was ‘n naam op Hom geskrywe … Die Woord (*logos*) van God".

Vir die Ortodoksie is die skepping op voetspoor van die Reformasie die resultaat van God se sprekende en persoonlike woord (*logos hupostatikos*). Vir die Ortodoksie is God se skepping deur die Woord (*per verbum*) die beklemtoning daarvan dat God die persoonlike en lewende God is wat skep en handel deur te spreek, en wie se spreke altyd handeling is. Uit God se handelinge kan sy hoedanighede afgelees word. Daarmee word bedoel dat dit gaan oor hoedanig God se verhouding met sy skepping is. Die hoedanigheid van God se verhouding

[1349] Durand (1981:16–19)
[1350] Durand (1981:22)



© University of Pretoria

met sy skepping word natuurlik vanaf bladsy een in die Bybel, letterlik vanaf Genesis 1:1, deurlopend aan die orde gestel. Die volheid van die Ou-Testamentiese boodskap van die skepping moet verstaan word en onverhinderd die Nuwe Testament binnegaan indien die Nuwe-Testamentiese skeppingsleer in al sy dimensies verstaan wil word.[1351]

Dit is König[1352] wat met besondere insigte na vore gekom het in sy gelowige nadenke oor die skepping en ook die Eskatologiese perspektief van die nuwe skepping hierin inbring. König konstateer dat een van die opvallendste kenmerke van die Ou-Testamentiese boodskap oor die skepping die verskeidenheid van skeppingsvoorstellings is, onder andere daad, stryd, woord, ontstaan en geboorte. Hierdie skeppingsvoorstellings het ook baie in gemeen met ander godsdienstige skeppingsverhale en beskouings. Die groot ooreenkoms tussen Israel en die res van die godsdienste oor die skeppingsvoorstellings bring mee dat daar nie van 'n skeppingsgeloof, of geloof in die skepping, sprake kan wees nie. Daarom behoort die verskeidenheid van skeppingsvoorstellings in die Ou-Testament nie teenoor en in stryd met mekaar gestel te word nie, maar veel eerder as winspunt gesien word in die mensdom se soeke na wie die skepper van alles is. Die strydvraag is eerder "Wie het alles geskep?" en "Hoe is die Een (Hy) wat geskep het?" en dus nie "Hoe het Hy geskep?" nie. Die Ou-Testament bied dus nie 'n skeppingsgeloof of skeppingsverhouding aan nie, maar wel 'n Skeppergeloof of Skepperverhouding.

Indien die Ou-Testamentiese teologie en boodskap as sodanig verstaan word, en Ou-Testamentiese eksegese van die skeppingsvoorstellings, soos dit voorkom in spesifieke perikope, dit metodologies as uitgangspunt aanvaar, sal dit byvoorbaat problematiese antropologiese vrae en benaderings uitskakel. Die bekende Ou-Testamentiese skeppingsperikope is Genesis 1-11, Eksodus in geheel, maar in besonder die wyse waarop

---

[1351] Du Rand (1976:87)
[1352] König (1982:89-105) *Hy kan weer en meer*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

God Hom gedurende die uittog as God openbaar, die Psalms en in besonder 8, 19, 74:12–17, 89:6–15, 104 en 148. Die profete hanteer ook hier en daar die skeppingsmotief, en ook die wysheidsliteratuur soos in Job 38 en Spreuke 8 is die bekendste perikope. Die apokriewe en apokaliptiese geskrifte is ook algemeen bekend vir die besondere skeppingsvoorstellings wat daarin voorkom en behoort in ag geneem en nagegaan te word in die Ou-Testamentiese navorsing oor die skepping en sy Skepper.

Wanneer na die Nuwe-Testamentiese skeppingsleer gekyk word, behoort dieselfde benadering gevolg te word, naamlik dat daar ook skeppingsvoorstellings aan die orde gestel word in die Nuwe Testament. Vir die doeleindes van hierdie studie kan ons direk na Openbaring gaan, aangesien die bekendste skeppingsvoorstelling in die Nuwe-Testament geen ander perikoop kan wees as Openbaring 4 en 5 nie, ten minste as vertrekpunt. König[1353] gaan ook sover om te konstateer dat Openbaring 4, 5:13, 10:6 en 14:7 saam gesien kan word as ‘n samevatting van Genesis 1. Die belangrikste ontwikkelinge benewens dié in die Ou-Testament, is in die Nuwe-Testamentiese skeppingsleer die ontwikkeling van die Trinitariese Doksologiese, Christologiese en Pneumatologiese teologiese motiewe en in Openbaring in die besonder binne die raamwerk van die eskatologiese motief as teologiese motief.

So onderskeidend kan God in huidige natuurwetenskaplike terme beskou word as die proton, Jesus as die neutron, en die Gees as die elektron of die sewe Geeste as die elektrone. So natuurwetenskaplik onderskei, beteken dit dat God met die spreek van sy woord die eerste daad verrig het en die eerste stof as waterstofatoom geskep het. Sonder om te bedoel dat God toe opgehou spreek het, het die Gees van God die skeppingswoord voortgesit en sal dit voortsit totdat dit voltooi is as edelstof of, anders gestel, as eskaton (met die betekenis van ‘n nuwe skepping). Intussen is Jesus ten volle deel van die Skeppingsproses en Hy het self deur die sending van God deel geword van die kosmiese atoom in dié sin dat Jesus self sal verskyn

[1353] König (1982:107)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as die laaste elektron of eskaton en die kosmos sal aktiveer tot 'n nuwe edelstof of nuwe stad, of soos Openbaring dit beskryf: die stad van goud. Dan sal die doel van die trinitariese God met die skepping bereik word en God ten volle verheerlik wees.

**EKSKURSIE 19: DIE KOSMOLOGIE EN DIE STERREKONSTELLASIES**

Vir die teologiese navorser is 'n basiese begrip van die kosmologie en die natuurwetenskappe, veral oor die ontstaan van die heelal en hoe die kosmos vandag natuurwetenskaplik verstaan word, van onontbeerlike belang in die besonder in die Openbaringnavorsing. Die teologiese wetenskap kan dit verseker nie bekostig om spanning te skep tussen die letterlike plat aarde in drie vlakke van die Ou-Testamentiese linguistiek en die wetenskaplike feite van 'n eietydse natuurwetenskap van 'n ronde aardbol nie. Dit sal ook, suiwer wetenskaplik beskou, onverantwoordelik wees om vanuit 'n Bybels-pneumatologiese oogpunt te verklaar dat die Gees van God mense in alle waarheid en wetenskap lei. Vanuit 'n antropologiese uitgangspunt is dit ook van belang dat die mens oor die verstandelike vermoë beskik om driedimensioneel te kan waarneem en te kan interpreteer om die kosmologie te verstaan.

Die internasionaal erkende instansie wat beslissings in verband met die natuurwetenskaplike verstaan van die ganse kosmos en die sterre maak, is die Internasionale Astronomiese Unie (IAU). Dit bestaan uit ongeveer 3 000 lede, en die volgende uitgangspunt word aan hul beslissings ontleen. Die basiese verstaan van die kosmos is dat die son, as 'n hemelliggaam of ster, 'n vaste middelpunt vorm waarom agt planete in sirkels beweeg. Volgens die IAU moet 'n planeet, wat uit hoofsaaklik vaste stowwe bestaan, voldoen aan twee vereistes. Eerstens moet dit groot genoeg wees sodat sy eie swaartekrag dit tot 'n ronde sfeer vorm en tweedens dat dit om 'n ster, wat uit hoofsaaklik gasse bestaan, wentel, maar nie self 'n ster is nie. Naas die son, as ster en vaste punt waarom die agt planete beweeg, is daar 'n ontelbare getal ander



© University of Pretoria

sterre. Sterrekykers deur die eeue heen het ‘n verskeidenheid van sterrekonstellasies beskryf in 'n poging om die hemelruim beter te verstaan en voorspellings te maak oor moontlike kosmiese verskynsels en gebeurtenisse en selfs psigologiese en godsdienstige invloede op mense.

Met die sterrekonstelasies moet daar egter versigtig omgegaan word, soos Herbert en Rogers[1354] dit bepleit. In hierdie verband is dit Malina en Pilch[1355] wat juis die sodiak gebruik om die diere en beelde in Openbaring 4 en 5 te verduidelik. Hul gebruik ook die term “kosmiese Jesus” en “kosmiese Lam” in hul “*Social Science Commentary*”, en hierdie terme moet verduidelik word indien dit gebruik word. Hier wil ek dus waarsku dat daar nie eensydig omgegaan kan word in die sosiaal-wetenskaplike kritiek as navorsingsmetodiek nie. Dit kan hoogstens as hulpmiddel aangewend word om die sosiale konteks van die skrywer en lesers beter te verstaan sowel as die die leser van vandag. Ander benaderings en bronne moet ook nog steeds toegepas en benut word om tot ‘n beter en vollediger verstaan te kan kom.

Dit is van kardinale belang in die verstaan van die Openbaring geskrif om die betekenis van die sterre of die astrologie (kennis van die sterre) en die astronomie (kennis van die hemelruim) van daardie tyd binne sy sosiale konteks te verstaan. Die belang daarvan vind ons veral in die Openbaring 22:16 “EK IS”-uitspraak van Jesus: “EK IS die helder Môrester”. ‘n Goeie begrip van die astrologie van daardie tyd is ophelderend in die verstaan van enige simboliese gebruik van die astrologie.

Herbert en Rogers[1356] beweer daar is ten minste 88 algemeen aanvaarde konstellasies wat mense help om die sterreruim beter en makliker te verstaan. Die bekendste en mees

---

[1354] Herbert en Rogers (1962:101) “Astronomers are convinced that Astrology has no scientific foundation”, maar verder “Nowadays the Zodiac is often linked to astrology, which claims to interpret the influence of stars on people and wordly events”

[1355] Malina en Pilch (2000:69-97)

[1356] Herbert en Rogers (1962:156-157)



© University of Pretoria

toegepaste konstellasie is die sterrejaar, wat ‘n gordel van 12 konstellasies is. Dit staan in Afrikaans bekend as die diereriem of sodiak. Elke sterreteken hierin word met ‘n spesifieke maand verbind. Hulle is – beginnende by die sonstilstand op 22 Desember op die Steenbokskeerkring – die:

| | | |
|---|---|---|
| Steenbok | Capricornus | 22 Des – 19 Jan |
| Waterdraer | Aquarius | 20 Jan – 18 Feb |
| Vis | Pisces | 19 Feb – 20 Mrt |
| Ram | Aries | 21 Mrt – 19 Apr |
| Bul | Taurus | 20 Apr – 20 Mei |
| Tweeling | Gemini | 21 Mei – 20 Jun |
| Kreef | Cancer | 21 Jun – 22 Jul |
| Leeu | Leo | 23 Jul – 22 Aug |
| Maagd | Virgo | 23 Aug – 22 Sept |
| Weegskaal | Libra | 23 Sept – 22 Okt |
| Skerpioen | Scorpius | 23 Okt – 21 Nov |
| Boogskutter | Saggittarius | 22 Nov – 21 Des |

## EKSKURSIE 20: DIE LEER AANGAANDE DIE ENGELELOGIE EN SATANOLOGIE



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Goeie akademiese navorsing oor hierdie twee teologiese motiewe is uiters skaars. Ladd[1357] hanteer in sy teologiese publikasie die onderwerp wel as die eerste punt onder sy driedeling onder die tema "The problem of Evil". Die beste publikasies wat ek kon vind in verband met die Angelogie is dié van Stephan Joubert en Jan van der Watt.[1358] Dié twee skrywers sowel as hul medewerkers, Jurie le Roux, Dirk Human en Hennie Stander, se akademiese en navorsingsuitsette in hul onderskeie vakgebiede getuig van die voortreflike teologiese inhoud en navorsingswaarde van hul bydraes in hierdie publikasie.

Ten opsigte van die Satanologie en die teodisee-vraag daarmee saam, is die skripsie wat ingelewer is as deel van die vereistes vir die magistergraad in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch van E. van N. Huisamen[1359] en die dogmatiese studie van Durand[1360] twee uitnemende navorsingspublikasies. Hierdie publikasies dui die vertrek en uitgangspunte van 'n studie in verband met Engelelogie en Satanologie baie duidelik aan, en kan in enige studie in hierdie verband nie verbygegaan word nie. Die Bybelse waarheid van God se gestuurde engele en die demone, die feitelike bestaan van buitemenslike strukture van goedheid en van kwaad, kan en mag nie misgelees word nie. Engele en Satansengele of demone is die mitologiese name vir konstruktiewe en destruktiewe magte wat dubbelsinnig met mekaar vervleg is en wat met mekaar stry in dieselfde persoon, sosiale groep en sosiale situasie.[1361] Helaas word die Openbaringteks in studies en navorsingspublikasies ongelukkig ook hierin bykans nie gebruik nie.

Engelverskynings, engeloptredes en engelspreke kom algemeen voor in die oudste literatuur en veral in apokaliptiese literatuur soos ondere andere Openbaring. Die sinonieme terme "seraf" en "gerub" kom uit antieke mitologiese verhale en word ook gebruik om engelagtige

[1357] Ladd (1974:624-626) *A Theology of the New Testament*
[1358] Stephan Joubert en Jan van der Watt (1997) *Hy sal sy engel voor jou uitstuur*
[1359] E. van N. Huisamen (1982) *Demoniese Besentheid, 'n Eksegeties-dogmatiese studie*
[1360] Durand (1978:79-113) *Die Sonde*
[1361] Sien Durand (1978:83)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geestelike wesens in die Bybel aan te dui. Verwysings na engele en ander hemelwesens kom ongeveer 258 keer in die Bybel voor. Daarvan bevat die Ou Testament 63 vermeldings terwyl die Nuwe Testament met ‘n oorweldigende getal van 195 keer ‘n besondere prominensie aan die engelevermeldings verleen. In Openbaring word daar 52 keer verwys na engele.[1362] In Openbaring lees ons van verskeie engelverskynings en kry vier verwysings na engeloptredes, 7:1, 8:2, 15:1 en 20:1–3. Nege keer kom engelspreke voor, 7:2–3, 10:1–77, 14:6–7, 8, 9–11, 14–16, 18–20, 18:1–3, en 19:17–18. In Openbaring 14:14–16 en 14:17–20 kry ons ‘n voorbeeld van engeloptredes saam met engelspreke.[1363]

Die ontwikkeling van ‘n engeleleer (Engelelogie) en navorsing in verband daarmee was vir die vroeë kerk van kardinale belang, en is om dieselfde redes vir die kerk van vandag van nog net soveel belang. Die bestaan van engele as diensknegte, boodskapdraers van God en beskermers van mense het in daardie tyd eerstens goed ingepas in die filosofiese denkraamwerke van veral die Neo-Platonisme wat engele gesien het as tussengangers tussen hoofgode en die mense. Hierdie denke is verder vesterk met die godsdiensbeskouing van die Romeine wat bestaan het uit ‘n magdom van gode en minder belangrike gode en verafgoding van die keisers self. Dit te midde van die Bybelse openbaring dat engele nie aanbid moet word nie (Openbaring 19:10 en 22:9). Die kerk moes dus vir die wêreld kon verduidelik wat en wie die engele regtig was, en dat hulle nie presies dieselfde was as die boodskapdraers van ander gode en godsdienste nie.[1364]

Kittel Abridged[1365] verduidelik die sosio-historiese betekenis van die woord engel as volg:

> The word “malak” was used in the OT for both human and angelic messengers and is often combined with God to denote a special angelic being namely “angel of the

[1362] Sien Human (1997:33)
[1363] Sien Du Rand (2007:235 en 299)
[1364] Sien Du Rand (2007:235 en 299)
[1365] G. Kittel I, 80-87 (1985:13-14)



© University of Pretoria

> Lord". This angel has a special commission to help and guide Israel or individual Israelites (See Ex 14:19, Num 22:22, Jos 5:13–16, 1 Kings 19:7). Sometimes he is so closely identified with God as to be almost indistinguishable (Gen 16:7, Ex 3:22). Angelogy increased after the exile, perhaps under outside influences or to maintain the devine transcendence. In Ezekiel and Zachariah the prophets are interpreters. In Job (wisdom literature) the angels, who are not wholly pure (4:17-18), witness creation (38:7) and help in time of need (5:1). In Daniël (7:10) myriads of angels surround God's throne and in Daniël 10:13 and 20 he depicts opposing heavenly forces. The following apochrypha for the most part stays within OT limits (G. von Rad, 1, 76–80).
>
> In apocalyptic literature, however, angels mediate the secrets of nature, converse with figures like Enoch, and are grouped more firmly as good and bad angels. In Judaism angels are not themselves divine but serve to represent God's word and will. They are created and are fully subordinate to God while they speak for God and present prayers to him. In the NT angels appeared to Abraham (Hebr 12:2) and Moses (Acts 7:30) and mediated the law (Acts 7:53). The main NT reference is to angels as devine messengers and heavenly representatives. In Revelation they figure prominently and mainly in the end eschatology-time. The angel of God accompanies the church of God in its mission, acting on the apostles behalf, showing God's will and punishing their enemies.

In die antieke wêreld en mitologie het goeie engele en slegte engele alreeds 'n belangrike plek ingeneem en belangrike rolle vertolk. In die Ou Testament kry ons drie vermeldings van 'n vyandige mag wat die skeppingsorde van God teenstaan en beveg. Die slang in Genesis 3 wat vir die eerste mens Eva, die vrou wat geskep is om geboorte en lewe te gee, verlei tot optrede teen die wil van God. In Eksodus 7:9-12 word die slang in Hebreeus 'n "tanniem"



© University of Pretoria

genoem en in Grieks ‘n “drakoon” genoem, wat beskryf kan word as ‘n seemonster. In Jesaja 27:1 lees ons dat die vinnige kronkelende slang en die monster wat in die see is, Leviatan genoem word en dat die Here sy skerp, groot sterk swaard gebruik om die Leviatan te verslaan en die monster dood te maak. In Jesaja 51:9 lees ons dieselfde wanneer daar uitgeroep word na die Here om in te gryp, want “Is dit dan nie U wat vir Rahab verslaan het nie, wat die seemonster deurboor het nie?” Hieruit is dit duidelik dat die Draak stryd en oorlog simboliseer en God, wat die skepper is van alles, in alles die stryd aansê, maar volgens Openbaring voer die Draak ‘n verlore stryd, want die Lam is die oorwinnaar.

Die kerk het vroeg al binne eie geledere verskeie groeperinge gehad wat dwaalleringe verkondig het oor die Engelelogie en Satanologie. Die opkoms van Arianisme – wat geglo het dat Jesus Christus nie self skepper was nie – het dit genoodsaak dat die verskil tussen Christus en die engele verduidelik moes word. In enige navorsing waar engele dus ‘n rol speel, behoort die Angelogie aan die orde gestel te word. Die Nuwe-Testamentiese en Openbaringsgedagtes van engele word net so ontleen aan hoofsaaklik die Ou Testament en ook ander Joodse geskrifte en konsepte, maar veral die Joodse apokaliptiese geskrifte. Hiervolgens word engele gesien as geestelike wesens in diens van God, of dat hulle dienaars van God is (Openbaring 19:10 en 22:9) en God aanbid (Openbaring 5). Die gedagte van beskermengele is ook aan Judaïsme ontleen, en word op ‘n besondere wyse in Openbaring 7 aan die orde gestel.

## EKSKURSIE 21: DEÏSME, PANTEÏSME, PANENTEÏSME EN TEÏSME

Hoofsaaklik drie godsdienstig-filosofiese begrippe[1366] word gebruik om die moontlike verhouding tussen die transendente “misterium tremendum” en immanente mens te verklaar. Die eerste is die **deïsme** waar die “misterium tremendum” as uitsluitlik transendent verstaan

[1366] Sien Durand (1976:40) vir verduideliking van die begrippe



© University of Pretoria

word en die mens uitsluitlik as immanent. Tweedens die **panteïsme** waar die "misterium tremendum" as slegs immanent geag word en logies dus as objek van die verhouding verklaar word. Die "misterium tremendum" vind sy enkelvoudige immanente bestaan in materievorm, byvoorbeeld die maan, 'n berg, 'n boom, 'n klip, 'n dier, ensovoorts. Die nuutste godsdienstig-filosofiese denkrigting van die postmoderne mens beredeneer 'n nuwesoortige verhouding wat bekend staan as **panenteïsme**, wat daarop neerkom dat die "misterium tremendum" en die mens slegs immanent in verhouding met mekaar staan in 'n subjek-subjek verhouding in die mate dat die "misterium tremendum" nie transendent bestaan nie en die mens dus ook nie transendent kan bestaan nie. Dit word getipeer as die tipiese denke van die New Age-filosofie.

Daarteenoor is die aanvaarbare uitgangspunt die **teïstiese** beskouing, wat daarop neerkom dat die "misterium tremendum" transendent-immanent bestaan en die mens immanent-transendent bestaan, en daar dus vanselfsprekend en vooraf bepaald 'n verhouding bestaan en kan bestaan.[1367] Heyns[1368] maak die belangrike uitspraak dat hierdie bestaansvorm van God tegelyk onverminderd gehandhaaf moet word.[1369] Die teïstiese uitgangspunt behels dus dat dit 'n subjek-subjekverhouding is. Volgens Jonker[1370] word die term "bondgenootskaplikheid" en/of "verbond" gebruik om hierdie verhouding van wedersydse betrokkenheid van God en mens bymekaar tot uitdrukking te bring. God en mens is wel ongelyke partye binne hierdie "verbondsverhouding", maar desondanks albei werklike partye, wat daarop neerkom dat daar 'n verhouding van wedersydse aktiwiteit tussen God en die mens bestaan.

[1367] Sien Heyns en Jonker (1977:151)
[1368] Heyns (1978:44)
[1369] Heyns (1978:44) beredeneer dit so dat indien dit nie gehandhaaf word nie en die transendensie alleen beklemtoon word, dat Gods kreatuurlike werklikheid in die misterieuse verdwyn, terwyl aan die kreatuurlike werklikheid Goddelike kwaliteite toegeken word, die deïsme. Wanneer die immanensie alleen beklemtoon word, word Gods werklikheid tot bloot 'n perspektief van die kreatuurlike werklikheid verlaag, die panteïsme.
[1370] Jonker (1989:198)



© University of Pretoria

Die teïsme handhaaf die uitgangspunt dat die "misterium tremendum" 'n selfgeopenbaarde eienaam en etiese persoonlikheid het.[1371] Die openbaring van die Godsnaam vind ons in Exodus 3-4:17[1372] en die Openbaring van God as etiese persoonlikheid in Exodus 19 en 20.[1373] Hierdie openbaarmaking van die Godsnaam en hoedanighede van God in terme van sy etiese werking kom dus ook eerstens langs die weg van die profetiese figuur Moses tot die uitverkore volk van God en hul nageslag. Hierdie openbaringservaring van God wat vir geen ander god naas Hom ruimte laat nie, lei tot die erkenning van die EEN GOD, die **monoteïsme**, soos verwoord staan in Deuteronomium 6:20–25, 26:5–9a en Josua 24:2–15.

## EKSKURSIE 22: DIE AFLÊ VAN 'N EED

Ford[1374] maak 'n Ou-Testamentiese toespeling of lê 'n verband tussen die eed in Openbaring en die eed van die vrou wat verdink word van ontrouheid aan haar man, en wat voor die priester gedaag word om 'n eed van waarheid af te lê en 'n toets te deurloop.[1375] Die betekenisvolle verband tussen hierdie Ou-Testamentiese eed en die moontlike verband met die eed in Openbaring vind sy begronding daarin dat die vrou wat staan onder 'n eed dat 'n vloek haar kan tref indien sy skuldig is, moet sê "Amen, Amen". "Die priester moet hierdie vervloeking neerskrywe en die letters uitwis in die water wat bittere smart sou kan veroorsaak. Hy moet die vrou van die water laat drink wat bittere smart en vloek oor haar kan bring, sodat die water wat 'n vloek van bittere smart veroorsaak, in haar kan ingaan".

Ford[1376] stel dan voor dat hierdie voorskrif vir gevalle van agterdog oor ontrou teen 'n vrou 'n sleutelrol vertolk vir die verstaan van die eet van die boekie in Esegiel 3 en Numeri 5:23 en in Openbaring 10, veral binne die Openbaring konteks van die sedelose vrou en in kontras

[1371] Sien Boshoff (1987:37) in *Fenomenologie van die Godsdiens*
[1372] Durand (1976:87) noem dit die identiteitsuitspraak van die Ou Testament
[1373] Durand (1976:87) noem dit die openbaring van die Ou Testament van die hoedanighede van die "misterium tremendum"
[1374] Ford (1975:163–167)
[1375] Sien Numeri 5:11–31
[1376] Ford (1975:164)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarteenoor die bruid en die bruilofsfees van die Lam. Vir hierdie navorsing kom die belang van die getrouheid van die getuies teenoor die Lam en die volharding daarin deur hierdie sleutel van verstaan dan duidelik na vore. Die effek wat die inneem van die boekie[1377] het op die getuienis, soos dit hier beskryf word, verduidelik Ford[1378] as "… an impressive chiastic structure for emphasis".

A Dit sal jou maag bitter maak

B In jou mond sal dit so soet soos heuning wees

B In my mond was dit so soet soos heuning

A Toe ek dit insluk, het my maag bitter geword.

Die algemeen aanvaarde verstaan hiervan is dat die stem van God, simbolies die donderslae, wat ook die gebooie van God of die Woord van God is, vir die getroue getuie soet in die mond is.[1379] Die bitter in die maag hou dan verband met die lydensbeker wat gepaard gaan met die martelaarskap van getroue getuie wees. Dit gee ook meer duidelikheid aan die simboliese opdrag aan Johannes om die boekie te eet. Die opdrag hier is om die oop boekie[1380] te gaan neem uit die hand van die Engel wat met sy regtervoet op die see en met sy linkervoet op die land staan, as 'n aanduiding van sy alleenheerskappy oor die see en die land. Die ooreenkoms en parallel met Openbaring 4 en 5 is opvallend. In Openbaring 4 is dit God, die Een wat op die troon sit, wat die boek in sy regterhand het; en in Openbaring 5 is dit die Lam wat geslag was wat volgens 5:7 "… die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit". In Openbaring 10:8–10 is Johannes die getuie wat die boekie neem by

[1377] Sien Meredith J.C. Warren (CBL 2015) *Tasting the little Scroll: A sensory Analysis of Divine interaction in Revelation 10:8-10*

[1378] Ford (1975:165)
[1379] Sien Du Rand (2007:360) en ook Psalm 119:103, Spreuke 24:13-14 en Jeremia 15:16
[1380] Sien ook Openbaring 10:9–11 en Esegiël 2:9



© University of Pretoria

die ander sterk engel, wat ons sien as die Lam wat geslag was en so die opdrag om te profeteer self aan sy getuie gee. Die simboliese opdrag om die boekie te eet, wys heen na die roepingsopdrag van die profeet in Esegiël 3; en saamgelees met Openbaring 10:5–7 wys dit heen na Numeri 5 soos Ford[1381] dit uitwys en volledig beskryf.

**EKSKURSIE 23: DIE TWEE GETUIES**

In die beskrywing van die twee getuies in Openbaring 10 en 11 is daar verskeie toespelings op die Ou-Testamentiese profete, veral Daniël, maar ook op die boeke Eksodus, Numeri en Esegiël. In Openbaring 10:1–4 sien Johannes ‘n sterk engel uit die hemel uit afkom soos in Daniël 12:7, Openbaring 5:2 en18:21. Hierdie engel is omhul met ‘n wolk as teken van God se teenwoordigheid,[1382] bokant sy kop is ‘n reënboog[1383] as teken van al die kleure in die kosmos en die Noagitiese verbond met God as Skepper, sy gesig straal soos die son, net soos die voorkoms van die Seun van die mens in Openbaring 1:16 as teken van God se seën, soos in die Äronitiese seën,[1384] en sy voete is soos vuurpilare as aanduiding van sy mag en beheer oor die land en die see waarop hy staan. Hy het met ‘n groot stem uitgeroep soos ‘n leeu wat brul,[1385] en die sewe donderslae het hulle stemme laat hoor (Psalm 29). Dit toon ‘n duidelike verbintenis met die stem van die Here God binne die Sionstradisie van die Ou Testament.[1386] Hierdie engel is ‘n simboliese verskyning van Jesus aan Johannes, en ‘n tipiese profetiese roepingsvisioen met ‘n duidelike opdrag aan die geroepene.

Die Engel wat toe sy regterhand opgelig het na die hemel toe en ‘n eed[1387] afgelê het, (10:5–8) kan volgens Du Rand[1388] gesien word teen die agtergrond van Genesis 14:22–23 waar

[1381] Ford (1975:163–166)
[1382] Sien Eksodus 40:34–38
[1383] Sien Genesis 9:13, Esegiël 1:28, Openbaring 1:3
[1384] Sien Numeri 6:22–27
[1385] Sien Jeremia 25:30, Hosea 11:10, Amos 1:2, 3:8, Joël 3:16, Openbaring 5:5
[1386] Sien Ford (1975:163)
[1387] Sien Ekskursie 22: *Die aflê van ‘n eed*
[1388] Du Rand (2007:358)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Abraham belowe dat hy niks van die koning van Sodom sou neem nie, en dit bevestig het met sy hand wat opgelig was toe hy die eed afgelê het. Opvallend is dat die eed in beide gevalle verband hou met die Skepper en sy skepping. Die ooreenkoms hier met Daniël 12:7 is in so 'n mate opvallend dat die parallel tussen Daniël 12 en Openbaring 10 onmiskenbaar is.

Ten slotte volg op hierdie eerste deel van die visoen van die sewende trompet die profetiese opdrag aan Johannes en elkeen wat ná hom sal kom, naamlik aan elke getroue getuie: "Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig (Openbaring 10:11). Die opvallende hier is dat die woordstamme in hierdie sewemalige gebruik van die frase "volke, nasies, tale en stamme/konings" vervang word met die woord konings. Dit is volgens Du Rand[1389] om die nadruk te plaas op die feit dat God se boodskap in die besonder ook gerig moet word tot die konings of regeerders. Hierdie profetiese roeping en opdrag word besonder gepas as volg deur Ford[1390] uitgedruk: "The angelic messenger bridges the gap between heaven and earth and delivers an earthly commission to the prophetic witness".

Binne hierdie konteks is die tempel[1391] heel gepas. Dit is in die jaar 70 n.C. vir die derde keer deur die Romeine afgebreek, en het die volk van God sonder hul God gelaat. Hierdie opdrag om op te meet, het dus ‘n besondere betekenis en roeping dat die tempel weer herbou moes word, en herinner ons aan die profeet Esegiël 40–48 en die profeet Sagaria 3:1–4:14.[1392] Die opmeting van die tempel in Openbaring met die oog op die heropbou daarvan het egter ‘n ander verwagting en bedoeling as die Ou-Testamentiese Joodse verwagting. Hier gaan dit oor God se tempel wat in die hemel is en sigbaar moet word soos dit inderdaad in Openbaring 11:19 aangekondig en in Openbaring 21:9 tot 22:5 beskryf word. Die verwagting en

[1389] Du Rand (2007:361)
[1390] Ford (1975:173)
[1391] Sien Margaret Barker (2000:12-26) in *The Revelation of Jesus Christ*: The Temple
[1392] Sien Ford (1975:173)



© University of Pretoria

bedoeling van die opmeting van die tempel behels hier simbolies beskryf die uitverkiesing, afsondering en bewaring van die Godsvolk.

Die Ou-Testamentiese verwagting dat iemand uit die nageslag van Dawid sal kom om die tempel te herbou, het bly voortleef in die harte en die oortuiging van veral die apokaliptici sedert Daniël en die gruwel van die verwoesting in die tempel wat deur Antiochus Epiphanus veroorsaak is in ongeveer 167–163 v.C.. Die apokaliptici het egter die verwagting gehad dat ‘n Messiaanse figuur uit die geslag van Dawid na vore sou tree om die tempel te herstel, maar ‘n nuwe gedagte kom nou daarmee saam, naamlik dat die Messias ‘n gans nuwe en gans andere tempel sou bou. Vandaar die toekomsgedagte of teologiese motief van die eskatologie wat by die apokaliptici na vore kom, en al sterker ontwikkel word en uiteindelik sy beslag vind in die opskrifstelling van die Openbaringboek. Dit is teen hierdie agtergrond dat die twee getuies opdrag gegee word (11:3) om God se boodskap te verkondig ondanks martelaarskap.

Volgens Du Rand[1393] is daar oor die agtergrond en identiteit van die twee getuies in Openbaring 11 al heelwat bespiegel, en verskeie verklarings en verduidelikings is al gegee. Die twee getuies word hier aangedui as twee olyfbome en twee lampe wat voor die Here staan, en word ontleen aan Sagaria 4 met die verduideliking in 4:14 dat dit twee gesalfdes is wat in diens staan van die Hom aan wie die hele aarde behoort. Du Rand stel voor dat die agtergrond vir die twee getuies in die profeet Sagaria gesoek moet word. Volgens Sagaria 3–4 en 6:9–14 gaan dit hier oor Jesua as hoëpriester en Serubabel as koning uit die Dawidshuis. Simbolies word hul aangedui as twee olyfbome weerskante van ‘n lampstaander, een regs en een links. Die verduideliking is dat die twee olyfbome die twee gesalfdes aandui wat in diens staan van hom aan wie die hele aarde behoort.

1393 Du Rand (2007:381)



© University of Pretoria

‘n Baie vroeë Joodse tradisie het twee Messiaanse figure as gesalfdes van God verwag, een as ‘n priesterlike Messias uit die Aäronshuis en ‘n tweede koninklike Messias uit die Dawidshuis. Daar was ook ‘n verwagting van ‘n enkele eskatologiese profeet wat sou terugkeer, en die profeet Elia word hoofsaaklik aan hierdie verwagting gekoppel. Volgens oorlewering in die geskrifte van die Joodse apokaliptiek word Henog ook voorgehou as een van die eskatologiese profete wat die koms van die Messias vooraf sal gaan en in die Elias-apokalips stry die twee profete Elia en Henog teen die Satan net soos Jesua deur die Satan aangekla word in Sagaria 3:1.

Die twee getuies in Openbaring lyk na ‘n toespeling op Moses en Elia. Die twee getuies se name word nie genoem nie, maar in die werke wat met hul verbind word, is die toespeling duidelik op Elia en Moses. Die vuur uit die hemel en die droogte lê die verband met Elia, en die water wat in bloed verander, die verband met Moses. So gesien, sou Moses die wet kon verteenwoordig en Elia die profete, die profesie, of volgens Openbaring die getuies. God het Moses (Eks 7:17) en Elia (1 Kon 17:1) gebruik om plae oor sy teenstanders te bring. Volgens oorlewering is Moses en Elia ook die twee profete wat lewend in die hemel opgeneem is, en volgens oorlewering sou hulle twee weer terugkeer om God se volk te verlos deur plae oor die teenstanders te bring. Volgens die Openbaringkonteks konstateer ek dus dat die twee getuies die wet of Woord aan die een kant simboliseer, en die getuienis aangaande Jesus aan die ander kant simboliseer.

## EKSKURSIE 24: DIE ESKATOLOGIE IN OPENBARING

In die lig daarvan dat ek die genre van Openbaring tipeer as hoofsaaklik 'n apokaliptiese eskatologie,[1394] spreek dit vanself dat die eskatologiese motief in Openbaring[1395] sterk ontwikkel sal wees, en as teologiese motief tot sy reg sal moet kom in enige Openbaring

[1394] Sien Durand (2013) *Die Einde,* se publikasie in hierdie verband
[1395] Sien Openbaring 1:7/5:9–10/14:3–4/21:1–22:6/22:20



© University of Pretoria

navorsing. Die term eskatologie kom van die twee Griekse woorde ἔσχἄτος (heel laaste) en λόγος (woord)[1396] met die saamgestelde letterlike betekenis van die "woord aangaande die heel laaste dinge”.

Hendriksen noem hierdie “woord aangaande die heel laaste dinge” die leerstelling van die voleinding. Heyns[1397] sluit hierby aan wanneer hy die laaste hoofstuk van sy *Dogmatiek* as die “Voleinding” benoem, en inleidend vermeld dat dit immers gaan om die voleinding. Soos ek dit begrond vanuit die Openbaring teks (1:1-3), gaan die Eskatologie oor “Die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, want die eindtyd is naby”, en (1:19) “Skrywe nou op wat jy gesien het wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur”. Hiervolgens is Heyns inderdaad korrek om te beweer dat die Eskatologie ‘n kronologiese dimensie het wat handel oor die toekomstige eindtyd, maar ‘n toekoms wat nooit losgemaak of losgedink kan word van die hede of die verlede nie.

Bogenoemde twee teksverse (1:1-3 en1:19), kan ook onderskeidelik direk verbind word met die twee tekste wat in verband staan met die selfopenbaring van God: “Ek is die Alfa en die Omega, sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige (1:8)” en “Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die begin en die Einde” (22:13). Hierdie verse stel die plek van die trinitariese verstaan van die Eskatologie duidelik aan die orde. Tereg beweer Heyns dat die Eskatologie nie verskraal kan word tot ‘n eensydige Doksologie, Christologie of Pneumatologie nie, maar volledig trinitaries verstaan moet word, naamlik dat die Here God aanbid moet word omdat Hy geskep het, van Jesus getuig moet word omdat Hy die eerste is wat uit die dood uit opgestaan het, en die Gees van God die profesie gegee het, ook in verband met wat kom.

[1396] Sien Hendriksen (1979:6)
[1397] Heyns (1978:390)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tereg beweer Du Rand[1398] dat die apokaliptiese eskatologie 'n duidelike fokus plaas op die universeel kosmiese werklikheid. Daarmee saam word die fokus ook geplaas op die geestelike wesens, goeie en slegte engele, en aanvullend hierby my toevoeging: die volhardende getuienis van die getuies in 'n tyd van krisis, soos Du Rand[1399] dit wel vermeld in sy artikel in Scriptura, *Hoe reageer 'n kerk in krisis?* So gesien, word die eskatologie volgens Hendriksen[1400] meerendeels in twee kategorieë onderskei en hanteer, naamlik die individuele en die algemene, en volgens Heyns[1401] die individuele en universele kategorieë.

Dit is vervolgens belangrik om die ontwikkeling van die Eskatologie vanuit die historisiteit daarvan, sy teenswoordige konteks en beweging na die toekomstige te verstaan en in hierdie ontwikkeling speel die pneumatologiese en missiologiese motiewe in die teologie 'n bepalende rol. Vanweë die gepaardgaande ontwikkeling in die beskrywing van die teologiese motiewe, soos veral die koms van die heil deur die sending van die Seun, die missiologiese gerigtheid deur die sending van die Gees, die sending van die kerk en haar getuies en eventueel die terugkeer van die Lam Regter en as oorwinnaar, neem die eskatologie in Openbaring die vorm aan van 'n progressief ontvouende[1402] eskatologie wat deurlopend in berekening gebring moet word.

Schnelle[1403] beskryf die eskatologie in Openbaring as volg:

> "…movement from present distress to ultimate victory in heaven and on earth". "The future events do not themselves bring forth the fundamental turn of history but are the final revelation and validation of the power of God".

[1398] Du Rand (2013:26)
[1399] Du Rand (1990:298)
[1400] Hendriksen (1979:7–8)
[1401] Heyns (1978:393–414)
[1402] Sien Hendriksen (1977:28-29) "Die boek Openbaring bestaan uit sewe gedeeltes. Hulle is parallel. Die sewe gedeeltes is gerangskik in stygende orde tot 'n klimaks. Aan hierdie opvatting gee ons die naam *Progressiewe Paralellisme*".

[1403] Schnelle (2009:768)



© University of Pretoria

Dit is ook belangrik om te weet dat die toekomstige heil sal kom deur 'n apokalipties-kosmologiese gebeurtenis wanneer die Lam terug keer as die Afstammeling, die Nakomeling van Dawid, die helder Môrester en die Bruid. Hierdie keer sal sy sending nie die dood behels nie, maar die oorwinning oor die dood, die Draak en sy volgelinge. Hierdie gebeurtenis sal ook die finale oordeel wees oor die Draak en sy volgelinge en die brenging van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, 'n totale nuwe skepping, beskryf as die stad van goud met 12 poorte en 12 fondamente met die boom van die lewe wat 12 keer per jaar sy vrugte dra.

## EKSKURSIE 25: DIE SEWE STEDE IN OPENBARING EN PATMOS

### EFESE

Efese (Selçuk) was een van die drie grootste stede in Klein-Asië. Dit was 'n hawestad met 'n kwartmiljoen inwoners en was geleë waar die Kaisterrivier in die Egeïese See vloei. In die jaar 133 v.C. het Efese onder die Romeinse bewind gekom. Die stad het flink handel gedryf omdat dit op drie groot handelsroetes geleë was. Dit is "die mark van Asië" genoem. Efese het op ekonomiese en administratiewe gebied uitgeblink, en ook op godsdienstige gebied 'n rigtinggewende rol gespeel. Die tempel vir die vrugbaarheidsgodin Artemis/Diana (Hand 19:23–40) was een van die sewe wonders van die antieke wêreld, en vier keer groter as die bekende Partenon in Atene. Duisende priesters, priesterresse en prostitute is daar gehuisves. Die Artemiskultus was baie gewild in Efese (Hand 19:23–24) en die keiserkultus het gedurende die bewind van keiser Domitianus daar gefloreer. Efese is selfs die "bewaker" van die keiserkultus genoem en 'n tempel vir Domitianus is daar opgerig. Beelde van Artemis en dele van Domitianus se beeld is vandag in die Efesemuseum te sien. Volgens Handelinge 19:19–20 was daar ook 'n lewendige belangstelling in die toorkunste. Daar was 'n beduidende Joodse gemeenskap in Efese, en sommige Jode het Romeinse burgerskap verkry. Hierdie stad het later deurgeloop onder die aanvalle van die Mongole en die Turke, en in 262



© University of Pretoria

n.C. het die barbaarse Gote Efese geheel en al verwoes sodat slegs ‘n aantal bouvalle daarvan oorgebly het.

Efese, wat in Openbaring eerste genoem word, was in daardie tyd die grootste stad in die hele provinsie met ongeveer 300 000 inwoners. Dit was die hoofstad van die Romeinse provinsie Asië. Die invloed wat van Efese na Asië uitgegaan het, kan nouliks oorskat word. Paulus het met sy tweede en derde sendingreise ook Efese besoek – dit word beskryf in die Handelinge van die Apostels (Handelinge 18:18–20:37). Die interessante is dat Paulus met sy tweede sendingreis volgens Handelinge 16:6 deur die Heilige Gees verhinder is om die Woord in die provinsie Asië te verkondig. Paulus-hulle het toe deur Frigië en Galasië gereis. Op pad terug na Antiochië in Sirië, het Paulus wel Efese aangedoen, waar hy na die sinagoge gegaan het en met die Jode geredeneer het. Hulle wou gehad het hy moes langer vertoef, maar sy antwoord was: “As God wil, kom ek na julle toe terug” (Hand 18:19–20).

Tydens sy derde sendingreis het Paulus Efese weer aangedoen en ‘n tyd lank in die provinsie Asië vertoef. Volgens Handelinge 19:26 het Paulus daarin geslaag om nie net in Efese nie, maar ook in byna die hele provinsie Asië, 'n groot aanhang te verwerf. Die Efesiërs was baie trots op die tempel van die godin Artemis. Die Artemiskultus in die Asië van destyds – en dus in die sewe genoemde stede – was van groot belang en invloed. Opgrawings in Efese het die groot tempel van Artemis sowel as ‘n lewensgrootte beeld van haar blootgelê. ‘n Model van hierdie tempel, sowel as twee beelde van Artemis, is vandag te siene in die Efesemuseum. Volgens ander historiese bronne en opgrawings was Efese en die hele provinsie Asië onder die invloed en beheer van die keisers. Die stad kan dus ook beskou word as die beskermer van die keiserverering wat van tyd tot tyd en plek tot plek kultiese trekke aangeneem het.

**SMIRNA**



© University of Pretoria

Smirna (Izmir) is ‘n hawestad geleë aan die Hermusriviermond. Dit was ‘n pragtige stad met ongeveer honderd duisend inwoners. Volgens oorlewering is die bekende Griekse skrywer Homeros hier gebore. Die stad was bekend vir sy vele tempels wat gewy is aan onder andere die godin Roma, die gode Asklepius, Zeus en Kubele, en die keisers Augustus en Tiberius. Dit was ‘n hoofsentrum vir die keiserkultus en ‘n sentrum van goeie wynbou, wetenskapsbeoefening en die mediese wetenskap. Hier was ook ‘n groot Joodse bevolking wat die lewe vir die christene en ander godsdiensgroeperinge moeilik gemaak het. Die sogenaamde Romeinse vrede (*pax romana*) het die inwoners van Smirna só bevoordeel dat hulle in vrede geleef het, skatryk geword het, en die goddelike Rome, Dea Roma, begin aanbid het. Smirna het verskeie aanvalle en verwoestings oorleef, en is telkens herbou. Ná ‘n vernietigende aardbewing in die jaar 178 n.C. is die stad herbou. Turkse aanvalle is redelik suksesvol afgeweer totdat die Moslems die stad oplaas ingeneem het. Enkele bouvallige strukture is vandag nog in die huidige stad te sien.

**PERGAMUM**

Pergamum (Bergama) was ‘n vooruitstrewende stad en ongeveer 24 km vanaf die see op ‘n berg geleë. Dit kan vandag bereik word per kabelspoor. In die derde eeu voor Christus het Aleksander die Grote dit in ‘n militêre vesting omskep omdat dit so strategies geleë was. ‘n Akropolis of stadvesting is op die berg gebou met onder andere ‘n tempel ter ere van Atena, ‘n reusealtaar gewy aan Zeus, en ‘n biblioteek wat 200 000 boekrolle bevat het. Soos Atene en Aleksandrië, was Pergamum 'n sentrum van geleerdheid. Die vervaardiging van perkament – die huide van diere wat behandel is en waarop geskryf is – was ‘n florerende bedryf. Pergamum was ook ‘n godsdienssentrum van formaat, en verskeie tempels, altare en heiligdomme is daar opgerig. Tekens van keiserverering is vandag nog duidelik sigbaar. Die tempel en altaar van Zeus het op ‘n hoë terras gestaan en as baken in die stad gedien. Hierbenewens was daar ook tempels vir Atena (die godin van oorwinning en die



© University of Pretoria

beskermgodin van die stad), Dionusos ('n beskermgod met ‘n bul as simbool) en Asklepius (die god van genesing met ‘n slang as simbool).

Die Asklepion was ‘n bekende mediese sentrum en mense het van heinde en ver gekom om genesing daar te soek. Die siekes is oornag in ‘n lokaal vol slange gelos om deur die moontlike aanraking van ‘n slang genesing te vind. Vandaar die slang wat vandag nog op mediese wapens gebruik word. Nadat die Romeine die stad in 129 v.C. verower het, is daar ook ‘n tempel ter ere van die keiser gebou. Pergamum het later die hoofsentrum van die keiserkultus geword, en het die status verwerf as die beskermer van die keiserkultus. Die bevolking aan die einde van die eerste eeu ná Christus was ongeveer twaalf duisend mense, waarvan minstens een derde slawe was. Hierdie stad is in 716–717 n.C. deur die Arabiere ingeval en finaal verwoes.

**TIATIRA**

Tiatira (Akisar) is ‘n kleinerige, onbekende stad wat in die derde eeu voor Christus op vrugbare grond aangelê is as ‘n militêre vesting. In die jaar 190 v.C. is Tiatira deur die Romeine verower en verder as ‘n strategiese militêre stad uitgebou. Die stad was bekend vir sy gildes of vakbonde vir tekstielwerkers, skoenmakers en bronssmede. Dié gildes was die spil waarom die sosiale, politieke en godsdienstige lewe in Tiatira gedraai het. Elke gilde het ‘n eie beskermgod of -godin gehad aan wie groot feeste gewy is. Diegene wat nie hieraan deelgeneem het nie, is gebrandmerk. Die aanbidders van Apollo, die songod en seun van Zeus, was die grootste godsdiensgroep. Hierbenewens was die godsdienstige lewe sinkretisties. Die bekende Lidia, wat in pers wolmateriaal handel gedryf en in Filippi gewoon het (Hand 16:12–15), was tewens uit Tiatira afkomstig. Teen die tweede eeu ná Christus was die stad ‘n vooruitstrewende nywerheidsreus, maar is later deur die Turke en die Arabiere ingeneem.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SARDIS**

Sardis (Sart) was ‘n versterkte stadsvesting (akropolis) op 'n hoë rif wat slegs van die suidekant af bereik kon word en feitlik oninneembaar was. Later het die stad laer afgeskuif na die vrugbare Hermusriviervallei. Sardis was geleë langs groot handelsroetes en het ontwikkel tot ‘n vooruitstrewende landboustad met tekstielbedrywe. Dit het gelei tot ‘n kosmopolitiese bevolking met allerlei invloede. Vanweë die voorspoed was materialisme was aan die orde van die dag. In die omgewing het ook heelwat Jode gewoon wat hul invloed deeglik laat geld het. Sardis se Jode het volgens Josefus groot bedrae geld aan die tempel in Jerusalem oorbetaal. ‘n Groot sinagoge is later in Sardis opgegrawe. Danksy opgrawings weet ons van ‘n groot tempel van Artemis wat nooit voltooi is nie. Die beskermgodin van Sardis was Kubele, die godin van lewe en onsterflikheid, wat volgens oorlewering dooies kon opwek.

Van 680 v.C. was Sardis die hoofstad van die Lidiese koninkryk, maar is in 547 v.C. ingeneem deur die Perse. Alexander die Grote het die stad in 334 v.C. afgeneem by die Persiese Ryk en dit het daarna die hoofstad van die Seleukidiese ryk (281–190 v.C.) geword. Vervolgens het Rome tot 133 v.C. vanuit Pergamum oor Sardis geheers. Sardis het in hierdie tyd tussen sestig en honderd duisend inwoners gehad. Nadat ‘n aardbewing Sardis in 17 n.C. in puin gelê het, het keiser Tiberius die stad vyf jaar lank van belasting kwytgeskeld sodat dit herbou kon word. Bekende persone wat verbind word met Sardis, is die legendariese koning Kroesus van Lidië wat volgens ‘n legende alles waaraan hy geraak het, in goud laat verander het. Dié legende is waarskynlik ontleen aan die ontdekking van goud in die Pactolusrivier wat deur die stad loop. Melito was ‘n bekende biskop van Sardis, wat in 161 n.C. die bekende brief van Antonius Pius ontvang het wat die vervolging van die christene verbied het. Die Arabiere het die stad in die jaar 716 n.C. finaal verwoes.

**FILADELFIA**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Filadelfia (Alascehir – die stad van god) is langs die Kogamisrivier in die vrugbare Hermusvallei op die hoofposroete geleë. Hierdie militêre en handelsentrum in die provinsie Frigië het bekend gestaan as die poort na die Ooste. Die stad se naam beteken "broederliefde" en spruit waarskynlik uit 'n voorval tussen twee broers wat moontlik die stigters van die stad was. Eumenes II (197-159 v.C.) was die koning van Pergamum en die broederliefde van sy jonger broer Attalus 11 (159–138 v.C.) was alombekend. Die Romeine het blykbaar die jonger Attalus probeer oorhaal om teen sy broer te draai, maar sonder sukses. Dié liefde tussen die broers het waarskynlik aanleiding gegee tot die totstandkoming en naam van die stad.

Omdat landbou die vernaamste bedryf was, was Dionusos, die god van wyn, die stad se beskermgod. Onder die bewind van keiser Domitianus is 'n wet in 92 n.C. uitgevaardig dat die wingerde vervang moes word met graanlande om kos aan die weermag te voorsien. Die bedoeling was ook om eerder Italië se wynbedryf te bevorder, maar dit het Filadelfia en Asië se ekonomie benadeel. Daar was ondanks verskeie afgodsaltare ook 'n sterk Joodse bevolking. In 17 n.C. is die stad saam met Sardis en verskeie ander stede in 'n aardbewing verwoes. Keiser Tiberius het Filidelfia ook vir vyf jaar kwytgeskeld van belasting sodat die bewoners die stad kon herbou, maar sporadiese naskokke het dit bemoeilik. In die jaar 390 n.C. is die stad deur die Turke verower en mense het hulle al meer in die omliggende gebiede gevestig.

**LAODISEA**

Laodisea (Denizli) is voor 253 v.C. in die Seleukidiese provinsie Frigië gestig deur koning Antiogus II. Dit is vernoem na sy vervreemde vrou, Laodike. In 133 v.C. het Laodisea onder Romeinse heerskappy gekom en deel geword van die Romeinse provinsie Asië. Die Romeinse veelgodedom, en veral Zeus, Apollo en Klaros is aanbid. Die Judaïsme het ook 'n



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groot aanhang geniet, en sinkretisme was aan die orde van die dag. Laodisea is geleë by die kruising van twee sleutelroetes na Oos-Klein-Asië, naamlik die hoofpos- en hoofhandelsroete langs die Lycusrivier vallei. Die gunstige ligging het van Laodisea ‘n sentrum van handelsbedrywighede gemaak, en geldwisseling was aan die orde van die dag. Laodisea was bekend as die bankstad van Asië, en het mettertyd die administratiewe en juridiese sentrum van die hele Frigië geword.

Laodisea was bekend vir tekstielware van swart wol en 'n beroemde mediese skool wat as ooghospitaal uitgeblink het. Die stad was kwesbaar weens ‘n knaende watertekort. Water moes met ‘n waterleiding tien kilometer ver na die stad gelei word. Die aardbewings, wat so bekend was in hierdie gebied, het die stad in 60 n.C. verwoes, maar alle aanduidings is dat die stad weer herbou is, want dit is eers gedurende die Middeleeue in die Moslemoorloë finaal vernietig. Kerkhistories is daar in 361 n.C. ‘n groot sinode hier gehou (Du Rand 2007:208 en Wilson 2002:35). Bybelhistories maak Paulus in sy brief aan die gelowiges in Kolosse melding van Laodisea en Hiërapolis (Kol 4:13). Geografies is Kolossia en Hiërapolis digby Laodisea geleë, en vermoedelik was hulle woongebiede van die groter Laodisea en onderhorig aan dié se stadsbestuur. Histories is nooit weer na Kolossia verwys nie, en daar word aanvaar dat dié woongebied ná die aardbewing in 60 n.C. nie herbou is nie.

**PATMOS**

Patmos is ‘n vulkaniese en rotsagtige eiland ongeveer 16 km lank en 10 km breed in die Middellandse See. Die eiland was 60 km suidwes van Milete, ‘n hawestad van Efese, op 'n besige seeroete. Johannes is gedurende die regeringstyd van keiser Domitianus – ongeveer 90 tot 96 n.C. – waarskynlik vanweë sy geloofsoortuiging en leierskap ‘n kort tyd na hierdie eiland verban. Dit was in hierdie tyd dat hy waarskynlik die Bybelboek Openbaring opgeskryf het.



© University of Pretoria

## EKSKURSIE 26: DIE TERM EN BEGRIP "KERK"

Die term ἐκκλησία kom van die oorspronklike Griekse woordstam “kaleo” wat “roep” beteken. Met die voorvoegsel “ex” beteken dit letterlik “uitroep”. Dit is deur die vroegste Griekse geskiedskrywers gebruik vir wanneer die soldate “uitgeroep” word om bymekaar te kom vir die oorlog. Later is “ekkaleo” gebruik vir die uitroep van al die stadsburgers na ‘n volle stadsvergadering, en hierdie stadsvergadering van al die stadsburgers is ‘n “ἐκκλησία” genoem. So 'n stadsvergadering het volgens spesifieke reëls plaasgevind en is byeengeroep om nuwe reëls te maak of bestaande reëls te wysig. Verder het dit gehandel oor die aanwysing van amptenare, oor kontrakte, bondgenootskappe, finansies, oorlog al dan nie, en dit het ook gefunksioneer as ‘n openbare hof. Die ἐκκλησία was ‘n politieke vergadering en al die stadsburgers was as’t ware wetlik verplig om daaraan deel te neem. Die ἐκκλησία is normaalweg geopen met gebede en offers aan die gode.

By Ou Israel kry ons eerstens die Hebreeuse woord “qahal” wat dui op ‘n samekoms van die volk om ‘n vergadering te hou of mense bymekaar te bring met die bedoeling dat dit ‘n volksvergadering moet wees. In Deuteronomium 9:10 en 10:4 word die woord gebruik vir die bymekaar kom of versameling van die volk om die wet van God te ontvang en na God te luister. Die “qahal Jahweh” dui op die uitgeroeptes van die Here, die verbondsvolk, wat bymekaar kom om te luister na God se Gebooie. Die woord “qahal” dui dus ‘n seremoniële byeenkoms aan waar die volk bymekaar kom as uitverkorenes of geroeptes van Jahweh. Die woord “qahal” word ook gebruik vir die oproep om oorlog te maak. Die LXX vertaal “qahal” hoofsaaklik as “sunago” en die plek van samekoms as “sunagoge”. Waar “qahal” wel deur die LXX met ekklesia vertaal word, dui dit op ‘n volksvergadering of wettige byeenkoms waar die volk reageer op God se roepstem. Die woord "ekklesia" word hoofsaaklik gebruik vir die woord “qahal”, en kom ongeveer honderd keer voor in die LXX waarvan 22 keer in die apokriewe geskrifte.



© University of Pretoria

Die woord “edah” kom hoofsaaklik in die Pentateug voor, en dui op die aankondiging van ‘n besluit wat namens die hele volk geneem is en op almal bindend is. Die “edah” tree nie self op nie, maar wys mense aan om sekere opdragte uit te voer. Gehoorsaamheid aan die wet en die teenwoordigheid by die tent en die ark as aanbiddingsplek speel ‘n belangrike rol hierin. Die Grieks vertaalde woord vir “edah” is hoofsaaklik “sunago” of “sunagoge”. Dit is opvallend dat nie Jesus of sy dissipels die woord “sunago” vir hul samekomste gebruik nie. Hierdie woord kom slegs in die evangelies, in Handelinge en in Openbaring 2:9 en 3:9 voor, en word dan uitsluitlik gebruik as aanduiding van die samekomste of plek van samekoms (sunagoge) vir die Joodse gemeenskaplike byeenkomste.

**EKSKURSIE 27: DIE EKUMENIESE BEWEGINGS**

Die eenheid onder talle kerke het sigbaar gestalte gevind deur afgevaardigdes te stuur, briewe aan mekaar of ‘n groep te skryf, kerklike vergaderings byeen te roep, soos in Handelinge 15, en later konsilies en sinodes te hou. Nadat keiser Konstantyn in 330 n.C. ‘n nuwe hoofstad, Konstantinopel, aangelê het, het ‘n eeu lange wedywering tussen die biskoppe van Rome en Konstantinopel begin wat uiteindelik uit geloop het op ‘n skeuring in 1054, wat gelei het tot ‘n Oosterse en Westerse kerk. Daarmee is die teelaarde vir verdere skeurings geskep, waarvan die wegbreek van die Protestante met die Hervorming die verdeeldheid van en skeurings in die kerk vir ewig daarna sou voed. Die gebrekkige teologiese refleksie en fundering van die sending as oorsaak hiervan kan nie geringgeskat word nie. Gedurende die Sendingeeu, die negentiende eeu, is verskeie pogings aangewend om eenheidsorganisasies en eenheidstrukture te vestig. Crafford en Gous[1404] lys die ontstaan van wêreldwye konfessionele ekumeniese organisasies wat tot stand gekom het, en brei die lys verder uit aan die hand van hul verdere navorsing in hierdie verband.

[1404] Crafford en Gous (1993:85)



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1 Daar was eerstens verskeie onafhanklike kleinere bewegings en organisasies.

2 Die World Evangelical Alliance (1846)

3 Die Anglikaanse Lambeth-konferensie (1867)

4 Die Lutherse Kerke (1868)

5 Die Ou Katolieke kerk (1870)

6 Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (1875)

7 Die Wêreldraad van Metodiste (1876)

8 Die Internasionale Raad van Kongregasionaliste (1891)

9 Die Baptistewêreldalliansie(1905)

10 Die bekende Sendingkonferensie van 1910 te Edinburg en die te stigte Internasionale Sendingraad (1910).

11 Die Wêreldraad van Kerke (1937).

12 Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (1946) met 'n latere naamsverandering na die Gereformeerde Ekumeniese Raad (1988).

13 Die World Evangelical Fellowship (1951)

14 Die New Age beweging

Die Internasionale Sendingraad is in 1961 te New Delhi opgeneem in die Wêreldraad van Kerke as die nuwe "Devision for World Mission and Evangelism" onder leiding van Leslie Newbigin. Die Sendingbegrip het daarna verbreed vanaf slegs evangelisering na 'n meer humanitêre benadering. By die algemene vergadering van Uppsala in 1968 is die verbreding



© University of Pretoria

van die sendingbegrip tot sy volle konsekwensies deurgevoer en is sending gedefinieer as humanisering.[1405]

Sending is dikwels gelykgestel met politieke aksies en bevryding van sosiale nood en onderdrukking. By die derde vergadering van die CWME in 1980 in Melbourne word spesifiek gefokus op die armes en onderdruktes. Ongeveer twee jaar daarna bereik die klemverskuiwing in die sendingbegrip van die WRK sy hoogtepunt met die publikasie in 1982 van 'n dokument getiteld "Mission and Evangelism: An Ecumenical Affirmation". In 1983 het die Algemene Vergadering van die WRK in Vancouver byeengekom, en omrede baie jongmense en vroue wat nie teoloë was nie, dit bygewoon het, was daar 'n gebrek aan teologiese refleksie, diepte en begronding. Hoewel David Bosch as gerekende teoloog in seksie 1 die rapporteur was en 'n sterk pleidooi gerig het vir die mandaat om die wêreld te evangeliseer en 'n kompromis te bereik tussen evangelisering en die bekamping van sosiale ongeregtigheid, het die pendulum deurgeswaai na die stryd teen sosiale ongeregtigheid, en die kloof tussen die sogenaamde "Evangelicals" en "Ecumenicals" het nóg groter geword.[1406] Die "Evangelicals" se beklemtoning en fokus was wêreldevangelisasie en dié van die "Ecumenicals" die sosio-politieke en ekonomiese betrokkenheid met die oog op bevryding van onregverdige regeringstrukture.[1407]

Midde-in hierdie omstandighede verskyn David J. Bosch se rigtinggewende publikasie waarin hy die "Evangeliese" en "Ekumeniese" benadering tot die sending, wat die toneel oorheers, teenoor mekaar stel en vra of dié twee benaderings versoenbaar is. Hy beweer:[1408]

> Die polarisasie skyn volkome te wees waar verkondiging staan teenoor bevryding van onderdrukking, Jesus as Verlosser teenoor Jesus as revolusionêre bevryder, die heil

[1405] Sien Crafford en Gous (1993:124)
[1406] Sien Crafford en Gous (1993:126–129)
[1407] Sien Crafford en Gous (1993:147)
[1408] Bosch (1979) *Heil vir die Wêreld, Die Christelike Sending in Teologiese Perspektief*



© University of Pretoria

van die siel teenoor bevryding deur revolusie, redding teenoor humanisering. Dit is nie ons bedoeling om in hierdie stadium ‘n keuse ten gunste van een van hierdie benaderinge te doen nie. Tog is dit onmoontlik om hoegenaamd geen standpunt in te neem nie, en dan kom ons almal met vooropgestelde idees en voorveronderstellinge na die materiaal wat die voorwerp van ons ondersoek is. Niemand is volledig objektief nie, maar nogtans is dit moontlik om na verskillende benaderinge te luister. In die wetenskap is dit veral belangrik om te probeer verstaan waarom ‘n bepaalde groepering ‘n bepaalde standpunt inneem en benadering volg. Geen sinvolle kritiek kan uitgeoefen word nie, tensy ons ten minste bereid is om die goeie bedoelings en insigte van die groep met wie ons verskil, te aanvaar. Die tragedie vir die kerk is dat die meer ekstreme verteenwoordigers van hierdie twee polariserende groeperinge feitlik geen bereidheid openbaar om met mekaar in gesprek te tree nie. By albei groepe kom daar ‘n eiegeregtigheid voor wat voortdurend met die ander fout vind.

Bosch[1409] reken dat indien ons mekaar nie in ootmoed en op ‘n teologies gefundeerde wyse benader nie, sal ons mekaar nie kan help nie, en verdiep ons bloot die bestaande polarisasie. Bosch[1410] vat dan hierdie situasie saam as volg:

> Daar is vandag basies twee sendingteologiese modelle wat met mekaar meeding. Die “Evangeliese” model beklemtoon die breuk tussen Gods handeling en die mens s’n, tussen heilsgeskiedenis en wêreldgeskiedenis, tussen ewige heil en tydelike heil. Die “Ekumeniese” model beklemtoon die kontinuïteit tussen kerk en wêreld, Gods heil en sosio-politieke bevryding, redding en humanisering. Kan dit wees dat albei reg is? Of albei verkeerd is?

[1409] Bosch (1979:41)
[1410] Bosch (1978:201)



© University of Pretoria

In die laaste hoofstuk van sy boek fundeer Bosch[1411] die Sending as die *Missio Dei* en kom met 'n kompromisvoorstel wat daarop neerkom dat 'n kompromis die droom vernietig. Bosch val dan terug op die *Missio Dei*-gedagte as trinitariese fundering van die sending waarin God die subjek van die sending is. Na my mening is dit die korrekte vertrekpunt en begronding. Voorts beweer Bosch ons onderskrywing van die Missio Dei as trinitariese fundering van die sending impliseer geensins dat ons nou maar passief mag toekyk nie, maar ons moet ons met volkome oorgawe aan God se sending in hierdie wêreld wy. My oordeel is dat Bosch in gebreke bly om die objek van die sending te definieer; met ander woorde, om die vraag "Wie is die ons of dan die gestuurde, die objek of volgens die korrelasiebegrip die medesubjek van God se sending?" te beantwoord.

Bosch[1412] maak ongeveer twaalf jaar later 'n keuse wanneer hy met die verskyning van sy tweede en nog meer aangrypende publikasie kies vir die Ekumeniese benadering van die sending. Onder die opskrif "Mission as common witness" beredeneer hy dan "The (re)birth of the Ecumenical idea in Mission". Die leemte in sy redenasie bly nog steeds die gebrek aan 'n aanduiding en beredenering van die objek of medesubjek van die Missio Dei. 'n Baie sterk bydraende faktor tot hierdie gebeure is sy verontagsaming van die Johannese literatuur en teologie wat die tweedimensionele bestaansvorm van die mens as winspunt het, en in besonder die winspunt van Openbaring ten opsigte van die Eskatologiese motief van die sending, wat nog steeds onderontwikkel is in die Missiologie. Die Apostolaatsgedagte word ook glad nie ontwikkel nie. Die resultaat is 'n opgaan in 'n volledig nuwe sendingparadigma en benadering soortgelyk aan dié van die Ekumeniese benadering, wat later gestalte vind in die Ontluikende Kerke-beweging en dat die Ekumene sigbare gestalte vind in verenigings, genootskappe en netwerke. Die Evangeliese benadering is vir eers op die agtergrond geskuif.

---

[1411] Sien Bosch (1978:239–248)
[1412] Bosch (1991:457) *Transforming Mission, Paradigm Shifts in Theology of Mission*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gedurende my studiejare (1981–1987) het ek uit belangstelling in die sending van die kerk deelgeneem aan navorsing en deelname aan die sending van die kerk, en is vroeg in 1988 bevestig as sendingleraar in ‘n sogenaamde sendingkerk. In 1992 het ek ingeskryf vir 'n doktorale studie in Sendingwetenskap, en Bosch se boek was die voorgeskrewe standaardwerk. In dieselfde jaar het die boek van Burger[1413] verskyn wat die identiteit van die kerk as skepping van die Gees en as menslike instansie onderskei as die twee onskeibare bestaansvorme van die kerk. Dit het my laat besef dat die kerk as objek of medesubjek van die sending nog nooit in óf die Evangeliese óf Ekumeniese benadering wetenskaplik deeglik nagevors is nie, en dat Bosch dit ook nie gedoen het nie. Die rigting waarin ek gelei is om by ‘n teologies gefundeerde benadering uit te kom waarin die subjek-objek- of subjek-subjekskema gedefinieer word, was die apostolaatsgedagte.

**EKSKURSIE 28 : DIE PROBLEMATIEK RONDOM DIE TERM EN BEGRIP SENDING**

Vanweë die verskeidenheid van kerklike sendingpraktyke, metodologieë, teologieë en verskillende teologiese interpretasies van die sendingsaak,[1414] het die terme “sending” en “kommissie” as aanduiding van die funksie van die kerk en dus die amptelikheid daarvan, in sommige kerklike kringe en teologiese strominge in onguns en selfs in onbruik verval. Dit kom veral voor in die New Age kerklike bewegings, soos die Ontluikende Kerke- en/of die Gestuurde Kerke-beweging,[1415] en ook in die teologies-filosofiese besinning van die New Age-beweging.[1416]

---

[1413] Burger (1991) *Die Dinamika van ‘n Christelike geloofsgemeenskap*
[1414] Sien Glasser en Mcgravan 1983:7 *Contemporary Theologies of Mission* “Never has the church had to cope with so many articulate voices advancing theologies of mission not only hostile to this activity but challenging its very validity”
[1415] Sien Nelus Niemandt 2007:146 *Nuwe Drome vir Nuwe werklikhede* wat praat van “die ontluikende kerk” en dit beskryf as “om ‘n gestuurde kerk” te wees
[1416] Sien John Ankerberg en John Weldon 1988:7 *The Facts on the New Age Movement*: “The NAM is a title that refers to a world view or philosophy of life that many people hold”



© University of Pretoria

Verkuyl[1417] skryf “In de NAB wordt bij voorkeur gewerkt met termen uit die sterrenwereld en blijkt op allerlei wijze de invloed van die astrologie waarin wordt gebruik gemaakt van de tekens van de dierenriem".[1418] Die New Age word na aanleiding hiervan die tydperk van Aquarius (of die Waterdraer) genoem. George Barna[1419] noem die era van vandag die Revolusionêre Era en verduidelik dit volledig in sy publikasie. In die Sending van die kerk word nou gepraat van ‘n “Nuwe Sending-paradigma”[1420] waarin daar onder andere wegbeweeg word van die gebruik van die woord “sending” en die Evangeliese benadering/paradigma na ‘n ekumeniese benadering/paradigma van sending. Bosch self maak dan ‘n keuse vir ‘n Ekumeniese paradigma ten koste van ‘n Evangeliese paradigma wat hy ten sterkste kritiseer.[1421]

Die nuwe woorde wat in hierdie sogenaamde nuwe era en paradigma gebruik word vir sending is “gestuurde en gestuurdheid”, en daar word wegbeweeg van die woorde en terme soos “missionêr” en “missiologies” na die term “missionaal” in Afrikaans, en in Engels hoofsaaklik die woord “missional”.[1422] Die taalfout is dat die Afrikaanse woord “missionaal” nie in die *HAT* voorkom nie, maar wel die woord “missionêr”, en die ekwiwalente Engelse woord “missional” ook nie in die *Oxford English Dictionary* voorkom nie, maar die woord “missionary”. Die werklike sin en betekenis van hierdie woorde behoort nog teologies en taalkundig nagegaan en verklaar te word. Die “missionale” kerkweesgedagte en beweging

---

1417 Verkuyl (1989:13) *De New Age Beweging*
1418 Sien Ekskursie 19: *Die kosmologie en die sterrekonstellasies* vir ‘n verduideliking hiervan
1419 George Barna (2006:9) *Revolution* “Today, we have the revolutionary age”. “This book is about the new breed of Christian revolutionaries emerging in America and the spiritual revolution they are bringing with them, finding vibrant faith beyond the walls of the sanctuary”
1420 Sien David Bosch (1991:368) *Transforming Mission Paradigm Shifts in Theology of Mission* “I now turn to the elements which the emerging missionary paradigm comprises
1421 Sien Bosch (1991:461): “The evangelical emphasis on unity differs in a significant respect from the ecumenical understanding, however. Evangelicals tend to regard unity as something almost exclusively spiritual and as an attribute of the invisible church. By and large, then the paradigm shift which is in evidence in the ecumenical movement is absent among evangelicals”.

1422 Sien Nelus Niemand (2013:20) wat skryf: “Begrippe soos gestuurde gemeentes en missionale ekklesiologie word oral gehoor. Mense praat van ‘n "missionale Rennaisance” en in die voetnoot verwys hy na Mcneal, R (2009). *Missional Renaissance, Changing the scorecard for the Church*



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoort ook nog in woordgebruik en Bybelse gefundeerdheid sowel as in die teologiese wetenskap en kerklike teorie en praktyk teologies-krities geëvalueer en in die praktyk getoets te word.

Gepubliseerde navorsingsresultate wat hierdie terme, missionaal en of gestuurdheid, gebruik en teologies verduidelik, is uiters skaars, en gepubliseerde werke hieroor kom baie eensydig vanuit een skool.[1423] Wanneer daar dus in Afrikaans en Engels nagedink en navorsing gedoen sou word, en hierdie ongepubliseerde woorde gebruik sou word, bied die skepping van hierdie nuwe term logies gesproke nie noodwendig ‘n oplossing of beter verstaan aan nie. Inteendeel, dit sal na my mening eerder bydra tot die gekompliseerdheid van die teologie van die sending en die Bybelse verstaan en fundering van die sendingmotief. Dit is dus noodsaaklik dat die werklike en diepe betekenis en sin van die woord “stuur” of enige sinoniem of nuwe woord vir die begrip in sy Bybels teologiese bedding nagegaan en verstaan sal word in enige studie in verband met “Sending”.

## AANHANGSELS


[1423] Sien Nelus Niemand se publikasie *Nuwe leiers vir nuwe Werklikhede* (2013:21–41) se volledige verduideliking van ‘n Missionale Kerk



© University of Pretoria

## AANHANGSEL A: DIE ROLSPELERS SKETSMATIG VOORGESTEL

Formatted: Font: 12 pt



**WIT = GOD**

**ROOI = DIE LAM**

**ORANJE = DIE GEES**

**GEEL = DIE ENGELE**

**GROEN = DIE REËNBOOG**

**LIGBLOU = DIE MENSDOM**

**DONKERBLOU = DIE LEWENDE WESENS**

**PERS = DIE OUDERLINGE AS DIE KERK**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## AANHANGSEL B: TEOLOGIESE MOTIEWE IN OPENBARING

1 DOKSOLOGIE

2 CHRISTOLOGIE

3 PNEUMATOLOGIE

4 BYBELSE KOSMOLOGIE

5 BYBELSE ANTROPOLOGIE

6 ENGELELOGIE

7 SATANOLOGIE

8 SOTERIOLOGIE

9 ESKATOLOGIE

10 DIAKONOLOGIE

11 EKKLESIOLOGIE


12 MISSIOLOGIE

## AANHANGSEL C: DIE TEOLOGIESE MOTIEWE SKETSMATIG VOORGETSEL

Die herhaling van die teologiese motiewe binne die Openbaringverhaal kan aan die hand van 'n horlosie se wyserplaat geïllustreer en beskryf word. Elk van die syfers stel 'n teologiese motief voor wat aangedryf word vanuit die middelpunt as teologiese begronding. Die verhaal ontplooi dan soos die twee wysers beweeg en telkens wanneer die twee wysers 'n getal/motief aanwys, kan dit gesien word as die oomblik van intervensie en wisselwerking.



© University of Pretoria






© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## AANHANGSEL D: DIE EKSEGETIESE PROGRAM

1 Tekskeuse

2 Eerste deurlees

3 Afbakening

4 Tekskritiek en Vertaling

5 Literatuursoort of Genre

6 Vasstelling van die makrokonteks van die teks

7 Sosio-historiese agtergrond

8 Struktuuranalise

9 Detailanalise

10 Die boodskap vir die eerste lesers

11 Interpretasie en aktualisering van die boodskap

12 Die Boodskap vir vandag se lesers

## AANHANGSEL E: DIE HERMENEUTIESE SPIRAAL AS PROSES

**ANTIEKE TEKS**

**SKRYWER** **LESER**

**HISTORIESE KONTEKS**

**HUIDIGE KONTEKS**


**EKSEGEET** **LESER**

**DIE TEOLOGIE VAN DIE TEKS**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




Formatted: Font: (Default) Times New Roman, 12 pt, Bold



© University of Pretoria

**AANHANGSEL F: DIE KERKLIKE MODI**

**F.1: MORELE VEREISTES VIR GEESTELIKE LEIERSKAP**

Die grondslag vir die morele vereistes vir geestelike leierskap in die vroeë kerk vind ons in die kanonieke geskrifte, maar veral by Paulus, en in die besonder in sy eerste brief aan Timoteus, wat as volg saamgevat kan word:

‘n Ouderling (*presbuteros*)

1 moet onberispelik wees en getrou aan sy vrou

2 moet sy eie huisgesin goed kan beheer

3 moet in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen

4 moet die sorg vir die kerk van God op hom/haar neem

5 moet buite die Gemeente as ‘n goeie man/vrou bekend staan

6 moet nugter, verstandig, beskaaf en gasvry en bekwaam wees om te onderrig

‘n Diaken (*diakonos*)

1 moet ‘n man/vrou van goeie karakter wees

2 moet nie uit twee monde praat en op oneerlike winsbejag uit wees nie

3 moet in alle opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vashou

4 moet nugter en in alles betroubaar wees, en nie skinder nie

5 moet aan sy vrou/haar man getrou wees

6 moet sy/haar kinders en sy/haar huisgesin goed beheer.



© University of Pretoria

‘n Bedienaar van die Woord (*biskopos*)

1 Die ouderlinge wat leiding gee, dit is dié wat preek en onderrig gee, behoort dubbele erkenning te kry

2 ‘n Beskuldiging teen ‘n ouderling wat leiding gee, moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word

3 Hou vas aan hierdie voorskrifte voor God en voor Jesus Christus en die uitverkore engele sonder vooroordeel of partydigheid.

**F.2: DIE TWAALF GESTALTES VAN DIE KERK**

1 Die Bybelse beginsels van kerk wees.

2 Dit moet voortkom vanuit die kerk self.

3 Die kerk self moet in staat wees om leraars en sendelinge voltyds in diens te stel.

4 Die persoonlikheid, vaardigheid, gawes en passie van die kerklede en in die besonder van die leierskap, leraars en sendelinge moet ontgin en doelmatig effektief aangewend word.

5 Verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid ten opsigte van beplanning en bestuur, veral ten opsigte van persoonlikheid en persoonlike roeping, opleiding, ontwikkeling, versorging, begeleiding en prestasiemeting spreek vanself.

6 Koördinering en kontinuiteit moet verseker word.

7 Navorsing moet gedoen word; met ander woorde, informasie moet ingesamel en op wetenskaplike wyse hanteer word.



© University of Pretoria

8 Gebed en geheiligde lewens deur die werking van die Gees moet sigbaar manifesteer.

9 Die sosiale kontekste van die tyd en plek moet verstaan word en buigsaamheid en aanpasbaarheid van die plan hierby is noodsaaklik.

10 'n Eie visie vir projekte en uitreike (veral die bestuur daarvan) en sendingstrukture daarvoor behoort deur elke afsonderlike kerk beplan te word met inagneming van die groter kerk en die eenheid van die kerk, en dus behoort vennootskappe aan gegaan te word.

11 Passievolle, verhoudingsgerigte bedieninge is noodsaaklik ("ministries of compassion")

12 Vennootskappe, assosiasies en netwerke behoort gevestig te word en deurlopend in stand gehou te word.

**F.3: DIE TWAALF KOMMISSIES VAN DIE KERK**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gebed | Eucharistia/proskunia |
| 2 | Erediens | Leitourgia |
| 3 | Getuienis | Marturia |
| 4 | Sending | Apostolaat |
| 5 | Verkondiging | Kerugma |
| 6 | Diens | Diakonia |
| 7 | Onderrig | Didachia |
| 8 | Pastoraat | Paraklesia |



© University of Pretoria

| | | |
|---|---|---|
| 9 | Samehorigheid en Mededeelsaamheid | Koinonia |
| 10 | Administrasie | Diatassomai |
| 11 | Eiendomme, goedere en fondse | Historia |
| 12 | Kerklike regering en leierskap | Kubernetika |

**F.4: DIE AGT DINAMIESE BEGINSELS VAN DIE KERK**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gebed | Prayer |
| 2 | Die Getuies | People |
| 3 | Die Plan | Plan |
| 4 | Die Proses | Permeate |
| 5 | Gefokusde offers en begroting | Provision |
| 6 | Projekte en uitreike | Projects |
| 7 | Strategiese vennootskappe | Partnerships |
| 8 | ‘n Jaarlikse Sendingkonferensie | Pivital Point |

**F.5: DIE NEGE GAWEGROEPE**

1 Evangelisasie en Sendeling

2 Verkondiging/Prediking/Erediens

3 Onderrig

4 Bemoediging en berading

5 Gebed en geestelike versorging



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6 Barmhartigheid

7 Dienslewering

8 Insameling en uitdeling

9 Administrasie/organisasie/bestuur/leierskap


### F.6: DIE TIEN SLEUTELPRESTASIE-INDIKATORS

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Intersessie | Intercession |
| 2 | Inspirasie | Inspiration |
| 3 | Informasie | Information |
| 4 | Interpretasie | Interpretation |
| 5 | Investering | Investment |
| 6 | Instruksie | Instruction |
| 7 | Interaksie | Involvement |
| 8 | Internskap/Indiensopleiding | Internalship |
| 9 | Identifikasie | Identification |
| 10 | Internasionaal | International |

## AANHANGSEL G: KAART VAN DIE NUWE TESTAMENTIESE TYDVAK



© University of Pretoria






© University of Pretoria

## AANHANGSEL H: TABULERING VAN TYDPERKE

### ‘N TYDSAANDUIDING VAN WÊRELDRYKE MET DIE LEIERS EN PROFETE VAN DIE TYD BINNE DIE BYBELSE VERWYSINGSRAAMWERK

| TYD | RYK | LEIER | PROFEET | TYD | TEKS |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| Voor 2000 | Mesopotamië | Adam, Abraham, Isak en Jakob. | Noag | Aartsvader-tradisie | Genesis 1–50 |
| | | | | | |
| 2000-1200 | Egipte | Abraham, Moses, Josua | Die leier en die Wet | Uittogtradisie | Exodus – Josua |
| | | | | | |
| 1200-1000 | Kanaan / Palestina | Die rigters | Debora | Rigterstydperk | Rigters en Rut |
| | | | | | |
| 1000-922 | Israel en die Koningstydperk | Saul, Dawid, Salomo | Samuel, Natan, Gad | Vroeë ekstatiese profete | Samuel, Konings |
| | | | | | |
| 922-750 | Twee Ryke : Israel en Juda | Die konings van Israel | Elia en Elisa | Sieners | Konings en Kronieke |
| | | | | | |
| 750-692 | Israel en Juda, die Arameërs en Assirië | Die konings van Israel | Amos (750–742), Hosea (745–735), Jesaja 1–39 (742–701) en Miga (730–722) | Vroeë profete | Konings, Kronieke en Profete |
| | | | | | |
| 692–586 | Assiriese Ryk | Die konings van Israel | Jeremia (626–586), Jona (627–612), Nahum (627–612), Habakuk (627–598) en Sefanja (630–627) | Voor-eksilies | Konings, Kronieke en Profete |
| | | | | | |
| 586 – 538 | Babiloniese Ryk | Nebukadnesar | Deutero-Jesaja (540) en Esegiël | Eksilies | Profete |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | (592–570) | | |
| | | | | | |
| 538 – 336 | Persiese Ryk | Kores | Haggai (520), Sagaria (520) en Maleagi (490) | Na-eksilies | Esra, Nehemia, Ester, Kronieke en die Profete |
| | | | | | |
| 336 – 198 | Griekse Ryk | Alexander die Grote | Trito-Jesaja, Obadja en Joël | Laat na-eksilies | Profete |
| | | | | | |
| 198 – 163 | Hellenistiese Ryk | Ptolomeus | Daniël | Ou-Testamen-tiese eindtyd | Daniël |
| | | | | | |
| 163 – 63 vC | Sirie (Seleukide) en Hasmoniese onafhankliheid | Antiochus IV Epiphanes en die Makkabeërs | Joodse historici en Apokaliptici | Joodse partyskappe | Makkabeërs, Philo, Josefus |
| | | | | | |
| 63 vC– 476 nC | Romeinse Ryk | Keisers, konings en goewerneurs | Jesus, Apostels en Apostoliese vaders | Antieke tyd | Nuwe- Testamen-tiese briewe en geskrifte |
| | | | | | |
| 476 – 715 | | | | Donker Eeue | Die Bybel-kanonisering |
| | | | | | |
| 715 – 1066 | Bisantyns en Islam | | | Donker Eeue | Die Bybel |
| 1066 – 1500 | Germaanse en Asiatiese stamme | Kerklike ampsdraers Konings en kruisvaders | Die pous, biskoppe en priesters | Middeleeue | Die Bybel Katolisisme |
| | | | | | |
| 1501 – 1675 | Europa | Staatshoofde en kerkhoofde in Europa | Protestante en Kerkhervormers | Rennaissance en Reformasie | Die Bybel Protestantisme |
| | | | | | |
| 1676 – 1876 | Ses Kontinente | Natuurwetenskap-likes en filosowe | Die staatskerk | Verligting | Die Bybel Piëtisme |



© University of Pretoria

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| 1876 – 1989 | Buite Europa | Charismatiese leiers in rewolusionere onafhanklikheids-oorloë | Die Kerk, Evangelies Fundamenteel sowel as Ekumenies Liberaal | Modernisme | Die Bybel, die staat en Bevrydings-teologie |
| | | | | | |
| 1990 – 2019 | Die Wêreld<br><br>Globalisering | Humanistiese liberale en of fundamentalis-tiese staats-/volks -hoofde en godsdiensleiers. | Die Kerk Evangelies Ekumenies Ontluikende kerke | Die New Age | Die Bybel Fundamentalis-me Tradisionalisme Liberalisme |
| | | | | | |
| 2020 – 2050 | Die Kosmos | Tegnologie, Ekonomie, Natuur, Seksuele losbandigheid | Getuies as martelaars volgens Openbaring | Kweekhuis-tydperk Naturalisering | Die Bybel Kosmologie Astrologie |
| 2050 – | | | | | |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LITERATUURLYS


ALBERTS, LOUW. 1996. *Geloof versus Wetenskap.* Christelike Uitgewersmaatskappy.

AUNE, D.E. 1997. *Revelation 1-5*. Word Biblical Commentary 52A. Dallas: Word.

AUNE, D.E. 1998a. *Revelation 6-16*. Word Biblical Commentary 52B. Nashville: Nelson.

AUNE, D.E. 1998b. *Revelation 17-22*. Word Biblical Commentary 52C. Nashville: Nelson.

BALDWIN, J.G. 1978. *Daniel.* Inter-Varsity Press

BARKER, M. 2000. *The Revelation of Jesus Christ.* T&T Clark Ltd

BARNA, G. 2005. *Revolution.* Christian Art Publishers.

BARNARD, J.S. 1975. *Sielkunde vir onderwysstudente.* HAUM.

BARR, D.L. 2012. *A Narrative Commentary on the Book of Revelation.* Polebridge Press: Salem, Oregon.

BAUCKHAM, R. 1993. *The Theology of the Book of Revelation.* Cambridge University Press.

BAVINCK, J.H. [Sa] *En voort wentelen de eeuwen: gedachten over het boek der Openbaring van Johannes.* Wageningen: Zomer & Keunings Uitgeversmaatschappij.

BEALE G.K. 1999. *The Book of Revelation.* William B. Eerdmans Publishing Company.

BEASLEY-MURRAY, G.R. 1991. *Gospel of life. Theology in the Fourth Gospel*. Hendrickson Publishers.

BECK, R.N. 1975 (ed). *Perspectives in Philosophy.* Holt, Rinehart and Winston.

BERKOUWER G.C. 1976. *Studies in Dogmatics. THE CHURCH.* William B. Eerdmans Publishing Company.

BETTENSON, H. 1967. *Documents of the Christian Church.* Oxford University Press.

BOCCACCINI, GABRIELE (ed). 2005. *ENOCH and Qumran origins.* William B. Eerdmans Publishing Company.

BOERS, H. 1980. *Het goed recht van een Theologie van het Nieuwe Testament. J.H. Kok – Kampen.*

BOOY, G.M. 1989. *Oorspronge van Apokaliptiek in die Ou Testament.* BD Skripsie UP.

BOSCH, D.J. 1991. *Transforming Mission*. Orbis Books.




© University of Pretoria

BOSCH, D.J. 1979. *Heil vir die Wêreld.* NG Kerk Boekhandel.

BOSCH, D.J. 1986. *Kaleidoskoop van die na-oorlogse sendingwetenskap* in *Sendingwetenskap vandag.* NG Kerk Boekhandel.

BOSHOFF, C.W.H. 1987. *Fenomenologie van die Godsdiens.* Universiteit van Pretoria.

BOSHOFF, C.W.H. 1987. *Sendingteorie.* Universiteit van Pretoria.

BOTHA, F.J. 1965. *Die kerk in die Openbaring aan Johannes.* Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Pretoria.

BRENTON, C.L. 2007. *The Septuagint with Apochrypha: Greek and English*. Hendrickson Publishers.

BREYTENBACH, CILLIERS.(ed). 1986. *Eenheid en Konflik*. NG Kerkboekhandel.

BREYTENBACH, CILLIERS.(ed). 1988. *Church in Context*. NG Kerkboekhandel.

BRIGHT, J. 1976. *A History of Israel.* SCM Press Ltd.

BROWN, RAYMOND E. 1982. *The Gospel According to John.*Geoffrey Chapman London.

BRYSON, BILL. 2003. *A Short History of Nearly Everything.* Broadway Books.

BROWNING, D.S. 2006. *Christian Ethics and the Moral Psychologies.* William B. Eerdmans Publishing Company.

BURGER, C. 1991. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Lux Verbi.

CARBONELL, M. 2006. *The Personalization Profile.* Global Focus Incorporated.

COERTZEN, P. 1991. *Gepas en ordelik.* RGN-Uitgewers.

COETZEE, J.C. 1990. *Die prediking (teologie) van die Openbaring aan Johannes* in HNT 6 Hoofstuk 7B. NG Kerk Boekhandel.

COLLINS, A.Y. 1979. *The Apocalypse New Testament Message: A Biblical-Theological Commentary, 22.* Dublin: Veritas Publications.

COLLINS, A.Y. 2015. *The Use of Scripture in Revelation* CBL 2015

COLLINS, J.J. 2015. *Revelation as Apocalypse* CBL 2015

COLLOQUIM BIBLICUM LOVANIENSE LXIV. 2015. *New Perspectives on the book of Revelation*. Katholieke Universiteit Leuven.

CRAFFORD, D. 1993. *Een liggaam – Baie lede.* Verba Vitae Pretoria.

CRAFFORD, D. 1989. *Sendingwetenskap Waarheen?* Intreerede Fakulteit Teologie UP



© University of Pretoria

CRAIG, O., STRAUSS, S. & TENNENT, T. 2010. *Encountering Theology of Mission.* Baker Academic.

COSER L.A. & ROSENBERG B, 1964. *Socological Theory.* The Macmillan Company, New York.

DAKE, F.J. 1977*. Revelation Expounded or Eternal Mysteries Simplified*. Dake Bible Sales Inc. Lawrenceville Georgia.

DANKBAAR, W.F. 1974. *Kerkgeschiedenis.* Wolters-Noordhoff Groningen.

DAYTON, E.R. & FRASER, D.A. 1990. *Planning Strategies for World Evangelization*. William B. Eerdmans Publishing Company.

DENNISON, M. 2012. *The Twelve Caesars.* Atlantic Books London.

DE GRUCHY, J.W. & PROZESKY, M. (eds). 1991. *A Southern African Guide to World Religions.* David Philip Publishers Cape Town.

DEIST, F.E (red). 1982. *Die Bybel leef.* JL van Schaik.

DE KLERK, W.R. & LE ROUX, R. 2008. *Emosionele intelligensie.* Human & Rousseau.

DU PLESSIS, P.J. & LATEGAN, B.C. 1983. *Agtergrond en geskiedenis van die Nuwe Testament.* Academica.

DU PREEZ, J. 1979. *Die koms van die koninkryk volgens die boek Openbaring*: Annale Universiteit van Stellenbosch.

DU PREEZ, J. 1992. *Sendingperspektiewe in die Erediens.* NG Kerk Uitgewers.

DU PREEZ, J. 2009. *Mission in the Book of Revelation.* In Du Plessis J., Orsmond E., Van Deventer, H.J. *Missionary Perspectives in the New Testament.* BM Bible Media.

DU RAND, J.A. 1986. *Want die einde is naby*. Bybelkor.

DU RAND, J.A. 1990. *Johannese Perspektiewe*. Orion.

DU RAND, J.A. 1990. *Die Openbaring aan Johannes* in HTN 6 Hoofstuk 7A. NG Kerk Boekhandel.

DU RAND, J.A. 1992. *Hoe reageer 'n Kerk in krisis? Etiese kantaantekeninge uit Openbaring.* In Scriptura, Breytenbach, C. en Lategan B. (Redakteurs) *Geloof en Opdrag. Perspektiewe op die Etiek van die Nuwe Testament.* Tydskrif vir Bybel en Teologie in Suider-Afrika.

DU RAND, J.A. 1996. *Die Eskatologiese betekenis van Sion as agtergrond tot die teologie van die boek Openbaring.* Skrif en Kerk Jrg 17(1) Fakulteit Teologie (Ned Geref Kerk) UP.




© University of Pretoria

DU RAND, J.A. 2006. *The ethical response of an alternative community in a critical situation: marturia and martyrdom in the Apocalypse of John.* In Van der Watt, J. (Redakteur) . *Identity, Ethos and Ethics in the New Testament.* Walter de Gruyter & Co. Berlin.

DU RAND, J.A. 2002. *Gaan leef die Liefde.* CUM.

DU RAND, J.A. 2007. *Die A tot Z van Openbaring*. CUM.

DU RAND, J.A. 2013. *Die Einde*. CUM.

DURAND, J.J.F. 1968. *Rome, Sending en die Ekumene* in *Sendingwetenskap vandag.* NG Kerk Boekhandel

DURAND, J.J.F. 1976. *Die Lewende God*. NG Kerk Boekhandel.

DURAND, J.J.F. 1978. *Die sonde*. NG Kerk Boekhandel.

DURAND, J.J.F. 1982. *Skepping, mens,voorsienigheid*. NG Kerk Boekhandel.

DU TOIT, A. B. en ROBERTS, J.H. 1977. *Handleiding by die Nuwe Testament 1* NG Kerk Boekhandel.

DU TOIT, A. B.(ed). 2009. *Focusing on the message*. Protea.

DU TOIT, A. B.(ed). 1990. *Handleiding by die Nuwe Testament V1* NG Kerk Boekhandel.

DU TOIT, H. 2010. *Saam na 'n nuwe toekoms*. Bybel Media.

DUVENHAGE, S. [Sa]. *Die Dékor van die Nuwe Testament.* Interkerklike Uitgewers Trust.

EICHRODT, W. 1980. *Ezekiel A Commentary*. SCM Press Ltd.

ENGELBRECHT, J.J. 1980. *Die Christologie van die boek Openbaring.* Doctor Theologiae Universiteit van Suid-Afrika.

ESDRAS. 1994. Libanon Uitgewers.

EYBERS, I.H., KONIG, A. & STOOP, J.A. 1982. *Inleiding in die Teologie.* NG Kerkboekhandel Transvaal.

FIRET, J. 1982. *Het Agogisch moment in het Pastorale Optreden*. J.H. Kok – Kampen.

GEISLER, N. 1981. *Options in Contemporary Christian Ethics.* Baker Book House.

GLASSER, A., DONALD, F. & McGAVRAN, A. 1983. *Contemporary Theologies of Mission.* Baker Book House.

GREEN, M. 1990. *Evangelism in the Early Church.* Highland Book. East Sussex.

GOLDINGAY, J.E. 1989. *Daniel*. Word Books Publisher.



© University of Pretoria

GROENEWALD, E.P. 1986. *Die Openbaring van Johannes.* NG Kerk Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1980. *Die Evangelie van Johannes.* NG Kerk Uitgewers.

GUTHRIE, D. 1981. *New Testament Theology.* Intervarsity Press.

GUTHRIE, D. 1987. *The Relevance of John's Apocalypse.* William B. Eerdmans Publishing Company.

HAHN, F. 1965. *Mission in the New Testament.* SCM PRESS.

HARLAND, P.A. 2009. *Dynamics of identity in the world of the early Christians.* T&T Clark.

HARNACK, A. 1961. *The Mission and Expansion of Christianity in the first three centuries.* Harper Torchbooks: New York.

HENDRIKSEN, W. 1977. *Meer as oorwinnaars*. Verenigde Protestantse Uitgewers.

HENDRIKSEN, W. 1979. *Die Hiernamaals*. Verenigde Protestantse Uitgewers.

HENGEL, M. 1989. *The Johannine Question*. SCM Press London.

HENOG. 1994. Libanon Uitgewers.

HEYNS, J.A. 1974. *Die Mens.* Sacum Beperk.

HEYNS, J.A. 1975. *Teologie van die Revolusie.* Tafelberg.

HEYNS, J.A. 1976. *Die Nuwe mens onderweg*. Tafelberg.

HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatiek*. NG Kerk Boekhandel.

HEYNS, J.A. 1982. *Brug tussen God en Mens*. NG Kerk Boekhandel.

HEYNS, J.A. 1983. *1 Teologiese Etiek*. NG Kerk Boekhandel.

HEYNS, J.A. 1986. *2/1 Teologiese Etiek*. NG Kerk Boekhandel.

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1977. *Op weg met die Teologie.* NG Kerk Boekhandel.

HOLLADAY, W.L. (ed). 1980. *A Concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament.* William B. Eerdmans Publishing Company.

JEREMIA, DAVID. 2015. *Agents of the Apocalypse.* Christian Art Publishers

JONKER, W.D. 1977. *Christus die Middelaar.* NG Kerk Boekhandel.

JONKER, W.D. 1981. *Die Gees van Christus.* NG Kerk Boekhandel.

JONKER, W.D. 1988. *Uit vrye guns alleen.* NG Kerk Boekhandel.



© University of Pretoria

KELLER, W. 1982. *Die Bybel is tog reg.* Human en Rousseau.

KELLY, H.A. 2007. *SATAN: A Biography.* Cambridge University Press.

KENNIS. 1974. Boekdeel 1–15 *Die Eerste Afrikaanse Ensiklopedie in kleur.* Kennis Uitgewers.

KITTEL, G & FRIEDRICH G. 1985. *Theological Dictionary of the New Testament Abridged in one volume and translated by Geoffrey W. Bromiley.* William B. Eerdmans Publishing Company.

KNAPP, ROBERT. 2013. *Invisible Romans.* Profile Books.

KÖNIG, A. 1972. *Een wat sterker is.* NG Kerk Boekhandel.

KÖNIG, A. 1980. *Jesus die Laaste.* NG Kerk Boekhandel.

KÖNIG, A. 1982. *Hy kan weer en meer.* NG Kerk Boekhandel.

KÖSTENBERGER, A.J. 2001. *The Missions of Jesus and the disciples according to the Fourth Gospel*. William B. Eerdmans Publishing Company.

KÖSTENBERGER, A.J. & O'BRIEN, P.T. 2001. *Salvation to the ends of the Earth.* Intervarsity Press.

KRITZINGER, J.J. 1988. *Die onvoltooide Sendingtaak in Suid-Afrika.* Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing, Teologiese Fakulteit Universiteit van Pretoria.

KRITZINGER, J.J., MEIRING, P.G.J. & SAAYMAN, W.A. 1994. *On being WITNESSES.* Orion.

KRITZINGER, J.J. & SAAYMAN, W.A. 1994. *Mission in Creative Tension. A dialogue with David Bosch.* SA Missiological Society.

KÜMMEL, W.G. 1973. *Theology of the New Testament.* SCM Press Ltd.

KUNG, HANS. 1981. *The Church.* Search Press.

LADD, G.E. 1972. *A Commentary on the Revelation of John*. William B. Eerdmans Publishing Company.

LADD, G.E. 1974. *A Theology of the New Testament*. Butterworth Press.

LAHAYE, T. 1984. *Why you act the way you do.* Living Books Tyndale House Publishers.

LARKIN, W.J. & WILLIAMS, J.F. 1998. *Mission in the New Testament: An Evangelical Approach.* Orbis Books.

LIDDELL & SCOTT. 1978. *Greek-English Lexicon.* Oxford University Press.




© University of Pretoria

LE ROUX, J.H. 1986. *Tekste met 'n profetiese perspektief* in Woorde wat ver kom. Tafelberg Uitgewers.

LOHSE, E. 1976. *The New Testament Environment*. SCM Press Ltd.

MALINA, B.J. 1995. *On the genre and message of Revelation*. Hendrickson Publishers.

MALINA, B. & PILCH, J.J. 2000. *Book of Revelation*. Fortress Press: Minneapolis.

MANSTON, W.M. 1986. *Emotions of normal people.* Target Training International.

MARSHALL, I.H. *New Testament Interpretation*. William B. Eerdmans Publishing Company.

MASSYNGBERDE FORD, J. *Revelation: Introduction, Translation and Commentary.* The Anchor Bible Doubleday.

McKNIGHT, S. & OSBORNE, G.R. (eds). 2004. *The Face of New Testament Studies.* Baker Academic.

MEYERS, P.B. & MEYERS, K.D. 1987. *Meyers-Briggs Type Indicator.* Consulting Psychologists Press Inc.

MONTGOMERY, J.A. 1979. ICC. *The Book of Daniel*. T&T Clark Ltd.

MONTGOMERY, R.L. 1999. *Introduction to the Sociology of Missions.* Praeger Publishers.

MORRIS, L. 1987. *Revelation*. Inter-Varsity Press.

MOUNCE, R.H. 1977. *The Book of Revelation*. William B. Eerdmans Publishing Company.

MORWOOD, J (ed). 2005. *Pocket Oxford Latin Dictionary* .Oxford University Press.

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK, 1982. *Ons Glo. Die Drie Formuliere van Eenheid.* NG Kerk Uitgewers.

NEETHLING, K. 1996. *Is ek slim of is ek dom?* Benedic Pretoria.

NEILL, S. 1964. *A history of Christian Missions.* Penguin Books.

NEL, M. 1973. *Getuies vir Christus.*NG Kerk Boekhandel.

NEOTESTAMENTICA. 4. 1970. *Aspekte van die Nuwe Testamentiese Hermeneutiek*. Die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika.

NESTLE-ALAND, 1993. *NOVUM TESTAMENTUM GRAECE* 27. Revidierte Auflage. Deutsche Bibel Gesellschaft.

NEWBIGIN, L. 1999. *A walk through the Bible.* The Triangle Society London.



© University of Pretoria

NEWBIGIN, L. 1995. *The Open Secret. An Introduction to the Theology of Mission Revised Edition.* William B. Eerdmans Publishing Company.

NIDA, EUGENE, A. & LOUW, JOHANNES, P. (1992) *Lexical Semantics of the Greek New-Testament.* Scholars Press Atlanta, Georgia.

NIEMANDT, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe Werklikhede.* Lux Verbi. BM.

NIEMANDT, N. 2013. *Nuwe leiers vir nuwe Werklikhede.*Christelike Uitgewersmaatskappy.

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H (reds). 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.* 4de uitg. Perskor Uitgewers.

OSBORNE, G.R. 2004. *Revelation.* Baker Academic.

OSBORNE, G.R. 2004. *Recent trends in the study of the Apocalypse in The face of New Testament Studies*. Baker Academic.

OTT, CRAIG, STRAUSS, STEPHEN J. 2010. *ENCOUNTERING THEOLOGY OF MISSION Biblical Foundations, Historical Developments and Contemporary Issues.* Baker Academic.

PAGE, S.H.T. 1995. *Powers of Evil.* Baker Books. Apollos.

PATTEMORE, S. 2004. *The People of God in the Apocalypse.* Cambridge University Press.

PECK, M.S. 1990. *People of the Lie. The Hope for Healing Human Evil.* Arrow Books.

PIPER, J. 2003. *Let the nations be glad.* Baker Academic.

PORTEOUS, N. 1979. *Daniel.* SCM Press Ltd.

PRETORIUS, N.F. 1980. *DIE DIDACHE. Die onderwysing van die twaalf apostels.* NG Kerk Uitgewers.

PRINSLOO, W.S. & VOSLOO, W. 1988. *In mensetaal oor God se Woord. Huldigingsbundel opgedra aan professor A.H. van Zyl. Lux Verbi.*

RODGERS, NIGEL. 2004,2008. *The Rise and Fall of Ancieent Rome.* Anness Publishing Ltd

ROLAND, C. 2013. *The Apocalypse: Sensitivity and Outsiders.* In J. Kok, T. Nicholas, D.T. Roth & C.M. Hays *Sensitivity to Outsiders.* Mohr Siebeck WUNT Tubingen.

ROWLAND, C. & TUCKETT, C. 2006. *The Nature of New Testament Theology.* Blackwell Publishing.

REESOR, L.D. 2006. *Growing a Great Commission Church.* Global Focus Incorporated.

REID, S.B. 2002. *Enoch and Daniel*. BIBA.



© University of Pretoria

ROBERTS, J.H., VORSTER W.S., VORSTER W.N. & VAN DER WATT J.G. 1991. *Teologie in Konteks*. Orion.

SMALLEY, S.S. 2005. *The Revelation to John.* London: SPCK

SCHNELLE, U. 2009. *Theology of the New Testament*. Baker Academic.

SMIT, D. (1992) *Oor Nuwe Testamentiese Etiek, diechristelike lewe en Suid-Afrika vandag.*Sriptura.

SMITH, N. J. 1980. *Elkeen in sy eie taal.* NG Kerk Boekhandel.

SPANGENBERG, I.J.J. 1999:961-993. *Daniel in Die Bybellennium*. CUM.

STEVENSON, L. 1974. *Seven Theories of Human Nature.* Oxford University Press.

STRUIK. 1989. *Godsdienste van die Wêreld.* Struik Christelike Boeke Kaapstad.

SWETE, H.B. [Sa] *The Apocalypse of St. John*. William B. Eerdmans Publishing Company.

TARN, W. & GRIFFITH, G. T. 1978. *Hellenistic Civilisation.* Billing and Sons Limited.

TAYLOR, W.D (ed). 1991. *Internationalizing Missionary Training: A Global Perspective.* Baker Book House.

TENNEY, MERRILL C. 1961. *New Testament Survey*.The Tyndale Press. London.

VAN DER WATT, J.G. 1991. *Teologie in Konteks: Die Woord het mens geword: 'n Strukturele uiteeensetting van die teologie van die Johannes-Evangelie*. Orion.

VAN DER WATT, J.G. 2007. *An Introduction to the Johannine Gospel and Letters*. T&T Clark

VAN DER WATT, J. & TOLMIE, F. 2005. *Apokriewe Ou en Nuwe Testament.* CUM.

VAN ENGEN, C. 1991. *God's Missionary People, Rethinking the purpose of the Local Church.* Baker Book House.

VAN ENGEN, C. 1996. *Mission on the Way. Issues in Mission Theology.* Baker Books.

VAN NIEKERK, A.C.J. 1989. *Kontekstualiteit in die Suid-Afrikaanse sosiale etiek.* UP

VAN NIEKERK, A.C.J. 2007. *Kerkwees en Moraliteitsvorming*. Sinode van Oos-Transvaal.

VAN NIEKERK, A.C.J 2014. *'n Etiek van Teenwoordigheid.* Exelsus UP

VAN ROOY, C.A. 1980. *Antieke Griekse geskiedenis.* Butterworths.

VAN ZYL, A.H. (red). 1977. *Israel en sy Bure.* Butterworths.

VENTER, E.A. [Sa]. *Die ontwikkeling van die Westerse Denke.* Sacum Beperk.



© University of Pretoria

VERKUYL, J. 1978. *Contemporary Missiology an Introduction.* William B. Eerdmans Publishing Company.

VERSTRAELEN, F.J. (red). 1995. *Missiology: An ecumenical introduction.* William B. Eerdmans Publishing Company.

VIA, D.O. 2002. *What is New Testament Theology?* Fortress Press Minneapolis.

VON RAD, G. 1968. *The Message of the Prophets*. SCM Press.

VON RAD, G. 1975. *Old Testament Theology* vol 1 & 2. SCM Press.

VORSTER, W.S. 1986. *Tekste met 'n apokaliptiese perspektief* in Woorde wat ver kom. Tafelberg-Uitgewers.

WARD, S.J.A. 2011. *Ethics and the Media. An Introduction.* Cambridge.

WEST, J.K. 1981. *Introduction to the Old-Testament*. Collier Macmillan Publishers London.

WIGRAM. [Sa]. *Analytical Greek Lexicon of the New Testament.* Associated publishers and Authors Ing. Wilmington, Delaware

WILSON, M.W. 2002. *Revelation*. Illustrated Bible Backgrounds Commentary. Zondervan.

WINTER, R.D. & HAWTHORNE S.C. (eds). 1992. *Perspectives on the World Christian Movement.* William Carey Library.

WRIGHT, J.H. 2010. *The Mission of God's People. A Biblical Theology of the Church's Mission.* Zondervan Publishing House.

WRIGHT, J.H. 2006. *The Mission of God. Unlocking the Bible's Grand Narrative.* Zondervan Publishing House.

ZIMMERLI, W. 1971. *The Old Testament and the World.* London SPCK.

ZIMMERLI, W. 1983. *Old Testament Theology in Outline.* T&T Clark Ltd.



© University of Pretoria